# Die Pad van Waarheid tot die Lewe

’n Afrikaanse vertaling van die Verbond
vanuit die Hebreeuse en Aramese Tanakh en die LXX.

# K’tuvim
## Die Geskrifte

כתובים - Skrywes

Die derde druk

Die sewe-en-twintigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die eerste boek van die Geskrifte

# Tehillim
(Psalms)

תהלים - Tehillim - Lofprysing, bewondering, danksegging.
(Wat יהוה alleen toekom.)

Die boek is deur verskeie skrywers oor ’n lang tydperk geskryf en reeds volledig saamgestel lank voor die laaste profete.

1 1 Gelukkig is die man wat nie lewe volgens die raadgewing van die wetsoortreders of
staan op die pad van die sondaars of vertoef in die geselskap van spotters nie,
Ps 26:4,5; Spr 24:1
2 maar sy vreugde is in die wet van יהוה en hy deurdink Sy wet dag en nag. Y'ho 1:8; Ps 40:5
3 Hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by 'n waterstroom, wat sy vrugte gee op
hulle tyd, waarvan die blare nie afval nie en alles wat hy doen, is voorspoedig.
4 So is die wetsoortreders nie, maar soos kaf wat die wind wegwaai;
5 daarom sal die wetsoortreders nie beoordeel word in die oordeel van, of die sondaars
in die vergadering van die regverdiges nie,
6 want יהוה ken die lewenswyse van die regverdiges, maar die lewenswyse van die
wetsoortreders sal vergaan.

2 1 Waarom is die nasies in opstand en beplan die volke nuttelose dinge?
2 Die konings van die aarde het standpunt ingeneem en die heersers hou saam raad
teen יהוה en teen Sy Gesalfde en sê: Hand 4:26
3 "Laat ons Hulle bande stukkend skeur en Hulle toue van ons af weggooi!"
4 Hy wat in die hemele sit, lag; יהוה spot met hulle.
5 Dan sal Hy met hulle praat in Sy woede en hulle beangs maak in Sy toorn en sê:
6 "Ek het My Koning aangestel op Tziyon, My afgesonderde berg," Yeg 37:22
7 "om My belofte te verklaar. יהוה het vir My gesê: 'Jy is My Seun, vandag het Ek
geboorte gegee aan jou. Mar 1:11; Luk 3:22; Hand 13:33; Heb 1:5; Heb 5:5
8 Vra van My en Ek sal sekerlik die nasies gee as Jou erfenis en die eindes van die
aarde as Jou besitting. Heb 1:2
9 Jy sal hulle vernietig met 'n ysterstaf, Open 2:27; 19:15 Jy sal hulle stukkend slaan soos
erdeware.'"
10 Nou, daarom, o konings, wys onderskeidingsvermoë; wees gewaarsku, o regters
van die aarde!
11 Dien יהוה met respekvolle vrees en juig met bewing. Fil 2:12
12 Bewys eer aan die Seun sodat Hy nie kwaad word en julle op die pad vergaan nie,
want Sy toorn kan gou ontvlam. Hoe gelukkig is almal wat in Hom vertrou!

3 1 'n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek, toe hy gevlug het voor sy seun
Avshalom.
2 O יהוה, hoe het my teëstanders vermenigvuldig! Baie staan teen my op.
3 Baie sê van my lewe: "Daar is geen bevryding vir hom in God nie."
4 U, יהוה, is egter 'n Skild rondom my, my lof, eer en waarde en die Een wat my kop oplig.
5 Ek het uitgeroep na יהוה met my stem en Hy het my geantwoord vanaf Sy
afgesonderde berg.
6 Ek lê en het geslaap; ek het wakker geword, want יהוה ondersteun my. Ps 4:9
7 Ek sal nie bang wees vir tien duisende van mense wat hulleself rondom my opgestel
het nie.
8 Staan op, יהוה, red my, o my God, want U het al my vyande op die wang geslaan; U
het die tande van die wetsoortreders stukkend gebreek.
9 Verlossing behoort aan יהוה; laat U seën op U volk wees!

4 1 Vir die musiekleier; op snaarinstrumente: ’n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
2 Antwoord my wanneer ek roep, o God van my onpartydige opregtheid! In my benoudheid het U my bevry; buig af na my in goedheid en luister na my gebed!
3 O manne, hoe lank sal julle my eer verdoesel? Hoe lank sal julle die waardelose liefhê, die misleiding soek?
4 Weet egter dat יהוה die getroue een vir Homself afgesonder het; יהוה luister as ek na Hom roep.
5 Word kwaad en moenie sondig nie; deurdink dit in julle harte op julle bed en wees stil. Efe 4:26
6 Offer die offers van onpartydige opregtheid en vertrou op יהוה. Rom 12:1,2
7 Baie sê: “Wie sal vir ons een wat goed is laat sien?” Lig die Lig van U Teenwoordigheid oor ons op, o יהוה!
8 U het groter blydskap in my verstand, wil en emosie gegee as wanneer hulle graan en hulle nuwe wyn oorvloedig is.
9 Ek sal beide in vrede gaan lê en gaan slaap, want U alleen, o יהוה, laat my in veiligheid leef. Lev 26:6; Ps 3:6

5 1 Vir die musiekleier; met blaasinstrumente: ’n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
2 O יהוה, gee gehoor aan my woorde, oorweeg my klagtes.
3 Luister na die stem van my hulpgeroep, my Koning en my God, want tot U bid ek.
4 In die oggend, יהוה, sal U my stem hoor; in die oggend sal ek dit aan U voorlê en wag,
5 want U is nie ’n God wat plesier put uit boosheid nie; geen wetsoortreders sal by U bly nie.
6 Die grootpraters sal nie voor U oë staande bly nie; U haat almal wat boosheid doen. Heb 1:9
7 U vernietig dié wat valsheid praat; יהוה verag die man van bloedvergieting en misleiding.
8 Wat my betref, deur U oorvloedige liefdevolle goedheid sal ek U huis ingaan, by U afgesonderde tempel sal ek neerbuig in respekvolle vrees vir U.
9 יהוה, lei my in U onpartydige opregtheid en as gevolg van my vyande, maak U pad reguit voor my.
10 Daar is niks betroubaar in wat hulle sê nie; hulle binneste is verwoesting. Hulle keel is ’n oop graf; hulle vlei met hul tong. Rom 3:13
11 Verklaar hulle skuldig, o God! Laat hulle deur hul eie planne val. Gooi hulle uit in die menigte van hulle oortredinge, want hulle is rebels teen U,
12 maar laat almal wat op U vertrou bly wees, U vir ewig oplig en verhoog en U sal tussen hulle bly en almal wat U Karakter en Outoriteit lief het, sal deur U versterk word,
13 want dit is U wat die regverdige man seën, o יהוה, U omring hom met guns soos met ’n skild.

6 1 Vir die musiekleier; op snaarinstrumente; op die agt-snaar lier: ’n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
2 O יהוה, bestraf my nie in U woede en dissiplineer my nie in U toorn nie.
3 Wys onverdiende guns aan my, יהוה, want ek kwyn weg; maak my gesond, יהוה, want my gebeente is ontsteld.
4 My lewe is grootliks ontsteld, maar wat U aangaan, יהוה, hoe lank gaan dit wees?
5 Keer terug, יהוה, red my lewe; red my as gevolg van U liefdevolle goedheid,
6 want in die dood word U nie genoem nie; wie sal U met uitgestrekte hande in Sh’ol loof en dank?
7 Ek is moeg van my gesug; elke nag laat ek my bed swem; ek deurweek my bank met my trane.
8 My oog word swak van smart; dit het oud geword vanweë al my teëstanders.
9 Gaan weg van my, almal wat boosheid doen, want יהוה het die stem van my gehuil gehoor. [Mat 7:23]
10 יהוה het my smeekbede gehoor; יהוה het my gebed ontvang.
11 Al my vyande sal beskaamd staan en verslaan wees; hulle sal omdraai en skielik verslane wees.

7 1 ’n Vurige loflied van Dawid wat hy tot eer van יהוה gesing het aangaande Kush, ’n Binyaminiet.
2 O יהוה, my God, in U skuil ek; red my van al my vervolgers en bevry my
3 of hy sal my lewe verskeur soos ’n leeu, my wegsleep terwyl daar niemand is om my te bevry nie.
4 O יהוה, my God, as ek hierdie ding gedoen het, as daar onreg in my hande is,
5 as ek wraakgierig was op hom wat aan my boosheid gedoen het, of my vyande sonder rede onderdruk het,
6 laat die vyand my agtervolg en inhaal en my lewe teen die grond vertrap en my eer en lof in die stof laat lê.
7 Staan op, יהוה, in U woede, lig Uself op teen die woede van my teëstanders en staan op vir my; U het regverdige oordeel aangestel!
8 Laat die vergadering van die volke U omring; om hulle onthalwe keer terug na bo!
9 יהוה oordeel die volke. Oordeel oor my, יהוה, volgens my onpartydige opregtheid en my integriteit wat in my is.
10 Laat die boosheid van die wetsoortreders tot ’n einde kom, maar bevestig die regverdige, o Ondersoeker van die verstand, wil en emosies en die lewens!
11 My skild is by God wat die opregtes van verstand, wil en emosie red.
12 God is ’n regverdige Regter en ’n God wat nie elke dag kwaad is nie.
13 As ’n man nie berou het en omdraai nie, sal Hy Sy swaard skerp maak; Hy span Sy boog en maak dit gereed.
14 Hy het ook vir Homself dodelike wapens voorberei; Hy maak vir Sy pyle brandende stele.
15 Let op, die bose het korrup geword en is swanger met moeilikheid en bring valsheid voort.

16 Hy het 'n put gegrawe en dit uitgehol en het geval in die gat wat hy gemaak het.
17 Sy streke sal op sy eie kop terugkom en sy geweld sal afkom op sy eie skedel.
18 Ek sal יהוה loof en prys met uitgestrekte hande volgens Sy onpartydige opregtheid en sing en musiek maak oor die Karakter en Outoriteit van יהוה, die Allerhoogste.

8 1 Vir die musiekleier; op die Gittitiese harp:
'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
2 O יהוה, ons יהוה, hoe majestueus is U Karakter en Outoriteit (Naam) op die hele aarde! U het U grootheid en lof bo die hemele vertoon.
3 Uit die mond van seuns en suigelinge het U, as gevolg van U teëstanders, sterkte vasgestel sodat U die vyand en die wraakgierige kan vernietig.
4 As ek U hemele en die werk van U vingers beskou, die maan en die sterre wat U aangestel het,
5 wat is die mens dat U aan hom dink [Ps 144:3; Heb 2:6-8] en die seun van 'n mens dat U vir hom omgee?
6 Tog het U hom 'n klein bietjie minder gemaak as die engele en hom met eer, lof en majesteit aangetrek.
7 U laat hom heers oor die werke van U hande; U het alles onder sy voete gesit: [Efe 1:22]
8 alle skape en beeste en ook die diere van die veld,
9 die voëls van die lug en die visse van die see, wat trek deur die paaie van die see.
10 O יהוה, ons יהוה, hoe majestueus is U Karakter en Outoriteit (Naam) op die hele aarde!

9 1 Vir die musiekleier; op Muth-labben (By die dood van die seun): 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
2 Ek wil יהוה met my hele verstand, wil en emosie, met uitgestrekte hande, loof en dank; ek sal van al U wonders vertel.
3 In U wil ek bly wees en spring van vreugde; ek wil musiek maak en sing tot eer van U Naam (Karakter en Outoriteit), o Allerhoogste.
4 Wanneer my vyande teruggedryf word, struikel en sterf hulle voor U Teenwoordigheid,
5 want U het my regverdige saak en my doel bevestig; U het gaan sit op die troon, o regverdige Regter!
6 U het die nasies bestraf, die wetsoortreders vernietig; U het hulle naam vir ewig en ewig uitgevee.
7 Die vyande het omgekom in ewige puinhope en U het die stede ontwortel; selfs hulle nagedagtenis is vernietig,
8 maar יהוה bestaan vir ewig voort; Hy het Sy troon vir oordeel voorberei
9 en Hyself sal die wêreld oordeel in onpartydige opregtheid en die volke vonnis met opregtheid.
10 יהוה sal ook 'n vesting wees vir die onderdrukte, 'n vesting in tye van moeilikheid

11 en hulle wat U Naam (Karakter en Outoriteit) ken, sal hulle vertroue in U plaas omdat U, o יהוה, dié wat U soek, nie in die steek laat nie!
12 Sing en maak musiek tot eer van יהוה wat in Tziyon bly; verkondig Sy dade onder die volke,
13 want Hy het onthou om hulle bloed te vergeld; Hy vergeet nie die geroep van die geteisterdes nie.
14 Betoon onverdiende guns aan my, יהוה, sien my pyniging deur hulle wat my haat, U wat my oplig uit die poorte van die dood
15 sodat ek kan vertel van al U lofprysinge in die poorte van die dogter van Tziyon; kan juig oor U verlossing.
16 Die nasies het gesink in die put wat hulle gemaak het; hulle eie voete is gevang in die net wat hulle gespan het.
17 יהוה maak die oordeel bekend wat Hy uitvoer. Die wetsoortreder is verstrik in die werk van sy eie hande. Higgajon (Oordink dit).
18 Die wetsoortreder en al die volke wat van God vergeet, sal na Sh’ol gedraai word,
19 want die behoeftige sal nie vir altyd vergeet word, die versekerde verwagting van die geteisterdes nie vir ewig verlore gaan nie.
20 Staan op, יהוה, laat die mens nie seëvier nie; laat die nasies in U Teenwoordigheid geoordeel word!
21 Stel vir hulle ’n wetgewer aan, יהוה sodat die nasies kan weet dat hulle maar net mense is!

10 1 O יהוה, waarom staan U so ver weg en hou U omgee terug in tye van moeilikheid?
2 In trots vervolg die wetsoortreder die geteisterde. Laat hulle vasgevang word in die komplotte wat hulle uitgedink het,
3 want die wetsoortreder praat groot oor die begeerte van sy verstand, wil en emosie en die gierige vloek en verag יהוה.
4 Die wetsoortreder, in sy hoogmoed, soek Hom nie en daar is geen god in al sy gedagtes nie.
5 Sy lewenswyses is altyd voorspoedig; U oordele is daar bo, buite sy sig; wat al sy teëstanders betref: hy verag hulle.
6 Hy sê vir homself: “Ek sal nie beweeg word nie; deur alle geslagte sal ek nie in teëspoed wees nie.”
7 Sy mond is vol vloeke, misleiding en onderdrukking; [Rom 3:14] onder sy tong is streke en boosheid. [Ya’a 3:8-9]
8 Hy sit in die hinderlae by die dorpe; in skuilplekke maak hy die onskuldige dood; sy oë loer skelm vir die ongelukkige.
9 Hy wag in ’n skuilplek om die geteisterde te vang; hy vang die geteisterde wanneer hy hom in sy net intrek.
10 Hy sal verneder en omvergewerp word en in sy bene sal daar siekte en pyn wees.
11 Hy sê vir homself: “God het vergeet; Hy verberg Sy gesig; Hy sal dit nooit sien nie.”

12 Staan op, יהוה! O God, lig U hand op; vergeet nie die geteisterdes nie!
13 Waarom tart die wetsoortreder God? Hy het vir homself gesê: “U sal dit nie vergeld nie.”
14 U het dit gesien, want daar is bekommernis en toorn, want U het opgelet dat hy homself in U hand oorgegee het en die behoeftige gee hom oor aan U; U is die Helper van die vaderloses.
15 Breek die arm van die wetsoortreder en die kwaaddoener; soek deur sy boosheid en U sal niks vind nie!
16 יהוה is Koning vir ewig en ewig; nasies word vernietig vanuit Sy land. Yeg 20:38
17 יהוה, U het die begeerte van die nederiges gehoor; U sal hulle verstand, wil en emosie versterk, U oor sal luister
18 om die wees en onderdrukte regverdig te verdedig sodat die mens van die aarde nie langer verskrikking sal veroorsaak nie.

11 1 Vir die musiekleier; van Dawid. In יהוה plaas ek my vertroue. Hoe kan julle vir my sê: “Vlug na die berge soos ’n voël?”
2 Want let op, die wetsoortreder span die boog; hulle sit die pyl gereed op die snaar om in die donker te skiet na die opregtes van verstand, wil en emosie.
3 As hulle die fondamente vernietig het, wat kan die regverdige doen?
4 יהוה is in Sy afgesonderde tempel; die troon van יהוה is in die hemel; Sy oë let op, Sy ooglede ondersoek die seuns van die mens.
5 יהוה toets die regverdige en die wetsoortreder, maar Sy wese haat die een wat geweld lief het.
6 Hy sal oor die wetsoortreder vangnette, vuur en swael laat reën en ’n gloeiende wind sal die deel van hulle beker wees, Open 14:10
7 want יהוה is regverdig; Hy het onpartydige opregtheid lief; die opregtes sal Sy Teenwoordigheid sien.

12 1 Vir die musiekleier; op die agt-snaar lier: ’n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
2 Red, o יהוה, want die Godvresendes is nie meer nie, want vertroue verdwyn onder die seuns van die mens.
3 Hulle praat valsheid met mekaar; met vleiende lippe en dubbelhartigheid praat hulle.
4 Mag יהוה al die vleiende lippe vernietig en die tong wat grootpraat,
5 wat gesê het: “Met ons tong sal ons voortbestaan; ons lippe is ons eie! Wie is meester oor ons?”
6 “As gevolg van die vernietiging van die geteisterdes, as gevolg van die gekerm van die behoeftiges sal Ek nou opstaan,” sê יהוה; “Ek sal hom in die veiligheid plaas waarna hy verlang.”
7 Die woorde van יהוה is gesuiwerde woorde, soos silwer wat gelouter is in ’n smeltkroes op die aarde, sewe maal gesuiwer.
8 U, o יהוה, sal hulle bewaar; U sal hom bewaar van hierdie geslag vir ewig.

9 Die wetsoortreder loop oral rond met trots wanneer vuilheid hoog geag word by die seuns van die mens.

13 1 Vir die musiekleier: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
2 Vir hoe lank, o יהוה, sal U my vergeet? Vir altyd? Hoe lank sal U U gesig vir my verberg?
3 Vir hoe lank sal ek die hele dag lank smart in myself en ellende in my verstand, wil en emosie hê? Hoe lank sal my vyand oor my opgelig word?
4 Beskou dit en antwoord my, יהוה, my God! Verlig my oë sodat ek nie in die dood verval
5 sodat my vyande nie kan sê: "Ek het hom oorwin" nie en my teëstanders nie juig as ek geskud word nie.
6 Ek het egter vertrou op U liefdevolle goedheid; my verstand, wil en emosie sal juig oor U verlossing. Ek wil sing tot יהוה omdat Hy aan my goed gedoen het.

14 1 Vir die musiekleier: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek. [Ps 53:2]
Die dwaas het in sy verstand, wil en emosie gesê: "Daar is geen God nie." Hulle is korrup, hulle het verwerplike dade gepleeg; daar is niemand wat goed doen nie.
2 יהוה het vanuit die hemel afgekyk op die seuns van die mens, om te sien of daar enige een is wat verstaan, wat na God soek.
3 Hulle het almal afgedraai, saam het hulle korrup geword; daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie. [Rom 1:21; 3:12]
4 Hulle herken nie die doeners van boosheid wat my volk opeet asof hulle brood eet nie en hulle roep יהוה nie aan nie.
5 Dáár is hulle in groot angs, want God is by die regverdige geslag.
6 Julle sal die raad van die geteisterdes tot skande maak, maar יהוה is sy Toevlug.
7 Ag, dat die verlossing van Yisra'el uit Tziyon sal kom! Wanneer יהוה Sy gevange volk herstel, sal Ya'akov bly wees, Yisra'el verheug.

15 1 'n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
יהוה, wie mag bly in U tent? Wie mag woon op U afgesonderde berg?
2 Hy wat met integriteit loop, onpartydige opregtheid doen en wat die waarheid praat in sy verstand, wil en emosie.
3 Hy skinder nie met sy tong nie en doen geen boosheid teenoor sy naaste of aanvaar geen omkoopgeskenk van sy vriend nie;
4 in wie se oë die sedelose veragtelik is, maar hulle eer wat יהוה vrees. Hy sweer tot sy eie skade, maar verander dit nie.
5 Hy wat nie sy geld uitleen teen rente nie en geen omkoopgeskenk aanneem teen die onskuldige nie. Hy wat hierdie dinge doen, sal nooit geskud word nie. [Eks 22:25]

16 1 'n Gedig van Dawid.
Bewaar my, o God, want ek soek skuiling by U.
2 Ek het vir יהוה gesê: "U is my God en al my goedheid is van U."

3 Vir die afgesonderdes wat op die aarde is, sê ek ook: “Hulle is die lofwaardiges in wie al my behae is.”
4 Die smarte van hulle wat U vir ’n ander verruil het, sal vermenigvuldig word; ek sal nie hulle drankoffers van bloed uitgiet of hulle name op my lippe neem nie.
5 יהוה is die Deel van my erfenis en my Beker; U ondersteun my deel.
6 Die maatlyne het vir my in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my mooi.
7 Ek sal יהוה, wat my raad gegee het, loof; inderdaad onderrig my verstand my in die nag.
8 Ek stel יהוה voortdurend voor my. Omdat Hy aan my regterhand is, sal ek nie geskud word nie; [Hand 2:25]
9 daarom is my verstand, wil en emosie bly en my lof en eer juig; my vlees sal ook in veiligheid bly,
10 want U sal nie my lewe aan Sh’ol oorgee nie en ook nie U Afgesonderde Een verderwing laat smaak nie. [Yog 20:10; Hand 13:35]
11 U sal aan my die pad van die lewe bekend maak; in U Teenwoordigheid is daar volheid van vreugde, in U regterhand is daar plesiere vir ewig.

17 1 ’n Gebed van Dawid.
Hoor en luister na ’n regverdige saak, o יהוה, let op na my uitroep; hoor en luister na my gebed wat met onbedrieglike lippe kom.
2 Laat my regverdige oordeel kom vanaf U Teenwoordigheid; laat U oë regverdig kyk.
3 U het my verstand, wil en emosie getoets, my in die nag besoek, U het my getoets en niks onregverdigs in my gevind nie. Niks het uit my mond gekom wat
4 volgens die misleidende dade van die mens is nie. Ek het deur die boodskap van U lippe die paaie van die geweldenaar vermy.
5 U het my treë vasgehou in U spore sodat my voete nie gegly het nie.
6 Ek het na U geroep, want U sal my antwoord, o God! Draai U oor na my, hoor en luister na my woord!
7 Maak U Afgesonderde Een ’n Wonder en Verlosser vir dié wat vertrou en laat Hom oorwin oor hulle wat teen U regterhand opstaan!
8 Bewaar my soos ’n oogappel; beskerm my onder die skaduwee van U vlerke
9 teen die wetsoortreder wat my plunder, die vyande van my lewe wat my omring.
10 Hulle het hul gevoellose verstand, wil en emosie toegesluit; met hul mond praat hulle hoogmoedig.
11 Hulle het my geloof en nou omsingel hulle my; hulle het besluit om my in die grond te begrawe.
12 Hulle is soos ’n leeu wat begerig is om te verskeur en soos ’n jong leeu wat in wegkruipplekke skuil.
13 Staan op, יהוה, konfronteer hulle, verneder hulle; bevry my lewe van die wetsoortreder en die swaard.
14 Vanaf hulle wat deur U hand, o יהוה, sterf en van hulle wat in die graf is, verdeel hulle deel onder die lewendes; vul hul maag met U verborge skatte sodat hulle kinders tevrede kan wees en oorvloed nalaat vir hulle kinders.

15 Wat my betref, ek sal U Teenwoordigheid in onpartydige opregtheid sien; ek sal tevrede wees om wakker te word volgens U ewebeeld.

18 1 Vir die musiekleier; van Dawid, die dienskneg van יהוה, wat die woorde van hierdie lied tot יהוה gesê het op die dag toe יהוה hom gered het uit die hand van al sy vyande en uit die hand van Sha’ul.
2 Hy het gesê: “Ek het U lief, יהוה, my Sterkte en Vertroue.
3 יהוה is my Rots, my Vesting en my Bevryder. My Magtige God is my Helper by wie ek skuil, my Skild en die Horing van my verlossing, my Vesting.
4 Lofwaardig is יהוה, waarop ek my beroep en so word ek van my vyande verlos.
5 Bande van die dood het my omring en strome van wetsoortreders het my deurmekaar gemaak.
6 Bande van Sh’ol was rondom my; strikke van die dood het my gekonfronteer.
7 In my benoudheid het ek יהוה aangeroep en tot my God geroep om hulp; Hy het my stem vanuit Sy tempel gehoor en my hulpgeroep het voor Hom gekom, in Sy ore.
8 Toe het die aarde geskud en gebewe; die fondamente van die berge het gesidder en is geskud omdat Hy kwaad was.
9 Rook het uit Sy toorn uit opgegaan en ’n vuur vanaf Sy gesig en kole is daardeur verteer.
10 Hy het ook die hemele neergebuig en afgekom met dik donkerte onder Sy voete.
11 Hy het op gérubs gery [Yeg 1:4-28] en gevlieg; voortgesnel op die vlerke van die wind.
12 Hy het duisternis Sy bedekking gemaak; Sy pawiljoen rondom Hom was duisternis van waters; dik wolke in die lug.
13 Vanuit die helderheid van Sy skaduwee het Sy dik wolke haelstene en kole van vuur gereën.
14 יהוה het ook in die hemele gedonder en die Allerhoogste het Sy stem laat hoor; haelstene en kole van vuur. [Ps 29:3-9; Iyov 37:4]
15 Hy het Sy pyle uitgestuur en hulle verstrooi - weerligstrale in oorvloed - en hulle verwar.
16 Toe het die strome van waters verskyn en die fondamente van die wêreld is blootgelê deur U bestraffing, o יהוה, deur die geblaas van die asem van U woede.
17 Hy het uit die hoogte gestuur en my stilgemaak, Hy het my uit baie waters getrek.
18 Hy het my bevry van my magtige vyande en van dié wat my haat, want hulle was te sterk vir my.
19 Hulle het my konfronteer op die dag van my nood, maar יהוה was my Bevryder.
20 Hy het my uitgelei na ’n aangename plek; Hy het my gered, want Hy het Hom oor my verheug.
21 יהוה het my beloon volgens my onpartydige opregtheid; Hy het my vergeld volgens die reinheid van my hande,
22 want ek het die lewenswyses van יהוה gehou en nie in opstand gekom teen my God nie,
23 want al Sy oordele was voor my en Sy wette het ek nie van my verwyder nie.
24 Ek was ook skuldloos by Hom en het myself versigtig weerhou van my wetsoortreding;

25 daarom het יהוה my vergeld volgens my onpartydige opregtheid, volgens die reinheid van my hande voor Sy oë.
26 Met die goedhartige wys U Uself goedhartig; met die opregte man wys U Uself opreg;
27 met die reine wys U Uself rein, maar van die valse draai U weg,
28 want U verlos die geteisterde volk, maar verneder die trotses,
29 want U steek my lamp aan; יהוה, my God, verlig my duisternis,
30 want met U kan ek ’n bende rowers stormloop en met my God kan ek oor ’n muur spring.
31 Wat God betref: die pad van God is skuldloos; die boodskap van יהוה is suiwer; Hy is ’n Hulp vir almal wat op Hom vertrou,
32 want wie is god buiten יהוה en wie is magtig soos ons God?
33 Die God wat my met krag omgord en my pad volmaak maak;
34 Hy maak my voete soos dié van herte en laat my staan op hoë plekke; Hav 3:19
35 Hy leer my hande om oorlog te voer en versterk my arms soos ’n koper boog.
36 U het ook vir my die skild van U verlossing gegee, U regterhand ondersteun my en U sagtheid maak my groot.
37 U het my bene onder my standvastig gemaak sodat my enkels nie swak word nie.
38 Ek sal my vyande agtervolg en hulle inhaal en ek sal nie terugkom voordat ek hulle vernietig het nie.
39 Ek het hulle verbrysel sodat hulle nie kon opstaan nie; hulle het geval onder my voete,
40 want U het my met krag omgord vir die stryd; U het my teëstanders aan my onderwerp.
41 U het ook my vyande voor my uit verslaan sodat ek dié wat my haat kon stilmaak.
42 Hulle het geroep om hulp, maar daar was niemand om te red nie; tot יהוה, maar Hy het hulle nie geantwoord nie.
43 Toe het ek hulle fyn gemaal soos stof voor die wind; ek het oor hulle gestap soos die vuilgoed van die strate.
44 U sal my red uit die oordele van die volke; U sal my aan die hoof stel van nasies; ’n volk wat ek nie geken het nie, sal my dien,
45 sodra hulle van my hoor sal hulle my gehoorsaam, vreemdelinge sal hulleself aan my onderwerp.
46 Vreemdelinge sal stop en verhinder word om op hulle pad te loop.
47 יהוה leef. Geseënd is die Een wat aan my krag gee; laat my God en my Verlosser hoog opgelig word!
48 Die God wat namens my wraak neem en volke aan my onderwerp;
49 Hy bevry my van my vyande; sekerlik lig U my op bo die wat teen my opstaan; U red my van wettelose mense;
50 daarom wil ek U onder die nasies met uitgestrekte hande loof en prys, o יהוה en tot eer van U Naam (Karakter en Outoriteit) wil ek sing en musiek 2 Sh’m 22:50; Rom 15:9 maak.
51 Hy gee groot bevryding aan Sy koning en wys liefdevolle goedheid aan Sy gesalfde, aan Dawid en sy nageslag vir ewig.”

19 1 Vir die musiekleier: ’n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
2 Die hemele vertel van die lof, eer en waarde van God en hulle uitgestrektheid verkondig die werk van Sy hande.
3 Dag na dag word boodskappe uitgestort en nag na nag word kennis openbaar.
4 Daar is geen spraak of taal waar hulle stem nie gehoor word nie.
5 Hulle goeie nuus gaan uit oor die hele aarde en hulle uitsprake tot by die einde van die wêreld. [Rom 1:20; 10:18] Hy het Sy tent vir die son tussen hulle gesit
6 en dit is soos ’n bruidegom wat uitgaan uit sy slaapkamer en hom verheug soos ’n sterk man wat ’n resies hardloop.
7 Sy opgaan is van die einde van die hemel af en sy baan tot by die ander einde daarvan en niks is verborge vir sy hitte nie.
8 Die wet van יהוה is volmaak: dit verfris die lewe; die getuienis van יהוה, wat die eenvoudiges wys maak, is vertrouenswaardig.
9 Die opdragte van יהוה is reg, hulle verbly die verstand, wil en emosie; die bevele van יהוה is suiwer: dit verlig die oë. [Rom 7:16; 1 Tim 1:8]
10 Die respekvolle vrees van יהוה is rein: dit hou aan vir ewig; die oordele van יהוה is waarheid: hulle is volkome regverdig.
11 Hulle is begeerliker as goud, ja, as kosbare stene en soeter as heuning uit die korf.
12 Meer nog, U dienskneg word daardeur gewaarsku en as hy dit hou sal hy baie beloon word.
13 Wie kan struikelinge verstaan? Reinig U my van verborge foute.
14 Hou ook U dienskneg terug van verwaande sondes sodat die bose nie oor my heers nie, dan sal ek vrygespreek wees van my sondes. [1 Yog 1:7-9]
15 Laat die woorde van my mond en die oordenkings van my verstand, wil en emosie aanvaarbaar wees voor U Teenwoordigheid, o יהוה, my Hulp en my Loskoper!

20 1 Vir die musiekleier: ’n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
2 Mag יהוה jou antwoord in die dag van benoudheid! Mag die Naam (Karakter en Outoriteit) van die God van Ya’akov jou verdedig!
3 Mag Hy vir jou hulp stuur vanuit die Afgesonderde Plek en jou versterk vanuit Tziyon!
4 Mag Hy jou graanoffers onthou en jou brandoffer aanvaarbaar maak!
5 Mag Hy jou gee volgens jou diepste begeertes en al jou beplanning vervul!
6 Ons sal sing van vreugde oor jou verlossing en ons baniere oplig in die Naam (Karakter en Outoriteit) van ons God. Mag יהוה al jou versoeke vervul!
7 Nou weet ek dat יהוה Sy gesalfde verlos; Hy sal hom antwoord vanuit Sy afgesonderde hemel met die verlossingskrag van Sy regterhand.
8 Sommige vertrou op strydwaens en ander op perde, maar óns sal seëvier deur die Karakter en Outoriteit van יהוה ons God. [Mik 5:9; Ps 33:17; Spr 21:31]
9 Húlle het inmekaargesak en geval, maar óns het opgestaan en regop gestaan. [Y’ho 11:6]
10 O יהוה, red ons en mag ons Koning ons antwoord op die dag as ons roep!

21 1 Vir die musiekleier: ’n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
2 O יהוה, die koning sal bly wees in U sterkte en in U verlossing sal hy hom grootliks verbly!
3 U het vir hom sy hartsbegeerte gegee en die versoeke van sy lippe nie teruggehou nie,
4 want U seën hom met goeie dinge; U sit ’n kosbare kroon op sy kop.
5 Hy het van U lewe gevra, U het dit vir hom gegee; lengte van dae, vir ewig en ewig.
6 Sy lof en eer is groot deur U verlossing; prag en praal en majesteit het U op hom gelê,
7 want U maak hom vir ewig mees geseënd; U maak hom in U Teenwoordigheid met vreugde bly,
8 want die koning vertrou in יהוה en deur die liefdevolle goedheid van die Allerhoogste sal hy nie geskud word nie.
9 U hand sal al U vyande oormeester; U regterhand almal wat U haat.
10 U sal hulle maak soos ’n vurige oond in die tyd van U woede; יהוה sal hulle verslind in Sy toorn en vuur sal hulle verteer.
11 U sal hulle vrug van die aarde af vernietig en hulle nageslag vanuit die seuns van die mens,
12 want hulle het boosheid teen U beplan; hulle het ’n listige plan beraam wat hulle nie in staat is om uit te voer nie,
13 want U sal hulle dwing om te vlug; met U boogsnare sal U mik na hulle gesigte.
14 Wees verhoog in U sterkte, o יהוה; ons wil sing en musiek maak oor U oorwinningskrag!

22 1 Vir die musiekleier; op die wysie van: Aiyeleth Hashshahar (Die hert-ooi van die sonsopkoms): ’n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
2 My Magtige God, my Magtige God, waarom het U my verlaat, my verlossing is ver van my as gevolg van die woorde van my dwaasheid. Mat 27:46; Mar 15:34
3 My God, ek roep bedags, maar U antwoord my nie en snags, maar U bly nie by my nie.
4 Tog is U die Afgesonderde en Yisra’el bly onder U Gemanifesteerde Teenwoordigheid! Lev 19:2
5 Op U het ons vaders vertrou; hulle het vertrou en U het hulle bevry.
6 Hulle het na U toe uitgeroep en is bevry; in U het hulle vertrou en is nie teleurgestel nie,
7 maar ek is ’n wurm en nie ’n man nie, ’n bespotting van die mense en verag deur die volk.
8 Almal wat my sien, spot met my; hulle skiet uit met hulle lippe en skud hulle koppe en sê: Mat 27:39,43; Mar 15:29-31; Luk 23:35
9 “Hy het in יהוה vertrou, laat Hy hom bevry; laat Hy hom verlos, want Hy is tevrede met hom!”
10 Want U is my Vertroue sedert ek uit die baarmoeder gekom het en my Versekerde Verwagting sedert ek aan my moeder se bors was.

11 Ek is onder U sorg geplaas van die baarmoeder af; van die skoot van my moeder af is U my God.
12 Wees nie ver van my af nie, want moeilikheid is naby, want daar is niemand om te help nie.
13 Baie bulle het my omsingel, sterkes van Bashan het my omring.
14 Hulle monde gryns teen my soos 'n verskeurende en brullende leeu.
15 Ek word uitgegooi soos water; Mat 27:27-31 al my beendere is uit lid uit; my binneste is soos was, dit is gesmelt binne-in my.
16 My krag is verdroog soos 'n potskerf en my tong kleef aan my verhemelte en U gooi my neer in die stof van die dood,
17 want honde het my omsingel; 'n bende boosdoeners het my omring; Open 22:15 hulle het my hande en my voete deurboor. Yog 20:25
18 My gebeentes is pynlik seer; hulle kyk en staar na my! Luk 23:35
19 Hulle verdeel my klere onder mekaar en werp die lot oor my kleed, Mat 27:35; Yog 19:23,24
20 maar U, יהוה, wees nie ver van my nie; o God, my Hulp, hou aan om my te help!
21 Red my lewe van die swaard, my uniek enigste uit die hand van die geweldenaar.
22 Verlos my uit die bek van die leeu, my swakheid uit die hand van die gierige
23 sodat ek U Naam (Karakter en Outoriteit) aan my broers kan verkondig. In die middel van die vergadering sal ek U helder en duidelik prys. Heb 2:12
24 Julle wat יהוה respekvol vrees, prys Hom helder en duidelik! Al julle nakomelinge van Ya'akov, eer Hom; vrees Hom respekvol, al die nakomelinge van Yisra'el,
25 want Hy het nie die teistering van die geteisterde verag of verfoei en Sy gesig nie vir hom verberg nie, maar Hy het gehoor en geluister toe dié na Hom geroep het.
26 Vanaf U kom my lofprysing in die groot vergadering; ek sal my geloftes betaal in die teenwoordigheid van dié wat Hom respekvol vrees.
27 Die geteisterdes sal eet en versadig word; húlle wat Hom soek sal יהוה helder en duidelik loof. Mag julle verstand, wil en emosie vir ewig lewe!
28 Al die eindes van die aarde sal onthou en na יהוה toe draai en al die families van die nasies sal voor U Teenwoordigheid neerbuig,
29 want die Koninkryk behoort aan יהוה en Hy heers oor die nasies.
30 Almal wat honger is op die aarde sal eet en neerbuig voor יהוה; almal wat begrawe is, sal neerbuig voor Hom; niemand kan uit homself lewe nie.
31 'n Nageslag sal Hom dien en hul nageslag sal יהוה verkondig;
32 hulle sal kom en Sy regverdigheid verkondig aan 'n volk wat gebore sal word en vertel van dit wat יהוה gedoen het.

23 1 'n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
יהוה is my Herder, Yog 10:11 ek sal niks nodig hê nie.
2 Hy laat my rus in groen weivelde. Hy lei my langs rustige waters. Yes 49:10
3 Hy vernuwe my lewe.
Hy lei my op die paaie van onpartydige opregtheid, ter wille van Sy Karakter en Outoriteit (Naam).
4 Al loop ek deur die vallei van die skaduwee van die dood, sal ek geen boosheid vrees nie, want U is by my; U stok en U staf, hulle vertroos my. Yes 3:1

5 U berei 'n tafel voor my voor in die teenwoordigheid van my teëstanders;
U salf my kop met olie; my beker loop oor.
6 U goedheid en onverdiende guns sal my sekerlik volg al die dae van my lewe
en ek sal vir ewig in die huis van יהוה bly. [Ps 84:11]

24 1 'n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek. Die aarde behoort aan יהוה en alles wat daarin is, die wêreld en almal wat daarin bly,
2 want Hy het die aarde se fondasies in die seë gevestig en aan dit riviere gegee.
3 Wie mag opgaan op die berg van יהוה of wie mag staan in Sy Afgesonderde Plek?
4 Hy wat rein hande en 'n suiwer verstand, wil en emosie het, [Ya'a 4:8; Heb 10:22] wat nie valslik by sy lewe gesweer en nie met misleiding 'n eed afgelê het nie.
5 Hy sal die seën van יהוה en onpartydige opregtheid van God, ons Verlosser, ontvang.
6 Dit is die geslag van hulle wat U soek, wat U Teenwoordigheid soek, o God van Ya'akov.
7 Lig op julle koppe, o poorte en word opgelig, o ewige deure,
sodat die Koning van lof, eer en waarde kan ingaan!
8 Wie is die Koning van lof, eer en waarde?
יהוה, sterk en magtig, יהוה magtig in die geveg.
9 Lig op julle koppe, o poorte en word opgelig, o ewige deure,
sodat die Koning van lof, eer en waarde kan ingaan!
10 Wie is die Koning van lof, eer en waarde?
יהוה-Tzva'ot (van die leërmag), Hy is die Koning van lof, eer en waarde vir ewig!

25 1 Van Dawid.
Tot U, o יהוה, lig ek my lewe op.
2 My God, in U vertrou ek; laat my nie beskaamd staan nie; laat my vyande nie oor my triomfeer nie.
3 Ja, almal wat in U vertrou, sal nie beskaamd staan nie; laat die bose beskaamd staan met hulle nietighede.
4 Wys my U manier van doen, o יהוה; leer my U paaie.
5 Lei my in U waarheid en leer my, want U is my God en my Verlosser. Op U wag ek die hele dag.
6 יהוה, onthou U sagte omgee en U liefdevolle goedheid, want dié is van ewigheid af.
7 Onthou nie die sondes of rebellie van my jeug nie, maar onthou my volgens U onverdiende goedheid, ter wille van U goedheid, o יהוה!
8 יהוה is goed en opreg; daarom sal Hy sondaars leer aangaande die manier van lewe.
9 Hy sal die swakkes lei in die regverdige oordeel en die behoeftiges leer in Sy lewenswyse.
10 Al die paaie van יהוה is liefdevolle goedheid en waarheid vir dié wat Sy verbond en Sy getuienisse hou.
11 Om U Naam (Karakter en Outoriteit) ontwil, יהוה, spreek my vry van my onregverdigheid, want dit is groot.

12 Wie is die man wat יהוה respekvol vrees? Hy sal hom leer aangaande die lewenswyse wat hy gekies het.
13 Hy sal lewe in voorspoed en sy nageslag sal die aarde besit.
14 Die geheime van יהוה is vir dié wat Hom respekvol vrees en Hy sal Sy verbond aan hulle bekend maak. Spr 3:32; 1 Kor 2:7
15 My oë is voortdurend op יהוה, want Hy sal my voete uit die net bevry.
16 Draai na my toe en bewys aan my onverdiende guns, want ek is heeltemal alleen en geteister.
17 Die moeilikhede van my verstand, wil en emosie is vermenigvuldig; lei U my uit my moeilikhede.
18 Kyk na my teistering en my moeite en vergeef al my sondes.
19 Kyk na my vyande, want hulle is baie en hulle haat my met 'n onregverdige haat.
20 Bewaar my lewe en bevry my, want ek het op U vertrou.
21 Die onskuldige en die opregte volg my omdat ek op U vertrou.
22 God, het Yisra'el verlos van al sy onderdrukkers!

26 1 Van Dawid. Beoordeel my regverdig, o יהוה, want ek het in my integriteit geleef en ek het op יהוה vertrou; daarom sal ek nie huiwer nie.
2 Toets my, יהוה en beproef my, deursoek my motiewe en my verstand, wil en emosie,
3 want U liefdevolle omgee is voor my oë en ek het in U waarheid geloop.
4 Ek sit nie by mense wat mislei nie en assosieer nie met mense wat voorgee nie. Ps 1:1
5 Ek haat die vergadering van wetsoortreders en sit nie by die kwaaddoeners nie.
6 Ek was my hande in onskuld en het rondom U altaar geloop, o יהוה
7 sodat ek die Stem van U lof kan hoor en vertel van al U wonderwerkende dade.
8 יהוה, ek het die gebruike van U huis lief en die plek waar U lof, eer en waarde bly.
9 Vernietig my nie saam met die sondaars en my lewe saam met die manne van bloedvergieting,
10 in wie se hande bose planne is en wie se regterhand vol is van omkopery, nie,
11 maar ék sal loop in my integriteit; koop my vry en gee vir my onverdiende guns.
12 My voete staan op gelyke grond; in die vergadering sal ek kniel en יהוה seën.

27 1 Van Dawid.
יהוה is my Lig en my Verlossing; vir wie sou ek vrees? יהוה is die Verdediger van my lewe; vir wie sou ek bang wees? Heb 13:6
2 As boosdoeners teen my kom om my te verteer, my teëstanders en my vyande, struikel hulle en val.
3 Al slaan 'n leërmag kamp op teen my, my binneste sal nie vrees nie; al staan 'n oorlog teen my op, sal ek daarin verseker wees.
4 Een ding het ek van יהוה gevra, dit sal ek soek: dat ek al die dae van my lewe mag bly in die huis van יהוה, om die lieflikheid van יהוה te sien en te mediteer in Sy tempel,
5 want op die dag van moeilikheid steek Hy my weg in Sy tent; Hy steek my weg in die geheime plek van Sy tent; Hy sal my vas laat staan op 'n rots.

6 Nou sal my kop hoog opgelig wees bo my vyande rondom my en daarom sal ek in Sy tent offers offer met uitroepe van vreugde; ek sal sing en musiek maak tot eer van יהוה.
7 Hoor en luister na my stem, o יהוה, wanneer ek na U toe uitroep, wys my onverdiende guns en antwoord my.
8 My verstand wil en emosie sê vir U: “Laat my U Teenwoordigheid soek, o יהוה!”
9 Moenie U gesig van my af wegdraai nie; my moeilikheid gee in U woede nie; U is my Hulp! Verstoot en verlaat my nie, o my God en my Verlosser!
10 Alhoewel my vader en my moeder my sou verlaat, het יהוה my ingeneem.
11 Leer my U lewenswyse, יהוה en lei my op U regte paaie.
12 Gee my nie oor in die hande van my teëstanders nie, want valse getuies het teen my opgestaan en gewelddadig gepraat,
13 maar ek het vertrou dat ek die goedheid van יהוה sal sien in die land van die lewendes.
14 Wag op יהוה! Wees onveranderlik dapper en vol vertroue! Ja, wag op יהוה!

## 28

1 Van Dawid.
Ek roep uit na U, o יהוה! My Rots, wees nie stil teenoor my nie; as U stilbly teenoor my, word ek soos dié wat afgaan in die put.
2 Hoor en luister na die stem van my smekinge as ek na U om hulp uitroep, wanneer ek my hande oplig na U Afgesonderde tempel.
3 Ruk my nie weg saam met die wetsoortreders en die werkers van boosheid, wat van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid praat met hulle naaste, maar daar is boosheid in hulle verstand, wil en emosie, nie.
4 Beloon hulle volgens hul dade en volgens hul bose praktyke. Beloon hulle volgens die dade van hulle hande, dit wat hulle verdien.
5 Omdat hulle nie die dade van יהוה of die werk van Sy hande verstaan nie, sal Hy hulle afbreek en hulle nie opbou nie. [2 Kor 3:14-18]
6 Geseënd is יהוה, want Hy het na die stem van my smekinge geluister.
7 יהוה is my Helper en my Skild; my verstand, wil en emosie vertrou op Hom en ek is gehelp; daarom sal ek spring van vreugde en Hom loof en dank met my hande uitgestrek.
8 יהוה is die Sterkte vir Sy volk en Hy is die Beskerming van die verlossing van Sy gesalfde.
9 Red U volk, seën U erfenis en wees vir hulle ’n Herder en versorg hulle vir ewig.

## 29

1 ’n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
Gee aan יהוה, o seuns van magtiges, gee aan יהוה eer, lof en aanbidding!
2 Gee aan יהוה die eer, lof en aanbidding waardig aan Sy Karakter en Outoriteit; val neer voor יהוה in die hof van Sy Afgesonderde tempel!
3 Die stem van יהוה is oor die waters, die God van eer, lof en aanbidding donder; יהוה is oor baie waters. [Yir 10:13]
4 Die stem van יהוה is kragtig; die stem van יהוה is vol majesteit.

5 Die stem van יהוה breek die seders; ja, יהוה verbreek die seders van L'vanon.
6 Hy laat L'vanon ook spring soos 'n kalf en Siryon soos 'n wilde bul (Aurogs).
7 Die stem van יהוה verdeel die vlamme van vuur.
8 Die stem van יהוה skud die wildernis; יהוה skud die wildernis van Kadesh.
9 Die stem van יהוה laat die takbokke lam en stroop die woude kaal; in Sy tempel praat elkeen van Sy lof, eer en waarde!
10 יהוה beheer die vloed; ja, יהוה sit as Koning vir ewig.
11 יהוה sal krag aan Sy volk gee, יהוה sal Sy volk seën met vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid.

30 1 'n Gedig met instrumentale musiek; 'n lied by die inwyding van die huis van Dawid.
2 Ek sal U hoog oplig, יהוה, want U het my opgetrek en nie my vyande hul oor my laat verheug nie.
3 יהוה, my God, ek het uitgeroep na U toe en U het my gesond gemaak.
4 יהוה, U het my lewe uit Sh'ol laat opkom; U het my gered sodat ek nie saam met hulle in die put afgaan nie.
5 Sing en maak musiek tot יהוה, o julle afgesonderdes van Hom; loof en dank Hom met uitgestrekte hande by die onthou van Sy Afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit),
6 want daar is teregwysing in Sy woede en lewe in Sy aanvaarding; gehuil mag duur vir die nag, maar blydskap kom in die oggend.
7 Ek het in my rustige sekuriteit gesê: "Ek sal nooit wankel nie."
8 יהוה, in U onverdiende guns het U my stewig laat staan. U het U gesig weggedraai en ek was benoud!
9 Ek het tot יהוה uitgeroep en tot יהוה gesmeek:
10 "Watter voordeel is daar in om my bloed te stort as ek afgaan na vernietiging? Die stof sal U nie loof en dank of U waarheid verkondig nie.
11 Hoor en luister, יהוה en bewys onverdiende guns aan my! יהוה, wees U my Helper!
12 U het my droefheid in 'n dans verander, U het my rouklere afgegooi en my met oorweldigende blydskap omgord
13 sodat ek met eer en lof tot U kan sing en musiek maak en nie stilbly nie. יהוה, my God, ek sal U vir ewig loof en dank met uitgestrekte hande.

31 1 Vir die musiekleier: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
2 In U, o יהוה, plaas ek my vertroue; laat my nooit beskaamd staan nie. Bevry my deur U onpartydige opregtheid.
3 Draai U oor na my toe en antwoord my gou; wees U vir my die Magtige God, die Helper, die Huis van skuiling en red my,
4 want U is my Rots en my Vesting; daarom, om U Naam (Karakter en Outoriteit) ontwil, vertroos my en lei my.
5 Trek my uit die net wat hulle in die geheim vir my gespan het, want U is my Beskermer.

6 In U hand gee ek my gees oor; U het my verlos, יהוה, God van waarheid.
7 Ek haat hulle wat valse aanbidding onderhou, maar ék vertrou in U, o יהוה.
8 Ek wil in die rondte swaai van vreugde en blydskap in U goedheid en guns omdat U my pyniging gesien, my lewe in sy teisteringe geken en my nie oorgelewer het
9 in die hand van my vyande nie. U het my voete in rustigheid gevestig.
10 Wys onverdiende guns aan my, o יהוה, want ek is benoud; my oog word swak deur woede, ja, my lewe en my liggaam,
11 want my lewe kwyn weg van verdriet en my jare van gesug; my krag faal as gevolg van my onregverdigheid en my gebeente teer weg.
12 As gevolg van my teëstanders het ek ’n voorwerp van skande geword vir my bure en ’n voorwerp van skrik vir die wat my ken. Die wat my op straat sien, vlug weg van my af.
13 Ek is vergete, uit die gedagtes soos ’n dooie man; ek is soos ’n gebreekte houer,
14 want ek het die skindertaal van baie mense gehoor terwyl hulle saam raad hou teen my en beplan om my lewe te neem.
15 Ek vertrou egter op U, o יהוה! Ek sê: “U is my God, o יהוה.”
16 Tye is in U hand; red my uit die hand van my vyande en van die wat my vervolg.
17 Laat U gesig skyn oor U kneg, verlos my deur U liefdevolle goedheid.
18 Laat my nie beskaamd staan nie, o יהוה, want ek roep uit na U; laat die wetsoortreders beskaamd staan en laat hulle stil wees in Sh’ol!
19 Laat die valse lippe stom word wat arrogant met trots en veragting teen die regverdige praat.
20 O, hoe groot is U goedheid wat U opgegaar het vir dié wat U respekvol vrees, wat U uitgewerk het vir hulle wat in U vertrou in die teenwoordigheid van die mense!
21 U steek hulle weg in die geheime plek van U Teenwoordigheid van die sameswerings van mense; U steek hulle in U skaduwee weg van die strydlustige tonge.
22 Geseënd is יהוה, want Hy het Sy liefdevolle goedheid vir my, in ’n beleërde stad, wonderbaarlik gemaak.
23 Ek het in my haas gesê: “Ek is verlore van voor U oë.” Nogtans het U na die stem van my smekinge geluister toe ek uitgeroep het na U.
24 Julle moet יהוה liefhê, al sy getroues! יהוה bewaar die getroues en vergeld die trotses ten volle.
25 Almal wat in versekerde verwagting op יהוה wag, wees dapper en Hy sal julle verstand, wil en emosie versterk!

# 32
1 ’n Onderiggewende gedig van Dawid.
Geseënd is hy wie se oortreding van die wet vergewe en wie se sonde uitgevee is.
2 Geseënd is die mens aan wie יהוה sy onregverdigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie. [Rom 4:8]
3 Omdat ek die hele dag lank in stilte gely het, het my gebeente oud geword in my diepe slaap,
4 want U hand was dag en nag swaar op my; intense pyn het in my hart ontwikkel, genoeg om my dood te maak.

5 Ek het my sonde teenoor U erken en my onregverdigheid het ek nie vir U weggesteek nie. Ek het gesê: “Ek sal al my wetsoortredinge aan יהוה bely” en U het al my sondes vergewe;
6 daarom, laat elke getroue nou tot U bid; sekerlik sal selfs die vloede van baie waters nie naby hom kom nie.
7 U is my Skuilplek; U beskerm my teen my vyande; U sal my omring met ’n lied van bevryding.
8 “Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die pad wat jy moet gaan; Ek wil aan jou raad gee en My oog op jou hou. [Ps 1:1]
9 Moenie soos ’n perd of ’n muil wees wat geen begrip het nie, wat ’n mens van kleins af moet tem met toom en teuel nie; niemand kom naby hulle nie.”
10 Die wetsoortreders het baie smarte, maar hy wat op יהוה vertrou, sal deur liefdevolle goedheid omring word.
11 Verheug jou in יהוה en swaai in die rondte van vreugde, regverdiges! Sing van vreugde, almal wat opreg van verstand, wil en emosie is!

33 1 Sing van vreugde in יהוה, o regverdiges! Lofprysing pas by die opregtes.
2 Loof en dank יהוה met die harp en siter; sing en maak musiek vir Hom met die tiensnarige harp.
3 Sing vir Hom ’n nuwe lied; speel bekwaam met vreugdevolle klanke,
4 want die boodskap van יהוה is opreg en al Sy dade word in waarheid gedoen.
5 Hy het onpartydige opregtheid en regverdige oordeel lief; die aarde is vol van die goedheid van יהוה.
6 Deur die woord van יהוה is die hemele gemaak en deur die asem van Sy mond hulle hele leërmag. [Gen 1]
7 Hy maak die waters van die seë bymekaar soos in ’n hoop watersakke; Hy bêre die waterdieptes weg in stoorkamers.
8 Laat die hele aarde יהוה vrees; laat al die bewoners van die wêreld met respekvolle vrees voor Hom staan,
9 want Hy het gepraat en dit is gedoen; Hy het beveel en dit het vas gestaan.
10 יהוה bring die raad van die nasies tot niks, Hy verbied die planne van die volke.
11 Die raadgewing van יהוה staan vir ewig, die gedagtes van Sy verstand, wil en emosie in alle geslagte.
12 Geseënd is die nasie wie se God יהוה is, die volk wat Hy vir Homself as erfenis gekies het.
13 יהוה kyk van die hemel af; Hy sien al die seuns van die mens.
14 Vanaf Sy troon kyk Hy af op al die inwoners van die aarde.
15 Hy vorm hulle hele verstand, wil en emosie, beoordeel al hulle dade.
16 Die koning word nie gered deur die menigte van die leërmag, die sterk manne nie deur groot krag nie.
17 Die perd is ’n vals hoop vir oorwinning en red niemand deur sy groot krag nie.
18 Let op, die oog van יהוה is op dié wat Hom respekvol vrees, op dié wat met versekerde verwagting op Sy onverdiende guns wag,
19 om hulle lewe te red van die dood en hulle aan die lewe te hou in hongersnood.

20 Ons wag op יהוה; Hy is ons Hulp en ons Skild,
21 want ons verstand, wil en emosie is verheug in Hom omdat ons vertrou in Sy Afgesonderde Karakter en Outoriteit.
22 Laat U goedheid, יהוה, oor ons wees volgens ons aktiewe verwagting in U!

34 1 Van Dawid, toe hy sy optrede voor Avimelekh verander het en dié hom weggejaag en hy vertrek het.
2 Ek sal altyd voor יהוה neerkniel; Sy lofprysing sal voortdurend in my mond wees.
3 My lewe sal homself altyd beroem op יהוה; [Yir 9:22-24; 1 Kor 1:31] die nederiges sal dit hoor en hulle verheug.
4 Maak יהוה saam met my groot en laat ons saam Sy Karakter en Outoriteit (Naam) verhoog!
5 Ek het יהוה gesoek en Hy het my geantwoord en my uit al my vrees bevry.
6 Kyk na Hom en vertrou in Hom en julle sal nooit teleurgesteld wees nie.
7 Hierdie arme man het na Hom geroep en יהוה het hom gehoor en hom gered uit al sy moeilikhede uit.
8 Die boodskapper van יהוה slaan kamp op rondom dié wat Hom respekvol vrees en bevry hulle.
9 Kyk en sien dat יהוה goed is; [1 Kef 2:3] geseënd is die man wat in Hom vertrou!
10 Vrees יהוה respekvol, julle Sy afgesonderdes, want vir hom wat Hom vrees, is daar geen gebrek nie.
11 Die jong leeus ly gebrek en het honger, maar dié wat יהוה soek, sal nie gebrek hê aan enige goeie ding nie.
12 Kom, julle seuns, luister na my; ek sal vir julle die respekvolle vrees van יהוה leer.
13 Wie is die man wat lewe begeer en die dae om die goeie te kan sien, lief het?
14 Weerhou jou tong van boosheid en jou lippe daarvan om bedrog te praat. [Ya’a 1:26]
15 Gaan weg van die boosheid en doen wat goed is; soek vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid en jaag dit na.
16 Die oë van יהוה is op die regverdiges en Sy ore oop om hulle te hoor. [Mal 3:16; Ya’a 1:25]
17 Die gesig van יהוה is teen die boosdoeners, om die herinnering aan hulle van die aarde af uit te roei.
18 Die regverdige roep uit en יהוה hoor en red hulle uit al hul moeilikhede.
19 יהוה is naby dié wat gebroke is van verstand, wil en emosie en Hy verlos dié wat nederig is van gees.
20 Die teisteringe van die regverdige is baie, maar יהוה bevry hom uit almal.
21 Hy behou al sy bene, nie een daarvan word gebreek nie. [Yog 19:36]
22 Boosheid sal die wetsoortreders doodmaak en dié wat die regverdige haat, sal vernietig word.
23 יהוה koop die lewe van Sy diensknegte los en nie een wat in Hom vertrou sal veroordeel word nie.

35 1 Van Dawid. יהוה, verdedig my saak teen dié wat met my twis; baklei teen dié wat teen my baklei!
2 Gryp die klein skild en die grote en staan op tot my hulp!
3 Trek die swaard uit en swaai dit teen hulle wat my vervolg! Sê vir my lewe: “Ek is jou Verlosser!”
4 Laat hulle wat my lewe soek, in verwarring kom en beskaamd staan; laat hulle wat boosheid teen my beplan, omgedraai en verneder word!
5 Laat hulle wees soos kaf voor die wind terwyl die boodskapper van יהוה hulle jaag.
6 Laat hulle pad duister en glibberig wees en die boodskapper van יהוה hulle vervolg,
7 want sonder rede het hulle ’n put vir my gegrawe en ’n net teen my lewe gespan.
8 Laat verwoesting onverwags oor hulle kom en laat sy net, wat hy gespan het, hom vang; laat hulle val in dieselfde put wat hulle gegrawe het!
9 My lewe sal in die rondte swaai van vreugde in יהוה, dit sal vreugdevol wees in Sy verlossing.
10 Al my beendere sal sê: “יהוה, wie is soos U? Wie red die geteisterde van hulle wat sterker is as hy; ja, die geteisterde en behoeftige van hom wat sy eiendom met geweld wegvat!”
11 Valse getuies staan op, hulle kla my aan van dinge wat ek nie weet nie.
12 Hulle betaal my kwaad vir goed terug en vernietig my reputasie voor mense,
13 maar ek, toe hulle siek was, het ek ’n roukleed gedra; ek het my lewe nederig gemaak deur vas en my gebed het aangehou terugkeer na my binneste.
14 Ek het my gedra asof hulle my vriende of broers is; ek het laag neergebuig soos een ellendig in diepe rou,
15 maar toe ek struikel, het hulle bymekaargekom en hulle verheug; hulle het vir ’n lang tyd teen my bymekaargekom en ek het dit nie geweet nie.
16 Met hulle grootpratery en spot kners hulle die tande teen my.
17 יהוה, hoe lank sal dit aanhou? Red my lewe van hulle vernietiginge, my absoluut enigste een van die leeus.
18 Ek sal U loof en dank met uitgestrekte hande in die groot vergadering; onder ’n groot skare sal ek U helder en duidelik loof.
19 Laat my vyande hulle nie oor my verheug nie; ook nie dié wat my sonder rede haat nie; [Yog 15:25] hulle knip die oë kwaadwillig, [Spr 6:13; 10:10]
20 want hulle praat nie van vrede nie, maar hulle bedink misleidende woorde teen dié wat stil is in die land.
21 Hulle maak hul mond groot oop teen my. Hulle het gesê: “Aha, aha, ons oog het dit gesien!”
22 U het dit gesien, o יהוה, moenie stilbly nie. יהוה, wees nie ver van my af nie!
23 Ontwaak en staan op vir my regverdige oordeel; sien my lyding, my God en my Meester, יהוה.
24 Oordeel oor my volgens U regverdigheid, יהוה, my God en laat hulle hul nie oor my verheug nie!

25 Laat hulle nie in hul verstand, wil en emosie sê: “Ons het van hom ontslae geraak en hom begrawe,” nie.
26 Laat hulle wat my boosheid toewens beskaamd staan en in verwarring gebring word; laat hulle wat hulself bo my oplig, met skande en oneer beklee word!
27 Laat hulle wat bly is oor my oorwinning sing van vreugde en bly wees; ja, laat hulle voortdurend sê: “Groot is יהוה wat bly is oor die vrede van Sy dienskneg!”
28 My tong sal U regverdigheid heeldag lank verkondig en U loof en prys.

36 1 Vir die musiekleier; van Dawid, die kneg van יהוה.
2 Die wetsoortreder gee geboorte aan boosheid in sy verstand, wil en emosie. Daar is geen respekvolle vrees van God voor sy oë nie. [Rom 3:18]
3 Hy is onwillig om sy sonde vergewe te sien of om hulle te haat.
4 Die woorde van sy mond is boosheid en bedrog; hy is onwillig om goed te doen.
5 Hy beplan oortreding van die wet op sy bed; hy loop op ’n pad wat nie goed is nie en verag nie die boosheid nie.
6 O יהוה, U goedheid strek tot in die hemele, U getrouheid tot in die ruimte.
7 U onpartydige opregtheid is soos die berge van God; U oordele is soos ’n groot diepte. יהוה, U bewaar mens en dier!
8 Hoe kosbaar is U liefdevolle goedheid, o God; daarom skuil die mensekinders onder die skaduwee van U vlerke.
9 Hulle floreer in die oorvloed van U huis en U sal hulle laat drink van die aangename waters uit U fontein,
10 want by U is die fontein van lewe; [Open 21:6] in U Lig sien ons lig.
11 Laat U liefdevolle goedheid voortduur vir dié wat U ken en U onpartydige opregtheid vir die opregtes van verstand, wil en emosie.
12 Laat die voet van die trotse nie teen my kom nie en laat die hand van die wetsoortreder my nie verdryf nie.
13 Daar het die werkers van boosheid geval; hulle is neergegooi en kan nie weer opstaan nie.

37 1 Van Dawid.
Moenie jaloers wees op die wetsoortreders of afgunstig wees op die werkers van onregverdigheid nie,
2 want soos gras sal hulle gou verwelk en soos groen kruie sal hulle wegkwyn.
3 Vertrou op יהוה en doen goed; bly in die land en soek na getrouheid.
4 Vertrou in יהוה, dan sal Hy jou innerlike begeertes aan jou gee. [Ya’a 1:6]
5 Vertrou jou pad aan יהוה toe en vertrou Hom en Hy sal dit uitvoer.
6 Hy sal jou onpartydige opregtheid laat uitkom soos die lig en jou regverdige oordeel soos die middag.
7 Rus in יהוה en wag geduldig op Hom; wees nie afgunstig op hom wat boosheid doen en voorspoedig is in sy lewe nie.
8 Hou op kwaad word en los die toorn; moenie jou opwerk, wat lei tot boosheid, nie,

9 want die boosdoeners sal afgesny word, maar dié wat op יהוה vertrou, hulle sal die aarde erf.
10 Nog ’n klein rukkie en die wetsoortreder sal daar nie meer wees nie; ja, jy sal soek na sy plek en hom nie vind nie.
11 Die nederige sal egter die aarde erf [Mat 5:5] en hulle verheug in die oorvloed van vrede.
12 Die wetsoortreder beplan teen die regverdige en kners met sy tande teen hom.
13 יהוה lag vir hom, want Hy sien dat sy dag kom.
14 Die wetsoortreders trek hulle swaard en buig hulle boë om die geteisterdes en behoeftige te laat val, om dié neer te slaan wat opreg lewe.
15 Hulle swaard sal in hul eie hart ingaan en hulle boë sal verbreek word.
16 Die klein bietjie wat die regverdige man het, is beter as die oorvloed van baie wetsoortreders,
17 want die arms van die wetsoortreder sal gebreek word, maar יהוה ondersteun die regverdiges.
18 יהוה ken die dae van die opregtes en hulle erfenis sal vir ewig bly.
19 Hulle sal nie beskaamd staan in die tyd van boosheid nie en in dae van hongersnood sal hulle versadig word,
20 maar die wetsoortreder sal omkom en die vyande van יהוה soos die prag van die weivelde wat verdwyn; hulle verdwyn soos rook.
21 Die wetsoortreder leen en gee nie terug nie, maar die regverdige wys guns en gee,
22 want die wat deur Hom geseën word, sal die aarde erf, maar die wat deur Hom vervloek word, sal vernietig word.
23 Die treë van ’n goeie man word deur יהוה bevestig en Hy is verheug oor sy lewe.
24 Alhoewel hy val, sal hy nie seerkry nie, want יהוה hou hom op met Sy hand.
25 Ek was jonk en nou het ek oud geword, maar ek het nooit die regverdige verlate gesien, of sy nageslag gesien bedel vir brood nie.
26 Die hele dag lank gee hy om en leen uit en sy nageslag is ’n seën.
27 Bly weg van wat boos is en doen goed en jy sal vir ewig rus,
28 want יהוה het die regverdige oordeel lief en sal sy afgesonderdes nie verlaat nie; vir ewig word hulle bewaar, maar die nageslag van die wetteloses word vernietig.
29 Die regverdiges sal die aarde besit en vir ewig daarop bly.
30 Die mond van die regverdige uiter wysheid en sy tong praat van regverdige oordeel.
31 Die wet van sy God is in sy verstand, wil en emosie; [Ps 40:9] sy voete sal nie gly nie.
32 Die wetsoortreders lê en wag op die regverdige en soek om hom dood te maak.
33 יהוה sal hom nie in hulle hande laat bly nie en hom nie laat veroordeel word wanneer hy deur hulle geoordeel word nie.
34 Wees afwagtend op יהוה en hou Sy lewenswyse en Hy sal jou oplig om die aarde te erf; wanneer die wetsoortreder afgesny word, sal jy dit sien.
35 Ek het die wetsoortreder gesien groot praat terwyl hy homself uitsprei soos ’n taai boom in die woud.
36 Tog, toe ek verbygaan, let op, was hy nie daar nie; ek het hom gesoek, maar hy kon nie gekry word nie.

37 Lig die volmaakte hoog en kies die opregte, want daar is ’n goeie toekoms vir die man van vrede,
38 maar die sondaars sal saam vernietig word; die toekoms van die wetsoortreders is vernietiging,
39 maar die Verlosser van die regverdiges is יהוה, Hy sal hulle help in tyd van moeilikheid.
40 יהוה help hulle en bevry hulle; Hy bevry hulle van die wetsoortreders en red hulle, want hulle vertrou op Hom.

## 38

1 ’n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek, as ’n herdenking.
2 O יהוה, bestraf my nie in U toorn en kasty my nie in U vurige woede nie,
3 want U pyle het in my ingedring en U hand het swaar op my gedruk.
4 Daar is geen heel plek in my vlees vanweë U toorn nie; daar is geen rus in my gebeente vanweë my sonde nie,
5 want my oortredinge van die wet het oor my kop gegaan; soos ’n swaar las het hulle vir my te swaar geword.
6 My wonde stink en sig vanweë my dwaasheid.
7 Ek is krom gebuig en baie gepla; ek loop die hele dag en treur,
8 want my lendene is vol ontsteking en daar is niks gesond in my vlees nie.
9 Ek is verswak en ellendig; ek kreun van die wanhoop in my binneste.
10 יהוה, al my begeertes is voor U en my gekreun is nie vir U verborge nie.
11 My hart klop vinnig, my krag het my verlaat; die lig van my oë, ook dit is weg van my af.
12 My vriende en dié wat my lief het staan opsy vanweë my smart en my familie staan ver weg.
13 Die wat my lewe soek, span strikke en die wat boosheid beplan, praat van vernietiging en hulle beplan die hele dag lank bedrog,
14 maar ek, soos ’n dowe hoor ek nie en soos ’n stomme maak ek nie my mond oop nie.
15 Ja, ek is soos ’n man wat nie hoor nie en in wie se mond geen argument is nie,
16 want op U, יהוה, is my versekerde verwagting; U sal my antwoord, יהוה my God!
17 Ek het gesê: “Laat hulle nie bly wees oor my nie! Hulle wat met my spot wanneer my voet struikel,”
18 want ek is gereed om te val en my smart is voortdurend voor my.
19 Ek sal my wetsoortredinge tot U bely, ek sal my reinig van my sonde,
20 maar my vyande is lewenslustig en sterk en daar is baie wat my verkeerdelik haat.
21 Dié wat kwaad vir goed vergeld, staan my teë omdat ek die goeie najaag.
22 Verlaat my nie, o יהוה! My God, wees nie ver van my af nie!
23 Maak gou om my te help, יהוה, my Redder!

39 1 Vir die musiekleier; aan Y’dutun: ’n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
2 Ek het gesê: “Ek wil oplet na my lewenswyse dat ek nie sondig met my tong nie; ek sal die woorde van my mond in toom hou solank die bose in my teenwoordigheid is.” Ya’a 1:26
3 Ek was stom en stil, ek het my selfs van die goeie weerhou, maar my smart het erger geword.
4 My hart was warm binne-in my en my liggaam was aan die brand; toe het ek met my tong gepraat:
5 “יהוה, wys my my einde en die lengte van my dae; laat my weet hoe verganklik ek is.
6 Let op, U het ’n beperking op my dae geplaas en my ouderdom is soos niks voor U nie; ja, elke mens staan voor U as net ’n asemteug!
7 Waarlik, elke mens loop rond soos ’n skynbeeld; hy verdwyn soos ’n asem; hy begrawe skatte en weet nie wie dit bymekaar sal maak nie.
8 Van nou af, wat is my versekerde verwagting, behalwe in U, o יהוה?
9 Bevry U my van al my wetsoortredinge; maak my nie ’n bespotting van die onregverdige nie.
10 Ek is stom, ek sal my mond nie oopmaak nie, want U het dit gedoen.
11 Neem U katshoue van my af weg; ek is neergeslaan deur die houe van U hand.
12 Ek word verteer deur bestraffing as gevolg van my sonde; U dissiplineer ’n man en verwyder sy begeertes soos stoppels; Heb 12:6 waarlik, elke mens is soos ’n asemteug!
13 Hoor my gebed, o יהוה, luister na my uitroep; moenie stilbly by my trane nie, want ek is ’n besoeker by U en ’n vreemdeling soos al my vaders was.
14 Bevry my sodat ek in vrede kan rus voordat ek heengaan en nie meer is nie.”

40 1 Vir die musiekleier: ’n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
2 Ek het geduldig op יהוה gewag en Hy het Hom na my toe gedraai en my smeekgebed gehoor.
3 Hy het my uit die verskriklike put opgetrek, uit die slik van vernietiging en my voete op ’n rots gesit en my rigting bepaal.
4 Hy het ’n nuwe lied in my mond gegee, ’n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op יהוה vertrou.
5 Geseënd is die man wie se vertroue in יהוה is en hom nie draai na trotsheid en leuengesprekke nie. Ps 1:1,2
6 Baie wonderwerkende dade het U vir ons gedoen, יהוה, my God en vir ons omgegee; ek het verklaar dat daar te veel is om te tel. Daar is niemand soos U nie.
7 U het nie offers of spysoffers begeer nie; wat my betref, ek het nou begrip; brandoffer en sondoffer het U nie vereis nie. Ps 51:18-21; 1 Sh’m 15:22; Hos 6:6; Mat 9:13; Mat 12:7
8 Toe het ek gesê: “Let op, ek kom; in die deel van die boekrolle is dit van my geskryf.

9 O my God, ek verheug my daarin om U wil te doen; [Heb 10:7] U wet is binne-in my verstand, wil en emosie.” [Yes 51:7; Ps 37:31]
10 Ek het U onpartydige opregtheid in die groot vergadering verkondig; let op, ek het nie my lippe bedwing nie, יהוה, U weet dit.
11 U onpartydige opregtheid het ek nie in my verstand weggesteek nie; ek het U betroubaarheid en U verlossing verkondig; ek het nie U liefdevolle goedheid en U waarheid vir die groot vergadering weggesteek nie.
12 Weerhou nie U liefdevolle omgee van my nie, o יהוה; laat U liefdevolle goedheid en waarheid my voortdurend bewaar,
13 want ontelbare booshede het my omring; my wetsoortredinge het my ingehaal sodat ek nie kan opkyk nie; hulle is meer as die hare op my kop en my hart faal in my.
14 יהוה, wees bly om my te red; o יהוה, gaan voort om my te help!
15 Laat hulle wat my lewe soek, om dit te vernietig, beskaamd staan en verneder word; laat hulle wat boosheid oor my begeer teruggedryf word en tot skande kom.
16 Laat hulle wat vir my sê: “Ha, ha!” omvergewerp word vir hulle verwerplike optrede!
17 Laat almal wat U soek, hulle verheug en in U vrolik wees; laat dié wat U verlossing lief het altyd deur sê: “Groot is יהוה!”
18 Ek is egter geteister en behoeftig; o יהוה hulle het teen my saamgesweer; U is my Hulp en my Redder; my God, moenie uitstel nie!

## 41
1 Vir die musiekleier: ’n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
2 Geseënd is hy wat vir die armes sorg; יהוה sal hom bevry in die dag van moeilikheid.
3 יהוה sal hom bewaar en hom aan die lewe hou en Hy sal hom seën op die aarde. Hy sal hom nie oorgee in die hand van sy vyande nie.
4 יהוה sal hom versterk op sy siekbed; hy sal heeltemal herstel van sy siekte.
5 Ek het gesê: “יהוה, gee my onverdiende guns en genees my, want ek het teen U gesondig.”
6 My vyande praat boos teen my: “Wanneer sal hy sterf en sy naam vergaan?”
7 Wanneer hulle kom om my te sien, dan praat hulle valshede en hulle verstand, wil en emosie beplan booshede; hulle gaan uit in die straat en skinder van my.
8 Almal wat my haat fluister saam oor my; hulle beplan boosheid teen my.
9 Hulle dink onregverdige beskuldigings teen my uit en sê: “Noudat hy siek in sy bed lê, sal hy nie weer opstaan nie.”
10 Selfs die man wat my besoek, in wie ek vertrou het, wat my brood eet, het sy hakskeen teen my opgelig, [Yog 13:18]
11 maar U, o יהוה, gee my onverdiende guns en genees my sodat ek hulle mag terugbetaal!
12 Hieraan weet ek dat U tevrede is met my: dat my vyande nie oor my juig nie.
13 U hou my in my integriteit omhoog en sit my in U Teenwoordigheid vir ewig.
14 Geseënd is יהוה, die God van Yisra’el, vanaf ewigheid tot in ewigheid! Dit is ’n ewige waarheid. [Luk 1:68]

42 1 Vir die musiekleier: 'n onderrigewende gedig van die seuns van Korag.
2 Soos 'n takbok smag na waterstrome, so smag my lewe na U, o God! [Yo'el 1:20]
3 My lewe dors na U, o lewende God; wanneer sal ek in U Teenwoordigheid kom?
4 My trane is my kos dag en nag terwyl hulle aanhoudend vir my sê: "Waar is jou God?"
5 Wanneer ek hierdie dinge onthou, is my lewe ontsteld in my; daarom sal ek die magtige vesting ingaan, die huis van God, met 'n stem vol blydskap en verering, met uitgestrekte hande; saam met almal wat die fees hou!
6 Waarom is jy bemoeid, o my lewe en waarom is jy verwilderd? Behou versekerde verwagting in God, want ek sal Hom steeds loof en dank met uitgestrekte hande, my God en die Redder van my eer!
7 O, my God, my lewe is benoud in my; daarom sal ek U onthou vanuit die land van die Yarden, vanaf die berg Hermon en vanaf die heuwel Mitzar.
8 Die diepe waters roep na die diepe waters by die gedruis van U watervalle; al U golwe en U branders het oor my gegaan.
9 Tog sal יהוה Sy liefdevolle goedheid in die dag beveel en in die nag sal Sy lied by my wees, 'n gebed tot die Lewende God.
10 Ek sal vir God sê: "My Rots, waarom het U my vergeet? Waarom gaan ek in rou deur my vyande se onderdrukking?
11 Wanneer my gebeentes gebreek word, spot my teëstanders met my terwyl hulle elke dag vir my sê: "Waar is jou God?"
12 Waarom is jy omgekrap, o my lewe en hoekom is jy verwilderd? Behou versekerde verwagting in God, want ek sal Hom steeds loof en dank met uitgestrekte hande, my God en die Redder van my eer!

43 1 Oordeel my, o God en verdedig my regsaak teen 'n volk sonder genade; bevry my van die man van bedrog en onreg,
2 want U is die God van my krag; waarom het U my verwerp? Waarom moet ek rou deur my vyand se onderdrukking?
3 Stuur U Lig en U Waarheid; hulle sal my lei; hulle sal my bring na U afgesonderde berg en na U blyplek,
4 dan sal ek voor die altaar van God gaan, na die God van my oorweldigende blydskap en U loof met die harp, o God, my Magtige God!
5 Waarom is jy omgekrap, o my lewe en waarom is jy treurig in my? Behou versekerde verwagting in God, want ek sal Hom steeds loof en dank met uitgestrekte hande, my God en die Redder van my eer!

44 1 Vir die musiekleier: 'n onderriggewende gedig van die seuns van Korag.
2 O God, ons het met ons ore gehoor, ons vaders het ons vertel watter dade U gedoen het in hulle dae, in die ou dae.
3 Hoe U die nasies met U eie hand vernietig het en U volk gevestig het; U het die koninkryke geteister en U volk versterk,

4 want hulle het nie die land deur hul swaard geërf nie en hul arm het hulle ook nie gered nie, maar U regterhand, U arm en die Lig van U Teenwoordigheid omdat U tevrede was met hulle.
5 U self is my Koning, o God, want U beveel die oorwinnings vir Ya’akov.
6 Deur U sal ons ons teëstanders deurboor; deur U Karakter en Outoriteit (Naam) sal ons hulle wat ons haat, vertrap,
7 want ons vertrou nie op ons boë nie en nie in ons pantser om ons te beskerm nie,
8 maar U het ons verlos van dié wat ons haat.
9 Ons loof, eer en aanbid U die hele dag lank, o God en ons loof en dank U Naam (Karakter en Outoriteit) met uitgestrekte hande vir ewig.
10 Nou het U ons egter verstoot en tot skande gemaak en U trek nie saam uit met ons leërs nie,
11 maar U laat ons terugdraai van die teëstander en ons vyande plunder ons.
12 U verkoop ons soos slagskape en U het ons onder die nasies verstrooi.
13 U verkoop U volk goedkoop en het geen wins uit hulle verkope nie.
14 U maak ons ’n bespotting vir ons bure, ’n spot en veragting vir die wat rondom ons is.
15 U maak ons ’n spreekwoord onder die nasies, ’n skud van die kop onder die volke.
16 My skande is die hele dag voor my en my vernedering oorweldig my
17 weens die stem van die een wat beskuldig en kwaadpraat, weens die vyand wat wraak neem.
18 Dit alles het oor ons gekom, tog het ons U nie vergeet en nie vals opgetree teen U verbond nie.
19 Ons het nie teruggedraai nie en ons voete nie van U pad weggedraai nie,
20 want U het ons ’n tweede keer in die land nederig gemaak en ons met die skaduwee van die dood bedek.
21 Tog het ons nie die Naam (Karakter en Outoriteit) van ons God vergeet, of ons hande na vreemde gode uitgesteek nie;
22 God sal dit raaksien, want Hy ken die geheime van die verstand, wil en emosie.
23 Ja, om U ontwil word ons elke dag gedood; ons word gereken as slagskape. Rom 8:36
24 Ontwaak en moenie slaap nie, o יהוה, onthou ons en verlaat ons nie!
25 Moenie U gesig van ons af wegdraai nie en vergeet nie ons vernedering en ons onderdrukking nie,
26 want ons lewe is tot in die stof verneder en ons liggaam raak aan die aarde.
27 Staan op om ons te help en koop ons vry ter wille van U liefdevolle goedheid!

45 1 Vir die musiekleier; volgens: “Lelies (Shoshannim):” ’n onderriggewende gedig van die seuns van Korag; ’n lied van liefde.
2 My binneste borrel oor van goeie nuus en ek vertel my dade aan die koning; my tong is die pen van ’n vaardige skrywer.
3 U is mooier as die seuns van die mens; onverdiende guns is uitgestort oor u lippe; daarom het God u geseën vir ewig.

4 Gord u swaard aan u heup, o magtige krygsman, met u lof, eer en waarde en u majesteit;
5 U majesteit is triomferend! Ry op die boodskap van waarheid, nederigheid en onpartydige opregtheid; U leringe word bevestig deur respekvolle vrees vir U regterhand!
6 U pyle is skerp, laat hulle die hart van die koning se vyande deurboor en laat die volke onder u val.
7 U troon, o God, is vir ewig en ewig; die septer van U Koninkryk is ’n septer van regverdigheid.
8 U het onpartydige opregtheid lief en haat wetsoortredings; daarom het God, u God, u gesalf met olie van blydskap bo u metgeselle. [Heb 1:7-9]
9 Al u klere ruik na mirre, aalwyn en kassie, vanuit die ivoorpaleis waar snaar-instrumente u bly gemaak het.
10 Die koning se dogter staan in lof en eer; die koningin staan aan u regterhand in goud van Ofir.
11 Hoor, luister en doen, o dogter, oorweeg en draai jou oor; vergeet ook u volk en die huis van u vader;
12 Die koning sal u skoonheid sterk begeer, want hy is u meester, buig respekvol voor hom.
13 Die dogter van Tzor sal met ’n geskenk kom, selfs die rykes onder die mense sal u guns soek met geskenke.
14 Al die lof en eer van die koning se dogter kom van binne af; haar klere is versier met suiwer goud.
15 Sy sal na die koning gebring word met geborduurde geskenke en haar maagdelike metgeselle sal volg in haar prosessie.
16 Hulle sal gebring word met oorweldigende blydskap en vreugde en in die koning se paleis ingaan.
17 In die plek van u vaders sal u seuns wees; U sal hulle aanstel as prinse oor die hele aarde.
18 Ek sal dat U naam (Karakter en Outoriteit) onthou word in alle geslagte; daarom sal die mense U vir ewig en ewig loof en dank met uitgestrekte hande.

## 46
1 Vir die musiekleier: van die seuns van Korag, met sopraanstemme, ’n lied.
2 God is ons Skuilplek en Sterkte; ’n baie Teenwoordige Hulp in moeilikheid.
3 U was nog altyd by ons; daarom sal ons nie vrees as die aarde geskud word en die berge in die diepte van die see afgeskud word nie;
4 al raas sy waters en kook dit op, al skud die berge deur die krag daarvan!
5 Daar is ’n rivier waarvan die strome die stad van God sal opvrolik, die afgesonderde blyplekke van die Allerhoogste. [Yeg 47; Z’kh 14:8]
6 God is in haar midde, sy sal nie beweeg word nie; God sal haar help in die vroeë oggend.
7 Die nasies het hulle tande gekners, koninkryke het gebewe; Hy het Sy stem verhef en die aarde het geskud.

8 יהוה-Tzva’ot is by ons; die God van Ya’akov is ons Skuilplek.
9 Kom, let op die dade van יהוה, want Hy doen wonderwerke op die aarde.
10 Hy laat die oorloë tot by die einde van die aarde ophou, breek die boog en slaan die spies stukkend, verbrand die strydwaens met vuur.
11 Draai terug en weet dat Ek God is; Ek is verhoog bo die nasies en Ek is verhoog op die aarde.
12 יהוה-Tzva’ot is by ons; die God van Ya’akov is ons Skuilplek.

47 1 Vir die musiekleier: ’n gedig van die seuns van Korag, met instrumentale musiek.
2 Al die volke, klap julle hande! Skreeu dit uit tot God met ’n klank van triomferende vreugde,
3 want יהוה-Elyon (die Allerhoogste Magtige God) word respekvol gevrees! Hy is ’n groot Koning oor die hele aarde.
4 Hy onderwerp volke onder ons en nasies onder ons voete.
5 Hy het ons gekies vir die erfenis en vir die eer en lof van Ya’akov, wat Hy lief het.
6 God het opgegaan met ’n uitroep van vreugde, יהוה met die klank van die ramshoring.
7 Sing en maak musiek tot God! Sing en maak musiek! Sing en maak musiek tot ons Koning, sing en maak musiek,
8 want God is die Koning van die hele aarde! Sing en maak musiek met insig.
9 יהוה regeer oor die ander nasies; יהוה sit op Sy afgesonderde troon.
10 Die prinse van die volke het teruggedraai na die God van Avraham, want die heersende outoriteit oor die aarde behoort aan יהוה en Hy word hoog opgelig!

48 1 ’n Lied: ’n gedig van die seuns van Korag, met instrumentale musiek.
2 יהוה is groot en waardig tot baie suiwer lof in die stad van ons God en op Sy afgesonderde opgeligte berg!
3 Pragtig opgelig, die vreugde van die hele aarde, is die berg Tziyon, aan die noordekant, die stad van die groot Koning! Mat 5:35
4 God is bekend in haar vesting,
5 want let op, die konings vergader en gaan saam verby.
6 Hulle het dit gesien, hulle is ontsteld, verskrik en het haastig weggevlug.
7 Vrees het hulle beetgepak, pyn soos van ’n vrou wat geboorte gee.
8 Met ’n gewelddadige storm verbreek U die skepe van Tarshish.
9 Soos ons gehoor het, so het ons gesien in die stad van יהוה-Tzva’ot, die stad van ons God. God sal dit bevestig tot in ewigheid.
10 Ons het U liefdevolle goedheid in U tempel oordink, o God.
11 Soos U Karakter en Outoriteit (Naam) is, o God, so is U lofprysing tot aan die eindes van die aarde. U regterhand is vol onpartydige opregtheid.
12 Laat die berg Tziyon hom verheug, laat die dogters van Y’hudah bly wees oor U regverdige oordele.
13 Loop om Tziyon en gaan rondom, tel sy torings.

14 Let goed op na sy sterkte, die diepte van sy mure sodat julle dit aan ’n volgende geslag kan vertel,
15 want hierdie God is ons God, vir ewig en ewig. Hy sal ons lei tot die dood toe.

49 1 Vir die musiekleier: ’n gedig van die seuns van Korag, met instrumentale musiek.
2 Hoor, luister en doen dit, alle volke. Gee aandag, alle bewoners van die wêreld,
3 seuns van die aarde en seuns van die mens, ryk en arm dieselfde!
4 My mond sal praat van wysheid en die meditasie van my verstand, wil en emosie sal insig wees.
5 Ek sal my oor draai na vergelykende stories. Ek sal my spreuke met die harp openbaar.
6 Ek sal nie vrees in die dae van boosheid, as die morele oortredings van my vyande my omring nie,
7 hulle wat vertrou op hulle eie krag en hulle beroem op die grootheid van hulle rykdom.
8 Sy broer kan ’n man nie loskoop nie en ook kan ’n man nie aan God ’n losprys gee vir homself nie,
9 want die loskoop van hulle lewe is te kosbaar en hou vir ewig
10 sodat hy ewig sou lewe en die vernietiging nie sou sien nie,
11 maar hy sien wyse manne sterf, die dwaas en die onverstandige kom tesame om en laat hulle rykdom aan ander na.
12 Die graf sal hul enigste blyplek wees, hul wonings van geslag tot geslag. Op aarde sal hulle gemerkte grafte die enigste herinnering aan hulle wees.
13 Die mens word nie in stand gehou deur sy eer nie. Sy einde sal wees soos die diere en hy sal vergaan.
14 Hulle lewenswyse is hulle en dié wat na hulle toe kom, wat hulle woorde goedkeur, se dwaasheid. [Rom 1:32]
15 Soos skape is hulle bestem vir die graf; die dood is hulle herder en die opregtes sal heers oor hulle in die oggend; die graf sal hulle skoonheid verteer en hulle sal geen plek van eer en lof hê nie,
16 maar God sal my lewe loskoop, my oplig vanuit die mag van die graf.
17 Moenie bang wees as iemand ryk gemaak word en die eer en lof van sy huis vergroot word nie,
18 want by sy dood sal hy niks wegdra nie; ook sal sy lof en eer nie agter hom aan afgaan nie, [1 Tim 6:7]
19 want terwyl hy gelewe het, het hy gemaklik gelewe en jou geprys wanneer jy goed gedoen het.
20 Sy einde sal wees soos die van sy vaders voor hom; hulle sal nooit die Lig sien nie.
21 Die mens van aansien wat nie begrip het nie, is soos die diere wat vergaan.

50 1 'n Gedig van Asaf, met instrumentale musiek.
Die Magtige God van die gode, יהוה, het gepraat en die aarde geroep, van die opkoms van die son af totdat hy ondergaan.
2 Vanuit Tziyon, die volmaaktheid van skoonheid, het God geskyn.
3 Ons God sal kom en sal nie stilbly nie. Vuur sal voor Hom uit verteer en die vuur sal hewig rondom Hom brand. [2 Kef 3:10,12]
4 Hy sal roep na die hemel daarbo en na die aarde, om Sy volk te oordeel:
5 kom by Hom bymekaar, getroues, hulle wat 'n verbond met Hom gesluit het deur 'n offer [Heb 9:28; 10:29]
6 en die hemele sal Sy onpartydige opregtheid verkondig, want God self is die Regter!
7 "Luister en hoor, My volk en Ek sal met julle praat; Yisra'el, Ek sal teenoor jou getuig: Ek is God, jou God!
8 Ek bestraf jou nie oor jou offers en jou brandoffers nie; hulle is altyd voor My.
9 Ek sal geen jong bul uit jou huis of bokram uit jou krale vat nie,
10 want al die wilde diere van die woud is Myne, asook die beeste op 'n duisend heuwels.
11 Ek ken al die voëls van die lug en dit wat roer op die veld, is Myne.
12 As Ek honger het, sal Ek jou nie vertel nie, want die wêreld is Myne en alles wat daarin is.
13 Ek eet nie die vleis van bulle en drink nie die bloed van bokramme nie.
14 Offer aan God die offer van danksegging en vervul jou geloftes aan die Allerhoogste.
15 Roep uit na My in die dag van moeilikheid. Ek sal jou versterk en jy sal My loof, eer en aanbid."
16 Aan die wetsoortreders sê God egter: "Hoe het jy die boekrolle van My wet gevolg? Jy het My verbond ligtelik gevolg
17 omdat jy My dissipline haat en My boodskappe agter jou gooi?
18 As jy 'n dief sien, het jy by hom ingeval en jy is 'n deelgenoot aan egbrekers.
19 Jy het jou mond vir boosheid gegee en jou tong praat bedrog.
20 Jy sit en praat teen jou broer, jy beskinder die seun van jou eie moeder.
21 Al hierdie dinge het jy gedoen en Ek het stilgebly. Jy dink Ek is net soos jy! Ek gaan jou straf en die sondes voor jou oë regmaak.
22 Nou moet julle wat God vergeet dít verstaan sodat jy nie vergruis word sonder iemand wat bevry nie:
23 wie ook al 'n dankoffer bring, loof en eer My en aan hom sal Ek die pad van verlossing van God wys." [Rom 1:25]

51 1 Vir die musiekleier: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek,
2 toe die profeet Natan na hom toe gekom het nadat hy by Bat-Sh'va ingegaan het.
3 Bewys onverdiende guns aan my, o God, volgens U liefdevolle goedheid.
Vee my rebellie uit, na die oorvloedigheid van U liefdevolle omgee.
4 Was my deeglik van my morele boosheid en reinig my van my sonde,

5 want ek erken my rebellie en my sonde is altyd voor my.
6 Teen U en U alleen het ek gesondig en gedoen wat boos is in U oë, want U sal regverdig wees wanneer U praat, onskuldig in U oordeel. [Rom 3:4]
7 Let op, in morele boosheid is ek gevorm en in sonde het my moeder geboorte gegee aan my.
8 Let op, U vereis waarheid in die binneste en die geheime van U wysheid het U aan my bekend gemaak.
9 Reinig my met hisop en ek sal rein wees. Was my en ek sal witter wees as sneeu.
10 Laat my oorvloedige vreugde en blydskap ervaar dat my gebroke gees kan omswaai in blydskap.
11 Draai U gesig weg van my sondes en vee al my morele boosheid uit.
12 Skep in my ’n rein verstand, wil en emosie, o God en hernu ’n standvastige gees in my.
13 Gooi my nie weg uit U Teenwoordigheid nie en neem nie U Gees wat afgesonderd is weg van my af nie.
14 Herstel weer in my die vreugde van U verlossing en ondersteun my met U wonderbaarlike Gees.
15 Ek sal vir die wetteloses U lewenswyses leer en sondaars sal omdraai na U toe.
16 Bevry my van bloedvergieting, o God, U, die God van my verlossing en my tong sal hardop sing van U onpartydige opregtheid.
17 יהוה, maak U my lippe oop en my mond sal U lofprysing voortbring,
18 want U begeer nie offers nie, anders sou ek dit gee; U het geen behae in brandoffers nie. [Ps 40:7; 1 Sh’m 15:22; Hos 6:6; Mat 9:13; Mat 12:7]
19 Die offers van God is ’n gebroke gees; ’n gebroke en stukkende binneste sal U, o God, nie verag nie!
20 Doen goed aan Tziyon deur U onverdiende guns. Bou die mure van Yerushalayim op,
21 dan sal U tevrede wees met die offers van onpartydige opregtheid, met brandoffers en volledige brandoffers; dan sal hulle geskenke offer op U altaar.

52 1 Vir die musiekleier: ’n onderriggewende gedig van Dawid,
2 toe Do’eg, die Edomiet, gekom en aan Sha’ul vertel en aan hom gesê het: “Dawid het na die huis van Agimelekh gegaan.”
3 Hoekom beroem jy jou in boosheid, o kragtige krygsman? Die goedheid van God hou aan en aan!
4 Jou tong beraam vernietiging soos ’n skerp skeermes, wat met misleiding werk!
5 Jy het boosheid meer lief as goedheid en leuens meer as om onpartydig opreg te praat.
6 Jy hou van almal wat boos praat en van alle bedrieglike tonge;
7 daarom sal God jou vir ewig afbreek, jou wegskeur uit jou blyplek en jou ontwortel uit die land van die lewendes,
8 dan sal die onpartydige opregtes dit sien en hulle verheug en in יהוה vertrou.
9 Hulle sal sê: “Let op, hierdie is die man wat nie in God vertrou het nie, maar vertrou het in die oorvloed van sy rykdom en geroem het in sy besittings!”

10 Ek is egter soos ’n groen olyfboom in die huis van God; ek vertrou vir ewig en ewig op die liefdevolle goedheid van God.
11 Vir ewig sal ek U loof en U dank met uitgestrekte hande, want U het dit gedoen en ek sal U Karakter en Outoriteit voor U goedgunstiges vir geslagte verkondig.

53 1 Vir die musiekleier op die wysie van: “Mahalath (siekte):” ’n onderriggewende gedig van Dawid.
2 Die dwaas sê in sy verstand, wil en emosie: “Daar is geen God nie!” Hulle is korrup en verwerplik in hulle boosheid; daar is niemand wat goed doen nie. [Ps 14:1]
3 God het vanuit die hemel gekyk na die seuns van die mens om te sien of daar enige iemand is wat verstaan en na God soek.
4 Elke een van hulle het afgedwaal, hulle het almal saam vuil geword; daar is nie een wat goed doen nie, nee, nie een nie. [Rom 3:12]
5 Hierdie mense herken nie meer boosheid nie, hulle het My volk soos brood verteer; hulle het geen respekvolle vrees vir God nie.
6 Dáár het hulle gevrees waar geen vrees was nie, want God het die beendere van die valse toneelspelers verstrooi; hulle is beskaamd gemaak, want God het hulle verag.
7 Wie sal vanuit Tziyon aan Yisra’el verlossing gee? Wanneer God Sy volk uit gevangenskap terugbring, sal Ya’akov in die rondte swaai van vreugde en Yisra’el sal verheug wees!

54 1 Vir die musiekleier met snaarinstrumente: ’n onderriggewende gedig van Dawid,
2 toe die Zifiete gekom en aan Sha’ul gevra het: “Het Dawid hom nie by ons weggesteek nie?”
3 O God, verlos my deur U Karakter en Outoriteit (Naam) en oordeel my regverdig deur U krag!
4 Hoor my gebed, o יהוה, luister na die woorde van my mond,
5 want vreemdelinge het teen my opgestaan en tiranne soek my lewe; hulle het God nie in ag geneem nie.
6 Let op, יהוה-God is my Helper. יהוה ondersteun my lewe.
7 Bring rampe oor my vyande. Maak hulle stil in U waarheid.
8 Ek sal vryelik aan U offer, ek sal U Naam (Karakter en Outoriteit) loof en prys met uitgestrekte hande, o יהוה, want dié is goed,
9 want U het my uit alle moeilikheid bevry en my oog het my vyande verslaan gesien.

55 1 Vir die musiekleier met snaarinstrumente: ’n onderriggewende gedig van Dawid.
2 Luister na my gebed, o God en verberg U nie vir my smeking nie.
3 Hoor my en antwoord my. Ek dwaal klaend rond en maak geraas,
4 weens die stem van my vyand, weens die onderdrukking van die oortreders van die wet, want hulle het boosheid teen my beplan en my gehaat.

5 My verstand, wil en emosie is gepynig in my en die angs van die dood het my oorval.
6 Vrees en bewing kom oor my en die skadu van die dood het my oorweldig
7 en ek het gesê: “Ag, as ek tog maar vlerke gehad het soos ’n duif, dan sou ek wegvlieg en wegbly!
8 Let op, dan sal ek ver weg vlieg en in die wildernis bly!
9 Ek sal haastig ontsnap van die winderige storm en die tornado.”
10 Vernietig hulle, o יהוה, verdeel hulle tong, want ek sien geweld en stryd in die stad.
11 Dag en nag gaan hulle rondom sy mure daarmee voort; met boosheid, moeite en kommer daar binne.
12 Boosheid is daar binne, onderdrukking en bedrog gaan nie uit sy strate uit weg nie,
13 want dit is nie ’n vyand wat my onteer nie, dan sou ek dit kon dra. Dit is ook nie hy wat my haat, wat homself oplig teenoor my nie, dan sou ek myself vir hom wegsteek,
14 maar dit was jy, ’n man soos ek, my volksgenoot en my vriend!
15 Ons het ’n maaltyd saam geëet in die huis van God en in harmonie saam geloop.
16 Bring die dood oor hulle, begrawe hulle lewendig in Sh’ol, want daar is boosheid in hulle midde.
17 Wat my betref, ek beroep my op God en יהוה sal my red.
18 In die aand, in die oggend en in die middag sal ek bid en hardop uitroep en Hy sal my stem hoor.
19 Koop my lewe los van die wat te slim was vir my, van die wat my voortdurend teëgestaan het.
20 God, die Ewige Een, sal hulle hoor en hulle verneder. Omdat hulle nie verander nie, het hulle nie respekvolle vrees vir God nie.
21 Hulle het hul hande uitgesteek teen hulle wat met hul vrede gehad het; hulle het Sy verbond verbreek.
22 Hulle was bang vir die woede op Sy gesig en die toorn in Sy verstand, wil en emosie; Sy woorde is sagter as olie, tog so skerp soos die punt van ’n spies.
23 Werp jou bekommernisse op יהוה en Hy sal vir jou sorg; [1 Kef 5:7] Hy sal nooit dat die regverdige behoefte het nie,
24 maar U, o God, sal manne van bloed en bedrog laat afgaan in die put van vernietiging; hulle sal nie hulle lewens uitleef nie, maar ék vertrou in U.

56 1 Vir die musiekleier op die wysie van “Die stil duif in veraf plekke:” ’n gedig van Dawid, toe die F’lishtyne hom gevang het in Gat.
2 Bewys aan my onverdiende guns, o God, want mense vertrap my; hy wat my beveg, onderdruk my die hele dag lank.
3 My vyande vertrap my daagliks, want baie vegters het teen my opgestaan.
4 Ek vrees nie deur die dag nie, want ek vertrou op U.
5 In God sal ek opgelig word; in God het ek vertrou, ek sal nie vrees wat die mens aan my kan doen nie.

6 Die hele dag lank sweer hulle saam teen my en hulle beplan boosheid teen my.
7 Hulle sal wegkruip en wag, my voetstappe dophou omdat hulle my dood begeer.
8 Hulle het gesê: “Hy het geen Verlosser nie.” Veroordeel hulle met die veroordeling van die nasies, o God!
9 O God, ek het my vertroue in U verklaar; teken U my trane op in U boek,
10 dan sal my vyande terugdraai en ek sal weet dat ek ’n God het.
11 In God sal ek Sy boodskap helder en duidelik prys; in יהוה sal ek Sy boodskap helder en duidelik prys.
12 In God het ek my vertroue geplaas, ek sal nie bang wees vir wat die mens aan my kan doen nie.
13 Ek sal my beloftes tot U nakom, o God; ek sal hulle tot U aanbied in dank met uitgestrekte hande,
14 want U het my lewe bevry van die dood en my voete van struikeling dat ek in die land van die lewendes aanvaarbaar mag lewe in U Teenwoordigheid, o God.

57 1 Vir die musiekleier op die wysie van “U moenie vernietig nie:” ’n gedig van Dawid, toe hy vir Sha’ul gevlug het in die grot.
2 Bewys aan my onverdiende guns, o God, bewys aan my onverdiende guns, want my lewe vertrou op U, ja, in die skaduwee van U vlerke sal ek my skuiling maak totdat hierdie katastrofes verbygegaan het.
3 Ek sal uitroep tot God, die Allerhoogste (Elyon), tot God my Verlosser,
4 want Hy het vanuit die hemel gestuur en my verlos; Hy het my vyande beskaam. God sal Sy goedheid en Sy waarheid uitstuur.
5 Hy het my lewe bevry van die wreedaardige terwyl ek in vrees geslaap het; van die seuns van die mens, wie se tande spiese en pyle is en hulle tonge skerp swaarde.
6 Wees U verhewe bo die hemele, o God, laat U Gemanifesteerde Teenwoordigheid bo die hele aarde wees!
7 Hulle het ’n net vir my voete voorberei; hulle het ’n put vir my lewe gegrawe, waarin hulle self geval het.
8 My binneste word voorberei, o God, my binneste is voorberei; ek wil sing en musiek maak in my lof, eer en waarde. [Ps 108:1-6]
9 Ontwaak, my harp, ontwaak, lier en harp! Ek self sal vroeg opstaan!
10 Ek wil U loof en dank met uitgestrekte hande onder die volke, o יהוה, ek sal sing tot U Karakter en Outoriteit (Naam) onder die nasies,
11 want U goedheid is verhef tot by die hemele en U getrouheid tot by die wolke.
12 Wees U verhewe o God, bo die hemele, laat U lof, eer en waarde bo die hele aarde wees!

58 1 Vir die musiekleier op die wysie van “U moenie vernietig nie:” ’n gedig van Dawid.
2 Praat julle waarlik onpartydige opregtheid, o gemeente? Oordeel julle regverdig, o seuns van die mens?

3 Let op, julle praat almal boosheid op die aarde en julle hande is bevuil met onregverdigheid.
4 Die moreel bose persoon is bekend van die baarmoeder af; hulle dwaal af en praat leuens sodra hulle gebore word.
5 Hulle gif is soos die gif van 'n slang; soos die dowe adder wat sy oor toestop
6 en nie luister na die stem van die besweerders, of na die ervare towerspreker, of die wyse nie.
7 O God, breek hulle tande in hulle monde; trek die slagtande van die jong leeus uit, o יהוה!
8 Laat hulle verwerp word soos water wat vuil is; laat God Sy pyle skiet totdat die bose vernietig is.
9 Soos die was wat smelt en voor die vuur drup, laat hulle vernietig wees; vuur het vanaf die hemel geval en hulle het dit nie gesien nie; die Lig van waarheid is gegee en hulle het nie verstaan nie. [Yog 1:4-10]
10 Laat hulle dorings vermeerder en vrees vir wraak hulle met geweld skud.
11 Die onpartydige en opregte sal hom verheug wanneer hy die wraak sien; hy sal sy hande was in die bloed van die bose
12 sodat die mense sal sê: "Verseker is daar vrug vir die onpartydige en opregte; verseker is daar 'n God wat op die aarde oordeel!

59 1 Vir die musiekleier op die wysie van "U moenie vernietig nie:" 'n gedig van Dawid, toe Sha'ul gestuur het om die huis dop te hou en hom dood te maak.
2 Bevry my van my vyande, o my God! Verdedig my teen hulle wat teen my opstaan!
3 Bevry my van die werkers van boosheid en verlos my van bloeddorstige manne,
4 want let op, hulle lê en wag vir my lewe; hulle het boosheid teen my vermenigvuldig, nie omdat ek gesondig of oortree het nie, o יהוה!
5 Hulle hardloop en berei hulle voor teen my sonder om te oorweeg of ek fouteer het!
6 Ontwaak om my te help en let op, יהוה-God van die leërmagte, die God van Yisra'el, ontwaak om al die nasies te besoek en spaar geen doener van boosheid nie!
7 Hulle kom terug teen die aand; hulle maak geluide soos honde en dwaal rond deur die stad.
8 Let op, hulle smaal met hul monde; swaarde is op hulle lippe, want 'wie,' sê hulle, 'gee om?'
9 U, o יהוה, sal egter vir hulle lag; U sal spot met al die nasies.
10 Tot U sal ek lofprysing gee, o God, want U is my Verdediging.
11 O God, U liefdevolle goedheid het voor my uitgegaan; God het my laat lewe om wraak op my vyande te sien.
12 Spaar hulle as 'n lewende voorbeeld sodat my volk dit nie vergeet nie, maar verstrooi hulle deur U krag en werp hulle neer, o יהוה, my Versekerde Verwagting,
13 vir die sonde van hulle mond en die woorde van hulle lippe, laat hulle selfs gevang word in hul trots, want dit is vloeke en leuens wat hulle praat.
14 Verteer hulle in U wraak, verteer hulle dat hulle nie meer sal wees nie sodat hulle kan weet dat God oor Ya'akov en oor die eindes van die aarde heers

15 en laat hulle terugkom teen die aand en laat hulle geluide maak soos honde en ronddwaal deur die stad.
16 Laat hulle honger wees en nie gevul word nie en ook nie 'n blyplek vind nie,
17 maar ék sal sing van U krag, ja ek sal hardop sing van U eer, lof en aanbidding in die oggend, want U was my Verdediging en my Toevlug in die dag van my moeilikheid.
18 Tot U, o God, sal ek sing en musiek maak, want U is die God van my toevlug en die God van my eer, lof en aanbidding.

60 1 Vir die musiekleier op die wysie van "Die Lelie van die Getuienis:" 'n onderriggewende gedig van Dawid,
2 toe hy oorlog gevoer het teen Aram-Naharayim (die Arameërs van Mesopotámië) en Aram-Tzovah (die Arameërs van Tzovah) en Yo'av teruggekom en twaalf duisend Edomiete verslaan het in die Soutvallei.
3 O God, U het ons verlaat, ons verstrooi; U was ontevrede met ons; o, draai Uself weer om na ons toe!
4 U het die aarde laat bewe, dit oopgekloof; genees sy breuke, want dit is verswak!
5 U het aan U volk harde dinge gewys; U het ons die afsaksels van die wyn laat drink.
6 U het 'n wonderwerk gegee aan hulle wat U respekvol vrees sodat hulle nie hoef te vlug vir die boog nie
7 sodat die een waarvoor U lief is voorbereid mag wees. Verlos deur U regterhand en antwoord my!
8 God het in Sy afgesonderdheid gepraat: 'Ek sal sterk wees en Sh'khem verdeel en die vallei van Sukkot afmeet.
9 Gil'ad is Myne en M'nasheh is Myne; Efrayim is die sterkte van My kop; Y'hudah is My koning;
10 Mo'av is My waskom; oor Edom sal Ek belasting eis; Ek sal triomfeer oor P'leshet!'
11 Wie sal my inlei in Edom? Wie sal my inbring in die versterkte stad?
12 Let op, o God, U het ons weggestamp en U het nie voor ons uitgetrek met ons leërs nie.
13 Gee vir ons krag teen ons vyande, want die hulp van die mens is leeg.
14 Deur God sal ons dapper dade doen, want dit is Hy wat ons vyande sal vertrap.

61 1 Vir die musiekleier: 'n gedig van Dawid met snaarinstrumente.
2 Luister en hoor my uitroep, o God, gee aandag aan my gebed!
3 Vanaf die einde van die aarde sal ek na U roep wanneer my verstand, wil en emosie oorweldig is, want U het my op 'n Rots opgelei en my getroos,
4 want U is 'n Toevlug vir my, 'n Sterk Toring teen my vyande.
5 Ek sal in U tent bly vir ewig, my skuilplek maak in die skaduwee van U vlerke,
6 want U, o God, het my beloftes gehoor; U het 'n erfenis gegee aan hulle wat U Naam (Karakter en Outoriteit) respekvol vrees.
7 U het dae by die koning se dae bygevoeg en sy jare soos baie geslagte gemaak.

8 Hy sal vir ewig voor die Teenwoordigheid van God gevestig word; onverdiende guns en regverdige oordeel sal hom bewaar.
9 Só sal ek sing en musiek maak tot U Naam (Karakter en Outoriteit) vir ewig, wanneer ek daagliks my beloftes nakom.

62 1 Vir die musiekleier op die wysie van “Y’dutun.” (Lofuitinge): ’n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
2 My lewe wag op God; vanaf Hom kom my verlossing.
3 Hy alleen is my God en my Verlossing; Hy is my groot Verdediging, ek sal nie beweeg word nie.
4 Hoe lank sal julle ’n man bedreig sodat julle hom kan doodmaak? Julle sal wees soos ’n verkrummelde muur en ’n inmekaarvallende heining.
5 Julle het gedink om hom van sy verhoogde posisie af te gooi; julle verheug julleself in leuens; julle seën met jul monde en vervloek in julle binneste.
6 My lewe wag net op God, want van Hom is my verlossing!
7 Hy alleen is my God en my Verlossing; Hy is my Verdediging, ek sal nie beweeg word nie.
8 In God is my verlossing, my lof en eer; God is my Krag, my Skuilplek en my Versekerde Verwagting.
9 Vertrou altyd op Hom, o volk, stort julle verstand, wil en emosie uit voor Sy Teenwoordigheid! God is ’n Skuilplek vir ons.
10 Sekerlik is alle ontroue mense soos wasem; wanneer hulle op die weegskaal geplaas word, word hulle te lig bevind. [Dan 5:27]
11 Vertrou nie op onderdrukking en bou geen leë verwagtings op rowery nie; as rykdom vermeerder, laat jou binneste daaroor bly wees!
12 God het dit een keer gesê, twee keer het ek dit gehoor: dat krag aan God behoort.
13 Aan U, o יהוה, behoort ook die liefdevolle goedheid, want U gee vir elkeen volgens sy werk. [Spr 24:12; Iyov 34:11; Mat 16:27; Rom 2:6-10]

63 1 ’n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek, toe hy in die wildernis van Y’hudah was.
2 O God, U is my God, op U wag ek; my lewe dors na U, my vlees smag na U soos in ’n dor en dorstige land, waar daar geen water is nie.
3 Soos ek U Afgesonderdheid gesien het, mag ek só U krag en U Gemanifesteerde Teenwoordigheid sien,
4 want U liefdevolle goedheid is beter as die lewe; my lippe sal U uitbundig prys.
5 Só sal ek neerkniel en U seën terwyl ek lewe, ek sal my hande oplig in U Karakter en Outoriteit (Naam).
6 My lewe sal verryk word soos met room en vettigheid en my mond sal uitroep met helder lof oor vreugdevolle lippe.
7 Ek onthou U op my bed en ek oordink U in die nagwake,
8 want U is my Helper; daarom sal ek lof, eer en waarde bring in die skaduwee van U vlerke.

9 My lewe volg moeilik agter U aan, U regterhand hou my op,
10 maar húlle wat my lewe soek om dit te vernietig, sal in die onderste dele van die aarde ingaan.
11 Hulle sal val deur die swaard; hulle sal die jakkalse se deel word,
12 maar die koning sal hom in God verheug; elkeen wat by Hom sweer, sal Hom loof en eer, maar die mond van hulle wat leuens praat sal gestop word.

64 1 Vir die musiekleier: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
2 Luister na en hoor my stem, o God, as ek tot U bid; bewaar my lewe van vrees vir my vyande.
3 Steek my weg vir die boosheid van die bose een, van die korrupsie van die werkers van boosheid,
4 wat hulle tong skerp maak soos 'n swaard, hulle woorde vergiftig met gif soos aan 'n pyl
5 dat hulle in die geheim op die onskuldige kan skiet; skielik skiet hulle op hom en vrees nie.
6 Hulle bemoedig hulself met bose woorde, hulle beplan om strikke weg te steek en hulle sê: "Wie sal ons sien?"
7 Hulle beplan boosheid, maar hulle word vernietig om sodoende die boosheid onder die mens te verteer vanuit die diepte van die verstand, wil en emosie,
8 maar God is groot; Hy sal na hulle skiet met 'n pyl;
9 so sal hulle tong stilgemaak word en almal wat hulle sien, sal bang wees.
10 Alle mense sal vrees en die werke van God verkondig, want hulle sal met wysheid Sy werke ondersoek.
11 Die onpartydige opregte sal bly wees in יהוה en in Hom vertrou en al die opregtes van verstand, wil en emosie sal Hom helder en duidelik loof.

65 1 Vir die musiekleier: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek; 'n lied.
2 Lofprysing kom U toe in Tziyon, o God en tot U sal die belofte voltooi word.
3 O, luister en hoor my gebed, alle vlees sal na U toe kom!
4 Die woorde van die bose het die oorhand oor my gekry; U reinig ons oortredinge.
5 Geseënd is die man waarmee U tevrede is, hy wat U na U toe laat naderkom dat hy in U howe kan bly en versadig kan wees met die goedheid van U huis, selfs van U Afgesonderde Tempel.
6 Antwoord ons vanaf die majesteit van U onpartydige opregtheid, o God van ons verlossing; wat die Veiligheid is van al die eindes van die aarde en van die mense wat ver is;
7 wat die berge vasstel deur Sy krag en magtig is in Sy krag;
8 wat die storms van die seë stilmaak, die gebruis van hulle golwe! Die volke sal omgekrap wees,
9 die bewoners van die aarde sal bewe voor U wonders, vanaf die oggend tot die aand.

10 U het die aarde besoek en dit water gegee; U het dit geseën met vrede en dit grootliks verryk met die rivier van God, wat vol water is. U het kos voorberei toe U dit gevestig het.
11 U het die omgeploegde grond daarvan natgemaak en om vrugte voort te bring het U sy groei besprinkel met reënbuie en dit geseën.
12 U kroon die jaar met U goedheid en die kalwers het ryk weiding.
13 Hulle sal gevul word met die weivelde van die wildernis en die heuwels sal omring wees met lof, eer en waarde.
14 Die weivelde sal oordek wees met vet wordende skape en die valleie sal geklee wees met koring; hulle sal uitroep van vreugde en sing.

66 1 Vir die musiekleier: 'n gedig met instrumentale musiek; 'n lied.
Roep uit tot eer van God, alle lande!
2 Sing en maak musiek tot eer van Sy Naam (Karakter en Outoriteit), lofprys die lof en eer van Sy Majesteit!
3 Sê vir God: "Hoe wonderlik is U werke!" Deur die grootheid van U krag sal U vyande hulle aan U onderwerp.
4 Die hele aarde sal neerval voor U en sing en musiek maak tot U eer; hulle sal U Naam (Karakter en Outoriteit) vir ewig hoog oplig.
5 Hulle sal sê: "Kom en sien die dade van God," want Sy wonderwerke is groot teenoor die seuns van die mens.
6 Hy het die see verander in droë land; hulle het te voet deur die rivier gegaan. Daar het ons ons verheug in Hom.
7 Hy heers vir ewig deur Sy krag; Sy oë sien die nasies raak. Laat die rebelses hulleself nie oplig nie.
8 Kniel voor God en seën Hom julle volke en laat die stem van Sy lofprysing gehoor word;
9 Hy wat ons in die lewe hou en nie toelaat dat ons voete wankel nie,
10 want U het ons getoets, o God, U het ons gesuiwer [Yir 9:6; Z'kh 13:9] soos 'n mens silwer suiwer.
11 U het ons in die net ingebring, 'n las op ons heupe gelê.
12 U het ons slawe gemaak, ons het deur vuur en deur water gegaan, maar eindelik het U ons uitgelei na 'n bevredigende plek.
13 Ek sal in U huis ingaan met brandoffers; ek sal my geloftes teenoor U nakom,
14 wat my lippe geuiter het en my mond gepraat het toe ek in die moeilikheid was.
15 Vetgemaakte brandoffers sal ek vir U bring saam met die reukoffer van ramme; ek sal beeste en bokke offer.
16 Kom, luister en hoor, al julle diensknegte van God en ek sal verklaar wat Hy vir my lewe gedoen het.
17 Ek het na Hom uitgeroep met my mond en Hy het my geantwoord; ek het Hom geloof met my tong.
18 As U boosheid in my verstand, wil en emosie sien, o יהוה, moet my nie red nie,
19 maar waarlik het God my gehoor; Hy het aandag gegee aan die stem van my gebed.

20 Geseënd is God wat my gebed nie verwerp het of Sy onverdiende guns van my af weggedraai het nie.

67 1 Vir die musiekleier: ’n gedig met instrumentale musiek, met snaarinstrumente; ’n lied.
2 Mag God aan ons onverdiende guns skenk en ons seën; Sy Teenwoordigheid oor ons laat skyn
3 sodat die mense op aarde U lewenswyse mag ken, U reddende genesing onder al die nasies.
4 Laat al die volke U met uitgestrekte hande loof, o God, laat al die volke U loof met uitgestrekte hande.
5 Laat die nasies bly wees en hardop sing, want U sal die volke regverdig oordeel en die nasies op aarde regeer.
6 Laat al die volke U met uitgestrekte hande loof, o God, laat al die volke U loof met uitgestrekte hande,
7 dan sal die aarde sy vermeerdering oplewer en God, ons God, sal ons seën.
8 God sal ons seën en al die eindes van die aarde sal Hom vrees.

68 1 Vir die musiekleier: ’n gedig van Dawid met instrumentale musiek; ’n lied.
2 Laat God opstaan; laat Sy vyande verstrooi word en laat hulle wat Hom haat voor Hom uit vlug!
3 Soos rook weggedryf word, laat hulle só verdwyn; soos was smelt voor die vuur, laat die bose sterf in die Teenwoordigheid van God,
4 maar laat die regverdiges bly wees, laat hulle sterk wees in die Teenwoordigheid van God, laat hulle hul verheug in Sy blydskap.
5 Sing tot God, sing en maak musiek tot Sy Karakter en Outoriteit (Naam); lig Hom hoog wat op die hemele ry; יהוה is Sy Naam; spring van vreugde in Sy Teenwoordigheid!
6 ’n Vader van die vaderloses en ’n Regter van die weduwees is God in Sy afgesonderde blyplek.
7 God plaas kinders wat heeltemal alleen is, in ’n huisgesin; Hy bevry die wat met kettings gebind is in oorwinning, maar die wat rebels is, bly in ’n geskroeide land.
8 O God, toe U wel uitgetrek het voor U volk, toe U wel deur die wildernis marsjeer het,
9 het die aarde geskud en die hemele neergebuig voor die Teenwoordigheid van God; selfs Sinai self is beweeg voor die Teenwoordigheid van God, die God van Yisra’el!
10 U, o God, het ’n oorvloedige reën gestuur waardeur U U erfenis bevestig het toe dit moeg was.
11 U lewende wesens het daarin gewoon; U, o God, het deur U goedheid vir die armes voorsien!
12 יהוה sal goeie boodskappe bring met baie krag,
13 dan sal die konings van die leërmagte verslaan word en die huishouding van God sal die buit verdeel.

14 Alhoewel julle slaap tussen die dorings, nogtans sal julle beskermd wees, soos met die vlerke van ’n duif wat oordek is met silwer en haar vere met geel goud.
15 Toe die Almagtige (Shaddai) konings oor Tziyon verstrooi het, het dit wit geword soos sneeu
16 oor Tzalmon, oor die berg van God, oor die berge van Bashan en oor die bergtoppe.
17 Wat wil julle hê, o julle berge van Bashan? Hierdie is die bergtop waarop God begeer om te bly; ja, יהוה sal vir ewig daarop bly. Yeg 43
18 God ry saam met die menigte van engele; יהוה is tussen hulle, soos in Sinai, in Sy Afgesonderde Plek.
19 U het opgestyg na bo, U het gevangenes weggedra, Efe 4:8 U het mense geseën met geskenke, maar rebelse manne sal nie in die Teenwoordigheid van Yah bly nie!
20 Geseënd is יהוה, want Hy het ons gekies as Sy erfenis, ja God van ons verlossing!
21 Hy wat ons God is, is die God van verlossing, יהוה-God wat die mag van lewe en dood het.
22 God sal egter die kop van Sy vyande vermorsel, die harige skedel van hulle wat in hulle sonde volhard.
23 יהוה het gesê: “Ek sal My volk red van die kranse, Ek sal My volk bring vanuit die dieptes van die see
24 sodat jou voet, asook die tonge van jou honde, gedoop kan word in die bloed van jou vyande.
25 Hulle het U prosessies gesien, o God, die prosessies van my God en my afgesonderde Koning.
26 Die prinse het vooruit gegaan en die sangers het gevolg; tussen hulle was die maagde wat met tamboeryne speel.
27 Seën God in die vergaderings; vir יהוה, julle wat van die fontein van Yisra’el is!
28 Daar is klein Binyamin, met hulle heerser; die prinse van Y’hudah en hulle heersers; die prinse van Z’vulun en die prinse van Naftali.
29 Beveel U krag vir my, o God; versterk, o God, wat U vir ons gedoen het!
30 Ter wille van U tempel in Yerushalayim sal die konings aan U geskenke bring.
31 Bestraf die wilde diere van die vleie, die oorvloed van wilde bulle, die afgode van die volke wat oortrek is met silwer, verstrooi die volke wat plesier vind in oorloë.
32 Ambassadeurs sal vanuit Mitzrayim kom, Kush sal spoedig haar hande uitsteek na God. Yes 19:21-25
33 Sing tot יהוה-God, o koninkryke van die aarde, sing met instrumente tot יהוה,
34 tot Hom wat ry op die hoogste hemele; uit die ooste gee Hy Sy stem, ’n kragtige stem.
35 Gee lof, eer en waarde aan God! Sy majesteit is oor Yisra’el en Sy sterkte in die hemele.
36 O God, U word vereer vanuit U Afgesonderde Plek; dit is die God van Yisra’el wat sterkte en krag aan Sy volk gee. Neg 8:10; Hav 3:19 Geseënd is God!

69 1 Vir die musiekleier: op die wysie van: “Lelies,” ’n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
2 Red my, o God, want die waters het naby gekom om oor my te spoel.
3 Ek sink in diep modder waar geen staanplek is nie; ek het in diep water gekom waar die vloede oor my stroom.
4 Ek is moeg uitgeroep, my keel is droog, my oë faal terwyl ek wag op God.
5 Hulle wat my sonder oorsaak haat, is meer as die hare van my kop; [Yog 15:25] hulle wat my sal vernietig, wat kwaadwillig my vyande is, is magtig; toe het ek teruggegee wat ek wettiglik gevat het.
6 O God, U ken my dwaasheid en my sonde is nie vir U weggesteek nie.
7 Laat hulle wat op U vertrou nie deur my beskaamd wees nie, o יהוה, God van die leërmagte! Laat die wat U soek, nie deur my onteer word nie, o God van Yisra’el,
8 want om U ontwil dra ek vernedering en bedek skande my gesig.
9 Ek het ’n vreemdeling vir my broers geword en ’n onbekende vir die seuns van my moeder,
10 want die ywer vir U huis het my verteer en die ontering van die wat U onteer, het op my geval. [Yog 2:17; Rom 15:3]
11 Wanneer ek my lewe verneder en gedissiplineer het deur te vas, was dit tot my vernedering.
12 Ek het ook ’n roukleed my klere gemaak en ’n spreekwoord vir hulle geword.
13 Hulle wat in die poort sit, praat teen my en ek was die lied van die dronkaards,
14 maar wat my betref, my gebed is tot U, o יהוה; op ’n aanvaarbare tyd, o God, in U oorvloedige onverdiende guns, antwoord my, in U oorvloedige redding!
15 Bevry my uit die modder en laat my nie sink nie; laat my bevry word uit die diep waters en van hulle wat my haat.
16 Laat die watervloed nie oor my stroom en ook die dieptes my nie insluk nie en laat die put nie sy mond oor my toemaak nie!
17 Antwoord my, o יהוה, want U liefdevolle sagtheid is goed; draai na my met die oorvloed van U liefdevolle omgee.
18 Verberg nie U gesig vir U kneg nie, want ek is in die moeilikheid. Antwoord my gou!
19 Kom nader aan my lewe en koop dit los; bevry my as gevolg van my vyande.
20 U ken my verwerping en my skande en my vernedering word versprei voor al my vyande.
21 O, genees my gebroke binneste en verbind dit. Ek het sommiges gesoek om my jammer te kry, maar daar was niemand nie; vir vertroosters, maar het niemand gevind nie.
22 Hulle het vir my bitter kruie gegee as my kos en toe ek dors was, het hulle vir my asyn gegee om te drink. [Mat 27:48; Mar 15:36; Luk 23:36]
23 Laat hulle tafel ’n vangnet word voor hulle en dit wat vir hulle ’n beloning moes wees, ’n strik.
24 Laat hulle oë donker word dat hulle nie sien nie en maak dat hulle rûe voortdurend buig. [Rom 11:9,10]

25 Stort U woede oor hulle uit en laat U toornige woede hulle beetkry.
26 Laat hulle blyplek verlate wees en laat niemand in hulle tente bly nie. Hand 1:20
27 Hulle het die een vervolg wat deur U geteister is en smart bygevoeg by die een wat gewond is. Yes 53:3-5
28 Voeg die straf vir morele oortreding by hulle oortreding sodat hulle nie in U onpartydige opregtheid kan kom nie.
29 Laat hulle uitgevee word uit U boek van die lewendes en nie saam met die regverdiges opgeskryf word nie. Mal 3:16; Open 20:12
30 Ek is egter arm en vol rou; laat U verlossing my help, o God!
31 Ek sal die Naam (Karakter en Outoriteit) van God helder en duidelik loof met ’n lied en Hom groot maak met danksegging.
32 Dit sal יהוה meer tevrede stel as beeste of bulle wat horings en hoewe het.
33 Die nederiges sal dit sien en bly wees en julle verstand, wil en emosie wat na God soek, sal lewe,
34 want יהוה luister na die behoeftiges en verag nie Sy gevangenes nie.
35 Laat hemel en aarde, die seë en alles wat daarin beweeg, Hom duidelik en helder loof,
36 want God sal Tziyon red en die stede van Y’hudah bou.
37 Sy diensknegte sal daarin bly; hulle wat Sy Naam (Karakter en Outoriteit) lief het sal daarin woon.

70 1 Vir die musiekleier: van Dawid tot herinnering.
2 O God, maak gou om my te bevry, o יהוה, maak gou om my te help!
3 Laat hulle wat my lewe soek, beskaamd staan en verward wees; laat hulle wat my ongeluk begeer omgedraai en deurmekaar gemaak word.
4 Laat hulle agteruitgaan deur hulle herhalende skande wat vir my sê: “Ha, ha!”
5 Laat almal wat U soek hulself in U verheug en bly wees en laat hulle wat U verlossing lief het voortdurend sê: “Laat God groot gemaak word!”
6 Ek is egter arm en behoeftig; kom gou na my toe, o God, U is my Hulp en my Bevryder; o יהוה, moenie uitstel nie!

71 1 In U, o יהוה, plaas ek my vertroue; laat my nooit beskaamd staan nie!
2 Bevry my deur U onpartydige opregtheid en red my; draai U oor na my en verlos my!
3 Wees U vir my ’n rots van skuiling waarheen ek voortdurend kan gaan; gee U die bevele om my te red, want U is my Rots en my Vesting.
4 Bevry my, o God, uit die hand van die bose persoon, uit die hand van hom wat moreel verdraaid en ’n wrede man is,
5 want U is my Versekerde Verwagting, יהוה-God, van my jeug af is U my Vertroue.
6 Ek is deur U ondersteun vanaf die baarmoeder af, U is my Versekerde Verwagting sedert ek in die liggaam van my moeder was; my lofprysing is voortdurend tot U.
7 Ek is vir baie soos ’n wonder, maar U is my kragtige Skuiling.
8 My mond is die hele dag lank vol van lofprysing en U eer.

9 Verwerp my nie in die tyd van hoë ouderdom nie, laat my nie in die steek wanneer my krag faal nie,
10 want my vyande praat teen my en die wat lê en wag op my lewe hou saam beraad
11 en sê: “God het hom in die steek gelaat; agtervolg en gryp hom, want daar is niemand om hom te bevry nie!”
12 O God, wees nie ver van my af nie; o my God, maak gou met my hulp!
13 Laat hulle wat jaloers is op my lewe, beskaamd en in verleentheid wees; laat hulle wat my ongeluk soek in skande bedek wees,
14 maar ék sal voortdurend bid en U meer en meer lofprys. [1 The 5:16-18]
15 My mond sal U onpartydige opregtheid en verlossing die hele dag lank verkondig, want ek ken nie die grootheid daarvan nie.
16 Ek sal gaan in die krag van יהוה; ek sal U onpartydige opregtheid alleen vermeld.
17 O God, U het my van kleins af geleer sodat ek U wonderwerkende dade kan verkondig.
18 Nou ook op hoë ouderdom en grys hare, o God, verlaat my nie totdat ek aan die volgende geslag U krag en U sterkte gewys het.
19 U onpartydige opregtheid, o God, het gereik tot in die hoogte; U het groot dinge gedoen, o God, wie is soos U?
20 U wat my groot en moeilike probleme gewys het, U sal my weer opwek en my laat opkom uit die dieptes van die aarde.
21 U het my grootheid vermeerder en teruggekom om my te troos.
22 Ek sal U ook loof en prys met uitgestrekte hande en met instrumente; ek sal tot U waarheid sing, o my God; ek sal tot U sing met die harp, o Afgesonderde Een van Yisra’el!
23 My lippe en my lewe, wat U losgekoop het, sal dit uitskree van vreugde as ek musiek maak en sing tot U.
24 My tong sal ook praat van U onpartydige opregtheid, die hele dag lank, want hulle is verward, hulle wat my ongeluk soek, word tot skande gemaak.

## 72

1 Van Shlomo.
O God, gee aan die koning U regverdige oordele en U onpartydige opregtheid aan die seun van die koning
2 sodat hy U volk kan oordeel met onpartydige opregtheid en U armes met regverdige oordeel.
3 Die berge sal vrede bring en die heuwels U onpartydige opregtheid aan U volk.
4 Hy sal die armes van die volk oordeel, die kinders van die behoeftige verlos en die onderdrukker vergruis.
5 Hulle sal U deur al die geslagte heen respekvol vrees solank as die son en maan daar is.
6 Hy sal afkom soos reën op gesnyde gras, soos buie wat die aarde water gee.
7 Gedurende Sy dae sal die regverdige floreer in oorvloed van vrede solank die maan volhou.
8 Hy sal ook heerskappy hê vanaf see tot see en vanaf die Rivier (Eufraat) tot by die eindes van die aarde.

9 Hulle wat op die eiland bly, sal voor hom buig en sy vyande sal stof lek.
10 Die konings van Tarshish en van die eilande sal geskenke bring; die konings van Sh’va en S’va sal geskenke aanbied.
11 Ja, al die konings sal voor hom neerval, al die nasies sal hom dien,
12 want hy sal die behoeftige red van die magtiges; ook die armes wat geen helper het nie.
13 Hy sal die armes en behoeftiges spaar en die lewe van die behoeftiges red.
14 Hy sal hulle lewens loskoop van misleiding en geweld; hulle bloed is kosbaar in sy oë
15 en hy sal lewe, van die goud van Sh’va sal aan hom gegee word, daar sal voortdurend vir hom gebid word en hy sal daagliks geseën word!
16 Hy sal vermenigvuldig soos koring op die aarde, sy saad sal opspring op die bergtoppe soos op L’vanon en húlle in die stad sal floreer soos die gras van die aarde.
17 Sy naam sal vir ewig wees; sy naam sal voortduur solank as die son daar is en mense sal in hom geseën wees; alle nasies sal hom geseënd noem!
18 Geseënd is יהוה-God, die God van Yisra’el, [Luk 1:68] wat alleen wonderwerke doen
19 en geseënd is Sy verhoogde Naam (Karakter en Outoriteit) vir ewig. Laat die hele aarde gevul word met Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid! Dit is tydloos waar.

73 1 ’n Gedig van Asaf: met instrumentale musiek.
Waarlik, God is goed vir Yisra’el en vir dié wat rein van verstand, wil en emosie is,
2 maar wat my betref, my voete was amper weg, my treë het byna gegly,
3 want ek was afgunstig op die bose toe ek die voorspoed van die bose mense sien.
4 Daar is geen einde aan hulle dood nie en hulle dwaasheid is groot.
5 Hulle deel nie in die moeite van die mens nie en word nie gepla soos ander nie;
6 daarom hou trots hulle vas, hulle het hul boosheid en geweld verberg.
7 Hulle oortredinge peul uit soos vet; hulle doen volgens die bose voorskrifte van die verstand, wil en emosie.
8 Hulle bedink en praat bose dinge; hulle praat onreg teen die Allerhoogste.
9 Hulle rig hul mond op na die hemel, maar hulle tonge sleep in die stof;
10 daarom sal My volk terugdraai hierheen en alles in oorvloed hê.
11 Hulle sal sê: “Hoe weet God en is daar kennis in die Allerhoogste?”
12 Let op, hierdie is die bose mense, wat voorspoedig is in die wêreld; hulle vermeerder in rykdom.
13 Wat my betref, ek het my verstand, wil en emosie gereinig en my hande in onskuld gewas.
14 Tog is ek die hele dag gepla en elke oggend getugtig.
15 As ek sou sê: “Ek sal soos hulle doen,” is dit vir my sonde!
16 Toe ek daaraan gedink het om dit te verstaan, was dit te pynlik vir my
17 totdat ek in die Afgesonderde Plek van God ingegaan het, toe het ek hulle einde verstaan.
18 U het hulle deel aangestel volgens hulle misleiding; U het hulle neergegooi toe hulle hulself opgelig het.

19 Hoe word hulle nie in 'n oomblik in verlatenheid gebring nie. Hulle word heeltemal verteer deur verskrikkinge!
20 Soos een wat wakker word uit 'n droom, o יהוה, so sal U hulle afgodery verag!
21 So was my verstand, wil en emosie gegrief en my gewete het my gepla.
22 Ek was dwaas en onkundig; ek was soos 'n dier voor U.
23 U sal my troos met U raad en my lei volgens U eer.
24 Wie het ek buiten U in die hemel en wie het ek op aarde begeer buiten U?
25 Nogtans is ek voortdurend by U, U houvas my aan die regterhand.
26 My vlees, verstand, wil en emosie faal, maar God is die Sterkte van my verstand, wil en emosie en my Deel vir ewig. [Neg 8:10]
27 Let op, hulle wat ver van U af is, sal vergaan; U het almal vernietig wat van U af wegdwaal.
28 Ek was bly om nader te kom aan God; ek het my vertroue in יהוה-God geplaas dat ek al U dade kan verkondig.

74 1 'n Onderriggewende gedig van Asaf. O God, waarom het U ons vir altyd weggestoot? Waarom het U woede ontvlam teen die skape van U trop?
2 Onthou U vergadering wat U van ouds besit het, die stam van U erfenis, wat U losgekoop het; hierdie berg Tziyon waarop U gebly het.
3 Verhoog U diensknegte bo dié wat weggevoer word deur mag; almal wat onderdruk, is vyande van U Afgesonderde Plek.
4 U teëstanders het hulleself verhoog te midde van U feeste, hulle het hul baniere as tekens opgestel.
5 U weet hierdie dinge, as die Verhoogde Een wat daarbo sit; hulle het die deure met byle afgekap soos wat hulle die bome van die woud sou afkap.
6 Hulle het alles met byle en hamers vernietig.
7 Hulle het U Afgesonderde Plek aan die brand gesteek en afgebrand. Hulle het die blyplek van U Naam op aarde onteer.
8 Hulle het in hul binneste gesê: "Laat ons hulle saam vernietig! Laat ons al die feesdae van God in die land afskaf."
9 Hulle het nie die wonders daarvan gesien nie, want daar is geen profeet meer nie en ook is daar geen wyse man onder ons nie.
10 Hoe lank, o God, sal die teëstander spot? Sal die vyand U Naam (Karakter en Outoriteit) vir ewig sleg praat?
11 Waarom trek U U hand terug, U krag vanuit die midde van U vergadering?
12 God is ons Koning, wat van ouds die verlossing van Ya'akov beveel het.
13 U het deur U krag die see verdeel; U breek die koppe van die drake in die waters.
14 U het die koppe van die livyatan in stukke gebreek en U het hom gegee as kos vir 'n sterk volk.
15 U het die fonteine oopgemaak in die valleie; U het magtige riviere opgedroog.
16 Die dag behoort aan U, die nag is ook U s'n; U het die lig en die son voorberei.
17 U het al die grense van die aarde vasgestel; U het somer en winter gemaak.
18 Onthou hierdie: die vyand het יהוה gespot en die dwase volk het kwaadgepraat van U Karakter en Outoriteit (Naam).

19 Gee nie die lewe wat U erken en bely oor aan vernietiging nie; vergeet nie die lewens van U armes vir ewig nie.
20 Respekteer U verbond, o יהוה, want die blyplekke van die aarde is vol onkunde en wreedheid.
21 Laat die onderdrukte nie beskaamd terugkom nie; laat die arme en behoeftige U Naam (Karakter en Outoriteit) helder en duidelik loof.
22 Staan op, o God, verdedig U eie saak; onthou hoe die dwase man U daagliks gespot het.
23 Vergeet nie die stem van U teëstanders nie, die geraas van hulle wat teen U opstaan styg voortdurend op!

75 1 Vir die musiekleier: op die wysie van “Moenie verwoes nie,” ’n gedig van Asaf, met instrumentale musiek; ’n lied.
2 Ons dank U, o God, ons dank U en roep U Naam aan.
3 Ons sal al U wonderwerkende dade verkondig, dan sal die tyd kom wat U regverdig sal oordeel,
4 dan sal die aarde en al sy inwoners verneder word; U het sy mense aangestel.
5 U het vir die dwase gesê: “Moenie dwaas handel nie!” Vir die bose: “Moenie die horing oplig nie!”
6 Moenie julle horing hoog oplig nie; moenie met ’n stywe nek praat nie,
7 want verdediging kom nie van die weste of die ooste of van die woestynberge nie,
8 maar God is die Regter; Hy verneder die een en verhef die ander,
9 want in die hand van יהוה is daar ’n beker, vol van ’n mengsel van die afsaksel van wyn en Hy stuur dit van die een na die ander; sekerlik sal die bose van die aarde die afsaksel daarvan drink, [Yir 25:15; Open 16:19]
10 maar ek sal vir ewig lewe; ek sal sing en musiek maak tot die God van Ya’akov.
11 Ek sal ook al die horings van die bose afsny, maar die horings van die regverdige sal opgelig word.

76 1 Vir die musiekleier: ’n gedig van Asaf met instrumentale musiek, met snaarinstrumente; ’n lied.
2 God is bekend in Y’hudah, Sy Naam (Karakter en Outoriteit) is groot in Yisra’el.
3 In Shalem is Sy Tent (Tabernakel) en in Tziyon Sy blyplek. [Gen 14:18]
4 Daar het Hy die pyle van die boog verbreek, die skild en die swaard in die geveg.
5 U is glansryk en kragtig vanaf U magtige berg!
6 Al die dwase van verstand, wil en emosie is gebroke; die dapper magtige manne het hul laaste slaap geslaap.
7 Hulle kon nie hul hande gebruik deur U bestraffing nie, o God van Ya’akov; die ruiters is in ’n dooie slaap gegooi.
8 U, ja U moet gevrees word; wie mag staan in U Teenwoordigheid wanneer U eers kwaad is?
9 U het oordeel laat hoor vanaf die hemel; die aarde het dit gesien en gebewe toe
10 God opgestaan het vir die oordeel, om al die saggeaardes van die aarde te red.[Mat 5:5]

11 Die wysheid van die mens sal U loof met uitgestrekte hande; U sal die oorblyfsel van sy woede beperk.
12 Maak beloftes en vervul jou beloftes aan יהוה, julle God! Laat almal wat rondom Hom is, geskenke bring aan Hom wat respekvol gevrees moet word.
13 Hy sal die trots van die heersers verneder. Hy word gevrees deur die konings van die aarde.

77 1 Vir die musiekleier: op die wysie van “Y’dutun (’n Lofgedig),” ’n gedig van Asaf, met instrumentale musiek.
2 Ek het uitgeroep tot God met my stem en Hy hoor my; ek het my stem tot Hom toe opgelig en Hy antwoord my.
3 Op die dag van my moeilikheid het ek na יהוה gesoek; my foltering het deur die nag aangehou en nie opgehou nie; daar was geen trooster vir my lewe nie.
4 Toe ek dit onthou het, o God, was ek omgekrap; ek het dit deurdink en my gees was oorweldig.
5 My oë is verdof; ek is stom sodat ek nie kan praat nie.
6 Ek het die ou dae oordink, ek neem die jare van die ou tyd in ag.
7 Ek oordink ver in die nag in, ek kommunikeer met my eie verstand, wil en emosie; ek het my lewe ondersoek en gesê:
8 “Het יהוה my vir ewig in die steek gelaat en sal Hy nooit weer goedgunstig wees nie?
9 Is Sy onverdiende guns vir ewig verby, faal Sy belofte ewiglik?
10 Het God vergeet om goedgunstig te wees? Het Hy Sy liefdevolle omgee toegesluit in Sy woede?”
11 Ek het ook gesê: “Dit is my swakheid; dit is nog ’n besoek van die krag van die Allerhoogste!”
12 Ek sal die dade van Yah onthou; ek sal sekerlik die wonders van ouds onthou.
13 Ek sal ook al U werk oordink en dink aan U bekwame dade.
14 U werkswyse is afgesonderd, o God; daar is niemand so groot soos ons God nie.
15 U is die God wat wonders doen; U het U sterkte onder die mense verklaar.
16 U het U volk met U arm verlos, die seuns van Ya’akov en van Yosef.
17 Die waters het U gesien, o God, die waters het U gesien; hulle was bang en die dieptes was ook omgekrap.
18 Die wolke het water uitgegiet, die hemele het ’n klank laat hoor; U pyle het rondgevlieg.
19 Die stem van U donder was in die hemele; die weerligstrale het die wêreld verlig; die aarde het gebewe en geskud.
20 U manier van doen is in die see en U pad is in die groot waters, maar U voetspore word nie gesien nie.
21 U het U volk soos skape gelei deur die hand van Mosheh en Aharon.

78 1 'n Onderriggewende gedig van Asaf.
My volk, luister na My wet; draai julle ore na die woorde van My mond.
2 Ek sal My mond oopmaak in vergelykende stories; Ek sal raaisels uit die ou tyd uiter. Mat 13:35
3 Dit wat ons gehoor het en ken, wat ons vaders ons vertel het,
4 sal ons nie vir hulle seuns wegsteek nie, maar aan die volgende geslag vertel van die lofprysinge van יהוה, Sy sterkte en die wonderlike dade wat Hy gedoen het,
5 want Hy het 'n getuienis opgerig in Ya'akov en 'n wet aangestel in Yisra'el, wat Hy aan ons vaders beveel het, om dit aan hulle seuns bekend te maak
6 sodat die volgende geslag hulle kan ken, selfs die seuns wat nog gebore sal word, wat moet opstaan en dit aan hulle seuns vertel
7 dat hulle hul versekerde verwagting in God kan plaas en nie die dade van God vergeet nie, maar Sy opdragte kan uitvoer
8 en nie wees soos hulle vaders nie, 'n hardkoppige en rebelse geslag, 'n geslag wat nie hulle verstand, wil en emosie herstel het nie en wie se gees nie standvastig was teenoor God nie.
9 Die seuns van Efrayim, boogskutters bewapen met boë, het omgedraai op die dag van die geveg.
10 Hulle het die verbond van God nie gehou nie en geweier om te leef in Sy wet.
11 Hulle het Sy dade en sy wonders vergeet wat Hy hulle voor die oë van hulle vaders gewys het.
12 Hy het wonderlike dinge gedoen in die land van Mitzrayim, in die velde van Tzo'an.
13 Hy het die see verdeel en hulle laat deurgaan en die waters laat staan soos in watersakke.
14 In die dag het Hy hulle ook gelei met 'n wolk en die hele nag met 'n lig van vuur.
15 Hy het rotse gekloof in die woestyn en hulle laat drink soos uit groot dieptes.
16 Hy het strome ook uit die rots laat uitgaan en die waters laat afloop soos riviere,
17 maar die mense het voortgegaan om te sondig en om te murmureer teen die Allerhoogste in hulle dors na water
18 en hulle het God getoets in hul verstand, wil en emosie deur kos te vra om hulle begeertes te vervul.
19 Ja, hulle het teen God gekla. Hulle het gesê: "Kan God tafels met kos voorsien in die wildernis?
20 Let op, Hy het die rots geslaan dat waters uitvloei en die strome oorvloei; kan Hy brood ook gee, kan Hy kos gee vir Sy mense?
21 יהוה het dit gehoor en daarom kwaad geword; 'n vuur is dus aangesteek teen Ya'akov en woede het ook opgekom teen Yisra'el
22 omdat hulle nie in God geglo en in Sy verlossing vertrou het nie
23 alhoewel Hy die wolke daarbo beveel het en die deure van die hemel oopgemaak het
24 en vir hulle 'man hu' laat reën het om te eet en vir hulle van die brood van die hemel gegee het; Neg 9:15; Yog 6:31

25 die mens het die kos van engele geëet en Hy het vir hulle oorvloediglik wild gestuur.
26 Hy het winde laat waai in die lug en deur Sy krag die Suidewind ingebring;
27 Hy het ook vleis soos stof op hulle laat reën en geveerde voëls soos die sand aan die see
28 en Hy het hierdie binne-in hulle kamp laat val, rondom hulle tente.
29 Hulle het geëet en was ten volle versadig, want Hy het aan hulle hul eie begeerte gegee.
30 Tog het hulle nie hul begeerte opgegee nie, maar terwyl hulle kos nog in hulle mond was,
31 het die woede van God teen hulle opgekom en die rykstes onder hulle neergeslaan en die gekose van Yisra’el laat buig.
32 Nogtans het hulle steeds gesondig en nie in Sy wonderlike dade geglo nie;
33 daarom is hulle dae in sinnelose boosheid deurgebring en hulle jare in ongeduld.
34 Wanneer Hy hulle neergeslaan het, het hulle Hom gesoek en teruggedraai en nader aan Hom gekom
35 en hulle het onthou dat God hulle Helper was en die Allerhoogste God hulle Verlosser.
36 Nogtans het hulle Hom liefgehad met hulle monde en vir Hom gelieg met hulle tonge, [Ya’a 1:26]
37 want hulle verstand, wil en emosie was nie getrou aan Hom nie en ook was hulle nie standvastig in Sy verbond nie.
38 Hy is vol onverdiende guns, die Vergewer van sonde en Hy vernietig nie; ja baie keer draai Hy Sy woede weg en wek nie Sy volle toorn op nie,
39 want Hy het onthou dat hulle slegs vlees is, ’n wind wat verbygaan en nie weer kom nie.
40 Hoe dikwels het hulle Hom kwaad gemaak in die wildernis, Hom gegrief in die woestyn.
41 Ja, hulle het teruggedraai en God getoets, die Afgesonderde Een van Yisra’el geïgnoreer.
42 Hulle het nie Sy hand onthou nie, of die dag toe Hy hulle van die onderdrukker bevry het nie,
43 hoe Hy Sy tekens in Mitzrayim gedoen het en Sy wonders in die veld van Tzo’an,
44 of hoe Hy hulle riviere en hulle stroompies in bloed verander het sodat hulle nie kon drink nie.
45 Hy het swerms insekte tussen hulle ingestuur wat hulle opgevreet het en paddas wat hulle vernietig het.
46 Hy het ook hulle oes aan die sprinkane gegee en hulle harde werk aan die rusper.
47 Hy het hulle wingerde met hael verwoes en hulle vyebome deur ryp.
48 Hy het ook hulle diere aan die hael oorgegee en hulle vee tot vernietiging.
49 Hy het die intensiteit van Sy woede oor hulle gestuur, woede, toorn en moeilikheid, deur die hand van ’n bose engel.
50 Hy het kragtige metodes gebruik, hulle lewens nie gespaar van die dood nie en hulle beeste oorgegee aan die pes

51 en al die eersgeborenes in Mitzrayim neergeslaan, die mooiste van hulle seuns in die tente van Gam, [Gen 10:6]
52 maar Hy het Sy eie volk laat uittrek soos skape en hulle begelei in die wildernis soos ’n kudde.
53 Hy het hulle veilig gelei sodat hulle nie bang was nie, maar die see het hulle vyande oorweldig
54 en Hy het hulle gebring na die grens van Sy Afgesonderde Plek, na hierdie berg, wat Sy regterhand besit het.
55 Hy het die ander nasies voor hulle uit verdryf en aan hulle ’n erfenis gegee deur mate en die stamme van Yisra’el in hulle tente laat bly.
56 Tog het hulle die Allerhoogste getoets en kwaad gemaak en nie Sy getuienisse onderhou nie,
57 maar hulle het teruggedraai en misleidend opgetree, soos hulle vaders; hulle was verdraaid soos ’n gedraaide boog,
58 want hulle het Hom kwaad gemaak deur op hoë plekke te offer en deur hulle gesnede beelde Sy woede opgewek.
59 Toe God dit gehoor het, was Hy woedend en het Hy Yisra’el gehaat
60 sodat Hy die Tabernakel in Shiloh verlaat het, die Tent wat Hy opgeslaan het tussen mense
61 en Hy het Sy volk oorgegee in gevangenskap en Sy lof en eer in die hand van die onderdrukker.
62 Hy het Sy volk oorgelewer aan die swaard en Sy erfenis nie geag nie.
63 Die vuur het hulle jongmanne verteer en hulle jong dogters is geskend.
64 Hulle priesters het deur die swaard geval en hulle weduwees het nie getreur nie.
65 Toe het יהוה opgestaan soos een uit die slaap uit, soos ’n magtige een wat die effek van wyn afgeskud het
66 en Hy het Sy teëstanders laat terugdeins, hulle in ’n ewige verwerping gesit.
67 Meer nog, Hy het die tent van Yosef geweier en die stam van Efrayim het Hy nie gekies nie,
68 maar Hy het die stam van Y’hudah gekies, die berg Tziyon wat Hy lief het
69 en Sy Afgesonderde Plek gebou op ’n hoë plek en dit vir ewig op die aarde gevestig. [Yeg 40:2; 43:7]
70 Hy het ook vir Dawid, Sy kneg, gekies en hom vanaf die skaapkrale gevat;
71 van om die voedende ooie te volg, het Hy hom gebring om Ya’akov, Sy volk en Yisra’el, Sy erfdeel, te voed.
72 Hy het hulle versorg volgens die integriteit van sy verstand, wil en emosie en hulle gelei deur die bekwaamheid van sy hande.

## 79

1 ’n Gedig van Asaf, met instrumentale musiek.
O God, ander nasies het in U erfenis ingekom; hulle het U afgesonderde tempel onteer; hulle het Yerushalayim in puinhope gelaat.
2 Hulle het die lyke van U diensknegte aan die voëls van die hemel as kos gegee, die vlees van U afgesonderdes aan die wilde diere van die land.

3 Hulle het húlle bloed rondom Yerushalayim soos water uitgegooi en daar was niemand om hulle te begrawe nie.
4 Ons het vir ons bure ’n bespotting geword, om voor te lag en ’n grap vir die wat rondom ons is.
5 Hoe lank, יהוה, sal U woede brand soos vuur? Sal U vir ewig kwaad wees?
6 Gooi U woede uit oor die ander nasies wat U nie geken het nie en oor die koninkryke wat nie U Naam (Karakter en Outoriteit) aangeroep het nie, [Yes 66:15; Yir 10:25; 2 Thes 1:8]
7 want hulle het Ya’akov verteer en sy blyplek verwoes.
8 Onthou nie ons vorige sondes teen ons nie; laat U liefdevolle goedheid ons gou inhaal, want ons is heeltemal nederig gemaak.
9 Help ons, o God van ons verlossing, vir die lof en eer van U Naam en bevry ons en reinig ons van ons sondes ter wille van U Naam (Karakter en Outoriteit).
10 Waarom sou die ander nasies sê: “Waar is hulle God?” Laat Hom voor ons oë aan die ander nasies bekend word deur die bloed van U diensknegte wat vergiet is, te wreek. [Open 6:10]
11 Laat die gesug van die gevangene voor U Teenwoordigheid kom; volgens die grootheid van U krag, bevry U hulle wat veroordeel is tot die dood
12 en vergeld ons bure sewevoudig teen hulle bors met die bespotting waarmee hulle U, o יהוה, gespot het.
13 Ons, U volk en die skape van U weivelde, sal U vir ewig loof en dank met uitgestrekte hande en aan alle geslagte U lofprysing wys.

## 80

1 Vir die musiekleier: op die wysie van “Lelies,” ’n gedig van Asaf, met instrumentale musiek.
2 Luister, o Herder van Yisra’el, U wat Yosef soos ’n trop lei, U wat sit op die gérubs, gee lig!
3 Wys U krag voor Efrayim, Binyamin en M’nasheh en kom en red ons!
4 Lei ons weer, o Magtige God en laat U gesig skyn en ons sal gered word.
5 O יהוה, God van die leërmagte, hoe lank sal U kwaad wees teen die gebed van U volk?
6 U voed hulle met die brood van trane en gee vir hulle trane in oorvloed om te drink.
7 U het van ons ’n grap gemaak teenoor ons bure en ons vyande lag teenoor hulleself.
8 Lei ons weer, o God van die leërmagte en laat U gesig skyn en ons sal gered word!
9 U het ’n wingerdstok uit Mitzrayim gebring; U het die ander nasies verdrywe en hom geplant. [Yog 15:1-7]
10 U het die grond voorberei en dit diep laat wortelskiet en die land gevul.
11 Die berge was oordek met sy skaduwee en sy ranke was oor die seders van God.
12 Hy het sy wortels uitgestuur tot by die see en sy takke na die riviere toe.
13 Waarom het U dan sy skanse stukkend gebreek sodat almal wat met die pad verbygaan, oor hom trap?
14 Die wildevark uit die bos eet hom op en die wilde diere van die veld eet van hom.

15 Ons smeek U om terug te kom, o God van die leërmagte, kyk vanaf die hemel en let op en besoek hierdie wingerdstok
16 wat U regterhand geplant het en die tak wat U vir Uself sterk gemaak het.
17 Dit is met vuur verbrand, dit is afgekap; hulle sterf weens die teregwysing van U Teenwoordigheid.
18 Laat U regterhand wees oor die man en die seun van 'n mens wat U vir Uself sterk gemaak het.
19 Ons sal nie van U af teruggaan nie; herstel ons en ons sal U Naam (Karakter en Outoriteit) aanroep.
20 Lei ons weer, o יהוה, God van die leërmagte, laat U gesig skyn en ons sal gered word.

81 1 Vir die musiekleier: op 'n Gittitiese harp, 'n gedig van Asaf, met instrumentale musiek.
2 Sing van vreugde tot God, ons sterkte; roep uit van vreugde tot die God van Ya'akov!
3 Maak musiek met instrumente en bring die tamboeryn, die aangename harp en die lier.
4 Blaas die ramshoring op die Nuwemaan en op die vasgestelde tye, op ons ernstige feesdae,
5 want dit is 'n instelling vir Yisra'el en 'n wet van die God van Ya'akov.
6 Hy het dit ingestel as getuienis in Yosef toe hy uitgegaan het na die land van Mitzrayim, waar hy 'n taal gehoor het wat hy nie geken het nie.
7 Ek het die las van sy skouers af verwyder, Ek het sy hande losgemaak van die bande.
8 Hy het na My geroep in sy moeilikheid en Ek het hom bevry; Ek het hom onder My geheime bedekking gesit; Ek het hom getoets by die waters van M'rivah.
9 Luister, o My volk en Ek sal praat; o Yisra'el, Ek sal aangaande jou getuig, as jy na My sal luister!
10 Daar mag geen vreemde god by jou wees nie en jy mag ook voor geen vreemde god neerbuig nie.
11 Ek is יהוה, jou God, wat jou uit die land van Mitzrayim uitgebring het; maak jou mond wyd oop en Ek sal dit vul,
12 maar My volk wou nie na My stem luister nie en Yisra'el wou niks van My weet nie.
13 Hulle het geleef volgens die begeertes van hulle eie verstand, wil en emosie en volgens hulle eie raad.
14 Ag, as My volk tog maar na My wou luister en hoor; Yisra'el in My lewenswyses wou leef!
15 Ek sou hul vyande gou vernietig het en My hand teen hul teëstanders gedraai het.
16 Die haters van יהוה het vir Hom gelieg, maar húlle sal vir ewig bewe.
17 Hy het hulle ook gevoed met die beste van die koring en met heuning uit die rots hulle versadig.

82 1 'n Gedig van Asaf, met instrumentale musiek.
God staan in die godsvergadering; Hy oordeel oor die gode.
2 Hoe lank sal julle onregverdig oordeel en partydig wees vir die bose?
3 Verdedig die armes en die vaderlose; gee regverdigheid aan die siekes en die behoeftiges.
4 Bevry die armes en behoeftiges uit die hand van die bose.
5 Hulle weet nie en sal ook nie verstaan nie; hulle loop aan in duisternis; al die fondasies van die aarde word geskud.
6 Ek het gesê: "Julle is gode;[Eks 7:1] almal van julle is seuns van die Allerhoogste."[Yog 10:34]
7 Van nou af sal julle sterf soos mense en val soos een van die prinse.
8 Staan op, o God, oordeel die aarde, want U het 'n erfenis onder al die nasies.

83 1 'n Lied, 'n gedig van Asaf, met instrumentale musiek.
2 O God, wie is soos U? Moenie swyg en stil wees nie, o God,
3 want let op, U vyande is rasend en hulle wat U haat, het hulle kop opgelig teen U volk.
4 Hulle het listige raad geneem en het beraadslaag teen hulle wat deur U gekies is.
5 Hulle het gesê: "Kom, laat ons hulle vernietig vanuit tussen die nasies sodat die naam van Yisra'el nie meer onthou word nie,
6 want hulle het saamgestem met een verstand, wil en emosie; hulle het saamgestaan teen U:
7 die tente van Edom en die Yishma'eliete, Mo'av en die Hagrimiete,
8 G'val, `Ammon en `Amalek, P'leshet saam met die inwoners van Tzor.
9 Ashur het ook by hulle aangesluit; hulle help die seuns van Lot.
10 Doen aan hulle soos aan Midyan, soos met Sisra en Yavin by die spruit van Kishon, [Rig 4:7,17]
11 wat vernietig is by `Ein-dor; hulle het soos mis geword vir die grond.
12 Vernietig hulle edeles, soos `Orev en Ze'ev; ja al hulle prinse soos Zevag en Tzalmuna,
13 want hulle het gesê: "Laat ons die stad van God vir onsself erf!
14 O, my God, maak hulle soos 'n draaiende wiel en soos stoppels voor die wind.
15 Soos vuur 'n bos brand en soos die vlam die berge aan die brand steek;
16 vervolg hulle só met U hewige storm en maak hulle bang met U storm.
17 Bedek hulle gesigte met skande sodat hulle U Naam (Karakter en Outoriteit) kan soek, o יהוה!
18 Laat hulle verward en gepla wees vir ewig; ja laat hulle tot skande kom en vergaan
19 sodat hulle kan weet dat U, wie se Naam (Karakter en Outoriteit) alleen יהוה is, die Allerhoogste is oor die hele aarde.

84 1 Vir die musiekleier: op 'n Gittitiese harp, 'n gedig van die seuns van Korag, met instrumentale musiek.
2 Hoe lieflik is U tente, o יהוה-Tzva'ot!

3 My lewe verlang, ja, smag na die voorhowe van יהוה; my verstand, wil en emosie en my vlees roep uit van vreugde tot die lewende God. Open 1:18

4 Selfs die swaweltjie het ’n huis gevind en die duif ’n nes vir haarself, waar hulle hul kleintjies naby U altare grootmaak, יהוה-Tzva’ot, my Koning en my God!

5 Gelukkig is hulle wat in U huis bly; hulle sal U helder en duidelik loof vir ewig.

6 Gelukkig is die mens wie se hulp vanaf U is, in wie se verstand, wil en emosie U lewenswyse is.

7 Hulle het deur die vallei van trane gegaan en dit ’n blyplek gemaak; die Wetgewer sal dit oordek met seëninge.

8 Hulle sal gaan van krag tot krag; die God van die gode sal in Tziyon gesien word.

9 יהוה, God van die leërmagte, hoor my gebed; luister, o God van Ya’akov!

10 Let op, o God, ons Skild en kyk na die gesig van U gesalfde,

11 want ’n dag in U howe is beter as ’n duisend; ek sal eerder kies om te bly in die huis van my God as om te bly in die tente van die bose, Ps 23:6

12 want יהוה-God is ons Voorsiener en ons Helper; יהוה sal onverdiende guns, lof en eer gee; Hy sal geen goeie ding terughou van hom wat opreg lewe nie.

13 יהוה-Tzva’ot, gelukkig is die mens wat in U vertrou!

## 85

1 Vir die musiekleier: ’n gedig van die seuns van Korag, met instrumentale musiek.

2 יהוה, U was goedgunstig tot U land; U het die gevangenskap van Ya’akov omgedraai.

3 U het die oortredinge van U volk vergewe, al hulle sondes bedek.

4 U het al U woede weggevat, U het die intensiteit van U woede teruggetrek.

5 Herstel ons, o God, ons Verlosser en laat U woede teen ons ophou!

6 Wees nie vir ewig vir ons kwaad nie, hou nie U woede teen al die geslagte nie.

7 Herstel ons en wek ons op sodat U volk hulleself in U kan verheug.

8 Wys ons U onverdiende guns, o יהוה en gee aan ons U verlossing!

9 Ek sal hoor wat יהוה, ons God, sal sê, want Hy sal vrede oor Sy volk en oor Sy afgesonderdes praat dat hulle nie weer tot dwaasheid sal draai nie!

10 Sy verlossing is sekerlik naby aan die wat Hom respekvol vrees, laat Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid in ons land bly.

11 Onverdiende guns en waarheid ontmoet mekaar; onpartydige opregtheid en vrede soen mekaar.

12 Waarheid sal uit die aarde uit opspring en onpartydige opregtheid sal uit die hemel uit neerkyk.

13 Ja, יהוה sal Sy goedheid gee en die land sal sy opbrengs lewer

14 en die onpartydig opregte gaan voor Hom uit en Hy sal sy paaie vestig op die aarde.

## 86

1 ’n Gebed van Dawid. Draai U oor na my, o יהוה, hoor my, want ek is arm en behoeftig.

2 Bewaar my lewe, want U is afgesonderd; o my God, red U dienskneg wat in U vertrou.

3 Wees my goedgunstig, o יהוה, want ek roep elke dag na U.
4 Verbly die lewe van U dienskneg, want tot U, o יהוה, lig ek my lewe op,
5 want U, o יהוה, is goed en U liefdevolle goedheid is oorvloedig vir almal wat U aanroep.
6 Luister na my gebed, o יהוה en gee aandag aan die stem van my smekinge.
7 In die dag van my moeilikheid het ek na U geroep en U het my geantwoord.
8 Daar is niemand soos U, o יהוה my God en daar is geen dade soos U s'n nie.
9 Al die nasies wat deur U gemaak is, sal kom en voor U neerbuig, o יהוה en U volle Karakter en Outoriteit (Naam) loof en eer,
10 want U is groot en doen wonderlike dinge; U alleen is God. Open 15:3
11 Wys my U lewenswyses, ek sal in U waarheid lewe; my verstand, wil en emosie sal bly wees saam met hulle wat U Naam (Karakter en Outoriteit) respekvol vrees.
12 Ek sal U loof en dank met uitgestrekte hande, o יהוה, my God, met my hele verstand, wil en emosie en ek sal U Naam (Karakter en Outoriteit) vir ewig loof en eer,
13 want U liefdevolle goedheid is groot teenoor my en U het my lewe uit die dieptes van Sh'ol bevry.
14 O God, die bose het teen my opgestaan en die vergadering van gewelddadige manne soek my lewe en hulle dink nie aan U nie,
15 maar U, o יהוה-God, is vol liefdevolle omgee en onverdiende guns, lankmoedig en oorvloedig in goedheid en waarheid.
16 Draai na my toe en bewys aan my onverdiende guns; gee krag aan U dienskneg en red die seun van U diensmaagd.
17 Wys aan my 'n teken ten goede sodat hulle wat my haat dit kan sien en beskaamd kan staan omdat U, o יהוה, my gehelp en vertroos het.

87 1 'n Gedig van die seuns van Korag, met instrumentale musiek; 'n lied.
Haar fondasies is op Sy afgesonderde berg.
2 יהוה het die poorte van Tziyon meer lief as al die blyplekke van Ya'akov.
3 Wonderlike dinge word van jou gesê, o stad van ons God!
4 Ek sal noem van Ragav en Bavel, want hulle ken my krag; let op P'leshet, Tzor en die mense van Kush, dit sal gesê word dat hierdie man daar gebore is
5 en van Tziyon sal gesê word: "Hierdie magtige man is in haar gebore en hy sal haar in stand hou."
6 יהוה sal Sy volk tel soos Hy hulle in die boek opskryf; hierdie man is daar gebore.
7 Die prinse wat in jou bly, sal bly wees en almal wat in jou nederig gemaak is.

88 1 'n Lied, 'n gedig van die seuns van Korag, met instrumentale musiek; vir die musiekleier: op die wysie van "Máhalat leannot (Siekte van onderdrukking)," 'n onderwysing van Heman, die Ezrahiet.
2 יהוה, God van my verlossing, ek het dag en nag voor U uitgeroep.
3 Laat my gebed voor U kom, draai U oor tot my smeking,
4 want my lewe is vol moeilikhede en my lewe is naby Sh'ol.
5 Ek word gereken by hulle wat afgaan in die put; ek is soos 'n man sonder krag,

6 soos ’n edelman verlate tussen die dooies, soos die wat neergeslaan is, wat in die graf lê, vir wie U nie meer onthou nie; hulle is verlore vir U.
7 U het my in die diepste put neergelê, in duisternis, in die skadu van die dood.
8 U woede rus swaar op my en U het my neergedruk met al U golwe.
9 U het hulle wat my ken ver van my af verwyder, my vir hulle verwerplik gemaak; ek is toegesluit en kan nie uitkom nie.
10 My oë is verswak deur te huil. יהוה, ek het daagliks na U toe uitgeroep, ek het my hande uitgesteek na U toe.
11 Let op, U sal wonders aan die dooies wys; die magtiges sal opstaan en U loof en dank met uitgestrekte hande.
12 Hulle wat in die graf is, sal U liefdevolle goedheid verkondig en U getrouheid in verwoesting.
13 U wonders sal bekend wees in die duisternis en U onpartydige opregtheid in die land wat in die steek gelaat is.
14 Ek het egter na U geroep, o יהוה en in die oggend sal my gebed vroeg voor U kom.
15 יהוה, verstoot nie my lewe en draai nie U gesig weg van my nie.
16 Ek is arm en neergebuig van my jeug af; ek was trots, maar nou is ek verneder en vergruis.
17 U intense woede gaan oor my; U verskrikkinge het my stil gemaak;
18 hulle het my elke dag omring soos water, hulleself opgestel rondom my.
19 U het vriende en naaste ver van my verwyder; die wat my ken, het U van my af weggehou.

## 89
1 ’n Onderwysing van Eitan, die Ezrahiet.
2 Ek sal sing van die goedheid van יהוה vir ewig; ek sal U getrouheid van geslag tot geslag met my mond bekend maak,
3 want ek het gesê: “Die wêreld sal opgebou word deur goedheid; U getrouheid word in die hemele bevestig.”
4 Ek het ’n verbond gesluit met wie Ek gekies het; Ek het gesweer tot Dawid, My dienskneg: [Yir 33:21,26; Yeg 37:24,25]
5 “Tot in ewigheid sal Ek jou nageslag bevestig en jou troon opbou van geslag tot geslag.” [Hand 13:23]
6 Die hemele sal U wonders loof met uitgestrekte hande, o יהוה, U getrouheid ook in die vergadering van die afgesonderdes,
7 want wie in die hemel kan met יהוה vergelyk word? Wie van die engele kan met יהוה vergelyk word?
8 God staan op in die raad van die afgesonderdes, groot en respekvol gevrees bo almal wat rondom Hom is.
9 O יהוה, God van die leërmagte, wie is magtig soos U? U getrouheid is rondom U!
10 U heers oor die prag en praal van die see; U maak sy golwe stil.
11 U het die trotses verneder soos een wat verslaan is, U het U vyande met U sterk arm verstrooi.

12 Die hemele behoort aan U, ook die aarde is U s’n; wat die wêreld en sy volheid betref, U het dit begin.
13 Die noorde en die suide, U het hulle geskep; Tavor en Hermon sal in U Naam (Karakter en Outoriteit) sing van vreugde.
14 Dit is U arm en dit is U mag; U hand is sterk en U hand sal opgelig word.
15 U troon word gebou op onpartydige opregtheid en regverdige oordeel; onverdiende guns en waarheid gaan voor U Teenwoordigheid uit. [Heb 1:8]
16 Gelukkig is die volk wat U Gemanifesteerde Teenwoordigheid ken; o יהוה, hulle sal in die lig van U aangesig loop.
17 In U Naam (Karakter en Outoriteit) sal hulle die hele dag lank juig en deur U onpartydige opregtheid opgelig word,
18 want U is die Lof en Eer van ons sterkte en deur U guns sal ons horing opgelig word,
19 want יהוה is ons Versekerde Verwagting en die Afgesonderde Een van Yisra’el is ons Koning. [Hebr 11:1]
20 Toe het Hy in visioene gepraat met Sy regverdige en gesê: “Ek het hulp verleen aan ’n man, Ek het een opgelig wat vanuit die volk gekies is.
21 Ek het Dawid, My dienskneg, gevind; met My afgesonderde olie het Ek hom gesalf. [Hand 13:22]
22 My hand het hom gehelp, My arm het hom ook versterk.
23 Die vyand sal nie sterk wees teenoor hom nie, of die seuns van die bose hom lastig val nie
24 en Ek sal sy vyande voor hom vernietig en die een wat hom haat, lastig val,
25 maar My getrouheid en onverdiende guns sal by hom wees en in My Karakter en Outoriteit (Naam) sal sy horing opgelig word.
26 Ek sal sy hand ook op die see lê en sy regterhand op die riviere.
27 Hy sal na My toe uitroep: ‘U is my Vader, my God en my Magtige Verlosser!’ [Heb 1:5]
28 Ék sal hom My eersgeborene maak en hom verhoog bo die konings van die aarde.
29 Ek sal My goedheid vir ewig vir hom hou en My verbond sal vasstaan met hom.
30 Ek sal ook sy nageslag vir ewig laat duur en sy troon soos die dae van die hemel.
31 As sy seuns My wet verlaat en nie in My regverdige oordele loop nie,
32 as hulle My instellings verbreek en My opdragte nie uitvoer nie,
33 dan sal Ek hulle oortredinge met die lat besoek en hulle onregverdigheid met houe.
34 Nogtans sal Ek My liefdevolle goedheid nie heeltemal van hom af wegvat of My goedheid laat faal nie.
35 Ek sal ook nie My verbond verwerp of die dinge wat oor My lippe gegaan het, verander nie.
36 Een maal het Ek teenoor Dawid by My afgesonderdheid gesweer en Ek sal nie lieg nie!
37 Sy nageslag sal aanhou vir ewig en sy troon soos die son voor My.
38 Dit sal soos die maan vir ewig as ’n getroue getuie in die hemel vasstaan.”
39 U het ons egter verstoot en verag, U het dat U gesalfde sy gesig draai.
40 U het die verbond met U dienskneg verwerp, U het sy kroon teen die grond gegooi.

41 U het al sy omheinings afgebreek; U het sy vestings tot vernietiging gebring.
42 Almal wat verbygaan het op hom getrap; hy het ’n bespotting vir sy bure geword.
43 U het die regterhand van sy teëstanders opgestel; U het al sy vyande bly gemaak.
44 U het die snykant van sy swaard gedraai en hom nie ondersteun in die geveg nie.
45 U het sy lof en eer laat ophou en sy troon teen die grond neergegooi.
46 U het die dae van sy jeug verkort, hom met skaamte oordek.
47 Hoe lank sal U, o יהוה, kwaad wees? Sal U woede vir ewig brand soos ’n vuur?
48 Onthou my vanaf die tyd wat ek geskep is, want U het geen mens sonder rede geskep nie.
49 Wie is die mens wat leef en nie die dood sal sien nie? Sal hy sy lewe red uit die hand van Sh’ol?
50 יהוה, waar is U vorige liefdevolle goedheid wat U aan Dawid in U waarheid gesweer het?
51 Onthou, יהוה, die bespotting van U diensknegte, want ek het deur my lewe die bespotting van die ander nasies verdra,
52 waarmee U vyande, o יהוה, my gespot het, waarmee hulle die voetstappe van U gesalfde gespot het.
53 Geseënd is יהוה vir ewig! ’n Ewige waarheid.

90 1 ’n Gebed van Mosheh, die man van God. יהוה, U was ons Blyplek van geslag tot geslag.
2 Voordat die berge voortgebring is of voor U ooit die aarde en die wêreld gevorm het, van ewigheid tot ewigheid is U God.
3 U draai die mens weg van vernietiging en sê: “Keer terug, o mensekinders!”
4 Want duisend jaar in U oë is soos die dag van gister as dit verby is en soos ’n wagbeurt in die nag. [2 Kef 3:8]
5 Die span van hulle lewe sal wees soos ’n slaap; in die oggend is hulle soos die gras wat verander:
6 in die oggend floreer dit en groei; in die aand word dit afgesny en dit verdroog,
7 want ons word verteer deur U woede en deur U toorn word ons lastig geval.
8 U stel ons booshede voor U, die sondes van ons jeug in die lig van U Teenwoordigheid,
9 want al ons dae gaan verby onder U toorn, ons bring ons jare deur in sinnelose boosheid.
10 Die jare van ons lewens is sewentig jaar en wanneer ons baie sterk is, tagtig jaar, tog is die meeste daarvan inspanning en smart, want die lewe word gou afgesny en ons vlieg weg.
11 Wie ken die krag van U woede en die vrees van U toorn?
12 Leer ons om ons dae so te tel dat ons ons verstand, wil en emosie tot wysheid mag wend!
13 Keer terug, יהוה! Vir hoe lank wil U nie U diensknegte vertroos nie?
14 Bevredig ons in die oggend vroeg met U goedheid sodat ons kan uitroep van vreugde en bly wees, al ons dae.

15 Maak ons bly omdat ons boosheid en die jare waarin ons boosheid gesien het, dood is.
16 Laat U werk vir U diensknegte sigbaar word en U Gemanifesteerde Teenwoordigheid vir hulle kinders
17 en laat die mooiheid van יהוה, ons God, oor ons wees, want die werk van Sy hande het ons gemaak, ja, Hy het ons gemaak deur die werk van Sy hande!

91 1 Hy wat bly in die beskerming van die Allerhoogste, sal volhard onder die skaduwee van die Almagtige.
2 Ek sal van יהוה sê: "Hy is my Skuilplek en my Vesting, my God, in Hom sal ek vertrou."
3 Hy sal jou sekerlik bevry uit die net van die voëlvanger en van leë geskinder.
4 Hy sal jou toedek met Sy vere en onder Sy vlerke sal jy vertrou; Sy waarheid sal jou skild en groot skild wees.
5 Jy sal nie vir die angs van die nag of vir die pyl wat bedags vlieg vrees nie,
6 ook nie vir die sameswering wat versprei in die donker, of vir die pestilensie wat op die middag verwoes nie!
7 Duisend sal val aan jou sy en tien duisend aan jou regterhand, maar dit sal nie naby jou kom nie.
8 Jy sal net met jou oë die vergelding van die bose sien,
9 want U, יהוה, is my Vertroue; U het U blyplek in die hoogste plek gemaak.
10 Geen boosheid sal op jou val of enige plaag naby jou tent kom nie,
11 want Hy sal Sy engele aangaande jou bevel gee om jou in al jou doen en late te beskerm. [Mat 4:6; Luk 4:11]
12 Hulle sal jou op hulle hande dra sodat jy nie jou voet teen 'n klip sou stamp nie.
13 Jy sal op die leeu en die adder trap, die jong leeu en die draak onder jou voet vertrap.
14 Omdat hy My voortdurend lief het, sal Ek hom bevry; Ek sal hom hoog oplig omdat hy My Karakter en Outoriteit (Naam) ken. [Yog 14:15; 15:14]
15 Hy sal My aanroep en Ek sal hom antwoord; Ek sal by hom wees deur moeilikheid, Ek sal hom bevry en hom eer. [Dan 3:17,18]
16 Met 'n lang lewe sal Ek hom tevrede stel en aan hom My verlossing wys.

92 1 'n Gedig met instrumentale musiek, 'n lied vir die Shabbat.
2 Dit is 'n goeie ding om dank en lof met uitgestrekte hande aan יהוה te gee en tot U Naam (Karakter en Outoriteit) te sing en musiek te maak, o Allerhoogste;
3 om U liefdevolle goedheid in die oggend en U getrouheid elke nag te verkondig.
4 Ek sal op die tiensnarige instrument en op die lier speel, op die harp met 'n plegtige klank,
5 want deur U dade het U my bly gemaak, o יהוה; ek sal uitroep van vreugde oor die werke van U hande.
6 Hoe groot is U werke, o יהוה; baie diep is U gedagtes!
7 'n Dom mens weet nie en ook verstaan 'n dwaas dit nie: [Rom 1:22]

8 as die wetsoortreders opspring soos gras en al die werkers van boosheid floreer, is dit dat hulle vir ewig vernietig sal wees,
9 maar U is die Allerhoogste vir ewig, יהוה,
10 want let op, U vyande, o יהוה, let op, U vyande sal vergaan; al die werkers van boosheid sal verstrooi word,
11 maar U verhoog my horing soos die horing van ’n wilde bul (Aurogs); ek sal gesalf word met welriekende olie.
12 My oog sal ook my begeerte oor my vyande sien en my ore sal my begeerte hoor teen die bose wat teen my opstaan.
13 Die regverdige sal floreer soos die palmboom; hy sal opgroei soos ’n seder in L’vanon. [Yeg 47:12; Ps 1:3; Ps 144:12]
14 Die wat geplant is in die huis van יהוה, sal floreer in die howe van ons God.
15 Hulle sal steeds vrugte dra op ’n hoë ouderdom, hulle sal mooi en begeerlik wees,
16 om te wys dat יהוה opreg is; [Rom 9:14] Hy is magtig en daar is geen boosheid in Hom nie.

93 1 יהוה regeer, Hy is met majesteit bekleed. יהוה is bekleed met sterkte waarmee Hy Homself omgord het. Die wêreld is ook vasgestel sodat dit nie beweeg kan word nie.
2 U troon is van ouds af vasgestel; U is van ewigheid af.
3 Die riviere vloei vol, o יהוה, die riviere het hulle stem opgelig; die riviere vloei met reinheid!
4 יהוה daar hoog is magtiger as die klank van baie waters, ja, as die magtige golwe van die see!
5 U getuienisse is baie seker. Afgesonderdheid pas vir ewig by U huis, o יהוה!

94 1 O יהוה-God aan Wie wraak toekom; o, God aan Wie wraak toekom, wys Uself!
2 Lig Uself op, Regter van die aarde; beloon die trotsaard!
3 O יהוה, hoe lank sal die bose, hoe lank sal die bose grootpraat?
4 Hulle uiter en praat onregverdighede; hulle praat allerhande bose dinge,
5 want hulle het U volk verneder, o יהוה, U erfenis onderdruk.
6 Hulle maak die weduwee en die onskuldige dood en vermoor die vaderlose.
7 Tog sê hulle: “יהוה sien dit nie en die God van Ya’akov ag dit ook nie.”
8 Verstaan, o onverstandiges onder die volk en julle dwase, wanneer sal julle wys word?
9 Sou Hy wat die oor geplant het, nie hoor nie, of Hy wat die oog gevorm het, sal Hy nie sien nie?
10 Sou Hy wat die nasies tugtig, nie straf nie; Hy wat die mens kennis leer, sal Hy nie weet nie?
11 יהוה ken die gedagtes van die mens; dit is soos ’n asem. [1 Kor 3:20]
12 Geseënd is die man wat deur U gedissiplineer word, o יהוה en wat deur U geleer word vanuit U wet [Heb 12:6,7]

13 dat U hom rus kan gee van die dae van teëspoed totdat die put vir die bose gegrawe sal word,
14 want יהוה sal nie Sy volk eenkant gooi nie [1 Sh’m 12:22; Rom 11:2] en ook nie Sy erfenis verlaat nie,
15 want die oordeel sal terugkeer tot die onpartydig-opregte en al die opregtes van verstand, wil en emosie sal dit volg.
16 Wie sal namens my opstaan teen die boosdoeners? Wie sal opstaan teen die werkers van boosheid?
17 As יהוה nie vir my ’n Hulp was nie, dan was my lewe gou in die moeilikheid.
18 As ek sou sê: “My voet gly,” het U onverdiende guns my opgehou, o יהוה!
19 In die menigte van my verdriet, verkwik U vertroostinge my lewe. [2 Kor 1:3]
20 Bose heersers sal nie gemeenskap met U hê nie, want hulle het moeilikheid teen U wet beplan.
21 Hulle stel strikke teen die lewe van die regverdige en veroordeel onskuldige bloed,
22 maar יהוה is my Verdediging en my God is die Rots van my skuiling.
23 Hy sal hulle eie oortredinge op hulle laat kom en hulle stilmaak in hul eie boosheid; ja, יהוה, ons God, sal hulle stilmaak.

95 1 Kom, laat ons uitroep van vreugde tot יהוה, ’n harde geraas maak van blydskap tot die God van ons verlossing.
2 Laat ons met uitgestrekte hande in lof voor Sy Teenwoordigheid kom en uitroep van vreugde met instrumentale musiek,
3 want יהוה is ’n groot God en ’n groot Koning bo alle gode.
4 In Sy hande is die fondasies van die aarde; die sterkte van die heuwels is ook Syne.
5 Die see behoort aan Hom, Hy het dit gemaak, Sy hande het die droë land gevorm.
6 Kom, laat ons op ons gesigte neerval en neerbuig; laat ons kniel voor יהוה, ons Maker,
7 want Hy is ons God en ons is die volk van Sy weiveld en die skape van Sy hand. Vandag, as jy maar Sy stem wil hoor, luister en doen.
8 Moenie julle verstand, wil en emosie verhard soos in die uittarting en soos op die dag van versoeking in die wildernis [Heb 3:10,11,15]
9 toe julle vaders My getoets het, My beproef het en My werk gesien het nie.
10 Veertig jaar lank het Ek getreur oor daardie geslag en gesê: “Hulle is ’n volk wat verkeerd doen in hulle verstand, wil en emosie en hulle het nie My lewenswyse geken nie; [Ps 103:8-10]
11 tot wie Ek in My woede gesweer het dat hulle nie in My rus sal ingaan nie! [Heb 4:3,5]

96 1 Sing tot יהוה ’n nuwe lied; sing tot יהוה, die hele aarde!
2 Sing tot יהוה, loof Sy Naam (Karakter en Outoriteit), verkondig Sy verlossing van dag tot dag.
3 Verkondig Sy lof, eer en waarde aan al die nasies, Sy wonders onder al die volke,
4 want יהוה is groot en waardig om helder en duidelik geloof te word; Hy moet respekvol gevrees word bo alle gode,

5 want al die gode van die nasies is leeg, maar יהוה het die hemele gemaak.
6 Eer en majesteit is voor Sy Teenwoordigheid, sterkte en mooiheid is in Sy Afgesonderde Plek.
7 Gee aan יהוה, o familie van die volke, gee aan יהוה eer, lof en aanbidding.
8 Gee aan יהוה die eer, lof en aanbidding wat Sy Karakter en Outoriteit (Naam) waardig is; bring 'n offer en kom in Sy howe in.
9 Val in die tempel van afgesonderdheid voor יהוה op jou gesig neer; bewe voor Hom, o hele aarde!
10 Sê onder die volke dat יהוה heers! Die wêreld sal gevestig word sodat dit nie beweeg kan word nie. Hy sal die volke regverdig oordeel.
11 Laat die hemele hulle verheug en die aarde bly wees; laat die see en sy volheid raas.
12 Laat die veld spring van vreugde en alles wat daarin is; dan sal al die bome van die woud uitroep van vreugde [Rom 8:22-23]
13 voor die Teenwoordigheid van יהוה, want Hy kom, Hy kom om die aarde te oordeel. Hy sal die wêreld oordeel in onpartydige opregtheid en die volke in Sy waarheid.

97 1 יהוה heers; laat die aarde hom verheug; laat die baie eilande bly wees!
2 Wolke en donkerheid is rondom Hom; onpartydige opregtheid en regverdige oordeel is die fondasie van Sy troon. [Heb 1:8]
3 Vuur gaan voor Hom uit en verbrand Sy vyande rondom. [2 Kef 3:10-12]
4 Sy weerligstrale verlig die wêreld; die aarde het gesien en gebewe.
5 Die heuwels smelt soos was voor die Teenwoordigheid van יהוה, voor die Teenwoordigheid van die Meester van die hele aarde.
6 Die hemele verklaar Sy onpartydige opregtheid en al die volke sien Sy lof, eer en waarde. [Rom 1:19,20]
7 Beskaamd staan almal wat gemaakte beelde dien, wat hulle op afgode beroem; aanbid Hom, alle magtiges.
8 Tziyon het gehoor en was bly en die dogters van Y'hudah verheug hulle oor U regverdige oordele, o יהוה,
9 want U, יהוה, is hoog verhewe oor die hele aarde; U is hoog verhewe bo alle gode.
10 Julle wat יהוה lief het, moet die boosheid haat! Hy bewaar die lewens van Sy afgesonderdes; Hy bevry hulle uit die hand van die bose.
11 Die lig skyn vir die onpartydig-opregte en blydskap vir die opregtes van verstand, wil en emosie.
12 Verheug julle in יהוה, regverdiges en loof en dank met hande uitgestrek by die herinnering aan Sy afgesonderdheid!

98 1 'n Gedig met instrumentale musiek. Sing tot יהוה 'n nuwe lied, want Hy het wonderlike dinge gedoen; Sy regterhand en Sy afgesonderde arm het vir Hom die oorwinning gebring.
2 יהוה het Sy verlossing bekend gemaak, Sy onpartydige opregtheid voor die oë van die nasies openbaar.

3 Hy het Sy onverdiende guns en waarheid teenoor die huis van Yisra’el onthou; al die eindes van die aarde het die verlossing van ons God gesien.
4 Roep uit van vreugde tot יהוה die hele aarde; juig, jubel, sing en maak musiek!
5 Sing en maak musiek tot יהוה met die harp, met die harp en die stem van sang, begelei met instrumente,
6 juig met harde klanke van trompette en ramshorings voor die Teenwoordigheid van יהוה, die Koning!
7 Laat die see en sy volheid raas, die wêreld en hulle wat daarin woon.
8 Laat die riviere hulle hande klap, die heuwels saam vreugdevol wees
9 voor die Teenwoordigheid van יהוה, want Hy kom om die aarde te oordeel; met onpartydige opregtheid sal Hy die wêreld oordeel, die mense met gelykheid. Ope 5:9

99 1 יהוה heers; laat die volke bewe! Hy sit bo die gérubs; laat die aarde skud!
2 יהוה is groot in Tziyon; Hy is hoog bo al die volke verhewe.
3 Laat hulle U groot en geëerde Naam (Karakter en Outoriteit) loof en prys met uitgestrekte hande, want dit is afgesonderd.
4 Die Koning se sterkte het ook die regverdige oordeel lief; U bevestig gelykheid en U voer oordeel, onpartydige opregtheid uit in Ya’akov.
5 Lig יהוה, ons God, hoog op en val op die grond neer voor Sy voetstoel, want Hy is afgesonderd!
6 Mosheh en Aharon was onder Sy priesters en Sh’mu’el onder hulle wat Sy Naam (Karakter en Outoriteit) aanroep. Hulle het יהוה aangeroep en Hy het hulle geantwoord.
7 Hy het met hulle in die wolkkolom gepraat, hulle het Sy getuienisse onderhou en die verbond wat Hy aan hulle gegee het.
8 U het hulle geantwoord, o יהוה, ons God, U was vir hulle ’n Vergelder. O God, beloon hulle volgens hul dade.
9 Lig יהוה, ons God hoog op en val op julle gesigte neer by Sy afgesonderde berg, want יהוה, ons God, is Afgesonderd.

100 1 ’n Gedig van lofprysing met uitgestrekte hande; met instrumentale musiek. Roep uit van vreugde voor יהוה, o hele aarde!
2 Dien יהוה met blydskap; kom voor Sy Teenwoordigheid met uitroepe van vreugde.
3 Weet dat Hy יהוה, ons God, is; dit is Hy wat ons gemaak het en nie onsself nie, ons is Sy volk en die skape van Sy weiveld.
4 Gaan Sy poorte in met lof en dank met uitgestrekte hande, in Sy howe in met lofprysing; wees dankbaar tot Hom en loof Sy Naam (Karakter en Outoriteit),
5 want יהוה is goed; Sy liefdevolle goedheid is vir ewig en Sy waarheid hou stand in alle geslagte.

101 1 ’n Gedig van Dawid met instrumentale musiek.
Ek wil sing van goedheid en regverdige oordeel; tot U, o יהוה, wil ek sing en musiek maak!
2 Ek wil myself wys gedra op ’n volmaakte manier. Wanneer sal U na my toe kom? Ek sal in my huis loop met ’n volmaakte verstand, wil en emosie.
3 Ek sal geen bose ding voor my oë sit nie; ek haat die doeners van boosheid, hulle sal nie naby my kom nie.
4 ’n Valse verstand, wil en emosie moet weggaan van my af; ek sal geen boosheid ken nie.
5 Hy wat sy naaste vals beskuldig sal ek vernietig; ek sal nie eet saam met hom wat uit die hoogte kyk en trots van verstand, wil en emosie is nie.
6 My oë sal wees op die getroues in die land dat hulle saam met my kan bly; hy wat op ’n volmaakte manier leef sal my dien.
7 Hy wat bedrog pleeg, mag nie in my huis bly nie; hy wat leuens vertel, sal nie voor my oë bly nie.
8 In die vroeë oggend sal ek al die bose van die aarde stilmaak en ek sal al die werkers van boosheid uit die stad van יהוה uit vernietig.

102 1 ’n Gebed van die onderdrukte as hy oorweldig is en sy klagte uitstort voor יהוה.
2 Luister en hoor my gebed, o יהוה en laat my uitroep tot by U kom!
3 Draai nie U gesig weg van my op die dag as ek in die moeilikheid is nie; draai U oor na my toe; op die dag wat ek roep, antwoord my gou,
4 want my dae word verslind soos rook en my gebeente word wit gemaak asof hulle brand.
5 My verstand, wil en emosie is platgeslaan en verdor soos gras sodat ek vergeet om my brood te eet.
6 As gevolg van die stem van my gesug, kleef my gebeente vas aan my vlees.
7 Ek is soos ’n pelikaan van die wildernis; ek is soos ’n uil van die woestyn.
8 Ek word geskud en is alleen soos ’n mossie op die dakke van die huise.
9 Die hele dag lank spot my vyande my; die wat my eens geprys het, is nou geswore teen my.
10 Ek het as soos brood geëet en my drank gemeng met trane,
11 as gevolg van U woede en U toorn, want U het my opgelig en my neergegooi.
12 My dae is soos ’n skaduwee wat verleng en ek is verdroog soos gras,
13 maar U, o יהוה, sal voortduur vir ewig en U herinnering tot in alle geslagte.
14 Staan op en wys onverdiende guns aan Tziyon, want dit is tyd om aan haar onverdiende guns te wys,
15 want U knegte het plesier in haar klippe en vind guns in die stof daarvan.
16 So sal die ander nasies die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה respekvol vrees en al die konings van die aarde U Gemanifesteerde Teenwoordigheid.
17 Wanneer יהוה Tziyon opbou, sal Hy in Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid verskyn.

18 Hy sal die gebed van die onderdrukte in ag neem en nie hulle gebed verag nie.
19 Dit sal opgeskryf word vir die komende geslagte en die volk wat geskep sal word, sal יהוה suiwer, helder en duidelik loof, [Mat 21:43]
20 want Hy het neergekyk vanaf die hoogte van Sy afgesonderde plek; vanaf die hemel het יהוה op die aarde gelet,
21 om die gekerm van die gevangenes te hoor, om die wat tot die dood bestem is, los te maak,
22 om die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה in Tziyon te verkondig en Sy lofprysing in Yerushalayim,
23 wanneer die volke en die koninkryke saam vergader om יהוה te dien. [Z'kh 14:16]
24 Hulle het my krag op die aarde verswak; my gewaarsku oor die kortheid van my dae.
25 O, my God, neem my nie weg in die middel van my dae nie; U jare is regdeur alle geslagte!
26 Van ouds het U die aarde se fondasies gelê en die hemele is die werk van U hande. [Heb 1:10-12]
27 Húlle sal tot niet gaan, maar U sal voortgaan; ja, hulle sal almal soos 'n kledingstuk verslyt; soos 'n kleed sal u hulle verander,
28 maar U is dieselfde en U jare sal geen einde hê nie.
29 Die seuns van U diensknegte sal voortgaan en hulle nageslag sal voor U bevestig wees.

103 1 Van Dawid. Loof en eer יהוה, o my lewe en alles wat binne-in my is, loof en eer Sy Afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit)!
2 Loof en eer יהוה, o my lewe en moenie al Sy dade vergeet nie:
3 wat al jou morele boosheid vergewe, wat al jou siektes genees; [Iyov 5:18; 1 Kefa 2:24]
4 wat jou lewe losgekoop het van vernietiging; wat jou kroon met goedheid en liefdevolle omgee;
5 wat jou mond versadig met goeie dinge sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend.
6 יהוה is Onpartydig Opreg en het regverdige oordeel vir almal wat onderdruk word.
7 Hy het Sy lewenswyse aan Mosheh bekend gemaak, Sy dade aan die seuns van Yisra'el.
8 Liefdevolle Omgee en Onverdiende Guns is יהוה, stadig om kwaad te word en oorvloedig in onverdiende guns. [Ya'a 5:11]
9 Hy sal nie vir altyd twis en ook nie vir ewig Sy woede behou nie.
10 Hy het nie met ons gehandel volgens ons sondes nie en ons ook nie beloon volgens ons morele boosheid nie, [Ps 95:10]
11 want soos die hemele hoog bo die aarde is, so groot is Sy goedheid teenoor dié wat Hom respekvol vrees.
12 So ver as wat die ooste is van die weste, so ver het Hy ons rebellie van ons af verwyder.
13 Soos 'n vader omgee vir sy seuns, so gee יהוה om vir die wat Hom respekvol vrees,

14 want Hy weet waarvan ons gemaak is, Hy onthou dat ons stof is.
15 Wat die mens betref, sy dae is soos gras; soos 'n blom van die veld, so bloei hy,
16 want wanneer die wind daaroor gaan, is dit weg en sy plek word nie meer geken nie,
17 maar die liefdevolle omgee van יהוה is van ewigheid tot ewigheid vir hulle wat Hom respekvol vrees en Sy onpartydige opregtheid vir die kinders se kinders,
18 vir die wat Sy verbond onderhou en vir hulle wat Sy opdragte onthou om hulle te doen. [Deut 7:9]
19 יהוה het Sy troon in die hemele voorberei en Sy Koninkryk heers oor alles.
20 Loof en eer יהוה, julle, Sy boodskappers wat kragtig is, wat Sy opdragte uitvoer in gehoorsaamheid aan die stem van Sy woord!
21 Loof en eer יהוה, almal van julle, Sy leërmagte; Sy dienaars wat doen wat Hom tevrede stel!
22 Loof en eer יהוה, al Sy werke, op al die plekke van Sy heerskappy! Loof en eer יהוה, o my lewe!

104 1 Loof en eer יהוה, o my lewe! יהוה my God, U is baie groot! U is aangetrek met eer en majesteit,
2 U bedek Uself met lig soos met 'n kledingstuk, U wat die hemel uitstrek soos 'n gordyn;
3 wat die balke van Sy kamers in die waters bou, wat Sy strydwa bo die wolke opstel, wat loop op die vlerke van die wind,
4 wat van Sy boodskappers winde maak, Sy dienaars 'n brandende vuur, [Heb 1:7]
5 wat die fondasies van die aarde gelê het sodat dit nooit verwyder kan word nie.
6 U het dit met die diep watermassa bedek soos met 'n kledingstuk; die waters het bo-oor die berge gestaan.
7 Deur U bestraffing het hulle gevlug, met die stem van U donderslag het hulle hul skielik weggehaas.
8 Die berge het opgerys, valleie het weggesak na die plek wat U vir hulle beplan het.
9 U het 'n grens daargestel waaroor hulle nie mag gaan nie, om die aarde nie te bedek nie. [Spr 8:29]
10 U het die fonteine uitgestuur na die valleie wat tussen die heuwels deur loop.
11 Hulle gee water aan al die wilde diere van die veld; die wilde donkies les hulle dors.
12 By hulle het die voëls van die hemel hulle blyplek; van tussen die heuwels sing hulle.
13 Hy gee die berge water uit Sy boonste kamers; die aarde is tevrede met die vrug van U werke.
14 Hy laat gras groei vir die beeste en kruie tot diens van die mens [Ps 105:35] dat hy kos uit die grond mag voortbring
15 en wyn, wat die mens se binneste bly maak; olie, om sy gesig te laat blink en brood, wat die mens se binneste versterk.
16 Die bome van יהוה is vol sap, die seders van L'vanon wat Hy geplant het.

17 Daar maak die voëls hulle neste, wat die ooievaar betref, haar huis is in die sipresse.
18 Die hoë berge is ’n skuilplek vir die ibex en die rotse ’n skuilplek vir die dassies.
19 Hy het die maan aangestel vir die vasgestelde tye; die son ken sy ondergaan.
20 Hy het donkerte gemaak en dit is nag, waarin al die diere van die woud uitkruip.
21 Die jong leeus brul vir hulle prooi en verwag hulle kos vanaf God.
22 Die son kom op en hulle maak hulleself bymekaar en lê neer in hul slaapplekke.
23 Die mens gaan uit na sy werk en na sy arbeid tot die aand toe.
24 Hoe talryk is U werke, o יהוה! In wysheid het U dit alles gemaak; die aarde is vol van U rykdomme!
25 Let op, die groot en wye see waarin ontelbare dinge wemel, skeppinge, beide klein en groot.
26 Daarop seil die skepe; daarin is die Leviátan wat U geskep het om daarin te speel.
27 Hierdie almal wag op U dat U hulle kos mag gee in die regte seisoen.
28 Met wat U aan hulle gee, is hulle versadig; U maak U hand oop, hulle is tevrede.
29 U steek U gesig weg, hulle is omgekrap; U neem hulle asem weg, hulle sterf en keer terug tot hul stof.
30 U stuur U Gees uit, hulle word geskep en U maak die oppervlak van die aarde nuut.
31 Die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה duur voort vir ewig, יהוה sal verheug wees oor Sy werke,
32 Hy kyk na die aarde en dit bewe; Hy bestraf die berge en hulle rook.
33 Ek wil sing tot יהוה solank as wat ek leef, ek wil juig tot my God met sang en musiek terwyl ek bestaan.
34 Mag my uitinge aanvaarbaar wees vir Hom; ék sal bly wees in יהוה!
35 Laat die sondaars verteer word vanaf die aarde en die moreel bose mense nie meer wees nie! Loof en eer יהוה, o my lewe! Loof Yah alleen!

105 1 Loof en eer יהוה met uitgestrekte hande, roep uit tot Sy Naam (Karakter en Outoriteit), maak Sy dade bekend onder die volke.
2 Sing tot Hom, sing en maak musiek tot Hom, praat van al Sy wonderlike dade.
3 Loof Sy Afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit) helder en duidelik; laat die verstand, wil en emosie van die wat יהוה soek, hulle verheug.
4 Soek na יהוה; wees sterk en soek Sy Teenwoordigheid voortdurend.
5 Onthou Sy wonderlike dade wat Hy gedoen het, Sy wonderwerke en die regverdige oordele van Sy mond,
6 o julle, nageslag van Avraham, Sy dienskneg, julle seuns van Ya’akov, Sy gekose!
7 Hy is יהוה, ons God; Sy regverdige oordele is oor die hele aarde.
8 Hy het Sy verbond vir ewig onthou, die woord wat Hy beveel het vir ’n duisend geslagte,
9 want Hy het Sy verbond met Avraham gesluit en Sy ede met Yitz’gak [Rom 9:7]
10 en dieselfde aan Ya’akov as ’n wet bevestig en aan Yisra’el as ’n ewige verbond,
11 met die woorde: “Aan jou sal Ek die land Kena’an gee, die aangewese deel van jou erfenis,” [Gen 13:15; Gen 15:18; Hand 7:5]

12 toe hulle maar ’n paar mense in getal was, ja, baie min en vreemdelinge daarin.
13 Toe hulle getrek het van een nasie tot ’n ander, van een koninkryk na ’n ander volk,
14 het Hy geen mens toegelaat om hulle kwaad aan te doen nie; ja, Hy het konings om hulle ontwil gestraf
15 dat hulle aan Sy gesalfdes nie sal raak en Sy profete kwaad aandoen nie.
16 Meer nog het Hy ’n hongersnood oor die land uitgeroep; die halm van hulle koring verbreek.
17 Hy het ’n man voor hulle uit gestuur, Yosef, wat verkoop is as ’n slaaf,
18 wie se voete in boeie geknel is, hy is in ysters gelê,
19 tot op die tyd dat sy woord uitgekom het, die woord van יהוה het hom getoets.
20 Die koning het gestuur, hom bevry en hom ’n heerser oor sy mense gemaak.
21 Hy het hom meester oor sy huis gemaak en heerser oor al sy besittings,
22 om die administrateurs te dissiplineer volgens sy wil en aan die oudstes wysheid te leer.
23 Yisra’el het ook na Mitzrayim gekom en Ya’akov het as gas gebly in die land van Gam.
24 Hy het Sy volk baie vermeerder en hulle sterker gemaak as hulle vyande.
25 Hy het hulle verstand, wil en emosie verander, om Sy volk te haat, om vals teen Sy diensknegte te handel.
26 Hy het Mosheh, Sy dienskneg, gestuur en Aharon wat Hy gekies het.
27 Hulle het Sy tekens en wonderwerke tussen hulle gewys in die land van Gam.
28 Hy het duisternis gestuur en dit donker gemaak en tog het hulle teen Sy woorde gerebelleer.
29 Hy het hulle waters verander in bloed en hulle visse dood gemaak.
30 Hulle land het gewemel van paddas, selfs in die binnekamers van hulle konings.
31 Hy het gepraat en daar het verskillende vlieë en luise in hulle hele grondgebied gekom.
32 Hy het hulle reëns in hael verander en vlammende vuur in hulle land gebring.
33 Hy het ook hulle wingerdstokke en hulle vyebome stukkend geslaan en die bome in hulle grondgebied gebreek.
34 Hy het gepraat en die sprinkane en ruspes het sonder getal deur hulle land gekom
35 en hulle het al die kruie en vrugte van hulle lande verteer.
36 Hy het ook al die eersgeborenes van Mitzrayim neergeslaan, die eersgeborenes van al hulle seuns.
37 Hy het hulle ook uitgebring met silwer en goud en daar was nie een swak persoon in hulle stamme nie.
38 Mitzrayim was bly toe hulle vertrek het, want vrees vir hulle het op hulle geval.
39 Hy het ’n wolk uitgesprei om aan hulle skadu te gee en vuur om in die nag vir hulle lig te gee.
40 Die mense het gevra en Hy het kwartels gebring en hulle versadig met brood uit die hemel. [Eks 16:4,15; Num 11:7,8; Yog 6:32]
41 Hy het die rots oopgemaak, die water het uitgestroom en water het in die droë land gevloei,

42 want Hy het Sy afgesonderde belofte onthou wat Hy aan Avraham, Sy dienskneg, gemaak het
43 en Sy volk met vreugde uitgelei en Sy jongmanne met uitroepe van blydskap.
44 Hy het aan hulle die lande van die ander nasies gegee en hulle het die arbeid van die volke geërf
45 sodat hulle Sy instellings kan nakom en Sy wette onderhou. Loof Yah alleen!

106 1 Loof en eer Yah alleen! Loof en prys יהוה met uitgestrekte hande, want Hy is goed, want Sy goedheid duur vir ewig.
2 Wie kan die magtige dade van יהוה uiter? Wie kan al Sy lofprysing vertoon?
3 Gelukkig is hulle wat Sy oordele bewaar en te alle tye onpartydig opreg is.
4 Onthou ons, o יהוה, met die guns wat U vir U volk het; o, besoek ons met U verlossing
5 dat ons die goeie van U gekosenes kan sien dat ons ons kan verheug in U vreugde en helder en duidelik saam met U erfenis kan loof.
6 Ons het gesondig, saam met ons vaders; ons het oortree, verkeerd gedoen.
7 Ons vaders het nie U wonders in Mitzrayim verstaan nie, hulle het nie die oorvloed van U goedheid onthou nie, maar was rebels teen Hom by die see, by die Sufsee.
8 Nogtans het Hy hulle gered om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) ontwil sodat Hy Sy magtige krag bekend kon maak. [Yeg 14:22; 20:9]
9 Hy het ook die Sufsee bestraf sodat dit opgedroog het en Hy het hulle deur die dieptes gelei, net soos deur die wildernis.
10 Hy het hulle gered uit die hand van die vyand en hulle bevry uit die hand van die onderdrukker
11 en die waters het hulle teëstanders oordek; daar was nie een van hulle oor nie.
12 Toe het hulle Sy woorde geglo, hulle het Sy lofprysing besing, [Eks 15]
13 maar hulle het God gou vergeet, hulle het nie in Sy raad vertrou nie,
14 maar in die wildernis na hulle begeertes gesmag en God getoets in die woestyn.
15 Hy het hulle gegee wat hulle gevra het en aan hulle oorvloed gegee.
16 Hulle was in die kamp ook jaloers op Mosheh en op Aharon, die afgesonderdes van יהוה.
17 Die aarde het oopgegaan en Datan ingesluk en die groep van Aviram bedek.
18 ’n Vuur is aangesteek onder hulle groep, die vlam het die bose verbrand.
19 Hulle het ’n kalf by Horev gemaak en neergebuig voor die gegote beeld.
20 So het hulle hul Opgeligte Een verruil vir die afbeelding van ’n bees wat gras eet.
21 Hulle het God, hulle Verlosser, vergeet, wat groot dinge gedoen het in Mitzrayim,
22 wonderdade in die land van Gam en vreeslike dinge by die Sufsee;
23 daarom het Hy gesê dat Hy hulle sal vernietig, as Mosheh, Sy gekose, nie voor Sy Teenwoordigheid vir hulle in die bres getree het om Sy woede weg te draai sodat Hy hulle nie sou vernietig nie. [Yeg 22:30]
24 Ja, hulle het die begeerlike land verag, Sy woord nie vertrou nie,
25 maar in hul tente gemurmureer en nie na die stem van יהוה geluister nie;
26 daarom het Hy Sy hand teen hulle opgelig om hulle te verstrooi tussen die ander nasies

27 en om ook hulle nageslag te verstrooi tussen die ander nasies en hulle los te laat in die lande.
28 Hulle het ook neergebuig voor die afgode van Ba'al-P'or en offerandes geëet wat aan die dooies geoffer is. Num 25:1-3
29 So het hulle Hom kwaad gemaak deur hulle dade, Hom kwaad gemaak deur hulle beelde en 'n plaag het skielik onder hulle uitgebreek.
30 Toe het Pingas opgestaan en oordeel uitgevoer en die plaag is gestop Num 25:7-11
31 en dit is vir hom gereken as 'n oorwinning, in alle geslagte vir ewig. Num 25:12,13
32 Hulle het Hom ook kwaad gemaak by die waters van M'rivah sodat dit met Mosheh sleg gegaan het as gevolg van hulle,
33 want hulle het gerebelleer teen sy gees sodat hy onverskillig gepraat het met sy lippe.
34 Hulle het nie die nasies vernietig wat יהוה hulle beveel het nie,
35 maar hulself was vermeng met die ander nasies en het hulle dade aangeleer
36 en hulle afgode gedien, wat 'n strik vir hulle was.
37 Ja, hulle het hulle seuns en hul dogters aan demone geoffer
38 en onskuldige bloed vergiet, die bloed van hul seuns en hul dogters wat hulle aan die afgode van Kena'an geoffer het en die land was besoedel deur bloed.
39 So is hulle onrein gemaak deur hul eie dade en het gaan hoereer met hul eie uitvindsels;
40 daarom het die woede van יהוה ontvlam teen Sy volk; soveel so dat Hy Sy eie erfenis verafsku het
41 en Hy het hulle in die hand van die ander nasies gegee en dié wat hulle gehaat het, het oor hulle geheers.
42 Ook het hulle vyande hulle onderdruk en hulle moes buig onder hul hand.
43 Baie keer moes Hy hulle red, maar húlle het Hom bitter gemaak deur hulle planne en hulle is verneder deur hulle boosheid.
44 Nogtans het Hy hulle benoudheid raakgesien en hulle gebed gehoor
45 en Hy het Sy verbond onthou en hulle jammer gekry en hulle gelei volgens die oorvloed van Sy goedheid.
46 Hy het hulle ook laat jammer kry deur almal wat hulle as gevangenes weggevoer het. 2 Kon 25:27-30
47 Verlos ons, יהוה, ons God en versamel ons vanuit die nasies sodat ons U afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit) kan loof en prys met uitgestrekte hande en U lofprysing hardop kan uitroep!
48 Geseënd is יהוה, die God van Yisra'el, Luk 1:68 vanaf ewigheid tot ewigheid en laat al die mense sê: "Dit is waar. Loof en eer Yah alleen!"

107 1 Loof en prys יהוה met uitgestrekte hande, want Hy is goed, want Sy goedheid duur vir ewig!
2 Laat die vrygekooptes van יהוה so sê, wat Hy losgekoop het uit die hand van die onderdrukker
3 en versamel het vanuit die lande, uit die ooste en die weste, uit die noorde en uit die eilande in die see.

4 Hulle was verdwaald in die wildernis, in ’n plek sonder water; hulle kon nie die regte pad na ’n bewoonde stad vind nie.
5 Honger en dors het hulle lewe inmekaar laat krimp.
6 Toe het hulle na יהוה uitgeroep in hul moeilikheid en Hy het hulle uit hul benoudheid bevry
7 en hulle gelei op die regte pad om na bewoonde dorpe te gaan.
8 Laat die regverdiges van יהוה Hom loof en prys met uitgestrekte hande, want Sy goedheid is op die seuns van die mens,
9 want Hy bevredig die lewe wat verlang en vul die honger lewe met goedheid.
10 Omdat dié wat sit in duisternis en die skaduwee van die dood, vasgebind in depressie en ysters,
11 gemurmureer het teen die woorde van God en die raad van die Allerhoogste verwerp het;
12 daarom het Hy hulle binneste deur moeite verneder; hulle het swak geword en daar was niemand om te help nie.
13 Toe het hulle tot יהוה gebid in hul moeilikheid en Hy het hul uit hul benoudheid gered.
14 Hy het hulle uitgebring vanuit die duisternis en die skaduwee van die dood en hulle bande verbreek.
15 Laat die regverdiges van יהוה Hom loof en prys met uitgestrekte hande, want Sy goedheid is oor die seuns van die mens,
16 want Hy het die poorte van koper verbreek en die ysterwering afgesny.
17 Hy het hulle vanuit hulle lewenswyses van sonde gehelp; Hy het hulle verlig vanuit hulle onderdrukking.
18 Hulle lewe het ’n afsku aan alle soorte kos gehad en hulle het naby die poorte van die dood gekom.
19 Toe het hulle tot יהוה uitgeroep in hul moeilikheid en Hy het hulle uit hul benoudheid verlos.
20 Hy het Sy boodskap gestuur en hulle genees en hulle bevry van vernietiging. [Spr 4:20-22]
21 Laat die regverdiges van יהוה Hom loof en prys met uitgestrekte hande, want Sy goedheid is op die seuns van die mens.
22 Offer aan Hom die offers van lof en eer met uitgestrekte hande en verklaar Sy werke met uitroepe.
23 Hulle wat na die see afgaan in skepe, wat handel drywe op baie waters,
24 húlle sien die werke van יהוה en Sy wonders in die dieptes,
25 want Hy beveel en lig die stormwind op wat die golwe daarvan opsweep.
26 Hulle hoop op tot in die lug en gaan weer af na die dieptes; hulle lewe is omgekrap in hulle.
27 Hulle swaai heen en weer soos ’n dronk man en is radeloos. [Ya’a 1:6; Efe 4:14]
28 Toe het hulle tot יהוה uitgeroep in hul moeilikheid en Hy het hulle uit hul benoudheid verlos.
29 Hy maak van die storm ’n stilte sodat sy golwe stil is. [Mar 4:39]
30 Toe was hulle bly omdat hulle rustig is en Hy bring hulle na hul hawe van begeerte.

31 Laat die regverdiges van יהוה Hom loof en prys met uitgestrekte hande, want Sy goedheid is oor die seuns van die mens.
32 Laat hulle Hom verhoog in die vergadering van die volk en Hom helder en duidelik loof in die sitting van die oudstes.
33 Hy verander riviere in ’n wildernis en waterfonteine in droë grond,
34 ’n vrugbare land in onvrugbaarheid, oor die boosheid van hulle wat daarin bly.
35 Hy verander die wildernis in poele van water en droë grond in waterfonteine
36 en daar laat Hy die hongeres bly sodat hulle dorpe kan bou en vestig
37 en die lande saai en wingerde plant en die vrugte daarvan eet.
38 Hy seën hulle ook dat hulle baie vermenigvuldig en hulle vee nie minder word nie.
39 Weer word hulle verminder en verneder deur onderdrukking, boosheid en smart.
40 Hy stort veragting uit oor heersers en laat hulle dwaal in die wildernis waar geen pad is nie.
41 Hy versterk die behoeftiges en vermenigvuldig hulle families soos kuddes.
42 Die regverdiges sal dit sien en hulle verheug en al die bose sal hulle monde toemaak.
43 Wie ook al wys is en hierdie dinge sien, hulle sal die liefdevolle goedheid van יהוה verstaan.

## 108

1 ’n Lied, ’n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
2 My verstand, wil en emosie is gereed, o God. Ek sal sing en musiek maak, selfs vanuit my oorvloed. [Ps 57:8-12]
3 Ontwaak my harp en lier! Ek self sal vroeg opstaan.
4 Ek wil U loof en dank met uitgestrekte hande onder die volke, o יהוה en ek wil sing en musiek maak tot U, onder die nasies,
5 want U goedheid is groot tot by die hemele en U waarheid tot by die hemel van hemele.
6 Wees U opgelig, o God, bo die hemele en U grootheid bo die hele aarde
7 dat dié vir wie U lief is, bevry kan word! Red my met U regterhand en antwoord my!
8 God het gepraat in Sy Afgesonderdheid: “Ek sal spring van vreugde, Ek sal Sh’khem verdeel en die vallei van Sukkot afmeet.
9 Gil’ad is Myne, M’nasheh is Myne, Efrayim is die plek van beskerming vir My kop, Y’hudah is My koning.
10 Mo’av is My waskom, Edom sal My skoen losmaak, oor P’leshet sal Ek uitroep van vreugde.”
11 Wie sal my bring tot in die versterkte stad? Wie sal my lei tot in Edom?
12 Sal U nie, o God wat ons weggegooi het, sal U nie, o God, saam met ons menigtes uitgaan nie?
13 Gee vir ons krag teen ons vyande, want nutteloos is die hulp van die mens.
14 Deur God sal ons kragtig optree, want dit is Hy wat ons vyande sal vertrap.

109 1 Vir die musiekleier: ’n gedig van Dawid, met instrumentale musiek. O God van my lofprysing, moenie stilbly nie,
2 want die mond van die bose en die mond van die bedrieër is oop teen my.
3 Hulle het teen my gepraat met ’n leuenagtige tong en ’n stem vol haat en hulle het sonder oorsaak teen my baklei.
4 Vir my liefde verag hulle my, maar ek het vir hulle gebid
5 en hulle het my goedheid met kwaad vergeld en my liefde met haat.
6 Beveel U wraak teen hulle en laat die teëstander aan hulle regterhand staan.
7 Wanneer hulle geoordeel word, laat hulle veroordeel word en laat hulle gebede sonde word.
8 Laat hulle dae min wees en laat ’n ander hul ampte oorneem. [Hand 1:20]
9 Laat hulle kinders vaderloos word en hulle vroue weduwees.
10 Laat hulle kinders oral rondswerwe en bedel en laat hulle hul brood soek vanuit hul verlate plekke.
11 Laat die skuldeisers alles vat wat hulle het en laat vreemdelinge hulle swak maak.
12 Laat daar niemand wees wat goedheid na hulle toe uitsteek en ook niemand om hulle vaderlose kinders jammer te kry nie.
13 Laat hulle einde vernietiging wees en laat hulle naam uitgevee word in die volgende geslag.
14 Laat die oortredinge van hulle vaders onthou word en יהוה nie die sonde van hulle moeders uitwis nie.
15 Laat dit altyddeur voor יהוה wees dat Hy hulle gedagtenis vanaf die aarde kan afsny
16 omdat hulle nie onthou het om onverdiende guns te bewys nie, maar die arme en behoeftige vervolg het en hom wie se binneste tot die dood toe vol smart was.
17 Soos wat hulle lief is om vloeke uit te spreek, laat dit so oor hulle kom [Spr 11:25] en soos hulle geen seën uitgespreek het nie, laat dit ver van hulle af wegbly.
18 Hulle het hulself geklee met vloeke soos met wapenrusting, dit het hulle binnegedring soos water en soos olie in hulle gebeentes.
19 Laat dit vir hulle wees soos ’n kleed wat hulle bedek en soos ’n gordel waarmee hulle gereeld omgebind word.
20 Hierdie is die dade van die teëstanders van יהוה en van hulle wat boosheid praat teen my,
21 maar U, יהוה, my Meester, doen goed aan my om U Naam (Karakter en Outoriteit) ontwil omdat U liefdevolle omgee goed is, bevry U my,
22 want ek is arm en behoeftig en my verstand, wil en emosie is gewond in my.
23 Ek buig neer soos die skaduwee wanneer dit uitrek; ek word rondgegooi soos die sprinkaan.
24 My knieë is swak deur te vas en my vlees teer weg.
25 Ek het vir hulle veragtelik geword; wanneer hulle na my kyk, skud hulle hul kop.
26 Help my, יהוה my God! Verlos my volgens U goedheid
27 sodat hulle kan weet dat hierdie U hand is en dat U, יהוה, dit gedoen het.
28 Laat hulle vervloek wees, maar U sal geseënd wees en laat U dienskneg hom verheug.

29 Laat hulle wat ’n wrok teen my het, beklee word met skaamte en laat hulle hulself daarmee bedek soos met ’n mantel.
30 Ek sal יהוה met my mond oorvloedig loof en prys met uitgestrekte hande, ja, ek sal Hom helder en duidelik loof,
31 want Hy het aan die regterhand van die arme gestaan om sy lewe te red van oordeel.

110 1 ’n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
יהוה het met my Meester gepraat: “Sit aan My regterhand totdat Ek U vyande U voetstoel maak.” Mat 22:43,44; Mar 12:36; 14:62; Luk 20:42,43; 22:69; Hand 2:34,35; Rom 16:20
2 יהוה sal die Septer van Sy krag vanuit Tziyon stuur Heb 1:8 en Hy sal heers oor U vyande.
3 U volk sal spontaan gewillig wees op die dag van U mag; vanaf die baarmoeder het Ek U voortgebring in die skoonheid van U afgesonderdheid, as ’n Kind vanaf alle eeue.
4 יהוה het gesweer en sal nie lieg nie: “U is ’n nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die voorbeeld van Malki-Tzedek.” Z’kh 6:13; Heb 5:6; 6:20; 7:17,21,28
5 Die Meester aan jou regterhand sal die konings oorwin op die dag van Sy woede.
6 Hy sal oordeel tussen die nasies, Hy sal die verslaandes tel, Hy sal die koppe van menigtes op die aarde afkap.
7 Hy sal drink uit die stroom op die pad; daarom sal Hy Sy kop hoog hou.

111 1 Loof Yah helder en duidelik! Ek wil יהוה loof en prys met uitgestrekte hande vanuit my hele verstand, wil en emosie, in die vergadering van die opregtes en in die byeenkoms.
2 Die dade van יהוה is groot; raakgesien deur almal wat ’n plesier daarin het.
3 Sy dade is majestueus en wonderlik en Sy onpartydige opregtheid duur voort vir ewig.
4 Hy het Sy wonderdade laat onthou; יהוה is vol onverdiende guns en omgee. Ya’a 5:11
5 Hy het kos gegee aan die wat Hom respekvol vrees; Hy sal altyd Sy verbond in gedagte hou.
6 Hy het die krag van Sy dade aan Sy volk gewys dat Hy aan hulle die erfenis van die ander nasies kan gee.
7 Die werke van Sy hande is waarheid en regverdige oordeel en hulle duur voort vir ewig en ewig.
8 Al Sy opdragte is seker en word gedoen in waarheid en opregtheid.
9 Hy het verlossing na Sy volk gestuur; Sy verbond sal altyd onthou word; Sy Naam (Karakter en Outoriteit) is afgesonderd en respekvol gevrees. Luk 1:50
10 Die respekvolle vrees van יהוה is die begin van wysheid; almal wat Sy opdragte uitvoer, het ’n goeie begrip. Sy lofprysing duur vir ewig. Spr 1:7; 9:10; 10:27

112 1 Loof Yah helder en duidelik! Gelukkig is die man wat יהוה respekvol vrees, wat blymoedig gehoorsaam is aan Sy opdragte.
2 Sy nageslag sal magtig wees op die aarde; hy sal geseënd wees in die geslag van die opregte.
3 Oorvloed en rykdom sal in sy huis wees en sy onpartydige opregtheid duur vir ewig.
4 Vir die opregtes skyn daar ’n lig in die duisternis. Hy het onverdiende guns en is vol omgee vir die regverdige.
5 Gelukkig is die man wat omgee wys en eenheid bring; hy sal sy sake met oordeel bestuur.
6 Hy sal sekerlik vir ewig nie beweeg word nie; die regverdige sal vir ewig onthou word.
7 Hy sal nie vrees vir slegte tyding nie; sy verstand, wil en emosie is vasgestel, vertrouend op יהוה.
8 Sy verstand, wil en emosie word versterk, hy sal nie vrees nie totdat hy op sy teëstanders neersien.
9 Hy het vryelik uitgegee, hy het vir die armes gegee; sy onpartydige opregtheid duur vir ewig en ewig; [2 Kor 9:9] sy horing sal opgelig word in eer.
10 Die bose sal dit sien en is omgekrap; hy sal sy tande kners en wegsmelt; die begeerte van die bose sal vernietig word.

113 1 Loof Yah helder en duidelik! Loof helder en duidelik, o diensknegte van יהוה, loof die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה helder en duidelik!
2 Geseënd is die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, van nou af aan vir ewig!
3 Vanaf die opkoms van die son tot by sy ondergang moet die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה helder en duidelik geloof word!
4 יהוה is hoog bo al die nasies en Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid bo die hemele.
5 Wie is soos יהוה, ons God, wat sit in die hoogte
6 en tog die dinge wat in die dieptes is, in die hemel en op die aarde, raaksien?
7 Hy lig die arme op uit die mishoop
8 dat Hy hom kan vestig by die prinse van die volk.
9 Hy laat die onvrugbare vrou huishou, ’n blymoedige moeder van kinders. Loof Yah helder en duidelik!

114 1 Toe Yisra’el uit Mitzrayim uitgegaan het, die huis van Ya’akov vanuit ’n volk met ’n vreemde taal,
2 was Y’hudah Sy afgesonderde en Yisra’el Sy heerskappy.
3 Die see het dit gesien en gevlug; die Yarden is teruggedryf.
4 Die berge het rondgespring soos ramme, die heuwels soos lammers van die trop.
5 Wat pla jou, o see, dat jy vlug; o Yarden, dat jy teruggedryf word,
6 julle berge, dat julle rondspring soos ramme en julle, heuwels, soos lammers van die trop?

7 Bewe, aarde, in die Teenwoordigheid van יהוה, in die Teenwoordigheid van die God
van Ya'akov,
8 wat die rots verander het in 'n poel van water, die harde klip in 'n waterfontein!

115 1 Nie aan ons nie, o יהוה, nie aan ons nie, maar gee eer en lof aan U Naam
(Karakter en Outoriteit), om U goedheid en waarheid se ontwil
2 sodat die ander nasies geen rede het om te sê: "Waar is hulle God nou?" nie.
3 Ons God is egter in die hemele; Hy het gedoen wat Hom tevrede stel.
4 Die afgode van die ander nasies is silwer en goud, die werk van mensehande.
5 Hulle het monde, maar praat nie; hulle het oë, maar sien nie;
6 hulle het ore, maar hoor nie; neuse, maar ruik nie;
7 hulle het hande, maar hulle voel nie; voete, maar hulle loop nie; ook praat hulle nie
deur hul kele nie. [1 Kor 12:2]
8 Laat die wat hulle maak en elkeen wat op hulle vertrou, net soos hulle word.
9 Die huis van Yisra'el, vertrou op יהוה; Hy is hulle Hulp en hulle Skild!
10 Die huis van Aharon, vertrou op יהוה; Hy is hulle Hulp en hulle Skild!
11 Julle wat יהוה respekvol vrees, vertrou op יהוה: Hy is julle Hulp en julle Skild.
12 יהוה het aan ons gedink; Hy sal ons seën, Hy sal die huis van Yisra'el seën, Hy sal
die huis van Aharon seën.
13 Hy sal hulle seën wat יהוה respekvol vrees, beide klein en groot.
14 יהוה sal julle meer en meer vermenigvuldig, julle en jul kinders.
15 Julle is geseënd deur יהוה wat hemel en aarde gemaak het.
16 Die hemele, selfs die hemele behoort aan יהוה, maar die aarde het Hy aan die seuns
van die mens gegee.
17 Nie die dooies, of enige een wat afgaan na die duisternis, loof יהוה helder en
duidelik nie,
18 maar óns sal voor יהוה buig, van nou af aan vir ewig. Loof Yah helder en
duidelik!

116 1 Ek het יהוה lief, want Hy hoor die stem van my smekinge.
2 Hy sal Sy oor na my toe draai op die dag wat ek uitroep na Hom.
3 Die spasmas van die dood het my omring en die pyne van Sh'ol het my gevind; ek
het moeilikheid en smarte gevind.
4 Toe het ek die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה aangeroep: "O, יהוה, red my
lewe."
5 יהוה wys onverdiende guns en is regverdig, ons God gee om.
6 יהוה bewaar die eenvoudiges; Hy het my nederig gemaak en my gered.
7 Keer terug na jou rus, o my lewe, want יהוה het jou goed behandel,
8 want Hy het my lewe gered uit die dood en my voete van val.
9 Ek sal vir U aanvaarbaar wees, o יהוה, in die lande van die lewendes.
10 Ek het vertrou; daarom het ek gepraat, [2 Kor 4:13] ek is uitermate nederig gemaak.
11 Ék het in my dwaasheid gesê: "Alle mense is leuenaars."
12 Wat sal ek aan יהוה bied vir al Sy voordele aan my?

13 Ek sal die beker van verlossing vat en die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה aanroep.
14 Ek sal nou my geloftes aan יהוה betaal in die teenwoordigheid van die hele volk.
15 Die dood van Sy afgesonderdes is kosbaar in die oë van יהוה.
16 O יהוה, sekerlik is ek U dienskneg; ek is U dienskneg en die seun van U diensmaagd; U het my bande losgemaak.
17 Ek sal aan U die offer van danksegging bring en die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה aanroep.
18 Ek sal nou my geloftes aan יהוה betaal in die teenwoordigheid van die hele volk,
19 in die howe van die huis van יהוה, binne-in jou, o Yerushalayim! Loof Yah helder en duidelik!

117 1 Loof יהוה helder en duidelik, alle nasies! Rom 15:11
Prys Hom hardop, al julle volke,
2 want Sy liefdevolle goedheid is groot oor ons en die waarheid van יהוה duur vir ewig. Loof Yah helder en duidelik!

118 1 Steek uit die hande tot יהוה, want Hy is goed en Sy goedheid duur vir ewig!
2 Laat Yisra’el nou sê dat Sy goedheid vir ewig duur!
3 Laat die huis van Aharon nou sê dat Sy goedheid vir ewig duur!
4 Laat hulle wat יהוה respekvol vrees nou sê dat Sy goedheid vir ewig duur!
5 Vanuit my benoudheid het ek uitgeroep tot יהוה; יהוה het my geantwoord en my bevry.
6 יהוה is my Hulp, ek sal nie vrees nie; wat kan ’n mens aan my doen? Heb 13:6
7 יהוה is my Helper; daarom sal ek my begeertes sien oor hulle wat my haat.
8 Dit is beter om op יהוה te vertrou as om vertroue in mense te plaas.
9 Dit is beter om op יהוה te vertrou as om vertroue in prinse te plaas.
10 Al die nasies het my omring, maar in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה sal ek hulle vernietig.
11 Hulle het my omsingel, ja, hulle het my omsingel, maar in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה sal ek hulle vernietig.
12 Hulle het my omsingel soos perdebye, hulle is geblus soos die vuur van dorings, want in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה sal ek hulle vernietig.
13 Ek is aanhoudend afgedruk om my te laat val, maar יהוה het my gehelp.
14 Yah is my Sterkte en Musiek en Hy het my Verlossing geword.
15 ’n Klank van uitroepe van blydskap en verlossing is in die tente van die regverdiges; die regterhand van יהוה doen kragtige dade.
16 Die regterhand van יהוה het my opgelig; die regterhand van יהוה doen kragtige dade.
17 Ek sal nie sterf nie, maar lewe en die dade van יהוה verkondig.
18 יהוה het my hard gedissiplineer, Heb 12:6-11 maar Hy het my nie aan die dood oorgegee nie.

19 Maak vir my die poorte van onpartydige opregtheid oop; ek sal daardeur ingaan en my hande uitsteek en יהוה loof.
20 Hierdie is die poort van יהוה waardeur die regverdiges sal ingaan.
21 Ek sal U loof met uitgestrekte hande, want U het my gehoor en my Verlossing geword.
22 Die Klip wat die bouers verwerp het, [Luk 20:17; Hand 4:11; Efe 2:20] het die Hoof Hoekklip geword.
23 יהוה het dit gedoen; dit is wonderbaarlik in ons oë. [Mat 21:42; Mar 12:10,11]
24 Hierdie is die dag wat יהוה gemaak het; ons sal in die rondte swaai van vreugde en bly wees in Hom.
25 Verlos my, o יהוה; o יהוה, bevry my!
26 Geseënd is hy wat kom in die Karakter en Outoriteit van יהוה! [Mat 23:39; Mar 11:9; Luk 13:35]
Ons het julle geseën vanuit die huis van יהוה. [Mat 21:9; Yog 12:13]
27 יהוה, ons God, gee vir ons lig, bind U ons feesvieringe met bande soos ’n ononderbroke ketting vas, selfs aan die horings van die altaar.
28 U is my God en ek sal U loof met uitgestrekte hande; U is my God en ek sal U verhoog.
29 Loof יהוה met uitgestrekte hande, want Hy is goed, want Sy goedheid duur vir ewig!

119 1 Gelukkig is hulle met integriteit en waarheid in hul lewenswandel, wat leef in die wet van יהוה.
2 Gelukkig is hulle wat Sy getuienisse hou en Hom met hulle hele verstand, wil en emosie soek.
3 Hulle doen ook geen boosheid nie; hulle leef in Sy lewenswyse. [1 Yog 2:6]
4 U het hulle beveel om U instruksies getrou uit te voer.
5 Ag, as my lewenswyse maar gerig was om U instellings te hou,
6 dan sal ek nie beskaamd staan, as ek al U opdragte uitgevoer het nie.
7 Ek sal U loof met uitgestrekte hande in opregtheid van verstand, wil en emosie, wanneer ek U regverdige oordele geleer het.
8 Ek sal U instellings hou; o, verlaat my nie heeltemal nie.
9 Met wat sal die jongman sy lewenswyse onskuldig maak sodat hy U opdragte kan uitvoer? [Spr 20:11]
10 Ek het U gesoek met my hele verstand, wil en emosie; laat my nie afdwaal van U opdragte nie.
11 U woorde het ek beskerm in my verstand sodat ek nie teen U sal sondig nie.
12 Geseënd is U, o יהוה! Leer my U instellings!
13 Met my lippe het ek al U regverdige oordele oorvertel.
14 Ek was verheug in die lewenswyse van U getuienisse; meer as in alle rykdom.
15 Ek het U instruksies oordink en is bekend met U lewenswyses.
16 Ek het U wet oordink sodat ek nie U boodskappe sal vergeet nie. [Deut 17:18-20]
17 Antwoord U dienskneg sodat ek kan lewe en U boodskappe gehoorsaam.
18 Maak U my oë oop sodat ek wonderlike dinge vanuit U wet kan raaksien.
19 Ek is ’n besoeker by U; steek nie U opdragte vir my weg nie.

20 My lewe is stukkend van verlange na U regverdige oordele ten alle tye.
21 U het die ander nasies bestraf en vervloek is hulle wat van U opdragte afdwaal.
22 Verwyder veragting en disrespek van my af, want ek het U getuienisse gehou.
23 Die leiers het gesit en beplan teen my, maar ek het U instellings oordink.
24 Ek het ook U getuienisse en U goeie raad oordink.
25 My lewe klou aan die stof; wek my op volgens U boodskap.
26 Ek het my lewenswyses verklaar en U het my gehoor; leer my U instruksies!
27 Laat my die werking van U wette verstaan en so U wonderdade oordink.
28 My lewe smelt weg van depressie; versterk my volgens U boodskap.
29 Verwyder van my die gebruike van die bose en leer my U wet.
30 Ek het die pad van U waarheid gekies; U regverdige oordele het my verheug.
31 Ek het vasgehou aan U getuienisse, o יהוה, maak my nie beskaamd nie!
32 Ek het geleef in die metodes van U opdragte, want U het my verstand, wil en emosie oopgemaak.
33 יהוה, leer my die werkinge van U opdragte en ek sal hulle tot die einde toe hou.
34 Gee vir my insig en ek sal U wet hou, ja, ek sal dit nakom met my hele verstand, wil en emosie.
35 Laat my loop op die pad van U opdragte, want daarin is ek bly.
36 Draai my verstand, wil en emosie na U getuienisse en nie na begeerlikhede nie.
37 Draai my oë weg dat hulle nie valsheid sal sien nie en wek my op in U lewenswyses.
38 Maak U boodskap vas aan U dienskneg, wat U respekvol vrees.
39 Draai my oneer weg, want U oordele is goed.
40 Let op, ek het my verheug in U instruksies, wek my op in U onpartydige opregtheid.
41 Laat U goedheid, U verlossing volgens U boodskap, ook na my toe kom, o יהוה
42 sodat ek iets sal hê waarmee ek die een kan antwoord wat my beswadder, want ek vertrou in U boodskap. [Yes 51:7]
43 Laat die boodskap van waarheid nie van my mond weggaan nie, want ek het versekerde verwagting in U regverdige oordele.
44 So sal ek U wet voortdurend hou, vir ewig en ewig
45 en ek sal in vryheid lewe, want ek is verheug in U opdragte.
46 Ek sal ook van U getuienisse voor konings bring en nie beskaam word nie
47 en ek sal U opdragte, wat ek lief het, oordink.
48 Ek sal my hande oplig na U opdragte wat ek lief het en U instellings oordink.
49 Onthou die woord aan U dienskneg, waarop U my versekerde verwagting gegee het.
50 Daarin is ek vertroos in my depressie, want U boodskap het my opgewek.
51 Die arrogante het my baie onderdruk; tog het ek nie van U wet afgewyk nie.
52 Ek het U regverdige oordele van ouds onthou, o יהוה en is vertroos.
53 Afgryse het my aangegryp vanweë die bose wat U wet verlaat.
54 U instellings is my liedere in die huis van my tydelike verblyf.
55 Ek het U Karakter en Outoriteit in die nag onthou, o יהוה en het U wet gehou.
56 Ek is vertroos omdat ek U opdragte gehou het.

57 Ek het die dinge van יהוה oordink sodat ek U opdragte kan doen.
58 Ek het U guns met my hele verstand, wil en emosie afgesmeek; red my volgens U boodskap.
59 Ek het my lewenswyse oordink en my voete na U pad toe gedraai.
60 Ek het myself voorberei en nie uitgestel om U opdragte te doen nie.
61 Die strikke van die bose het my omring, maar ek het nie afgewyk van U wet nie.
62 Om middernag staan ek op om U te loof met uitgestrekte hande as gevolg van U regverdige oordele.
63 Ek is ’n vriend van almal wat U respekvol vrees en van hulle wat U instruksies bewaar.
64 יהוה, die aarde is vol van U goedheid; leer my U instellings.
65 U, יהוה, het goed gedoen aan U dienskneg, volgens U boodskap.
66 Leer my ’n goeie insig en kennis, want ek het U opdragte vertrou.
67 Selfs voordat ek onderdruk was, het ek afgedwaal, maar ek het U boodskap gehou.
68 U is goed en doen goed; leer my U instellings.
69 Die onregverdigheid van die trotses het vermeerder, maar ek bewaar U instruksies met my hele verstand, wil en emosie.
70 Hulle verstand, wil en emosie is dikvellig, maar ek verheug my in U wet.
71 Dit is goed vir my dat ek nederig gemaak is sodat ek U instellings kon leer.
72 Die wet van U mond is vir my beter as duisende dinge van goud en silwer.
73 U hande het my gemaak en my gevestig; gee vir my onderskeiding sodat ek U opdragte kan leer
74 sodat dié wat U respekvol vrees, mag sien en hul verheug, want ek het ’n versekerde verwagting in U boodskap.
75 O יהוה, ek weet dat U oordele onpartydig opreg is en dat U my in U getrouheid nederig gemaak het.
76 Laat U liefdevolle goedheid vir my tot troos wees volgens U boodskap aan U dienskneg.
77 Laat U liefdevolle omgee na my toe kom sodat ek kan lewe, want U wet is vir my geleer.
78 Laat die bose beskaamd staan, want hulle het my onregverdig verneder, maar ek het U instruksies oordink.
79 Laat hulle wat U respekvol vrees, na my toe draai, saam met hulle wat U getuienisse ken.
80 Laat my verstand, wil en emosie opreg wees in U instellings sodat ek nie beskaamd sal word nie.
81 My lewe het verlang na U verlossing en my versekerde verwagting is in U boodskap.
82 My oë wag op U boodskap, wanneer U my sal vertroos,
83 want ek het alle ontering gely, tog het ek nie U instellings vergeet nie.
84 Hoeveel is die dae van U dienskneg? Wanneer sal U regverdige oordeel uitoefen op hulle wat my vervolg?
85 Die bose het ’n put vir my gegrawe. Dit is nie volgens U wet nie.

86 Al U opdragte is vertrouenswaardig; tog vervolg die bose my!
87 Hulle het my amper vernietig op die aarde, maar ek het nie U instruksies verlaat nie.
88 Wek my op volgens U liefdevolle goedheid; so sal ek die getuienis van U mond hou.
89 U is vir ewig, o יהוה, U boodskap is gevestig in die hemele.
90 U getrouheid is vir alle geslagte; U het die aarde gevestig en dit bly staan.
91 Hulle hou vandag steeds aan volgens U oordele, want almal is U diensknegte.
92 As U wet nie my oordenking was nie, dan sou ek gesterf het in my depressie.
93 Ek sal U instruksies nooit vergeet nie, want hulle is my lewe.
94 Ek behoort aan U, red my, want ek het U instruksies gehou.
95 Die bose het op my gewag, om my te vernietig, maar ek verstaan U getuienisse.
96 Ek het die einde van alle volmaaktheid gesien, maar U opdrag is baie wyd.
97 Hoe lief het ek U wet, dit is die hele dag lank my oordenking.
98 Maak my wyser as my vyande, want ek het U opdragte gehoorsaam.
99 Gee my meer begrip as al my leermeesters, want U getuienisse is my oordenking.
100 Ek verstaan meer as die oudstes, want ek hou U instruksies.
101 Ek het my voete weerhou van elke bose pad sodat ek U opdragte mag doen.
102 Ek het nie van U oordele afgewyk nie, want U het my geleer.
103 Hoe soet is U boodskappe om te proe, soeter as heuning in my mond. [Yeg 3:3]
104 Deur U instruksies kry ek verstand; [Spr 2:6] daarom haat ek die lewenswyse van die bose.
105 U boodskap is ’n lamp vir my voet en ’n lig op my pad. [2 Sh’m 22:29; Spr 6:23]
106 Ek het gesweer en ek sal dit doen, om U regverdige oordele te hou.
107 Ek is baie verdruk; wek my op, o יהוה, volgens U boodskap!
108 Wees bly oor die woorde van my mond, o יהוה en leer my U uitsprake.
109 My lewe is voortdurend in U hande; ek vergeet nie U wet nie. [Spr 4:13]
110 Sondaars het ’n strik vir my gespan; tog het ek nie afgewyk van U opdragte nie.
111 Ek het U getuienisse vir ewig as ’n erfenis geneem, want hulle is die vreugde van my verstand, wil en emosie.
112 Ek het my verstand, wil en emosie daarop gerig om U instellings waarlik te doen, selfs tot die einde toe.
113 Ek haat die bose, maar U wet het ek lief. [Spr 4:14-27]
114 U is my Skuilplek en my Skild; my versekerde verwagting is in U boodskap.
115 Gaan weg van my julle boosdoeners sodat ek die opdragte van my God kan uitvoer!
116 Versterk my volgens U boodskap en ek sal lewe en laat my nie beskaamd wees as gevolg van my versekerde verwagting nie.
117 Help my en ek sal veilig wees en ek sal voortdurend let op U instellings.
118 U het almal verwerp wat van U instellings afdwaal, want hulle gedagtes is bedrieëry.
119 Onderhou U my en ek sal veilig wees en altyd U opdragte oordink.
120 My vlees krimp ineen uit vrees vir U en ek is bang vir U oordele.

121 U wat regverdige oordeel en regverdigheid toepas, los my nie in die hand van my onderdrukkers nie.
122 Vertroos U dienskneg met goedheid; laat die arrogante nie sleg praat van my nie.
123 My oë verlang na U verlossing en na die boodskap van U onpartydige opregtheid.
124 Handel met U dienskneg volgens U goedheid en leer my U instellings.
125 Ek is U dienskneg, gee my U begrip sodat ek U getuienisse kan ken.
126 Dit is tyd om יהוה te dien, want hulle het U wet tot niks gemaak;
127 daarom het ek U opdragte meer lief as goud, ja, meer as kosbare stene;
128 daarom het ek al U instruksies lief en ek haat al die metodes van die bose.
129 U getuienisse is wonderlik; daarom onderhou my lewe hulle.
130 Maak U boodskap eenvoudig, gee lig en gee begrip aan die eenvoudiges.
131 Ek het my mond oopgemaak en gehyg, want ek het verlang na U opdragte.
132 Kyk af op my met onverdiende guns, want ek het U Naam (Karakter en Outoriteit) lief.
133 Rig my voetstappe op U pad, laat die bose nie oor my heers nie. [Spr 4:25-27]
134 Bevry my van die onderdrukking van mense sodat ek U instruksies kan hou.
135 Laat U gesig skyn oor U dienskneg en leer my U instellings.
136 Riviere van water hardloop by my oë af, want mense onderhou nie U wet nie.
137 U is regverdig, o יהוה en U oordele is reguit.
138 U het U getuienisse in onpartydige opregtheid en betroubaarheid beveel.
139 Ywer het my verteer omdat U vyande U boodskap vergeet het.
140 U boodskap is baie suiwer; daarom het U dienskneg dit lief.
141 Ek is klein en word verag, tog vergeet ek nie U instruksies nie.
142 U onpartydige opregtheid is vir ewig en U wet is waarheid.
143 Moeilikheid en angs het my beetgepak, tog het ek U opdragte oordink.
144 Die onpartydige opregtheid van U getuienisse is vir ewig; gee vir my begrip en ek sal lewe.
145 Ek het uitgeroep met my hele verstand, wil en emosie; hoor my, o יהוה! Ek sal U instellings bewaar.
146 Ek het uitgeroep na U; red my en ek sal U getuienisse onderhou.
147 Ek het opgestaan by die breek van die oggend en uitgeroep; ek het 'n versekerde verwagting in U boodskap.
148 My oë is oop voor die nagwake sodat ek U boodskap kan oordink.
149 Hoor my stem volgens U liefdevolle goedheid; o יהוה, wek my op volgens U oordele.
150 Hulle kom nader wat bose planne najaag, hulle is ver van U wet af.
151 U, o יהוה, is naby en al U opdragte is waarheid.
152 Aangaande U getuienisse: ek het van ouds af geweet dat U hulle vir ewig gevestig het.
153 Oorweeg my verdrukking en bevry my, want ek vergeet nie U wet nie.
154 Oordeel my saak en bevry my; wek my op volgens U boodskap.
155 Verlossing is ver van die bose, want hulle soek nie U instellings nie.
156 Groot is U liefdevolle omgee, o יהוה, wek my op volgens U oordele.

157 My vervolgers en my vyande is baie, nogtans wyk ek nie af van U getuienisse nie.
158 Ek het die oortreders gesien en ek het geweet dat hulle nie U boodskap hou nie.
159 Oorweeg hoe ek U instruksies lief het; wek my op, o יהוה, volgens U liefdevolle goedheid.
160 Die fondasie van U boodskap is waarheid en elkeen van U regverdige oordele duur vir ewig.
161 Prinse het my sonder rede vervolg, maar my verstand, wil en emosie staan in ontsag vir U boodskap.
162 Ek verheug my oor U boodskap, soos iemand wat baie buit vind.
163 Ek haat en verafsku onwaarheid, maar U wet het ek lief.
164 Sewe keer per dag loof ek U helder en duidelik as gevolg van U regverdige oordele.
165 Hulle wat U wet lief het, het groot vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid en hulle sal geen swakheid hê nie.
166 O יהוה, ek het ’n versekerde verwagting vir U verlossing en het U opdragte uitgevoer.
167 My lewe het U getuienisse gehou en ek het hulle uitermate lief.
168 Ek het U opdragte en U getuienisse gehou, want al my doen en late is voor U.
169 Laat my uitroep voor U kom, o יהוה, red my volgens U boodskap.
170 Laat my smeking voor U Teenwoordigheid kom; bevry my volgens U boodskap.
171 My lippe sal U lofprysinge uiter, wanneer U my U instellings geleer het.
172 My tong sal praat van U boodskap, want al U opdragte is onpartydig opreg.
173 Laat U hand my help, want ek het my verheug in U instruksies.
174 Ek het verlang na U verlossing, o יהוה en ek oordink U wet.
175 Laat my lewe en ek sal U helder en duidelik loof en laat U regverdige oordele my help.
176 Ek het verdwaal soos ’n verlore skaap; soek na U dienskneg, want ek vergeet nie U opdragte nie.

## 120

1 ’n Lied vir die opgaan na die feeste.
In my benoudheid het ek uitgeroep na יהוה en Hy het my gehoor.
2 Bevry my lewe, o יהוה, van valse lippe en tonge wat mislei!
3 Wat sal Hy vir jou gee of wat sal vir jou bygevoeg word, o tong wat mislei?
4 Die pyle van die magtige manne is skerp, hulle is soos warm kole van eike.
5 Wee my dat my vreemdelingskap verleng word in Meshekh en dat ek in die tente van Kedar bly!
6 My lewe het lank gebly by hulle wat die vrede haat.
7 Ek is vir vrede, maar as ek praat, baklei hulle met my.

## 121

1 ’n Lied vir die opgaan na die feeste.
Ek lig my oë op na die berge, van waar sal my hulp kom?
2 My hulp is van יהוה wat hemel en aarde gemaak het.

3 Hy sal jou voet nie laat struikel nie; jou Bewaarder sal nie sluimer nie.
4 Let op, die Bewaarder van Yisra’el sal nie sluimer of slaap nie.
5 יהוה is jou Bewaarder; יהוה sal jou beskerm met Sy regterhand.
6 Die son sal jou bedags nie steek nie, die maan ook nie in die nag nie.
7 יהוה sal jou bewaar van alle boosheid, Hy sal jou lewe bewaar.
8 יהוה sal jou uitgaan en jou ingaan bewaar, van nou af aan vir ewig.

122 1 ’n Lied vir die opgaan na die feeste; van Dawid.
Ek was verheug toe hulle vir my gesê het: “Laat ons na die huis van יהוה gaan!”
2 My voete sal in jou poorte staan, o Yerushalayim!
3 Yerushalayim is gebou soos ’n stad wat omring is deur ’n muur,
4 waarheen die stamme opgaan, die stamme van יהוה, tot getuienis van Yisra’el, om met uitgestrekte hande die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה te loof,
5 want daar is trone van oordeel opgestel, die trone van die huis van Dawid.
6 Bid vir die vrede van Yerushalayim; hulle wat jou lief het, sal voorspoedig wees!
7 Mag vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid binne jou mure wees en veiligheid binne jou paleise!
8 Ter wille van my broers en my vriende sal ek nou sê: “Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid in jou!”
9 Ter wille van die huis van יהוה, ons God, sal ek soek wat goed is vir jou.

123 1 ’n Lied vir die opgaan na die feeste.
Ek lig my oë op na U wat in die hemel woon.
2 Let op, soos die oë van die diensknegte na hulle meesters gerig is en soos die oë van die diensmaagd na haar meesteres gerig is, so is ook ons oë op יהוה, ons God, gerig totdat Hy onverdiende guns aan ons bewys.
3 U onverdiende guns; o יהוה, bewys aan ons U onverdiende guns, want ons het baie veragting aangehoor.
4 Ons lewe het genoeg gehad van die spot van die selftevredenes en genoeg van die veragting van die trotsaards!

124 1 ’n Lied vir die opgaan na die feeste; van Dawid.
As dit nie יהוה was wat aan ons sy gestaan het nie, laat Yisra’el nou so sê:
2 As dit nie יהוה was wat aan ons sy gestaan het toe manne teen ons opgestaan het nie,
3 dan sou hulle ons lewendig verslind het toe hulle woede teen ons ontvlam het;
4 dan sou hulle ons in die waters verdrink het; die stroom sou oor ons gegaan het;
5 dan sou die groot waters oor ons gegaan het.
6 Geseënd is יהוה wat ons nie as prooi aan hulle tande oorgegee het nie!
7 Ons lewens het ontsnap soos ’n voël uit die strik van die voëlvangers; die strik is gebreek en ons is bevry.
8 Ons hulp is in die Karakter en Outoriteit van יהוה wat hemel en aarde gemaak het.

125 1 ’n Lied vir die opgaan na die feeste.
Hulle wat op die berg van Tziyon op יהוה vertrou, sal nie beweeg word nie, maar sal vir ewig daar bly. [Yeg 43:12]
2 Soos die berge rondom Yerushalayim is, so is יהוה rondom Sy volk van nou af en vir ewig, [Yeg 43:7]
3 want die lat van die bose sal nie rus op die toegestaande gedeelte van die regverdiges nie; net so sal die regverdiges nie hulle hande uitsteek na boosheid nie.
4 Doen goed, o יהוה, aan die wat goed en opreg in hulle verstand, wil en emosie is.
5 יהוה sal dié wat wegdraai na hulle verdraaide paaie verstrooi saam met die werkers van sinnelose boosheid, maar vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid sal oor Yisra’el wees!

126 1 ’n Lied vir die opgaan na die feeste.
Toe יהוה die mense van Tziyon teruggebring het uit gevangenskap, was ons soos hulle wat hul verheug.
2 Toe is ons mond gevul met gelag en ons tong met harde sang; toe het hulle onder die ander nasies gesê: “יהוה het groot dinge vir hulle gedoen.”
3 יהוה het groot dinge vir ons gedoen; daarom is ons verheug!
4 O יהוה, verander weer ons gevangenskap, soos die strome in die Suidland.
5 Hulle wat in trane saai, sal in vreugde maai.
6 Hy wat uitgaan en huil en kosbare saad dra, sal ongetwyfeld weer kom met vreugde en sy gerwe saam met hom bring.

127 1 ’n Lied vir die opgaan na die feeste; van Shlomo.
As יהוה die huis nie bou nie, werk die wat daaraan bou tevergeefs; [Heb 3:4] as יהוה die stad nie bewaar nie, bly die wagter tevergeefs wakker.
2 Dit is doelloos vir hulle wat vroeg opstaan, wat laat opbly; hulle eet brood van smarte, want Hy gee aan die een wat Hy lief het dieselfde in sy slaap!
3 Let op, seuns is ’n erfenis vanaf יהוה en die vrug van die baarmoeder is ’n beloning.
4 Soos pyle in die hand van ’n magtige man, so is seuns van die jeug.
5 Geseënd is die man wat sy pylkoker vol het daarvan! Hy sal nie beskaamd staan nie, maar met vyande in die poort praat.

128 1 ’n Lied vir die opgaan na die feeste.
Geseënd is elkeen wat יהוה respekvol vrees, wat in Sy lewenswyse leef,
2 want jy sal die opbrengs van jou hande eet. Jy sal gelukkig wees en dit sal met jou goed gaan!
3 Jou vrou sal wees soos ’n vrugbare wingerdstok in jou huis; jou seuns soos olyfboompies rondom jou tafel.
4 Let op, so sal die man wat יהוה respekvol vrees, geseën word.

5 יהוה sal jou seën vanuit Tziyon en jy sal die goeie van Yerushalayim sien, al die dae van jou lewe!
6 Ja, jy sal jou kinders se kinders en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid oor Yisra’el sien!

129 1 ’n Lied vir die opgaan na die feeste.
Hulle het my onderdruk van my jeug af; laat Yisra’el dit sê:
2 “Baie keer het hulle my onderdruk van my jeug af, tog het hulle nie staande gebly teen my nie.
3 Hulle het op my rug geploeg, hulle vore lank gemaak.
4 יהוה is regverdig, Hy sal die bande van die bose afkap.
5 Laat hulle wat Tziyon haat, beskaamd staan en terugdraai.
6 Laat hulle wees soos gras op die dakke wat uittrek en verdroog as die wind dit tref,
7 waarmee die maaier nie sy hand vul nie en die gerwebinder nie sy arm nie.”
8 Ook sê die wat verbygaan nie: “Die seën van יהוה oor julle! Ons seën julle in die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה,” nie.

130 1 ’n Lied vir die opgaan na die feeste.
Vanuit die dieptes het ek U aangeroep, o יהוה en U het my stem gehoor.
2 יהוה, laat U ore aandag gee aan die stem van my smekinge.
3 As U, o Yah, permissiwiteit sou opskryf, o יהוה, wie sal staande bly?
4 Omdat vergifnis van U af kom, kan U respekvol gevrees word.
5 Ek vertrou in יהוה; my lewe wag vir Sy boodskap.
6 Ek het gewag op יהוה vanaf die oggendwag tot die aandwag toe.
7 Laat Yisra’el met versekerde verwagting wag op יהוה; vanaf יהוה kom goedheid en oorvloedige bevryding.
8 Hy sal Yisra’el loskoop uit al sy boosheid.

131 1 ’n Lied vir die opgaan na die feeste; van Dawid.
O יהוה, my verstand, wil en emosie is nie hoogmoedig en my oë nie verhewe nie; ek tree nie op in groot sake of in dinge te hoog vir my nie.
2 Sekerlik het ek myself verneder en stil gemaak, soos ’n kind wat van sy ma gespeen word; my lewe is ook soos ’n gespeende kind.
3 Laat Yisra’el ’n versekerde verwagting hê in יהוה, van nou af en vir ewig!

132 1 ’n Lied vir die opgaan na die feeste.
O יהוה, onthou vir Dawid en al sy benoudhede;
2 hoe hy aan יהוה gesweer het en ’n gelofte gedoen het aan die Magtige God van Ya’akov:
3 “Sekerlik sal ek nie ingaan in die tent van my huis of op my bed klim nie;
4 ook sal ek nie slaap vir my oë of sluimering vir my ooglede gee nie
5 totdat ek ’n plek gevind het vir יהוה, ’n huis vir die Magtige God van Ya’akov!”

6 Let op, ons het daarvan gehoor in Efratah; ons het dit in die velde gevind.
7 Ons sal in Sy tent ingaan, ons sal neerval voor Sy voetstoel.
8 Staan op, o יהוה, gaan in in die plek van U rus, U en die ark van U krag!
9 Laat U priesters aangetrek wees in onpartydige opregtheid [Open 19:8] en U afgesonderdes uitroep van vreugde.
10 Draai nie die gesig van U gesalfde weg nie, ter wille van U dienskneg, Dawid.
11 יהוה het in waarheid tot Dawid gesweer (Hy sal daarvan nie wegdraai nie): “Van die vrug van jou liggaam sal Ek jou troon opstel. [Hand 2:30]
12 As jou seuns My verbond sal hou en My getuienisse wat hulle sal leer, dan sal húlle seuns ook vir ewig op jou troon sit,
13 want יהוה was verheug met Tziyon, Hy het dit gekies as Sy blyplek.
14 Dit is My rus vir ewig; hier sal Ek bly, want Ek het dit begeer.
15 Ek sal haar jagters oorvloediglik seën; Ek sal haar behoeftiges versadig met brood.
16 Ek sal ook haar priesters aantrek met verlossing en haar afgesonderdes sal uitroep van vreugde.
17 Daar sal Ek die horing van Dawid laat blink en ’n lig aansteek vir sy gesalfde.
18 Ek sal sy vyande met skaamte aantrek, maar My afgesonderdheid sal hom oordek.”

## 133
1 ’n Lied vir die opgaan na die feeste; van Dawid.
Let op, hoe goed en hoe aangenaam is dit vir broers om saam te wees in eenheid!
2 Dit is soos die kosbare olie op die kop en op die baard, die baard van Aharon, wat afloop op die kraag van sy kleed,
3 soos die dou van Hermon wat val op die berg van Tziyon, want daar het יהוה die seën beveel, die lewe vir ewig!

## 134
1 ’n Lied vir die opgaan na die feeste.
Let op, seën יהוה, o al julle diensknegte van יהוה wat snags in die huis van יהוה staan!
2 Lig julle hande op in die afgesonderde plek en seën יהוה!
3 יהוה seën jou vanuit Tziyon, Hy wat hemel en aarde gemaak het!

## 135
1 Loof Yah helder en duidelik! Prys die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה helder en duidelik! Vier fees, o diensknegte van יהוה,
2 wat staan in die huis van יהוה, in die kamers van die huis van ons God!
3 Loof יהוה helder en duidelik, want יהוה is goed; sing en maak musiek tot Sy Naam (Karakter en Outoriteit), want dit is aangenaam,
4 want יהוה het Ya’akov vir Homself gekies, Yisra’el as Sy rykdom. [Deut 14:2; Tit 2:14]
5 Ek weet dat יהוה groot is en dat ons Meester bo alle gode is.
6 Wat ook al יהוה tevrede stel, dit doen Hy in die hemel en op die aarde, in die seë en in al die dieptes.

7 Hy laat die wolke opgaan vanaf die eindes van die aarde, Hy maak weerligstrale vir die reën, Hy bring die wind uit Sy skatkamers.
8 Hy tref die eersgeborenes van Mitzrayim, beide mens en dier;
9 Hy wat Sy tekens en wonders binne-in jou gestuur het, o Mitzrayim, teen Farao en teen al sy diensknegte;
10 wat baie nasies verslaan het en magtige konings gedood het:
11 Sigon, koning van die Emoriete en `Og, die koning van Bashan en al die koninkryke van Kena’an
12 en hulle land as ’n erfenis gegee het, ’n erfenis aan Yisra’el, Sy volk.
13 U Naam (Karakter en Outoriteit), o יהוה, duur voort vir ewig en U herinnering, יהוה, deur alle geslagte,
14 want יהוה sal Sy volk oordeel en Hom verbly in Sy diensknegte.
15 Die afgode van die ander nasies is silwer en goud, die werk van mensehande.
16 Hulle het monde, maar hulle praat nie; hulle het oë, maar hulle sien nie;
17 hulle het ore, maar hulle hoor nie; daar is ook geen asem in hulle monde nie.
18 Laat dié wat hulle maak en elkeen wat in hulle vertrou, net soos hulle word. [Ps 115:4]
19 Seën יהוה, o huis van Yisra’el! Seën יהוה, o huis van Aharon!
20 Seën יהוה, o huis van Levi! Julle wat יהוה respekvol vrees, seën יהוה!
21 Geseënd is יהוה vanuit Tziyon, Hy wat in Yerushalayim bly! Loof Yah helder en duidelik!

136 1 Loof יהוה met uitgestrekte hande, want Hy is goed, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig.
2 Loof die God van die gode met uitgestrekte hande, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig.
3 Loof die Meester van meesters met uitgestrekte hande, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
4 Hom wat alleen groot wonders doen, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
5 Hom wat die hemele met Godskennis gemaak het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
6 Hom wat die aarde bo die waters uitgestrek het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
7 Hom wat die groot ligte gemaak het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
8 die son om te heers oor die dag, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
9 die maan en sterre om te heers oor die nag, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
10 Hy wat die eersgeborenes van die Mitzrayimiete getref het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
11 Yisra’el tussen hulle uit gebring het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
12 met ’n sterk hand en met ’n uitgestrekte arm, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
13 Hy wat die Sufsee in dele verdeel het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig
14 en Yisra’el deur dit laat gaan het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig,

15 maar Farao en sy leër in die Sufsee oorwin het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig.
16 Aan Hom wat Sy volk deur die wildernis gelei het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
17 aan Hom wat groot konings verslaan het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig
18 en magtige konings verslaan het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig:
19 Sigon, die koning van die Emoriete, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig,
20 `Og, die koning van Bashan, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig
21 en hulle land as ’n erfenis gegee het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
22 as ’n erfenis aan Yisra’el, Sy dienskneg, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
23 wat ons in ons vernedering onthou het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig
24 en ons van ons vyande gered het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
25 wat kos gee vir alle vlees, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig.
26 O, loof die God wat in die hemele is met uitgestrekte hande, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig.

137 1 By die riviere van Bavel, daar het ons gesit; ja, ons het gehuil toe ons Tziyon onthou.
2 Ons het ons harpe aan die wilgerbome in Bavel opgehang,
3 want daar het hulle wat ons as gevangenes weggevoer het, van ons ’n lied gevra en ons veroweraars het vir ons gesê: “Sing vir ons een van die liedere van Tziyon.”
4 Hoe kan ons die lied van יהוה in ’n vreemde land sing?
5 As ek jou vergeet, o Yerushalayim, laat my regterhand my vergeet!
6 As ek jou nie onthou nie, laat my tong aan my verhemelte vaskleef, as ek Yerushalayim nie verkies bo my grootste blydskap nie.
7 יהוה, onthou die seuns van Edom op die dag van Yerushalayim, hulle wat gesê het: “Vernietig dit, vernietig dit, selfs tot op die fondasies daarvan!” Yeg 35:1-15
8 O dogter van Bavel, wat buit neem, geseënd sal hy wees wat jou sal vergeld soos wat jy ons behandel het!
9 Geseënd sal hy wees wat jou kinders gryp en vernietig teen die rots!

138 1 ’n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
Ek sal U met uitgestrekte hande loof met my hele verstand, wil en emosie; ek sal voor die konings sing en musiek maak tot U.
2 Ek sal op my gesig neerval in U afgesonderde tempel en U Naam (Karakter en Outoriteit) met uitgestrekte hande loof vir U liefdevolle goedheid en vir U waarheid, want U het U volle boodskap bo U Naam (Karakter en Outoriteit) opgelig.
3 Op die dag dat ek uitgeroep het na U, het U my geantwoord en die krag van my lewe verhoog.

4 Al die konings van die aarde sal U loof met uitgestrekte hande, o יהוה, want hulle het die woorde van U mond gehoor en daarna geluister;
5 ja, hulle sal die lewenswyses van יהוה besing, want die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה is groot.
6 Alhoewel יהוה verhewe is, sien Hy nogtans die wat laag neergebuig is, maar die trotse ken Hy van ver.
7 Alhoewel ek te midde van moeilikheid loop, sal U my red; U sal U hand uitsteek teen die woede van my vyande en U regterhand sal my verlos.
8 O יהוה, voltooi dit vir my! U goedheid, o יהוה, duur vir ewig; moenie die werke van U eie hande laat staan nie!

139 1 Vir die musiekleier: ’n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
יהוה, U het my deursoek en U ken my.
2 U ken my sit en my opstaan; U verstaan my gedagtes van bo af.
3 U ken my lewenswyse en my pad en is bekend met al my dade,
4 want as daar misleiding op my tong is, let op, o יהוה, U ken dit volledig.
5 U ken my van begin tot einde, want U het my gevorm en U hand op my gelê.
6 Sulke kennis is te wonderlik vir my, dit is hoog, ek kan nie daar bykom nie.
7 Waar sou ek heengaan van U Gees af, of waarheen sal ek vlug van U Teenwoordigheid af?
8 Klim ek op, die hemel in, U is daar; gaan ek af na Sh’ol, let op, U is ook daar!
9 As ek my vlerke oplig soos die van ’n arend en bly in die verste dele van die see,
10 selfs ook daar sal U hand my lei en U regterhand my vashou [Yeg 48:35]
11 wanneer ek sê: “Die duisternis sal sekerlik soos lig oor my wees; selfs die nag sal lig wees voor my gesig.”
12 Duisternis sal nie vir U donker wees nie, maar die nag skyn soos die dag; duisternis en lig is dieselfde vir U,
13 want U het my binneste gevorm, [Iyov 10:11] U het my aanvaar vanaf my moeder se baarmoeder.
14 Ek sal U loof met uitgestrekte hande, as gevolg van die wonders wat U gedoen het; wonderbaar is U werke en my lewe weet dit alte goed.
15 My wese, toe ek in die geheim gemaak is, lieflik geweef in die baarmoeder van die aarde, is nie vir U verborge nie. [Iyov 10:8; Pred 11:5]
16 U oë het my wese gesien, tog nog onvolmaak en al hierdie dinge in U boek geskryf, selfs voordat die dag bestaan het en die mens tot bestaan gebring is. [Yir 1:5; Open 20:12]
17 Hoe kosbaar is U gedagtes vir my, o God! Hoe geweldig is die som daarvan!
18 As ek die beste van hulle sou tel, is hulle meer in getal as die korrels sand; wanneer ek wakker word, is ek steeds by U.
19 Sekerlik sal U, o God, die bose neerslaan. Gaan dus weg van my, julle manne van bloedvergieting,
20 want hulle praat boos teen U en U vyande staan op in boosheid!
21 Ek haat hulle wat U haat, o יהוה en verafsku hulle wat teen U opstaan.
22 Ek haat hulle met ’n volmaakte haat; ek sien hulle as my vyande!

23 Deursoek my, o God en ken my verstand, wil en emosie; toets my en ken my lewenswyses [Yir 17:10]
24 en kyk of daar enige bose manier in my is en lei my op die ewige pad! [1 Yog 1:7-9]

## 140
1 Vir die musiekleier: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
2 Bevry my, יהוה, van bose manne, beskerm my van die manne van geweld
3 wat bose dinge in hulle verstand, wil en emosie uitdink, wat aanhoudend stryd opwek.
4 Hulle het hul tonge skerp gemaak soos 'n slang; [Rom 3:13] gif van 'n adder is onder hulle lippe.
5 Hou my, יהוה, uit die hande van die bose; beskerm my teen manne van geweld wat beplan om my vooruitgang te stop.
6 Trotsaards het vir my 'n strik weggesteek; die toue van hulle net oor my paaie gespan; hulle het strikke vir my gestel.
7 Ek het vir יהוה gesê: "U is my God; hoor die stem van my smekinge, o יהוה.
8 יהוה, Meester, my kragtige Verlosser, U is die Skild oor my kop in die dag van die geveg!
9 יהוה, gee tog nie die begeertes van die bose nie; bevorder nie hulle listige planne nie, laat hulle nie hul doel bereik nie.
10 Laat die boosheid van hulle lippe hulle oordek.
11 Laat brandende kole op hulle val; laat hulle in die vuur val sodat hulle nie weer opstaan nie!
12 Laat sprekers van boosheid nie op die aarde bevestig word nie; boosheid sal die man van geweld jaag om hom te vernietig.
13 Ek weet dat יהוה die saak van die onderdrukte sal verdedig en die reg van die behoeftiges.
14 Sekerlik sal die regverdiges U Naam (Karakter en Outoriteit) loof met uitgestrekte hande, die opregtes sal in U Teenwoordigheid leef.

## 141
1 'n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
יהוה, ek roep uit na U; maak gou om my te antwoord; draai U oor na my woorde en aanvaar hulle.
2 Laat my gebed voor U wees soos wierook en die oplig van my hande soos die aandoffer.
3 Stel 'n wag voor my mond, o יהוה, bewaar die deur van my lippe [Ya'a 1:26]
4 sodat my verstand, wil en emosie nie neig na bose dinge en booshede doen saam met manne wat boosheid bewerk nie; laat my nie sout saam met hulle eet nie.
5 Laat die regverdige my leer en my tugtig; laat die olie van die bose nie my kop salf nie, aangesien my gebed teen hulle booshede was.
6 Wanneer hulle regters deur 'n sterk hand gestop word, sal hulle na my woorde luister, want hulle is soet.
7 Soos die ploegskaar die grond verstrooi, laat hulle beendere gestrooi word by die mond van die graf.

8 Ek het my oë na U toe opgelig, יהוה, Meester; ek het in U vertrou, moenie my lewe verwerp nie!
9 Bewaar my van die hand van die bose, want hulle het strikke vir my gespan.
10 Laat die bose saam val in hulle eie nette terwyl ek sal verbygaan!

142 1 ’n Onderriggewende gedig van Dawid, toe hy in die grot was, ’n gebed.
2 Ek het hardop uitgeroep na יהוה, ek het my smeking met ’n harde stem tot יהוה gerig.
3 Ek het my klagtes voor Hom uitgestort; ek het my moeilikhede voor Hom gewys.
4 Toe my gees in my oorweldig was, het U my pad geken. Op die pad wat ek loop, het hulle in die geheim vir my ’n strik gespan.
5 Ek het na my regterhand gekyk en daar was niemand om vir my raad te gee nie; skuiling het my gefaal, niemand het omgegee vir my lewe nie.
6 Ek roep uit na U, o יהוה! Ek het gesê: “U is my Versekerde Verwagting en my Toegestaande Deel in die land van die lewendes.”
7 Gee aandag aan my uitroep, want ek is laag gedruk; bevry my van my vervolgers, want hulle is sterker as ek.
8 Bring my lewe uit die gevangenis sodat ek U kan loof met uitgestrekte hande. Die regverdiges sal my goed behandel totdat U my beloon.

143 1 ’n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
Luister en hoor my gebed, o יהוה; draai U oor na my smekinge; antwoord my in U eie woorde en in U onpartydige opregtheid
2 en laat U dienskneg nie voor die oordeel gebring word nie, want niemand wat leef, is voor U aangesig regverdig nie, [Rom 3:20]
3 want die vyand het my lewe vervolg; hy het my lewe teen die grond neergegooi; hy het my in duisternis laat lewe soos hulle wat lankal dood is;
4 daarom is my gees oorweldig in my, my verstand, wil en emosie binne-in my is omgekrap.
5 Ek onthou uit die ou dae; ek oordink al U dade; ek dink ná oor die werke van U hande.
6 Ek steek my hande uit na U; my lewe dors na U soos ’n dorstige land.
7 Antwoord my gou, o יהוה: my gees faal! Steek nie U gesig vir my weg nie sodat ek nie sal wees soos hulle wat afgaan na die put nie.
8 Laat my van U liefdevolle goedheid hoor in die oggend, want in U vertrou ek; laat my weet watter pad om op te loop, want ek lig my lewe op na U.
9 Bevry my van my vyande, o יהוה en leer my om U wil te doen,
10 want U is my God, U sagte Gees sal my lei op die pad van die lewe.
11 Vertroos my, o יהוה, om U Naam (Karakter en Outoriteit) ontwil; lei my lewe uit die moeilikheid ter wille van U onpartydige opregtheid
12 en maak die wat my haat stil deur U goedheid en vernietig al die vyande van my lewe, want ek is U dienskneg.

144 1 ’n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
Geseënd is יהוה, my Sterkte, wat my hande leer om oorlog te maak en my vingers om te veg;
2 my Skuiling en my Bevryder; my Skild en my Helper, waarop ek vertrou, wat nasies aan my onderwerp.
3 O יהוה, wat is die mens dat U kennis neem van hom, of die seun van die mens dat U aan hom dink? Ps 8:5
4 Die mens is soos wasem; sy dae soos ’n skaduwee wat verbygaan.
5 Buig U hemele, יהוה en kom af; bestraf die berge en hulle sal rook!
6 Gooi weerligstrale en verstrooi hulle; skiet U pyle uit en vernietig hulle!
7 Strek U hand uit van bo af; red my uit diep waters, uit die hand van die bose,
8 wie se mond sinnelose boosheid praat en wie se regterhand ’n regterhand van bedrog is.
9 Ek wil ’n nuwe lied tot U sing, o God, op ’n lier en ’n tiensnarige instrument wil ek sing en musiek maak tot U.
10 Dit is Hy wat aan konings die oorwinning gee, wat Sy dienskneg Dawid bevry van die bose swaard.
11 Bevry my uit die hand van die bose, wie se mond sinnelose booshede praat en wie se regterhand ’n regterhand van bedrog is
12 sodat ons seuns soos plante mag wees wat opgroei in hulle jeug en ons dogters mag wees soos bruide wat ryklik versier is soos tempels,
13 ons skure vol mag wees tot oorlopens toe, ons kleinvee oorvloedig mag vermeerder in ons velde
14 en ons beeste sterk mag wees en geen een onder hulle onvrugbaar is nie en daar geen diefstal sal wees nie en geen rou op ons strate nie.
15 Gelukkig is die volk wat al hierdie dinge het; ja, gelukkig is die volk wie se God, יהוה is!

145 1 ’n Lofprysing van Dawid.
Ek sal U oplig, o my God, die Koning en ek sal goedpraat van U Naam (Karakter en Outoriteit) vir ewig en ewig.
2 Elke dag sal ek U seën en U Naam (Karakter en Outoriteit) helder en duidelik loof vir ewig en ewig.
3 יהוה is groot en waardig om helder en duidelik geloof te word en Sy grootheid is ondeurgrondelik.
4 Een geslag sal U werke vertel aan die ander en U magtige dade verkondig.
5 Ek wil praat van die wonderlikheid van die grootheid van U majesteit en van U wonderlike dade
6 en mense sal praat van die krag van U wonderlike dade en ek sal U grootheid verkondig.
7 Hulle sal die herinnering aan U grote goedheid oorvloedig uiter en U regverdiges sal dit soek en vind.

8 יהוה is vol onverdiende guns en liefdevolle omgee, stadig om kwaad te word en vol goedheid. Eks 34:6; Yo' 2:13; Yon 4:2; Nag 1:3; Neg 9:17
9 יהוה is vir almal goed en Sy liefdevolle omgee is oor al Sy diensknegte.
10 Al U diensknegte sal U loof met uitgestrekte hande, o יהוה en U afgesonderdes sal U seën.
11 Hulle sal praat van die grootheid van U Koninkryk en praat van U krag,
12 om aan die seuns van die mens U mag bekend te maak en die wonderlike majesteit van U Koninkryk.
13 U Koninkryk is 'n ewige koninkryk en U heerskappy duur voort deur al die geslagte. [Peshitta: יהוה is getrou in Sy woorde en onpartydig opreg in al Sy dade.]
14 יהוה hou almal wat val regop en Hy lig almal op wat neergebuig is.
15 Almal se oë wag op U en U gee hulle kos op die regte tyd.
16 U maak U hand oop en versadig die begeerte in elke lewende wese.
17 יהוה is regverdig in al Sy optredes en goedgunstig in al Sy werke.
18 יהוה is naby aan almal wat uitroep na Hom, almal wat na Hom roep in waarheid.
19 Hy sal die begeerte vervul van hulle wat Hom respekvol vrees en Hy sal ook hulle uitroep hoor en hulle red.
20 יהוה beskerm almal wat Hom lief het, maar Hy sal al die bose vernietig.
21 My mond sal die lofprysing van יהוה uitspreek; laat alle vlees vir ewig en ewig goedpraat van Sy afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit).

146 1 Loof Yah helder en duidelik! Loof יהוה helder en duidelik, o my lewe!
2 Ek sal יהוה helder en duidelik loof solank as ek lewe; ek sal sing en musiek maak tot my God solank as wat ek lewe.
3 Vertrou nie op prinse, of op die seuns van die mens, in wie geen hulp is nie.
4 Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe, op daardie selfde dag hou sy gedagtes op.
5 Gelukkig is hy wat die God van Ya'akov het as sy Hulp, wie se versekerde verwagting in יהוה, sy God is,
6 wat hemel en aarde gemaak het, die see en alles wat daarin is; wat die waarheid vir ewig behou; Hand 4:24; 14:15; Open 10:6
7 wat aan die onderdruktes regverdige oordeel verskaf, wat kos gee aan die hongeres. יהוה bevry die gevangenes.
8 יהוה maak die oë van die blindes oop; יהוה lig hulle op wat neergebuig is. יהוה het die regverdiges lief.
9 יהוה versorg die armes; Hy voed die vaderloses en weduwees, Eks 22:22-24 maar die pad van die bose keer Hy om.
10 יהוה sal vir ewig heers, jou God, o Tziyon, tot in alle geslagte! Loof Yah helder en duidelik!

147 1 Loof Yah helder en duidelik, want dit is goed om te sing en musiek te maak vir ons God, want dit is verruklik en lofprysing is toepaslik!
2 יהוה bou Yerushalayim op; Hy maak die verstrooides van Yisra'el bymekaar.

3 Hy genees die wat gebroke van binne is en verbind hulle wonde.
4 Hy tel die getal van die sterre; Hy noem hulle almal by die naam.
5 Ons Meester is groot en Sy krag is groot; Sy insig is oneindig.
6 יהוה lig die swakkes op; Hy verneder die bose tot in die grond.
7 Vereer יהוה met uitgestrekte hande, sing en maak musiek met die harp tot ons God,
8 wat die hemele met wolke bedek, wat reën gee op die aarde, wat die gras laat groei op die berge,
9 wat kos gee aan die beeste en aan die jong rawe wat uitroep.
10 Hy het geen plesier in die krag van die perd, geen plesier in die bene van 'n magtige man nie.
11 יהוה het plesier in hom wat Hom respekvol vrees, in hom wat 'n versekerde verwagting het op Sy goedheid.
12 Loof יהוה hardop, o Yerushalayim! Loof jou God helder en duidelik, o Tziyon,
13 want Hy het die balke van jou poorte versterk; Hy het jou kinders binne-in jou geseën.
14 Hy gee vrede binne jou grense en vul jou met die beste van die koring.
15 Hy stuur Sy opdrag oor die aarde, Sy boodskap hardloop baie vinnig.
16 Hy gee sneeu soos wol; Hy strooi die ryp soos as.
17 Hy gooi Sy ys uit soos stukkies, wie kan voor Sy koue staan?
18 Hy stuur Sy boodskap uit en laat hulle smelt; Hy laat Sy wind waai en die waters vloei.
19 Hy verklaar Sy boodskap aan Ya'akov, Sy instellings en regverdige oordele aan Yisra'el.
20 Hy het nie so met al die nasies gedoen nie en Sy oordele nie aan hulle bekend gemaak nie. [Rom 3:2] Loof Yah helder en duidelik!!

148 1 Loof Yah helder en duidelik! Loof יהוה helder en duidelik vanuit die hemele; loof Hom helder en duidelik in die hoogtes!
2 Loof Hom helder en duidelik, al Sy engele, loof Hom helder en duidelik, al Sy leërmagte!
3 Loof Hom helder en duidelik, son en maan, loof Hom helder en duidelik, alle ligte en sterre!
4 Loof Hom helder en duidelik, hemel van hemele en waters wat bo die hemele is!
5 Laat hulle die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה helder en duidelik loof, want Hy het gepraat en hulle is geskep.
6 Hy het hulle ook vir ewig en ewig vasgestel; Hy het 'n vasgestelde wet gegee wat nie sal verbygaan nie.
7 Loof יהוה helder en duidelik vanaf die aarde, julle groot monsters en al die dieptes!
8 Vuur en hael, sneeu en ys, stormwind wat Sy boodskap uitvoer,
9 berge en alle heuwels, vrugdraende bome en alle seders,
10 wilde diere en alle vee, kruipende diere en vlieënde voëls,
11 konings van die aarde en alle volke, prinse en alle regters op die aarde,
12 beide jongmanne en maagde, oumense en jonges, laat hulle die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה helder en duidelik loof,

13 want Sy Naam (Karakter en Outoriteit) alleen is verhewe; Sy grootsheid is op aarde en in die hemele!
14 Hy lig die horing van Sy volk hoog: die lofprysing van al Sy afgesonderdes; dit is vir die seuns van Yisra'el, 'n volk wat naby Hom is. Loof Yah helder en duidelik!

149 1 Loof Yah helder en duidelik! Sing tot יהוה 'n nuwe lied, Sy lofprysing in die vergadering van die afgesonderdes!
2 Laat Yisra'el hom verheug in Hom wat hulle gemaak het; laat die seuns van Tziyon in die rondte swaai van blydskap oor hulle Koning!
3 Laat hulle Sy Naam (Karakter en Outoriteit) helder en duidelik loof in dans, tot Hom sing en musiek maak met tamboeryn en harp,
4 want יהוה is tevrede met Sy volk; Hy versier die behoeftiges met verlossing.
5 Laat die afgesonderdes spring van vreugde in lof en eer; laat hulle hardop sing op hul beddens.
6 Lofprysinge van God is in hulle kele en 'n tweesnykant swaard in hulle hand
7 om wraak uit te oefen onder die ander nasies, strawwe onder die volke, [Open 19:14-21]
8 om hulle konings met toue vas te bind en hulle edeles met ysterkettings,
9 om die oordele wat opgeskryf is, aan hulle te voltrek en lof en eer aan al Sy afgesonderdes te bring! Loof Yah helder en duidelik!

150 1 Loof Yah helder en duidelik! Loof God helder en duidelik in Sy afgesonderde plek, loof Hom helder en duidelik in die uitgestrektheid van Sy krag!
2 Loof Hom helder en duidelik vir Sy magtige dade, loof Hom helder en duidelik volgens die oorvloed van Sy grootheid!
3 Loof Hom helder en duidelik met die klank van die ramshoring, loof Hom helder en duidelik met lier en harp.
4 Loof Hom helder en duidelik met tamboeryn en dans, loof Hom helder en duidelik met snaar- en blaasinstrumente.
5 Loof Hom helder en duidelik met harde simbale, loof Hom helder en duidelik met klinkende simbale!
6 Laat alles wat asem het, יהוה helder en duidelik loof! Loof Yah helder en duidelik!

Die agt-en-twintigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die tweede boek van die Geskrifte

# Mishlei
(Spreuke)

משלי - Mishlei - Spreuke - vergrote verstandelike vermoë

Die boek is grotendeels deur Shlomo geskryf.

1 1 Die spreuke van Shlomo, die seun van Dawid, koning van Yisra'el,
2 om wysheid en dissipline te ken, om boodskappe van insig te verstaan,
3 om dissipline, respek, onpartydige opregtheid, regverdige oordeel en gelykheid te ontvang;
4 om aan die eenvoudiges onderskeiding te gee, aan die jongman kennis en beplanning;
5 'n wyse man sal luister en insig vermeerder en 'n man van begrip sal leierskap verkry;
6 om spreuke en beeldspraak te verstaan - die woorde van die wyse manne en hulle raaisels.
7 Die respekvolle vrees vir יהוה is die begin van kennis, maar dwase verag wysheid en instruksies. [Spr 9:10; 10:27; Ps 111:10]
8 My seun, hoor, luister en doen die instruksies van jou vader en verwerp nie die wet van jou moeder nie, [Deut 6:4]
9 want hulle sal 'n lieflike ornament wees vir jou kop en 'n halssnoer vir jou nek. [1 Kefa 3:3]
10 My seun, as die sondaars jou verlei, moenie toegee nie.
11 As hulle vir jou sê: "Kom saam met ons, laat ons lê en wag om bloed te vergiet, laat ons lê en wag vir die onskuldige sonder oorsaak,
12 laat ons hulle lewendig verslind soos Sh'ol die lewendes verslind en heel insluk soos hulle wat afgaan in die put;
13 ons sal al sy rykdom en kosbare goed vind, ons sal ons huise vol maak met buit.
14 Gooi jou lot in by ons, laat ons almal een beursie hê."
15 My seun, moenie in hulle lewenswyse leef nie, hou jou voet terug van hulle pad,
16 want hulle voete hardloop na die bose, hulle haas hulle om bloed te vergiet. [Rom 3:17]
17 Die net word in misleiding uitgesprei voor die oë van enige voël
18 en hulle lê en wag, hulle kruip weg om bloed te vergiet.
19 So is die lewenswyse van almal wat onregverdig is; dit neem lewe weg van die eienaar.
20 Wysheid word opgelig in die markplein, sy lig haar stem op in die strate,
21 sy verkondig in die hoof plekke van bymekaarkoms; by die openinge van die poorte van die stad, bring sy haar boodskappe:
22 Hoe lank sal julle, eenvoudiges, kinderagtigheid liefhê, die spotters hulle spot geniet en die dwase kennis haat?
23 As julle jul tot My teregwysing sal draai, let op, Ek sal My Gees op julle uitstort, Ek sal My boodskappe aan julle bekend maak,
24 want Ek het geroep en julle het geweier, Ek het My hand uitgesteek en julle het nie geluister nie,
25 maar julle het al My raad verag en was nie bly oor My teregwysing nie.
26 Ek sal ook lag by julle katastrofe, Ek sal my verheug as angs en skielike vernietiging oor julle kom;
27 as julle vernietiging kom soos 'n warrelwind, wanneer benoudheid en angs oor julle kom,
28 dan sal hulle na My toe uitroep, maar Ek sal hulle nie antwoord nie; vroeg sal hulle My soek, maar My nie vind nie,

29 want hulle het kennis gehaat en nie die respekvolle vrees van יהוה verkies nie.
30 Hulle was nie tevrede met My raad nie, hulle het al My teregwysinge verwerp;
31 daarom sal hulle eet van die vrug van hulle eie lewenswyse en versadig word deur hul eie planne,
32 want die wegdraai van die eenvoudiges sal hulle doodmaak en die foute van die swaksinnige sal hom vernietig,
33 maar die wat na My luister en dit doen, sal in versekerde verwagting leef en sal wegbly van baie booshede.

2 1 My seun, as jy My woorde sal aanvaar en My opdragte in jou bewaar,
2 jou oor draai na wysheid, jou verstand, wil en emosie met insig toepas;
3 ja, as jy uitroep na kennis en jou stem oplig na insig,
4 as jy daarna soek soos na silwer en daarna soek soos na verborge skatte,
5 dan sal jy die respekvolle vrees van יהוה verstaan en die kennis van God vind,
6 want dit is יהוה wat wysheid gee; uit Sy mond kom kennis en insig. Ps 119:104; Ya’a 1:5
7 Hy stoor versekerde verwagting vir die opregtes, Hy help hulle wat vlekkeloos lewe;
8 Hy bewaar die paaie van regverdige oordeel en beskerm die lewenswyse van Sy afgesonderdes;
9 dan sal jy onpartydige opregtheid, regverdige oordeel en gelykheid van alle goeie paaie verstaan,
10 wanneer wysheid in jou verstand, wil en emosie inkom en kennis vir jou lewe aangenaam is;
11 onderskeidingsvermoë sal jou beskerm en die insig van die opregte sal jou bevry
12 sodat jy bevry kan word van bose lewenswyses, van mense wat perverse dinge praat;
13 wat die pad van opregtheid verlaat om op die pad van duisternis te loop;
14 wat hulle verheug daarin om boosheid te doen en hulle verbly in die boosheid van bose dinge,
15 manne wie se lewenswyses verdraaid is en wie se paaie pervers is.
16 Wysheid sal jou bevry van die vreemde vrou, wat jou vlei met haar woorde,
17 wat die moeder van haar jeug verlaat en die verbond van haar God vergeet het,
18 want sy het die deurpos van haar huis vergeet en die rigting van haar paaie.
19 Niemand wat na haar toe gaan, kom weer terug nie en onthou ook nie die pad van die lewe nie;
20 daarom moet jy loop op die pad van goeie manne en bly op die pad van die regverdiges,
21 want die opregtes sal in die land bly en die onbevlektes sal daarin oorbly,
22 maar die goddelose sal van die aarde afgesny word en die oortreders sal daaruit ontwortel word.

3 1 My seun, moenie My wet vergeet nie, maar laat jou verstand, wil en emosie My opdragte bewaar,
2 want dit sal lengte van dae en lang lewe vir jou byvoeg

3 en liefde, goedheid en waarheid sal jou nie verlaat nie; bind dit om jou nek, skryf dit op die tafels van jou verstand, wil en emosie, Deut 11:18-20; Yir 31:31-33
4 dan sal jy onverdiende guns vind en insig in die oë van God en die mense. Luk 2:40,52
5 Vertrou op יהוה met jou hele verstand, wil en emosie en maak nie staat op jou eie wysheid nie.
6 Erken Hom in al jou lewenswyses, dan sal Hy jou paaie rig.
7 Moenie wys wees in jou eie oë nie; vrees יהוה respekvol en gaan weg van boosheid af.
8 Dit sal genesing wees vir jou liggaam en verkwikking vir jou gebeente.
9 Vereer יהוה met jou besittings en met die eerste vrugte van al jou inkomste
10 en jou skure sal vol gemaak word met oorvloed en jou parskuipe sal oop bars van nuwe wyn.
11 My seun, verag nie die tug van יהוה nie en moenie vermoeid word met Sy teregwysing nie,
12 want יהוה wys hulle tereg wat Hy lief het, soos 'n vader sy seun teregwys. Heb 12:6
13 Geseënd is die mens wat wysheid gevind het en die seun van die mens wat insig vind,
14 want die wins daarvan is beter as dié van silwer en die winste beter as van fyn goud.
15 Dit is waardevoller as kosbare stene en daar is niks om daarmee te vergelyk nie.
16 In haar regterhand is lengte van dae, in haar linkerhand rykdom en eer;
17 haar lewenswyse is aangenaam en al haar paaie is vrede.
18 Dit is 'n boom van lewe vir die wat dit onveranderlik aangryp en geseënd is hulle wat daarvoor wag. Gen 2:9; Open 2:7; Open 22:14
19 יהוה het deur Sy wysheid die aarde gevestig, deur Sy insig die hemele vasgestel;
20 deur Sy kennis is die dieptes oopgebreek en het die wolke dou gedrup.
21 My seun, laat My opdragte nie uit jou oë wyk nie, bewaar suiwer wysheid en onderskeiding,
22 dan sal dit lewe wees vir jou en liefdevolle goedheid vir jou nek,
23 dan sal jy op jou pad loop met versekerde verwagting en jou voet sal nie struikel nie.
24 Wanneer jy gaan lê, sal jy nie bang wees nie, ja, jy sal gaan lê en jou slaap sal soet wees.
25 Jy sal nie bang wees vir 'n skielike opskudding of vir die geweld van die bose, wanneer dit kom, nie, Lev 26:6
26 want יהוה sal by jou wees en jou voet bewaar van die strik.
27 Moenie weier om te doen wat goed is, as dit in jou hand is om dit te doen nie.
28 Wanneer jy iets het, moenie vir jou naaste sê: "Gaan en kom weer môre terug, dan sal ek dit vir jou gee," nie,
29 Moenie boosheid teen jou naaste beplan nie, aangesien hy in vrede langs jou bly.
30 Moenie met iemand sonder rede twis as hy jou geen kwaad aangedoen het nie.
31 Moenie jaloers wees op 'n man van geweld nie en kies geeneen van sy lewenswyses nie,

32 want die bose is ’n verwerplikheid in die Teenwoordigheid van יהוה, maar die geheime van יהוה is by die opregtes. Ps 25:14; Mat 10:26; Mat 13:11; 1 Kor 2:7
33 Die vloek van יהוה is in die huis van die bose, maar Hy seën die blyplek van die regverdiges.
34 Sekerlik verag Hy spotters, maar Hy het liefdevolle omgee vir die wyse.
35 Die wyse sal lof en eer erf, maar die dwase sal skande ontvang.

4 1 My seuns, hoor, luister en doen die instruksies van ’n vader en luister na kennis en insig, Deut 6:4
2 want ek gee vir julle goeie instruksies, verlaat nie my wet nie,
3 want ek was ook ’n seun vir my vader, sag en ’n uniek enigste geborene in my moeder se oë.
4 Hy het my geleer en vir my gesê: “Laat jou verstand, wil en emosie my woorde vashou; onderhou my opdragte en leef en laat my wet wees soos die pupil van die oog.
5 Verkry wysheid, verkry insig en draai nie weg van die woorde van my mond nie;
6 verlaat dit nie en dit sal jou bewaar; jy moet dit liefhê, dan sal dit jou red.”
7 Wysheid is die belangrikste ding; kry daarom wysheid en met jou hele wese, insig.
8 As jy dit lief het, sal dit jou verhoog; gryp dit vas en dit sal jou eer.
9 Sy sal ’n ornament van liefdevolle goedheid op jou kop sit; ’n kroon van eer sal sy op jou plaas.
10 Hoor, luister en doen, my seun en ontvang my gesegdes en die jare van jou lewe sal baie wees.
11 Ek het aan jou die lewenswyses van wysheid geleer; ek het jou op die regte paaie gelei;
12 wanneer jy loop, sal jou treë nie onstabiel wees nie; as jy hardloop, sal jy nie struikel nie.
13 Hou styf vas aan my instruksies en moet dit nie los nie; hou dit, want dit is jou lewe. Ps 119:109
14 Moenie loop op die pad van die bose mense nie en moenie jaloers wees op die lewenswyse van die bose nie.
15 Waar hulle bly, moenie daar verbygaan nie, draai daarvan af weg,
16 want hulle kan nie slaap as hulle nie kwaad gedoen het nie en hulle slaap word weggehou totdat hulle bose begeertes uitgevoer is,
17 want hulle eet die brood van boosheid en drink die wyn van gewelddadigheid,
18 maar die pad van die regverdiges is soos die helder lig wat al helderder word tot die volle dag toe.
19 Die pad van die bose is soos duisternis, hulle weet nie waaroor hulle struikel nie.
20 My seun, luister na my woorde, draai jou oor na my gesegdes,
21 laat hulle nie weggaan voor jou oë nie, maar hou hulle in jou verstand, wil en emosie,
22 want hulle is lewe vir die wat hulle vind en gesondheid vir hulle hele liggaam. Ps 107:20
23 Bewaak jou verstand, wil en emosie met alle ywer, want daaruit is die bron van lewe.

24 Verwyder van jou ’n perverse mond en hou die raad van misleiding ver van jou lippe af.
25 Laat jou oë reguit vorentoe kyk en laat jou ooglede reg voor jou kyk.
26 Hou jou voete weg van die bose paaie, [Ps 119:113,133; Heb 12:12] dan sal al jou paaie stewig wees.
27 Moenie na regs of na links afdraai nie, maar hou jou voet weg van die boosheid.

5 1 My seun, luister na my wysheid, draai jou oor na my insig
2 dat jy na raad kan luister en jou lippe kennis kan behou,
3 want die lippe van ’n vreemde vrou drup soos ’n heuningkoek en haar woorde is gladder as olie,
4 maar die einde van haar lewe is so bitter soos wilde-als, soos ’n swaard met twee snykante.
5 Haar voete laat mans afgaan na die dood, haar treë vat haar na Sh’ol.
6 Sy loop nie op die land van die lewendes nie, haar pad is veranderlik en onbekend.
7 Luister daarom nou na my en doen dit, julle seuns en moenie afwyk van die woorde van my mond nie.
8 Verwyder jou lewenswyse ver van haar af en kom nie naby die deur van haar huis nie
9 sodat jy nie jou krag aan ander sal oorgee en jou jare aan die wreedaards
10 en dat vreemdes hulle nie versadig met jou rykdom en jou werk in die huis van ’n vreemdeling kom nie
11 en jy in jou oudag spyt sal hê, as die vlees van jou liggaam verteer word [Rom 1:24-]
12 en jy sê: “Hoekom het ek instruksies gehaat en my verstand, wil en emosie teregwysing verag
13 en hoekom het ek nie geluister na die stem van my onderwyser, of my oor gedraai na hulle wat vir my instruksies gegee het nie!
14 Ek was in amper alle soorte boosheid te midde van die vergadering en die gemeente.
15 Drink water uit jou eie put en lopende water uit jou eie fontein.
16 Laat jou water oorloop in jou strate, laat dit na buite versprei. [Spr 10:11]
17 Laat dit net vir jou alleen wees, laat vreemdelinge nie met jou deel nie.
18 Mag jou fontein geseënd wees en verheug jou in die vrou van jou jeug.
19 Laat haar wees soos ’n liefdevolle bokooitjie en ’n aangename Ibex ooi; laat haar borste jou altyd tevrede stel en wees altyd bekoor deur haar liefde.
20 My seun, moenie mislei word deur ’n vreemde vrou, of die borste van ’n vreemde vrou omhels nie,
21 want elke mens se lewenswyse is voor die oë van יהוה en al sy paaie lê oop voor Sy Teenwoordigheid.
22 Die bose sal gevang word deur sy eie oortredinge en hy sal deur die bande van sy sonde vasgebind word.
23 Hy sal sterf sonder instruksies en deur die grootheid van sy dwaasheid sal hy afdwaal.

6 1 My seun, as jy vir jou vriend borg gestaan het, met ’n vreemdeling hand geskud het,
2 dan is jy verstrik in die woorde van jou mond, gevang deur die woorde van jou lippe, Spr 11:15; 17:18; 20:16-17
3 doen nou dit, my seun en bevry jouself, want ter wille van jou vriend, het jy in die hande van jou vyande geval; gaan daarom en wek jou vriend op om sy verpligting na te kom,
4 moenie jou oë slaap of jou ooglede sluimering gee nie.
5 Bevry jouself soos ’n wildsbok uit die strik en soos ’n voël uit die hand van ’n voëlvanger.
6 Wees soos die mier, luiaard, oorweeg sy lewenswyse en wees wys!
7 Alhoewel sy geen oes het of ’n aanvoerder oor haar het nie en ook niemand om haar te lei nie,
8 voorsien sy haar brood in die somer en samel die kos in in die oestyd.
9 Hoe lank sal jy slaap, luiaard, wanneer sal jy opstaan uit jou slaap?
10 Nog ’n bietjie slaap, nog ’n bietjie sluimer, nog ’n bietjie hande-vou oor die bors;
11 so kom armoede oor jou en benoudheid sal jou inhaal soos ’n gewapende man.
12 ’n Dwaas, ’n boosdoener is gewetenloos,
13 wat met sy oë knip, met sy voete beduie, met sy vingers tekens gee; Ps 35:19; Spr 16:30
14 wat pervers is in sy verstand, wil en emosie, wat altyd boosheid beplan en tweedrag saai;
15 daarom sal sy katastrofe skielik kom, skielik sal hy gebroke wees sonder genesing.
16 Daar is ses dinge wat יהוה haat, ja, die sewende is vir Hom verwerplik:
17 trotse oë, ’n leuenagtige tong en hande wat onskuldige bloed vergiet,
18 ’n verstand, wil en emosie wat bose verbeeldings uitdink, voete wat haastig is om na die boosheid toe te hardloop,
19 ’n valse getuie wat leuens vertel en tweedrag tussen broers saai.
20 My seun, hou jou vader se opdragte en verwerp nie die wet van jou moeder nie.
21 Bind dit stewig vas in jou verstand, wil en emosie en hang dit om jou nek.
22 As jy loop, laat hulle jou volg, laat hulle by jou wees; beskerm hulle sodat hulle jou beskerm en as jy wakker word, oordink hulle,
23 want die opdragte is ’n lamp en die instruksies ’n lig en die teregwysing wat dissiplineer is die pad tot lewe, Ps 119:105
24 om jou te bewaar teen ’n slegte vrou, van die gevlei van die tong van ’n vreemde vrou.
25 Moenie haar skoonheid in jou hart begeer, of jou in ’n strik laat vang deur haar oë of jou laat gevange neem deur haar ooglede nie,
26 want die voorkoms van ’n hoer is so verleidelik soos ’n brood en die egbreekster jag ’n kosbare lewe.
27 Kan iemand vuur in sy skoot dra en sy klere nie verbrand nie?
28 Kan iemand op warm kole loop en sy voete nie verbrand nie?
29 So is hy wat by die vrou van sy naaste ingaan en haar aanraak; hy sal nie onskuldig wees nie.

30 Niemand wonder oor ’n dief as hy gevang word dat hy steel nie, want hy steel om homself te bevredig as hy honger het,
31 maar as hy gevang word, moet hy sewevoudig terugbetaal; hy moet al die goed in sy huis gee.
32 Hy wat egbreuk pleeg met ’n vrou, is sonder insig en hy vernietig sy eie lewe.
33 Hy wat dit doen bring oneer oor homself en sy oneer sal nie uitgewis word nie,
34 want jaloesie wek ’n man se woede op; daarom sal hy nie spaar op die dag van wraak nie;
35 hy sal geen loskoopprys in aanmerking neem nie en ook nie luister as jy die omkoopprys vergroot nie.

7 1 My seun, onderhou my boodskappe en bewaar my opdragte in jou;
2 onderhou my opdragte en my wet soos die pupil van jou oog en lewe.
3 Bind hulle om jou nek, skryf hulle op die tafel van jou verstand, wil en emosie.
4 Sê aan die wysheid: “Jy is my suster” en aan insig: “Jy is my raadgewer”
5 sodat hulle jou kan bewaar teen die vreemde vrou, van die vreemdeling, wat vlei met haar woorde,
6 want sy het deur die venster van haar huis en vanaf die balkon uitgekyk
7 en sy het vir jongmanne gekyk, sy het onder die jeug verken en ’n verstandelose jongman opgemerk,
8 wat op die straat verbygaan naby die hoek van haar huis,
9 in die skemer, in die aand, in die swart en donker nag.
10 Let op, daar kom ’n vrou uit, soos ’n hoer aangetrek om een van hulle te ontmoet, ’n vrou wat die binneste van jong manne laat fladder.
11 Sy is rebels en vraatsugtig, haar voete bly nie in haar huis nie,
12 maar sy loop buitekant rond, nou buite in die strate, nou staan sy en wag op die hoeke.
13 Sy het hom gegryp, hom gesoen en met ’n onbeskaamde gesig vir hom gesê:
14 “Vandag het ek my geloftes betaal. Ek het vredesoffers by my;
15 daarom het ek uitgekom om jou te ontmoet, want ek het gewag om jou te sien en nou het ek jou gekry.
16 Ek het my bed op ’n mat opgemaak, dit met fyn linne uit Mitzrayim bedek;
17 ek het my bed geparfumeer met mirre, aalwyn en kaneel;
18 kom, laat ons versadig word van liefde tot die oggend toe, laat ons mekaar omarm met passie,
19 want my man is nie tuis nie, hy het op ’n lang reis gegaan,
20 hy het ’n geldsak saam met hom gevat en dit sal lank wees voordat hy huis toe kom.”
21 Sy het hom verlei deur baie mooipraatjies, deur die vleiery van haar lippe het sy hom forseer.
22 Hy loop agter haar aan soos ’n klein kindjie, soos ’n bees wat na die slagpaal gaan en soos ’n hond wat gemuilband word,
23 soos ’n bok as sy lewer deur die pyl gekloof word; soos ’n voël hom haas na die vangnet en hy nie weet dat hy na sy dood toe gaan nie;

24 daarom nou, my seuns, luister na my en doen dit en gee aandag aan die woorde van my mond.
25 Laat jou verstand, wil en emosie nie afwyk agter haar lewenswyse aan nie, dwaal nie af op haar paaie nie,
26 want sy het baie gewondes neergegooi, ja, baie magtige manne is deur haar vermoor.
27 Die pad na haar huis is die pad na Sh’ol, wat afgaan na die kamers van die dood.

8 1 Verkondig daarom wysheid en insig sal jou antwoord,
2 want wysheid is op die top van die hoë plekke, sy staan tussen die roetes en langs die paaie.
3 Sy roep uit by die poorte, by die ingang na die stad, roep sy hardop uit en sê:
4 “Ek roep na julle, o manne en my stem is tot die seuns van die mens gerig
5 sodat eenvoudiges insig en begrip kan verstaan en dwase in hulle verstand, wil en emosie kan verstaan.
6 Hoor, luister en doen, want ek sal waarheid praat en die oopmaak van my mond sal opregtheid voortbring,
7 want my mond sal waarheid praat en leuenagtige lippe is verwerplik voor my.
8 Al die woorde van my mond is onpartydig opreg, daar is niks pervers of misleidend in hulle nie.
9 Hulle is almal duidelik vir die wat hulle verstaan en reg vir die wat gewillig is om kennis te vind.
10 Ontvang dissipline eerder as silwer en kies eerder kennis as fyn goud,
11 want wysheid is baie beter as fyn goud, ja, sy is beter as edelstene en niks kan met haar vergelyk word nie.
12 Ek, wysheid, het insig en begrip geskep en ek besit kennis en rede.
13 Die respekvolle vrees van יהוה minag boosheid; hoogmoed, trots, ’n bose pad en perverse spraak haat ek.
14 Raadgewing en begripsvermoë is myne; insig en sterkte is myne.
15 Deur my regeer konings en verklaar prinse regverdige oordeel;
16 deur my heers prinse en edelmanne, al die regters van die aarde.
17 Ek het lief dié wat my lief het en dié wat my soek, sal my vind.
18 Rykdom en eer is myne, ja, standhoudende rykdom en onpartydige opregtheid.
19 My vrug is beter as fyn goud en my opbrengs as uitgesoekte silwer.
20 Ek lei op die pad van onpartydige opregtheid, te midde van die paaie van regverdige oordeel,
21 om aan dié wat my lief het, ’n versekerde verwagting te gee en ek sal hulle skatkamers volmaak.
22 יהוה het my geskep as eersteling van Sy skepping, voor al Sy werke.
23 Ek is van ewigheid af gevestig, vanaf die begin voordat Hy die aarde gemaak het.
24 Toe daar nog geen dieptes was nie, is ek gebore; toe daar geen fonteine, oorlopens met water, was nie.
25 Voordat die berge gevestig is, voor die heuwels gevorm is, is ek gebore

26 terwyl Hy nog nie die aarde, die valleie of die beste grond van die wêreld gemaak het nie.
27 Toe Hy die hemele vasgestel het, was ek daar; toe Hy ’n kring afgetrek het op die oppervlakte van die dieptes;
28 toe Hy die wolke daarbo gevestig het, toe Hy die fonteine van die dieptes versterk het;
29 toe Hy vir die see sy grens gestel het sodat die waters nie Sy bevel sou oortree nie; toe Hy die fondasies van die aarde neergelê het, [Ps 104:5,9]
30 het ek dit saam met Hom vasgestel en ek was daagliks Sy genot, altyd in vreugde voor Sy Teenwoordigheid,
31 laggend en spelend op Sy bewoonbare aarde en my vreugde was in die seuns van die mens.
32 Hoor, luister en doen wat ek sê, seuns, want geseënd is hulle wat my lewenswyse navolg.
33 Hoor, luister en doen die instruksies en wees wys en moenie afdwaal nie.
34 Geseënd is die man wat na my luister, dit hoor en doen, daagliks wakend by my poorte, wagtend by my deurpos,
35 want my doelstellings is die dinge van die lewe, hulle verkondig die wil van יהוה.
36 Hulle wat teen my sondig, benadeel hul eie lewe; almal wat my haat, het die dood lief.”

9 1 Wysheid het haar huis gebou en sewe pilare daarin opgestel.
2 Sy het haar vee geslag, haar wyn gemeng, ook haar tafel voorberei.
3 Sy het haar diensmeisies uitgestuur om op die hoogste plekke uit te roep en te sê:
4 “Wie eenvoudig is, laat hom na my toe kom;” vir wie insig kortkom sê sy:
5 “Kom, eet van my brood en drink van die wyn wat ek gemeng het;
6 laat staan die eenvoudigheid en lewe en gaan op die pad van insig.”
7 Teregwysing van ’n spotter bring oneer; die bose word bestraf deur sy eie vlekke.
8 Moenie ’n spotter bestraf nie, anders haat hy jou; bestraf ’n wyse en hy sal jou liefhê.
9 Gee ’n geleentheid aan die wyse en hy sal nog wyser word; leer die regverdige en hy sal kennis vermeerder.
10 Die respekvolle vrees vir יהוה is die begin van wysheid en die kennis aangaande die Afgesonderde is insig, [Spr 1:7; 10:27; Ps 111:10]
11 want deur haar sal jou dae vermeerder word en die jare van jou lewe sal vermeerder word.
12 My seun, as jy wys is, is jy wys vir jouself en vir jou vriende, maar as jy bose gedagtes het, sal jy alleen jou booshede dra.
13 Hy wat dinge ontken, voed valslik op wind en volg voëls in die lug, want hy het die pad na sy wingerd verlaat en die pad van sy arbeid, om in die wildernis sonder water te loop; in die deurtrapte plekke loop hy dors en bereik niks.
14 ’n Dwase vrou is uitdagend, sy weet nie wat skaamte is nie, sy sit op ’n hoë stoel by die deur van haar huis.
15 Sy roep hulle wat verbygaan, wat reg op hulle paaie loop.

16 Sy sê: “Wie eenvoudig is, laat hom na my toe kom!” Vir hulle wat insig kortkom sê sy:
17 “Gesteelde water is soet en brood in die geheim geëet, is lekker.”
18 Hy weet egter nie dat magtige manne by haar sterf en dat haar gaste in die dieptes van Sh’ol is nie.
19 (Peshitta en LXX) Staan nou op en moenie in daardie plek bly nie, moenie na haar kyk nie en gaan so verby die waters van vreemdelinge, gaan oor ’n vreemde rivier en jy moenie drink van die rivier van vreemdelinge nie. Deur so te doen sal ’n menigte dae en jare by jou lewe gevoeg word.

10 1 Die spreuke van Shlomo: ’n wyse seun verbly sy vader, maar ’n dwase seun bring depressie oor sy moeder.
2 Skatte deur boosheid verkry, bring geen voordeel nie, maar onpartydige opregtheid bevry van die dood.
3 יהוה sal nie die lewe van die regverdige van honger laat omkom nie, maar die begeertes van die bose stoot Hy weg.
4 Hy wat met ’n misleidende hand werk, word arm, maar die hand van die vlytiges maak ryk.
5 Hy wat in die somer werk, is ’n verstandige seun, maar hy wat slaap in die oestyd, is ’n seun wat skande veroorsaak.
6 Seëninge is op die kop van die regverdige, maar geweld bedek die mond van die bose.
7 Die nagedagtenis van die regverdige is ’n seën, maar die erfgenaam van die bose sterf uit.
8 Hy wat wys van verstand, wil en emosie is, aanvaar opdragte, maar hy op wie se lippe dwaasheid is, sal uitgevang word.
9 Hy wat in opregtheid lewe, lewe veilig, maar hy wat pervers lewe sal bekend wees.
10 Hy wat misleidend met sy oog knip, [Ps 35:19; Spr 16:30] veroorsaak pyn, maar hy wat openlik teregwys, maak vrede.
11 Die mond van ’n regverdige man is ’n fontein van lewe, [Spr 5:16] maar die mond van die bose is bedek met geweld.
12 Haat veroorsaak twiste, skande sal al die bose oordek.
13 Hy wat wysheid voortbring oor sy lippe, sal hom wat insig kortkom met ’n lat slaan.
14 Die wyse verberg sy kennis, maar ’n haastige mond is naby vernietiging.
15 Die rykdom van die ryk manne is hul sterk stede; die vernietiging van die behoeftiges is hulle armoede.
16 Die werk van die regverdige is tot Lewe; die opbrengs van die bose is tot sonde.
17 Die ware lewenswyse aanvaar tugtiging, maar hy wat teregwysing haat is ’n dwaas.
18 Die lippe van die bose is vol misleiding en hy wat ’n vloek uitspreek, is ’n dwaas.
19 Die bose kan nie bevry word deur ’n oorvloed van woorde nie, maar hy wat sy lippe inhou, is wys.

20 Die tong van die regverdige is soos uitgesoekte silwer; die verstand, wil en emosie van die bose is vol bitterheid.
21 Die lippe van die regverdige is vol onverdiende guns, maar die dwase sterf deur die gebrek aan wysheid.
22 Die seën van יהוה bring rykdom en daar sal geen smart in wees nie.
23 Dit is 'n grap vir die dwaas om boosheid uit te voer, maar 'n man van insig het wysheid.
24 Die vrees, wat die bose dryf, sal oor hom kom, maar die begeerte van die regverdiges sal vervul word.
25 Soos die warrelwind skielik verbygaan, so sal bose mense vergaan en nie meer wees nie, maar die regverdige is 'n ewigdurende fondasie.
26 Soos groen druiwe skadelik is vir die tande en soos rook vir die oë, so maak boosheid hom, wat daaraan oorgegee is, seer.
27 Respekvolle vrees vir יהוה verleng die lewe, maar die jare van die bose sal verkort word. [Spr 1:7; 9:10; Ps 111:10]
28 Die versekerde verwagting van die regverdiges sal vreugde wees, maar die verwagting van die bose sal vergaan.
29 Die lewenswyse van יהוה is krag vir die opregte, maar daar sal vernietiging vir die werkers van sinnelose boosheid wees.
30 Die regverdige sal nooit verwyder word nie, [Deut 28:3-14] maar die bose sal nie die land bewoon nie. [Deut 28:30]
31 Die mond van die regverdige bring wysheid voort, maar die perverse tong sal stilgemaak word.
32 Die lippe van die regverdige weet wat goed is, maar die mond van die bose praat perverse dinge.

11 1 Vals weegskale is vir יהוה verwerplik, maar Hy het vreugde in regte gewigte.
2 Waar arrogansie kom, kom die skande, maar by die nederiges is wysheid.
3 Die versekerde verwagting van die opregtes sal gegee word, maar die trots van die bose sal vernietig word.
4 Rykdom bevoordeel nie op die dag van woede nie, maar onpartydige opregtheid bevry van die dood.
5 Die onpartydige opregtheid van die volmaakte sal sy pad rig, maar die bose sal val deur sy eie boosheid.
6 Die onpartydige opregtheid van die volmaakte bevry hulle, maar die oortreders sal gevang word in hulle eie boosheid.
7 Wanneer 'n bose man sterf, vergaan sy verwagtinge en die hoop van die boosdoeners vergaan.
8 Die regverdige word bevry uit moeilikheid en die bose kom in sy plek.
9 Deur sy mond vernietig die bose man sy naaste, maar deur kennis sal die regverdiges versterk word.
10 Wanneer dit goed gaan met die regverdiges, word die stad kragtig; wanneer die bose verlore gaan, is daar uitroepe van vreugde.

11 Deur die seën van die opregtes word die stad opgehef, maar deur die mond van die bose word dit omvergewerp.
12 Hy wat sy naaste verag, kom insig kort, maar ’n verstandige man leef in vrede.
13 ’n Teëstander openbaar geheime, maar hy wat betroubaar is in sy gees, bedek die saak.
14 ’n Volk sonder leier sal val, maar in die veelheid van raadgewers is bevryding.
15 Hy wat vir ’n vreemdeling borg staan, word sleg vernietig, maar hy wat haat wie die handskud gee, is veilig. [Spr 6:1,2; 17:18; 27:13]
16 ’n Sagte, mooi vrou behou die eer van haar man; ’n vrou wat die waarheid haat is ’n plek van oneer. Lui mans is behoeftig, al is hulle ryk; sterk mans behou kennis.
17 ’n Man van goedheid doen goed aan sy eie lewe, maar ’n wreedaard vernietig sy eie vlees.
18 Die bose man doen ’n misleidende werk, maar hy wat onpartydige opregtheid saai, het ’n ware beloning.
19 ’n Seun wat in onpartydige opregtheid grootgemaak is, leef lank, maar hy wat boosheid najaag, jaag na sy eie dood.
20 Die wat pervers van verstand, wil en emosie is, is vir יהוה verwerplik, maar die wat opreg is in hulle lewe, is Sy vreugde.
21 Hy wat sy hand teen sy naaste uitsteek sal nie ongestraf bly nie, maar die nageslag van die regverdige sal bevry word.
22 Soos ’n goue ring in ’n vark se snoet, so is ’n mooi vrou sonder goeie oordeel.
23 Die begeerte van die regverdiges is net goed, maar die verwagting van die bose is toorn.
24 Daar is hy wat sy saad na buite uitstrooi en tog baie inbring en hy wat bymekaarmaak wat nie syne is nie en tog minder het.
25 Die lewe wat seën, sal verryk word en hy wat vloek, sal meer vervloek word. [Ps 109:17]
26 Hy wat graan terughou in die tyd van nood, sal in die hande van sy vyande val, maar ’n seën sal op die kop wees van hom wat dit verkoop.
27 Wie ywerig die goeie soek, sal voortdurend guns vind, maar die kwaad sal kom op hom wat dit soek.
28 Hy wat op sy rykdom vertrou, sal val, maar die regverdiges sal floreer soos groen blare.
29 Hy wat sy huis bou in valsheid, sal hartseer vir sy kinders nalaat; hy wat faal om sy huis kalm te maak, sal wind vir sy kinders nalaat; die dwaas sal ’n slaaf wees van die wyse.
30 Die vrug van die regverdige is ’n boom van lewe, maar die lewe van die bose sal uitgedryf word.
31 As die regverdige in moeilikheid leef, [1 Kef 4:18] hoeveel te meer die bose en die sondaar!

12 1 Hy wat dissipline lief het, het kennis lief, maar hy wat teregwysing haat, is ’n dwaas.
2 Die goeie man verkry guns van יהוה, maar die bose sal veroordeel word.

3 ’n Man sal nie gevestig word deur boosheid nie, maar die wortel van die regverdiges sal floreer.
4 ’n Moreel goeie vrou is ’n kroon vir haar man, maar een wat boos doen vernietig haar man soos ’n boorwurm en ’n termiet.
5 Die gedagtes van die regverdiges is opreg, maar die berading van die bose is bedrog.
6 Die raad van die bose is om te lê en wag op bloedvergieting, maar die mond van die opregtes sal hulle bevry.
7 Die bose sal omvergewerp word en nie gevind word nie, maar die huis van die regverdiges sal staan.
8 Volgens sy insig sal ’n man aangeprys word, maar hy wat insig kort, sal verag word.
9 ’n Arm man wat homself bedien, is beter as een wat trots is en tog gebrek het aan brood.
10 Die regverdige man neem die lewe van sy dier in ag, maar die omgee van die bose word onderdruk.
11 Hy wat sy land bewerk, sal versadig wees met brood, maar hy wat nietighede najaag, het gebrek aan insig.
12 Die bose begeer om boos te doen, maar die wortel van die regverdiges sal uitspruit.
13 Die bose word gevang deur die rebellie van sy lippe, maar die regverdige sal uit die moeilikheid kom.
14 ’n Goeie man sal versadig word deur die goedheid van sy mond en die beloning van ’n man se hande, sal aan hom gegee word.
15 Die lewenswyse van ’n dwaas is reg in sy eie oë, maar hy wat na raad luister en dit doen is wys.
16 Die dwaas se woede is gou bekend, maar die skrander man verberg sy skande.
17 ’n Regverdige man praat die waarheid soos dit duidelik is, maar ’n valse getuie is bedrieglik.
18 Daar is hulle wie se woorde soos die steek van ’n swaard is, maar die tong van die wyse genees.
19 Lippe van waarheid gaan reguit vorentoe, maar die tong van ’n leuenagtige getuie is boos.
20 Bedrog is in die verstand, wil en emosie van die bose wat boosheid beplan, maar die wat raad gee oor vrede sal vreugde hê.
21 ’n Bedrieglike ding is nie goed in die oë van die regverdige nie, maar die bose is vol boosheid.
22 Leuenagtige lippe is vir יהוה verwerplik, maar hulle wat getrou optree, is Sy vreugde.
23 ’n Skrander mens is die sitplek van kennis, maar die verstand, wil en emosie van die dwase verkondig boosheid.
24 Die hand van die hardwerkendes sal heers, maar die bedrieglike sal moet betaal.
25 ’n Vreesagtige woord bekommer ’n mens se verstand, wil en emosie, maar ’n goeie woord maak dit bly.

26 Die regverdige gee goeie raad vir sy buurman, maar die lewenswyse van die bose sal hulle laat afdwaal.

27 Die bedrieglike man sal nie sy prooi vind nie, maar die skat van die hardwerkende man is kosbaar.

28 Op die pad van onpartydige opregtheid is lewe, maar die pad van vyandigheid lei na die dood.

13 1 'n Wyse seun luister na die dissipline van sy vader, maar 'n bose seun luister nie na berisping nie.

2 'n Goeie man sal tevrede wees met die vrug van sy mond, maar die lewens van die bose sal tot niet gaan.

3 Hy wat sy mond bewaak, bewaar sy lewe; hy wat te veel praat sal verwoesting op homself bring.

4 Die luiaard begeer voortdurend, maar die lewe van die vlytiges sal verryk word.

5 Die regverdige haat leuentaal, maar die bose is veragtelik en sal beskaam word.

6 Onpartydige opregtheid bewaar die een wat opreg is in sy lewenswandel, maar boosheid werp die sondaar omver.

7 Daar is sommiges wat voorgee om ryk te wees, tog het hul niks nie; daar is ander wat voorgee om arm te wees, tog het hul groot rykdom.

8 Die losprys vir die lewe van 'n man is sy rykdom, maar die arme luister nie na teregwysing nie.

9 Die lig van die regverdige sal hom verheug, maar die lamp van die bose sal uitgesit word.

10 Die bose man doen skandelike dinge, maar by die goed-ingeligte is wysheid.

11 Rykdom wat onregverdig verkry is, sal minder word, maar hy wat regverdig invorder sal sy rykdom vermeerder.

12 Geseënd is die man wat gewillig is om te help; hy is meer geseënd as hy wat in verwagting rus; soos 'n boom van lewe dra hy vrugte. [Ps 1]

13 Hy wat raad verag, sal daardeur vernietig word, maar hy wat die opdragte respekvol vrees sal gespaar word. Die bedrieglike man sal nie voordeel trek nie, maar 'n wyse man, wie se werke goed is, sal voorspoedig wees.

14 Die wet van die wyse is 'n fontein van lewe vir die wat wegloop van die strikke van die dood. [Spr 14:27]

15 'n Goeie insig bring onverdiende guns, maar die lewenswyse van oortreders lei na vernietiging.

16 Elke skrander persoon handel wys, maar 'n dwaas praat dwaasheid.

17 'n Bose boodskapper val in boosheid, maar 'n betroubare ambassadeur is 'n geneesheer.

18 Armoede en skande is vir hom wat dissipline verwerp, maar hy wat teregwysing ag, sal geëer word. [Heb 12:11]

19 'n Eerbare begeerte is soet vir die lewe, maar die verwerplikhede van die bose is ver van kennis af.

20 Hy wat saam met die wyses loop, sal wys wees, maar die metgesel van dwase sal skade ly.

21 Boosheid agtervolg sondaars, maar aan die regverdiges sal goed terugbetaal word.
22 ’n Goeie man laat ’n erfporsie na aan sy kinders se kinders en die rykdom van die sondaar word vir die regverdige weggebêre. Yes 23:18
23 Die wat nie die manier van die lewe verstaan nie, word deur rykdom vernietig, ja, baie is volkome vernietig.
24 Hy wat sy lat spaar, haat sy seun, maar hy wat sy seun lief het, dissiplineer hom behoorlik. Heb 12:5-11
25 Die regverdige eet en is versadig, maar die maag van die goddelose het behoefte.

14 1 ’n Wyse vrou bou haar huis, maar die dwase breek dit met haar eie hande af.
2 Hy wat in opregtheid lewe, vrees יהוה respekvol, maar hy wat pervers is in sy lewenswandel, verag Hom.
3 In die mond van die dwaas is uittarting en oneer, maar die lippe van die wyse sal hom bewaar.
4 Waar daar geen beeste is nie, is die krippe skoon, maar deur die krag van die os kom oorvloedige oeste.
5 ’n Betroubare getuie sal nie bedrieg nie, maar ’n valse getuie sal leuens vertel.
6 Die bose man soek wysheid en kry dit nie, maar kennis is maklik vir die man van insig.
7 Alles is ’n hindernis vir ’n dwase man, maar die lippe van die wyse man is soos ’n wapen.
8 Die wysheid van die skrandere is om sy lewenswyse te verstaan, maar die lewenswyse van dwase is bedrog.
9 Waarlik, die huise van die dwase benodig reiniging, maar die huishouding van die regverdiges is aanvaarbaar.
10 Dwase doen sonde, maar die seuns van die opregte het welwillendheid.
11 Die verstand, wil en emosie wat insig het, ken sy eie bitterheid en ’n vreemdeling deel nie in sy vreugde nie. Die huis van die bose sal vernietig word, maar die tent van die opregte sal floreer.
12 Daar is ’n lewenswyse wat vir ’n mens reg lyk, maar die einde daarvan is die lewenswyse van die dood,
13 selfs onder gelag is die verstand, wil en emosie vol pyn en die einde van blydskap is depressie.
14 Die parmantige in verstand, wil en emosie sal versadig word met die vrug van sy lewenswyse en die goeie man sal tevrede wees met die respek wat hy ontvang.
15 Die eenvoudige vertrou elke woord, maar die skrandere onderskei tussen goed en boos.
16 Die wyse man is versigtig en gaan weg van boosheid, maar die dwaas peuter daarmee met selfvertroue.
17 ’n Man, haastig in alles wat hy doen, soek nooit raad nie, maar ’n wyse man is gematig.
18 Dwase erf dwaasheid, maar die skranderes deel kennis uit.
19 Bose manne sal plat neerbuig voor die goeies en die bose sal kom om te bedel by die poorte van die regverdige.

20 Die arme word selfs deur sy eie naaste gehaat, maar die rykes het baie vriende.
21 Wie sy naaste verag, doen sonde, maar hy wat omgee vir die armes, hy is gelukkig.
22 Die bose fouteer wanneer hulle boosheid beplan, maar manne van liefdevolle omgee en waarheid, doen allerhande goedheid. Die werkers van boosheid verstaan nie die waarheid en onverdiende guns nie; liefdevolle goedheid en waarheid is by die werkers van die goeie.
23 In al jou werke is daar wins, maar hy wat jonk is, is sonder sorge en op sy gemak. יהוה genees elke wond, maar die praat van die lippe van die dwaas neig net na armoede.
24 Die kroon van die wyse is hulle rykdom, maar die boosheid van die dwase is hul verstandeloosheid.
25 ’n Ware getuie bevry lewens, maar ’n bedrieglike getuie praat valsheid.
26 In respekvolle vrees vir יהוה lê ’n sterk versekerdheid en sy kinders sal ’n plek van skuiling hê.
27 Respekvolle vrees vir יהוה is ’n fontein van lewe vir hulle wat wegdraai van die strikke van die dood. [Spr 13:14]
28 In die menigte van die bevolking is die eer van die koning, maar in die vernietiging van die mense is die ondergang van die koning.
29 Hy wat stadig is om kwaad te word, het groot insig, maar hy wat kort van humeur is, is uitsonderlik dwaas.
30 Hy wat sy woede afkoel, is ’n geneesheer van sy eie verstand, wil en emosie, maar woede is die verrotting van die gebeente.
31 Hy wat die arme onderdruk, tart sy Maker, maar hy wat יהוה eer, het onverdiende guns vir die behoeftiges.
32 Die bose word deur sy boosheid omvergewerp, maar hy wat oortuig is dat hy sonder sonde is, is ’n regverdige man. [1 Yog 1:7; 3:3-7]
33 Wysheid sal rus in die verstand, wil en emosie van die regverdige, maar in die verstand, wil en emosie van dwase sal dit nie bekend gemaak word nie.
34 Onpartydige opregtheid verhoog ’n volk, maar sonde is ’n bespotting vir enige nasie.
35 Die koning se guns is tot ’n wyse dienskneg, maar die bose sal omvergewerp word deur sy eie planne. Woede vernietig selfs wyse manne.

15 1 ’n Sagte antwoord draai die woede weg, maar ’n harde woord wek woede op.
2 Die tong van die wyse gebruik kennis reg, maar die mond van dwase spoeg vloeke uit.
3 Die oë van יהוה is op elke plek en let op na die slegtes en die goeies.
4 ’n Helende tong is ’n boom van lewe en hy wat van sy vrugte eet sal daardeur gevul word.
5 Die dwaas verag die dissipline van sy vader, maar hy wat op die teregwysing ag gee, is wys.
6 In die huis van die regverdige is groot krag, maar die oes van die bose sal vernietig word.

7 Die lippe van die wyse uiter kennis, maar die verstand, wil en emosie van die dwase is nie opreg nie.
8 Die offers van die bose is verwerplik vir יהוה, maar die gebed van die opregtes is Sy vreugde.
9 Die lewenswyse van die bose is ’n verwerplikheid vir יהוה, maar Hy het hom lief wat onpartydige opregtheid navolg.
10 Die tugtiging van die wat nie boosheid erken nie is bekend, maar hy wat teregwysing haat, sal sterf.
11 Sh’ol en vernietiging is voor יהוה, hoeveel te meer nie die verstand, wil en emosie van die mens nie!
12 Die bose man hou nie van een wat hom bestraf nie en hy sal ook nie saam met die wyse loop nie.
13 ’n Vrolike verstand wil en emosie maak ’n blymoedige gesig, maar deur smart van die verstand, wil en emosie is die gees gebroke.
14 Die verstand wil en emosie van die regverdige soek kennis, maar die mond van die dwase uiter boosheid.
15 Al die dae van die arme is gevul met probleme, maar hulle wat ’n blymoedige verstand, wil en emosie het, het ’n voortdurende rustigheid.
16 ’n Klein bietjie, saam met respekvolle vrees vir יהוה, is beter as die groot skatte van die bose.
17 ’n Ete van groente waar liefde is, is beter as ’n vetgevoerde bees saam met haat.
18 ’n Humeurige man verwek twis, maar hy wat stadig is om kwaad te word, bring vrede in ’n stryery.
19 Die lewenswyse van die luiaard is vol dorings, maar die pad van die opregtes is eenvoudig.
20 ’n Wyse seun maak sy vader gelukkig, maar ’n dwase seun is ’n vernedering vir sy moeder.
21 ’n Dwase man het ’n gebrek aan insig, maar ’n man van insig leef opreg.
22 Hulle wat onverdiende respek vir raadgewing het, faal om die doel daarvan te waardeer, maar deur die veelheid van raadgewers, word die raad bevestig.
23 ’n Man se vreugde word openbaar deur die woorde van sy mond en hoe goed is dit vir hom wat op die regte tyd praat!
24 Die pad van die lewe gaan opwaarts vir die wyse sodat hy mag wegkom van die dieptes van Sh’ol.
25 יהוה sal die huis van die trotsaards vernietig, maar Hy sal die besittings van die weduwee verseker.
26 Bose gedagtes is verwerplik vir יהוה, maar suiwer woorde is vir Hom aangenaam.
27 Hy wat omkoopgeld aanvaar, vernietig sy eie lewe, maar hy wat omkoop haat, sal lewe.
28 Die verstand, wil en emosie van die regverdige oordink in waarheid, maar uit die mond van die bose stroom bose dinge.
29 יהוה is ver van die bose, maar Hy hoor die gebed van die regverdiges.
30 Die lig van die oë verbly die binneste en ’n goeie tyding maak die gebeente vet.
31 Die oor wat teregwysing tot die lewe hoor en dit doen, vertoef onder die wyses.

32 Hy wat teregwysing verwerp, verag sy eie lewe, maar hy wat luister na teregwysing, verkry wysheid.
33 Respekvolle vrees vir יהוה is die teregwysing van lewe en die lof en eer van die nederige gaan voor hom uit. Heb 12:5-11

16 1 Die redevoering van die verstand is van die mens, maar die antwoord van die tong kom van יהוה. Mat 10:19
2 Al die lewenswyses van 'n man is suiwer in sy eie oë, maar יהוה toets die gees.
3 Vertrou jou dade aan יהוה toe, dan sal Hy jou planne vestig.
4 יהוה het alles gemaak vir die doel van hulle wat na Hom luister, maar die bose word gehou vir die dag van katastrofe.
5 Elkeen wat trots is in sy verstand, wil en emosie, is verwerplik vir יהוה en alhoewel hy hand in hand met sy naaste gaan, sal hy nie verskoon word nie as gevolg van hierdie boosheid.
6 Deur liefdevolle goedheid en waarheid word morele boosheid gereinig en respekvolle vrees vir יהוה laat mense afwyk van boosheid.
7 Wanneer 'n man se lewenswyse volgens יהוה se wil is, sal hy selfs met sy vyande regmaak.
8 Eerder 'n bietjie, saam met onpartydige opregtheid, as 'n groot opbrengs, onregverdig ingebring.
9 Die verstand, wil en emosie van die mens beplan sy lewenswyse, maar יהוה vestig sy voetstappe.
10 Goddelike openbaring is op die lippe van die koning; sy mond oortree nie in oordeel nie.
11 יהוה se oordeel is die gewig van 'n regverdige weegskaal; al Sy werke is regverdige gewigte.
12 Konings wat moreel oortree, is verwerplik, want 'n troon word gevestig deur onpartydige opregtheid.
13 Die lippe van 'n onpartydige en opregte man is 'n vreugde vir die koning en hy het die woorde van die opregte lief.
14 Die woede van die koning is soos boodskappers van die dood, maar 'n wyse man sal dit tot bedaring bring.
15 In die lig van die gesig van die koning is lewe en sy guns is soos 'n wolk van die vroeë reëns.
16 Om wysheid te verkry, is baie beter as goud en om insig te verkry, beter as silwer.
17 Die pad van die opregtes veroorsaak dat jy wegdraai van boosheid; hy wat versigtig is vir sy lewe, beskerm sy lewenswyse.
18 Arrogansie kom voor verwoesting en trots kom voor die katastrofe.
19 Dit is beter om nederig en sonder trots te wees as hy wat buit verdeel saam met die magtiges.
20 Hy wat 'n opdrag verstaan, sal die goeie vind; gelukkig is hy wat op יהוה vertrou.
21 Die wyse van verstand, wil en emosie, is 'n man van onderskeiding en hy wie se spraak soet is, vermeerder lering.

22 Insig is ’n fontein van die lewe vir die wat dit het, maar die tugtiging van die dwase is leeg.
23 Die verstand, wil en emosie van die wyse verstaan die woorde van sy mond en voeg lering by sy lippe.
24 Die woorde van ’n wyse man is soos ’n heuningkoek: soet vir die lewe en ’n gesondheid vir die gebeente.
25 Daar is ’n lewenswyse wat reg lyk in die oë van ’n mens, maar die einde daarvan is die pad van die dood.
26 ’n Smartlike persoon maak homself droewig; sy vernietiging kom uit sy eie mond.
27 ’n Waardelose mens beplan boosheid; uit sy mond kom ’n brandende vuur.
28 ’n Bose man bedreig wat reg is en vervolg sy naaste sonder rede.
29 ’n Bose man verlei sy naaste en lei hom op ’n lewenswyse wat nie goed is nie.
30 Hy knip sy oë en beplan korrupte dinge; [Spr 6:13] hy spreek sy doel uit en doen boosheid.
31 Hoë ouderdom is ’n mooi kroon wat oor die pad van onpartydige opregtheid verhoog word.
32 Hy wat stadig is om kwaad te word, is beter as die magtiges en hy wat sy gees beheer, as hy wat ’n stad inneem.
33 Die boosheid van die wrede val in sy eie skoot en sy oordeel kom vanaf die Teenwoordigheid van יהוה.

17 1 ’n Stuk droë brood en rustigheid daarby is beter as ’n huis vol feesmaaltye met getwis.
2 ’n Wyse dienskneg sal heers oor ’n seun wat skande maak en sal die erfenis deel saam met die broers.
3 Die smeltkroes is vir silwer en die oond vir goud, maar יהוה toets die binneste.
4 Die bose luister vir valse lippe, maar die regverdige luister nie na die tong van gewelddadige manne nie.
5 Hy wat met die arme spot, tart sy Maker; hy wat bly is oor ’n katastrofe, sal nie vergewe word nie.
6 Kinders se kinders is die kroon vir ou manne en die lof en eer van die kinders is hulle vader. [Spr 23:15,16]
7 Uitstekende taal pas nie by ’n dwaas nie en ook nie leuentaal by ’n regverdige nie!
8 ’n Kosbare edelgesteente is mooi in die oë van sy besitter; oral waar dit gaan word dit bewonder.
9 Hy wat ’n oortreding vergeet, soek vriendskap, maar hy wat dit haat om ’n oortreding te vergeet, vervreem homself van ’n vriend en naaste.
10 ’n Berisping breek die binneste van die wyse; die dwaas ontvang straf, maar besef dit nie.
11 Die twisgierige soek moeilikheid; daarom sal ’n wrede boodskapper teen hom gestuur word.
12 Bepeinsing en respekvolle vrees pas by ’n wyse man, maar ’n dwaas bepeins sy sinnelose boosheid.

13 Hy wat goed met boosheid vergeld, die boosheid sal nie uit sy huis wyk nie.
14 Hy wat bloed vergiet, maak oordeel wakker voor die heerser.
15 Beide hy wat die bose regverdig verklaar en hy wat die regverdige veroordeel, is verwerplik voor יהוה.
16 Wat is die waarde van rykdom in die besit van die dwaas wat geen begeerte het om wysheid te bekom nie?
17 ’n Vriend het te alle tye lief, maar ’n broer word gebore vir teëstand.
18 ’n Dwase mens bied homself aan as borg, want hy word versekering vir sy naaste.
19 Hy wat oortreding lief het, het bedrog en twis lief en hy wat homself verhoog, soek vernietiging.
20 Hy wat in sy verstand, wil en emosie sleg praat, sal nie die goeie vind nie; hy wat ’n bose tong het, verval in boosheid.
21 Hy wat ’n dwaas verwek, doen dit tot sy eie skande; sy vader sal geen vreugde in hom hê nie.
22 ’n Vrolike binneste maak die liggaam gesond, maar ’n gebroke gees droog die gebeente uit.
23 Hy wat omkoopgeld aanvaar is boos, want hy verdraai hoe die regverdige oordeel werk.
24 Die gesig van die man van insig, is na wysheid, maar die oë van die dwaas na die dieptes van die aarde gedraai.
25 ’n Dwase seun tart sy vader en is bitterheid vir haar wat geboorte aan hom gegee het.
26 Om die regverdige te straf of om die regverdige man, wat die waarheid praat, te slaan, is nie goed nie.
27 Hy wat sy woorde spaar, besit kennis en hy wat geduldig is, is ’n wyse man.
28 Selfs ’n dwaas, wanneer hy stilbly, word as wys beskou en hy wat sy lippe toehou, as ’n man van insig.

18 1 Wanneer ’n man onaktief is, bedink hy begeertes en bespot goeie instruksies.
2 Die dwaas het geen vreugde in wysheid nie, maar sy gedagtes beplan nietighede.
3 Wanneer die bose die dieptes van boosheid bereik, kom nietigheid, minagting, oneer en skande oor hom.
4 Die woorde van ’n man se mond is soos diep waters en die fontein van wysheid soos ’n vloeiende stroom.
5 Dit is nie goed om die persoon van die bose te respekteer nie en ook nie om regverdige oordeel te verdraai teen die regverdige nie.
6 Die lippe van die dwaas kom in twis en sy mond bring hom by die dood.
7 Die mond van die dwaas is sy vernietiging en sy lippe is die strik vir sy lewe.
8 Die woorde van die skinderaar bring vir hom boosheid en veroorsaak dat hy in die binnekamers van Sh’ol afgaan.
9 Hy wat slap is in sy werk, is die broer van die vernietiger.
10 Die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה is ’n sterk toring; die regverdige en magtige hardloop daarin.
11 Die rykdom van die ryke is sy sterk stad en sy blyplek is omhein deur ’n sterk muur.

12 Voor vernietiging is die mens se verstand, wil en emosie hoogmoedig, maar voor eer is nederigheid.
13 Hy wat 'n antwoord gee voordat hy gehoor het, is 'n dwaas en nikswerd.
14 Die gees van 'n man sal sy lyding deurstaan, maar 'n gebroke gees, wie kan dit oplig?
15 Die verstand, wil en emosie van die man met insig, verkry wysheid en die oor van die wyse luister na kennis.
16 'n Man se geskenke maak vir hom ruimte en bring hom in die teenwoordigheid van groot manne. Spr 21:14
17 Hy wat eerste praat, word onskuldig beskou in sy hofsaak, maar as sy naaste kom, ondersoek hy hom deeglik.
18 Om die lot te werp laat stryd ophou en besluit tussen magtige manne.
19 'n Broer wat deur sy broer gehelp word, is soos 'n stad wat deur sy versterkings gehelp word en sy helpers is soos die wering van 'n paleis.
20 'n Man se maag sal versadig word deur die vrug van sy mond en deur die vrug van sy lippe sal hy vol gemaak word.
21 Dood en lewe is in die mag van die tong en hulle wat dit lief het, sal die vrug daarvan eet. Ya'a 3:2
22 Hy wat 'n goeie vrou vind, vind iets goeds en verkry guns van יהוה. Hy wat 'n goeie vrou uitsit uit sy huis, sit die goeie uit sy huis.
23 Die arme praat nederig, maar die ryke praat van groot dinge.
24 Daar is vriende wat maar net vriende is en daar is 'n vriend wat vaster is as 'n broer.

## 19

1 Die arm man wat in sy integriteit leef, is beter as 'n ryk man wat in boosheid leef.
2 Hy wat nie kennis van sy eie lewe het nie, dit is nie goed vir hom nie en hy wat haastig is met sy voete, sondig.
3 Die dwaasheid van 'n man bederf sy lewe, hy word in sy binneste kwaad vir יהוה.
4 Rykdom maak baie vriende, maar die arm man word deur sy vriende in die steek gelaat.
5 'n Valse getuie sal nie ongestraf bly nie en hy wat leuens praat, sal nie vrykom nie.
6 Baie dien in die teenwoordigheid van 'n prins, hy gee selfs geskenke vir die wat boos is.
7 Al die broers van die arme haat hom; ook sy vriende gaan ver van hom af weg! Hy wat moeilikheid maak met sy woorde is oneg!
8 Hy wat wysheid verkry, het sy eie lewe lief; hy wat insig bewaar, sal die goeie vind.
9 'n Valse getuie bly nie ongestraf nie en hy wat leuens praat, word vernietig.
10 Om in luuksheid te leef, pas nie by 'n dwaas nie; nog minder is dit paslik vir 'n dienskneg om oor prinse te heers!
11 Die intelligensie van 'n mens stel sy woede uit en sy eer is om oortredinge verby te gaan.

12 Die koning se woede is soos die gebrul van ’n leeu, maar sy guns is soos dou op die plante.
13 ’n Dwase seun is ’n oneer vir sy vader en die stryery van ’n vrou is soos ’n aanhoudende gedrup.
14 Huis en rykdom is die erfenis vanaf die vaders, maar ’n vrou word aan die man gegee vanaf יהוה.
15 Luiheid laat jou in ’n diep slaap val en ’n trotse man sal honger ly.
16 Hy wat die opdragte uitvoer, bewaar sy eie lewe, maar hy wat die regte lewenswyse verwerp, sal sterf.
17 Hy wat omgee vir die armes, is ’n metgesel van יהוה en hy sal beloon word volgens sy dade. [Ya’a 1:27]
18 Tugtig jou seun terwyl daar hoop is en laat jou lewe nie sy oneer deel nie.
19 ’n Man van groot woede sal skade ly; hoe meer vyandig hy is hoe meer vergroot hy sy las.
20 Luister na raad en neem dissipline aan sodat jy wys kan wees in jou lewenswyse.
21 Daar is baie planne in ’n man se verstand, nogtans sal die raad van יהוה vasstaan.
22 Die begeerte van ’n mens is om goed te doen en ’n arm man is beter as ’n ryk man wat lieg.
23 Respekvolle vrees vir יהוה lei tot lewe en hy wat daarmee tevrede is, sal voortbestaan, hy sal nie besoek word deur boosheid nie.
24 Die luiaard steek sy hande weg binne sy kleed en sal nie eens weer probeer om hulle na sy mond te bring nie.
25 Wanneer ’n bose persoon geslaan word, neem die wyse kennis en wanneer ’n wyse tereg gewys word, sal hy insig verkry.
26 Hy wat sy vader plunder en sy moeder teleurstel, is ’n seun wat skande veroorsaak en bespotting bring.
27 Wag, my seun en gee ag op dissipline en moenie die woorde van kennis vergeet nie.
28 ’n Deugniet wat getuig, spot met die reg; die mond van die bose verslind hom.
29 Oordeel word voorberei vir hulle wat spot met die regverdige oordeel en slae vir dwase mense.

**20** 1 Wyn is moeilikheid en dronkenskap is skandelik en wie ook al oormatig drink, is nie wys nie. [Spr 23:30]
2 Die woede van ’n koning is soos die gebrul van ’n leeu; hy wat hom tot woede tart, sondig teen sy eie lewe.
3 Dit is ’n eer vir ’n man om op te hou met twis, maar elke dwaas sal homself daarin verheug.
4 Wanneer die luiaard bestraf word, sal hy nie ophou nie; daarom sal hy tydens oestyd bedel, maar sal selfs nie water ontvang nie.
5 Die raad in ’n koning se verstand is diep, maar ’n wyse man sal dit uittrek.
6 Baie mense word as goedgunstig beskou, maar wie kan ’n betroubare man vind?
7 Die regverdige man lewe in sy integriteit; geseënd is sy kinders na hom.
8 ’n Koning wat op die regterstoel sit, jaag alle boosheid van voor hom weg.

9 Wie kan sê: "Ek het my verstand, wil en emosie skoongemaak, ek is rein van my sondes"? [1 Yog 1:8]
10 Wisselende gewigte en wisselende mates, beide is verwerplik in die Teenwoordigheid van יהוה. [Lev 19:35-37; Spr 20:23]
11 Selfs 'n jongman word geken deur sy dade, of hulle suiwer is en of hulle reg is. [Ps 119:9]
12 'n Oor wat hoor en 'n oog wat sien; יהוה het hulle albei gemaak.
13 Moenie die slaap liefhê sodat jy arm word nie; maak jou oë oop en jy sal met brood versadig word.
14 "Dit is niks, dit is niks," sê die koper en gaan dan weg en roem.
15 Weer sê hy: "Hier is goud en 'n menigte kosbare stene en kosbare houers," maar die lippe van kennis is kosbare juwele.
16 Neem die kleed van hom wat borg staan vir 'n vreemdeling en vat dit as borg vir 'n vreemdeling.
17 Hy wat borg staan vir 'n man deur onregverdige wins, sal agterna sy mond vol gruisklippies kry. [Spr 6:1,2; 11:15; 17:18]
18 'n Goeie plan word gevestig deur beraadslaging, maar deur uittarting word oorlog gemaak.
19 Hy wat 'n geheim openbaar, veroorsaak stories; moet daarom nie meng met hom wat gou met sy lippe is nie.
20 Wie sy vader of sy moeder vloek, sy lamp sal geblus word.
21 'n Erfenis wat aan die begin haastig verkry is, sal nie teen die einde geseënd wees nie.
22 Moenie sê: "Ek sal boosheid terugbetaal," nie, maar wag op יהוה dat Hy jou kan help.
23 Wisselende gewigte is verwerplik in die Teenwoordigheid van יהוה en vals weegskale is nie goed nie. [Lev 19:35-37; Spr 20:10]
24 'n Man se voetstappe word deur יהוה gerig; wie is die man dan, wat sy eie lewenswyse kan rig?
25 Dit is 'n strik vir die man wat belowe het om iets vir 'n afgesonderde plek te gee en dan agterna spyt is.
26 'n Wyse koning verstrooi die bose en vermorsel hulle onder die wiel.
27 Die gees van die mens is 'n lamp van יהוה, wat die dieptes van die innerlike deursoek.
28 Liefdevolle goedheid en waarheid beskerm 'n koning en sy troon word gevestig deur goedheid.
29 Die versiering van die jongmanne is hulle krag en die prag van ou manne is hulle grys hare.
30 Ellende en foltering val op bose manne en houe slaan die binnekant van hulle liggame.

21 1 Soos strome water is die verstand, wil en emosie van die koning in die hand van יהוה: Hy draai dit waarheen Hy wil. [Iyov 36:7; Dan 4:17]
2 Elke lewenswyse van 'n mens is reg in sy eie oë, maar יהוה korrigeer die verstand, wil en emosie.

3 Hy wat onpartydige opregtheid doen, is meer aanvaarbaar vir יהוה as hy wat ’n offer bring. [1 Sh’m 15:22]
4 Hoogmoedige oë, ’n trotse verstand, wil en emosie en die vrug van die bose is sonde.
5 Die planne van die vlytige neig na oorvloed, maar dié van bose manne bring gebrek.
6 Die verkryging van skatte deur ’n leuenagtige tong sal vernietiging bring en die dood vir hulle wat dit soek.
7 Die vernietiging van die bose sal oor hulle kom, want hulle het geweier om regverdig te oordeel.
8 Hy wat sy eie pad verdraai tree snaaks op, maar die werke van hom wat rein is, is reg.
9 Dit is beter om alleen op die hoek van ’n dak te bly as by ’n twisgierige vrou in ’n groot huis.
10 Die lewe van ’n bose man is weggesteek vir sy naaste se oë.
11 Wanneer die bose skade kry, word selfs die eenvoudige wys, maar ’n wyse ontvang kennis deur sy eie raad.
12 Die regverdige man verstaan wyslik die verstand, wil en emosie van die bose en hy gooi die bose in hulle booshede.
13 Hy wat sy oor toemaak vir die uitroep van die arme, sal self ook uitroep tot God, maar Hy sal hom nie antwoord nie.
14 ’n Geskenk in die geheim bring die woede tot bedaring, maar hy wat spaarsamig is met sy geskenke wek woede op. [Spr 18:16]
15 Dit is ’n vreugde vir die regverdige om regverdig te oordeel, maar vernietiging vir die werkers van boosheid.
16 ’n Mens wat afdwaal van die pad van insig, sal in die vergadering van die dooies rus.
17 Hy wat rykdom kortkom en steeds van onthale, wyn en plesiere hou, sal nie ryk word nie.
18 Die bose sal as losprys vir die regverdige gegee word en die bedrieglike in die plek van die opregtes.
19 Dit is beter om in die wildernis te bly as by ’n twisgierige en woedende vrou.
20 ’n Begeerlike skat en salfolie is in die huis van die wyse, maar ’n dwaas bring dit deur.
21 Hy wat soek na onpartydige opregtheid en liefdevolle goedheid, sal lewe, onpartydige opregtheid en eer vind.
22 Die wyse breek deur die verdediging van die stad van die magtiges en oorwin die vesting waarop hulle vertrou.
23 Hy wat sy mond en sy tong inhou, hou homself uit die moeilikheid. [Ya’a 1:26]
24 In sy woede pleeg ’n oorhaastige en trotse man onregverdigheid.
25 Die begeertes van die luiaard maak hom dood, want sy hande weier om te werk;
26 die hele dag deur begeer hy gretiglik, maar die regverdige gee en hou nie terug nie.
27 Die offer van die bose is verwerplik, want hulle bring dit op ’n onregverdige wyse.

28 ’n Valse getuie sal omkom, maar ’n gehoorsame man praat die waarheid.
29 Die gesig van die bose is onbeskaamd, maar hy wat opreg is, verander sy lewenswyse.
30 Daar is geen wysheid, insig of raad, soos dié van יהוה nie.
31 Die perd kan voorberei word vir die dag van die geveg, maar die verlossing is van יהוה. Ps 20:8

22 1 ’n Goeie naam (karakter en outoriteit) is beter as groot rykdom en onverdiende guns as silwer en goud.
2 Rykes en armes kom saam, יהוה het hulle albei gemaak.
3 ’n Slim mens sien dat ’n bose geslaan word en word daardeur geleer, maar dwase gaan verby en kry skade.
4 Die gevolg van nederigheid is die respekvolle vrees vir יהוה, rykdom, eer en die lewe.
5 Strikke en vangnette lê op ’n verdraaide pad; hy wat sy lewe beskerm sal ver van hulle af weg wees.
6 Voed ’n kind op volgens die pad wat hy moet gaan en wanneer hy oud word, sal hy nie daarvan afwyk nie.
7 Die armes sal heers oor die rykes en die dienskneg sal leen aan sy vorige lener.
8 Wie onregverdigheid saai, sal bedrog maai en die staf van sy woede sal verbreek word.
9 Hy wat ’n goeie oog het (vrygewig is), sal geseënd wees, want hy gee van sy kos vir die armes. 2 Kor 9:7
10 Vernietig boosheid, gooi twis uit, raak ontslae van stryd en spot, anders sit hulle in die vergadering en spot almal teenwoordig.
11 יהוה het hom lief wat rein van verstand, wil en emosie is en bewys goedheid aan sy lippe en die koning is sy vriend.
12 Die oë van יהוה bewaar kennis en vernietig die woorde van bedrog.
13 Wanneer hy gestuur word, sê die luiaard: “Daar is ’n leeu op die pad en let op, daar is moord in die strate!”
14 Die mond van ’n vreemde vrou is ’n diep put; hy vir wie יהוה kwaad is, sal daarin val.
15 Dwaasheid beweeg die verstand, wil en emosie van ’n kind, maar die lat van tug sal dit ver van hom af wegdryf.
16 Hy wat die arme onderdruk, voeg by sy boosheid en hy wat aan die rykes gee, sal verlies ly.
17 Draai jou oor en luister na die woorde van die wyse en neem my kennis op in jou verstand,
18 want beide is aangenaam, hou dit binne-in jou; laat hulle saam gereedgemaak word op jou lippe.
19 Sodat jou vertroue in יהוה mag wees, het ek hierdie dinge vandag aan jou bekend gemaak. Ja, aan jou.
20 Let op, dit is die derde keer dat ek die spreuke vir jou skryf

21 sodat ek aan jou raadgewing en kennis, vrede en die woorde van waarheid kan leer sodat jy woorde van waarheid kan antwoord aan hom wat na jou toe stuur.
22 Moenie die arme onderdruk omdat hy arm is nie en onderdruk nie die behoeftige in die poort nie,
23 want יהוה sal hulle saak verdedig en die onreg vergeld wat aan hulle gedoen is.
24 Moenie vriende maak met ’n toornagtige man en met ’n man wat gou kwaad word, moet jy nie saamgaan nie
25 sodat jy nie sy lewenswyse kan leer en ’n struikelblok vir jou lewe vind nie.
26 Moenie borg staan vir ’n skuld net omdat jy te skaam is om die wat jou vra af te wys nie,
27 want as jy niks het om te betaal nie, sal hulle jou bed onder jou uitvat.
28 Moenie die ou grenslyne wat jou vaders gemaak het, verwyder nie.
29 Wanneer jy sien dat ’n man vaardig is in sy werk, sal hy voor konings staan, hy sal nie voor onbenulliges staan nie.

23 1 Wanneer jy sit om saam met ’n heerser te eet, let noukeurig op wat voor jou opgedien word
2 dat jy nie gif in jou mond sou sit nie. As jy ’n man met ’n uitermatige eetlus is,
3 moenie sy kos begeer nie, want sy brood is brood van bedrog.
4 Moenie argumenteer met ’n ryk man nie, maar bly wyslik van hom af weg, [1 Tim 6:9]
5 want as jy jou oë op hom sou vestig, kan jy hom nie sien nie, want hy maak vir homself vlerke soos die arend en vlieg weg in die lug!
6 Moenie saam met iemand eet wat ’n bose oog het (suinig is), [Mat 6:23] of sy kos begeer nie,
7 want hy is soos een wat pik insluk, net so sal jy saam met hom eet en drink, maar sy verstand, wil en emosie is nie by jou nie.
8 Die stukkie wat jy geëet het, sal jy uitspoeg en jy sal jou soet woorde verloor.
9 Moenie in die teenwoordigheid van ’n dwaas praat nie, want hy sal die wysheid van jou woorde verag.
10 Moenie die ou grenslyne verwyder nie, of in die landerye van die vaderlose ingaan nie,
11 want hulle Verlosser is magtig, Hy sal hulle saak teen jou verdedig.
12 Draai jou verstand, wil en emosie na dissipline en jou oor na woorde van kennis.
13 Moenie tugtiging terughou van die seun nie, want as jy hom slaan, sal hy nie sterf nie,
14 want as jy hom met die lat slaan, sal jy sy lewe uit Sh’ol red.
15 My seun, as jou verstand, wil en emosie wys is, sal my verstand, wil en emosie verheug wees. [Spr 17:6]
16 Ja, my verstand, wil en emosie sal verheug wees as jy dinge wat reg is, praat.
17 Moenie dat jou verstand, wil en emosie die sondaars beny nie, maar vrees יהוה die hele dag lank respekvol,
18 want jy sal sekerlik ’n toekoms hê en jou versekerde verwagting sal nie afgesny word nie.
19 Hoor, luister en doen, my seun, wees wys en maak my raad vas in jou verstand.

20 Wees nie dronk met wyn nie en wees nie ’n oormatige eter van vleis nie,
21 want die dronkaard en oormatige eter sal arm word en slaperigheid sal ’n man in stukkende klere klee.
22 Luister na jou vader wat jou verwek het en doen dit en moenie jou moeder verag wanneer sy oud is nie.
23 Koop die waarheid en verkoop nie wysheid nie; koop ook insig en dissipline.
24 Die vader van ’n regverdige sal hom baie verheug en hy wat ’n wyse kind verwek het, sal bly wees.
25 Jou vader en jou moeder sal bly wees oor jou en die een wat aan jou geboorte gegee het, sal gelukkig wees.
26 My seun, gee vir my jou verstand, wil en emosie en laat jou oë my lewenswyses beskou,
27 want ’n hoer is ’n diep put en ’n vreemde vrou is ’n nou put.
28 Sy vernietig mans skielik en vermeerder onreg onder die mens.
29 Wie het probleme? Wie het moeilikheid? Wie het teëstand? Wie het harde tye? Wie het wonde sonder oorsaak? Wie het rooi oë?
30 Dié wat lank oor die wyn bly en wat soek na ’n drinkplek. Moenie dronk wees van wyn nie, [Spr 20:1] maar gesels met regverdige manne; loop en praat met hulle.
31 Oordink onpartydige opregtheid en moenie kyk na die wyn as dit rooi is in die beker nie,
32 want teen die einde byt dit soos ’n slang en wond dit soos ’n adder.
33 Wanneer jou oë na ’n vreemde vrou kyk, sal jou verstand, wil en emosie pervers optree
34 en jy sal wees soos een wat in die see gaan lê of soos ’n matroos in ’n storm.
35 “Hulle het my geslaan,” sal jy sê, “maar ek het nie gely nie; hulle het my gespot, maar ek het dit nie geweet nie; wanneer ek sober wakker word, sal ek gaan en dit weer opsoek.”

24 1 Moenie afgunstig wees op bose manne nie en moet ook nie begeer om by hulle te wees nie, [Ps 1:1]
2 want hulle binneste beplan boosheid en hulle lippe praat van onreg.
3 Deur wysheid word ’n huis gebou en deur insig word dit gevestig
4 en deur kennis word die binneste kamers gevul met allerhande kosbare en aangename rykdom.
5 ’n Wyse man is beter as ’n sterk man; ja, ’n man van kennis, as ’n magtige,
6 want deur uittarting word oorlog gemaak; in ’n menigte raadgewings is daar verlossing.
7 Wysheid vergruis die dwaas; hy maak nie sy mond oop in die poort nie.
8 Hy wat beplan om boos te doen, sal boos genoem word.
9 Die gedagtes van die dwaas is sonde en boosheid is ’n verwerplikheid vir die mens.
10 Die bose sal weggedryf word deur boosheid in die dag van pyniging.
11 Bevry hulle wat weggesleep word na die dood en moenie terughou om hulle wat gevange gehou word om doodgemaak te word, los te koop nie!

12 As jy sê: “Let op, ons het dit nie geweet nie,” weet dan, dit is God wat die gedagtes toets en sal aan elke man gee volgens sy dade. [Ps 62:13; Iyov 34:11; Rom 2:6] Weet dit, dit is Hy wat jou lewe bewaak.

13 Eet heuning, my seun, want dit is goed en die heuningkoek, wat soet is vir jou smaak. [Ps 119:103]

14 So sal wysheid jou lewe vind en jy sal goeie vooruitsigte hê en jou versekerde verwagting sal nie afgesny word nie.

15 Moenie planne van onreg maak in die huis van die regverdige nie; moenie sy rusplek bederf nie,

16 want die regverdige man val sewe maal en staan weer op, maar die bose val in sy boosheid.

17 Moet jou nie verheug wanneer jou vyand val nie en laat jou binneste nie bly wees wanneer hy oorval word nie [Rom 12:19]

18 dat יהוה dit nie sien en dit Hom nie tevrede stel nie en Hy Sy woede van hom af wegdraai nie.

19 Moet boosdoeners nie beny of jaloers wees op die bose nie,

20 want die boosdoener het geen toekoms nie en die lamp van die bose sal uitgedoof word.

21 My seun, vrees יהוה respekvol en gee goeie raad en meng nie met die dwase nie,

22 want hulle katastrofe sal skielik kom en wie ken die einde van hulle jare?

23 Hierdie dinge sê ek vir die wyse: “Dit is nie goed om partydig te wees in oordeel nie

24 of om vir die bose man te sê: ‘Jy is regverdig,’ nie; die volke sal hom vervloek en die nasies sal hom verag,

25 maar hulle wat hom bestraf sal tevredenheid hê en ’n goeie seën sal oor hulle kom.”

26 Die mense sal die lippe soen van hom wat vermaning gee.

27 Berei jou werk buitekant voor en maak dit gereed in die land en bou daarna jou huis.

28 Moenie ’n vals getuie teen jou naaste wees nie en moet hom nie mislei met jou lippe nie.

29 Moenie sê: “Soos hy aan my gedoen het, so sal ek aan hom doen; ek sal aan hom gee volgens sy dade,” nie.

30 Ek het by die land van ’n luiaard verbygeloop en by die wingerd van ’n mens sonder insig

31 en let op, dit was heeltemal toegegroei met dorings en die oppervlakte was bedek met brandnetels en sy klipmuur was afgebreek.

32 Toe het ek daarna gekyk en dit goed oordink en lering ontvang:

33 nog ’n bietjie slaap, nog ’n bietjie sluimer, nog ’n bietjie hande-vou oor jou bors;

34 dan kom armoede oor jou en behoefte haal jou skielik in soos ’n hardloper.

25 1 Hierdie is nog spreuke van Shlomo, wat die vriende van Hizkiyahu, koning van Y’hudah, neergeskryf het.
2 Dit is tot lof en eer van God om ’n saak geheim te hou, maar die eer en lof van die koning is om die saak te ondersoek.
3 Die hoogte van die hemele, die diepte van die aarde en die verstand, wil en emosie van die koning is onverstaanbaar.
4 Suiwer die vuil skuim uit die silwer dat ’n suiwer voorwerp verskyn. [Yes 1:22; Yeg 22:20,22]
5 Laat die bose vanuit die koning se teenwoordigheid weggedryf word en sy troon sal in onpartydige opregtheid gevestig word.
6 Moenie jouself in die teenwoordigheid van die koning verhoog nie en moenie op die plek van groot manne staan nie,
7 want dit is beter dat vir jou gesê word: “Kom op hoër,” [Luk 14:7-11] as dat jy verneder sou word. Rapporteer aan ’n heerser wat jou oë gesien het.
8 Moenie haastig uitgaan om iemand aan te kla nie; anders, wanneer jy jou saak stel, sal jou naaste jou aan die einde verag.
9 Bespreek jou saak met jou naaste, met homself en moenie die geheim aan ’n ander openbaar nie
10 sodat hy wat dit hoor, jou nie verag en baie mense met jou spot nie.
11 ’n Woord wat toepaslik gesê word, is soos appels van goud op silwer versierings.
12 Die berisping deur ’n wyse, aan ’n oor wat luister, is soos ’n goue oorring en ’n kosbare edelsteen.
13 Soos die koue van sneeu in die oestyd, wat die lug afkoel, so is ’n betroubare boodskapper vir hulle wat hom stuur, want hy verfris die lewe van sy meesters.
14 ’n Man wat hom roem op valse geskenke, is soos wolke en wind sonder reën.
15 Deur lank aan te hou word ’n heerser oortuig en ’n sagte tong verbreek die gebeente.
16 Wanneer jy heuning vind, eet soveel as wat vir jou genoeg is sodat jy nie daarvan vol sal word en naar word nie.
17 Moenie jou naaste se huis te gereeld besoek nie sodat hy nie moeg kan word van jou en jou haat nie.
18 ’n Man wat vals getuienis teen sy naaste gee, is soos ’n knopkierie, ’n swaard en ’n skerp pyl.
19 Soos ’n slegte tand en ’n geswikte voet, so is vertroue op ’n onbetroubare man in die tyd van moeilikheid.
20 Soos een wat ’n kledingstuk wegvat by sy naaste in koue weer, soos een wat sand gooi op die snare van ’n musiekinstrument, soos een wat ’n gebroke gees teister, soos ’n vismot op ’n kledingstuk en ’n boorwurm op ’n boom, so is die effek van smart op die verstand, wil en emosie van ’n man.
21 As jou vyand honger is, gee hom brood om te eet en as hy dors is, gee hom water om te drink, [Rom 12:20]
22 want deur dit te doen hoop jy gloeiende kole op sy kop op (hy sal beskaamd staan) en יהוה sal jou beloon.
23 Soos die noordewind wat reën bring, so is ’n boosaardige gesig en ’n tong wat agteraf praat.

24 Dit is beter om op die hoek van ’n dak te bly, as by ’n twisgierige vrou en ’n huis verdeeld in homself.
25 Soos koue water vir ’n dors persoon, so is goeie nuus vanuit ’n ver land.
26 Soos ’n troebel fontein of besoedelde bron, so is die regverdige wat neerval voor die bose.
27 Dit is nie goed om baie heuning te eet nie en ook nie om hoë lofprysing vir jouself te soek nie.
28 Soos ’n afgebreekte stad wat geen muur het nie, so is ’n man wat ongeduldig is.

26 1 Soos sneeu in die somer en soos reën in die oestyd, so is eer nie toepaslik op ’n dwaas nie.
2 Soos die voëls en die swaweltjies rondvlieg in die lug, so sal die vervloeking sonder oorsaak weggedryf word.
3 ’n Sweep is vir ’n perd, ’n toom vir ’n donkie en ’n lat vir die rug van ’n dwaas.
4 Moenie ’n dwaas antwoord volgens sy dwaasheid nie sodat jy nie ook net soos hy word nie,
5 maar antwoord ’n dwaas volgens jou wysheid sodat hy nie in homself dink dat hy wys is nie.
6 Hy wat ’n boodskap stuur deur die hand van ’n dwaas, kap sy eie voete af met pyn.
7 Soos ’n lam man wat nie kan loop nie, so is ’n vergelykende storie in die mond van ’n dwaas.
8 Soos ’n klip in ’n slingervel, so is hy wat eer gee aan ’n dwaas.
9 Dorings spring op in die hand van ’n dronkaard en dwaasheid in die mond van die dwaas.
10 Die liggaam van ’n dwaas word baie geteister en ’n dronkaard dink dat hy ’n see kan oorgaan.
11 Soos ’n hond wat na sy uitbraaksel teruggaan, so is ’n dwaas wat in sy dwaasheid verkeerd optree.
12 As jy ’n man sou sien wat wys is in sy eie oë, ’n dwaas is beter as hy.
13 Wanneer hy gestuur word, sê die luiaard: “Daar is ’n leeu op die pad en let op, daar is moord in die strate!”
14 Soos ’n deur op sy skarniere draai, so draai die luiaard op sy bed.
15 Die luiaard steek sy hande weg binne sy kleed en sal nie eens weer probeer om hulle na sy mond te bring nie.
16 Die luiaard is wyser in sy eie oë as sewe manne met goeie oortuiging.
17 Hy wat inmeng in ’n twis wat hom nie aangaan nie, is soos een wat ’n hond aan die ore gryp.
18 Soos trotse manne wat skerp en dodelike woorde uiter soos pyle,
19 so is die man wat sy naaste bedrieg; wanneer hy gevang word, sê hy: “Ek het net ’n grap gemaak.”
20 Wanneer daar geen hout is nie, gaan die vuur dood en waar daar geen twisgierige is nie, hou die stryd op.
21 Soos kole is vir gloeiende kole en hout vir vuur, so is ’n twisgierige man om stryd aan te hits.

22 Die woorde van ’n twisgierige stook moeilikheid op, hulle gaan af tot in die binneste van die verstand, wil en emosie.
23 Soos silwer skuim wat aan ’n kleipot vassit, so is woedende lippe en ’n bose verstand, wil en emosie.
24 Hy wat haat, is bekend deur sy eie lippe; in sy binneste koester hy bedrog.
25 Alhoewel hy met ’n sagte toon praat, vertrou hom nie, want daar is sewe verwerplikhede in sy verstand, wil en emosie.
26 Hy wat haat in sy binneste wegsteek se boosheid sal in die vergadering openbaar word.
27 Hy wat ’n put grawe, sal daarin val en hy wat ’n klip rol, dit sal op hom terugkom.
28 ’n Leuenagtige tong haat die waarheid en ’n moeilikheidmakende mond wek stryd op.

27 1 Beroem jou nie op môre nie, Ya’a 4:14 want jy weet nie wat ’n dag kan voortbring nie.
2 Laat ’n vreemdeling jou prys en nie jou eie mond nie; ’n ander en nie jou eie lippe nie.
3 ’n Klip is swaar en sand het gewig, maar ’n dwaas se woede is swaarder as altwee.
4 Toorn is wreed en woede is wreed, maar wie kan voor jaloesie staan?
5 Openlike teregwysing is beter as bedrieglike vriendskap.
6 Die wonde van ’n vriend is beter as die soene van ’n vyand.
7 ’n Persoon wat versadig is, verafsku die heuningkoek, maar vir ’n honger persoon is selfs wat bitter is, soet.
8 Soos ’n voël wat ver van sy nes af vlieg, so is ’n man wat van sy tuiste af weggevat word.
9 Soos olie en reukwater die gevoelens verbly, so ook die soetheid van ’n vriend deur opregte raad.
10 Moenie jou vriend en die vriend van jou vader in die steek laat nie en kom nie in die huis van jou broer op die dag van jou katastrofe nie, want ’n buurman wat naby is, is beter as ’n broer wat ver is.
11 Wees wys, my seun en verbly my binneste en verwyder van my die beskuldigings van hulle wat my beskuldig.
12 ’n Man met onderskeiding voorsien die boosheid en steek homself weg, maar die dwaas gaan aan en ly skade.
13 Die een wat borg staan vir ’n vreemdeling, se kleed sal van hom af weggevat word en as pand vir ’n vreemdeling gehou word.
14 Hy wat sy vriend met ’n vleiende harde stem seën, is nie verskillend van hom wat vloek nie.
15 Soos ’n aanhoudende gedrup op ’n reënerige dag, so is ’n twisgierige vrou.
16 Die Noordewind is hard, maar dit word die regte wind genoem.
17 Yster slyp yster, so verlig ’n man die gesig van sy vriend.
18 Hy wat ’n vyeboom oppas, sal sy vrugte eet en hy wat versigtig is vir sy meester, sal geëer word.

19 Soos gesigte nie ooreenkom met gesigte nie, so kom die verstand, wil en emosies nie ooreen met mekaar nie.
20 Sh’ol en vernietiging is nooit vol nie; so word die oë van ’n mens nie versadig nie.
21 Soos die smeltkroes vir die silwer is en die oond vir die goud, so word ’n man getoets deur die monde wat hom eer. Die verstand, wil en emosie van die bose begeer boosheid en die verstand wil en emosie van die een wat liefdevolle goedheid gee, begeer kennis.
22 Al slaan jy die dwaas in die middel van ’n vergadering, sal jy hom niks goeds doen nie en ook nie sy dwaasheid van hom laat wyk nie.
23 Wanneer jy jou skape voed, ken hulle gesigte en konsentreer op die trop.
24 Besittings is nie vir ewig nie en net so kan die kroon nie oorgedra word in ewige geslagte nie.
25 Die gras spruit uit, die sagte gras wys hulleself en die kruie van die berge word bymekaargemaak.
26 Die lammers is vir jou kleding en die boklammers vir jou onderhouding
27 en die bokmelk is vir jou kos en die kos van jou huishouding.

28 1 Die bose vlug wanneer niemand hulle agtervolg nie, maar die regverdige is versekerd soos ’n leeu.
2 As gevolg van die oortreding van ’n land het hy baie prinse, maar deur manne van insig wat regverdige oordeel ken, sal die stabiliteit daarvan verleng word.
3 ’n Arm man wat die armes onderdruk, is soos ’n swiepende reën wat tot geen voordeel is nie.
4 Hulle wat die wet opgee, prys boosheid, maar hulle wat die wet onderhou, word versterk.
5 Bose mense verstaan nie die regverdige oordeel nie, maar hulle wat יהוה soek, verstaan alle goeie dinge.
6 Die arm man wat in sy opregtheid lewe, is beter as ’n ryk man wie se lewenswyse pervers is.
7 Hy wat die wet onderhou, is ’n wyse seun, maar hy wat besig is met sinnelose boosheid, beskaam sy vader.
8 Hy wat sy rykdom vermeerder deur rente en onregverdige wins, sal dit nalaat vir die een wat goed is vir die armes. [Yes 23:18]
9 Hy wat sy oor toedruk om nie na die wet te luister en dit te doen nie, selfs sy gebed is ’n verwerplikheid.
10 Hy wat die regverdiges op ’n bose pad laat afdwaal, sal self in die put val, maar die opregtes sal goeie dinge erf.
11 Die ryk man is wys in sy eie oë, maar ’n arm man met insig sal hom teregwys.
12 Wanneer die regverdige sterk is, is daar groot lof en eer, maar as die bose tot krag kom, verdwyn die lof en eer.
13 Hy wat sy oortredinge wegsteek, sal nie voorspoedig wees nie, maar hy wat sy sonde erken, bely en laat staan, sal liefdevolle omgee ontvang. [Num 5:7]
14 Gelukkig is die man wat gedurigdeur respekvol vrees, maar hy wat sy verstand, wil en emosie verhard, sal in die boosheid verval.

15 Soos ’n brullende leeu en ’n honger beer, so is ’n bose heerser oor die armes.
16 ’n Heerser wat ’n gebrek het aan insig, is ook ’n groot onderdrukker, maar hy wat bedrog haat, sal sy lewe verleng.
17 ’n Mens wat betrokke is by bloedvergieting sal selfs na die put toe vlug en niemand sal hom help nie.
18 Hy wat opreg lewe, sal gered word, maar hy wat pervers is in sy lewenswyse, sal in ’n put val.
19 Hy wat die land omploeg, sal ’n oorvloed van brood hê, maar hy wat agter nietighede aanjaag, sal volop armoede hê.
20 ’n Betroubare man het uitermatige seëninge, maar ’n bose man sal nie onskuldig wees nie.
21 ’n Man wat partydigheid wys, is nie goed nie; vir ’n stukkie brood sal ’n man ’n verraaier word.
22 Hy wat hom haas om ryk te word, het ’n bose oog (suinig) en dink nie daaraan dat armoede oor hom sal kom nie.
23 Hy wat ’n mens teregwys, sal agterna meer guns vind, as hy wat vlei met sy tong.
24 Hy wat sy vader of sy moeder beroof en sê: “Dit is geen oortreding nie,” hy is die metgesel van ’n bose man.
25 Die hebsugtige verwek twis, maar hy wat sy vertroue op יהוה plaas, sal verryk word.
26 Hy wat op sy eie verstand, wil en emosie vertrou, is ’n dwaas, maar hy wat in integriteit leef, sal bevry word.
27 Hy wat aan die arme gee, sal nie gebrek ly nie, maar hy wat sy oë wegdraai van die behoeftige, sal baie vloeke ontvang.
28 Wanneer die bose opstaan, kruip mense weg, maar as hulle vergaan, vermeerder die regverdiges.

29 1 Hy wat teregwysing weier en sy nek verhard, sal skielik vernietig word sonder herstel.
2 As die regverdiges baie is, vermeerder die volk, maar wanneer die bose in outoriteit is, kerm die volk.
3 Hy wat wysheid lief het, verbly sy vader, maar hy wat met hoere omgaan, verloor sy besittings.
4 Die koning verryk die land deur regverdige oordeel, maar ’n man wat die wet verbreek, verwoes dit.
5 ’n Man wat sy naaste vlei, sprei ’n net uit voor sy voete.
6 ’n Bose man sal verstrik word in sy boosheid, maar die regverdige sal sing en bly wees.
7 Die regverdige man let op na die saak van die armes, maar die bose het geen begrip om daarna te kyk nie.
8 Manne wat spot, steek stede aan die brand, maar wyse manne draai die toorn weg.
9 ’n Wyse man staan ’n dwaas teë en wanneer hy kwaad is, lag hy en skel nie.
10 Bloeddorstige manne haat die onskuldiges, maar die opregtes het liefdevolle omgee vir hulle.

11 ’n Dwaas uiter al sy woede, maar ’n wyse gebruik sy verstand.
12 As ’n heerser luister na leuens, is al sy dienaars boos.
13 Die arm man en die een wat onderdruk, ontmoet en יהוה verlig altwee se oë.
14 ’n Koning wat die mense getrou oordeel, sy troon sal vir ewig bevestig wees.
15 Die lat en die teregwysing gee wysheid, maar ’n seun wat dissipline kort-kom, bring skande oor sy moeder.
16 Wanneer die bose vermenigvuldig, vermeerder die oortreding, maar die regverdiges sal toekyk as hulle val.
17 Tugtig jou seun, dan sal hy jou rus gee, ja, vreugde vir jou lewe.
18 Wanneer die bose vermenigvuldig, is die volk vernietig, maar hy wat die wet onderhou, gelukkig is hy.
19 ’n Slaaf word nie gedissiplineer met woorde nie, want dan weet hy dat hy nie geslaan sal word nie.
20 Wanneer jy ’n man sien wat haastig is in sy woorde, weet dat ’n dwaas beter is as hy.
21 Hy wat van jongs af aan plesier oorgegee is, sal ’n dienskneg wees en aan die einde kerm.
22 ’n Woedende man wek twis op en ’n toornige man is oorvloedig aan oortredinge.
23 Die trotsheid van ’n mens sal hom verneder, maar sy nederigheid sal byvoeg by sy eer.
24 Hy wat ’n dief se metgesel is, haat sy eie lewe; hulle plaas hom onder eed, maar hy erken niks nie.
25 Die vrees van ’n mens word sy struikelblok, maar hy wat sy vertroue in יהוה plaas, sal sterk word.
26 Baie soek die heerser se guns, maar die mens se oordeel kom vanaf יהוה.
27 ’n Bose man is vir die regverdiges verwerplik en die regte lewenswyse is verwerplik vir die bose.

30 1 Hierdie is die woorde van Agur, die seun van Yakeh, wat geprofeteer en krag ontvang het. Hy het vir Iti’el en vir Ukhal gesê:
2 “Sekerlik, ek is swak van verstand en het nie die insig van mense nie.
3 Ek ken nie wysheid nie en het ook nie die kennis van die afgesonderde manne geleer nie.
4 Vertel my: Wie het opgegaan na die hemel en afgekom? Wie het die wind in Sy vuiste versamel? Wie het die waters in ’n doek vasgebind? Wie het al die grense van die aarde vasgestel? Wat is Sy Naam (Karakter en Outoriteit) en wat is die Naam (Karakter en Outoriteit) van Sy Seun, as jy weet?
5 Elke woord van God is rein; Hy is ’n Skild vir hulle wat hulle vertroue in Hom plaas.
6 Voeg niks by Sy woorde by nie sodat Hy jou nie teregwys en jy as ’n leuenaar gevind word nie. [Deut 4:2; 12:32; Mat 5:17-19; Open 22:18,19]
7 Twee dinge het ek van U gevra; weier my dit nie voordat ek sterf nie:
8 verwyder sinnelose boosheid en leuens ver van my af; gee vir my nie armoede of rykdom nie, gee vir my voldoende lewe [1 Tim 6:8]

9 sodat ek nie, as ek versadig is, lieg en sê: "Wie is יהוה," of as ek arm is en steel, die Naam (Karakter en Outoriteit) van my God verkeerd gebruik, nie.
10 Moenie 'n slaaf oorgee aan sy meester nie sodat hy jou nie vloek en jy skuldig bevind word nie.
11 Daar is 'n geslag wat hulle vaders vervloek en hulle moeders nie seën nie,
12 'n geslag wat rein is in hulle eie oë en tog nie van hulle vuilheid gewas is nie;
13 'n geslag; hoe trots is hulle oë en hoe hoog is hul ooglede opgetrek!
14 'n Geslag wie se tande soos swaarde is, hulle tande is soos messe, om die armes van die aarde af te verteer en die behoeftiges van tussen die mense.
15 Die bloedsuier het drie dogters, daar is drie dinge wat nooit versadig word nie; ja, 'n vierde wat nooit sê: "Dit is genoeg," nie:
16 Sh'ol en die onvrugbare baarmoeder, die aarde wat nie bevredig word met water nie en die vuur wat nooit sê: "Dit is genoeg," nie!
17 Die oog wat spot met sy vader en die ouderdom van sy moeder verag, sal deur die kraaie van die vallei uitgepik word en die jong aasvoëls sal dit eet.
18 Daar is drie dinge wat vir my weggesteek is, ja, vier wat ek nie ken nie:
19 die manier van die arend in die lug, die manier van 'n slang op 'n rots, die manier van 'n skip in die middel van die see en die manier van 'n man in sy jeug.
20 Dit is die lewenswyse van 'n vrou wat owerspel pleeg: sy eet en vee haar mond af en sê: "Ek het geen boosheid gedoen nie."
21 Onder drie dinge bewe die aarde en onder vier kan hy nie uithou nie:
22 onder 'n slaaf wanneer hy heers en 'n dwaas wanneer hy vol is van brood;
23 onder 'n haatlike vrou as sy trou en onder 'n slavin as sy haar meesteres se erfenis oorneem.
24 Daar is vier dinge wat klein is op die aarde, maar hulle is wyser as wyse manne:
25 die miere wat geen krag het nie en tog voorsien hulle hul kos in die somer;
26 die klipdassies kom krag kort en tog maak hulle hul huise in die rots;
27 die sprinkane wat geen koning het nie en tog vergader hulle almal saam;
28 die geitjie met klouende pote wat jy maklik vang, maar in konings se paleise is.
29 Daar is drie dinge wat goed stap, ja, vier wat statig is in hulle stap:
30 die leeu wat die magtigste is onder diere en wat nie vrees of omdraai voor enige wilde dier nie;
31 die haan wat trots loop tussen die kuikens; die bokram wat voor die trop uitloop en 'n koning wat tussen die mense praat.
32 Begeer nie sodat jy nie tereggewys word nie; moenie jouself voed met dinge wat verkeerdelik verkry is nie.
33 Deur die karring van die melk kom botter voort en die draai van die neus bring bloed; so bring die forsering van woede stryd voort."

31 1 Die woorde van Mu'el, koning en profeet, waarmee sy moeder hom geleer het:
2 o, my seun; o, seun van my baarmoeder; o, seun van my geloftes!
3 Gee nie jou krag aan vroue of jou lewenswyse aan die uitspattigheid van konings nie.

4 Vir konings, o Mu’el, wees versigtig vir konings wat wyn drink en vir prinse wat sterk drank drink
5 sodat jy nie drink en die wet vergeet en die regverdige oordeel van die geteisterdes nalaat, nie.
6 Gee sterk drank aan hulle wat besig is om te vergaan en wyn aan hulle wat ’n bitter lewe het
7 sodat hulle mag drink en hul smarte vergeet en hulle swaarkry nie meer onthou nie.
8 Maak jou mond oop met woorde van waarheid en oordeel al die seuns van die bose.
9 Maak jou mond oop, oordeel regverdig en bepleit die saak van die arme en die behoeftige.
10 Wie sal ’n ywerige vrou vind, want haar waarde is ver bo robyne?
11 Die verstand, wil en emosie van haar man vertrou in veiligheid in haar en haar kosvoorraad word nooit minder nie.
12 Sy doen goed aan hom en nie boos nie, al die dae van haar lewe.
13 Sy soek na wol en linne en werk gewilliglik met haar hande.
14 Sy is soos die handelaar se skip; sy bring haar handelsware van ver af in.
15 Sy staan ook op terwyl dit nog nag is en gee aan haar huisgesin kos en aan haar diensmeisies werk.
16 Sy ondersoek ’n stuk grond en koop dit; van die vrug van haar hande plant sy ’n wingerd.
17 Sy bind haar middel vas met krag en versterk haar arms.
18 Sy sien dat haar handelsware goed is, haar lamp gaan reg deur die nag nie uit nie.
19 Sy steek haar hande gretiglik uit en sit haar hande op die spinwiel.
20 Sy steek haar hande uit na die armes, ja, sy steek haar hande uit na die behoeftiges.
21 Die lede van haar huishouding is nie bang vir sneeu nie, want almal van hulle is in skarlaken stof aangetrek.
22 Sy maak vir haarself ’n bedekking van tapisserie, haar klere is van sy en purper.
23 Haar man is bekend in die stede, wanneer hy saam met die oudstes van die land sit.
24 Sy maak fyn linne en verkoop dit; sy voorsien gordels aan die handelaars.
25 Sterkte en eer is haar klere en sy sal haar verheug in die tyd wat kom.
26 Sy maak haar mond oop met wysheid en op haar tong is die wet van liefdevolle goedheid.
27 Die lewenswyse van haar huishouding is bo teregwysing en sy eet nie die brood van luiheid nie.
28 Haar seuns staan op en noem haar geseënd, ook haar man prys haar:
29 baie dogters het voortreflik en deugsaam geword, maar jy het hulle almal oortref.
30 Gevormde uiterlike is bedrieglik en skoonheid is nietigheid, maar ’n vrou wat יהוה respekvol vrees, sal helder en duidelik geprys word. [1 Kef 3:1-6]
31 Gee haar van die vrug van haar hande en laat haar eie werke haar helder en duidelik prys in die poorte.

Die nege-en-twintigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die derde boek van die Geskrifte

# Iyov
(Job)

איוב - Iyov - gehaat

Die boek is in 'n onbekende tyd, deur 'n onbekende skrywer, in digvorm geskryf.

1 1 Daar was ’n man in die land van `Utz Gen 10:23 met die naam van Iyov. Daardie man was onskuldig, opreg, een wat God respekvol gevrees het en wat weggedraai het van die bose.
2 Daar is vir hom sewe seuns en drie dogters gebore.
3 Sy besittings was sewe duisend skape, drie duisend kamele, vyf honderd jukpaar beeste, vyf honderd donkiemerries en ’n baie groot huishouding sodat hierdie man die grootste was van al die manne van die Ooste.
4 Sy seuns het gegaan en in mekaar se huise volgens elkeen se vasgestelde dag ’n fees gehou en hulle het gestuur en hul drie susters genooi om saam met hulle te eet en te drink.
5 Dit was so dat elke keer as die dae van hulle fees verby was, Iyov gestuur en hulle afgesonder het; Iyov het vroeg in die oggend opgestaan en brandoffers gebring vir elkeen van hulle, want Iyov het gesê: “Dit mag wees dat my seuns gesondig het en God in hulle hart gevloek het!” Dit het Iyov voortdurend gedoen.
6 Daar was ’n dag waarop die seuns van God hulleself voor יהוה kom aanbied het en die teëstander het ook saam met hulle gekom.
7 יהוה vra vir die teëstander: “Waar kom jy vandaan?” Toe antwoord die teëstander יהוה en sê: “Van heen en weer gaan en loop op die aarde.”
8 Toe vra יהוה vir die teëstander: “Het jy van naby gekyk na My dienskneg Iyov, dat daar niemand op die aarde is soos hy nie: ’n onskuldige en opregte man, een wat God respekvol vrees en wegdraai van die bose?”
9 Toe antwoord die teëstander vir יהוה en sê: “Is dit vir geen doel dat Iyov God vrees nie?
10 U het self U hand van beskerming rondom sy huis, sy kinders en alles wat hy besit geplaas; U het die werke van sy hande geseën en sy besittings word vermeerder in die land,
11 maar steek nou U hand uit en vernietig alles wat hy het en hy sal U in U gesig vloek!”
12 יהוה sê vir die teëstander: “Let op, alles wat hy het, is in jou mag; net na homself mag jy jou hand nie uitsteek nie.” Die teëstander het weggegaan uit die Teenwoordigheid van יהוה.
13 Daar was ’n dag waarop Iyov se seuns en dogters besig was om te eet en wyn te drink in die huis van hul oudste broer
14 en ’n boodskapper het na Iyov gekom en gesê: “Terwyl die beeste aan’t ploeë was en die donkies aan’t wei langs hulle,
15 het rowers van Sh’va hulle geroof en weggevat en die dienaars met die skerpte van die swaard doodgeslaan en ek alleen het ontvlug om dit vir u te vertel.”
16 Terwyl hy nog gepraat het, kom daar ’n ander een en sê vir hom: “Die vuur van God het uit die hemel geval en die skape en die skaapwagters verbrand en hulle verteer en ek alleen het ontvlug om dit vir u te vertel.”
17 Terwyl hy nog praat, kom daar ’n ander een en sê vir hom: “Die Kasdeërs het in drie dele verdeel en die kamele geroof en hulle weggevat en die diensknegte met die skerpte van die swaard doodgeslaan en ek alleen het ontvlug om dit aan u te vertel.”

18 Terwyl hy nog praat, kom daar 'n ander een en sê vir hom: "U seuns en u dogters was besig om te eet en wyn te drink in hulle oudste broer se huis
19 en let op, daar het 'n sterk wind vanaf die wildernis gekom en die huis aan die vier hoeke gegryp en dit het op die jongmense geval en hulle is dood en ek alleen het ontvlug om dit vir u te vertel."
20 Toe staan Iyov op en skeur sy bokleed, skeer sy kop en val op die grond neer in aanbidding
21 en sê: "Kaal het ek uit my moeder se baarmoeder gekom en kaal sal ek terugkeer. יהוה het gegee en יהוה het weggevat, geseënd is die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה!" 1 Tim 6:7
22 Deur al hierdie rampe het Iyov nie gesondig of sleg gepraat teen יהוה nie.

2 1 Daar was weer 'n dag waarop die seuns van God hulleself voor יהוה kom aanbied het en die teëstander het ook saam met hulle gekom om homself voor יהוה aan te bied.
2 יהוה vra vir die teëstander: "Waar kom jy vandaan?" Toe antwoord die teëstander יהוה en sê: "Van heen en weer gaan en loop op die aarde."
3 Toe vra יהוה vir die teëstander: "Het jy van naby gekyk na My dienskneg Iyov, dat daar niemand op die aarde is soos hy nie: 'n onskuldige en opregte man, een wat God respekvol vrees en wegdraai van die bose? Hy volhard onveranderlik in sy integriteit, alhoewel jy My teen hom aangehits het om hom te vernietig sonder rede."
4 Die teëstander antwoord יהוה en sê: "Vel vir vel, ja, alles wat iemand het, sal hy gee vir sy lewe, om dit te red,
5 maar steek nou U hand uit en tas sy gebeente en sy vlees aan en hy sal U in U gesig vloek!"
6 יהוה sê vir die teëstander: "Let op, hy is in jou mag; spaar net sy lewe."
7 die teëstander het weggegaan uit die Teenwoordigheid van יהוה en hy het Iyov met bose swere getref, vanaf sy voetsool tot die kroon van sy kop.
8 Hy het 'n potskerf gevat om homself daarmee te krap en het op as gaan sit.
9 Toe sê sy vrou vir hom: "Volhard jy nog in jou integriteit? Vloek God en sterf!"
10 Hy antwoord haar egter: "Jy praat soos 'n dwase vrou praat! Ons het inderdaad God se seëninge ontvang, sal ons nie ook van Hom die slegte ontvang nie?" Deur al hierdie probleme het Iyov nie gesondig nie en ook nie kwaad teen God gepraat met sy lippe nie.
11 Toe die drie vriende van Iyov van al die slegte dinge wat oor hom gekom het, gehoor het, het hulle 'n tyd bereken en elkeen gekom vanaf sy blyplek: Élifaz vanaf Teman, Gen 36:10-19; 1 Kro 1:35,36 Bildad vanaf Shuag en Tzofar vanaf Na'amah, want hulle het saam afgespreek om hom te versterk en te vertroos.
12 Toe hulle van ver af hul oë opslaan en hom nie herken nie, het hulle hul stem opgelig na die hemel toe en gehuil en elkeen het sy bokleed geskeur en hulle het stof op hul koppe gegooi.
13 Hulle het saam met hom op die grond gaan sit, sewe dae en sewe nagte lank en niemand het 'n woord met hom gepraat nie, want hulle het gesien dat sy moeilikheid baie groot was.

3 1 Na dit het Iyov sy mond oopgemaak en die dag waarop hy gebore is vervloek.
2 Iyov het gepraat en gesê:
3 “Laat die dag vergaan waarop ek gebore is en die nag waarin dit gesê is: ‘’n Seun is gevorm;’
4 laat daardie dag duisternis wees; laat God dit nie erken van bo af nie en laat die lig ook nie daarop skyn nie;
5 laat die duisternis en doodskaduwee dit toedek; laat ’n wolk dit oorskadu; laat hulle wie se dag bitter is deur dit beangs word;
6 wat daardie nag betref, laat dik donkerheid hom bedek; laat daardie dag nie bereken word in die dae van die jaar nie, nie kom in die getal van die maande nie;
7 ja, laat daardie nag onvrugbaar wees, geen uitroep van vreugde daarin kom nie;
8 laat hulle wat die dag vervloek, dit vervloek, hulle wat gereed is om die livyatan aan te hits;
9 laat die sterre van sy oggendskemering donker wees; laat die mense wag op lig, maar niks kry nie en laat hulle ook nie die ondergaan van die dag sien nie
10 omdat dit nie die deure van my moeder se baarmoeder toegesluit het nie en ook nie moeilikheid vir my oë weggesteek het nie.
11 Waarom het ek nie in die baarmoeder gesterf nie? Waarom het ek uitgekom by geboorte?
12 Waarom is ek op my moeder se knieë grootgemaak? Waarom het ek aan die borste gedrink?
13 Ek moes nou in die graf gelê en stil gewees het; ek moes geslaap het, dan sou ek tot rus gekom het
14 saam met konings en raadgewers van die aarde, wat verlate plekke vir hulleself bou;
15 of saam met prinse wat goud besit, wat hulle huise met silwer vol maak;
16 of soos ’n weggesteekte miskraam, asof ek nie bestaan het nie; soos babas wat nooit die lig sien nie.
17 Daar hou die bose op met woelinge en daar kom die wat moeg is tot rus.
18 Daar rus die gevangenes saam; hulle hoor nie die stem van die onderdrukker nie.
19 Klein en groot is daar en die slaaf is vry van sy meester.
20 Hoekom word daar lig gegee aan die een wat moeilikheid het en lewe aan die wat verbitterd is in die lewe,
21 wat verlang na die dood en dit kom nie en dit soek soos een na ’n weggesteekte skat soek;
22 wat uitermate bly is en hulle verheug as hulle die graf kon vind?
23 Waarom word lig gegee aan ’n man wie se lewenswyse weggesteek is, wat rondom afgekamp is deur God?
24 Want my gesug kom voor ek eet en my gekerm word uitgegooi soos water,
25 want die ding wat ek grootliks vrees, het oor my gekom en dit waarvoor ek bang was, het na my toe gekom.
26 Ek is nie rustig nie, ook nie kalm nie en nie in rus nie en rampe het gekom!”

4 1 Toe antwoord Élifaz, die Temaniet en sê:
2 “As ek dit waag om met jou te praat, sal jy vermoeid wees, maar wie kan homself keer om met jou te praat?
3 Let op, jy het baie mense gedissiplineer en die swak hande versterk.
4 Jou woorde het die swakkeres opgelig en jy het die swak knieë versterk,
5 maar nou dat rampe oor jou kom en jy vermoeid is, raak dit jou en is jy beangs!
6 Let op, jou vrees en jou vertroue in die integriteit van jou lewenswyse, dra die skuld.
7 Onthou, vra ek van jou, wie het onskuldig omgekom, of waar is die opregte ooit beskaamd?
8 Volgens wat ek gesien het: hulle wat boosheid ploeg en moeilikheid saai, oes dieselfde.
9 Deur die asem van God kom hulle om en deur die geblaas van Sy woede word hulle verteer. [2 Thes 2:8]
10 Die gebrul van die leeu en die stem van die jong leeu word stilgemaak en die tande van die leeus word gebreek.
11 Die leeu gaan dood weens gebrek aan prooi en die kleintjies van die leeuin word verstrooi.
12 Nou is ’n ding in die geheim na my toe gebring en my oor het ’n bietjie daarvan ontvang.
13 In stilte, in ’n nagvisioen, wanneer diep slaap op mense val,
14 het vrees en bewing oor my gekom, wat al my bene laat bewe het.
15 Toe gaan daar ’n gees voor my verby; die hare van my vlees het opgestaan.
16 Toe het ek opgestaan, maar ek kon hom nie herken nie, daar was geen vorm voor my oë nie, maar ek het ’n sagte stem hoor sê:
17 ‘Sal ’n sterflike mens regverdiger as God verklaar word, of ’n man reiner wees as sy Maker?’
18 Let op, Hy plaas geen vertroue in Sy diensknegte nie en Sy boodskappers word met verwondering geslaan.
19 Selfs hulle wat in versierde huise van klei bly, wie se fondasie in die stof is, sal verneder word voor die dik duisternis.
20 Vanaf oggend tot aand word hulle verpletter dat hulle nie vir ewig mag bly nie, ja, hulle sal omkom.
21 Let op, hulle besittings word van hulle af weggevat en die res van hulle sal sterf sonder wysheid.

5 1 Roep nou, ek vra jou, is daar iemand wat jou kan antwoord gee? Na watter een van die afgesonderdes sal jy draai?
2 Want woede maak die dwaas dood en haat maak die eenvoudige dood.
3 Ek het gesien hoe die bose voorspoedig is, maar sy blyplek word skielik vernietig.
4 Sy seuns is ver van verlossing af en hulle word verneder by die poort en daar is niemand om hulle te red nie.
5 Hulle wat honger is, eet sy oes op en hulle sal water uitgooi vir die wat dors is en die wat dors is, verslind hulle besittings,

6 want valsheid kom nie op vanuit die stof nie en ook nie boosheid vanuit die grond nie,
7 want die mens word vir moeite gebore, so seker as wat die wilde voëls vlieg,
8 maar wat my betref, ek sou na God soek en aan God my saak voorlê,
9 wat groot dinge gedoen het sonder grense en wonderlike dinge sonder getal;
10 wat reën gee op die aarde en waters stuur na die velde;
11 om die wat laag is op te lig en die sagmoediges sal opgelig word deur verlossing.
12 Hy frustreer die planne van listige mense sodat hulle hande nie met wysheid hulle beplanning kan uitvoer nie.
13 Hy vang die wyse manne in hulle eie slimstreke en die raad van die slinkse mense word frustreer. [1 Kor 3:19]
14 Hulle hanteer dinge oordag asof hulle in duisternis is en tas rond in die middag soos in die nag
15 en hulle kom om deur die mag van die swaard en die armes word gered uit die hand van die magtiges.
16 Daar is versekerde verwagting vir die armes, maar die bose sal sy mond toehou.
17 Let op, gelukkig is die man wat deur God gekorrigeer word en hy wat die tugtiging van die Almagtige nie verag nie, [Hebr 12:5-11]
18 want dit is Hy wat verwond en verbind; Hy slaan en Sy hande genees. [Ps 103:3]
19 Uit ses moeilikhede sal Hy jou bevry, ja, uit sewe sal geen boosheid jou aanraak nie.
20 Tydens hongersnood sal Hy jou bevry van die dood en tydens die oorlog uit die mag van die swaard.
21 Jy sal beskerm word van die houe van die tong en jy sal nie bang wees vir vernietiging wanneer dit kom nie.
22 Oor geweld en hongersnood sal jy lag en nie die wilde diere vrees nie,
23 want jy sal in verbond wees met die klippe van die veld en die wilde diere van die veld sal in vrede met jou wees.
24 Jy sal weet dat jou tent in vrede is en jy sal terugkeer na jou blyplek en nie sondig nie.
25 Jy sal ook weet dat jou nageslag baie sal wees en jou kinders soos die gras van die aarde.
26 Jy sal rustig na jou graf gaan, soos 'n graangerf in sy seisoen.
27 Let op, ons het hierdie ding ondersoek en dit is so; ons het dit gehoor en jy weet dit tot jou beswil."

6 1 Toe het Iyov geantwoord en gesê:
2 "Ag, as my leed maar geweeg is en my rampe daarteenoor in die skaal gelê is,
3 dan sou dit swaarder wees as die sand van die seë; daarom word my woorde teruggehou,
4 want die pyle van die Almagtige is in my vlees en hulle gif drink my gees op; die vreeslikheid van God het my bang gemaak!
5 Balk die wilde-donkie oor die gras of bulk 'n bees oor sy voer?

6 Kan iets wat onsmaaklik is, sonder sout geëet word of is daar enige smaak in die wit van 'n eier?
7 My lewe is moeg van sy probleme; ek kla soos 'n dronk mens in my lyding.
8 Ag, dat ek my versoek mag ontvang en dat God my dit wat ek na verlang sal gee
9 sodat God mag toegee om my te reinig en Sy hand mag uitsteek en my heel maak;
10 om weer my Troos te wees sodat ek herstel kan word tot my krag sonder mate, want ek het nie gelieg teen die woorde van die Afgesonderde Een nie.
11 Wat is my krag dat ek sou kon uithou en wat is my einde dat ek geduldig sou wees?
12 Is my krag soos die krag van klippe of is my vlees van koper?
13 Let op, Sy hulp is nie in my nie en Sy redding is ver van my af.
14 Hy wat liefdevolle omgee weghou van sy vriend af, versaak die respekvolle vrees vir die Almagtige.
15 My broers het misleidend opgetree soos 'n droë spruit, soos stroomversnellings wat weggaan.
16 Op die wat bang is vir ys, het baie sneeu geval;
17 wanneer die son oor hulle skyn, smelt hulle, wanneer dit warm is, smelt hulle en verdwyn uit hul plek uit.
18 Die paaie van hulle lewenswyse kronkel, hulle dwaal af van hulle pad en vergaan,
19 want hulle het gekyk na die paaie van die suide en het gewag op die paaie van Sh'va.
20 Hulle is beskaamd in dit waarvoor hulle gehoop het; hulle het daar gekom en was teleurgesteld.
21 Julle het ook so vir my geword, want voordat julle angs gesien het, was julle bang.
22 Het ek gesê: 'Bring vir my 'n geskenk, of bied vanuit jou rykdom omkoopgeld aan namens my?'
23 Of: 'Red my uit die hand van my onderdrukker?' Of: 'Bevry my uit die hand van die magtiges?'
24 Leer my en ek sal stilbly en laat my verstaan waarin ek verkeerd gedoen het.
25 Waarom verwerp julle die woorde van waarheid? Wie van julle is in staat om te bestraf en te dissiplineer?
26 Let op, julle probeer woorde vind om mee te bestraf en julle maak woorde op teen my lewe!
27 Let op, julle oorweldig die vaderlose en maak julle vriend hartseer.
28 Luister daarom nou en let op en ek sal in julle teenwoordigheid praat en nie lieg nie.
29 Erken, bely en draai terug en moenie soos bose mense word nie; erken, bely en draai terug en word onskuldig verklaar.
30 Is daar boosheid op my tong, of praat my mond nie die waarheid nie?

7 1 Let op, daar is 'n vasgestelde tyd vir die mens op aarde en sy dae is soos die dae van 'n huurling,

2 soos ’n slaaf wat gretiglik begeer na die aandskemer en soos ’n huurling wat kyk om sy taak te voltooi;
3 so het ek maande van teleurstelling geërf en moeisame nagte word vir my uitgemeet.
4 Wanneer ek gaan lê, sê ek: “Wanneer sal ek opstaan?” en die nag blyk lank te wees; wanneer ek gaan rus, rol ek rond tot dagbreek toe.
5 My vlees is bedek met wurms en my liggaam met stof; my vel krimp op en val uitmekaar.
6 My dae is vinniger as ’n wewerspoel en gaan verby sonder verwagting.
7 O, onthou tog dat my gees nog lewe; nogtans, my oog sal weer die goeie sien.
8 Die oog van hom wat my gesien het, sal nie meer bly wees nie. U oë is op my en ek is nie weg nie!
9 Soos die wolk wegkwyn en verdwyn, so sal hy wat afgaan na Sh’ol, nie weer opkom nie.
10 Hy sal nie meer teruggaan na sy huis toe en sy plek nie meer herken nie;
11 daarom sal ek nie my mond inhou nie, ek sal praat vanuit die beangstheid van my gees, ek sal kla in die bitterheid van my lewe.
12 Is ek ’n see, of ’n seemonster dat U ’n wag oor my aanstel?
13 Ek het gesê dat U my sal troos en ek sal verlig word van die pyn van my siekbed
14 en let op, U verskrik my deur drome en maak my bang deur visioene;
15 U het my lewe vanuit vernietiging getrek en my gebeente uit die dood.
16 Ek is moedeloos; ek sal nie vir ewig lewe nie; los my uit, want my lewe is nietig.
17 Wat is die mens dat U hom oplig en dat U aan hom sou dink
18 en dat U hom elke oggend sou besoek en hom elke oomblik toets?
19 Vir hoe lank wil U dit nie van my af wegvat nie, of my alleen laat? Totdat ek my spoeg insluk?
20 As ek gesondig het, wat het ek aan U gedoen, o, Skepper van die mens? Waarom het U my as ’n teiken opgestel sodat ek ’n las geword het?
21 Tot wanneer sal U nie my oortreding vergewe en my boosheid verwyder nie? Nou sal ek in die stof lê en U sal my soek, maar ek sal nie meer wees nie.”

8 1 Toe het Bildad, die Shuagiet, geantwoord en gesê:
2 “Hoe lank sal jy hierdie dinge praat en hoe lank sal jou mond trotse woorde uiter?
3 Sou God regverdige oordeel verdraai, of verdraai die Almagtige dit wat reg is?
4 As jou seuns teen Hom gesondig het, het Hy hulle weggestuur in hul oortreding.
5 As jy na God sou soek en ’n ernstige versoek rig tot die Almagtige,
6 as jy onskuldig en opreg is, sal Hy sekerlik aan jou aandag gee en die blyplek van jou onpartydige opregtheid voorspoedig maak
7 sodat al was jou begin klein, sal Hy jou einde baie groot maak.
8 Doen navraag by die vorige geslagte en leer deur die soeke van hulle vaders,
9 want ons is maar van gister af en weet niks nie, want ons dae op die aarde is soos ’n skaduwee;
10 let op, húlle sal jou leer en jou vertel met woorde vanuit hul binneste.
11 Kan papirus groei in ’n dorstige land? Kan riete groei waar daar geen water is nie?

12 Terwyl hulle nog groen is en nie afgesny is nie, verdroog hulle voor enige ander gras.
13 So is die pad van almal wat God vergeet. Die verwagting van die onreine,
14 wie se selfvertroue afgesny word en wie se huis ’n spinnerak is, sal vergaan.
15 Die bose sal op sy huis vertrou, maar dit sal nie staan nie; hy sal dit vashou, maar dit sal nie staande bly nie.
16 Hy is soos groen gras voor die son en sy wortels sal in grond rus wat weggespoel sal word.
17 Hy sal sy huis sien as ’n hoop klippe.
18 As hy ontwortel word uit sy plek, dan sal hy Hom ontken en sê: “Ek het U nie gesien nie.”
19 Let op, dit is Hy wat al sy lewenswyses ondersoek en vanuit die grond sal ander uitspruit!
20 Let op, God sal nie die opregte man verwerp en ook nie boosdoeners help
21 totdat Hy jou mond volmaak met gelag en jou lippe met ’n lied, nie.
22 Hulle wat jou haat, sal aangetrek word met skaamte en die tent van die bose sal vernietig word!”

9 1 Toe het Iyov geantwoord en gesê:
2 “Waarlik, ek weet dat dit so is, maar hoe kan ’n mens onskuldig verklaar word voor God?
3 As hy met Hom sou twis, kan hy Hom nie een uit ’n duisend antwoord nie.
4 Hy is wys van verstand, wil en emosie en sterk van krag; wie het homself teen Hom verhard en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid gehad?
5 Hy wat berge verwyder en hulle omverwerp in Sy woede. Weet hulle dit nie?
6 Hy skud die aarde uit sy fondasies en sy inwoners bewe;
7 Hy beveel die son en dit kom nie op nie en verseël die sterre.
8 Hy alleen strek die hemel uit en loop op die magtige golwe van die see.
9 Hy het die ‘Groot Beer’ gemaak, die ‘Pleiades (Sewe-ster)’, die Orion en die ‘Kamers van die Suide’.
10 Hy het groot dinge gedoen wat nie uitgevind kan word nie, ja en wonders sonder getal.
11 Let op, as Hy by my verby sou gaan, sal ek Hom nie sien nie en as Hy rondom my sou draai, sou ek Hom nie opmerk nie.
12 Let op, as Hy sou vernietig, wie kan Hom teëstaan? Wie kan vir Hom sê: ‘Wat maak U’?
13 God sal Sy woede nie wegdraai nie; die magtiges sal onder Hom verneder word.
14 Ek sal Hom ook antwoord en my woorde kies in Sy Teenwoordigheid.
15 As ek nie regverdig verklaar word nie, sal ek dit nie teëstaan nie, maar ek sal my Regter smeek om guns.
16 As ek sou roep en Hy antwoord my, sou ek nie glo dat Hy antwoord op my stem nie,
17 want Hy het my met ’n stormwind platgedruk en my wonde sonder oorsaak vermeerder.

18 Hy sal my nie toelaat om my asem te kry nie, maar vul my met bitterheid.
19 As dit 'n kwessie van krag is, let op, Hy is magtig; van oordeel, wie kan Hom aankla?
20 As ek myself regverdig, sal my eie mond my veroordeel; al sê ek ek is rein, Hy sou my ook pervers bewys.
21 Al is ek rein, tog sou ek nie my lewe ken nie; ek sou my lewe verag!
22 Dit is alles dieselfde; daarom sê ek: 'Hy vernietig beide die regverdige en die bose.'
23 As Sy gésel skielik doodmaak, sal Hy lag vir die dwaasheid van die onskuldiges.
24 Die aarde is aan die mag van die bose oorgelewer en die gesigte van die regters is bedek; indien nie, wie kan hulle woede verdra?
25 Nou is my dae vinniger as 'n hardloper; hulle vlug weg, hulle sien niks goeds nie.
26 Hulle gaan verby soos die skepe van die vyand, soos 'n arend wat neerskiet op sy prooi.
27 Ek het my bitterheid vergeet; as my gedagtes en my denke my alleen sou los, dan sou ek rus vind.
28 Alhoewel ek rus, is ek bang vir elke smart, want ek weet dat U my nie onskuldig sal verklaar nie.
29 Let op, as ek tog skuldig verklaar word, waarom werk ek tevergeefs?
30 Al was ek my met sneeu, my hande met seep, [Yir 2:22]
31 tog gooi U my in die put en my eie klere is vir my afstootlik,
32 want God is nie 'n man soos ek sodat ek Hom mag antwoord en dat ons saam sou kom vir 'n regsaak nie.
33 Ag, as daar maar 'n regter tussen ons was wat sy hand op ons albei sou plaas.
34 Laat Hy Sy lat van my af wegvat en laat Sy vrees my nie bang maak nie;
35 dan sal ek praat en nie bang wees vir Hom nie, want ek was nooit teen Hom nie.

## 10

1 Ek is moeg vir my lewe; ek het in my oordeel geargumenteer; ek sal praat in die bitterheid van my lewe.
2 Ek sal vir God sê: 'Veroordeel my nie; wys my waarom U met my twis.
3 Is dit nie vir U genoeg om te sien dat U onderdruk nie, dat U die arbeid van U hande verag en die planne van die bose aanvaar nie?
4 Is U vlees, of sien U soos 'n mens sien?
5 Is U dae soos die dae van die mens, of U jare soos die dae van 'n man
6 dat U vra na my ongeregtigheid en soek na my sonde?
7 U weet dat ek onskuldig is en daar is niemand wat homself uit U hand kan bevry nie.
8 U hande het my gemaak en my gevorm en daarna begeer U om my te veroordeel en te vernietig.
9 Onthou dat U my soos klei gevorm het en wil U my weer tot stof maak? [Gen 2:7; 3:19]
10 U het my gekarring soos melk en my dik gemaak soos kaas.
11 U het my met vel en vlees aangetrek en my met beendere en senings versterk.
12 U het aan my lewe en vrede gegee en U opdragte het my gees beskerm
13 en hierdie dinge het U in U binneste weggesteek, ek weet dat dit in U gedagtes is.

14 As ek sondig, hou U my dop en U spreek my nie vry van my boosheid nie.
15 As ek boos is, wee my! As ek regverdig is, kan ek steeds nie my kop optel nie. Ek het genoeg van teregwysing, ek het my oortreding gesien.
16 As ek myself verhoog, jag U my soos ’n leeu en dan draai U en wys Uself reusagtig oor my.
17 U het U pantser teen my opgestel en U ontevredenheid met my vergroot. U bring een leërmag na die ander teen my!
18 Waarom het U my dan uit die baarmoeder laat uitgaan? U moes dat ek gesterf het en nie een oog my gesien het nie.’
19 Ek moes wees asof ek nie leef nie; ek moes van die baarmoeder na die graf gedra gewees het.
20 Die dae van my lewe is min. Laat my alleen sodat ek mag stil wees en ’n bietjie rus
21 voordat ek gaan waarvandaan ek nie terugkom nie, die land van duisternis en die skaduwee van die dood,
22 ’n land van eensaamheid en diep donkerheid en van die skaduwee van die dood, sonder enige orde of tyd, bemoeisaam, soos ’n diep put!’”

11 1 Toe antwoord Tzofar, die Na’amahiet en sê:
2 “יהוה antwoord nie as gevolg van die oorvloed van woorde nie, net so kan ’n vaardige spreker nie regverdig word deur sy redevoering nie.
3 Let op, ná jou woorde kan net dié wat dood is, stilbly, want wanneer jy praat, is daar niemand om jou te stop nie en wanneer jy spot, is daar niemand om jou tereg te wys nie,
4 want jy sê: ‘Ek is regverdig gelei en is rein in my oë.’
5 Ag, as God egter net wou praat en Sy lippe teenoor jou oopmaak
6 en aan jou die geheime van wysheid sou wys, want wysheid het binneste kamers; dan sal jy weet dat God jou sondes sal vergewe.
7 Kan jy die diep dinge van God verstaan, of kan jy staan by die buitenste grense van die Almagtige?
8 Ken jy die hoogtes van die hemel, of die dieptes van Sh’ol? Hoe kan jy weet?
9 Die mate daarvan is langer as die aarde en wyer as die see.
10 As Hy sou verbygaan en beleër, of ’n mens laat sterf, wie kan Hom keer?
11 Want dit is Hy wat die begin van tyd ken en boosheid sien en dit ondersoek,
12 want ’n rein man inspireer dapperheid en ’n magtige man help ander.
13 As jy jou verstand, wil en emosie regmaak en jou hande uitsteek na Hom;
14 as daar boosheid aan jou hande is, sal Hy dit ver weg verwyder en boosheid nie in jou tent laat bly nie,
15 want dan sal jy dapper wees, ja, jy sal nie bang wees vir spanning nie,
16 want jy sal jou lyding vergeet en jy sal gelei word soos lopende water
17 en die put sal helderder wees as die middag en die dik duisternis sal wees soos die oggend!
18 Dan sal jy selfvertroue hê, want daar is versekerde verwagting; ja, jy lê en vat jou rus in veiligheid.

19 Jy sal ook lê en niemand sal jou bang maak nie, ja, baie sal begeer om jou te sien,
20 maar die oë van die bose sal faal en hulle krag sal verdwyn saam met die verwagting van hulle lewe."

12 1 Iyov het geantwoord en gesê:
2 "Waarlik, julle is die mense en wysheid sal saam met julle uitsterf,
3 maar ek het ook insig, net soos julle; ek is nie minderwaardig teenoor julle nie, maar aan wie is sulke dinge soos dié nie bekend nie?
4 Tog word hy wat hom op God beroep belaglik vir sy vriende en Hy wat tevrede is met die regverdige wat vlekkeloos is, antwoord hom
5 wat gereed is om afstand te doen van minagting en boosheid en die glyende voete te versterk.
6 Die tent van rowers sal verwyder word asook die selfvertroue van hulle wat God tart, want daar is geen God in hulle verstand, wil en emosie nie,
7 maar vra nou die diere en hulle sal jou leer; die voëls van die hemel en hulle sal jou vertel;
8 of praat met die aarde en dit sal jou leer en die visse van die see sal dit vir jou verklaar.
9 Wie weet nie deur al hierdie dinge dat die hand van יהוה hulle gemaak het nie?
10 Want in Sy hand is die lewe van elke lewende ding en die gees van die ganse mensdom.
11 Die oor hoor die woorde en die verhemelte proe kos.
12 By die oudstes is wysheid en in lengte van dae insig.
13 By Hóm is wysheid en mag; Hy het raad en insig.
14 Let op, as Hy afbreek, wie kan bou en as Hy iemand opsluit in die tronk, wie kan dit oopmaak?
15 As Hy die waters terughou, droog hulle op; as Hy hulle loslaat, verwoes hulle die land.
16 By Hóm is krag en wysheid; by Hom is mag en verlossing.
17 Hy lei konings wonderbaarlik en maak regters tot dwase.
18 Hy bring konings af om te bedel by die poorte en gordel hulle heupe vas met gordels van krag.
19 Hy lei priesters met respek en oorweldig die magtige.
20 Hy kanselleer die raad van betroubare raadgewers en neem die goeie oordeel van die oudstes weg.
21 Hy gooi veragting uit oor die prinse en verswak die krag van die magtiges.
22 Hy openbaar diep dinge uit die duisternis en bring die lig vanuit die skaduwee van die dood.
23 Hy laat die nasies foute maak en vernietig hulle; Hy slaan die nasies neer en verlaat hulle.
24 Hy neem die insig weg van die leiers van die mense op aarde en laat hulle dwaal in 'n wildernis waar geen pad is nie.
25 Hulle soek in die duisternis sonder lig en hulle tas rond in die duisternis sonder begrip en Hy laat hulle slinger soos 'n dronk man.

13 1 Let op, my oog het alles gesien, my oor het dit gehoor en verstaan.
2 Wat julle weet, weet ek ook; ek is nie minderwaardig teenoor julle nie,
3 maar ek sal met die Almagtige praat en die bewys met Hom beredeneer,
4 maar julle is vervalsers van leuens; julle is almal waardelose geneeshere.
5 Ag, as julle maar saam sou stilbly, sou dit vir julle tot wysheid wees!
6 Hoor nou my teregwysing en luister na die pleidooi van my lippe.
7 Wil julle boos praat teen God en misleidend teen Hom praat?
8 Wil julle Hom respekteer; wil julle argumenteer met Hom?
9 Is dit vir julle goed as Hy julle ondersoek, of as julle deur Hom beoordeel word soos deur ’n mens?
10 Hy sal julle sekerlik bestraf as julle partydig is.
11 Sy Eksellensie sal wraak teen julle soek en Sy angswekkendheid sal julle oorval.
12 Onthou dat julle krag van die aarde af kom en julle blyplek van klei is.
13 Bly stil, laat my met rus sodat ek ook mag praat en alles vertel wat oor my gekom het.
14 Waarom word ek so aangeval en waarom is my lewe aan gevaar blootgestel?
15 Alhoewel Hy my sou doodmaak, steeds sal ek na Hom soek, want my lewenswyse is voor Hom. [Dan 3:17,18; Fil 1:18-20]
16 Hy sal ook my Verlosser wees, want ’n toneelspeler van ’n vals karakter sal nie in Sy Teenwoordigheid kom nie.
17 Luister intens na my rede en ek sal my verklaring in jou teenwoordigheid gee.
18 Let nou op, ek bepleit my saak; ek weet dat ek onskuldig is.
19 Wie is hy wat met my sal stry? Nou sal ek stil wees en rus.
20 Laat net twee dinge nie van my af weggaan nie, dan sal ek my nie van U af wegdraai nie:
21 moenie U hulp van my af onttrek nie en laat vrees vir U my nie beangs maak nie.
22 Roep dan na my en ek sal antwoord, of laat my praat en antwoord U my.
23 Hoeveel is my booshede en sondes? Maak aan my bekend my rebellie en my sonde.
24 Waarom verberg U U gesig vir my en beskou my as U vyand?
25 Sal U op ’n gevalle blaar trap en sal U die droë gras in die lug agtervolg?
26 Want U verklaar straf teen my en laat my die booshede van my jeug onthou;
27 U plaas ook my voete in die blokke en hou al my lewenswyses dop. U sien die spore van my voete.
28 Tog is ’n mens soos ’n verslete watersak en ’n kleed wat deur die motte geëet is.

14 1 Die mens wat uit ’n vrou gebore is, is kort van dae en vol moeilikheid.
2 Hy spruit uit soos ’n blom, verwelk en kwyn weg; hy vlug soos ’n skaduwee en hou nie stand nie.
3 Maak U U oë oop oor so een en bring hom tot oordeel voor U?
4 Wie kan ’n rein ding voortbring uit die onreine? Nie een nie!
5 Aangesien sy dae bepaal is en die getal van sy maande vasgestel is, het U sy grense vasgestel wat hy nie kan oortree nie;
6 draai U gesig weg van hom af en sy dae sal wees soos die van ’n huurling,

7 want as ’n boom afgekap word, is daar versekerde verwagting dat dit weer sal uitspruit en sy sagte lote sal nie ophou nie.
8 Alhoewel sy wortel oud word in die aarde en sy stam sterf in die grond,
9 tog, by die reuk van water sal dit uitspruit en blare voortbring soos ’n plant, [Yeg 47:9]
10 maar ’n mens sterf en kwyn weg, ja, ’n mens sterf en hy is nie meer nie.
11 Soos die waters verdwyn uit die see en ’n rivier verlate word en opdroog,
12 so staan die mens wat lê nie weer op nie. Totdat die hemele nie meer is nie, sal hulle nie wakker word of uit hul slaap opgewek word nie.
13 Ag, dat U my in Sh’ol sou wegsteek; dat U my in ’n geheime plek sou wegsteek totdat U woede uitgewoed is; dat U ’n bepaalde tyd vir my sou aanstel en my onthou!
14 As ’n mens sterf, sal hy weer lewe? Al die dae van sy jeug wag hy tot die oudag kom.
15 As U my sou roep, sal ek U antwoord; U sal dink aan die werk van U hande,
16 want nou tel U nie my treë nie en U hou nie wag oor my sondes nie.
17 My rebellie is verseël in ’n sak en my sondes verwyder.
18 Waarlik, ’n groot berg val en ’n rots beweeg uit sy plek;
19 die waters verslyt die klippe en was die grond van die aarde weg; so vernietig U die hoop van die mens.
20 U hou voortdurend aan teen hom en hy gaan verby; U gooi hom weg met skande op sy gesig.
21 As sy seuns vermeerder, weet hy dit nie; as hulle minder word, merk hy dit nie op nie,
22 maar die vlees aan hom sal pyn hê en die lewe in hom sal treur.”

15 1 Toe het Élifaz, die Temaniet, geantwoord en gesê:
2 “Sal ’n geestelik wyse man antwoord met kennis en dan woedend word?
3 Sal hy onderrig deur gewone praatjies of met waardelose woorde?
4 Ja, jy verwerp ook respekvolle vrees en praat te veel in die Teenwoordigheid van God,
5 want jou mond is gewoond om sondige dinge te uiter en jy verkies die misleidende tong van die listiges.
6 Jou eie mond veroordeel jou en nie ek nie; ja, jou eie lippe getuig teen jou in my teenwoordigheid.
7 Is jy die eerste mens wat gebore is, of is jy gevorm voor die heuwels?
8 Het jy die geheime van God gehoor; is Sy wysheid aan jou openbaar; [Rom 11:34]
9 of wat weet jy wat ons nie weet nie, of wat verstaan jy wat ons nie verstaan nie?
10 Let op, daar is tussen ons hulle met grys hare en die baie ou manne, baie ouer in dae as jou vader.
11 Praat minder van God se dreigemente en praat sagkens met jouself.
12 Waarom roem jou verstand, wil en emosie en tot wat knip jou oë [Ps 35:19]
13 dat jy roem in die Teenwoordigheid van God en sulke woorde uit jou mond laat kom?

14 Wat is die mens sodat hy onskuldig sou wees, of hy wat uit ’n vrou gebore is sodat hy regverdig sou wees?
15 Let op, Hy plaas geen vertroue in Sy afgesonderdes nie; ja, die hemele is nie rein in Sy oë nie.
16 Alhoewel die mens verwerp en gepynig behoort te word, sal hy nogtans boosheid drink soos water!
17 Luister na my, ek sal jou wys en dit wat ek gesien het, wil ek herhaal;
18 dit wat die wyse manne verkondig het en nie van hulle vaders weggesteek is nie,
19 aan wie alleen die land gegee is en geen vreemdeling het tussen hulle deurgetrek nie.
20 Al sy dae verhoog die bose man homself en die getal van die jare van die geweldenaar is verborge.
21 ’n Skrikwekkende klank is in sy ore; in oorvloed sal die Vernietiger oor hom kom. [1 Thes 5:3]
22 Hy glo nie dat hy omvergewerp sal word as gevolg van die duisternis en dat hy die swaard sal sien nie.
23 Hy vlug as gevolg van die dreigement van oordeel; hy weet nie dat die dag van duisternis reeds op hande is nie.
24 Moeilikheid en angs sal hom oorval, soos ’n koning gereed vir die geveg
25 omdat hy sy hand uitgesteek het teen God en homself versterk het teen die Almagtige.
26 Hy het Hom trots tromp-op stormgeloop met die menigte van sy skilde,
27 want hy het homself mislei met sy rykdom en stel sy sterkte voor sy selfvertroue
28 en hy bly in verlate stede, wat geen man bewoon het nie; dan berei hy voor vir oorlog.
29 Hy sal nie voortgaan nie en sy krag sal nie uithou nie en ook sal sy woorde nie op die aarde gevestig word nie.
30 Hy sal nie uit die duisternis uitkom nie, die vlam sal sy takke opdroog en deur die asem van sy mond sal hy verwerp word.
31 Laat hom nie vertrou op misleidende nietighede nie, want sy groei is nutteloos.
32 Hy sal uitdroog voor sy tyd en die werke van sy hande sal nie gevind word nie.
33 Hy sal sy onryp druiwe afskud soos die wingerdstok en sy bloeisels afgooi soos die olyfboom,
34 want die vergadering van die onreines sal verlate wees en vuur sal die tente van omkopery verteer.
35 Hulle is met moeite bevrug, gee geboorte aan boosheid en hulle maag is vol bedrog.”

16 1 Toe het Iyov geantwoord en gesê:
2 “Ek het al baie sulke dinge gehoor; julle is almal bose vertroosters.
3 Moenie my gees bedroef met woorde nie; al praat julle, sal ek nie antwoord nie.
4 Ek kan ook praat soos julle; ek wens julle was in my plek, dan kon ek julle toets met woorde en my kop vir julle skud.
5 Ek sou julle met julle eie woorde toets en die woorde van my lippe sal julle nie spaar nie!

6 As ek praat, word my pyn nie versag nie en as ek vooruit kyk, wie kan my troos?
7 Nou het Hy my egter uitgeput en tog my hele getuienis bewaar.
8 U het my aangestel en ek het 'n getuie geword, maar my mislukking het teen my opgestaan en getuig in my gesig.
9 Dit het my verskeur en gebreek in sy woede; vir my gekners op sy tande; my vyand maak sy oë skerp vir my.
10 Hulle het my met oop monde in verwyt aangegaap; my op my wange geslaan; hulle is gevul met woede teen my.
11 God het my oorgelewer aan die perverse mense en my in die hande van die bose gegee.
12 Ek was rustig en hy het my neergeslaan en my ook aan die nek gegryp en my aan stukke geskud en my opgestel as sy teiken.
13 Sy pyle is rondom my; hy skiet na my niere en spaar my nie; hy gooi my gal uit op die grond.
14 Hy breek my opening na opening, hy loop my storm soos 'n magtige.
15 Ek het 'n roukleed oor my vel gegooi en my kop met stof bedek.
16 My gesig is moeg van huil en op my ooglede is die skaduwee van die dood,
17 maar nie vir enige oortreding van my hande nie; ook my gebed is rein.
18 O aarde, moenie my bloed bedek nie en laat my uitroep geen plek hê nie.
19 Ook nou, let op, my Getuie is in die hemel en Hy wat saam met my getuig, is in die hoë plekke.
20 My vriende en my naaste, my oë stroom trane uit voor God.
21 O, dat iemand kan pleit vir 'n man by God soos 'n mens vir sy naaste pleit,
22 want die getal van 'n man se jare sal tot 'n einde kom; dan sal hy gaan op die pad vanwaar hy nie sal terugkeer nie.

17 1 My gees is vernietig, my dae is uitgewis, die graf is gereed vir my,
2 want daar is geen valsheid in my nie en tog dwaal my gees in hulle bitterheid.
3 Ek bid, maak my 'n gyselaar by U, dan sal ek myself oorgee,
4 want U het húlle verstand, wil en emosie weggesteek vir begrip; daarom sal hulle hulself oplig in hul misleiding.
5 Wanneer 'n vriend skadelik optree teenoor sy vriend, sal selfs die oë van sy seuns faal.
6 Hy het krag gegee aan die nasies; ek sal gespot word voor hulle.
7 My oë is dof as gevolg van woede en al my sintuie is soos 'n skaduwee.
8 Opregte mense sal verbaas wees hieroor en die onskuldige sal homself opwerk teen die skuldiges.
9 Die regverdige sal vashou aan sy lewenswyse en hy wat rein hande het, sal sterker en sterker word,
10 maar, wat julle almal betref, julle is valse toneelspelers; tog keer julle terug en kom na my toe, maar 'n wyse man kan ek nie onder julle vind nie.
11 Julle tydverspelers, nikswerds wat aan niks dink nie. Vernietigers van die verstand, wil en emosie van die volk.
12 Julle verander die nag na dag en julle bring die lig uit voor die donker verby is.

13 As ek wag, is Sh’ol my tuiste; ek het my bed in die duisternis gemaak.
14 Ek het vir vernietiging gesê: ‘Jy is my vader; vir die wurms: jy is my moeder en my suster.’
15 Waar is nou my versekerde verwagting en my vertroue? Wat my versekerde verwagting betref, wie sal dit vind?
16 Hulle sal afgaan na die dieptes van Sh’ol, hulle sal saam afgaan in die stof.”

18 1 Toe het Bildad, die Shuagiet, geantwoord en gesê:
2 “Hoe lank sal julle woorde teëstaan? Verstaan en daarna sal ons praat.
3 Waarom word ons as diere gereken en word ons verwerplik in jou oë beskou, jy wat jouself in jou woede doodmaak?
4 Sal die aarde in die steek gelaat word om jou ontwil en sal die berg uit sy plek verwyder word?
5 Ja, die lamp van die bose sal uitgeblus word en die vonk van sy vuur sal nie skyn nie.
6 Die lig sal donker wees in sy tent en sy lamp bo hom sal uitgedoof word.
7 Hy sal verlaat word in sy siekte en sy eie raad sal hom neergooi,
8 want hy het sy voete uitgestrek na die net en hy loop aanhoudend oor ’n strik.
9 Die strik vang hom aan die hakskeen en dors sal hom oorweldig.
10 ’n Vangstrik is vir hom gestel in die grond en ’n valstrik op sy pad.
11 Angswekkendheid sal hom bang maak aan alle kante en hom op sy voete jaag.
12 Laat honger sy droefheid wees, laat verwoesting gereed wees vir sy nageslag.
13 Laat mag sy dorpe verteer, laat sy eersgeborene in geweld sterf.
14 Sy selfvertroue sal uit sy tent weggeruk word en hy sal haastig deur die koning se laksman gebring word.
15 Ander sal in sy tent bly, want daar is niemand in nie; swael sal oor sy blyplek gestrooi word.
16 Sy wortels sal onder opgedroog word en bo sal sy opbrengs afgesny word.
17 Sy nagedagtenis sal vergaan van die aarde af en hy sal geen naam daarop hê nie.
18 Hy sal vanaf lig die duisternis ingedryf word en uit die wêreld uitgejaag word.
19 Hy sal geen naam of herinnering onder die volk hê nie of enige oorlewende in sy blyplek nie.
20 Hulle wat ná hom kom, sal verbaas wees oor sy dag, soos hulle wat vóór hul gekom het, beangs was.
21 Sekerlik, so is die blyplek van die perverse en dit is die plek van hom wat God nie ken nie.”

19 1 Toe het Iyov geantwoord en gesê:
2 “Hoe lank sal julle my lewe bedroef en my siek maak met woorde?
3 Let op, hierdie tien keer het julle my bestraf en tog is julle nie skaam dat julle my treurig maak nie.
4 As ek inderdaad oortree het, bly my fout by my.
5 As julle julself regverdiglik teenoor my opgehef het, my bestraf en verag het,
6 weet dan dat Gód my veroordeel het en Sy net oor my uitgesprei het.

7 As ek uitroep, antwoord niemand my nie en as ek kla is daar niemand om my te wreek nie.
8 Hy het my lewenspad toegemuur sodat ek nie kan verbygaan nie en Hy het duisternis oor my paaie gestel.
9 Hy het my eer en lof van my afgestroop en die kroon van my kop af weggevat.
10 Hy het my aan alle kante vernietig en ek bestaan nie meer nie en my versekerde verwagting het hy verwyder soos ’n stukkie hout.
11 Hy het ook Sy woede teen my opgestook en tel my as Sy vyand.
12 Sy boodskappers het saamgekom teen my, hulle het hulle lewenswyses teen my debatteer en rondom my tent uitgekamp.
13 My broers is ver weg van my af en hulle wat my ken, het my verlaat.
14 My familie het my gefaal en my vertroude vriende het my in die steek gelaat.
15 My slavinne en hulle wat in my huis bly, beskou my as ’n vreemdeling; ek is ’n onbekende in hulle oë.
16 Ek het my dienskneg geroep en hy antwoord my nie; ek smeek hom met my mond.
17 Ek het ’n vreemdeling geword en ek het gesoek na die seuns van my eie liggaam.
18 Ja, selfs die bose verag my; as ek opstaan, praat hulle teen my.
19 Al my raadgewers verafsku my; selfs my vriende het teen my gedraai.
20 My vel en my vlees kleef aan my gebeente vas en ek ontsnap met die vel van my tande (net-net).
21 Gee om vir my, gee om vir my, o my vriende, want die hand van God was teen my!
22 Hoekom vervolg julle my net soos God en julle is nie tevrede met die seerkry van my vlees nie?
23 Ag, dat my woorde nou opgeskryf mag word, dat hulle in ’n boekrol opgeteken word,
24 dat hulle vir ewig met ’n ystergriffel op lood of in ’n rots graveer word,
25 want ek weet my Verlosser leef en aan die einde sal Hy Homself op die aarde openbaar.
26 Alhoewel vretende wurms my vel en my vlees oordek het,
27 tog, as my oë God sal sien, dan sal my verstand, wil en emosie ook die lig sien, maar nou is my liggaam verteer, [Hav 3:17-18]
28 want julle sal sê: ‘Hoekom het ons hom vervolg? ’n Goeie verslag sal my volg en my vryspreek.
29 Red jouself van die swaard, want die woede van sondaars is ’n swaard, want julle sal nog leer dat daar ’n oordeel is.”

## 20

1 Toe het Tzofar, die Na’amahiet, geantwoord en gesê:
2 “My dissipline het my daarom laat onderskei en vir my hulp by my gebly.
3 Ek sal jou die instruksies van my dissipline laat hoor en die gees van my insig sal my laat antwoord.
4 Dit weet ek van ouds af, sedert die mens op die aarde geskep is:

5 die triomfering van die bose is van korte duur en die vreugde van die onreine is maar net vir 'n oomblik.
6 Alhoewel sy hoogheid opgaan na die hemel en al raak sy kop aan die wolke,
7 tog sal hy vir ewig vergaan soos 'n warrelwind; dié wat hom gesien het, sal vra: 'Waar is hy?'
8 Hy sal wegvlieg soos 'n droom en sal nie gevind word nie; ja, hy sal weggejaag word soos visioene in die nag.
9 Ook die oog wat hom gesien het, sien hom nie meer nie en ook sal hulle sy plek nie meer sien nie.
10 Sy kinders sal onderdruk word met armoede en hy sal sy hande uitsteek na hulle toe.
11 Sy gebeente is vol murg (lewenskrag), maar dit sal saam met hom in die stof lê.
12 Alhoewel sy boosheid soet is in sy mond, alhoewel hy misleiding onder sy tong wegsteek,
13 alhoewel hy dit spaar en dit nie laat staan nie, maar dit stilhou in sy mond,
14 nogtans draai sy kos om in sy maag, dit is die gal van adders in hom.
15 Die rykdom wat hy afgesluk het, sal hy opbring vanuit sy maag en God sal hom vernietig.
16 Hy sal die gif van adders opsuig, die tong van 'n adder sal hom doodmaak.
17 Hy sal nie die riviere, die vloede, die strome van heuning en botter sien nie.
18 Dit waarvoor hy gewerk het, sal hy teruggee en dit nie insluk nie; dit wat hy deur afpersing verkry het, sal hy nie geniet nie,
19 want hy het daaraan gedink om die armes in die steek te laat, want hy het gewelddadig 'n huis weggevat wat hy nie gebou het nie.
20 Omdat hy self geen regverdige oordeel geken het nie, sal hy nie gespaar word deur sy geldgierigheid nie.
21 Geen van sy nageslag sal gespaar word nie; daarom sal sy goeie nie onthou word nie.
22 Met die maat waarmee hy gemeet het, sal hy terugbetaal word; die hand van die bose sal op hom kom.
23 Mag sy nageslag vernietig word, mag God Sy gloed van woede oor hom gooi en hom laat oorstroom terwyl Hy teen hom oorlog maak,
24 want alhoewel hy ontvlug het as gevolg van die borsplaat van yster, sal die koper boog hom deurboor.
25 Dit word uitgetrek en dit bring sy ingewande uit en die vel van sy gal sal gebreek word; angs sal voortdurend op hom wees!
26 Volle duisternis is bewaar vir sy nageslag; 'n brandende vuur sal hom verteer en die een wat in sy tent oorbly sal vernietig word.
27 Die hemel sal sy sondes openbaar en die aarde sal homself teen hom wreek.
28 Die fondasies van sy huis sal oopgelaat word en hy sal geskroei word op die dag van Sy woede.
29 Dit is die gedeelte vanaf God vir die bose mens en die erfenis wat vir hom bestem is van die Hoogste."

21 1 Toe het Iyov geantwoord en gesê:
2 "Luister ernstig na my woorde en laat dit julle vertroosting wees.
3 Verdra my sodat ek mag praat en nadat ek gepraat het, spot dan met my.
4 Ek sal my klagte teenoor 'n mens uitspreek; waarom my gees ontsteld is.
5 Draai om na my, wees verstom en lê jou hand op jou mond.
6 Selfs as ek daaraan dink, bewe ek en angs gryp my vlees aan.
7 Waarom bly die bose lewe en waarom is die magtiges vol krag vir jare?
8 Hulle nageslag word voor hulle bevestig saam met hulle en hulle seuns voor hulle oë.
9 Hul huise is veilig van vrees en ook is die lat van God nie op hulle nie.
10 Hulle bul teel en faal nie; hulle koei kalf en het geen miskraam nie.
11 Hulle kinders staan vas soos 'n trop en hulle seuns dans.
12 Hulle vat die tamboeryne en harpe en verheug hul by die klank van sang.
13 Hulle spandeer hul dae in oorvloed en gaan dan skielik af na Sh'ol.
14 Hulle sê vir God: 'Gaan weg van ons af, want ons begeer nie om U lewenswyses te ken nie.'
15 Hulle sê verder: 'Wie is God dat ons Hom sou dien en wat sal dit ons baat dat ons tot Hom sal bid?'
16 Let op, hulle het geen mag oor hulle voorspoed nie; die raad van die bose is ver van my!
17 Hoe dikwels word die bose sonder 'n erfgenaam gelaat! Hoe dikwels kom hul vernietiging oor hulle! God deel smarte uit in Sy woede.
18 Hulle is soos strooi voor die wind en soos kaf wat die storm wegdra.
19 God sit die boosheid van 'n man eenkant vir sy kinders; Hy betaal dit terug aan hom en hy sal dit weet!
20 Sy eie oë sal sy vernietiging sien en hy sal drink van die woede van die Almagtige,
21 want watter plesier het hy in sy huis wat ná hom is, as 'n gedeelte van sy jare vir sy nageslag opsy gesit word?
22 Sal enige een vir God kennis leer, [Yes 40:13,14; Rom 11:34; 1 Kor 2:16] aangesien Hy die Een is wat die trotses oordeel?
23 Een sterf in volle krag, liggaamlik gesond, volledig selfversekerd en gemaklik.
24 Sy liggaam is vol vet en sy gebeente is vol murg
25 en 'n ander sterf in die bitterheid van sy lewe, wat nooit voorspoed gesmaak het nie.
26 Hulle sal saam in die stof lê en die wurms sal hulle bedek.
27 Let op, ek ken julle gedagtes en die slim planne wat julle verkeerdelik teen my smee,
28 want julle sê: 'Waar is die huis van die edelman en waar is die plek waar die bose sy tent opgeslaan het?'
29 Het julle nie die verbygangers gevra nie; herken julle nie hulle tekens nie?
30 Want die bose man word opsy gesit vir die dag van vernietiging, hy sal onthou word in die dag van woede.

31 Wie kan vir hom die pad wys en wie sal hom terugbetaal vir wat hy gedoen het?
32 Nogtans sal hy na die graf gebring word, hy is opsy gesit vir teëspoed.
33 Die diepte van die vallei sal hom insluk en baie sal agter hom ingetrek word, net soos daar ontelbares voor hom was.
34 Hoe kan julle my dan sonder rede troos, aangesien julle verwerplike antwoorde voor my vermenigvuldig?”

22 1 Toe het Élifaz, die Temaniet, geantwoord en gesê:
2 “O mens, kan jy met God gesels? Is jy gelyk aan Hom in wysheid?
3 Wat baat jy deur te probeer om dit te laat lyk asof jou lewenswyse volmaak is omdat jy bang is?
4 Hy sal jou bestraf en jou oordeel.
5 Let op, jou boosheid is groot en daar is nie einde aan jou sonde nie,
6 want jy het sonder rede ’n pand gevat by jou broers en die naaktes gestroop van hulle klere.
7 Jy het nie water aan die vermoeides gegee om te drink nie en jy het brood teruggehou van die hongeres.
8 Daar is ’n man wat vir homself ’n land saai en die magtige vat dit by hom met geweld!
9 Jy het weduwees met leë hande weggestuur en die arms van die vaderloses gebreek;
10 daarom is daar strikke rondom jou en skielike vrees laat jou bewe.
11 Waar is die duisternis sodat jy nie kan sien nie en die vloed van water wat jou bedek?
12 Let op, God is in die hoogste van die hemel en sien die hoogste van die sterre, wat baie hoog is
13 en tog vra jy: ‘Hoe weet God? Kan Hy deur die dik donkerheid oordeel?’
14 Dik wolke is ’n bedekking vir Hom sodat die mens Hom nie kan sien nie en Hy loop op die sirkel van die hemel.
15 Het jy die ou pad, wat bose manne lank terug op geloop het,
16 hulle wat voor hul tyd gegryp is, wat gestop is by die oorgangsplek van die rivier van die lewe en toe nie onthou het wie hulle lewenspatroon uitgelê het nie,
17 wat vir God gesê het: ‘Gaan weg van ons af, wat kan God vir ons doen’, goed afgemerk?
18 Tog het Hy hulle huise gevul met wat goed is en die raad van die bose het ver van hom af weggebly.
19 Die regverdiges sal dit sien en bly wees en die onskuldige sal spottend vir hulle lag.
20 As hulle nie plat gegooi is as gevolg van hulle hardkoppigheid nie, dan sal die van hulle wat oorbly, met vuur verteer word.
21 Maak nou ’n ooreenkoms met God en offer aan Hom van jou goeie opbrengs.
22 Ontvang die wet uit Sy mond en lê Sy woorde vas in jou verstand, wil en emosie.
23 As jy sal erken en omdraai voor God, sal jy opgebou word, as jy boosheid uit jou tent sal verwyder,

24 dan sal jy silwer opgaar soos stof en die goud van Ofir soos die sand van die vallei.
25 Ja, God sal jou verdediging wees en jy sal ’n oorvloed silwer hê,
26 want dan sal jy jou gesig oplig na God toe,
27 jy sal tot Hom bid, Hy sal jou hoor en jy sal jou geloftes nakom.
28 Jy sal ook iets verklaar en dit sal vir jou vasgestel word en die lig sal skyn oor jou lewenswyse,
29 want dit word gesê: ‘Hy wat homself verneder, sal opgelig word Mat 23:12; Luk 18:14 en hy wat saggeaard is, sal gered word.’
30 Die onskuldige man sal gespaar word, waar hy ook al is en hy sal ontsnap deur die reinheid van sy hande.”

23 1 Toe het Iyov geantwoord en gesê:
2 “Selfs vandag is my klagte bitter; God se hand is swaarder en vermeerder my gekerm.
3 Ag, as ek maar geweet het waar ek Hom kon vind sodat ek na Sy plek kon gaan!
4 Ek sou my saak stapsgewys voor Hom bring en my mond vul met argumente.
5 Ek sou weet wat Hy my sou antwoord en verstaan wat Hy vir my sou sê.
6 Sou Hy teen my stry met Sy groot krag? As Hy nie sou nie, sal Hy Sy groot respekvolle vrees in my plaas.
7 Daar mag ek regverdiglik teen Hom kom en ek mag onskuldig verklaar en vrygespreek word.
8 Let op, as Hy voor my uitgaan, weet ek dit nie, of agter my kan ek Hom nie sien nie.
9 Ek soek Hom aan my linkerkant, maar ek kan Hom nie gewaar nie; dan draai ek na my regterkant, maar ek kan Hom nie sien nie,
10 maar dit is Hy wat my lewenswyse en my bestaan ken en my getoets het soos goud en ek het suiwer uitgekom.
11 My voete was ferm op Sy voetspore en ek het in Sy lewenswyses gebly.
12 Ek het nie die opdragte van Sy lippe verag nie en ook nie afgewyk van Sy wil af nie en die woorde van Sy mond gehou,
13 maar in antwoord hierop, wat het Hy vir my gegee? Wat Hy begeer, dit doen Hy.
14 Hy voer egter Sy verbond uit en baie sulke dinge is by Hom;
15 daarom is ek bang in Sy Teenwoordigheid; wanneer ek dit oordink, is ek bang vir Hom,
16 want God het my verstand, wil en emosie sag gemaak en my gedagtes is deurmekaar,
17 want ek is nie stilgemaak voor die duisternis of die bedekking van die donkerheid nie.

24 1 Waarom is hulle wat boos is nie verborge voor die Teenwoordigheid van God nie en waarom geniet hulle wat Hom ken nooit hulle dae nie?
2 Die bose verwyder die grenslyne; hulle vat ’n trop gewelddadig weg.
3 Hulle gryp die donkie van die vaderloses, hulle vat die weduwee se os as pand.
4 Die bose kruip weg langs die pad en die sagmoediges van die land kruip almal saam weg.

5 Let op, soos wilde-donkies in die woestyn gaan hulle vroeg uit, opsoek na kos vir hulle jonges.
6 Hulle sny hooi op ’n veld wat nie hulle s’n is nie en hulle maak druiwe bymekaar in die wingerd van die bose.
7 Hulle laat die naaktes bly sonder klere en hulle het geen bedekking in die koue nie.
8 Hulle is nat van die stortbuie oor die berge en druk hulself teen die rotse vas by gebrek aan skuiling.
9 Hulle vat plunder met geweld af van die vaderloses en hulle verteer die armes.
10 Hulle laat hul kaal gaan, sonder klere en hulle vat brood weg by die wat honger is.
11 Hulle buig onder die laste tydens die oesfees en is honger wanneer hulle die groot mandjie dra; hulle trap die parskuip, maar is dors. [Deut 27 en 28]
12 Uit die stad kerm die onderdruktes en die lewe van die gewondes roep uit; tog aanvaar God nie hulle gebed nie.
13 Hulle was in God se wêreld, maar hulle het nie Sy lewenswyses geken nie en ook nie in Sy paaie geloop nie. [1 Kor 3:11-15]
14 Die moordenaar staan teen dagbreek op en maak die arme en behoeftige dood en in die nag is hy ’n dief.
15 Die oog van die egbreker wag vir die duisternis en sê: ‘Geen oog sal my sien nie en hy vermom sy gesig in die donker.
16 In die duisternis breek hulle in huise in wat hulle bedags gemerk het. Die bose ken nie die lig nie;
17 daarom soek hulle vir hulself die skaduwee van die dood en het dit gevind; ja, hulle is in die angswekkendheid van die skaduwee van die dood.
18 Hulle word vinnig weggedra oor die oppervlakte van die waters; hulle deel is vervloek op die aarde, hulle let nie op na die bekende pad van die wingerdstokke nie.
19 Droogte en hitte verteer die sneeuwater, net so Sh’ol vir hulle wat gesondig het.
20 Vanaf die baarmoeder het hulle weggedwaal; die wurms sal aan hulle suig; na die dood sal hulle nie meer onthou word nie en die bose sal soos ’n stukkie hout gebreek word.
21 Die onvrugbare moeder word boos behandel en hulle doen geen goed aan die weduwee nie.
22 Die rykdom van ’n man van krag word onderhou deur sy eie krag, hy is nie afhanklik van Goddelike leiding nie. [Mat 19:24; Mar 10:23-25; Luk 18:25]
23 Alhoewel hy veiligheid gegee word waarin hy versekerd is, tog is sy oë op sy eie bose lewenswyses.
24 Sulke mense word vir ’n kort rukkie opgelig, maar is gou nie meer nie; ja, almal sal laag afgebring en vernietig word; hulle verdor en word uitgeskud soos ’n graanhalm
25 en as dit nie is as gevolg van Sy woede nie, wie sal my dan tot leuenaar maak en my woorde tot niks maak voor God?”

25 1 Toe het Bildad, die Shuagiet, geantwoord en gesê:
2 "Heerskappy en respekvolle vrees is by Hom, Hy het vrede gemaak in Sy hoë plekke.
3 Is daar enige getal aan Sy leërmagte en op wie skyn Sy lig nie?
4 Hoe kan die mens dan regverdig verklaar word by God? Of hoe kan hy skuldloos verklaar word, hy wat uit 'n vrou gebore is?
5 Let op, selfs die maan is nie helder nie; ja, die sterre is nie rein in Sy oë nie.
6 Hoeveel minder die mens, wat stof is en die mensekind, wat 'n wurm is."

26 1 Toe het Iyov geantwoord en gesê:
2 "Hoekom probeer jy hom help wat kragteloos is, hoekom probeer jy die arm help wat geen krag het nie?
3 Hoe het jy hom raad gegee wat geen wysheid het nie en hoe het jy soveel leerstellinge bekend gemaak?
4 Tot wie het jy woorde gepraat en wie se gees het uit jou uitgegaan?
5 Let op, die magtige manne sal doodgemaak word en hulle sal stiller lê as stil waters.
6 Sh'ol is kaal voor Hom en vernietiging het geen bedekking nie.
7 Hy strek die noorde uit vanuit die leegheid en hang die aarde aan niks;
8 Hy bind die waters op in Sy dik wolke en die wolke skeur nie onder dit nie.
9 Hy hou die bedekking van die lug vas en strek Sy wolke daarin uit.
10 Hy het die waters omring met grense totdat die dag en nag tot 'n einde kom.
11 Die pilare van die hemel bewe en staan verstom by Sy berisping.
12 Hy bestraf die see met Sy krag en deur Sy insig maak Hy die trotses dood.
13 Deur Sy Gees beheer Hy die hemele; Sy hand het die vlugtende slang neergeslaan.
14 Let op, hierdie is maar net deel van Sy metodes en watse boosheid het ons teen Hom gehoor? Wie kan die grootheid van Sy mag verstaan?"

27 1 Iyov het sy rede voortgesit en gesê:
2 "So waar as God leef wat regverdige oordeel van my weggeneem het en die Almagtige wat my lewe bitter gemaak het,
3 solank as wat die lewe in my is en die Gees van God in my neusgate is,
4 sal my lippe nie boosheid praat en my tong bedrog verkondig nie!
5 Dit is 'n verwerplike gedagte dat ek boosheid sou doen. Totdat ek sterf, sal ek nie my onskuld laat vaar nie.
6 Ek hou onveranderlik aan my onpartydige opregtheid vas en sal dit nie laat los nie; my verstand, wil en emosie sal my nie veroordeel nie, [Open 3:12,21] so lank as wat ek lewe.
7 Laat my vyand wees soos die moreel slegte persoon en hy wat my haat soos 'n bose persoon,
8 want alhoewel hy rykdom vergader het, wat is die verwagting van die bose wanneer God sy lewe wegvat?
9 God sal nie sy gebed hoor wanneer moeilikheid oor hom kom nie,

10 maar as hy sou vertrou in die Almagtige en altyd tot God roep, sal God hom hoor en antwoord.
11 Wat julle betref, ek sal julle oorgee in die hand van God sodat julle woorde nie vir Hom weggesteek sal wees nie.
12 Let op, julle het dit almal gesien, waarom roem julle oor niks?
13 Hierdie is die deel van 'n bose mens by God en die erfenis van onderdrukkers, wat hulle van die Almagtige sal ontvang:
14 as sy kinders vermenigvuldig, is dit vir die swaard en sy nageslag sal nie versadig word met brood nie.
15 Die wat van hulle oorbly, sal in die dood begrawe word en hulle weduwees sal nie oor hulle huil nie.
16 Alhoewel hulle silwer ophoop soos stof en klere versamel soos klei; Yes 23:18; Spr 28:8
17 hulle mag dit ophoop, tog sal die regverdige dit dra en ook hulle silwer verdeel,
18 want die bose het sy huis gebou op 'n spinnerak en sy skuilplek soos 'n skerm.
19 Die ryk man sal gaan lê, maar hy sal nie weer opstaan nie; hy maak sy oë oop en hy is nie meer nie.
20 Angs oorval hom soos waterstrome en soos 'n stormwind wat waai.
21 Die oostewind sal hom wegdra in die nag en hy is weg en sal hom ruk uit sy plek,
22 want God sal hom uitgooi sonder om jammer te wees en hy kan nie uit Sy hand ontsnap nie.
23 Hy sal hom klap met Sy hand en met hom spot uit Sy blyplek.

28 1 Sekerlik is daar 'n myn vir silwer en 'n plek waar die goud geraffineer word.
2 Yster word uit die grond gehaal en koper word uit die klip gesmelt.
3 God maak 'n einde aan die duisternis en ken die einde van alles; die diep en donker myn en die skaduwee van die dood.
4 Hulle het 'n verwoeste myn van 'n vreemde volk geërf, hulle het weggedwaal van die regte pad af en hulle getalle het afgeneem tussen die mense.
5 Hulle breek die aarde oop waaruit voorsiening kom en van onder dit uit kom materiaal op asof dit met vuur gebrand is.
6 Sy klippe is die plek waar saffiere gevind word en dit het stof van goud op sy paaie.
7 Daar is 'n pad wat geen voël ken nie en die oog van die aasvoël nie gesien het nie;
8 wilde diere het nie daarop geloop nie en die leeu het ook nie by dit verbygegaan nie.
9 Die myner steek sy hand uit oor die harde rots om dit te breek, hy keer die berge om by hulle fondasies.
10 Hy verdeel die riviere deur sy mag en sy oog sien allerhande kosbare dinge.
11 Hy bind die riviere vas dat hulle nie oorloop nie en dit wat verborge is, bring hy aan die lig,
12 maar waar sal wysheid gevind word en waar is die plek van die insig daarvan?
13 Geen mens ken die skat daarvan nie en ook word dit net gevind in die land van die lewendes.
14 Die dieptes sê: 'Dit is nie in my nie' en die see sê: 'Dit is nie by my nie.'

15 Dit kan nie verkry word deur goud nie en silwer kan nie afgetel word as sy prys nie.
16 Dit kan nie verruil word vir die goud van Ofir, vir kosbare onikssteen of saffier nie.
17 Goud en kristal is nie daaraan gelyk nie en ook nie kosbare pêrels, juwele of smarag nie,
18 want die prys van wysheid is ver bo kosbare stene en ook kan gekleurde edelstene, smaragde en diamante nie gelyk daaraan wees nie,
19 want die prys van wysheid is bo alles en niks is gelyk daaraan nie. Die pêrels en topaas van Kush is nie gelyk daaraan nie.
20 Vanwaar kom die wysheid en waar is die plek van insig?
21 Dit is verborge vir die oë van alles wat leef en weggesteek vir die voëls van die hemel.
22 Vernietiging en dood sê: ‘Ons het die verslag daarvan met ons ore gehoor,’
23 want net God ken die pad daarvan en Hy ken die plek daarvan,
24 want Hy kyk tot by die eindes van die aarde en sien onder die hele hemel,
25 want Hy het vir die wind ’n gewigsmaat gemaak en die waters met ’n maat afgemeet.
26 Hy het ’n wet gemaak vir die reën en ’n pad vir die weerligstraal en donder.
27 Toe het Hy dit gesien en dit verklaar; Hy het dit gemeet en dit ook ondersoek.
28 Tot die mens het Hy gesê: ‘Let op, die respekvolle vrees vir יהוה, dit is wysheid en om weg te bly van boosheid, is insig.’” Spr 1-9

29 1 Iyov het sy rede voortgesit en gesê:
2 “Ag, as ek maar was soos in die vorige maande, soos in die dae toe God na my gekyk het;
3 toe Hy Sy aanbidding hoog bo my kop gesit het, toe Sy lig oor my geskyn het en toe ek by Sy lig deur die duisternis geloop het.
4 Ag, dat ek sal wees soos in die dae toe ek in guns was, toe God in my tent gebly het;
5 toe die Almagtige nog rondom my was, in my jeug;
6 toe ek my voetstappe gewas het in botter en die rots vir my strome van olie uitgegiet het.
7 Toe ek uitgegaan het na die poort van die stad en uitgeroep het na die mense en my sitplek in ’n groot area voorberei het,
8 het die jongmanne my gesien en weggekruip en grysaards het opgestaan en my respekteer.
9 Die prinse het stilgebly en hulle hand op hul mond gesit.
10 Die stemme van die prinse is teruggehou en hulle tong het aan hul verhemelte gekleef,
11 want wanneer die oor my gehoor het, dan prys dit my en wanneer die oog my gesien het, gee dit getuienis aangaande my
12 omdat ek die arme uit spanning bevry het en die vaderloses wat niemand gehad het om hul te help nie.

13 Die seën van hom wat gereed was om te vergaan, het oor my gekom en ek het die verstand, wil en emosie van die weduwee laat jubel.

14 Ek het onpartydige opregtheid aangetrek en dit het my bedek soos ’n kleed en simbool van regverdige oordeel.

15 Ek was oë vir die blinde en voete vir die lammes.

16 Ek was ’n vader vir die armes en die regsaak van hom wat ek nie geken het nie, het ek ondersoek.

17 Ek het die kakebeen van die bose gebreek en die prooi uit sy tande geruk.

18 Toe het ek gesê: ‘Ek sal reguit word soos ’n riet, ek sal die armes bevry en my dae vermenigvuldig soos die sand van die seë.

19 My wortels is geplant by die waters en die dou lê heelnag op my takke en in die oesseisoen sal ek genooi word na die fees.

20 Ek sal my boog saamvat en dit nuut hou in my hand.’

21 Hulle het na my geluister en gewag en ag gegee op my raad.

22 Hulle het nie afgewyk van my woorde af nie en my spraak was vir hulle aangenaam.

23 Hulle het op my gewag soos vir die reën en hulle het hul monde wyd oopgemaak soos vir die lentereëns.

24 As ek met hulle gespot het, het hulle nie aanstoot geneem nie en hulle het nie weggedraai van die lig van my gesig nie.

25 Ek het hulle lewenswyses ondersoek en dan teruggekeer en geleef soos ’n koning, ’n koning by sy leërmag, soos een wat die treurendes vertroos,

30 1 maar nou lag hulle vir my, hulle wat minder as ek is,

2 wie se vaders ek verag het en hulle nie gelyk geag het aan die honde (wat oud geword het) van my troppe vee nie.

3 Ja, die krag van hulle hande, watter nut sou dit vir my wees?

4 Hulle het hul krag volkome verloor.

5 Hulle is gedwing deur die allernoodsaaklikste, soos ’n dief wat van sy voete afgevee word,

6 vlugtend om te bly in die kranse van die valleie, grotte van die aarde, in skeure,

7 in rotsagtige plekke en onder bosse.

8 Die kinders van dwase sal omvergewerp word saam met die kinders van die bose; hulle sal laer afgebring word as die aarde

9 en nou is ek die voorwerp van hulle spottery, ja, ek het vir hulle ’n spotwoord geword.

10 Hulle verag my, vlug ver van my af en laat nie na om in my gesig te spoeg nie

11 omdat hulle begin het om in my gesig te lag en my te verneder; hulle het ook hulle teuels in my mond gesit.

12 Hulle staan op teen my regterhand, hulle het my gepootjie; hulle het my verwar deur die verdraaidheid van hulle lewenswyse.

13 Hulle verwoes my paaie sonder rede, hulle is verheug oor wat oor my gekom het; hulle sal geen helper hê nie.

14 Hulle sal ’n groot vernietiging ly; hulle sal gebreek word deur die tornado,

15 want hulle het angs oor my gebring, my paaie agtervolg soos die wind en my hulp het weggegaan soos ’n wolk.
16 Nou is my lewe moeg; die dae van ellende het my beetgepak.
17 In die nag is my gebeente in pyn en my liggaam het geen krag nie.
18 Ek het my kleed aangetrek en my omvou met my bo-kleed,
19 maar hulle het my in die modder gegooi en ek het geword soos stof en as.
20 Ek roep uit na U en U antwoord my nie; ek staan op en U neem my nie in ag nie.
21 U het my behandel soos ’n vyand teen U, met U sterk hand my teruggehou.
22 U lig my op na die wind, U laat my daarop ry en dan beproef U my en maak my ellendig
23 en tog weet ek dat U my sal terugbring vanaf die dood na die bymekaarkomplek van alles wat lewe,
24 maar Hy sal nie Sy hand teen my uitsteek nie en wanneer ek na Hom uitroep, sal Hy my red.
25 Ek het in die dag gehuil vir die armes; my lewe het getreur vir die vaderloses,
26 maar toe ek uitgekyk het vir die goeie, het boosheid gekom en toe ek gewag het vir lig, het duisternis gekom.
27 My binneste is rondgeskud en het nie gerus nie; dae van ellende het oor my gekom.
28 Ek het treurend geloop sonder om gegrief te wees, ek het opgestaan en gehuil in die vergadering.
29 Ek het ’n broer geword vir die jakkalse en ’n vriend vir die volstruise.
30 My vel het gekrimp om my en my gebeente is gebrand asof met hitte.
31 My harp verander in ’n klaaglied en my panfluit na die stem van hulle wat huil.

31 1 Ek het ’n verbond gesluit met my oë sodat ek nooit wellustig sal wees na ’n maagd nie.
2 (Watter deel sou ek dan van God hê, wat daarbo is en watter erfenis van die Almagtige wat daarbo is?)
3 Dit is vernietiging vir die bose en straf vir die werkers van boosheid.
4 Hy sien my lewenswyse en tel al my treë.
5 As ek met valse toneelspelers sou saamloop of my voet hardloop na bedrog,
6 laat my op ’n akkurate weegskaal geweeg word sodat God my integriteit sou ken!
7 Ek het nie met my voete van die pad afgewyk nie en my verstand, wil en emosie het nie agter my oë aangegaan nie en ek het niks onregverdig verkry nie,
8 maar wanneer ek gesaai het, dan het ek geëet en wanneer ek geplant het, dan het ek geoes en die opbrengs bymekaargemaak
9 en as my verstand, wil en emosie verlei is deur ’n vreemde vrou of as ek gelê en wag het by my naaste se deur,
10 laat dan my vrou vir iemand anders maal en by ’n ander se plek brood maak,
11 want dit is boosheid, ja, so ’n oog werk ’n skelm plan uit,
12 want begeerte is ’n vuur wat verteer tot vernietiging toe en sal al my opbrengs ontwortel.
13 As ek die saak van my slaaf of van my slavin verwerp het toe hulle ’n geskil met my gehad het,

14 sonder om te verduidelik, wat sou ek dan doen as God opstaan in oordeel en wanneer Hy navraag doen, wat sal ek Hom antwoord?
15 Let op, Hy wat my in die baarmoeder gemaak het, het hom gemaak en ons in dieselfde baarmoeder voorberei.
16 As ek die armes se begeerte weerhou het of die weduwee bedrieg het,
17 of my brood alleen geëet het sonder dat die wese daarvan geëet het,
18 (want van my jeug af is ek in smart grootgemaak en van my moeder se bors af met swaarkry,)
19 as ek enige iemand sien omkom het sonder klere, of enige arme sonder bedekking;
20 hulle, inteendeel, is grootgemaak op my knieë en is warm gemaak met die velle van my skape;
21 as ek my hand opgelig het teen die vaderloses, (wanneer ek hom by die deur gesien het, het ek hom gehelp),
22 laat my arm dan afval van my skouerblad af en op die been gebreek wees,
23 want die respekvolle vrees van God laat my bewe en ellende van Hom af het op my gekom en as gevolg van angs was ek nie in staat om op te staan nie.
24 As ek goud my vertroue gemaak het, of aan die kosbare stene gesê het: ‘Julle is my versekering,’ of vir die fyn goud gesê het: ‘Julle is my vertroue,’
25 as ek my verbly het omdat my rykdom groot was en my hand baie verkry het,
26 as ek die son vereer het wanneer dit skyn of die maan wanneer in volle helderheid,
27 as my verstand, wil en emosie in die geheim verlei is, as ek toegegee het tot kwaaddoen,
28 dan het God my skelm lewenswyse gesien en ek het voor Hom gelieg.
29 As ek my verheug het by die vernietiging van my hater of uitgejubel het toe onheil hom getref het; [Spr 24:17,18]
30 (maar ek het nie my mond toegelaat om te sondig nie en ook het my lewe nie gewens vir enige hiervan nie;
31 my vriende het gesê: ‘O, hierdie man sal vir ons selfs sy eie vlees gee,’ maar ons is nie tevrede nie;’
32 die vreemdeling het ek nie in die straat laat oornag nie en ek het my deure vir die gas oopgemaak;)
33 as ek, soos sommige mense, my oortredinge bedek het of ek my skuld in geheime plekke weggesteek het,
34 as ek op ander se regte getrap het; inteendeel, dit is die menigte families wat my geruïneer het; ek het ook niemand by die deur weggestuur of in skinder betrokke geraak nie; laat die uittarting van God my verneder.
35 Ag, as iemand my maar wou hoor en luister! As God teenwoordig is, laat Hy my antwoord en die sin in ’n boekrol skryf!
36 Ek sal dit sekerlik op my skouer dra en dit vir my ’n kroon maak.
37 Ek sal aan Hom die getal van my voetstappe verklaar; as ’n prins sou ek na Hom toe gaan.
38 Laat die aarde oor my treur, laat sy vore saam huil,

39 as ek sy opbrengs geëet het sonder betaling of as ek een hartseer gemaak het wie se lewe bitter is,
40 laat dan distels in plaas van koring uitspruit en onkruid in plaas van gars.”
Die woorde van Iyov is klaar.

32 1 Toe het hierdie drie manne, wat Iyov wou veroordeel, opgehou om hom te antwoord omdat hy regverdig gevind is in hulle oë.
2 Toe is Elihu, die seun van Barakh’el, die Buziet, uit die geslag van Ram, kwaad en het sy woede teen Iyov ontvlam omdat hy homself meer regverdig as God beskou het.
3 Sy woede het ook teen sy drie vriende ontvlam omdat hulle geen antwoord vir Iyov gevind het om hom te veroordeel nie.
4 Nou, Elihu het gewag om Iyov met woorde te korrigeer omdat die ander mans ouer as hy was.
5 Toe Elihu sien dat hierdie drie nie in staat is om Iyov te antwoord nie, was hy woedend
6 en Elihu, die seun van Barakh’el, die Buziet, het geantwoord en gesê: “Omdat ek jonger as u is in dae en u ouer is, was ek bang en het nie gewaag om my opinie aan u mee te deel nie,
7 want ek het gesê: ‘Dae behoort te praat en die veelheid van jare moet wysheid leer.’
8 Waarlik, daar is ’n gees in die mens en die Gees van die Almagtige gee vir hulle insig.
9 Dit is nie ouderdom wat mense wys maak nie; ook verstaan die oues nie altyd regverdige oordeel nie; [Yog 16:13]
10 daarom sê ek: ‘Luister na my; ek sal ook vir u my opinie wys.’
11 Let op, ek het stilgebly terwyl u praat; ek het geluister totdat u opgehou praat het terwyl u gesoek het na woorde.
12 Ja, ek verstaan u getuienis, maar let op, daar is nie een van u wat Iyov kon bestraf nie, of sy woorde kon beantwoord nie
13 sodat julle kon sê: ‘Ons het wysheid gevind, God het hom verslaan, geen mens nie.’
14 Iyov het nie sy woorde tot my gerig nie en ek sal hom ook nie met julle woorde beantwoord nie.”
15 Hulle was stil, hulle het hom niks meer geantwoord nie, hulle woorde is alles op, hulle bly dus stil.
16 Hulle het nie gepraat nie, hulle was stil en het hom nie meer geantwoord nie.
17 “Ek wil ook van my kant af antwoord; ek sal ook my opinie wys,
18 want ek is vol woorde; die gees in my dring my.
19 Let op, ek kan myself nie terughou nie en ook vind ek geen verligting nie; ek kan myself nie langer keer om te praat nie.
20 Ek wil praat om verligting te kry, ek sal my lippe oopmaak en antwoord.
21 Ek sal nie partydig wees teenoor enige persoon en ek sal ook nie skaam wees in die teenwoordigheid van enige een nie,

22 want ek weet nie wat dit is om titels te ag nie; anders sou my Almagtige Een my gou verwyder het.

33 1 Hoor daarom my boodskap, o Iyov, luister en doen alles wat ek sê.
2 Noudat ek my mond oopgemaak het, let op, praat my tong in my mond.
3 Die woorde van my mond is opreg en die uitinge van my lippe is rein.
4 Die Gees van God het my opgewek en die asem van die Almagtige het vir my lewe gegee.
5 As u my kan antwoord, berei uself dan voor en staan op voor my,
6 want ek is net soos u voor God, ek is ook uit klei gevorm;
7 daarom sal my waarskuwings u nie laat bewe, of my teregwysing swaar wees op u nie.
8 U het verseker gepraat waar ek kon hoor en ek het die stem van u woorde hoor sê:
9 ‘Ek is skuldloos, sonder oortreding; ek is onskuldig en daar is geen boosheid in my nie en ek is ver verwyderd van boosheid.
10 Let op, Hy vind redes teen my; Hy tel my as Sy vyand.
11 Hy sit my voete in die blokke; Hy hou al my paaie dop.’
12 Let op, hierin kan u nie reg wees nie. Ek sal u antwoord dat God groter is as ’n mens.
13 Waarom twis u met Hom, aangesien Hy nie verslag gee van Sy sake nie?
14 Want God praat een keer, Hy praat nie ’n tweede keer nie.
15 In ’n droom, in ’n visioen in die nag, as diepe slaap op die mense val terwyl hy sluimer op die bed,
16 dan maak Hy die ore van mense oop en verneder hulle volgens hulle rebellie
17 sodat Hy die mens van sy bose dade kan laat afsien en sy trotsheid kan verwyder,
18 spaar Hy hom van korrupsie en sy lewe van straf en vernietiging.
19 Die mens word getugtig met pyn op sy bed en pyn in sy menigte gebeentes
20 sodat sy lewe nie tevrede is met brood nie en smag na kos.
21 Sy vlees kwyn weg as gevolg van vrees sodat ’n groter deel van sy gebeente gesien kan word.
22 Ja, hy kom nader aan vernietiging en sy lewe aan die dood.
23 As ’n mens ’n boodskapper het, waarna iemand een uit ’n duisend keer sal luister, sal die boodskapper hom die pad van opregtheid wys
24 en aan hom guns bewys en sê: ‘Bevry hierdie man dat hy nie vernietiging sal smaak nie; hy het verlossing gevind,’
25 dan sal sy vlees verander soos die van sy kindertyd en hy sal terugkeer na die dae van sy jeug
26 en hy sal bid tot God en Hy sal hom hoor en tevrede wees met hom en God sal by hom verskyn in Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid, want hy sal aan die mens Sy onpartydige opregtheid gee,
27 dan sal die opregtheid getuienis lewer aangaande die man en hy sal sê: ‘Ek het waarlik gesondig en is verkeerd en dit baat my nie;
28 bevry my van vernietiging en my lewe sal die lig sien.’
29 Let op, al hierdie dinge doen God drie keer met ’n mens,

30 om sy lewe terug te bring van vernietiging en om die Lig van die lewe te sien.
31 Draai jou oor, o Iyov, luister na my; wees stil en ek sal praat.
32 As u iets het om te sê, antwoord my, want ek begeer dat u onskuldig verklaar sal word.
33 Indien nie, luister en wees stil en ek sal vir u wysheid leer.”

34 1 Elihu het voortgegaan en gesê:
2 “Hoor my woorde, o wyse manne en draai u oor na my, u wat kennis het,
3 want die oor toets woorde soos die verhemelte kos proe.
4 Laat ons vir onsself ’n regter kies; laat hy tussen ons weet wat goed is,
5 want Iyov het gesê: ‘Ek is regverdig en God het my oordeel opsy gesit.’
6 Wie is die man wat dood is sonder oortreding? Rom 6:23
7 Watter man is soos Iyov, wat veragting opdrink soos water?
8 Wie is ’n medeloper en vriend van die werkers van boosheid en loop saam met bose mense?
9 Want hy het gesê: ‘Dit is nie voordelig vir ’n man omdat hy God respekvol vrees nie;’
10 daarom, luister na my, manne van insig, dit is ver van God verwyder dat Hy kwaad sou doen en dit is ver van Hom dat Hy boosheid sou doen,
11 want Hy vergeld ’n mens volgens sy dade en laat elke mens beloon word volgens sy lewenswyse. Ps 62:13; Spr 24:12; Rom 2:6
12 Waarlik, God doen nie verkeerd en verdraai die reg nie.
13 Wie het beheer oor die aarde of wie het die hele wêreld gemaak?
14 As Hy Sy denke teen die mens sou draai, sal die mens se gees en asem by Hom bymekaarkom,
15 dan sou alle vlees saam vernietig word en die mens sou tot stof terugkeer.
16 As u dan insig het, hoor dit; luister na die stem van my woorde.
17 Hy wat regverdige oordeel haat, kan nie onskuldig verklaar word nie en hy wat onskuldig is, sal nie veroordeel word nie.
18 Hy wat aangaande die koning sê dat hy boos is - en tog is hy ’n goeie heerser oor prinse en heersers
19 en is nie partydig tot prinse of diskriminerend teenoor die armes nie, want hulle is almal die werk van Sy hande, -
20 in ’n oomblik sal hy sterf en om middernag verteer word en sterf. Hy sal kragteloos gemaak word deur die Almagtige,
21 want Sy oë is op al die lewenswyses van die mens en Hy sien al sy treë.
22 Daar is geen duisternis, of skaduwee van die dood, waar die werkers van boosheid kan wegkruip nie,
23 want Hy het nie ’n tyd daargestel vir ’n man om voor God in oordeel te kom nie,
24 want Hy het baie ongeluk oor baie mense, sonder getal en ander in hulle plekke, bevestig;
25 dus ken Hy hulle deur hulle werke en werp hulle omver in die nag.
26 Hulle dade sal vergruis word onder die gewig van hulle boosheid in ’n land van verskrikking

27 omdat hulle weggedraai het daarvan om Hom te volg en nie enige van Sy lewenswyses oorweeg nie.
28 Die gebed van die armes kom na Hom toe en Hy hoor die geroep van die vernederdes.
29 Wanneer Hy vergewe, wie kan dan veroordeel? Wanneer Hy Sy gesig wegdraai, wie kan die mense, of die mensdom in geheel, vergewe?
30 Hy sien toe dat die sondebevlekte en bose man nie oor die mense sal regeer nie,
31 want God het gesê: ‘Ek het vergewe, Ek sal nie mense sonder sonde vernietig nie.’ [Rom 6:23]
32 Lig my in, leer my as jy onreg gedoen het.
33 Ek sal jou nie meer antwoord nie, want jy het gesondig, want jy is ondersoek en nie ek nie. Spreek uit wat jy weet!
34 Laat manne van insig vir my sê en laat ’n wyse man vir my luister.
35 Iyov het sonder kennis gepraat en sy woorde is sonder insig.
36 Waarlik, Iyov is getoets tot die einde toe en steeds is hy nie onder die bose getel nie
37 en as Iyov sou byvoeg by sy sondes, dan sou sy oortreding ons almal beïnvloed en hy sal steeds sy klagte voor God bring.”

## 35

1 Elihu het weer gepraat en gesê:
2 “Dink u dat u reg was om te sê: ‘Ek is skuldloos verklaar deur God?’
3 As u dit gesê het, watter voordeel het dit vir u en wat sal ek baat as ek u veroordeel?
4 Ek sal u antwoord met woorde, vir u en u vriende by u.
5 Kyk op na die hemel en sien die wolke wat hoër is as u.
6 As u sondig, watter verskil maak dit vir Hom en as u oortredinge vermeerder, wat maak dit saak vir Hom?
7 As u regverdig is, wat gee u aan Hom, of wat ontvang Hy uit u hand?
8 U boosheid raak net uself en u onpartydige opregtheid net uself.
9 As gevolg van die menigte van onderdrukkinge skreeu mense en baie roep uit oor onregverdigheid
10 en niemand sê: ‘Waar is God, my Maker, wat raadgee in die nag,
11 wat ons meer leer as die diere van die veld en ons wyser maak as die voëls van die hemel?’ nie.
12 Hulle roep, maar Hy antwoord hulle nie,
13 want God hoor en luister nie na die leë trots van boosdoeners en prys dit ook nie.
14 Alhoewel u gesê het: ‘Ek sal Hom nie loof nie,’ pleit tog en vra voor Hom,
15 want nou straf Hy nie in Sy woede nie en doen geen skade aan enige lewe nie;
16 daarom het Iyov verniet gepraat; hy vermenigvuldig woorde sonder kennis.”

## 36

1 Toe het Elihu bygevoeg en gesê:
2 “Wees ’n bietjie geduldig met my en ek sal u wys, want daar is steeds woorde te sê namens God.
3 Ek sal my opinie van ver af gaan haal en aan my Skepper onpartydige opregtheid toeskryf,
4 want waarlik, my woorde is nie leuens nie en my Godskennis is volledig by u.
5 Let op, God is magtig en verag hom, wat rein soos melk is, nie.

6 Hy bewaar nie die lewe van die bose nie, maar gee regverdige oordeel aan die armes.
7 Hy trek nie Sy oë terug van die regverdige nie; Hy plaas konings op die troon; ja, Hy verhoog hulle vir ewig [Spr 21:1; Dan 4:17]
8 en as hulle gebind is in kettings, dan gaan hulle deur vernietiging tot ellende,
9 dan wys Hy aan hulle hul dade en hul oortredinge, want hulle het hul mag oorskry.
10 Hy maak ook hulle ore oop vir dissipline en beveel dat hulle moet terugkeer van boosheid.
11 As hulle gehoorsaam en Hom dien, sal hulle hul dae in voorspoed en hul jare in aangenaamheid deurbring,
12 maar as hulle nie luister en doen nie, sal hulle doodgaan deur verwoesting en hulle sal sterf sonder kennis
13 en die valse toneelspelers van verstand, wil en emosie sal verteer word, hulle sal nie uitroep om hulp nie; tog sal hulle woedend skree as Hy hulle bind.
14 Hulle sal sterf in hulle jeug en hulle lewe word weggeruk deur hongersnood,
15 maar die sagmoedige sal weggeruk word deur Sy sagmoedigheid en Hy maak hulle pad oop in die tyd van onderdrukking.
16 Net so sal Hy jou red van die mond van die spotter en vir jou rus in plaas van spanning gee en ’n tafel met ryk kos voorberei,
17 maar Hy sal die bose volledig oordeel; oordeel en regverdigheid sal hulle beetkry.
18 Hy sal jou nie met ’n voortdurende woede bedreig nie en jou ook nie ’n groot loskoopprys laat nodig kry nie.
19 Hy sal na jou toe kom sodat Hy jou kan bevry; jy sal nie ontstel word deur enige van hulle wat magtige krag het nie.
20 Hy sal jou verlos van hulle wat jou in die nag wegdryf en mense in jou plek gee en nasies vir jou lewe. [Yes 43:4]
21 Wees versigtig sodat jy nie terugdraai na boosheid nie, want daarvoor is jy getoets deur ellende. [1 Kefa 1:14]
22 Let op, God is magtig in Sy krag; wie kan lering gee soos Hy?
23 Wie het vir Hom Sy lewenswyses uitgestip? Wie kan sê: ‘U het boosheid gebring’?
24 Onthou dat Sy dade groot is en alle mense Hom besing het.
25 Al die mense het dit gesien en dit van ver af aanskou.
26 Let op, God is groot en ons ken Hom nie; die getal van Sy jare is onnaspeurlik.
27 As ons die pilare van die hemel sou tel en die druppels reën, wat die lug in ’n seisoen laat drup, by hulleself sou vasbind,
28 wat die wolke laat neerstroom op die mens en hulle uitermate bly laat wees;
29 wie kan dan hierdie dinge verstaan, of die uitspreiding van die wolke vanuit Sy groot tent?
30 Let op, Hy sprei sy lig daaroor uit en bedek die bodem van die see,
31 want hierdeur oordeel Hy die volke en Hy gee kos aan baie.
32 Hy bedek die lig met die wolke en dan skyn dit weer oor hulle sodat hulle dit kan groet.
33 Hy wys Sy besittings aan Sy vriende, sowel as aan die bose.

37 1 Hieroor bewe die mens se binneste en word dit uit sy plek beweeg.
2 Luister aandagtig na die gedruis van Sy stem en die oordeel wat uit Sy mond uitgaan.
3 Onder die ganse hemel sal die mense Hom loof en Sy lig skyn op die eindes van die aarde.
4 In Sy eie plek donder Hy met die stem van Sy grootheid en Hy hou nie terug as Sy stem gehoor word nie.
5 God donder met Sy stem; Hy doen groot en wonderlike dinge wat ons nie kan verstaan nie, [Ps 29]
6 want Hy sê vir die sneeu: ‘Val op die aarde!’ Net so vir die ligte reën en vir die swaar reëns.
7 Hy beperk die krag van elke man sodat alle mense Sy dade mag ken; [2 Kor 12:9,10]
8 dan gaan al die wilde diere in hulle skuilplekke en bly in hulle lêplekke.
9 Vanuit die binneste kamers kom die warrelwind en koue uit die Noordewind.
10 Deur die asem van God word ys gegee en Hy laat oorvloedige waters neerstort.
11 Die wolke word grootliks uitgestrek, Hy versprei die wolke deur Sy lug
12 en hulle draai om deur Sy raad sodat hulle sal doen wat ook al Hy hulle beveel oor die oppervlak van Sy bewoonde aarde.
13 Hy laat dit reën, of dit nou is vir die prinse, of vir die land, of vir goedheid aan hulle wat daarop te vinde is.
14 Luister hierna, o Iyov! Luister en oorweeg die wonderwerke van God.
15 Weet u wat God met hulle beplan en wat die lig van Sy wolke laat skyn?
16 Ken u die balans van die wolke, die wonderwerke van Hom wat volmaak is in gedagte?
17 Weet u waarom word u klere warm wanneer die aarde sy posisie verander na die nag-en-dag-ewening?
18 Was u by Hom toe Hy die groot hemel uitgesprei het, het u Hom gehelp om dit vas te hou?
19 Leer ons wat ons vir Hom moet sê sodat ons nie sal wegkruip weens die duisternis nie.
20 Vertel vir Hom wat Hy gesê het en as ’n mens sou praat, sou hy sekerlik verteer word.
21 Nou kan ’n mens nie die lig sien wat skyn in die hemel nie, maar die wind gaan verby en maak dit skoon.
22 Goue ligstrale kom uit die noorde en lig skyn vanaf God.
23 Wat die Almagtige betref, Hy is voortreflik in krag en in regverdige oordeel; die Prins van die regverdiges sal nie Sy mense teister nie;
24 daarom sal mense Hom vrees en almal wat wys is van verstand, wil en emosie sal voor Hom bewe.”

38 1 Toe het יהוה Iyov uit ’n warrelwind geantwoord en gesê:
2 “Wie is hierdie wat raad gee deur woorde sonder kennis?
3 Gord vas jou heupe soos ’n dapper man, want Ek sal jou ondervra en jy sal My antwoord.
4 Waar was jy toe Ek die aarde se fondasies gelê het? Verklaar of jy insig het.

5 Wie het sy afmetinge neergelê, as jy weet, of wie het die maatlyn daaroor gespan?
6 Waarop rus sy kante, of wie het sy hoeksteen gelê?
7 Wanneer het Ek die oggend-sterre geskep en het al die seuns van God van vreugde gejubel?
8 Wie het die see afgesluit met hekke toe dit uitgebreek het asof dit uit die baarmoeder uitkom?
9 Toe Ek die wolk as kleding vir die aarde gemaak het en dik donkerte as 'n toedraaidoek daarvoor
10 en grense daarvoor gestel het en grendels en deure gemaak
11 en gesê het: 'Sover mag jy kom, maar niks verder nie en hier sal jou trotse golwe bly,' was jy daar?
12 Het jy, sedert jou dae begin het, die sonsopkoms ontbied, of ken jy die plek van die oggend
13 dat dit die eindes van die aarde kan aangryp en die bose uit dit uitgegooi mag word
14 sodat hulle liggame in klei verander sal word en op 'n hoop gegooi word?
15 Die lig van sondaars sal teruggehou word en die arm van die arrogante sal gebreek word.
16 Het jy afgegaan na die diepte van die see, of het jy geloop in die fondasies van die onderaardse waters?
17 Is die poorte van die dood aan jou openbaar, of het jy die poorte van die skaduwee van die dood gesien?
18 Het jy die hele breedte van die aarde gesien? Verklaar aan My, as jy dit alles weet:
19 waar is die blyplek van die lig en waar is die duisternis?
20 Ken jy sy grense en die pad na sy huis?
21 Kan jy jou geboorte onthou en weet jy of jy baie dae sal leef? [Iyov 34:23]
22 Het jy die kamers van die sneeu binnegegaan? Het jy die stoorkamers met hael gesien,
23 wat gespaar word vir die tyd van benoudheid, vir die dag van stryd en oorlog?
24 Op watter manier word lig versprei en vanwaar kom die wind oor die aarde?
25 Wie veroorsaak 'n weerligstraal en die slag van die donder?
26 Wie laat dit reën op 'n land waar geen mens is nie, in die wildernis waar niemand woon nie;
27 om elke bos te deurdrenk en die sagte grasspruit te laat opspring?
28 Het die reën 'n vader, of wie het die doudruppels voortgebring?
29 Uit wie se baarmoeder het die ys en dou gekom en wie gee geboorte aan die ryp van die hemel?
30 Die waters word hard soos 'n klip en die oppervlakte van die ondergrondse water is gevries.
31 Kan jy die beweging van die Sewe-ster stop, of ken jy die pad van die Orion?
32 Kan jy die sterretekens uitbring op hulle tyd, of in die pad van die Beer staan?
33 Ken jy die wette van die hemele, of maak jy voorskrifte vir die aarde?
34 Kan jy jou stem na die wolke oplig, of hulle bedek met 'n oorvloed van water?
35 Kan jy die weerligstrale uitstuur sodat hulle kan gaan en vir jou sê: 'Hier is ons'?

36 Wie het wysheid in die binneste geplaas, of wie het visie gegee aan insig?
37 Wie het die wolke in sy wysheid getel en wie het die pilare van die hemel opgetel?
38 Wie het grond uitgegooi op die aarde en wie het die styl rotse gemaak?
39 Wie het prooi vir die leeu gegee, of die honger van die jong leeus stilgemaak?
40 Wie het die wildediere van die veld vermenigvuldig, of wie het kos vir die kraai voorsien,
41 want sy kleintjies roep uit tot God en word flou sonder kos?

39 1 Ken jy die tyd wanneer die Ibex lam teen die steil rotse, of kan jy sien wanneer takbokooie lam?
2 Kan jy die maande tel wat hulle voltooi en die tyd weet wanneer hulle lam
3 en wanneer hulle neerbuig en hul kleintjies voortbring?
4 Hulle maak die kleintjies groot totdat hulle groot is en gespeen word.
5 Wie het die wilde-donkie gelos om vry te wees en hom die juk laat ontsnap?
6 Want hy het die vlakte sy huis gemaak en die soutland sy blyplek.
7 Hy spot met die menigte stede en is nie bang vir die stem van heersers nie.
8 Die toppe van die berge is sy weiveld en hy loop oor alles wat groen is.
9 Sal die wilde bul (Aurogs) gewillig wees om jou te dien, of sal hy oornag by jou krip?
10 Kan jy die juk op die wilde bul se nek vasmaak, of sal hy in ’n wilde plek eg?
11 Sal jy op hom vertrou omdat sy krag groot is, of sal jy jou werk aan hom oorlaat?
12 Vertrou jy hom dat hy dit wat van jou gedors is, sal uitwan en jou graan in die skuur sal bymekaarmaak?
13 Die volstruis lig haarself trots op en kom dan en maak haar nes,
14 maar sy los haar eiers in die aarde om op die grond warm gemaak te word
15 en omdat sy die voete van ’n voël het, vergeet sy dat die wilde diere van die veld dit kan vertrap.
16 Sy vermenigvuldig haar kleintjies alhoewel hulle nie by haar bly nie; alhoewel haar moeite tevergeefs is, het sy geen vrees nie,
17 want God het wysheid vermeerder, maar nie vir haar ’n deel gegee nie.
18 Sy lig haarself hoog op soos ’n palmboom, sy lag vir die perd en sy ruiter.
19 Het jy vir die perd krag gegee? Het jy sy nek geklee met maanhare?
20 Kan jy hom laat beweeg soos die sprinkaan, of kan jy hom bang maak.
21 Hy kap in die vlakte en is bly in die vallei; hy gaan gepantser uit vir die stryd.
22 Hy lag vir ’n put en word nie bang gemaak nie; hy draai ook nie weg van die swaard nie.
23 Die pylkoker rammel teen hom, die glinsterende spies en lans.
24 Hy gallop met woede wat die grond laat bewe en vrees nie die klank van die ramshoring nie.
25 Hy maak die klank: ‘Aha!’ en ruik die geveg van ver af; hy maak die offisiere bang met sy gerunnik.
26 Is dit deur jou wysheid wat die valk geskep is en sy vlerke uitsprei na die suide toe?
27 Gaan die arend hoog op op jou bevel en maak hy sy nes in steil rotse?
28 Hy leef en bly op die rots, op die krans van die afgrond.

29 Hy word onderhou deur sy prooi, sy oë sien van ver af.
30 Sy kleintjies suig bloed op en waar die dooies is, daar is hy."

40 1 יהוה het Iyov verder geantwoord en gesê:
2 "Die raadgewings van God is baie. Hy wat God teregwys, moet daarvoor antwoord!"
3 Toe het Iyov יהוה geantwoord en gesê:
4 "Let op, ek is onwaardig. Wat sal ek U antwoord? Ek sal my hand op my mond lê.
5 Een maal het ek gepraat, maar ek sal nie antwoord nie; ja, twee maal, maar ek sal nie verder gaan nie."
6 Toe het יהוה vir Iyov vanuit die warrelwind geantwoord en gesê:
7 "Gord nou jou heupe vas soos 'n man; Ek sal jou ondervra en jy sal aan My verklaar:
8 wil jy My oordeel tot niet maak, My selfs veroordeel sodat jy geregverdig mag wees?
9 Het jy 'n arm soos God, of kan jy donder met 'n stem soos Hy? [Ps 29]
10 Versier jou nou met majesteit en hoogheid en beklee jou met lof, eer en skoonheid!
11 Gooi die toorn van jou woede uit en kyk na elkeen wat trots is en verneder hom
12 en gooi die sondaars af in hul plek.
13 Begrawe hulle almal saam in die grond; bedek hulle gesigte met fyn stof,
14 dan sal Ek jou ook krediet gee wanneer jou eie regterhand jou gered het.
15 Let op die behemoth wat Ek vir jou gemaak het; hy eet gras soos 'n bees.
16 Let op, sy krag is in sy kruis en sy stert staan regop soos 'n sederboom.
17 Die senings van sy dye bult uit.
18 Sy gebeente is sterk soos stukke koper, ja, hulle is soos ysterstawe.
19 Hy is die hoof van God se skeppinge, want Hy het hom kragtig gemaak om te veg.
20 Hy gaan rond in die berge en al die wilde diere van die veld lê onder sy beskerming.
21 Hy lê en wag in die skuilplek van riete, hy hurk soos 'n leeu.
22 Die skadubome bedek hom met hulle skaduwee; die wilgers van die spruit omring hom.
23 Let op, as hy in die rivier spring, is hy nie bang nie, hy is selfversekerd, al kom die Yarden tot by sy mond.
24 Kan iemand hom met 'n haak vat of vang met 'n net? Kan een hom lei in 'n strik of sy tong vasbind met 'n tou?

41 1 Kan jy die livyatan met 'n hoek vang, of hom, met 'n tou in sy mond, uittrek?
2 Kan jy 'n toom in sy mond sit, of sy kakebeen met 'n doring deurboor?
3 Sal hy jou baie smeek of vleiende woorde met jou praat?
4 Sal hy 'n verbond met jou sluit, of sal jy hom vir altyd as slaaf beskou?
5 Sal jy met hom speel soos met 'n voël of hom hou as 'n troeteldier vir jou meisiekinders?
6 Sal vissermanne oor hom bymekaarkom, hom verdeel onder baie mense?
7 Kan jy sy vel stop met vleis, of sy kop braai oor vuur?
8 Probeer om hom te vang; wat 'n geveg sal jy hê! Jy sal dit nooit vergeet nie.

9 Let op Iyov, jy word nou vrygestel van jou smart; so sal jou God ook jou bitterheid verwyder.
10 Jy kan nie ver kom as die livyatan opgewek word nie, maar wie kan dan voor My staan? Ps 74:14
11 Wie het voorrang bo My sodat Ek moet oorgee?
12 Wat ook al onder die hele hemel is, is Myne.
13 Ek sal nie stilbly weens sy krag en die sterkte van sy senings nie.
14 Wie het sy vel verwyder? Wie kan naby hom kom as die net laat sak word?
15 Wie kan die deur van sy mond oopmaak? Sy tande is verskriklik, reg rondom.
16 Sy mond is vasgebind en stewig toe, soos met ’n seël.
17 Sy tande is so naby aan mekaar dat geen lug tussen hulle kan kom nie.
18 Hulle is vas, een aan die ander, hulle sit aan mekaar vas sodat hulle nie geskei kan word nie.
19 Sy voorkoms is vol lig en sy oë is soos die strale van die sonsopkoms.
20 Uit sy mond kom brandende lampe en vonke van vuur spat uit.
21 Uit sy neusgate kom rook, soos die vlam wat versprei rondom ’n pot.
22 Sy asem steek kole aan en ’n vlam kom uit sy mond.
23 Hy het groot krag in sy nek en vir hom is vrees soos om te dans.
24 Sy vleis is goed, vet en goed versorgd.
25 Sy binneste is nooit uit vrees laat bewe nie, maar is hard soos ’n klip, ja, soos vuursteen.
26 As gevolg van vrees vir hom is die magtiges bang
27 en die sterkes word verneder.
28 Die wond van ’n swaard het geen effek nie; hy verwyder die lanse van die magtiges.
29 Hy beskou yster as strooi en koper soos verrotte hout.
30 Die boog kan hom nie laat vlug nie; hy behandel slingerstene soos stoppels.
31 Hy lag vir die spies; hy is so tuis in die dieptes soos op die droë grond.
32 Met sy sterk liggaam loop hy op die grond.
33 Hy vernietig, wat ook al trots is.
34 Hy is koning oor alles in die dieptes.”

42 1 Toe het Iyov יהוה geantwoord en gesê:
2 “Ek weet dat U al hierdie dinge kan doen en dat geen plan vir U weggesteek is nie.
3 Wie is ek om te dink ek kan raad gee sonder kennis? U het daarom aan my verklaar dat ek gesê het wat ek nie verstaan nie; dinge te wonderlik vir my, wat ek nie ken nie.
4 Hoor my, bid ek van U en ek sal praat; ek sal U vra en verklaar U aan my:
5 volgens hoorsê het ek van U gehoor, maar nou sien my oog U;
6 daarom sal ek stilbly en erken en terugdraai in stof en as.”
7 Nadat יהוה hierdie woorde met Iyov gepraat het, het dit gebeur dat יהוה vir Élifaz, die Temaniet gesê het: “My toorn het ontvlam teen jou en jou twee vriende, want julle het nie reg van My gepraat in My Teenwoordigheid soos My dienskneg Iyov gedoen het nie;

8 daarom, vat nou vir julle sewe bulle en sewe ramme en gaan na My dienskneg Iyov toe en bring vir julleself ’n brandoffer. My dienskneg Iyov sal vir julle bid, want hom sal Ek aanvaar sodat Ek nie veragtelik met julle handel nie, want julle het nie in My Teenwoordigheid dit wat reg is gepraat soos My dienskneg Iyov gedoen het nie.”
9 Toe het Élifaz, die Temaniet en Bildad, die Shuagiet en Tzofar, die Na’amahiet, gegaan en gedoen volgens wat יהוה vir hulle gesê het en יהוה het Iyov in guns aanvaar.
10 יהוה het aan Iyov alles herstel wat hy verloor het, toe hy vir sy vriende gebid het; ook het יהוה dubbel soveel aan Iyov gegee as wat hy voorheen besit het.
11 Toe het al sy broers en al sy susters en almal wat hom vroeër geken het, na hom toe gekom en saam met hom brood geëet in sy huis, want hulle was ontsteld oor hom en hulle het hom getroos oor al die moeilikheid wat יהוה oor hom gebring het en elke man het vir hom ’n ooi gegee en elkeen ’n goue oorring.
12 יהוה het die einde van Iyov meer geseën as sy begin, want hy het veertien duisend skape, ses duisend kamele, ’n duisend jukpaar beeste en ’n duisend donkie-merries gehad.
13 Hy het ook sewe seuns en drie dogters gehad.
14 Hy het die eerste genoem Y’mimah en die tweede K’tzi’ah en die derde Keren-Hapukh.
15 In die hele land is geen vroue gevind so mooi soos die dogters van Iyov nie; hulle vader het vir hulle ’n erfdeel gegee tussen hulle broers.
16 Na dit het Iyov een honderd en veertig jaar lank gelewe en hy het sy seuns en hulle seuns, selfs tot die vierde geslag toe, gesien.
17 Iyov het gesterf, oud, tevrede en vol van dae.

Die dertigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die vierde boek van die Geskrifte

Een van die vyf ‘meghilloth,’ of boekrolle, wat tydens die feeste gelees word.

# Shir-Hashirim
(Hooglied)

שיר השרים - Shir-Hashirim - Lied van Liedere

Die boek is deur Shlomo, seun van Dawid, as gedig geskryf.

1 1 Die lied van liedere; van Shlomo, die seun van Dawid, koning van Yisra'el.
2 Laat hy my soen met die soene van sy mond, want jou liefde is beter as wyn.
3 As gevolg van die aangename geur van jou salf, is jou naam soos salf van mirre; daarom het die maagde jou lief.
4 Trek my agter jou aan, laat ons hardloop! Die koning het my in sy binnekamers ingebring; ons sal in die rondte swaai en ons verheug in jou, ons sal jou liefde onthou meer as wyn en jou teerheid meer as die opregte.
5 Ek het 'n donker vel, maar ek is aantreklik, o dogters van Yerushalayim, soos die tente van Kedar, soos die gordyne van Shlomo.
6 Moenie na my kyk omdat ek 'n donker vel het omdat die son my bruin gebrand het nie. Die seuns van my moeder het met my getwis; hulle het my aangestel as die oppasser van die wingerde, maar my eie wingerd het ek nie opgepas nie.
7 Vertel my, o jy wat my lewe lief het, waar moet ek wei, waar laat jy jou trop op die middag rus? Dat ek nie word soos 'n skaap wat wegdwaal van jou kuddes af nie.
8 As jy nie weet nie, o jy, mooiste onder die vroue, kom, volg die voetspore van die trop en laat jou klein bokkies wei langs die tente van die herders.
9 Ek het jou vergelyk met 'n merrie voor Farao se krygswa, o my vriendin!
10 Jou wange is mooi met gevlegte hare en jou nek met halssnoere.
11 Ons sal vir jou goue kettinkies maak met silwer knoppe.
12 Terwyl jy saam met die koning op sy kussing sit, het die nardus sy geur laat uitgaan.
13 Die een wat ek lief het, is soos 'n bossie mirre vir my; hy sal heelnag tussen my borste lê.
14 Die een wat ek lief het, is vir my soos 'n tros henna-blomme in die wingerde van `Ein-Gedi.
15 Let op, jy is mooi, my vriendin! Let op, jy is mooi, jy het oë soos 'n duif!
16 Let op, jy is mooi, my vriendin, ja, aangenaam; ook ons bed is ruim.
17 Die balke van ons huis is van seder en ons panele van sipres.

2 1 Ek is soos die roos van Sharon en die lelie van die vallei.
2 Soos die lelies tussen die dorings, so is my vriendin onder die dogters.
3 Soos 'n appelboom tussen die bome van die bos, so is my vriend tussen die jongmanne. Ek sit onder sy skaduwee met groot vreugde en sy vrugte is soet vir my smaak.
4 Hy het my na die wynhuis gebring en sy banier oor my is die liefde.
5 Hou my in stand met lekkernye, omring my met appels, want ek is siek met liefde.
6 Sy linkerhand is onder my kop en sy regterhand omhels my.
7 Ek smeek julle, dogters van Yerushalayim, by die gemsbokke of by die jong bokke van die veld, om nie die liefde wakker te maak of op te wek voordat die liefde wil nie.
8 Die stem van my vriend, let op, hy kom springend oor die berge, huppelend op die heuwels.
9 My vriend lyk soos 'n gasel of soos 'n jong bok. Let op, hy staan agter ons muur, hy kyk deur die vensters, buigend oor die venstertralies.

10 My vriend het gepraat en vir my gesê: "Staan op, my vriendin, my mooi een en kom weg,
11 want let op, die winter is verby, die reën is oor en verby.
12 Die bloeisels verskyn op die land, die snoeityd het aangebreek en die lied van die tortelduif word gehoor in ons land.
13 Die vyeboom gee sy groen vye en die wingerdstokke gee geur met sagte lote. Staan op, my vriendin, my mooi een en kom weg.
14 O, my duif, wat nes maak in die rotsklowe, in die geheime plekke van die heining, laat my jou gesig sien, laat my jou stem hoor, want jou stem is soet en jou gesig is mooi.
15 Laat ons die jakkalse vang, die klein jakkalsies wat die wingerde verniel, want ons wingerde het sagte lote.
16 My vriend is myne en ek is syne; hy wei tussen die lelies.
17 Totdat die dag afkoel en die skaduwees vlug, vertoef my vriend en is hy soos die gasel of soos die jong bok op die welriekende berge.

3 1 Op my bed snags het ek gesoek na die een wat my lewe lief het; ek het hom gesoek, maar hom nie gevind nie.
2 Ek sal nou opstaan en in die stad rondgaan, in die strate en op die pleine sal ek hom soek wat my lewe lief het; ek het hom gesoek, maar ek het hom nie gevind nie.
3 Die wagte wat in die stad rondgaan, het my gekry; ek het vir hulle gevra: "Het julle hom wat my lewe lief het, gesien?"
4 Skaars het ek by hulle verbygegaan, of ek het hom wat my lewe lief het, gevind; ek het hom vasgehou en wou hom nie los voordat ek hom gebring het in die huis van my moeder en in die binnekamer van haar wat geboorte aan my gegee het nie.
5 Ek smeek julle, dogters van Yerushalayim, by die gaselle of by die jong bokke van die veld om nie die liefde wakker te maak of op te wek voordat die liefde wil nie.
6 Wie is dit wat opkom uit die wildernis soos rookpilare, gegeurd met mirre en wierook, saamgestel uit allerhande gepoeierde soet speserye?
7 Let op, die draagstoel van Shlomo is omring deur sestig magtige manne van die helde van Yisra'el,
8 hulle almal met swaarde, deskundiges in oorlog; elkeen met sy swaard aan sy heup as gevolg van vrees in die nag.
9 Koning Shlomo het vir homself 'n paleis gemaak van die hout van L'vanon;
10 sy pilare het hy van silwer gemaak, die vloer van goud, sy bedekking van purper, die binnekant daarvan uitgeteel met 'n liefdesgeskenk van die dogters van Yerushalayim.
11 Gaan uit, dogters van Tziyon en let op na koning Shlomo met die kroon waarmee sy moeder hom bekroon het op sy troue en op die dag van die blydskap van sy verstand, wil en emosie.

4 1 Let op, jy is mooi, my vriendin, let op, jy is mooi; jou oë agter die sluier is soos duifoë; jou hare is soos 'n kudde bokke wat opkom vanaf die gebergte van Gil'ad.
2 Jou tande is soos 'n kudde geskeerde skape wat van die wassery af opkom, wat elkeen 'n tweeling dra en geen een van hulle is sonder lam nie.

3 Jou lippe is soos ’n skarlakendraad en jou spraak is mooi, soos die eerste blomme van die granaat.
4 Jou nek onder jou sluier is soos die toring van Dawid, gebou vir ’n wapenopslagplek, waaraan ’n duisend skilde hang, almal kokers van dapper manne.
5 Jou twee borste is soos twee jong bokke, tweelinge van ’n gasel, wat tussen die lelies wei.
6 Terwyl die dag koel is en die aandskaduwees afneem, sal ek gaan na die berg van mirre en die heuwels van wierook.
7 Jy is oral-oor mooi, my vriendin, daar is selfs geen merk aan jou nie. [Efe 5:27]
8 Kom saam met my vanaf die L’vanon, my suster, my bruid, kom saam met my vanaf die L’vanon! Jy sal oor die top van Amanah gaan, vanaf die top van S’nir en van Hermon, vanaf die lêplekke van die leeus, vanaf die berge van die luiperds.
9 Jy het my aangemoedig, my suster, my bruid, jy het my binneste gesteel met ’n kyk van een van jou oë, met een halssnoer om jou nek.
10 Hoe mooi is jou borste, my suster, my bruid, hoeveel beter is jou borste as wyn en die geur van jou salwe as alle speserye!
11 Jou lippe drup soos die heuningkoek; heuning en melk is onder jou tong en die geur van jou klere is soos die parfuum van L’vanon.
12 My suster, my bruid, is ’n omringde tuin, ja, ’n beskermde tuin, ’n geseëlde fontein.
13 U spruite is ’n boord van granate met aangename vrugte; henna-blom met nardus,
14 nardus en saffraan, soetriet en kaneel, met allerhande bome van wierook, mirre en aalwyn, met al die hoof speserye.
15 Hulle is ’n fontein van tuine, ’n put van lewende waters en ’n stroom vanaf die L’vanon.
16 Word wakker, Noordewind en kom, Suidewind; waai oor my tuin sodat die parfuum kan uitsprei! Laat my vriend in sy tuin inkom en van sy aangename vrugte eet.

5 1 Ek het in my tuin gekom, my suster, my bruid, ek het my mirre saam met my speserye bymekaargemaak, ek het my heuningkoek geëet saam met my heuning, ek het my wyn saam met my melk gedrink. Eet, my vriende; drink, ja drink oorvloediglik, o my vriende.
2 Ek het geslaap, maar my verstand, wil en emosie was wakker. Dit is die stem van my vriend wat klop en sê: “Maak vir my oop, my suster, my vriendin, my skadelose duif, my volmaakte, want my kop is met dou gevul en my hare met die druppels van die nag.
3 Ek het my bo-kleed uitgetrek, hoe kan ek dit weer aantrek? Ek het my voete gewas, hoe kan ek dit weer vuilmaak?
4 My vriend steek sy hand deur die opening van die deur en ek het jammer gevoel vir hom.
5 Ek het opgestaan om vir my vriend oop te maak en my hande het mirre gedrup, ja en my vingers het mirre op die handvatsels van die slot gedrup.

6 Ek het vir my vriend oopgemaak, maar my vriend het homself teruggedraai en was weg; my lewe het gefaal toe hy praat; toe het ek hom gesoek, maar ek kon hom nie kry nie; ek het hom geroep, maar hy het my nie geantwoord nie.
7 Die wagte wat in die stad rondgaan het my gekry; hulle het my geslaan, my gewond; die wagte van die mure het my sluier van my af weggevat.
8 Ek smeek julle, dogters van Yerushalayim, as julle my vriend sou vind, vertel hom dat ek siek is na liefde.
9 Wat is jou vriend meer as ’n ander vriend, o mooiste van die vroue? Wat is jou vriend meer as ’n ander vriend, dat jy ons so smeek?
10 My vriend is wit en rooierig, die beste van tien duisend.
11 Sy kop is soos die fynste goud, sy hare vloeiend en swart soos ’n raaf,
12 sy oë is soos die oë van duiwe by strome van water, in melk gewas en paslik gevorm.
13 Sy wange is soos beddings van speserye, soos soet blomme; sy lippe soos lelies, druppend met mirre en nardus.
14 Sy hande is soos goue stawe, ingevul met kosbare stene; sy maag is soos ’n werk van ivoor, bedek met saffierstene.
15 Sy bene is soos marmerpilare wat rus op voetstukke van goud; sy bors is soos die L’vanon, uitmuntend soos die seders.
16 Sy mond is soos soet heuningkoeke, sy klere is lieflik. Dit is die een wat ek lief het en dit is my vriend, dogters van Yerushalayim.

6 1 Waarheen het jou vriend gegaan, o mooiste onder die vroue? Waar het jou vriend afgedraai sodat ons hom saam met jou kan soek?
2 My vriend het afgeloop na sy tuin, na die beddings van speserye om te eet in die tuine en om lelies bymekaar te maak.
3 Ek is my vriend s’n en my vriend is myne; hy eet tussen die lelies.
4 Jy is mooi en begeerlik, my vriendin, lieflik soos Yerushalayim en gereken as een onder die mooistes.
5 Draai jou oë weg van my af, want hulle het my oorweldig; jou hare is soos ’n kudde bokke wat opkom vanaf die berg Gil’ad.
6 Jou tande is soos ’n kudde geskeerde skape wat van die wassery af opkom, wat elkeen ’n tweeling dra en geen een van hulle is sonder lam nie.
7 Jou wange, agter jou sluier, is soos twee stukke granaat.
8 Daar is sestig koninginne en tagtig byvroue en maagde sonder getal.
9 My perfekte duif is maar een, sy is die enigste een vir haar moeder; sy is die gekose een vir haar wat geboorte aan haar gegee het. Die dogters het haar gesien en haar geprys, ja, die koninginne en die byvroue het haar ook geprys:
10 “Wie is sy wat lyk soos die sonsopkoms, mooi soos die maan, helder soos die son en gereken as ’n prinses?”
11 Ek het afgeloop na die tuin van okkerneutbome om die vrug van die vallei te sien, om te kyk of die wingerdstok uitloop en of die granate bot.
12 Onbekend met my lewe, het ek gesit op die publieke wa, wat gereed was.

13 Kom terug, kom terug, o Shulamiet, kom terug, kom terug sodat ons na jou kan kyk. Wat sien julle in die Shulamiet, wat vreugdevol uitkom soos die vreugde van ’n gasvrou?

7 1 Hoe mooi is jou voete in sandale, dogter van die prinses! Die vorm van jou heupe is soos gesnyde kosbare stene, die werk van ’n bekwame werker.
2 Jou naeltjie is soos ’n ronde kom waarin gemengde wyn nooit ontbreek nie. Jou lyf is soos ’n hoop koring, omring deur lelies.
3 Jou twee borste is soos twee jong boklammers, tweelinge van ’n gasel wat wei tussen die lelies.
4 Jou nek is soos ’n ivoortoring, jou oë is soos die poele in Heshbon, by die poort van ’n prinses; jou neus is soos die toring van L’vanon wat uitkyk oor Dammesek.
5 Jou kop is op jou soos Karmel en die vlegsels van jou hare is soos koninklike purper, gebind met rye borduurwerk!
6 Hoe lieflik en hoe begeerlik is jy, o jy wat ek lief het, genotvolle dogter!
7 Jou gestalte is soos ’n palmboom en jou borste is trosse druiwe.
8 Ek het gesê: “Ek sal die palmboom klim, sy takke gryp; jou borste sal wees soos trosse van die wingerdstok en die geur van jou gesig soos appels
9 en jou verhemelte is soos die beste wyn wat afgaan in die mond van my vriend en die lippe laat slaap.
10 Ek is my vriend s’n en sy begeerte is na my.
11 Kom, my vriend, laat ons uitgaan in die veld, laat ons bly in die dorpie.
12 Laat ons vroeg na die wingerde gaan, laat ons sien of die wingerdstok uitloop, of die sagte lote verskyn en die granate in blom is. Daar sal ek jou my borste gee.
13 Die alruin gee geur af en by ons deure is allerhande aangename vrugte, vars en oud; wat ek vir jou gehou het, my vriend.

8 1 Wie sal jou vir my gee as die broer wat aan die borste van my moeder gedrink het? As ek jou in die straat sou vind, sal ek jou soen; ja, ek sal nie verag word nie.
2 Ek sal jou lei, ek sal jou bring in die huis van my moeder; in die kamer van haar wat geboorte aan my gegee het. Ek sal jou laat drink van my lekker wyn en van die soet sap van my granate.
3 Sy linkerarm is onder my kop en sy regterhand omhels my.
4 Ek smeek julle, o dogters van Yerushalayim, dat julle liefde nie wakker maak of opwek voordat die liefde wil nie.
5 Wie is dit wat daar opkom vanuit die wildernis, wat leun op haar vriend? Ek het jou wakker gemaak onder die appelboom, daar het jou moeder geboorte gegee aan jou, daar was sy in geboortepyne.
6 Maak my soos ’n seël op jou verstand, wil en emosie, soos ’n seël op jou arm, want liefde is sterk soos die dood, begeerte is wreed soos Sh’ol, sy vonke is vonke van vuur en vlamme.
7 Baie waters kan die liefde nie uitblus en riviere kan dit nie wegvoer nie en tog, as ’n man al die besittings van sy huis gee vir die liefde, sal mense spot met hom.
8 Ons het ’n klein sustertjie wie se borste nog nie gevorm het nie; wat sal ons doen vir ons suster op die dag wanneer hulle haar hand sou vra?

9 As sy ’n muur is, sal ons ’n bo-kamer van silwer daarop bou en as sy ’n deur is, sal ons dit toemaak met planke van seder.
10 Ek is ’n muur en my borste soos torings; toe was ek in sy oë soos een wat guns gevind het.
11 Shlomo het ’n wingerd gehad en sy vrugte was oorvloedig; hy het die wingerd aan oppassers uitgehuur; ’n man het ’n duisend sikkels silwer vir sy vrugte aangebied.
12 My wingerd, wat myne is, is voor my; ’n duisend sikkels silwer is joune, Shlomo en twee honderd vir hulle wat die vrugte oppas.
13 Hulle wat in die tuine sit en luister na u stem, het jou woorde aan my rapporteer.
14 Maak gou, my vriend en wees soos die gasel of die jong bok op die berge van speserye.

Die een en dertigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die vyfde boek van die Geskrifte

Een van die vyf ‘meghilloth,’ of boekrolle, wat tydens die feeste gelees word.

# Rut

(Rut)

רות Rut - vriendskap

Die boek speel af in die tyd van die regerende regters oor Yisra’el en is geskryf deur ’n onbekende skrywer.

1 1 Dit het in die dae toe die regters regeer het, gebeur dat daar ’n hongersnood in die land was. ’n Sekere man uit Beit-Legem in Y’hudah het in die land van Mo’av gaan bly, hy en sy vrou en sy twee seuns.
2 Die naam van die man was Elimelekh, die naam van sy vrou Na’omi en die name van sy twee seuns was Maglon en Kilyon, Efrayimiete, uit Beit-Legem in Y’hudah en hulle het na die land van Mo’av gegaan om daar te bly.
3 Elimelekh, Na’omi se man, het gesterf en sy het haar twee seuns gehad.
4 Hulle het vir hulle vroue gevat uit die Mo’avitiese vroue; die naam van die een was `Orpah en die naam van die ander was Rut en hulle het omtrent tien jaar daar gebly.
5 Maglon en Kilyon het albei gesterf en die vrou is ontneem van haar twee seuns en haar man.
6 Toe het sy opgestaan om saam met haar skoondogters terug te gaan vanuit die land van Mo’av, want sy het in Mo’av gehoor dat יהוה Sy volk besoek het deur vir hulle kos te gee.
7 Sy het weggegaan uit die plek waar hulle gebly het, saam met haar twee skoondogters, om terug te gaan na die land van Y’hudah.
8 Na’omi het vir haar twee skoondogters gesê: “Draai om, gaan terug na julle eie land en die huise van julle familie; mag יהוה aan julle guns bewys soos julle aan my en aan my twee seuns, wat nou dood is, guns bewys het.
9 יהוה gee vir julle guns sodat julle rus mag vind in die huis van julle ouers.” Toe het sy hulle gesoen en hulle het hul stemme opgelig en gehuil
10 en vir haar gesê: “Nee, ons sal saam met u teruggaan na u land en u volk.”
11 Na’omi sê egter vir hulle: “Draai om, my dogters! Waarom sou julle saam met my gaan? Sal ek geboorte gee aan nog seuns dat hulle julle mans kan word?
12 Draai om, my dogters, gaan julle eie pad, want ek is te oud om ’n man te hê. As ek sou sê: ‘Ek het hoop’ en selfs as ek ’n man sou hê en ook geboorte gee aan seuns,
13 sou julle vir hulle wag totdat hulle groot geword het? Sou julle nie vir julle mans vat nie? Nee, my dogters, want ek is baie hartseer ter wille van julle en dit maak my hartseerder as vir julle, want die hand van יהוה het teen my uitgegaan.”
14 Hulle het weer hulle stemme opgelig en gehuil en `Orpah het haar skoonmoeder gesoen, omgedraai en weggegaan, maar Rut het aan haar vasgeklou.
15 Haar skoonmoeder sê vir haar: “Let op, jou skoonsuster het omgedraai na haar volk en na haar familie toe; gaan terug agter jou skoonsuster aan!”
16 Rut sê vir haar: “Dit is ver van my om weg te draai daarvan om u te volg en u te los, want waar u gaan, sal ek gaan en waar u bly, sal ek bly; u volk sal my volk wees en u God my God.
17 Waar u sterf, sal ek sterf en daar begrawe word! Mag יהוה so aan my doen en ook meer, as selfs die dood my van u kan skei.”
18 Toe Na’omi sien dat sy vasbeslote was om saam met haar te gaan, het sy opgehou om haar te pols om terug te gaan.
19 Hulle het saam gegaan totdat hulle by Beit-Legem in Y’hudah gekom het. Toe hulle in Beit-Legem kom, het dit gebeur dat die hele stad oor hulle verheugd was en hulle het gesê: “Is dit Na’omi?”

20 Sy het vir hulle gesê: “Noem my nie Na’omi nie, maar noem my Mara, want die Almagtige het bitterlik met my gewerk.

21 Vol het ek van hier af weggetrek en יהוה het my leeg teruggebring; hoekom my Na’omi noem, aangesien יהוה my verneder het en my deeglik geteister het?”

22 Na’omi het só teruggekeer en Rut, die Mo’aviet, haar skoondogter, wat heelhartig bereid was om saam met haar terug te gaan, saam met haar. Hulle het vanaf die land van Mo’av in Beit-Legem aangekom aan die begin van die gars oes.

2 1 Na’omi het ’n familielid van haar man gehad, ’n bekende ryk man, uit die familie van Elimelekh, wie se naam Bo’az was.

2 Rut, die Mo’aviet, het vir Na’omi, haar skoonmoeder gesê: “Laat my nou na die land toe gaan en are optel agter die snyers in wie se oë ek guns mag vind.” Haar skoonmoeder antwoord haar: “Gaan my dogter.” [Deut 24:19]

3 Rut het gegaan om are graan op te tel agter die snyers; dit het gebeur dat sy op ’n stuk land gekom het wat aan Bo’az behoort, wat familie was van Elimelekh.

4 Let op, Bo’az het uit Beit-Legem gekom en aan die snyers gesê: “Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir julle.” Hulle het hom geantwoord: “יהוה seën u!”

5 Toe sê Bo’az vir die jongman wat in beheer was van die snyers: “Wie se jong vrou is hierdie?”

6 Die jongman antwoord en sê vir hom: “Dit is die Mo’avitiese vrou wat saam met Na’omi teruggekom het vanaf die land van Mo’av

7 en sy het gesê: ‘Laat my die are graan agter die snyers optel.’ Sy het vanaf die oggend tot die tyd van rus toe opgetel.”

8 Toe sê Bo’az vir Rut: “My dogter, het jy nie die spreuk gehoor: ‘Moenie graan optel in ’n land wat nie joune is nie?’ Bly daarom hier en bly naby my diensmeisies.

9 Kyk na die land wat hulle afsny en volg hulle. Let op, ek het die jongmanne beveel dat niemand jou sal kwaad aandoen nie en wanneer jy dors word, gaan drink van die kanne wat die jongmanne geskep het.”

10 Toe val sy met haar gesig op die grond en betoon eerbied aan hom en sê: “Is dit omdat ek guns in u oë gevind het dat u my erken, aangesien ek ’n vreemdeling is?”

11 Bo’az sê vir haar: “Ek is ten volle ingelig oor alles wat jy vir jou skoonmoeder gedoen het ná die dood van jou man en nou het jy jou vader en jou moeder en jou familie verlaat en na ’n volk gekom wat jy nie vroeër geken het nie.

12 Mag יהוה, die God van Yisra’el jou beloon en mag die een onder wie se vlerk jy kom skuil het, jou terugbetaal.”

13 Toe het sy vir hom gesê: “Omdat ek guns in u oë gevind het, my meester en u my getroos het en met gevoel met u diensmaagd gepraat het, laat my soos een van u diensmaagde wees.”

14 By etenstyd het Bo’az vir haar gesê: “Kom nader en eet van die brood” en hy het haar langs die snyers gesit en vir haar garsmeel gegee en brood gedoop in asyn. Toe het hy vir haar gebraaide koring gegee en sy het geëet en was versadig en het nog oorgehou.

15 Toe sy opgestaan het om are op te tel, het Bo’az sy diensknegte beveel en gesê: “Laat haar selfs ook tussen die gerwe optel en moet haar nie kwaad aandoen nie”
16 en hulle het haar tussen die gerwe laat optel en haar nie kwaad aangedoen nie.
17 Sy het op die land opgetel tot die aand toe en uitgeslaan wat sy opgetel het; dit was omtrent ’n efa gars.
18 Sy het dit opgetel en ingegaan stad toe en vir haar skoonmoeder gewys wat sy opgetel het en vir haar van die kos gegee wat sy oorgehou het nadat sy versadig was.
19 Haar skoonmoeder vra vir haar: “Waar het jy vandag opgetel? Geseënd is die plek waar jy was en die man in wie se oë jy guns gevind het!” Sy het haar skoonmoeder vertel waar sy was en gesê: “Die naam van die man in wie se land ek vandag opgetel het, is Bo’az.”
20 Na’omi sê vir haar skoondogter: “Geseënd is יהוה, want Hy het nie Sy goedheid laat ophou van die lewende of van die dooies nie.” Na’omi sê ook vir haar: “Die man is naby familie van ons, hy is een van ons naaste familie.”
21 Rut sê vir haar skoonmoeder: “Hy het ook vir my gesê: ‘Jy moet naby my diensknegte bly totdat die oes klaar is’”.
22 Na’omi het vir Rut, haar skoondogter, gesê: “Gelukkig is jy, my dogter, dat jy naby sy diensmeisies gebly het en niemand jou kwaad aangedoen het op die land wie se eienaar jy nie geken het nie.”
23 Sy het naby die diensmeisies van Bo’az gebly om are op te tel tot die einde van die gars oes en die koring oes. Rut het by haar skoonmoeder gebly.

3 1 Toe sê Na’omi vir haar: “My dogter, sal ek nie vir jou rus soek sodat dit met jou goed kan gaan nie?
2 Let op, Bo’az, by wie se diensmeisies jy was, is ons familie. Let op, hy wan vannag gars uit op die dorsvloer.
3 Was jou daarom, salf jou, trek jou beste klere aan en gaan af na die dorsvloer toe; moet jouself nie aan hom wys totdat hy klaar geëet en gedrink het nie.
4 Laat dit wees wanneer hy gaan dat jy oplet waar hy gaan lê en nader gaan en naby sy voete gaan lê en hy sal vir jou vertel wat jy moet doen.”
5 Sy antwoord haar: “Alles wat u sê, sal ek doen.”
6 Sy het afgegaan na die dorsvloer en gedoen volgens alles wat haar skoonmoeder haar beveel het.
7 Nadat Bo’az geëet en gedrink het en sy binneste vrolik was, het hy gaan lê langs die dorsvloer. Terwyl hy in diep slaap was by die dorsvloer, het sy stilletjies gekom en die onderpunt van sy bo-kleed opgelig en naby sy voete gaan lê.
8 Dit het om middernag gebeur dat die man wakker geword het en geskrik het toe hy sien daar lê ’n vrou by sy voete.
9 Hy vra vir haar: “Wie is jy?” Sy antwoord: “Ek is Rut, u dienares; bedek dan u dienares met die onderkant van u bo-kleed, want u is naby familie.”
10 Bo’az sê vir haar: “Geseënd is jy deur יהוה, my dogter, want jy het meer goedheid gewys in die later deel van jou lewe as in die eerste omdat jy nie agter jongmanne, ryk of arm, aangegaan het nie.

11 Wees nou nie bang nie, my dogter, want alles wat jy van my vra, sal ek vir jou doen, want die hele familie van ons volk weet dat jy ’n deugsame vrou is.
12 Nou, dit is waar dat ek naby familie is, maar daar is egter ’n ander familielid, nader as ek.
13 Nou, bly vannag hier tot die sonsopkoms en in die oggend sal dit wees dat, as hy sy familieplig teenoor jou wil nakom, laat hy dit doen, maar as hy onwillig is om dit na te kom, dan, so waar as יהוה leef, as hy dit nie doen nie, dan sal ek dit doen!” Toe sê hy vir haar: “Bly lê tot die oggend toe.”
14 Sy het by sy voete gelê tot die oggend toe en het vroeg die oggend terwyl dit nog donker was, voordat een die ander kon herken, opgestaan en vir hom gesê: “Laat dit nie bekend wees dat ek afgekom het na u toe, by die dorsvloer nie.”
15 Bo’az sê vir haar: “Sprei jou mantel oop” en sy het dit oopgesprei. Hy het ses mate gars afgemeet en dit opgelig en op haar rug gesit en sy het die stad ingegaan.
16 Toe sy by haar skoonmoeder gekom het, vra sy vir haar: “Wie is jy, my dogter? Sy antwoord: “Ek is Rut.” Sy het aan haar alles vertel wat Bo’az vir haar gedoen het
17 en hoe hy ses mate gars vir haar gegee en gesê het: “Moenie met leë hande na jou skoonmoeder toe gaan nie.”
18 Toe sê haar skoonmoeder vir haar: “Sit stil, my dogter totdat jy die uitslag ken, want die man sal nie rus totdat hy vandag nog die saak tot ’n besluit gebring het nie.”

4 1 Toe het Bo’az opgegaan na die stadspoort en daar gaan sit. Let op, die naby familielid waarvan Bo’az gepraat het, het daar verbygekom en Bo’az sê vir hom: “Kom nader en sit hier!” Die man sê vir hom: “Wat is jou begeerte?” Hy het nader gekom en gaan sit.
2 Bo’az het tien man uit die oudstes van die stad gekies en hulle by hom laat sit
3 en hy sê vir die naby familie: “Na’omi verkoop aan my die stuk grond wat aan ons broer Elimelekh behoort het,
4 ek het gedink om jou te laat weet en vir jou te sê: “Koop dit in die teenwoordigheid van hulle wat hier sit, want ek is gereed om te praat en dit te koop in die teenwoordigheid van die oudstes van my volk wat hier sit. Nou, as jy dit wil oorneem, neem dit oor, maar as jy dit nie wil oorneem nie, sê my sodat ek kan weet dat jy dit nie gaan oorneem nie, dan sal ek dit oorneem.” Hy antwoord: “Ek sal dit oorneem.”
5 Toe sê Bo’az: “Die dag as jy die grond koop uit die hand van Na’omi en van Rut, die Mo’aviet, die vrou van hom wat dood is, moet jy dit koop met die voorneme om die naam van die dooie op te lig oor sy erfenis.”
6 Die naby familielid sê: “Ek kan dit nie vir myself oorneem nie, anders doen ek my eie erfenis skade; jy kan dit self oorneem. As gevolg van my gebrek aan oortuiging oor die transaksie, kan ek dit nie oorneem nie.”
7 Nou, hierdie was die tradisie in die vroeër tyd in Yisra’el, aangaande die oorneem en omruil van regte, om die saak te bevestig: die man trek sy sandaal uit en gee dit aan die ander; dit was die seremonie vir bekragtiging in Yisra’el; [Deut 25:7-9]
8 daarom het die naby familie vir Bo’az gesê: “Koop dit vir jouself” en hy het sy sandaal uitgetrek.

9 Bo’az het vir die oudstes en al die mense gesê: “Julle is getuies op hierdie dag dat ek alles wat aan Elimelekh en alles wat aan Kilyon en Maglon behoort het, uit die hand van Na’omi gekoop het.
10 Ek het verder ook vir Rut, die Mo’aviet, die vrou van Maglon, gevat om my vrou te wees, om die naam van die dooie oor sy erfenis op te rig sodat die naam van die dooie nie afgesny sal wees en sy herinnering nie vergeet word tussen sy broers en sy familie nie; julle is getuies op hierdie dag.”
11 Al die mense en die oudstes wat by die stadspoort was, het geantwoord: “Ons is getuies.” Hulle het hom geseën en vir hom gesê: “Mag יהוה hierdie vrou wat in jou teenwoordigheid kom, maak soos Ragel en soos Le’ah, want hulle het saam die huis van Yisra’el opgebou; mag jy waardiglik doen in Efrat en naam maak in Beit-Legem!
12 Laat jou huis wees soos die huis van Peretz, wat uit Tamar vir Y’hudah gebore is en mag יהוה vir jou ’n nageslag gee uit hierdie vrou!”
13 So het Bo’az vir Rut gevat en sy het sy vrou geword en toe hy by haar ingegaan het, het יהוה vir haar bevrugting gegee en sy het geboorte gegee aan ’n seun.
14 Die vroue het vir Na’omi gesê: “Geseënd is יהוה wat jou nie op hierdie dag sonder ’n naby familielid gelos het nie sodat sy naam in Yisra’el verkondig kan word.
15 Hy sal vir jou ’n vertrooster van jou lewe en ’n verfrisser vir jou stad wees, want jou skoondogter, wat jou lief het en vir jou beter is as sewe seuns, het geboorte aan hom gegee.”
16 Na’omi het die seun gevat en aan haar bors gehou en hom versorg.
17 Die vroue wat haar bure was het gesê: “’n Seun is vir Na’omi gebore.” Hulle het sy naam `Oved genoem; hy is die vader van Yishai, die vader van Dawid.
18 Nou, hierdie is die geslagte van Peretz: Peretz is die vader van Hetzron,
19 Hetzron is die vader van Aram, Aram van `Amminadav, [Mat 1:4]
20 `Amminadav van Nagshon en Nagshon van Salmon,
21 Salmon van Bo’az, Bo’az van `Oved,
22 `Oved van Yishai en Yishai van Dawid.

Die twee en dertigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die sesde boek van die Geskrifte

Een van die vyf ‘meghilloth,’ of boekrolle, wat tydens die feeste gelees word.

# Eikhah

(Klaagliedere)

אֵיכָה - “hoe?” of קִינוֹת - “Klaagliedere”
Eikhah of Qinot

Die boek handel oor die groot katastrofe wat Yisra’el, veral Yerushalayim, getref het ongeveer 587-586 voor Yeshua en is deur Yirmeyahu geskryf.

1 1 Hoe sit die stad alleen wat vol mense was! Hoe het sy geword soos ’n weduwee!
Sy wat so groot was onder die nasies en sy wat ’n prinses was, het ’n betaalpligtige
geword.
2 Bitterlik huil sy snags en haar trane hardloop oor haar wange! Uit al haar liefdes
het sy niemand om haar te troos nie, al haar vriende het bedrieglik teenoor haar
opgetree, hulle het haar vyande geword. Yeg 23:16
3 Y’hudah het in ballingskap gegaan, in ellende en slawerny; sy dwaal tussen die nasies,
vind geen rus nie; al haar vervolgers haal haar in te midde van verdrukkings.
4 Die paaie na Tziyon treur omdat niemand na die vasgestelde feeste kom nie; al haar
poorte is verlate, haar priesters sug, haar maagde word verneder en sy is bitter.
5 Haar onderdrukkers het haar heersers geword en haar teëstanders het ’n einde aan
haar gemaak, want יהוה het haar laat ly weens die menigte van haar sondes; haar
kinders het in ballingskap gegaan voor die teëstander
6 en al die glans en grootheid het gewyk van die dogter van Tziyon af; haar prinse
het geword soos bokke wat geen weiveld vind nie en is kragteloos weg voor die
vervolger.
7 In haar tyd van onderdrukking en straf onthou Yerushalayim al die aangename dinge
wat sy in die ou dae gehad het. Toe haar volk in die hande van die onderdrukker
geval het en sy niemand gehad het om haar te help nie, het die onderdrukker haar
gesien en gespot met haar verwoesting.
8 Yerushalayim het ernstig gesondig; daarom het sy verwerplik geword; almal wat
haar geëer het, het haar verag omdat hulle haar kaalheid gesien het; ja, sy sug en
draai om. Yeg 39:23,24
9 Haar onreinheid is in haar rokke, sy het nie aan haar einde gedink nie en daarom is
haar eer en lof laag, sy het geen vertrooster nie. O, יהוה, sien my ellende, want die
vyand het homself vergroot.
10 Die onderdrukker het sy hand uitgesteek na al haar kosbaarhede, want ek het gesien
dat die ander nasies U afgesonderde plek onteer, van wie U bevel gegee het dat
hulle nie in U vergadering mag kom nie. Deut 23:3,4; 2 Kon 25; Yir 52; Yeg 24:21
11 Al haar mense sug, hulle soek brood; hulle het al hul kosbaarhede vir kos gegee,
om hulle lewe te verlig. Kyk, יהוה en sien, ek word verag.
12 Is dit vir julle niks nie, julle almal wat verbygaan? Verstaan en kyk of daar ’n pyn
is soos my pyn, wat יהוה vir my uitgedeel het, want יהוה het my geteister op die
dag van Sy vreeslike woede.
13 Van bo af het Hy vuur gestuur in my gebeente en dit het my verneder; Hy het ’n net
vir my voete uitgesprei en my laat terugdraai, Hy het my aan die swaard oorgegee
en ek is die hele dag lank ellendig.
14 My sonde het vergelding op my afgebring, Sy juk is met Sy hande op my nek
vasgebind, my krag faal. יהוה het my oorgegee in die hande van hulle voor wie ek
nie kan staande bly nie.
15 יהוה het al my magtiges binne-in my onderwerp, Hy het ’n vergadering teen my
uitgeroep om my jongmanne te vernietig; יהוה het die maagd van Y’hudah soos in
’n parskuip getrap.

16 Oor hierdie dinge huil ek, my oog loop in trane, want die Vertrooster wat my lewe moet verkwik, is ver van my; my seuns is verlate omdat die vyand oorwin.
17 Tziyon steek haar hande uit en daar is niemand om haar te troos nie; יהוה het opdrag gegee teen Ya’akov en sy onderdrukkers is rondom hom; Yerushalayim het veragtelik geword in hulle midde.
18 יהוה is regverdig en ek het teen Hom rebelleer. Hoor, al julle volke en sien my smart; my maagde en my jongmanne is weg in gevangenskap.
19 Ek het geroep na hulle wat my lief het, maar hulle het my mislei; my priesters en my oudstes het in die stad gesterf; hulle het kos gesoek om hul lewe te verlig en niks gekry nie.
20 Let op, o יהוה, ek is benoud, my lewe is in die moeilikheid, my binneste het pyn, want ek het ernstig gerebelleer; buitekant verteer die swaard en hulle wat in die huis is, word deur die dood verslind.
21 Hulle het gehoor dat ek sug, daar is niemand om te vertroos nie; al my vyande het van my onheil gehoor, hulle is bly dat U dit gedoen het. Verhaas die dag wat U aangekondig het, die vyand sal word soos ek. [Yeg 25-39]
22 Laat al hulle boosheid voor U kom; teister hulle soos U my geteister het vir al my oortredinge, want ek sug baie en my verstand, wil en emosie is swak.

2 1 Hoe het יהוה in Sy woede die dogter van Tziyon met ’n dik wolk bedek! Hy het die lof en eer van Yisra’el vanuit die hemel op die aarde neergegooi en het nie sy voetbank onthou op die dag van Sy woede nie.
2 יהוה het al die blyplekke van Ya’akov sonder jammerte verslind; Hy het in Sy toorn die vestings van die dogter van Y’hudah neergegooi, die konings, die prinse en die gevalle manne grond toe gebring.
3 Hy het in Sy vreeslike woede al die krag van Yisra’el afgesny; Hy het sy regterhand van voor die vyand teruggetrek en ’n vuur aangesteek in die land van Ya’akov en die vuurvlamme het magtiglik rondom verteer. [Yeg 22:31]
4 Hy het Sy boog gespan soos ’n vyand, Sy hand opgelig soos ’n onderdrukker en alles in die tent van die dogter van Tziyon, wat aangenaam was vir die oog, gedood; Hy het Sy woede uitgegooi soos vuur.
5 יהוה het soos ’n vyand geword, Hy het Yisra’el verslind, al haar paleise verwoes, verwoesting gesaai in al haar provinsies en rou en klaagliedere in die dogter van Y’hudah vermenigvuldig.
6 Hy het Sy tent soos ’n afdak in ’n tuin neergegooi, die plekke van Sy feeste vernietig; יהוה het die vasgestelde feestye en Shabbat in Tziyon laat vergeet en in Sy verontwaardigde woede, konings en priesters verwerp.
7 יהוה het Sy Afgesonderde Plek vergeet, Sy altaar verag, die mure van haar paleise in die hand van die vyand oorgelewer; hulle het uitgeskree in die huis van יהוה soos op die dag van ’n afgesonderde fees. [Yir 52:13,17,20]
8 יהוה het Hom voorgeneem om die muur van die dogter van Tziyon te vernietig; Hy het die maatband uitgesteek en nie Sy hand teruggetrek van haar vernietiging nie; daarom het Hy haar leërmagte in rou laat sit, haar mure het volkome verlate geword.

9 Haar poorte het in die grond ingesink, Hy het haar grendels gebreek en vernietig; haar konings en haar prinse is tussen die ander nasies; daar is geen wet nie en haar profete het geen visioene vanaf יהוה ontvang nie.
10 Die oudstes van die dogter van Tziyon sit op die grond en bly stil; hulle het stof op hul koppe gegooi, rouklere aangetrek; die maagde van Yerushalayim hang hulle koppe af na die aarde.
11 My oë is dof van trane, my lewe is omgekrap, my moraal is laag op die grond as gevolg van die verwoesting van die dogter van my volk, want die klein kindertjies en babas val flou in die strate van die stad.
12 Hulle vra vir hul moeders: "Waar is koring, wyn en botter?' wanneer hulle flou val soos neergeslaandes in die strate van die stad, wanneer hulle lewe uitgestort word aan die bors van hul moeders.
13 Watter getuienis kan ek vir jou gee en waarmee kan ek jou vergelyk, dogter van Yerushalayim? Waarmee sal ek jou vergelyk sodat ek jou kan vertroos, maagd, dogter van Tziyon, want jou skeur is so groot soos die see, wie kan dit stop?
14 Jou profete het vir jou valse en misleidende visioene gesien en hulle het niks van jou sondes aan jou openbaar sodat jy dit kan sien en omdraai en Ek jou kan terugbring uit gevangenskap, nie, maar het vir jou valse en misleidende profesieë gesien.
15 Almal wat met die pad verbygaan, slaan die hande saam oor jou; hulle spot en skud hulle koppe oor die dogter van Yerushalayim en sê: "Is dit die stad wat mense 'Die volmaaktheid van skoonheid, die vreugde van die hele aarde' genoem het?
16 יהוה het gedoen wat Hy beplan het, Sy Woord volbring wat Hy in die ou tyd beveel het; Hy het haar sonder jammerte neergegooi en haar vyand oor haar bly gemaak. Hy het mag aan jou onderdrukkers gegee.
17 Al jou vyande praat boos teen jou, hulle spot en kners hulle tande en sê: "Ons het haar verslind, dit is sekerlik die dag waarna ons uitgesien het; ons het dit gevind, dit gesien!
18 Die volk se verstand, wil en emosie het van die mure van die dogter van Tziyon na יהוה uitgeroep. Laat jou trane afloop soos 'n stroom, dag en nag; gun jouself geen rus nie, laat die appel van jou oog nie ophou trane stort nie.
19 Staan op, roep uit in die nag, aan die begin van die nagwake, stort jou binneste uit soos water voor die Teenwoordigheid van יהוה, lig jou hande op na Hom vir die lewens van jou kinders wat flou val van honger by die hoek van elke straat.
20 Kyk, o יהוה en let op aan wie U so gedoen het! Sal die vroue hulle vrug eet, sal die kinders plat op die grond lê weens hongersnood? Sal die priester en die profeet in die Afgesonderde Plek van יהוה doodgeslaan word? [Deut 28:57; Yir 52:24-27]
21 Oud en jonk lê op die grond in die strate; my maagde en my jongmanne het deur die swaard geval; U het doodgemaak op die dag van U woede, U het neergeslaan sonder jammerte.
22 U het, asof op 'n feesdag, my teëstanders rondom my geroep sodat op die dag van יהוה se woede, niemand ontsnap of oorleef het nie; die wat ek op die arms gedra en grootgemaak het, is deur my vyand verteer.

3 1 Ek is die man wat teistering ontvang het deur die lat van Sy woede.
2 Hy het my gelei, maar ek het in duisternis en nie in lig geloop nie.
3 Hy het sekerlik teen my gedraai, Hy draai die hele dag Sy hand teen my.
4 My vlees en my vel het Hy laat oud word, Hy het my gebeente gebreek.
5 Hy het skuins walle teen my gebou, my omsingel met bitterheid en moeite.
6 Hy het my soos ’n dooie vir ewig in donker plekke laat bly.
7 Hy het my toegemuur sodat ek nie kan ontsnap nie, my ketting swaar gemaak.
8 Alhoewel ek smeek en bid, luister Hy nie na my gebed nie.
9 Hy het my lewenspad met dorings ingekamp, my paaie krom gemaak.
10 Hy was vir my soos ’n wolf wat lê en wag, soos ’n leeu in wegkruipplekke.
11 Hy het my paaie krom gemaak en my in stukke gesny, my verlate gemaak.
12 Hy het sy boog gespan en my as ’n teiken vir die pyl opgestel.
13 Let op, Hy het die pyle in my niere laat ingaan. [Iyov 16:13]
14 Ek is die hele dag lank die bespotting van al die nasies en van hulle spotlied.
15 Hy het my met bitterheid gevul, my dronk gemaak met wilde-als.
16 Hy het my tande met ’n klip gebreek, my met as bedek.
17 My lewe het afgedwaal van vrede af, ek het voorspoedigheid vergeet
18 en ek het gesê: “My beroemdheid en my versekerde verwagting van יהוה het vergaan.”
19 Onthou my teistering en my tugtiging, die bitterheid en smart.
20 Onthou en herstel my lewe tot my.
21 Hieraan herinner ek my gedagtes; daarom het ek versekerde verwagting in God.
22 Die sagte goedheid van יהוה hou sekerlik nooit op nie en Sy liefdevolle omgee faal nooit nie;
23 hulle is nuut, elke oggend; U getrouheid is groot.
24 "יהוה is my Gedeelte,” sê my lewe; “daarom sal ek in Hom ’n versekerde verwagting hê.” [Heb 11:1-2]
25 יהוה is goed vir hom wat op Hom wag, vir die lewe wat Hom soek.
26 Dit is goed vir ’n man om beide die waarheid en die verlossing van יהוה te verwag.
27 Dit is goed vir ’n man as hy U juk in sy jeug dra. [Mat 11:29, 30]
28 Laat hom alleen sit en stilbly, want hy het U juk op hom geplaas.
29 Laat hy homself nederig maak, want daar is ’n versekerde verwagting!
30 Laat hy sy wang draai vir die een wat hom slaan, [Luk 6:29] laat hom gevul wees met skaamte,
31 want יהוה sal nie vir ewig vergeet nie,
32 maar alhoewel Hy leed veroorsaak, tog sal Hy liefdevolle omgee hê volgens die menigte van Sy goedheid,
33 want Hy onderdruk nie gewilliglik nie, maar Hy maak die seuns van die mens nederig.
34 Om al die gevangenes van die aarde onder sy voete te onderdruk,
35 om die reg van ’n man weg te draai voor die gesig van die Allerhoogste
36 en om ’n mens onregverdig te behandel in sy regsaak, keur יהוה nie goed nie.

37 Wie is hy wat praat en dit gebeur, as יהוה dit nie beveel het nie?
38 Uit die mond van die Allerhoogste kom nie boosheid en goedheid nie;
39 daarom, hoekom sal enige lewende mens die straf vir sy sonde bevraagteken?
40 Laat ons ons lewenswyse ondersoek en toets en weer terugdraai na יהוה;
41 laat ons ons verstand, wil en emosie saam met ons hande oplig tot God in die hemel.
42 Ons het oortree en gerebelleer en U het nie vrygespreek nie.
43 U het ons met U toorn bedek en ons agtervolg; U het gedood en nie jammer gekry nie.
44 U het Uself in U wolk toegevou, U het ons gebed laat verbygaan.
45 U het ons ontwortel en veragtend onder die volke gemaak.
46 Die trane hardloop uit my oë en hou nie op nie, want daar is geen vertrooster nie
47 totdat יהוה vanuit die hemel afkyk en dit raaksien.
48 My oë is leeggeloop aan trane oor die vernietiging van al die dogters van die stede van my volk.
49 Al ons vyande praat boos teen ons,
50 vrees en bewing kom oor ons, 'n strik en vernietiging.
51 Ek huil ernstig oor die vernietiging van die dogters van my stad.
52 My vyande het my sonder oorsaak gejag soos 'n voël;
53 hulle het my lewe in 'n put afgesny; hulle het klippe na my gegooi.
54 Water het oor my kop gestroom, toe het ek gesê: "Ek is ver weggegooi!"
55 Ek roep U Naam (Karakter en Outoriteit) aan, יהוה, uit die diepte van die put.
56 U het my stem gehoor; draai nie U oor van my uitroep af weg nie, maar verlos my en red my. [Yir 38:6-13]
57 U het nader gekom op die dag dat ek na U uitgeroep het; U het gesê: "Moenie bang wees nie!"
58 O, יהוה, U het my saak verdedig, U het my lewe gered.
59 O, יהוה, U het my verdrukking gesien, my saak geoordeel.
60 U sien al hulle wraak en al hulle planne teen my.
61 יהוה, U het hulle spot gehoor en al hulle planne teen my;
62 die lippe van my teëstanders en hulle planne, die hele dag lank teen my.
63 Let op, ek verstaan hulle gedrag en hulle optrede, as gevolg van hulle planne.
64 Gee vir hulle terugbetaling, o יהוה, volgens die werke van hulle hande.
65 Gee vir hulle smart van verstand, wil en emosie, laat hulle onderdrukking hul agtervolg.
66 In U woede, vernietig hulle van onder U hemel uit, יהוה.

4 1 Hoe word die fyn goud verwerp, hoe word die lieflike kleure verdof, die stene van die Afgesonderde Plek word op elke straathoek weggegooi!
2 Die kosbare seuns van Tziyon, wat beter is as kosbare stene, hoe word hulle gereken soos erdekruike, die werk van die hande van die pottebakker.
3 Die vroue ontbloot hulle borste en, soos jakkalse, gee hul aan die kleintjies om te suig; die dogters van my volk het geword soos wonde wat nie kan genees nie en soos volstruise in die wildernis.

4 Die tong van die suigeling kleef aan sy verhemelte vas van die dors, kindertjies vra brood, maar niemand breek dit en gee vir hulle nie.
5 Hulle wat lekkernye geëet het, is eensaam op die strate; hulle wat grootgemaak is in skarlaken, slaap op mishope,
6 want die oortredinge van die dogter van my volk was groter as die sonde van S’dom, wat soos in ’n oomblik omvergewerp is, sonder dat iemand die hand daaraan geslaan het.
7 Haar Natzireërs was reiner as sneeu, witter as melk, hulle wange rooier as robyne en hulle vorm mooier as saffier.
8 Nou is hulle voorkoms egter swarter as houtskool, hulle word nie herken op die strate nie; hulle vel is verrimpeld aan hul gebeente, dit het opgedroog en soos ’n stok geword.
9 Dié wat deur die swaard neergeslaan is, is gelukkiger as die wat deur die honger neergeslaan is, want hulle kwyn weg, soos gewondes wat in die veld gegooi word.
10 Die hande van vroue wat omgee, het hulle eie kinders gekook; dit was hulle kos in die verwoesting van die dogter van my volk. Deut 28:53; 2 Kon 6:28-30
11 יהוה het Sy toorn voltooi, Hy het Sy vreeslike woede uitgestort en ’n vuur in Tziyon aan die brand gesteek wat haar fondasies verteer het.
12 Die konings van die aarde en al die inwoners van die wêreld het dit nie geglo dat ’n vyand of onderdrukker die poorte van Yerushalayim sou binnegaan nie.
13 Dit het gebeur as gevolg van die sondes van haar profete, die oortredinge van haar priesters, wat in haar die bloed van die regverdiges vergiet het. Yeg 39:21-24
14 Haar prinse het in haar strate rondgedwaal, deurdrenk met bloed sodat niemand hulle klere kon aanraak nie.
15 Sonder jouself af van hulle, noem hulle onrein; gaan weg, gaan weg en moenie aan hulle raak nie, want hulle het uitlokking veroorsaak en is gepla. Onder die ander nasies het hulle gesê: “Hulle sal nie langer hier vertoef nie.” Z’kh 2:11; Open 18:4
16 Ons oë het dof geword van wag op hulp; ons wagters het tevergeefs gewag op ’n nasie wat nie kon red nie.
17 Die Teenwoordigheid van יהוה het hulle verdeel, Hy sal hulle nie meer in ag neem nie. Hulle het die persoon van die priesters nie respekteer nie, geen liefdevolle omgee vir die grysaards bewys nie.
18 Hulle het jaggemaak op die kleinere mense en hulle wat in die strate loop; ons einde is naby, ons dae is verby, want ons tyd het gekom.
19 Ons vervolgers was vinniger as die arende in die lug. Hulle het ons op die berge agtervolg, ons in die wildernis voorgelê.
20 Ons, gesalfde van יהוה, (van wie ons gesê het: “Onder Sy skaduwee sal ons tussen die nasies bly”) se gees is in hulle putte gevang.
21 Verbly en verheug jou, dogter van Edom, wat in die land van `Utz bly; die beker sal ook na jou toe aangegee word, jy sal dronk word en jouself kaal uittrek.
22 Jou oortredinge het tot ’n einde gekom, dogter van Tziyon; God sal jou nie meer wegdra in gevangenskap nie, maar jou oortredinge sal gestraf word, dogter van Edom, jou sondes is goed ontbloot. Yir 49:7; Yeg 25:12-14; Yo’el 3:19

5 1 יהוה, onthou wat oor ons gekom het, let op en sien ons bespotting.
2 Ons erfenis is aan vreemdes oorgedra, ons huise aan buitelanders.
3 Ons het wese en vaderloos geword, ons moeders is soos weduwees.
4 Ons het ons water gedrink vir geld, ons hout word aan ons verkoop.
5 Ons nekke is onder jukke; ons werk en het geen rus nie.
6 Die Mitzrayimiete het 'n helpende hand gegee en ons het na Ashur gekyk om brood te voorsien.
7 Ons vaders het gesondig en is nie meer nie en óns het hulle oortredinge gedra.
8 Diensknegte heers oor ons, daar is niemand om ons uit hulle hand te bevry nie.
9 Ons kry ons brood in lewensgevaar, as gevolg van die swaard in die wildernis.
10 Ons vel is ingekrimp asof in 'n oond gebrand, as gevolg van die lyding in hongersnood.
11 Vroue word onteer in Tziyon, maagde in die stede van Y'hudah.
12 Prinse word aan hulle hande opgehang, die gesigte van die grysaards word nie geëer nie.
13 Jongmanne draai die meul en die jeug struikel onder vragte hout.
14 Die oudstes het opgehou om in die poort te wees, die jongmanne met hulle instrumentale musiek.
15 Die vreugde van ons verstand, wil en emosie het opgehou, ons danse het in rou verander.
16 Die kroon het van ons kop afgeval; wee ons, want ons het gesondig.
17 Oor hierdie dinge het ons verstand, wil en emosie flou geword, oor hierdie dinge is ons oë dof
18 omdat die berg Tziyon verlate is, die jakkalse loop daarop,
19 maar U, יהוה, hou aan vir ewig, U troon is van geslag tot geslag;
20 daarom, vergeet ons nie vir altyd nie en verlaat ons nie vir so 'n lang tyd nie.
21 Bring ons terug na U toe, o יהוה en ons sal herstel word; vernuwe ons dae soos vroeër,
22 want U het ons heeltemal verwerp, U was uitermate kwaad vir ons.

Die drie en dertigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die sewende boek van die Geskrifte

Een van die vyf ‘meghilloth,’ of boekrolle, wat tydens die feeste gelees word.

# Kohelet
(Prediker)

קהלת - Prediker of lid van ’n vergadering.
Kohelet

Die boek is deur Shlomo, seun van Dawid, geskryf.

1 1 Die woorde van die prediker, die seun van Dawid, koning in Yerushalayim.
2 Kortstondigheid van kortstondigheid, sê die prediker, kortstondigheid van kortstondigheid, dit is alles kortstondig!
3 Watter voordeel het die mens van al sy harde werk waarmee hy hom vermoei onder die son?
4 Een geslag gaan verby en die ander geslag kom, maar die aarde bly vir ewig. [Ps 104:5]
5 Die son kom op en die son gaan onder en haas hom na die plek waar hy opgekom het sodat hy weer daar kan opkom.
6 Die wind waai na die suide en draai om na die noorde, dit draai voortdurend en keer weer terug volgens sy kringloop.
7 Al die riviere loop in die see, tog is die see nie vol nie; na die plek vanwaar die riviere loop, keer dit terug om weer te loop.
8 Alles is uitputtend, ’n mens word nie tevrede gestel deur te praat nie, sy oog word nie bevredig deur te sien nie en ook nie sy oor deur te hoor nie.
9 Dit wat was, is dit wat sal wees en dit wat gedoen is, is dit wat gedoen sal word en daar is niks nuuts onder die son nie.
10 Wie ook al praat en sê: “Kyk, dit is nuut,” moet weet dat dit reeds was in die geslagte voor ons.
11 Daar is geen nagedagtenis van vorige geslagte nie en daar sal ook nie herinneringe wees van geslagte wat kom by hulle wat daarná kom nie.
12 Ek, die prediker, is koning oor Yisra’el in Yerushalayim.
13 Ek het met my verstand, wil en emosie, met wysheid alles ondersoek wat onder die hemel gedoen word; om daarmee besig te wees, is ’n moeilike taak wat God aan die mensekinders gegee het.
14 Ek het al die werke gesien wat onder die son gedoen word en kyk, dit was alles kortstondig en ’n ergernis van gees.
15 Die chaotiese kan nie ordelik gemaak word nie en hy wat kennis ontbreek, kan nie voorsien word nie.
16 Ek het met myself gepraat en gesê: “Let op, ek het groot geword en meer wysheid bekom as almal wat voor my in Yerushalayim was. Ja, my verstand het baie ondervinding van wysheid en kennis.
17 Ek het my verstand gegee om wysheid, spreuke en insig te ken, maar ek het ook ingesien dat dit ’n ergernis van gees is,
18 want in baie wysheid is baie verdriet en hy wat kennis vermeerder, vermeerder smart.

2 1 Ek het in my binneste gesê: “Kom nou, ek sal jou met vreugde toets, geniet daarom die goeie dinge.” Let op, ook dit was kortstondig.
2 Van gelag het ek gesê: “Wat se plesier is daarin?” en van plesier: “Wat bereik jy?”
3 Ek het in my binneste gedink om myself oor te gee aan wyn, maar my binneste het met wysheid argumenteer. Ek het insig beetgekry totdat ek kon sien wat goed is vir die seuns van die mens, wat hulle moet doen onder die son al die dae van hulle lewe.

4 Ek het my diensknegte vermenigvuldig, ek het vir myself huise gebou, ek het wingerde vir myself geplant.

5 Ek het vir myself tuine en parke aangelê en in hulle allerhande soorte bome met vrugte geplant.

6 Ek het vir myself damme gemaak om die kwekery, wat bome produseer, nat te maak.

7 Ek het vir myself slawe en slavinne verkry en het ’n groot huishouding gehad. Ek het ook ’n groot besitting van beeste en kleinvee gehad, meer as almal wat voor my in Yerushalayim was.

8 Ek het vir myself silwer en goud versamel en die besittings van konings en stede; ek het vir my sangers en sangeresse gekry en die plesiere van die seuns van die mens en ek het vir myself huisknegte en kelnerinne aangestel.

9 Ek het groot geword en my rykdom het vermeerder, meer as almal wat voor my in Yerushalayim was; my wysheid het ook by my gebly.

10 Wat ook al my oë begeer, het ek nie van hulle af weggehou nie; ek het nie my verstand, wil en emosie van enige vreugde teruggehou nie, want my verstand, wil en emosie het hom verheug in al my harde werk en hierdie was my deel van al my harde werk.

11 Toe het ek gekyk na al die werke wat my hande tot stand gebring het en al die harde werk wat ek gedoen het en let op, dit was alles kortstondig en ’n ergernis in die gees en daar was geen voordeel onder die son nie.

12 Ek het rondgekyk om na wysheid, malligheid en dwaasheid op te let, want wie is die man wat die koning kan oordeel, veral teenoor Hom wat hom gemaak het?

13 Toe het ek gesien dat die wysheid uitstyg bo die dwaasheid soos die lig uitstyg bo die duisternis.

14 Die wyse het sy oë in sy kop, maar die dwaas loop rond in duisternis en ek het self gesien dat een ongeluk met hulle almal gebeur.

15 Toe het ek in myself gesê: “Die ongeluk van die dwaas sal my ook tref; hoekom was ek dan meer wys?” Toe sê ek vir myself: “Ook dit is kortstondig.”

16 Die dwaas praat oppervlakkig, maar die wyse word nie vir ewig méér onthou as die dwase nie, aangesien wat nou is, in die dae wat kom vergete sal wees en net soos die wyse sterf, net so die dwaas!

17 Ek het daarom die lewe gehaat, want die werk wat onder die son gedoen word, is pynlik vir my, want alles is kortstondig en ’n ergernis van gees.

18 Ja, ek het al my harde werk gehaat wat ek onder die son gedoen het, want ek moet dit los vir die man wat ná my kom

19 en wie weet of hy ’n wyse sal wees of ’n dwaas? Tog sal hy heerskappy hê oor al my harde werk wat ek gedoen het en waarin ek myself wys bewys het onder die son. Ook dit is dan kortstondig;

20 daarom het ek my siening, oor al die harde werk waarin ek onder die son gewerk het, verander.

21 Daar is ’n man wat met wysheid, kennis en bekwaamheid werk; tog los hy sy deel vir ’n man wat nie daarvoor gewerk het nie. Ook dit is kortstondig en ’n groot teëspoed,

22 want watter voordeel sal die mens hê van al sy harde werk en van die begeertes van sy binneste waarin hy onder die son hard gewerk het?

23 Want al sy dae is vol smarte en sy bemoeienis is verdriet; ja, selfs snags rus sy verstand, wil en emosie nie. Dit is ook kortstondig.

24 Daar is niks beter vir ’n man as dat hy sou eet en drink en sy lewe, die goeie van sy harde werk, geniet nie. Dit het ek ook gesien, dat dit kom uit die hand van God,

25 want wie kan eet en geniet sonder Hom?

26 Want vir ’n mens wat goed is in Sy Teenwoordigheid, gee God wysheid, kennis en vreugde, maar vir die sondaar gee hy harde werk om bymekaar te maak en te versamel, om ook dit te gee aan hom wat goed is in die Teenwoordigheid van God. Ook dit is kortstondig en ’n ergernis van gees.

3 1 Daar is ’n seisoen vir alles en ’n tyd vir elke begeerte onder die son:

2 ’n tyd om gebore te word en ’n tyd om te sterf; ’n tyd om te plant en ’n tyd om uit te ruk wat geplant is;

3 ’n tyd om dood te maak en ’n tyd om gesond te maak; ’n tyd om af te breek en ’n tyd om op te bou;

4 ’n tyd om te huil en ’n tyd om te lag; ’n tyd om te treur en ’n tyd om te dans;

5 ’n tyd om klippe weg te gooi en ’n tyd om klippe bymekaar te maak; ’n tyd om te omhels en ’n tyd om weg te bly van omhelsing;

6 ’n tyd om te verloor en ’n tyd om te soek; ’n tyd om vas te bind en ’n tyd om los te maak;

7 ’n tyd om te skeur en ’n tyd om aanmekaar te werk; ’n tyd om stil te bly en ’n tyd om te praat;

8 ’n tyd om lief te hê en ’n tyd om te haat; ’n tyd vir oorlog en ’n tyd vir vrede.

9 Watter voordeel het die arbeider in sy harde werk?

10 Ek het die harde werk gesien wat God aan die mensekinders gegee het om daarmee besig te wees.

11 Hy het alles mooi gemaak in sy tyd; Hy het ook die wêreld vir die mens kosbaar gemaak sodat geen mens die werke wat God gedoen het, van begin tot einde, kan uitvind nie.

12 Ek weet dat daar niks goeds in wêreldse dinge is nie, maar dat die mens hom verbly en goed doen in die lewe

13 en ook dat elke mens sal eet en drink en al die goeie van sy harde werk sal geniet; dit is die geskenk van יהוה.

14 Ek weet dat, wat יהוה ook al doen, dit sal vir ewig wees; daar kan niks bygevoeg en niks weggevat word daarvan nie en יהוה het dit so gemaak dat die mens Hom respekvol moet vrees.

15 Dit wat nou is, was alreeds en dit wat nog moet wees, was alreeds en God sal hom wat vervolg is, wreek.

16 Ek het ook onder die son die plek van oordeel gesien: dat daar boosheid was en dat daar onregverdigheid in die plek van regverdigheid was.

17 Ek het in my binneste gesê: “God sal die regverdige en die bose oordeel, want daar is ’n tyd vir elke plesier en vir elke werk.

18 Ek oordink in my binneste die toestand van die seuns van die mens wat God geskep het en sien dat hulle soos wilde diere is,
19 want dieselfde ongeluk wat die seuns van die mens tref, tref ook die wilde diere, dieselfde ongeluk tref hulle: soos die een sterf, so sterf die ander; ja, hulle het almal een asem sodat die mens geen voorkeur het bo die wilde diere nie, want alles is kortstondig.
20 Alles gaan na een plek toe; alles is vanuit die stof en alles keer terug na stof.
21 Wie weet of die gees van die mens opgaan boontoe en die gees van die wilde diere afwaarts na onder die aarde gaan?
22 Dus het ek gesien dat daar niks beters in hulle is as dat die mens hom moet verheug in sy werke nie, want dit is sy deel, want wie sal hom daartoe bring dat hy kan sien wat ná hom sal wees?

4 1 Ek het omgedraai en al die onderdrukkings gesien wat onder die son gedoen word en let op, die trane van die onderdruktes en hulle het geen trooster gehad om hulle te bevry uit die hand van hulle onderdrukker nie, met geen krag of hulp nie;
2 daarom het ek die dooies wat reeds gesterf het, geprys bo die lewendes wat nog lewe,
3 maar hy wat nog nie gebore is nie, is beter daaraan toe as albei van hulle, want hy het nie die bose werke gesien wat onder die son gedoen word nie.
4 Toe het ek gesien dat al die harde werk en dade suksesvol is omdat een meer ywerig is as sy buurman. Ook dit is kortstondig en ’n ergernis van gees.
5 Die dwaas vou sy hande saam en ly honger. [Spr 24:30-34]
6 Een handvol met rustigheid is beter as altwee hande vol met moeite en ergernis van gees.
7 Toe het ek omgedraai en weer kortstondigheid gesien onder die son:
8 wanneer daar maar een man is, sonder ’n tweede en hy het geen seun of broer nie, is daar geen einde aan al sy werk nie. Sy oë word ook nie bevredig deur rykdom nie en hy sê ook nie: “Vir wie werk ek en ontneem my lewe van die goeie nie?” Ook dit is kortstondig en ’n vreeslike ergernis van gees.
9 Twee is beter as een, want hulle het ’n goeie beloning vir hulle harde werk,
10 want as hulle val, sal die een sy maat optel, maar wee die een wat alleen is wanneer hy val, want daar is niemand om hom op te tel nie.
11 Meer nog, as twee bymekaar slaap, sal hulle warm kry, maar hoe kan een alleen warm wees?
12 As een te sterk is vir hom, sal twee hom weerstaan en ’n driedubbele tou word nie gou gebreek nie.
13 ’n Jongman wat arm en wys is, is beter as ’n koning wat oud en dwaas is en nie weet hoe om ’n vermaning te ontvang nie.
14 Hy het uit die gevangenis gekom om te heers, want ook in sy eie koninkryk is hy arm gebore.
15 Ek het al die lewendes wat onder die son loop, beskou, saam met die jongmanne wat in hulle plek sal opstaan;

16 daar is geen einde aan al die mense, selfs van almal wat voor hulle was en ook
wat nog na hulle sal kom, sal hulle nie in hulle verbly nie. Ook dit is vir hulle
kortstondig en tevergeefs en ’n ergernis van gees.

5 1 Laat jou optrede gepas wees wanneer jy na die huis van God gaan en om nader
te kom om te luister, te hoor en te doen, is beter as die offers van dwase, want hulle
weet nie om te doen wat goed is nie.
2 Wees nie haastig met jou mond nie en laat jou verstand, wil en emosie nie haastig
wees om ’n woord te uiter voor God nie, want God is in die hemel en jy op die
aarde; laat daarom jou woorde min wees,
3 want ’n droom kom deur baie besig te wees en ’n dwaas se stem word geken deur
’n menigte woorde.
4 Wanneer jy ’n gelofte aan God gedoen het, moenie uitstel om dit na te kom nie, want
Hy het geen plesier in dwase nie, maar wat jou betref, betaal wat jy belowe het.
5 Dit is baie beter dat jy nie belowe nie as dat jy belowe en dit nie doen nie.
6 Laat nie jou mond toe om jou vlees te laat sondig nie en sê ook nie voor God dat
dit ’n fout was nie dat God nie kwaad sal wees oor jou stem en die werke van jou
hande sal verwoes nie,
7 want in die menigte van drome, waardelose dinge en menigte van woorde is valse
aanbidding, maar jy moet God respekvol vrees.
8 As jy die onderdrukking van die arme en gewelddadige verdraaiing van regverdige
oordeel sien in ’n stad, verwonder jou nie oor die saak nie, want Hy wat hoër is as
die hoogste hou dit dop en Hy wat hoër is, is oor hulle.
9 Die rykdom van die aarde is vir almal; die koning self word gedien deur sy eie land
te bewerk.
10 Hy wat geld lief het, sal nie bevredig word deur geld nie en hy wat rykdom lief het,
sal dit nie behou nie. Ook dit is kortstondig.
11 As die besittings vermeerder, word hulle wat dit opeet ook meer en watter voordeel
is daar vir die eienaars, behalwe om dit met sy oë te aanskou?
12 Soet is die slaap van ’n werkende man, of hy min eet of baie, maar die oorvloed
van die ryke laat hom nie toe om te slaap nie.
13 Daar is ook ’n ander erge boosheid wat ek onder die son gesien het: rykdom wat
deur sy eienaar gehou word tot sy eie nadeel
14 en daardie rykdom gaan verlore in ’n bose transaksie en wanneer hy ’n seun
verwek, is daar niks in sy hand nie.
15 Soos hy uit sy moeder se baarmoeder uitgekom het, sal hy kaal na die aarde
terugkeer om te gaan soos hy gekom het en sal niks van sy harde werk in sy hand
saamdra nie
16 en ook dit is ’n erge boosheid, want net soos hy gekom het, so sal hy gaan en watter
voordeel het hy wat hard gewerk het vir wind?
17 Hy eet ook al sy dae in duisternis, in baie woede en toorn, in rou en in siekte.
18 Dit is wat ek, die prediker, gesien het: dit is goed en toepaslik vir een om te eet en
te drink en die goeie van al sy harde werk, waarvoor hy al die dae van sy lewe, wat
יהוה hom gee onder die son, werk, te geniet, want dit is sy deel.

19 יהוה het ook aan elke mens rykdom en skatte gegee en die vermoë om daarvan te eet, sy deel te vat en hom te verheug in sy harde werk; dit is die geskenk van God,
20 want hy sal nie meer die dae van sy lewe onthou nie, want God sal hom besig hou met die vreugde van sy verstand, wil en emosie.

6 1 Daar is ’n boosheid wat ek gesien het onder die son en dit is algemeen onder die mens:
2 daar is ’n man aan wie God rykdom, skatte en eer gegee het sodat hy niks kortkom vir sy lewe van alles wat hy begeer nie, tog stel God hom nie in staat om daarvan te eet nie, maar ’n vreemdeling eet dit. Dit is kortstondig en ’n bose siekte.
3 As ’n man honderd kinders verwek en baie jare lewe en die dae van sy jare baie is en sy lewe is nie gevul met goeie dinge en hy ook nie ’n begrafnis het nie, dan sê ek dat ’n miskraam beter is as hy,
4 want hy kom in met kortstondigheid en gaan in duisternis in en sy naam sal in duisternis bedek wees.
5 Meer nog, hy het nie die son gesien of enige iets geken nie, tog het hierdie een meer rus as die ander;
6 ja, al lewe hy ook twee maal duisend jaar en het tog geen goeie gesien nie; gaan almal nie na een plek toe nie?
7 Al die harde werk van ’n man is vir sy mond en tog word sy honger nie bevredig nie.
8 Watter voordeel het die wyse man oor die dwaas. Weet die arm man hoe om deur die lewe te gaan?
9 Die aanskouing met die oë is beter as die geswerf van die begeerte. Ook dit is kortstondig en ’n ergernis van die gees.
10 Dit wat vroeër was, is reeds genoem en die natuur van die mens is bekend en hy kan nie die oordeel betwis teen Hom wat sterker is as hy nie.
11 Aangesien daar baie dinge is wat kortstondigheid vermeerder, watter voordeel het die mens?
12 Want wie weet wat goed is vir die mens in die lewe gedurende die getal dae van sy waardelose lewe wat hy soos ’n skaduwee deurbring? Want wie verklaar aan die mens wat ná hom onder die son sal wees?

7 1 ’n Goeie naam (karakter en outoriteit) is beter as kosbare salfolie en die dag van sy dood beter as die dag van sy geboorte.
2 Dit is beter om te gaan na ’n huis van rou as om te gaan na ’n huis van feesviering, want dit is die einde van alle mense en die lewende sal dit ter harte neem.
3 Hartseer is beter as om te lag, want deur die persoon se hartseer word die binneste beter gemaak.
4 Die verstand, wil en emosie van die wyse manne is in die huis van rou, maar die verstand, wil en emosie van die dwase is in die huis van plesier.
5 Dit is beter vir die mens om die bestraffing van ’n wyse te hoor as die lied van dwase,
6 want soos die geknetter van dorings wat onder ’n pot brand, so is die gelag van dwase; ook dit is kortstondig.

7 Waarlik, skinder vernietig ’n wyse man en omkoop vernietig die binneste.
8 Die einde van ’n saak is beter as sy begin en ’n geduldige in nederigheid is beter as ’n hoogmoedige van gees.
9 Word nie gou kwaad nie, want woede rus in die bors van die dwase.
10 Moenie sê: “Wat is die rede dat die vorige dae beter was as hierdie,” nie, want jy vra nie uit wysheid hierna nie.
11 Wysheid is beter as wapens, ja, dit is beter vir hulle wat die lig van die waarheid sien,
12 want die beskerming van wysheid is soos die beskerming van geld en die voordeel van kennis is dat wysheid lewe gee aan hulle wat dit besit.
13 Beskou die werk van God, want wie kan reguit maak wat Hy krom gemaak het?
14 Wees vreugdevol in die dag van voorspoed, maar kyk na jouself in die dag van boosheid. God het ook een ding teenoorgesteld van ’n ander gemaak sodat die mens niks sal weet nadat hy weg is nie.
15 Ek het alle dinge van kortstondigheid gesien in my dae; daar is ’n regverdige man wat vergaan in sy regverdigheid en daar is ’n bose man wat sy lewe verleng in sy boosheid.
16 Wees nie oor-regverdig en maak jouself nie oor-wys nie dat jy nie dwaas sal word nie.
17 Wees nie uitermate boos dat jy baie gehaat word nie; wees ook nie dwaas sodat jy voor jou tyd sterf nie.
18 Dit is goed dat jy hieraan vashou, ja trek nie jou hand hiervan terug nie, want hy wat God respekvol vrees, sal al hierdie dinge volg.
19 Die wysheid versterk die wyse meer as tien prinse wat in die stad is,
20 want daar is geen regverdige mens op die aarde wat goed doen en nie sondig nie.
21 Jy moet ook nie let op al die woorde wat die bose praat nie en ook nie na jou dienskneg as hy jou vloek nie,
22 want jou binneste weet dat jy self ook dikwels ander gevloek het.
23 Ek het al hierdie dinge met wysheid getoets; ek het gesê: “Ek sal wys wees,” maar wysheid was ver van my.
24 Ja, wysheid was ver weg, dit het ook diepte bo diepte, wie kan dit begryp?
25 Ek het rondgegaan en my verstand, wil en emosie daarop gekonsentreer om te weet, te soek en in te delf na wysheid en rede en om die boosheid van die dwaas te ken, selfs dwaasheid en oortreding.
26 Ek het gevind dat die vrou wie se binneste strikke en nette is en wie se hande hom wat goed is, vasbind, bitterder is as die dood; hy wat goed is in die Teenwoordigheid van God, sal van haar ontsnap, maar hy wat sondig, sal deur haar gevang word.
27 Let op, ek het dit uitgevind, sê die prediker, deur die een ding op te weeg teen die ander, om die redes uit te vind
28 en weer het my lewe gesoek, maar ek het nie gevind nie: een man uit ’n duisend het ek gevind, maar ’n vrou het ek onder al hierdie nie gevind nie.
29 Let op, dit het ek gevind: dat God die mens opreg gemaak het, maar hulle het baie slim planne gesoek.

8 1 Wie is soos die wyse man en wie ken die interpretasie van dinge? Die wysheid van ’n mens verhelder sy gesig, maar hy wat skaamteloos is, sal gehaat word.
2 Gehoorsaam die koning se bevel en moenie haastig wees aangaande die eed aan God nie.
3 Moenie haastig wees in sy teenwoordigheid nie en moenie vasstaan op ’n bose saak nie, want hy doen wat sy plesier is.
4 Dit wat die koning sê, is wet en wie kan vir hom vra: “Wat doen u?” [Rom 13:1-3]
5 Hy wat ’n opdrag uitvoer, sal geen boosheid ken nie en die verstand, wil en emosie van ’n wyse man onderskei beide tyd en oordeel,
6 want vir elke doel is daar tyd en oordeel, want die ongelukkigheid van die mens druk swaar op hom,
7 want daar is nie een wat weet wat was en wat hom kan vertel wat na hom sal wees nie.
8 Daar is geen mens met heerskappy oor die wind om die wind terug te hou nie en ook het hy nie mag oor die dag van die dood nie; daar is ook geen vrystelling van plig in die dag van die geveg nie; net so sal boosheid ook nie dié bevry wat aan dit oorgegee is nie.
9 Dit alles het ek gesien en my binneste gerig op elke werk wat onder die son gedoen word; daar is ’n tyd wanneer een man heers oor ’n ander om hom seer te maak.
10 Ek het net so die bose gesien begrawe word, wat gekom het vanaf die plek van die afgesonderdes en hulle is vergete in die stad waar hulle soveel bose dinge gedoen het. Ook dit is kortstondigheid.
11 Die begeerte van die seuns van die mens is vas in hulle om boosheid te doen omdat die wraak teen die boosdoeners nie gou uitgevoer word nie.
12 Hy wat sondig, doen boosheid ’n honderd keer en sy dag word uitgerek, nogtans weet ek verseker dat dit goed sal gaan met die aanbidders van יהוה, wat respekvol vrees in Sy Teenwoordigheid,
13 maar dit sal nie goed gaan met die bose nie en hy sal ook nie sy dae verleng soos ’n skaduwee nie omdat hy nie voor God vrees nie.
14 Daar is ’n kortstondigheid wat op die aarde gedoen word; daar is regverdige manne met wie dit gebeur volgens die werke van die bose en daar is bose manne met wie dit gaan volgens die dade van die regverdiges; ek sê dat dit ook kortstondigheid is.
15 Toe beveel ek vreugde aan, want daar is niks beters vir die mens onder die son as om te eet en te drink en hom te verheug nie, want dit sal hom in sy harde werk vergesel al die dae van sy lewe wat God hom gee onder die son;
16 daarom het ek my binneste gerig om wysheid te ken en om die dinge te sien wat op die aarde gedoen word, want daar is hulle wie se oë geen slaap sien nie, beide dag of nag.
17 Toe het ek al God se werke gesien en dat die mens nie kan uitvind van die werk wat onder die son gedoen word nie; al werk ’n man hard om dit uit te vind, tog sal hy dit nie vind nie. Hy wat dink dat hy wys is, selfs hy sal dit nie vind nie,

9 1 want die belangrikste van hierdie dinge het ek in my verstand oorweeg en in my verstand, wil en emosie het ek gesien dat die regverdiges, die wyse manne en hulle dade, in die hand van God is; geen mens ken óf liefde óf haat nie, want alles wat voor hom is, is kortstondig.
2 Alles gebeur dieselfde vir almal; daar is een kans vir die regverdige en vir die bose; vir die goeie en die slegte; vir die reine en die onreine; vir hom wat offer en vir hom wat nie offer nie; soos die goeie man is, so ook die sondaar en hy wat sweer, is net soos hy wat bang is vir ’n eed.
3 Hierdie is ’n boosheid onder alles wat gedoen word onder die son: dat daar een kans vir almal is; ja die mens se verstand, wil en emosie is vol boosheid terwyl hy leef en daarna gaan hulle na die dooies toe,
4 want vir hom wat aan al die lewendes verbind is, is daar versekerde verwagting, want ’n lewende hond is beter as ’n dooie leeu,
5 want die lewendes weet dat hulle moet sterf, maar die dooies weet glad niks nie en hulle het ook geen beloning nie, want hulle nagedagtenis is vergete.
6 Hulle liefde, hulle haat, asook hulle jaloesie, het lankal vergaan en hulle het ook geen deel meer vir ewig aan enige iets wat gedoen word onder die son nie.
7 Kom nou, eet jou brood met vreugde en drink jou wyn met vrolikheid, want God is tevrede met jou dade.
8 Laat jou klere altyd wit wees en olie nie ontbreek op jou kop nie. [Open 19:8]
9 Leef vreugdevol saam met die vrou wat jy lief het, al die dae van jou waardelose lewe, want sy is jou deel in die lewe en in jou harde werk wat jy doen onder die son.
10 Wat ook al jou hand in staat is om te doen, doen dit met al jou mag, want daar is geen werk of planne of kennis of wysheid in Sh’ol waarheen jy gaan nie.
11 Ek het omgedraai en gesien dat onder die son die wedloop nie is vir die vinniges en die geveg vir die sterkes nie; ook die brood is nie vir die wyses of rykdom vir die manne met insig, of lof en eer vir die geleerde manne nie, want tyd en toeval tref hulle almal,
12 want die mens ken nie sy tyd nie, maar soos visse wat gevang word in ’n misleidende net en soos voëls wat in die strikke gevang word, so word die seuns van die mens gevang in ’n bose tyd wanneer dit hulle skielik oorval.
13 Ook hierdie wysheid het ek onder die son gesien en dit was vir my goed:
14 daar was ’n klein stadjie en min manne daarin en daar het ’n groot koning daarteen gekom, dit omsingel en versterkings daarteen gebou.
15 Nou, daarin is ’n arm en wyse man gevind en hy het deur sy wysheid die stad bevry; tog het niemand daardie selfde arm man onthou nie.
16 Toe het ek gesê: “Wysheid is beter as krag; nogtans word die arm man se wysheid verag en daar word nie na sy woorde geluister nie.
17 Woorde van wyse manne word in stilte aangehoor, meer as die geskreeu van ’n heerser wat ’n dwaas is.
18 Wysheid is beter as oorlogswapens, maar een sonde vernietig baie goeie dinge.

10 1 Soos dooie vlieë wat die houer met kosbare salfolie laat stink, so weeg 'n groot dwaasheid meer as wysheid en eer.
2 Die wyse man dink reg, maar die dwaas dink verkeerd.
3 Ja, ook as die dwaas verbyloop, ontbreek hy aan wysheid en hy sê aan elkeen dat hy 'n dwaas is.
4 As die humeur van die heerser teen jou opkom, moenie jou land verlaat nie, want genesing vergewe baie sondes.
5 Daar is 'n boosheid wat ek onder die son gesien het, soos 'n fout wat vanaf 'n heerser uitgaan:
6 die dwaas word op hoë en kragtige plekke geplaas en die rykes sal in lae plekke sit.
7 Ek het slawe gesien wat op perde ry en prinse wat soos slawe op die grond loop.
8 Hy wat 'n put grawe, sal daarin val en hy wat 'n omheining afbreek, sal deur 'n slang gebyt word.
9 Hy wat landmerke verwyder, sal deur hulle gepynig word en hy wat bome sny sal deur hulle gewond word.
10 Soos die snykant van 'n wapen stomp mag wees en nie skerp gemaak is nie, maar tog baie mag neerslaan, so is wysheid meer voordelig vir hulle wat hardwerkend is.
11 Die slang sal byt sonder om betower te word en hy wat baie praat, is nie beter nie.
12 Die woorde uit die mond van 'n wyse man is aangenaam, maar die lippe van 'n dwaas sal homself vernietig.
13 Die begin van die woorde van sy mond is dwaasheid en die einde van sy praatjie is skadelike gekheid.
14 'n Dwaas vermenigvuldig woorde. 'n Mens weet nie wat gebeur nie en wat ná hom sal wees, wie kan vir hom vertel?
15 Die harde werk van die dwaas vermoei hom omdat hy nie weet hoe om te koop en te verkoop in die stad nie.
16 Wee jou, o land, as jou koning 'n kind is en as jou prinse in die oggend vroeg eet.
17 Geseënd is jy, o land, as jou koning die seun van 'n edelman is en as jou prinse op die regte tye eet, vir krag en nie vir dronkenskap nie.
18 Deur luiheid sal 'n dak afgebreek word en deur niksdoen van die hande lek die water deur.
19 Brood en wyn word gemaak vir vreugde en olie maak die lewe vrolik, maar geld bring mense ondertoe en laat hulle dwaal in alle dinge.
20 Moenie die koning vloek nie, selfs nie in jou gedagtes nie en moenie die rykes in jou slaapkamer vloek nie, want 'n voël van die lug sal jou stem dra en dit wat vlerke het, sal die saak vertel.

11 1 Gooi jou brood uit op die waters, want ná verloop van baie dae sal jy dit vind.
2 Gee 'n deel aan sewe, ja, ook aan agt, want jy weet nie watter ongeluk daar op die aarde kan kom nie.
3 As die wolke vol reën is, maak hulle hulself leeg op die aarde en as 'n boom na die suide of na die noorde val, op die plek waar die boom val, daar sal hy wees.

4 Hy wat die wind dophou, sal nie saai nie en hy wat na die wolke kyk, sal nie oes nie.

5 Soos wat jy nie die pad van die wind ken, of die werking van ’n vrou wat verwag nie, net so ken jy nie die werk van God, wat alles maak nie.

6 Saai jou saad in die oggend en hou nie jou hand terug in die aand nie, want jy weet nie watter sal voorspoedig wees, of hierdie of daardie en of altwee ewe goed sal wees nie.

7 Waarlik, soet is die lig en dit is ’n goeie ding vir die oë, maar meer nog vir hulle wat die son sien.

8 As die mens baie jare leef en hom in hulle almal verbly, laat hom steeds die jare van duisternis onthou, want hulle sal baie wees; alles wat kom, is kortstondig.

9 Verbly jou, o jongman, in jou jeug en dit sal met jou goed gaan en loop in die lewenswyses van jou verstand, wil en emosie en wat jy sien met jou oë, maar weet dat God jou oor al hierdie dinge tot oordeel sal bring.

10 Verwyder daarom woede uit jou verstand, wil en emosie en sit boosheid weg van jou vlees, want die jeug en onkunde is kortstondig.

12 1 Onthou nou jou Skepper in die dae van jou jonkheid, voordat die bose dae kom en die jare aanbreek waarvan jy sal sê: “Ek het geen plesier daarin nie,”

2 voordat die lewe terugtrek, skoonheid dof word, rykdom faal en ná die voorspoed, armoede terugkeer,

3 op die dag wanneer die bene bewe en die arms verswak en die tande nie meer kou nie omdat hulle min geword en die oë dof geword het.

4 Die ore sal so dof geword het dat die klank van vrouens wat by die meul maal sag sal wees en ’n man sal opstaan by die sang van voëls en die klank van singende vroue sal dof word.

5 Hy sal bang wees vir dit wat hoog is en bewe op die pad en slapeloosheid sal oor hom kom; die amandelboom sal bloei en die sprinkane vermeerder, die lekker reuk sal versprei en probleme sal ophou, want die mens gaan na die huis van sy beloning en die wat rou, loop op die strate rond.

6 Onthou Hom voordat die silwerdraad afgesny word en die goue bak gebreek word en die kruik by die fontein gebreek word of die wiel by die put gebreek word,

7 dan sal die stof na die aarde toe terugkeer soos dit was en die gees sal na God terugkeer wat dit gegee het.

8 Kortstondig van kortstondigheid, sê die prediker, dit is alles kortstondig.

9 Meer nog: omdat die prediker wys was, het hy steeds die volk kennis geleer, ja, hy het goed aandag gegee en ondersoek en baie spreuke saamgestel.

10 Die prediker het gesoek om aanvaarbare woorde te vind en hy het die woorde van waarheid opreg geskryf.

11 Die woorde van die wyse manne is soos ’n os-prik en soos spykers wat diep ingeslaan is, wat deur ambagsmanne beplan is en deur een meesterbouer gegee is.

12 Verder, my seun, gee aandag; aan baie boeke skryf, is daar geen einde nie en baie studie is uitputtend vir die vlees.

13 Laat ons die bevinding van die hele saak hoor: “Vrees God respekvol en doen Sy opdragte, wat gegee is deur een Meester aan elke mens,
14 want God sal elke daad tot oordeel bring, aangaande alles wat weggesteek en bekend is, of dit goed is of boos.”

Die vier en dertigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die agste boek van die Geskrifte

Een van die vyf ‘meghilloth,’ of boekrolle, wat tydens die feeste gelees word.

# Ester

(Ester)

אסתר - Ster.

Die boek is rondom 400 voor Yeshua deur ’n onbekende skrywer geskryf.

1 1 Nou, dit het gebeur in die dae van Agashverosh, wat oor Indië en selfs tot by Kush, oor 'n honderd sewe en twintig provinsies, geheers het;
2 in die dae toe koning Agashverosh op die troon van sy koninkryk, in die paleis van Shushan, gesit het,
3 in die derde jaar van sy regering, dat hy 'n groot fees vir al sy prinse, sy diensknegte, die sterk manne van die Perse en die Mede, die koning se edelmanne en die goewerneurs van die provinsies wat voor hom was, gehou het.
4 Toe het hy vir hulle die rykdom van sy wonderlike koninkryk gewys en die eer van sy grootheid vir baie dae, 'n honderd en tagtig dae lank.
5 Toe hierdie dae verby was, het die koning vir al die mense wat in die Shushan paleis was, klein en groot, 'n fees gehou vir sewe dae lank, in die hof van die tuin van die koning se paleis.
6 Daar was gordyne van wit katoen en wol en behangsels van persblou, vasgebind met koorde van fyn linne en pers stowwe aan silwerringe en marmerpilare! Die sitbanke was van goud en silwer op 'n plaveisel van marmer en die matte was van fyn linne en sy!
7 Hulle het aan die gaste drankies gegee in bekers van goud, elkeen verskillend van mekaar en koninklike wyn in oorvloed, volgens die vrygewigheid van die koning!
8 Die drinkery was volgens die wet, niemand is gedwing nie, want so het die koning bevel gegee aan al die kelners van sy huishouding, dat hulle volgens elkeen se begeerte moes doen.
9 Vashti, die koningin, het ook 'n groot fees vir al die vroue in die koninklike huis van koning Agashverosh gehou.
10 Op die sewende dag, toe die innerlike van die koning vrolik was van die wyn, het hy die lyfknegte, Mehuman, Bizta, Harvona, Bigta, Avagta, Zetar en Karkas, wat in die teenwoordigheid van koning Agashverosh gedien het, beveel
11 om koningin Vashti met die koninklike kroon voor die koning te bring om haar skoonheid aan die mense en die prinse te wys, want sy was mooi om na te kyk,
12 maar koningin Vashti het geweier om te kom op die bevel van die koning deur die lyfknegte; daarom was die koning woedend en sy woede het in hom gebrand.
13 Toe het die koning met die wyse manne, die kenners van die tye, gepraat, want dit was die koning se gebruik, hy het sake bespreek in die teenwoordigheid van almal wat die wet en die reg geken het
14 en die wat naaste aan hom was, was Karshna, Shetar, Admata, Tarshish, Meres, Marsna en Memukhan; die sewe prinse van die Perse en die Mede wat in die teenwoordigheid van die koning gesit het en wat voor hom gesien is by die poort van die koninklike paleis.
15 "Wat sal ons volgens wet aan koningin Vashti doen omdat sy nie die opdrag van koning Agashverosh, deur sy lyfknegte gegee, uitgevoer het nie?"
16 Memukhan het voor die koning en die prinse gesê: "Vashti, die koningin, het nie alleen verkeerd gedoen teenoor die koning nie, maar ook teenoor al die prinse en al die mense wat in al die provinsies van koning Agashverosh is,

17 want hierdie daad van die koningin sal al die vroue bereik sodat hulle mans in hul oë veragtelik sal wees en hulle sal sê: "Koning Agashverosh het bevel gegee om koningin Vashti voor hom in te bring, maar sy het nie gekom nie."
18 Hierdie selfde dag nog sal al die prinsesse van die Perse en die Mede, wat van die daad van die koningin gehoor het, dit aan al die prinse van die koning vertel. So sal daar baie veragting en woede wees!
19 As dit die koning tevrede stel, laat daar 'n koninklike bevel van hom af uitgaan en geskryf word in die wette van die Mede en die Perse sodat dit nie verander kan word nie dat Vashti, die koningin, nie meer na koning Agashverosh mag kom nie en laat die koning haar koninklike posisie gee aan 'n ander wat beter is as sy
20 en die koning se bevel moet verkondig en publiseer word in sy hele koninkryk, want dit is groot sodat alle vroue, groot en klein, aan hulle mans eer sal betoon."
21 Die woord het die koning en die prinse tevrede gestel en die koning het gedoen volgens die raad van Memukhan
22 en briewe aan al die koning se provinsies gestuur, na elke provinsie volgens sy eie skrif en aan elke volk volgens sy eie taal sodat elke man outoriteit in sy eie huis moet dra en dat dit in elke volk se taal gepubliseer moet word.

2 1 Na hierdie dinge, toe die woede van koning Agashverosh bedaar het, het hy Vashti, die koningin, onthou en wat sy gedoen het en wat teen haar beveel is.
2 Toe sê die koning se diensknegte en ministers vir hom: "Laat daar mooi maagde gesoek word vir die koning
3 en laat die koning amptenare aanstel in al die provinsies sodat hulle al die maagde wat mooi is, bymekaar laat kom in die huis van die vroue, onder toesig van Hegai, die lyfkneg, bewaker van vroue en laat hulle middele tot reiniging vir hulle gegee word.
4 Laat die maagd wat die koning tevrede stel, koningin wees in die plek van Vashti." Dit het die koning tevrede gestel en hy het so gedoen.
5 Daar was 'n sekere man van Y'hudah in die paleis van Shushan met die naam van Mordekhai, die seun van Ya'ir, die seun van Shim'i, die seun van Kish, 'n Binyaminiet,
6 wat uit Yerushalayim weggevoer is saam met die ballinge wat in ballingskap weg is saam met Y'hoyakhin, koning van Y'hudah, wat deur N'vukadnetzar, koning van Bavel, weggevoer is [2 Kon 24:12; 25:27-30; Yir 27:20]
7 en hy het Hadassah, dit is Ester, die dogter van sy oom, grootgemaak, want sy het nie vader of moeder gehad nie en die meisie was fraai en mooi en by die dood van haar vader en moeder het Mordekhai haar as sy eie dogter geneem.
8 Nadat die bevel en die wet van die koning gehoor is en baie maagde in die paleis van Shushan onder toesig van Hegai, die lyfkneg, bymekaar gebring is, is daardie Ester ook na die koning se paleis gebring, onder toesig van Hegai, die bewaker van vroue.
9 Die meisie het hom tevrede gestel en guns by hom gevind en hy het gou vir haar die nodige reinigingsmiddele, wat haar deel was, gegee en vir haar sewe meisies wat haar waardig was, vanuit die koning se huishouding gegee en hy het haar en haar meisies voorkeur gegee, meer as al die ander vroue.

10 Ester het nie haar volk of haar familie bekend gemaak nie omdat Mordekhai haar beveel het om dit nie bekend te maak nie.
11 Mordekhai het elke dag voor die hof van die huis van die vroue geloop om te hoor hoe dit met Ester gaan en wat van haar sou word.
12 Wanneer die beurt van elke meisie aanbreek om voor koning Agashverosh in te gaan nadat sy twaalf maande daar was volgens die wet vir die vroue, want so is die dae van hulle reiniging bereik: afwisselend ses maande met mirre-olie en ses maande lank met speserye en met ander middele vir die reiniging van vroue,
13 het elke meisie dan voor die koning gekom; wat sy ook al begeer, is vir haar gegee vanuit die huis van die vroue om saam te vat na die koning se huis.
14 In die aand het sy ingegaan en in die oggend teruggekom na die huis van die vroue onder toesig van Sha'ashgaz, die koning se lyfkneg, bewaker van die byvroue; sy het nie weer by die koning ingegaan, behalwe as die koning vreugde in haar gevind het en haar by die naam roep nie.
15 Toe die beurt van Ester, die dogter van Avigayil, die oom van Mordekhai, wat haar as sy dogter geneem het, kom om in te gaan by die koning, het sy vir niks gevra nie, behalwe wat Hegai, die lyfkneg van die koning, bewaker van vroue, voorgestel het. Ester het guns gevind in die oë van almal wat haar gesien het.
16 Ester het voor koning Agashverosh in sy koninklike paleis ingegaan in die tiende maand, dit is die maand Tevet, in die sewende jaar van sy regering.
17 Die koning het Ester meer liefgekry as al die vroue en sy het guns en aanvaarding in sy oë gevind, meer as al die ander maagde sodat hy die koninklike kroon op haar kop gesit en haar koningin gemaak het in die plek van Vashti.
18 Toe het die koning 'n groot feesmaal vir al sy prinse en sy diensknegte gegee, Ester se fees en hy het verligting vir die provinsies aangekondig en geskenke gegee, volgens die vrygewigheid van die koning!
19 Toe die maagde vir die tweede keer bymekaargemaak is, het Mordekhai in die poort van die koning gesit.
20 Ester het nog nie haar familie of haar volk bekend gemaak nie, soos Mordekhai haar beveel het, want Ester het die opdrag van Mordekhai nagekom soos toe sy getrou deur hom opgevoed is.
21 Terwyl Mordekhai in daardie dae in die poort van die koning sit, het Bigtan en Teresh, twee van die koning se lyfknegte, van hulle wat die deur oppas, kwaad geword en gesoek om die hand aan koning Agashverosh te slaan
22 en dit het aan Mordekhai bekend geword, wat dit aan Ester, die koningin vertel het en Ester het dit in die naam van Mordekhai aan die koning vertel.
23 Toe die saak ondersoek en so bevind is, is hulle twee aan 'n galg opgehang en dit is in die boekrol van die kronieke voor die koning opgeskryf.

3 1 Ná hierdie dinge het koning Agashverosh vir Haman, die seun van Hammedatha, die Agagiet, bevorder en hom verhoog en sy setel hoër gestel as dié van al die prinse wat by hom was
2 en al die diensknegte van die koning wat in die poort van die koning was, het gebuig en respek aan Haman betoon, want so het die koning aangaande hom bevel gegee, maar Mordekhai het nie gebuig of respek betoon nie.

3 Toe het die diensknegte van die koning, wat in die poort van die koning was, vir Mordekhai gevra: "Waarom oortree jy die opdrag van die koning?" Hand 5:29
4 Dit het gebeur toe hulle elke dag met hom gepraat het en hy nie na hulle wou luister nie, hulle dit vir Haman vertel het, om te sien of Mordekhai se woorde die waarheid is, want hy het hulle vertel dat hy van Y'hudah is.
5 Toe Haman sien dat Mordekhai nie voor hom buig of eer betoon nie, was Haman woedend teenoor Mordekhai
6 en hy het dit te gering geag om die hand aan Mordekhai alleen te slaan, want hulle het aan hom die volk van Mordekhai openbaar, waarop Haman daarna gesoek het om almal van Y'hudah, wat in die hele koninkryk van Agashverosh was, die volk van Mordekhai, te vernietig.
7 In die eerste maand, dit is die maand Nisan, in die twaalfde jaar van koning Agashverosh, het hulle die lot voor Haman gewerp vir elke dag en vir elke maand. Toe op die twaalfde maand, dit is die maand Adar,
8 sê Haman vir koning Agashverosh: "Daar is 'n sekere volk wat verstrooid en afgesonderd is tussen die volke in al die provinsies van koning Agashverosh en hulle wette is anders as dié van enige ander volk en hulle hou nie die wette van die koning nie; daarom moet die koning hulle nie spaar nie.
9 As die koning dit goedvind, laat dit neergeskryf word dat hulle vernietig mag word en ek sal tien duisend talente silwer afweeg in die hande van hulle wat beheer het oor die saak, om dit by die skatte van die koning te sit."
10 Die koning vat toe die seëlring van sy hand af en gee dit vir Haman, die seun van Hammedatha, die Agagiet, die vyand van die Y'hudahiete.
11 Die koning het aan Haman gesê: "Die silwer word aan jou geskenk asook die volk, om daarmee te doen soos goed is in jou oë."
12 Toe is die skrywers van die koning geroep op die dertiende dag van die eerste maand en daar is geskrywe net soos Haman beveel het aan die koning se bevelvoerders en goewerneurs wat oor elke provinsie was en aan die prinse van elke volk wat in elke provinsie was, volgens sy skrif en aan elke volk volgens sy taal; in die naam van koning Agashverosh is dit geskryf en verseël met die seëlring van die koning.
13 Die briewe is met die hardlopers, na al die provinsies van die koning, gestuur om almal van Y'hudah te vernietig, dood te maak en uit te roei, jonk en oud, kinders en vroue, op een dag, op die dertiende dag van die twaalfde maand, dit is die maand Adar en om hulle besittings as buit te plunder.
14 'n Afskrif van die skrywe is in elke provinsie uitgevaardig as opdrag aan al die volke om gereed te wees op daardie dag.
15 Die hardlopers het uitgegaan, verhaas deur die koning se woord en die wet is in die Shushan paleis uitgevaardig en die koning en Haman het gesit en drink, maar die stad Shushan was in oproer.

4 1 Toe Mordekhai gehoor het van alles wat gedoen is, het hy sy klere geskeur en 'n roukleed en as aangetrek en uitgegaan deur die stad en hardop 'n bitter klaaglied uitgeskreeu

2 en tot so ver as die poort van die koning gekom, want dit was onwettig om met ’n roukleed by die poort van die koning in te gaan.

3 In elke provinsie, waar die bevel van die koning en sy wet ook al aangekom het, was daar groot rou onder hulle van Y’hudah met vas en gehuil en klaagliedere; baie het in sak en as gelê.

4 Toe Ester se diensmeisies en haar lyfkneg kom en haar vertel, was die koningin baie omgekrap en sy het klere gestuur om Mordekhai aan te trek en om sy roukleed van hom weg te vat, maar hy het dit nie aanvaar nie.

5 Toe het Ester vir Hatakh, een van die lyfknegte van die koning, wat hy in haar diens gestel het, geroep en hom beveel om na Mordekhai te gaan om uit te vind wat dit beteken en waarom dit gebeur.

6 Hatakh het uitgegaan na Mordekhai, in die strate van die stad wat voor die poort van die koning is.

7 Toe vertel Mordekhai hom alles wat hom oorgekom het en van die bedrag silwer wat Haman beloof het om in die skatte van die koning af te weeg om hulle van Y’hudah te vernietig.

8 Hy het ook vir hom ’n afskrif gegee van die geskrewe wet wat in Shushan, in die paleis, uitgevaardig is om dit aan Ester te wys en haar te versoek om in te gaan na die koning en hom te smeek en te versoek namens haar volk.

9 Hatakh het ingegaan en die woorde van Mordekhai aan Ester vertel.

10 Ester het weer met Hatakh gepraat en hom ’n opdrag gegee vir Mordekhai:

11 “Al die koning se diensknegte weet dat vir wie ook al, man of vrou, wat na die koning in die binneste voorhof ingaan, sonder dat hy geroep is, net een wet geld: hy moet gedood word, behalwe die een waarna die koning sy goue septer uitsteek sodat hy mag lewe, maar ek is nie geroep om by die koning in te kom, die laaste dertig dae nie.”

12 Hy het Ester se woorde vir Mordekhai vertel.

13 Toe sê Mordekhai vir hom om Ester te antwoord: “Moenie by jouself dink dat jy, meer as die ander van Y’hudah, sal ontsnap omdat jy in die koning se huis is nie,

14 want as jy heeltemal stilbly in hierdie tyd, sal daar verligting en redding vir hulle van Y’hudah vanaf ’n ander plek kom, maar jy en jou vader se huis sal vernietig word en wie weet of jy nie geroep was om na die koninkryk te kom vir ’n tyd soos hierdie nie?”

15 Toe sê Ester dat hulle Mordekhai hierdie antwoord moes teruggee:

16 “Gaan, versamel almal van Y’hudah wat in die paleis van Shushan te kry is en vas om my ontwil; eet en drink nie, drie dae lank, nag en dag; ek en my diensmaagde sal net so vas; dan sal ek na die koning toe ingaan, wat nie volgens die wet is nie en as ek omkom, dan kom ek om.”

17 Mordekhai het gegaan en gedoen alles wat Ester hom beveel het.

5 1 Op die derde dag het Ester haar koninklike klere aangetrek en in die binneste hof van die koning se paleis gaan staan, oorkant die koning se huis; die koning het op sy koninklike troon gesit oorkant die hek van die huis.

2 Toe die koning vir Ester, die koningin, in die voorhof sien staan, het sy guns in sy oë gevind en die koning het die goue septer wat in sy hand was, na Ester uitgesteek; Ester het nader gekom en die bokant van die septer vasgehou.
3 Toe sê die koning vir haar: “Wat pla jou, koningin Ester en wat is jou versoek? Dit sal aan jou gegee word, selfs tot die helfte van die koninkryk.
4 Ester antwoord: “As dit goed is vir die koning, laat die koning en Haman na die feesmaal kom wat ek vir hom voorberei het.”
5 Toe sê die koning: “Maak gou om vir Haman te vind sodat hy kan doen wat Ester gesê het!” Die koning en Haman het gegaan na die feesmaal wat Ester voorberei het.
6 By die feesmaal van wyn sê die koning vir Ester: “Wat is jou versoek? Dit sal jou toegestaan word en wat vra jy? Selfs tot die helfte van die koninkryk sal aan jou gegee word.
7 Toe antwoord Ester en sê: “My vraag en my versoek is:
8 as ek guns in u oë gevind het, o koning en as die koning dit goed vind om my versoek toe te staan en my begeerte uit te voer, laat die koning en Haman na die feesmaal toe kom wat ek môre vir hulle sal voorberei, dan doen ek wat die koning gesê het.”
9 Toe het Haman op daardie dag bly en opgeruimd uitgegaan, maar toe Haman vir Mordekhai in die poort van die koning sien sit en dat hy nie opstaan of vir hom wegbeweeg nie, was hy vol woede teen Mordekhai.
10 Nogtans het Haman hom bedwing en toe hy by sy huis kom, laat hy al sy vriende en sy vrou Zeresh haal
11 en Haman het hulle vertel van die lof en eer van sy rykdom en van die menigte van sy kinders en hoe die koning hom bevorder het en hom opgelig het bo die prinse en die diensknegte van die koning.
12 Haman het verder gesê: “Selfs Ester, die koningin, het niemand saam met die koning na die feesmaal laat kom wat sy voorberei het nie, behalwe vir my en ook vir môre is ek, saam met die koning, deur haar genooi;
13 tog stel niks daarvan my tevrede, solank as wat ek vir Mordekhai, die Y’hudahiet, by die poort van die koning sien sit nie, want hy beweeg nie weg voor my nie.”
14 Toe sê sy vrou Zeresh en al sy vriende vir hom: “Laat ’n galg gemaak word van vyftig el hoog en praat in die oggend met die koning dat Mordekhai daaraan opgehang word; gaan dan vrolik saam met die koning na die feesmaal. Dit het Haman uitermate tevrede gestel en hy het die galg laat maak.

6 1 In daardie nag kon die koning nie slaap nie en hy het beveel dat die boek van opgetekende kronieke gebring moes word en hulle is voor die koning gelees
2 en dit is opgeteken gevind dat Mordekhai vertel het van Bigtana en Teresh, twee lyfknegte van die koning, bewakers van die deure, wat gesoek het om die hand aan koning Agashverosh te slaan.
3 Die koning het gevra: “Watter eer en waardigheid is op Mordekhai geplaas as gevolg hiervan? Toe het die koning se diensknegte en ministers geantwoord: “Daar is niks vir hom gedoen nie.”

4 Toe sê die koning: “Wie is in die hof?” Nou, Haman het in die buitenste hof van die koninklike paleis ingekom om met die koning te praat om Mordekhai op te hang aan die galg wat hy vir hom voorberei het.

5 Die koning se diensknegte antwoord hom: “Let op, Haman staan in die hof.” Die koning sê: “Laat hy inkom.”

6 Haman het ingekom en die koning vra vir hom: “Wat moet met die man gedoen word aan wie die koning eer wil bewys?” Haman het in sy verstand gedink: “Aan wie sou die koning wou eer bewys meer as aan my?”

7 Haman antwoord die koning: “Vir die man aan wie die koning eer wil bewys:

8 die koninklike kleed moet gebring word wat die koning dra en die perd waarop die koning ry en die koninklike kroon moet op sy kop gesit word

9 en hulle moet die kleed en die perd afgee in die hand van een van die edelste prinse van die koning en hy moet die man aantrek aan wie die koning eer wil bewys en hom laat ry op die perd en hom rondneem in die stad en voor hom uitroep: “So sal dit gedoen word aan die man aan wie die koning eer wil bewys.”

10 Toe sê die koning vir Haman: “Maak gou, vat die kleed en die perd, soos jy gesê het en doen so aan Mordekhai, die Y’hudahiet, wat in die poort van die koning sit; laat niks onvervuld bly van alles wat jy gepraat het nie.”

11 Toe het Haman die kleed en die perd gevat, vir Mordekhai aangetrek en hom op die perd deur die strate van die stad begelei en voor hom uitgeroep: “So sal gedoen word aan die man aan wie die koning eer wil bewys.”

12 Mordekhai het weer na die poort van die koning gegaan, maar Haman het na sy huis gegaan, treurend en met sy kop bedek.

13 Haman het aan sy vrou Zeresh alles vertel wat hom oorgekom het. Toe sê sy vriende en sy vrou Zeresh vir hom: “As Mordekhai uit die geslag van Y’hudah is, voor wie jy alreeds begin val het, sal jy nie teen hom staande kan bly nie, maar weer voor hom verneder word.”

14 Terwyl hy nog met hulle gepraat het, het die koning se boodskappers gekom en gehaas om Haman na die feesmaal te bring wat Ester voorberei het.

7 1 Die koning en Haman het ingegaan na die feesmaal wat Ester, die koningin, voorberei het.

2 Op die tweede dag van die feesmaal van wyn het die koning weer vir Ester gesê: “Wat is jou begeerte en wat is jou versoek? Dit sal aan jou toegestaan word, tot die helfte van die koninkryk.

3 Toe antwoord Ester, die koningin en sê: “As ek guns in u oë gevind het, o koning en as dit die koning gelukkig sal maak, laat my lewe vir my gegee word en dié van my volk, deur my smeking, op my versoek,

4 want ons is verkoop, ek en my volk, om neergeslaan, gedood te word met die swaard en uitgewis te word, as ons maar as slawe en slavinne verkoop is, sou ek stilgebly het, maar die vyand sal nie huiwer om skade aan die koning te doen nie.”

5 Toe antwoord koning Agashverosh en sê vir Ester, die koningin: “Wie is hy en waar is hy wat dit in sy denke waag om so te maak?”

6 Ester sê: "Die onderdrukker en vyand is hierdie bose Haman!" Toe bewe Haman voor die koning en die koningin

7 en die koning het in sy woede van die wynfeesmaal af opgestaan en na die tuin van die paleis gegaan en Haman het daar gebly om vir sy lewe te pleit by Ester, die koningin, want hy het gesien dat boosheid deur die koning oor hom besluit is.

8 Haman het op die rusbank neergeval waarop Ester gesit het en toe die koning uit die tuin van die paleis na die saal van die wynfeesmaal terugkom, het die koning gesê: "Wil hy ook die koningin voor my in die huis onteer?" Soos die woord uit die mond van die koning gekom het, het hulle Haman se gesig bedek.

9 Harvona, een van sy lyfknegte, het voor die koning gesê: "Let op, die galg, vyftig el hoog, wat Haman laat maak het vir Mordekhai, wat goed van die koning gepraat het, staan by die huis van Haman!" Toe sê die koning: "Hang hom daaraan op!"

10 Hulle het Haman opgehang aan die galg wat hy vir Mordekhai voorberei het. Toe is die koning se woede afgekoel.

8 1 Op daardie dag het koning Agashverosh die huis van Haman, vyand van die Y'hudahiete, aan Ester, die koningin, gegee en Mordekhai het voor die koning gekom, want Ester het vertel wat hy van haar was.

2 Die koning het die ring, wat hy weggevat het by Haman, gevat en vir Mordekhai gegee en Ester het Mordekhai aangestel oor die huis van Haman.

3 Ester het teruggekom en weer voor die koning gepraat en voor sy voete neergeval en gehuil en hom ernstig gesmeek om die kwaad van Haman, die Agagiet, te verwyder en sy plan wat hy teen die Y'hudahiete beraam het, te verydel.

4 Toe het die koning die goue septer na Ester uitgesteek en Ester het dit aangeraak en voor die koning gaan staan

5 en gesê: "As dit die koning tevrede stel en dit reg is voor die koning en as ek guns in sy oë gevind het, laat dit geskryf word dat die briewe, met die plan van Haman, die Agagiet, wat hy geskryf het om hulle van Y'hudah wat in al die provinsies van die koning is, uit te roei, herroep word,

6 want hoe sou ek die katastrofe wat my volk sal tref, kan verdra, of hoe sou ek die vernietiging van my familie kan verdra?"

7 Toe sê koning Agashverosh vir Ester, die koningin: "Let op, ek het vir jou die huis van Haman gegee en hom het hulle aan die galg opgehang omdat hy sy hand teen die mense van Y'hudah opgelig het.

8 Skryf aangaande die Y'hudahiete wat julle goeddink in die naam (karakter en outoriteit) van die koning en seël dit met die ring van die koning, want 'n geskrif, in die naam (karakter en outoriteit) van die koning geskryf en geseël met die ring van die koning, kan nie herroep word nie."

9 Toe is die koning se skrywers in daardie tyd geroep, op die drie en twintigste van die derde maand, dit is die maand Sivan en daar is aan die bevelvoerders van die leërmag, die goewerneurs en die prinse van die provinsies vanaf Indië tot by Kush, een honderd sewe en twintig provinsies, geskrywe volgens alles wat Mordekhai geskryf het aangaande die Y'hudahiete; aan elke provinsie volgens sy skrif en aan elke volk in sy eie taal en aan die Y'hudahiete in hulle skrif en in hulle taal.

10 Die briewe is geskryf in die naam (karakter en outoriteit) van koning Agashverosh en geseël met sy ring en hulle is gestuur met hardlopers, perderuiters en dromedarisse.
11 In hierdie briewe gee die koning toestemming aan die Y'hudahiete wat in elke stad bly om bymekaar te kom en hulle lewens te verdedig; om elkeen wat hulle mag onderdruk, saam met kinders en vroue en hulle besittings as buit te plunder, te vernietig, dood te maak en uit te roei
12 en dit op een dag, in al die provinsies van koning Agashverosh, op die dertiende van die twaalfde maand, dit is die maand Adar.
13 'n Afskrif van die skrywe is uitgereik as wet in elke provinsie en verklaar aan al die volke dat die Y'hudahiete op dié dag gereed moes wees om hulle op hul vyande te wreek.
14 Die hardlopers, perderuiters en dromedarisse het vanuit die paleis in Shushan uitgegaan, verhaas deur die opdrag en bevel van die koning.
15 Toe het Mordekhai uit die koning se teenwoordigheid weggegaan in koninklike klere van persblou en fyn wit linne, met 'n goue kroon op en 'n bo-kleed van fyn wit linne en pers stof en die stad Shushan het gejubel en was bly.
16 Die Y'hudahiete het lig, blydskap, vreugde en eer gehad
17 en in elke provinsie en in elke stad waar die bevel van die koning en sy wet ook al gekom het, het die Y'hudahiete groot vreugde, 'n fees en 'n goeie dag gehad. Baie uit die volke van die land het verskrik geword, want vrees vir die Y'hudahiete het op hulle geval.

9 1 In die twaalfde maand, dit is die maand Adar, op die dertiende van die maand, toe die bevel van die koning en sy wet uitgevoer sou word, op die dag dat die vyande van die Y'hudahiete gehoop het om hulle te oorweldig, alhoewel die bevelskrif tot die teenoorgestelde gedraai is sodat die Y'hudahiete oor hulle haters sou heers,
2 het die Y'hudahiete saamgekom in hulle stede in al die provinsies van koning Agashverosh om hulle aan te val wat hul skade soek en niemand kon hulle weerstaan nie, want vrees vir hulle het op al die volke geval.
3 Al die prinse van die provinsies, die bevelvoerders van die weermag, die goewerneurs en hulle wat in diens van die koning was, het die Y'hudahiete ondersteun, want vrees vir Mordekhai het hulle oorval,
4 want Mordekhai was groot in die paleis van die koning en sy beroemdheid het deur al die provinsies versprei omdat die man Mordekhai al groter geword het.
5 So het die Y'hudahiete al hulle vyande met die swaard neergeslaan in slagting en vernietiging en het aan hulle gedoen wat hulle wat hul haat, aan hul sou doen.
6 In Shushan, in die paleis, het die Y'hudahiete vyf honderd man gedood en uitgewis
7 en hulle het Parshandata, Dalfon, Aspata,
8 Porata, Adalya, Aridata,
9 Parmahsta, Arisai, Aridai en Vaizata,
10 die tien seuns van Haman, die seun van Hammedatha, die vyand van die Y'hudahiete, gedood, maar hulle het nie hulle hande gesit aan die buit nie.

11 Op daardie dag is die getal van dié wat in die paleis Shushan gedood is, voor die koning gebring
12 en die koning het vir Ester, die koningin, gesê: “In die paleis Shushan het die Y’hudahiete vyf honderd man gedood en uitgewis asook die tien seuns van Haman; wat het hulle gedoen in die ander provinsies? Wat is nou jou begeerte? Dit sal aan jou gegee word. Wat is verder jou versoek? Dit sal vir jou gedoen word.”
13 Toe sê Ester: “Laat dit môre ook aan die Y’hudahiete wat in Shushan is, toegestaan word om op te tree volgens die wet wat geld vir vandag en laat die tien seuns van Haman aan die galg opgehang word.”
14 Die koning het bevel gegee dat dit so gedoen word; die wet is in Shushan uitgevaardig en die tien seuns van Haman is opgehang.
15 Die Y’hudahiete wat in Shushan was, het ook op die veertiende dag van dieselfde maand bymekaargekom en drie honderd man in Shushan gedood, maar nie hulle hande op die buit gelê nie.
16 Die ander Y’hudahiete wat in die provinsies van die koning was, het saamgekom en hulle lewe verdedig en gerus van hul vyande; hulle het onder dié wat hulle haat vyf en sewentig duisend gedood, maar nie hulle hande aan die buit gesit nie.
17 Hulle het begin op die dertiende dag van die maand Adar en op die veertiende daarvan het hulle gerus
18 en dit ’n dag van feesviering en vreugde gemaak;
19 daarom maak die Y’hudahiete wat verstrooi is en in ver verwyderde dorpe bly, van die veertiende dag van die maand Adar ’n dag van vrolikheid en feesviering en ’n goeie dag waarop hulle vir mekaar porsies kos stuur.
20 Mordekhai het hierdie dinge neergeskryf en briewe gestuur aan al die Y’hudahiete wat in al die provinsies van koning Agashverosh was, naby en ver,
21 om ooreen te kom dat hulle die veertiende dag en die vyftiende dag van die maand Adar jaarliks moet vier
22 as die dae waarop die Y’hudahiete gerus het van hulle vyande en die maand wat vir hulle van smart tot vreugde en van rou tot ’n feesdag verander is en dat hulle dit dae van feesviering en vreugde moet maak en porsies kos vir mekaar stuur en geskenke vir die armes.
23 Die Y’hudahiete het dit aanvaar om te doen soos hulle begin het en soos Mordekhai vir hulle geskryf het,
24 want Haman, die seun van Hammedatha, die Agagiet, vyand van almal van Y’hudah, het beplan om hulle uit te roei en het die lot (pur) gewerp om hulle te vernietig en uit te roei.
25 Toe Ester voor die koning gekom het, het hy laat neerskryf: “Laat die bose plan wat teen die Y’hudahiete gesmee is, terugkeer op die kop van hom wat hulle beplan het en laat hy en sy seuns aan die galg opgehang word;”
26 daarom noem hulle dié dae Purim, volgens die woord pur (lot). As gevolg van al die woorde van die brief en wat hulle aangaande die saak gesien het en wat oor hulle gekom het,

27 het die Y’hudahiete dit vasgestel vir hulleself en hulle nageslag en vir almal wat by hulle sou aansluit sodat hulle nie sal faal om hierdie twee dae te hou volgens wat geskryf is en volgens die vasgestelde tyd elke jaar nie
28 en dat hierdie dae onthou en gehou moet word deur al die geslagte in elke provinsie en stad en dat hierdie dae van Purim nie ophou onder die Y’hudahiete nie en hulle herdenking nie ophou onder hulle nageslag nie.
29 Toe het Ester, die koningin, dogter van Avigayil en Mordekhai, die Y’hudahiet, met alle outoriteit geskryf om hierdie brief aangaande Purim te bekragtig
30 en hulle het briewe aan almal van Y’hudah gestuur in die honderd sewe en twintig provinsies in die koninkryk van Agashverosh, met woorde van waarheid en vrede,
31 om hierdie dae van Purim op hulle vasgestelde tye te bevestig, soos wat Mordekhai, die Y’hudahiet en Ester, die koningin, dit vasgestel het vir hulle en vir hul nageslag; om die voorskrifte aangaande hulle vas en hulle gebede te gee.
32 Die bevel van Ester het hierdie voorskrifte vir Purim bevestig wat in ’n boek geskryf is.

10 1 Koning Agashverosh het ’n belasting op die hele land en op die eilande van die see gehef
2 al die dade van sy krag en sterkte en die lof en eer van die grootheid van Mordekhai, waartoe die koning hom verhoog het, let op, dit is opgeteken in die boekrol van die kronieke van die konings van die Mede en die Perse,
3 want Mordekhai, die Y’hudahiet, tweede na koning Agashverosh, het die hoof oor hulle van Y’hudah geword en het die beste vir sy volk gesoek en namens sy hele geslag gepraat.

Die vyf en dertigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die negende boek van die Geskrifte

# Dani’el

(Daniël)

דניאל - Die Magtige God is my Regter.

Die boek is gedeeltelik in Hebreeus en gedeeltelik in Aramees geskryf. Die skrywer en die presiese tyd van skrywe is nie bekend nie.

1 1 In die derde jaar van die regering van Y’hoyakim, koning van Y’hudah, het N’vukadnetzar, koning van Bavel, na Yerushalayim gekom en dit beleër. Yeg 17:13-15
2 יהוה het dit, saam met Y’hoyakim, koning van Y’hudah, in sy hand gegee, saam met die voorwerpe van die huis van יהוה, wat hy weggedra het na die land van Shin’ar en gebring het na die huis van sy afgod en die voorwerpe het hy in die skathuis van sy afgod gebring.
3 Die koning het met Ashp’naz, hoof van die lyfknegte, gepraat en gesê hy moet sommige van die seuns van Yisra’el, uit die koninklike families, sowel as uit die edeles, bring:
4 seuns met geen gebrek nie, wat aantreklik was in voorkoms, vernuftig in wysheid en in besit van kennis en insig in wetenskap, hulle wat bekwaam is om in die paleis van die koning te staan en hom te dien en vir wie hulle die opvoeding en die taal van die Kasdeërs kan leer. 2 Kon 20:18
5 Die koning het vir hulle ’n daaglikse porsie uit die kos van die koning en van die wyn wat hy gedrink het bestem, om hulle vir drie jaar te voed sodat hulle daarna voor die koning kan dien.
6 Tussen hulle was vanuit die seuns van Y’hudah: Dani’el, Hananyah, Misha’el en `Azaryah.
7 Die hoof van die lyfknegte het vir hulle name gegee: Dani’el het hy Belt’shatzar genoem, vir Hananyah: Shadrakh, vir Misha’el: Meishakh en vir `Azaryah: `Aved-N’go.
8 Dani’el het in sy binneste besluit om nie van die koning se kos te eet, of van sy wyn te drink, nie; daarom het hy die hoof van die lyfknegte gevra om hom nie te dwing om dit te eet nie.
9 God het vir Dani’el guns en omgee voor die hoof van die lyfknegte gegee.
10 Die hoof van die lyfknegte het vir Dani’el gesê: “Ek vrees my meester, die koning, wat opdragte gegee het aangaande julle kos en julle drank. As hy sien julle voorkoms lyk slegter as dié van die jong seuns van julle ouderdom, sal die koning my laat onthoof.”
11 Toe sê Dani’el vir Menezar, wat die hoof van die lyfknegte oor Dani’el, Hananyah, Misha’el en `Azaryah aangestel het:
12 “Toets u diensknegte vir tien dae en laat hulle vir ons groente gee om te eet en water om te drink;
13 laat dan ons voorkoms en die voorkoms van die jong seuns, wat die kos van die koning eet, ondersoek en handel met u diensknegte volgens wat u sien.”
14 Hy het na hulle geluister in hierdie saak en hulle tien dae lank getoets
15 en aan die einde van die tien dae het hy gesien dat hulle voorkoms beter en voller is as al die jong seuns wat die kos van die koning geëet het.
16 Menezar het die deel van hulle kos en die wyn wat hulle moes drink, weggevat en vir hulle groente gegee om te eet en water om te drink.
17 Wat hierdie vier jong seuns betref, God het aan hulle insig, kennis in elke boek en wysheid gegee en Dani’el het begrip in visioene en drome gehad.

18 Toe die dae verby was wat die koning vasgestel het, het die hoof van die lyfknegte hulle voor N'vukadnetzar gebring
19 en die koning het met hulle gepraat en niemand onder hulle gevind soos Dani'el, Hananyah, Misha'el en `Azaryah nie; daarom het hulle voor die koning gedien
20 en in enige saak van wysheid en insig wat die koning van hulle gevra het, het hy hulle tien maal beter gevind as al die towenaars en sterrekundiges wat in sy hele koninkryk was.
21 Dani'el het aangehou selfs tot die eerste jaar van koning Koresh.

2 1 In die tweede jaar van die regering van N'vukadnetzar, het N'vukadnetzar 'n droom gehad, sy gees was omgekrap en sy slaap het gewyk.
2 Toe het die koning beveel om die voorspellers, die sterrekundiges, die towenaars en die Kasdeërs te roep, om vir die koning sy droom uit te lê. Hulle het gekom en voor die koning gaan staan
3 en die koning sê vir hulle: "Ek het 'n droom gehad en my gees is ontsteld om die droom te verstaan."
4 Toe het die Kasdeërs in Aramees met die koning gepraat en gesê: "Mag die koning vir altyd lewe! Vertel aan u diensknegte die droom en ons sal die betekenis gee."
5 Die koning het geantwoord en vir die Kasdeërs gesê: "Die woord wat ek gepraat het, is waar; as julle nie aan my die droom en sy betekenis bekend maak nie, sal julle in stukke gekap en julle huise geplunder word,
6 maar as julle vir my die droom en sy betekenis bekend maak, sal julle geskenke, rykdom en groot eer van my af ontvang; vertel my net die droom en sy betekenis."
7 Hulle het weer geantwoord en gesê: "Laat die koning die droom vir sy diensknegte vertel en ons sal die betekenis gee."
8 Die koning het geantwoord en gesê: "Verseker weet ek dat wat julle wil hê, is tyd omdat julle sien dat my woord vasstaan,
9 want as julle nie aan my die droom bekend maak nie, is daar maar een vonnis vir julle, want julle het leuens en valshede voorberei om voor my te praat om tyd te wen; daarom, vertel vir my die droom sodat ek kan weet dat julle vir my sy betekenis kan gee."
10 Die Kasdeërs het voor die koning geantwoord en gesê: "Daar is nie 'n mens op aarde wat kan openbaar wat die koning vra nie en ook het geen groot koning of heerser ooit so iets van enige voorspeller, sterrekundige of Kasdeërs gevra nie,
11 want dit wat die koning vra, is baie moeilik en daar is niemand anders wat dit voor die koning kon wys behalwe die gode, wie se woning nie by die mens is wat in vlees gebore is nie."
12 Toe was die koning uitermate woedend en hy het woedend beveel dat al die wyse manne van Bavel vernietig moet word.
13 Die bevel het uitgegaan dat die wyse manne doodgemaak moet word en die wagte het vir Dani'el en sy metgeselle gesoek om hulle dood te maak.
14 Toe het Dani'el daaroor nagedink en raad verkry en toe vir Aryokh, die bevelvoerder van die koninklike lyfwag wat uitgegaan het om die wyse manne van Bavel dood te maak, gesê:

15 "Hoekom is die bevel van die koning so ernstig?" Toe het Aryokh aan Dani'el die saak bekend gemaak.

16 Toe het Dani'el van die koning gevra om vir hom tyd te gee en belowe om vir hom die betekenis te gee.

17 Dani'el het toe na sy huis toe gegaan en dit bekend gemaak aan Hananyah, Misha'el en `Azaryah, sy metgeselle,

18 dat hulle onverdiende guns kon vra vanaf die God van die hemel aangaande hierdie geheim sodat Dani'el en sy metgeselle nie doodgemaak sou word saam met die res van die wyse manne van Bavel nie.

19 Toe is die geheim aan Dani'el openbaar in 'n visioen in die nag en Dani'el het die God van die hemel geseën.

20 Dani'el het geantwoord en gesê: "Geseënd is die Karakter en Outoriteit (Naam) van God vir ewig en ewig, want wysheid en krag behoort aan Hom

21 en Hy verander seisoene en tye; Hy verwyder konings en stel konings aan; Hy gee wysheid aan die wyse manne en kennis aan die wat insig het;

22 Hy openbaar diep en geheime dinge; Hy weet wat is in die duisternis en die lig is by Hom. [Yog 8:12]

23 Aan U, o God van my vaders, gee ek dank en ek prys U, wat aan my wysheid en krag gegee het en nou aan my bekend gemaak het wat ons van U gevra het, want U het die koning se saak aan ons bekend gemaak."

24 In daardie selfde uur het Dani'el na Aryokh gegaan, vir wie die koning beveel het om die wyse manne van Bavel dood te maak; hy het gegaan en só vir hom gesê: "Moenie die wyse manne van Bavel vernietig nie, maar bring my in voor die koning en ek sal die betekenis aan die koning bekend maak."

25 Toe het Aryokh haastig vir Dani'el voor die koning ingebring en só vir hom gesê: "Ek het 'n man onder die ballinge van Y'hudah gevind wat vir die koning die betekenis sal gee."

26 Die koning het geantwoord en vir Dani'el, wie se naam Belt'shatzar was, gesê: "Is jy in staat om vir my die droom wat ek gesien het en sy betekenis bekend te maak?"

27 Dani'el het in die teenwoordigheid van die koning geantwoord en gesê: "Die geheim wat die koning vereis het om te weet, kan geen wyse manne, voorspellers, towenaars of sterrekundiges aan die koning openbaar nie,

28 maar daar is 'n God in die hemel wat geheime openbaar en Hy het aan koning N'vukadnetzar bekend gemaak wat in die laaste dae sal gebeur. U droom en die visioen in u kop, op u bed, was dit:

29 "Wat u betref, o koning, u gedagtes het in u verstand opgekom oor wat hierna sal gebeur en Hy wat geheime openbaar, het aan u bekend gemaak wat sal gebeur,

30 maar wat my betref, hierdie geheim is nie aan my openbaar op grond van enige wysheid wat ek het, meer as enige persoon nie, maar ter wille van die betekenis sodat dit aan die koning bekend kan wees en dat u die gedagtes van u verstand kan ken.

31 U, o koning, het gekyk en let op, 'n groot beeld, wat se helderheid wonderlik was, het voor u gestaan en sy voorkoms was verskriklik.

32 Hierdie beeld se kop was van fyn goud, sy bors en arms van silwer, sy maag en dye van koper,
33 sy bene van yster, sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei.
34 Toe het U gesien dat ’n klip losgesny word, sonder mensehande, wat die beeld getref het aan sy voete wat van yster en klei was en dit aan stukke gestamp het.
35 Toe is die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud almal saam in stukke gebreek en dit het soos die kaf van die dorsvloere in die somer geword en ’n sterk wind het hulle weggevat sodat geen plek vir hulle gevind kon word nie en die klip wat die beeld getref het, het ’n groot berg geword en die hele aarde gevul.
36 Hierdie is die droom; nou sal ek sy betekenis voor die koning vertel:
37 U, o koning, is ’n koning van die konings, want die God van die hemel het aan u ’n magtige koninkryk en eer gegee
38 en elke land waarin mense woon, die voëls van die lug en die diere van die veld, het Hy onder u outoriteit geplaas en u heerser oor hulle almal gemaak. U is die kop van goud. [Yir 28:14]
39 Ná u sal daar ’n ander koninkryk, geringer as u, opstaan en ook ’n derde koninkryk, van koper, wat oor die hele aarde sal heers.
40 Die vierde koninkryk sal sterk wees soos yster, want net soos yster alles hamer en in stukke breek, so sal dit elke koninkryk breek en oorwin.
41 Waar u die voete en tone gesien het as deels van pottebakkersklei en deels van yster, sal die koninkryk verdeeld wees, maar daarin sal sommige van die krag van yster wees, net soos u die yster met kleigrond gemeng gesien het.
42 Die tone van die voete wat u gesien het, deels van yster en deels van klei, so sal sommige dele van die koninkryk sterk wees en sommige dele swak.
43 Waar u yster gemeng met kleigrond gesien het, so sal hulle hulleself met ’n ander vermeng deur die huwelik, maar hulle sal nie aan mekaar vaskleef nie, net soos yster nie met klei meng nie.
44 In die dae van hierdie konings sal die God van die hemel ’n ewige Koninkryk opwek, wat nooit vernietig sal word nie en die Koninkryk sal nie aan ander volke oorgelaat word nie, maar dit sal al daardie koninkryke in stukke breek en ’n einde daaraan maak, maar ditself sal vir ewig staan.
45 Soos u gesien het dat die klip uit die berg gekap is sonder toedoen van mensehande en dat dit die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud in stukke gebreek het, het die groot God aan die koning bekend gemaak wat in die laaste dae sal gebeur. Die droom is waar en sy betekenis betroubaar.”
46 Toe val koning N’vukadnetzar op sy gesig en betoon eer aan Dani’el en beveel dat hulle wierook en offers vir hom moet bring.
47 Die koning antwoord Dani’el en sê: “Waarlik, julle God is die God van die gode en die Meester van konings en ’n Openbaarder van geheime, want jy was in staat om hierdie geheim te openbaar.”
48 Toe het die koning Dani’el se rang verhoog en aan hom baie geskenke gegee en hom aangestel as heerser oor die hele provinsie van Bavel en as hoof oor al die generaals en oor die wyse manne van Bavel.

49 Toe het Dani’el van die koning versoek en vir Shadrakh, Meishakh en `Aved-N’go aangestel oor die bestuur van die provinsie Bavel, maar Dani’el self het in die poort van die koning gebly.

3 1 N’vukadnetzar, die koning, het ’n beeld van goud gemaak en sy hoogte was sestig el en sy breedte ses el en hy het dit opgerig in die vlakte van Dura, in die provinsie van Bavel.

2 Toe het N’vukadnetzar, die koning, gestuur om die generaals van die weermag, die landmeesters, die goewerneurs, die regters, die skatmeesters, die raadslede, die advokate en al die heersers van die provinsies bymekaar te maak om na die inwyding van die beeld te kom wat koning N’vukadnetzar opgerig het.

3 Toe het die generaals van die weermag, die landmeesters, die goewerneurs, die regters, die skatmeesters, die raadslede, die advokate en al die heersers van die provinsies bymekaargekom vir die inwyding van die beeld wat koning N’vukadnetzar opgerig het en hulle het voor die beeld gaan staan wat N’vukadnetzar opgerig het.

4 Toe het ’n aankondiger hard uitgeroep en gesê: “Julle word beveel, o volke, nasies en tale,

5 sodra julle die geluid hoor van die horing, fluit, harp, doedelsak en van allerhande musiek met instrumente, moet julle neerval en die goue beeld aanbid wat koning N’vukadnetzar opgerig het

6 en wie nie neerval en aanbid nie, sal onmiddellik binne-in die brandende vuuroond gegooi word;”

7 daarom, op die oomblik toe al die volke die geluid van die horing, fluit, harp, doedelsak en van allerhande musiek met instrumente hoor, het al die volke, nasies en tale neergeval en die goue beeld aanbid wat koning N’vukadnetzar opgerig het.

8 Op daardie oomblik het sekere Kasdeërs nader gekom en hulle, wat vanaf Y’hudah is, aangekla.

9 Hulle het vir koning N’vukadnetzar gesê: “O koning, leef vir ewig.

10 U, o koning, het ’n bevel gegee dat elke mens wat die geluid van die horing, fluit, harp, doedelsak en van allerhande musiek met instrumente hoor, moet neerval en die goue beeld, wat u opgerig het, aanbid

11 en dat hy wat nie neerval en aanbid nie, binne-in die brandende vuuroond gegooi moet word.

12 Daar is sekere manne van Y’hudah wat u oor die bestuur van die provinsie van Bavel aangestel het, Shadrakh, Meishakh en `Aved-N’go; hierdie manne het u, o koning, nie in ag geneem nie; hulle dien nie u gode nie en aanbid ook nie die goue beeld wat u opgerig het nie.

13 Toe het N’vukadnetzar in sy toorn en woede, bevel gegee om Shadrakh, Meishakh en `Aved-N’go te bring en hulle het hul voor die koning gebring.

14 Toe het N’vukadnetzar gepraat en vir hulle gevra: “Is dit waar, Shadrakh, Meishakh en `Aved-N’go, dat julle my gode nie dien nie en ook nie die goue beeld wat ek opgerig het, aanbid nie?

15 Nou, as julle gereed is, sodra julle die geluid van die horing, fluit, harp, doedelsak en van allerhande musiek met instrumente hoor en neerval en die beeld wat ek gemaak het aanbid, goed, maar as julle nie aanbid nie, sal julle onmiddellik binne-in die brandende vuuroond gegooi word en wie is jul God wat julle uit my hand sal verlos?”
16 Shadrakh, Meishakh en `Aved-N’go het geantwoord en aan koning N’vukadnetzar gesê: “Daar is geen doel om u op hierdie saak te antwoord nie,
17 want Hy, ons God wat ons aanbid, is in staat om ons te bevry van die brandende vuuroond en Hy sal ons uit u hand bevry, o koning. [Ps 51:15 ; Yes 43:2]
18 Selfs indien nie, dan sal die koning weet dat ons nie u gode sal dien nie en ook nie die goue beeld wat u opgerig het, sal aanbid nie.”
19 Toe is N’vukadnetzar, die koning, gevul met woede en sy gelaatstrekke het verander teenoor Shadrakh, Meishakh en `Aved-N’go en hy het beveel dat die vuuroond sewe maal warmer as gewoonlik gemaak moet word.
20 Hy het sommige van die sterk manne wat in sy leër was, beveel om Shadrakh, Meishakh en `Aved-N’go vas te bind en hulle in die brandende vuuroond te gooi.
21 Toe het die sterk manne hulle geboei met hulle broeke, hulle onderklere, hul boklere en hulle tulbande aan en hulle in die brandende vuuroond gegooi.
22 Omdat die bevel van die koning dringend was en die oond uitermate warm was, het die vlamme van die vuur daardie manne wat Shadrakh, Meishakh en `Aved-N’go beskuldig het, doodgebrand,
23 maar die drie manne, Shadrakh, Meishakh en `Aved-N’go, het vasgebind binne-in die brandende vuuroond geval. Hulle het opgestaan en tussen die vlamme geloop, God geprys en יהוה geseën.
24 Toe is koning N’vukadnetzar verskrik en het haastig opgestaan in groot vrees; hy het gepraat en vir sy prinse gevra: “Het ons nie drie manne geboeid binne-in die vuur gegooi nie?” Hulle antwoord en sê vir die koning: “Dit is waar, o koning!”
25 Die koning antwoord en sê: “Let op, ek sien manne los binne-in die vuur loop sonder dat hulle beseer is en die voorkoms van die vierde is soos dié van ’n seun van God.”
26 Toe het N’vukadnetzar nader gekom na die opening van die brandende vuuroond en gesê: “Shadrakh, Meishakh en `Aved-N’go, diensknegte van die Allerhoogste God, kom uit en kom hier!” Toe het Shadrakh, Meishakh en `Aved-N’go uit die vuuroond uitgekom.
27 Al die mense, bevelvoerders van die weermag, goewerneurs, landmeesters en die raadsmanne van die koning, wat almal bymekaar was, het hierdie manne gesien oor wie se liggame die vuur geen mag gehad het nie, of wie se hare op hulle koppe nie geskroei is nie, of wie se broeke nie gebrand is nie of die reuk van die vuur nie aan gekom het nie.
28 Toe het N’vukadnetzar gepraat en gesê: “Geseënd is die God van Shadrakh, Meishakh en `Aved-N’go, wat Sy boodskapper gestuur en Sy knegte bevry het wat in Hom vertrou en die koning se woord verwerp en hulle liggame oorgegee het omdat hulle geen ander god sou dien of aanbid nie, behalwe hulle eie God;

29 daarom maak ek hierdie bevel: elke volk, nasie of taal wat sleg praat teen die God van Shadrakh, Meishakh en `Aved-N’go, sal in stukke gesny word en hulle huise geplunder word, want daar is geen ander god wat op dié manier kan bevry nie.”
30 Toe het die koning Shadrakh, Meishakh en `Aved-N’go bevordering gegee in die provinsie van Bavel.

4 1 Toe het N’vukadnetzar, die koning, aan al die volke, nasies en tale wat op die hele aarde bly geskryf: “Mag julle vrede vermenigvuldig word!
2 Ek het dit goed gedink om die tekens en wonders wat die Allerhoogste God aan my gedoen het, te publiseer.
3 Hoe groot is Sy tekens en hoe magtig Sy wonderwerke! Sy Koninkryk is ’n ewige Koninkryk en Sy heerskappy is van geslag tot geslag!
4 Ek, N’vukadnetzar, was rustig in my huis en ontspanne in my paleis.
5 Ek het ’n droom gesien wat my bang gemaak het en die visioene van my kop het my gepla;
6 daarom het ek beveel om al die wyse manne van Bavel voor my te bring sodat hulle die betekenis van die droom aan my bekend kan maak.
7 Toe het die voorspellers, die sterrekundiges, die towenaars en die Kasdeërs voor my gekom en ek het aan hulle die droom vertel, maar hulle kon nie die betekenis daarvan aan my openbaar nie
8 totdat Dani’el, in wie die Gees van die Afgesonderde God is, voor my gekom het, wie se naam Belt’shatzar is, volgens die naam (karakter en outoriteit) van my god en ek het die droom voor hom vertel:
9 ‘Belt’shatzar, owerste van die towenaars, omdat ek weet dat die Gees van die Afgesonderde God in jou is en dat geen geheim vir jou weggesteek is nie, hierdie is die visioen van my droom wat ek gesien het; vertel my die betekenis daarvan.
10 Hierdie is die visioene wat ek in my bed gesien het; ek het gesien en let op, daar was ’n boom in die middel van die aarde en sy hoogte was groot.
11 Die boom het hoog gegroei en was sterk en sy hoogte het tot by die hemel gekom en hy kon gesien word tot aan die einde van die aarde.
12 Sy blare was mooi en sy vrugte oorvloedig en aan hom was kos vir almal; die diere van die veld het onder hom gebly en die voëls van die hemel het op sy takke gerus en alle vlees is vanaf hom gevoed.
13 Ek het in die visioene van my kop op my bed, gesien en let op, ’n afgesonderde boodskapperengel het van die hemel af afgekom.
14 Hy het hardop uitgeroep en die volgende gesê: “Kap die boom om en kap sy takke af, skud sy blare af en verstrooi sy vrugte; laat die diere onder hom uit weggaan en die voëls uit sy takke uit.
15 Nogtans, laat die stomp en sy wortels in die aarde staan, maar dit sal met ’n band van yster en koper in die groen gras van die veld gebind wees en laat hom deur die dou van die hemel natgemaak word en saam met die diere by die gras van die aarde bly.
16 Laat sy hart verander word van dié van ’n mens en ’n dierehart aan hom gegee word en laat sewe seisoene oor hom verander.

17 Hierdie bevel is in opdrag van die boodskapper, volgens ’n versoek van die Afgesonderde Een sodat hulle wat leef kan weet dat die Allerhoogste God in die koninkryk van die mens heers en dit aan wie ook al Hy wil, gee en die nederigste van mense daaroor aanstel.” Spr 21:1; Iyov 36:7

18 Hierdie droom het ek, koning N’vukadnetzar, gesien. Nou, jy, Belt’shatzar, vertel vir my die betekenis daarvan omdat al die wyse manne van my koninkryk nie vir my die betekenis bekend kon maak nie, maar jy, Dani’el is daartoe in staat, want die Gees van die Afgesonderde God is in jou.’

19 Toe was Dani’el, wie se naam Belt’shatzar was, vir ’n uur verward en sy gedagtes het hom gepla. Die koning het gepraat en gesê: ‘Belt’shatzar, moenie dat die droom of die betekenis jou omkrap nie.’ Dani’el het geantwoord en gesê: ‘My meester, mag die droom wees vir hulle wat u haat en die betekenis vir u vyande.

20 Die boom wat u gesien het, wat gegroei het en sterk was, waarvan die hoogte tot by die hemel gekom het en wat vir die hele aarde sigbaar was

21 en waarvan die blare mooi en die vrugte oorvloedig was en waarin kos vir alle vlees was, waaronder die diere van die veld gebly het en waar die voëls van die hemel op sy takke gerus het,

22 dit is u, o koning, want u het gegroei en sterk geword, u het hoog gegroei en die hemel bereik en u heerskappy is tot aan die einde van die aarde.

23 Waar die koning ’n afgesonderde boodskapper uit die hemel sien afkom het wat hardop uitroep en sê: ‘Kap die boom om en vernietig hom, maar laat die stomp en wortels in die aarde staan en laat dit met ’n band van yster en koper in die groen gras van die veld gebind word en laat hom deur die dou van die hemel natgemaak word en laat hom bly saam met die diere van die veld in die groen gras en laat sy hart verander word van dié van ’n mens en ’n dierehart aan hom gegee word totdat sewe seisoene oor hom verander het.’

24 Hierdie is die betekenis, o koning, die bevel van die Allerhoogste het teen my meester, die koning, gekom:

25 hulle sal u wegdryf van mense af en u blyplek sal saam met die diere van die veld wees en hulle sal u gras laat eet soos ’n jong bul en u sal deur die dou van die hemel natgemaak word en sewe seisoene sal oor u verander totdat u weet dat die Allerhoogste heers in die koninkryk van die mens en dit gee aan wie ook al Hy wil.

26 Waar Hy bevel gegee het om die stomp en wortels te spaar: u koninkryk sal vir u verseker wees nadat u geleer het dat outoriteit vanaf die hemel kom;

27 daarom, laat my raad vir u aanvaarbaar wees en raak ontslae van u sondes deur onpartydige opregtheid en van u oortredinge deur liefdevolle omgee aan die armes totdat u oortredinge van u verwyder is.’

28 Al hierdie dinge het oor koning N’vukadnetzar gekom.

29 Aan die einde van twaalf maande terwyl koning N’vukadnetzar op die dak van die koninklike paleis, wat in Bavel is, loop,

30 het hy gepraat en gesê: ‘Is dit nie die groot Bavel wat ek opgebou het as die troon van my koninkryk en vir my groot heerskappy en my majesteit nie?’

31 Terwyl die woord nog in die mond van die koning was, kom daar ’n stem uit die hemel wat sê: “O, koning N’vukadnetzar, met jou word gepraat, want jou koninkryk is van jou weggevat

32 en hulle sal jou wegdryf van mense af en jou blyplek sal saam met die diere van die veld wees; hulle sal jou dwing om plante te eet soos ’n jong bul en jy sal deur die dou van die hemel natgemaak word en sewe seisoene sal oor jou verander totdat jy weet dat die Allerhoogste in die koninkryk van die mens heers en dit gee aan wie Hy ook al wil en Hy stel die nederigste van mense daaroor aan.”

33 In dieselfde uur is die woord vervul oor koning N’vukadnetzar en hy is weggedryf van mense af en het gras geëet soos ’n jong bul en sy liggaam was nat van die dou van die hemel totdat sy hare gegroei het soos ’n arend se vere en sy naels soos voëlkloue.

34 Toe die dae vervul was, het ek, N’vukadnetzar, my oë na die hemel opgelig en my verstand is in my herstel en ek het die Allerhoogste, Wie se heerskappy ’n ewige heerskappy is en Wie se Koninkryk van geslag tot geslag is, geloof en Hom wat ewig lewe, geprys, geloof en geëer.

35 Al die inwoners van die aarde word in Sy Teenwoordigheid as niks gereken nie en Hy handel soos Hy wil met die leërmag van die hemel en hulle wat op die aarde woon en niemand kan Sy hand teëstaan of vir Hom sê: “Wat doen U?” nie.

36 Terselfdertyd het my verstand na my teruggekeer en my prinse en generaals het my opgesoek en ek is bevestig in my koninkryk en buitengewone grootheid is vir my bygevoeg.

37 Nou loof, prys en eer, ek, N’vukadnetzar en lig ek die Koning van die hemel hoog, want al Sy werke is waarheid en Sy lewenswyses regverdig en Hy is in staat om hulle wat in trotsheid lewe te verneder.”

5 1 Belshatzar, die koning, het ’n groot feesmaal vir ’n duisend van sy prinse gehou en in die teenwoordigheid van die duisend wyn gedrink.

2 Belshatzar het terwyl hy wyn gedrink het, bevel gegee dat die goue en silwer voorwerpe, wat sy vader N’vukadnetzar uit die tempel van Yerushalayim gevat het, gebring word sodat die koning en sy prinse, sy vroue en sy byvroue daaruit kon drink.

3 Toe het hulle die goue voorwerpe gebring wat uit die tempel van God, wat in Yerushalayim is, gevat is en die koning, sy prinse, sy vroue en sy byvroue het daaruit gedrink.

4 Hulle het wyn gedrink en die gode van goud, silwer, koper, yster, hout en klip groot gemaak.

5 Op daardie oomblik het die vingers van ’n man se hand verskyn en oorkant die kandelaar op die pleister van die muur van die koninklike paleis geskryf en die koning het die palm van die hand gesien wat geskryf het.

6 Toe het die voorkoms van die koning verander en sy gedagtes het hom gepla, die gewrigte van sy heupe het losgeraak en sy knieë het teen mekaar geslaan.

7 Toe het die koning hardop uitgeroep dat die sterrekundiges, die Kasdeërs en die voorspellers in gebring moet word. Die koning het gepraat en vir die wyse manne van Bavel gesê: “Wie ook al hierdie skrif kan lees en vir my die betekenis daarvan kan wys, sal in purper geklee word en ’n goue ketting sal om sy nek wees en hy sal heers oor ’n derde van die koninkryk.”

8 Toe het al die wyse manne van die koning ingekom, maar hulle kon nie die skrif lees of die betekenis daarvan aan die koning bekend maak nie.

9 Toe was koning Belshatzar baie gespanne en sy voorkoms het verander en sy prinse was verwilderd.

10 Na aanleiding van die gesprekke van die koning en sy prinse, het die koningin in die eetsaal ingegaan en sy het gepraat en vir die koning gesê: “O, koning, leef vir ewig! Laat u gedagtes u nie omkrap en u voorkoms nie verander nie.

11 Daar is ’n man in u koninkryk in wie die Gees van die Afgesonderde God is en in die dae van u vader is lig, insig en wysheid soos die wysheid van die gode in hom gevind sodat u vader, koning N’vukadnetzar, hom as hoof van die towenaars, die sterrekundiges, die voorspellers en die Kasdeërs aangestel het

12 as gevolg van sy geestelike krag, kennis en insig wat hy het om drome uit te lê, spreuke uit te dink en raaisels op te los; hy is Dani’el aan wie die koning die naam van Belt’shatzar gegee het. Nou, laat Dani’el geroep word en hy sal die betekenis gee.”

13 Toe het Dani’el voor die koning ingekom en die koning het gepraat en vir Dani’el gevra: “Is jy Dani’el, vanaf die ballinge van Y’hudah, wat die koning, my vader, uit Y’hudah gebring het?

14 Ek het van jou gehoor, dat die Gees van die Afgesonderde God in jou is en dat lig, insig en uitsonderlike wysheid in jou gevind word.

15 Die towenaars en sterrekundiges is nou net voor my gebring om hierdie skrif vir my te lees en die betekenis daarvan aan my bekend te maak, maar hulle kon nie die betekenis daarvan vir my gee nie.

16 Ek het van jou gehoor dat jy betekenisse kan gee en probleme oplos. As jy nou hierdie skrif kan lees en die betekenis daarvan aan my bekend maak, sal jy met purper aangetrek word en ’n goue ketting sal om jou nek wees en jy sal heers oor ’n derde van die koninkryk.”

17 Toe het Dani’el geantwoord en vir die koning gesê: “Hou u geskenke vir uself en gee die eer van u huis vir ander, maar ek sal die skrif vir die koning lees en die betekenis daarvan aan hom bekend maak.

18 O koning, die Allerhoogste God het aan u vader, N’vukadnetzar, ’n koninkryk, majesteit, eer en lof gegee

19 en as gevolg van die grootheid wat Hy aan hom gegee het, het al die volke, nasies en tale gebewe en hom gevrees; wie hy wou, het hy gedood en wie hy wou, het hy laat lewe en wie hy wou, het hy verhoog en wie hy wou, het hy verneder,

20 maar toe sy binneste opgelig was en sy trots vermeerder het, is hy van sy koninklike troon afgestoot en die lof en eer het van hom weggegaan.

21 Hy is weggedryf van mense af en sy hart het soos dié van die diere geword en hy het saam met die wilde donkies gebly; hulle het hom gras laat eet soos ’n jong bul en sy liggaam was nat met die dou van die hemel totdat sy hare gegroei het soos ’n arend se vere en sy naels soos voëlkloue totdat hy verstaan het dat die Allerhoogste God in die koninkryk van die mens heers en Hy dit gee aan wie Hy wil en hom daaroor aanstel,
22 maar u, sy seun, o Belshatzar, het uself nie verneder nie, alhoewel u al hierdie dinge weet, [Yir 51:9]
23 maar u het uself opgelig teen die Meester van die hemel en die voorwerpe van Sy huis het hulle voor u gebring en u en u prinse, u vroue en u byvroue het wyn daaruit gedrink en u het die gode van silwer, goud, koper, yster, hout en klip geprys, wat nie sien of hoor of weet nie en die God in Wie se hand u asem en u lewenshandel is, Hom het u nie opgelig of vereer nie. [1 Kron 16:27-29; Rom 1:21]
24 Toe is die palm van die hand uit Sy Teenwoordigheid uitgestuur en hierdie skrif is geskrywe.
25 Dit is die skrif wat geskrywe is: M’ne, m’ne. T’kel ufarsín (Ar. stam = P’res).
26 Hierdie is die betekenis van die woorde:
M’ne - God het u koningskap afgetel en dit tot ’n einde gebring.
27 T’kel - u is geweeg op die weegskaal en te lig bevind. [Ps 62:10]
28 P’res - u koninkryk is verdeel en aan die Mede en Perse gegee. [Yir 51:11]
29 Toe het Belshatzar bevel gegee en hulle het Dani’el met purper aangetrek, met ’n goue ketting om sy nek en ’n proklamasie aangaande hom gemaak dat hy oor ’n derde van die koninkryk sou heers.
30 In daardie nag is Belshatzar, die koning van die Kasdeërs, doodgemaak
31 en Daryavesh, die Meder, het die koninkryk oorgevat. Hy was ongeveer twee en sestig jaar oud.

6 1 Dit het Daryavesh behaag om ’n honderd en twintig ‘beskermers van die ryk’ aan te stel wat oor die hele koninkryk sou wees
2 en oor hulle, drie ministers, waarvan Dani’el een was, aan wie hierdie ‘beskermers van die ryk’ rekenskap moes gee sodat die koning nie gepla sou word nie.
3 Toe het Dani’el bo die ministers en ‘beskermers van die ryk’ uitgemunt omdat ’n ander Gees in hom was en die koning het daaraan gedink om hom oor die hele koninkryk aan te stel.
4 Toe het die ministers en die ‘beskermers van die ryk’ ’n rede gesoek om ’n klag teen Dani’el te vind met betrekking tot die regering, maar hulle kon geen grond vir ’n aanklag of verkeerde handeling vind nie omdat hy getrou was aan sy God en ook kon hulle geen skuld of aanklag teen hom vind nie.
5 Toe het die manne gesê: “Ons sal teen hierdie Dani’el geen enkele grond vir ’n aanklag vind nie, tensy ons dit teen hom vind op grond van die wet van sy God.
6 Toe het hierdie ministers en ‘beskermers van die ryk’ voor die koning gekom en vir hom gesê: “Koning Daryavesh, leef vir ewig!

7 Al die ministers van die koninkryk, die prinse, die 'beskermers van die ryk' en die raadsmanne het beraadslaag dat die koning 'n koninklike verordening en 'n vaste verbod moet uitvaardig dat elkeen wat gedurende dertig dae 'n versoek rig aan enige god of mens behalwe aan u, o koning, in die leeukuil gegooi sal word.
8 Stel nou hierdie verbod vas, o koning en laat dit op skrif gestel word dat dit nie verander kan word nie, volgens die wet van die Mede en die Perse, wat nie verander kan word nie."
9 Toe het koning Daryavesh die skrywe onderteken en die bevel uitgevaardig.
10 Toe Dani'el verneem dat die bevel geskryf is, het hy in sy huis ingegaan en die vensters in sy kamer was oop in die rigting van Yerushalayim. Hy het drie maal op 'n dag op sy knieë gegaan en gebid en dank uitgespreek voor sy God, net soos hy tevore gedoen het.
11 Toe het hierdie manne hom afgeloer en Dani'el gevind terwyl hy bid en voor sy God smeek.
12 Hulle het nader gekom en voor die koning gesê: "Het u nie beveel en geskryf dat elkeen wat gedurende dertig dae 'n versoek rig aan enige god of mens behalwe aan u, o koning, in die leeukuil gegooi moes word nie?" Die koning het geantwoord en gesê: "Die bevel staan vas volgens die wet van die Mede en die Perse, wat nie verander kan word nie.
13 Toe het hulle geantwoord en voor die koning gesê: "Dani'el, een van die ballinge uit Y'hudah, het u nie in ag geneem, of die bevel wat u gegee het nie, o koning, maar drie maal op 'n dag doen hy sy gebede."
14 Toe die koning hierdie woorde hoor, was hy baie hartseer en hy het besluit om Dani'el te verlos; tot sonsondergang toe het hy probeer om hom te bevry.
15 Daardie manne het egter aangehou by die koning en vir hom gesê: "Weet, o koning, dat daar 'n wet van Mede en Perse is dat elke bevel of verordening wat die koning vasgestel het, nie verander mag word nie."
16 Toe het die koning bevel gegee en hulle het Dani'el gebring en in die kuil met leeus gegooi. Die koning het gepraat en vir Dani'el gesê: "Jou God, wat jy gedurigdeur dien, sal jou bevry!"
17 Hulle het 'n groot klip gebring en dit op die opening van die kuil gelê en die koning het dit met sy eie seëlring en met die seëlring van sy prinse verseël sodat Dani'el se vonnis nie verander kon word nie.
18 Toe het die koning na sy paleis gegaan en die nag in vas deurgebring; geen kos is na hom gebring nie en sy slaap het hom verlaat.
19 Die koning het die oggend vroeg opgestaan en haastig na die leeukuil gegaan
20 en toe hy by die kuil kom, het hy met 'n harde stem na Dani'el geroep. Die koning het gepraat en vir Dani'el gesê: "Dani'el, kneg van die lewende God, was jou God wat jy voortdurend dien, in staat om jou van die leeus te bevry?"
21 Toe het Dani'el met die koning gepraat en gesê: "O, koning, leef vir ewig!
22 My God het Sy boodskapper gestuur en die bekke van die leeus toegemaak en hulle het my geen leed aangedoen nie, want ek was onskuldig voor Hom en ook teenoor u, o koning, het ek geen oortreding begaan nie."

23 Die koning was oorweldigend bly oor hom en het beveel dat Dani'el uit die kuil opgetrek word. So is Dani'el uit die kuil opgetrek en daar is geen letsel aan hom gevind nie omdat hy op sy God vertrou het.

24 Die koning het bevel gegee en hulle het daardie manne wat Dani'el aangekla het, hulle kinders en hulle vroue in die leeukuil gegooi en hulle het nog nie die bodem van die kuil bereik nie of die leeus het hulle bespring en al hulle bene in stukkies gebreek.

25 Toe het koning Daryavesh aan al die volke, nasies en tale wat op die hele aarde bly, geskryf: "Mag vrede vir julle vermenigvuldig word!

26 Deur my word bevel gegee dat manne in die hele magsgebied van my koninkryk moet bewe en respekvol vrees voor die God van Dani'el, want Hy is die lewende God en is vir ewig en Sy Koninkryk sal nie vernietig word nie en Sy heerskappy sal wees, selfs tot die einde toe. [Yeg 43:7; Open 22:5]

27 Hy verlos, bevry en red [Eks 6:6,7] en doen tekens en wonderwerke in die hemel en op aarde, want Hy het Dani'el uit die mag van die leeus bevry."

28 Dani'el was voorspoedig onder die regering van Daryavesh en onder die regering van Koresh, die Persiër.

7 1 In die eerste jaar van Belshatzar, koning van Bavel, het Dani'el 'n droom gesien en visioene in sy kop terwyl hy op sy bed lê. Toe het hy die droom opgeskryf en die volheid daarvan vertel.

2 Dani'el het gepraat en gesê: "Ek het in die nag in my visioen gesien en let op, die vier winde van die hemel het die groot see in beroering gebring

3 en vier groot diere het uit die see uit opgekom, elkeen verskillend van die ander.

4 Die eerste was soos 'n leeu en hy het arendsvlerke gehad; ek het gekyk totdat sy vlerke afgeruk is en hy het van die grond af opgestaan en soos 'n mens op sy voete gestaan en 'n mens se verstand, wil en emosie is daaraan gegee.

5 Let op, die tweede dier was soos 'n beer en dit het opgestaan aan een kant en dit het drie ribbes in sy bek tussen sy tande gehad en hulle het só vir hom gesê: "Staan op, verteer baie vlees."

6 Na hierdie dinge het ek gekyk en let op, nog 'n dier, soos 'n luiperd, wat vier vlerke van 'n voël aan sy sye gehad het; die dier het ook vier koppe gehad en heerskappy is aan hom gegee.

7 Na hierdie dinge het ek in die visioen in die nag gesien en let op, 'n vierde dier: verskriklik, magtig, uitermate sterk en dit het groot ystertande gehad; dit het verslind en in stukke geskeur en wat oorgebly het, met sy pote vertrap en dit was anders as al die diere wat voor hom was en dit het tien horings gehad. [Open 12:3]

8 Ek het die horings besigtig en let op, daar kom 'n ander horinkie tussen hulle op en drie van die vorige horings is daardeur ontwortel en let op, in hierdie horing was oë soos van 'n mens en 'n mond wat groot dinge praat. [Open 13:1-2]

9 Toe het ek gekyk en let op, trone is reggesit en die Hoogwaardige van dae (Ewigdurende) het gaan sit; Sy kleed was wit soos sneeu en die hare van Sy kop soos skoon wol; Sy troon was soos 'n brandende vlam, die wiele daarvan soos 'n brandende vuur. [Open 1:14; 5:13; 20:4]

10 'n Stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend keer duisende het Hom bedien en tien duisend keer tien duisende het voor Hom gestaan; die regter het gaan sit en die boeke is geopen.
11 Ek het gekyk en let op, die dier is gedood en sy liggaam vernietig en aan die brandende vlam oorgegee. [Open 19:20]
12 Wat die ander diere betref, hulle heerskappy is weggevat, tog is hulle lewe verleng vir 'n seisoen en 'n tyd.
13 Ek het in die nagtelike visioen gesien en let op, Een soos die Seun van 'n mens het met die wolke van die hemel gekom [Mar 14:62; Luk 21:27; Hand 1:11] en Hy het na die Hoogwaardige van dae (Ewigdurende) gekom en hulle het Hom na Hom toe gebring. [Mat 26:64]
14 Daar is aan Hom heerskappy en lof en eer en 'n Koninkryk gegee sodat al die volke, nasies en tale Hom sal dien; Sy Heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal verbygaan nie en Sy Koninkryk is een wat nie vernietig sal word nie. [Mat 24:30; Mar 13:26]
15 Wat my, Dani'el, betref, my gees was verontrus in my bed en die visioene van my kop het my gepla.
16 Ek het nader gekom na een van die wat daar bedien het en van hom die waarheid gevra aangaande hierdie dinge en hy het aan my die waarheid bekend gemaak en die betekenis daarvan laat verstaan:
17 Toe het hy vir my gesê: "Hierdie vier groot diere wat jy sien, is vier konings wat uit die aarde sal opstaan,
18 maar die afgesonderdes van die Allerhoogste sal die Koninkryk ontvang en dit besit vir ewig en ewig."
19 Toe wou ek die waarheid weet aangaande die vierde dier wat anders was as al die ander, buitengewoon verskriklik, met tande van yster en naels van koper, wat verslind, in stukke breek en wat oorbly, met sy pote vertrap [Open 17:8]
20 en aangaande die tien horings wat op sy kop is en die ander horing wat tussen hulle opgekom het en waarvoor drie geval het; die horing wat oë en 'n mond gehad het, wat baie groot dinge gepraat het, wat se gestalte groter was as die ander. [Open 13:1-2]
21 Ek het gekyk en gesien dat hierdie selfde horing oorlog maak teen die afgesonderdes en hulle oorwin,
22 totdat die Hoogwaardige van dae (Ewigdurende) gekom het en regverdige oordeel verskaf het aan die afgesonderdes van die Allerhoogste en die tyd het gekom dat die afgesonderdes die Koninkryk sou besit.
23 Hy het vir my gesê: "Die vierde dier sal die vierde koninkryk op die aarde wees, wat groter sal wees as al die koninkryke op die aarde en die hele aarde sal verslind, dit sal vertrap en dit in stukkies breek.
24 Die tien horings vanuit hierdie koninkryk is tien konings wat sal opstaan en 'n ander koning sal ná hulle opstaan en hy sal groter wees as die eerstes en drie konings verslaan. [Open 12:3]
25 Hy sal woorde praat teen die Allerhoogste [Dan 11:36; Open 13:5] en planne maak teen die afgesonderdes van die Allerhoogste en beplan om vasgestelde tye en wette te verander en hulle sal in sy hand oorgegee word vir 'n tyd, tye en 'n halwe tyd,

26 maar wanneer die Regter sit in oordeel, sal hulle sy heerskappy wegvat om dit te verteer en te vernietig tot die einde van sy koninkryk toe.
27 Die heerskappye en die grootheid van die koninkryk onder die ganse hemel sal gegee word aan die afgesonderde volk van die Allerhoogste, wie se Koninkryk ’n ewige koninkryk is en al die heerskappye sal Hom dien en gehoorsaam.”
28 Hier is die einde van die saak. Wat my, Dani’el, betref, my gedagtes het my baie gepla en my voorkoms het aan my verander, maar ek het die saak in my binneste bewaar.

8 1 In die derde jaar van die regering van koning Belshatzar, het ’n visioen aan my, Dani’el, verskyn ná dié een wat vroeër aan my verskyn het.
2 Ek het in my visioen gesien en dit het gebeur. Ek was in die paleis, in Shushan, in die provinsie `Eilam en ek het in my droom gesien dat ek by die Ulaistroom staan.
3 Toe het ek my oë opgelig en gesien en let op, daar staan ’n ram voor die stroom met twee horings en die twee horings was hoog, maar die een was hoër as die ander en die hoogste het laaste uitgekom.
4 Ek het die ram gesien stoot na die weste, na die noorde en na die suide en geen dier kon voor hom staan nie en daar was niemand wat uit sy hand kon bevry nie, maar hy het gedoen volgens sy wil en het groot geword.
5 Terwyl ek dit beskou het, let op, ’n bokram kom uit die weste aan oor die oppervlakte van die hele aarde, sonder om die grond te beskadig en die bokram het ’n prominente horing tussen sy oë gehad.
6 Hy het na die ram toe gekom wat twee horings het, wat ek voor die rivier sien staan het en teen hom vas gehardloop met die woede van sy krag.
7 Toe hy die ram bereik het, was hy woedend vir hom en het die ram gestamp en sy twee horings gebreek en daar was geen krag in die ram om voor hom staande te bly nie, maar hy het hom teen die grond gegooi en hom vertrap en daar was niemand wat die ram uit die mag van die bokram kon red nie;
8 daarom het die bokram uitermate groot geword en toe hy sterk was, het sy groot horing afgebreek en vier prominente horings het in sy plek uitgekom, in die rigting van die vier windstreke van die hemel.
9 Uit een van hulle het ’n klein horinkie na die suide en na die ooste toe uitgekom, wat uitermate groot geword het.
10 Dit het groot gegroei, selfs tot by die leërmag van die hemel en dit het sommige van die leërmag en van die sterre, op die aarde neergegooi en hulle vertrap.
11 Dit het ditself verhoog, selfs tot by die Prins van die leërmag en van Hom die aanhoudende offers weggevat en die plek van Sy Afgesonderde Plek afgebreek.
12 ’n Leërmag is aan die horing gegee teen die voortdurende offer deur oortredings en die afgesonderde voorwerp is teen die grond neergegooi en die horing het aangegaan en was voorspoedig.
13 Toe hoor ek ’n afgesonderde praat en ’n ander afgesonderde het aan die een wat praat, gesê: “Hoe lank sal die visioen aangaande die voortdurende offer duur en hoe gou sal die oortreding en korrupsie verby wees en die Afgesonderde Plek en leërmag onder voete vertrap word?”

14 Hy het vir my gesê: "Twee duisend drie honderd dae, dan sal onpartydige opregtheid oorwin."
15 Dit het gebeur toe ek, Dani'el, die visioen gesien en dit probeer verstaan het, let op, toe staan daar voor my asof die voorkoms van 'n man
16 en ek hoor 'n mansstem tussen die banke van die Ulai, wat uitroep en sê: "Gavri'el, laat hierdie man die visioen verstaan!"
17 Hy het gekom na waar ek staan en toe hy gekom het, was ek bang en het ek op my gesig geval, maar hy het vir my gesê: "Verstaan, o seun van die mens, want teen die tyd van die einde, sal die visioen wees."
18 Terwyl hy met my praat, was ek in 'n diep slaap met my gesig op die grond, maar hy het my aangeraak en my laat regop staan
19 en vir my gesê: "Let op, ek sal jou wys wat aan die einde van die woede sal gebeur, want met die afhandeling van die bepaalde tyd, sal die einde wees.
20 Die ram wat jy gesien het met die twee horings, verteenwoordig die konings van die Mede en die Perse.
21 Die bokram is die koning van Griekeland en die groot horing wat tussen sy oë was, is die eerste koning.
22 Die horing wat gebreek is en vier ander het onder dit opgestaan: vier konings sal uit sy volk uit opstaan, maar nie in hul eie krag nie
23 en aan die einde van hulle koninkryk, wanneer die oortredings tot 'n einde kom, sal 'n koning met 'n harde voorkoms, wat raaisels verstaan, opstaan
24 en sy krag sal sterk wees, maar nie deur sy eie krag nie en hy sal verskriklike vernietiging veroorsaak en voorspoedig wees en oorgaan en die magtige en afgesonderde volk vernietig
25 en deur sy slinksheid en bedrog sal sy heerskappy voorspoedig wees en hy sal homself groot maak in sy verstand, wil en emosie en hy sal skielik baie mense vernietig en hy sal ook opstaan teen die Prins van prinse, maar hy sal maklik oorwin word.
26 Die visioen van die aande en die oggende wat vertel is, is waar en wat jou betref, Dani'el, hou hierdie visioen geheim, want dit sal vir baie dae nie wees nie."
27 Ek, Dani'el, het gebewe en was vir 'n paar dae omgekrap; toe het ek opgestaan en die werk van die koning gedoen en ek was verstom oor die visioen, maar niemand het dit verstaan nie.

9 1 In die eerste jaar van Daryavesh, die seun van Agashverosh, uit die geslag van die Mede, wat koning geword het oor die koninkryk van die Kasdeërs;
2 in die eerste jaar van sy regering het ek, Dani'el, deur die geskrifte die getal jare verstaan, aangesien die woord van יהוה waar geword het wat deur die profeet Yirmeyahu gebring is, dat sewentig jaar verby sal gaan voor die verlatenheid van Yerushalayim tot 'n einde sal kom. Yir 29:10
3 Ek het my gesig voor יהוה-God opgelig om met gebed en versoeke, roukleed en as, te soek;
4 ek het gebid tot יהוה, my God en belydenis gedoen en gesê: "Ek smeek U, o יהוה, groot en gerespekteerde God, wat die verbond en onverdiende guns behou vir hulle wat Hom lief het en Sy opdragte gehoorsaam,

5 ons het gesondig, oortredings begaan, boos gehandel, gerebelleer en van U opdragte en regverdige oordele afgedwaal.

6 Ons het ook nie geluister na U diensknegte, die profete, wat in U Naam (Karakter en Outoriteit) tot ons konings, ons prinse, ons vaders en tot die hele volk van die land gepraat het nie.

7 Aan U, יהוה, kom die onpartydige opregtheid toe, maar aan ons kom op hierdie dag beskaming toe; aan die manne van Y’hudah, die inwoners van Yerushalayim en aan die hele Yisra’el, die wat naby en die wat ver is, in al die lande waarheen U hulle verdryf het, weens hulle oortredinge wat hulle teen U begaan het.

8 יהוה, aan ons kom toe beskaming van gesig, aan ons konings, ons prinse en ons vaders omdat ons teen U gesondig het.

9 Aan יהוה-God behoort onverdiende guns en vergifnis van sondes, want ons het teen Hom gerebelleer

10 en ook nie na die stem van יהוה, ons God, geluister om te lewe volgens Sy wette wat Hy voor ons gesit het deur Sy diensknegte, die profete, nie.

11 Ja, die hele Yisra’el het U wet oortree en afgewyk en nie U stem gehoorsaam nie; daarom het U die vloek en die eed op hulle gebring wat geskryf is in die wet van Mosheh, die dienskneg van God, want ons het in Sy Teenwoordigheid gesondig.

12 Hy het Sy woorde, wat Hy teen ons en ons regters, wat oor ons regeer, gespreek het, bevestig deur ’n groot boosheid oor ons te bring, want onder die ganse hemel is nie gedoen, soos oor Yerushalayim gedoen is nie.

13 Soos dit in die wet van Mosheh geskryf is, het al hierdie onheil oor ons gekom en tog het ons nie voor die Teenwoordigheid van יהוה, ons God, gebid dat ons kan erken en omdraai van ons oortredinge en U waarheid kan verstaan, nie;

14 daarom het יהוה hierdie boosheid opgestook en dit oor ons gebring, want יהוה, ons God, is regverdig in al Sy dade wat Hy gedoen het, tog het ons nie na Sy stem geluister en gedoen nie.

15 Nou, o יהוה, ons God, wat U volk uit die land van Mitzrayim gebring het met ’n sterk hand en vir U ’n Karakter en Outoriteit gemaak het, soos dit vandag is; ons het gesondig, ons het boos gehandel.

16 O יהוה, volgens die onpartydige opregtheid wat U vir ons gedoen het, laat U woede en toorn weggedraai word van U stad, Yerushalayim en van U afgesonderde berg, want as gevolg van ons sondes en die onregverdighede van ons vaders is U volk in elke land verstrooi en Yerushalayim het ’n bespotting geword vir alle volke;

17 daarom nou, o יהוה, hoor die gebed en smeking van U dienskneg en laat ter wille van U Karakter en Outoriteit, U gesig skyn oor U Afgesonderde Plek wat verlate is.

18 O, my God, draai U oor en hoor, maak U oë oop en sien ons verwoeste en verlate plekke en die stad wat volgens U Naam (Karakter en Outoriteit) uitgeroep is, want ons bring nie ons smeking voor U op grond van ons onpartydige opregtheid nie, maar op grond van U groot omgee.

19 O, יהוה, hoor! O, יהוה, vergewe ons! O, יהוה, luister en doen dit, stel nie uit nie, om U eie Naam (Karakter en Outoriteit) ontwil, o my God, want U Naam (Karakter en Outoriteit) is uitgeroep oor U stad en oor U volk.”

20 Terwyl ek nog besig was om te bid en my oortredings en die oortredings van my volk Yisra’el te bely en my smeking voor die Teenwoordigheid van יהוה, my God, aan te bied vir die afgesonderde berg van my God,
21 ja, terwyl ek nog praat in gebed, het die man Gavri’el, wat ek vroeër in die visioen gesien het, vinnig afgevlieg vanaf die hemel en na my toe gekom teen die tyd van die aandoffer.
22 Hy het gekom en met my gepraat en gesê: “Dani’el, ek het nou gekom om jou te leer sodat jy kan verstaan.
23 Aan die begin van jou gebed het ’n woord uitgegaan en ek het gekom om dit aan jou bekend te maak, want jy is ’n baie geliefde man; daarom, onderskei die saak en verstaan die visioen.
24 Sewentig keer sewe weke is oor jou volk en jou afgesonderde stad bereken, om die oortredings te eindig en ’n einde te maak aan sonde en die onregverdigheid te vergewe en om ewige onpartydige opregtheid in te bring en om die visie van die profete tot volheid te bring [Mat 11:13] en om die Mees Afgesonderde Plek aan Die Gesalfde Een te gee. [Yeg 43:7; Heb 3:6]
25 Weet daarom en verstaan dat vanaf die uitgang van die woord om Yerushalayim te herstel en op te bou tot by die koms van Die Gesalfde Een, die Koning, is sewentig keer sewe en twee en sestig keer sewe weke; die strate en die mure sal weer gebou word op die vasgestelde tye.
26 Ná die twee en sestig tydperke van sewe weke sal Die Gesalfde Een doodgemaak word en die stad sal sonder ’n heerser wees en die afgesonderde stad sal saam met die komende koning vernietig word en die einde daarvan sal ’n reuse verbanning wees en aan die einde van die oorlog, word verlatenheid vasgestel.
27 Hy sal die verbond met baie vir ’n tydperk van sewe en ’n halwe tydperk van sewe, bevestig; dan sal Hy die offers en geskenkoffers laat ophou en op die horings van die altaar, die verwerplike afgodery; die verwerplikheid sal aanhou tot met die vasgestelde tyd, die stad sal verlate bly. [Mat 24:15; Mar 13:14]

10 1 In die derde jaar van Koresh, koning van Perse, is iets aan Dani’el, wat Belt’shatzar genoem is, geopenbaar en die woord is waar, maar die woord en die visioen was moeilik te onderskei en te verstaan.
2 In daardie dae het ek, Dani’el, vir drie tydperke van sewe (weke) getreur.
3 Ek het geen fyn kos geëet nie en geen vleis en wyn het in my mond gekom nie; ek het myself ook glad nie gesalf nie totdat drie weke verby was.
4 Op die vier en twintigste dag van die eerste maand terwyl ek op die wal van die groot rivier, Giddekel (Tigris) was,
5 het ek my oë opgelig en gekyk en let op: ’n sekere man in linne aangetrek, wie se heupe vasgebind is met lof, eer en majesteit.
6 Sy voorkoms was vreemd en daar is niks soos hy nie en sy gesig was soos die verskyning van weerlig en sy oë soos fakkels van vuur en sy arms en sy voete soos die kleur van blink gevryfde koper en die klank van sy woorde soos die klank van baie weermagte.

7 Ek, Dani’el, het alleen hierdie gesig gesien, want die manne wat saam met my was, het nie die visioen gesien nie, maar ’n groot vrees het oor hulle geval en hulle het gevlug as gevolg van die vrees;
8 daarom is ek alleen gelaat en het hierdie groot visioen gesien en daar het geen krag in my oorgebly nie en my binneste het gebewe en daar was geen krag in my nie
9 en toe ek die klank van sy woorde gehoor het, het ek op my gesig op die grond geval.
10 Let op, ’n hand het my aangeraak en my op my knieë en handpalms laat staan
11 en hy het vir my gesê: “Dani’el, geliefde man, verstaan die woorde wat ek met jou praat en staan regop, want ek is nou na jou gestuur.” Toe hy hierdie woorde met my gepraat het, het ek al bewende opgestaan.
12 Toe sê hy vir my: “Moenie bang wees nie, Dani’el, want van die eerste dag af dat jy jou verstand, wil en emosie daarop gesit het om te verstaan sodat jy in die Teenwoordigheid van jou God kan staan, is jou woorde gehoor en ek het gekom in antwoord op jou woorde.
13 Die heerser van die koninkryk van Perse het my een en twintig dae lank teëgestaan, maar let op, Mikha’el, een van die leier prinse, het gekom om my te help en ek het daar aangebly teen die heerser van Perse.
14 Nou het ek gekom om jou in te lig oor wat jou volk aan die einde van die dae te beurt sal val, want steeds is die visioen vir die einde van die vasgestelde dae.”
15 Toe hy hierdie woorde vir my gesê het, het ek my gesig na die grond gedraai en was sprakeloos.
16 Let op, een wat soos ’n mens gelyk het, het my lippe aangeraak en ek het my mond oopgemaak en gepraat en aan hom wat voor my staan, gesê: “My meester, met die visioen het my binneste gebewe en ek was nie in staat om op te staan nie,
17 want hoe kan die dienskneg van my meester met my meester praat? Let op, daar is geen krag in my nie en ook geen asem oor in my nie.”
18 Toe het die een wat soos ’n mens gelyk het, my weer aangeraak en my versterk
19 en gesê: “Moenie bang wees nie, geliefde man, vrede vir jou, wees dapper, wees onveranderlik sterk!” Toe hy met my gepraat het, was ek versterk en het gesê: “My meester kan maar praat, want ek is versterk.”
20 Toe sê hy vir my: “Weet jy waarom ek na jou toe gekom het? Nou moet ek teruggaan om te veg met die prins van Perse en as ek weggegaan het, let op, die heerser van Griekeland kom,
21 maar ek sal jou wys wat opgeteken is in die boekrol van waarheid en daar is niemand om my te help in hierdie dinge nie, behalwe julle prins, Mikha’el.”

11 1 In die eerste jaar van Daryavesh, die Meder, het die boodskapper opgestaan om my aan te moedig en te versterk
2 en hy het gesê: “Nou sal ek vir jou die waarheid wys. Let op, daar sal nog drie konings opstaan in Perse en die vierde sal baie ryker wees as almal van hulle en wanneer hy sterk geword het in sy eie koninkryk, sal hy al die koninkryke van Griekeland opwek.
3 ’n Magtige koning sal opstaan en heers met groot gesag en maak net soos hy wil.

4 Wanneer hy opgestaan het, sal sy koninkryk verbreek word en na die vier windstreke van die hemel verstrooi word, maar dit sal nie na sy oorspronklike grense uitstrek of volgens die gesag waarmee hy regeer het nie, want sy koninkryk sal ontwortel word en daar sal geen koninkryk wees, behalwe die verdelings van sy koninkryk nie.

5 Die koning van die suide en sy prinse sal onveranderlik sterk wees en die mense sal hom volg en hy sal heers oor 'n groot heerskappy

6 en ná 'n paar jaar sal hulle tot 'n ooreenkoms kom en die dogter van die koning van die suide sal na die koning van die noorde kom om vrede tussen hulle te sluit, maar sy sal nie in staat wees om haar doel te bereik nie weens vrees en sy sal oorgee, saam met hulle wat haar gebring het, haar diensmaagde en haar bondgenote van daardie tyd.

7 'n Erfgenaam van haar geslag sal oor sy land opstaan en met 'n leërmag en mag teen die koning van die noorde kom en teen hom optree en oorwin.

8 Hy sal ook hulle afgode met hulle kosbare voorwerpe van silwer en goud gevange na Mitzrayim wegdra en hy sal een of twee keer teen die koning van die noorde opstaan;

9 dan sal die koning van die suide die versterkte stede van die koning van die noorde binnedring, maar hy sal na sy eie land terugkeer.

10 Sy seuns, (van die noorde), sal egter opgewek word en 'n menigte groot leërs versamel en hom aanval en stroom deur die land en sal terugkeer al vernietigend tot by sy versterkings.

11 Die koning van die suide sal woedend wees en uitkom om te veg teen die koning van die noorde en die koning van die noorde sal 'n groot leër op die been bring, maar hierdie leër sal in die hand van sy vyand gegee word

12 en wanneer sy vyand die leër vernietig het, sal sy binneste opgelig word en hy sal baie neerslaan, maar nie staande bly nie,

13 want die koning van die noorde sal weer terugkeer en 'n leër twee keer so groot as die vorige op die been bring en sal ná 'n sekere aantal jare kom met 'n groot leër en met 'n groot ruitermag.

14 In daardie tyd sal baie teen die koning van die noorde opstaan; ook die gewelddadige mense van jou volk sal hulle oplig om die visioen te vervul, maar hulle sal oorwin word.

15 Die koning van die noorde sal kom en walle opgooi en die mees versterkte stede inneem en die wapens van die suide sal nie weerstaan nie omdat hulle geen krag het om te weerstaan nie en die gekose manne van die volk sal opstaan, maar hulle kan nie weerstand bied nie, want hulle het geen krag om te weerstaan nie.

16 Hy wat teen hom kom, sal egter maak soos hy wil en niemand sal teen hom staande bly nie en hy sal die land van Yisra'el inval en dit sal in sy hande oorgegee word,

17 dan sal hy sy gesig daarop rig om die versterkte stede van al die koninkryke in te val en al die mense wat by hom is, sal vorentoe gaan, maar 'n dogter van die mens sal aan hom gegee word sodat sy hom kan vernietig, maar dit sal nie slaag nie en hy sal haar ook nie vir homself vat nie.

18 Daarna sal hy sy gesig draai na die eilande en baie daarvan verower en wegdoen met ’n heerser wat hom verag het en sy veragting laat terugkeer op homself.
19 Dan sal hy sy gesig draai na die vestings van die aarde, maar hy sal oorwin word en val en nie meer gevind word nie,
20 dan sal ’n swak heerser in sy plek opstaan en ’n afhanklike van die koninkryke, maar binne ’n kort tydjie sal hy vernietig word, maar nie deur woede of deur oorlog nie.
21 In sy plek sal ’n veragtelike persoon opstaan voor wie hulle nie die koninklike eer sal lê nie, maar hy sal skielik kom en deur bedrog die koninkryk gryp
22 en die versterkte stede in die provinsies sal geplunder word en selfs die leier-priesters van die verbond voor hom uit verstrooi
23 en sommige wat ’n bondgenootskap met hom sal aangaan, sal bedrieglik teen hom werk
24 en tog sal hy sterk word en hom verenig met kleinere mensies en met die ryk stede en hy sal doen wat sy vaders en sy vaders se vaders nie gedoen het nie: hy sal roof en buit en rykdom wegdra, ja en planne teen hulle provinsies maak.
25 Vir ’n tyd sal hy sy krag en sy moed opwek teen die koning van die suide met ’n groot en magtige leër en die koning van die suide sal uitgetart word in geveg met ’n groot leër en hy sal baie sterk word, maar hy sal nie staande bly nie, want hulle sal planne teen hom beraam.
26 Ja, hulle wat sy lekkernye eet, sal hom vernietig en sy leër verstrooi en baie sal dood neerval
27 en albei daardie konings se verstand, wil en emosie sal gedraai word om kwaad te doen en aan een tafel sal hulle leuens praat, maar hulle sal nie voorspoedig wees nie, want die einde sal op die vasgestelde tyd kom,
28 dan sal hy na sy eie land teruggaan met ’n groot leër en sy verstand, wil en emosie sal teen die afgesonderde verbond wees
29 en hy sal doen soos die vorige keer, net so in die latere tyd.
30 Skepe van Kittim sal teen hom kom en hom oorwin en hy sal terugkom en verontwaardig wees teen die afgesonderde verbond; hy sal ’n verstandhouding hê met hulle wat die afgesonderde verbond verlaat het
31 en hulle leërs sal opstaan vanuit hulleself en hulle sal die magtige Afgesonderde Plek onrein maak en wegdoen met die daaglikse offers en die verwerplike afgode opstel. [Mat 24:15; Mar 13:14]
32 Hulle wat boos handel teen die verbond sal hy afvallig maak, maar die volk wat hulle God ken, sal onveranderlik sterk wees.
33 Die regverdiges onder die mense sal baie onderrig; tog sal hulle val deur die swaard en die vuur, deur gevangenskap en berowing, ’n duisend dae lank. [Heb 11:33-40]
34 Wanneer hulle val, sal hulle ’n klein bietjie hulp ontvang, maar baie ander teëspoed sal by hulle bygevoeg word deur misleiding.
35 Sommige van die wyse manne sal val, om hulle te toets en te onderskei, selfs tot die einde toe, want daar is ’n lang tyd voordat die vasgestelde tyd aanbreek.

36 Die koning sal doen net wat hy wil en hy sal homself oplig en groot maak bo elke afgod en sal groot verwerplikhede teen die God van die gode praat en sal voorspoedig wees totdat die woede sy doel bereik, want dit wat vas besluit is, sal uitgevoer word.
37 Hy sal ook nie die gode van sy vaders of die begeerte na vroue of enige god ag nie, want hy sal homself bo alle dinge verhoog,
38 maar in plaas daarvan sal hy die god van oorheersing vereer en ’n god wat sy vaders nie geken het nie, sal hy met goud, silwer, kosbare gesteentes en aangename dinge vereer.
39 Hy sal die sterk provinsies binneval, vegtend met vreemde gode dat hy die oorwinning kan behaal en oor baie mense heers; hy sal die land verdeel en vir ’n prys verkoop.
40 Ten tye van die einde sal die koning van die suide teen hom veg en die koning van die noorde sal teen hom aankom met strydwaens, perderuiters en baie skepe en hy sal die land inkom.
41 Hy sal ook die land van Yisra’el bereik en baie mense sal doodgemaak word, maar hierdie volke sal uit sy hand bevry word: Edom, Mo’av en die wat oorbly van die seuns van `Ammon.
42 Hy sal ook sy hand uitsteek teen ander lande en die land van Mitzrayim sal nie ontsnap uit sy hande nie,
43 maar hy sal mag hê oor die skatte van goud en silwer en oor al die kosbaarhede van Mitzrayim; Put (Libië) en Kush sal sy bondgenote wees,
44 maar gerugte uit die ooste en uit die noorde sal hom pla; daarom sal hy met groot woede uitgaan om baie mense te vernietig en dood te maak.
45 Hy sal sy koninklike tent opslaan tussen die see en die berg en die Afgesonderde Plek beskerm, maar die tyd van sy einde sal kom en niemand sal hom help nie.

12 1 In daardie tyd sal Mikha’el, die groot boodskapper wat bevel het oor jou volk,
opstaan en daar sal ’n tyd van moeilikheid wees soos nog nooit sedert die begin
van die wêreld nie [Open 7:14] en in daardie tyd sal sommige van jou volk bevry word,
elkeen wie se naam, opgeskryf in die boekrol, gevind sal word. [Open 20:12]
2 Baie van dié wat in die stof van die aarde slaap, sal wakker word, sommige tot die ewige lewe en sommige tot vernedering en ewige verwerping. [Open 20:13]
3 Hulle wat goed gedoen het en die manne van insig sal skyn soos die glans van die uitspansel en die wat weggedraai het na onpartydige opregtheid sal skyn en wees soos die sterre vir ewig en ewig,
4 maar jy, o Dani’el, seël hierdie woorde en wees stil en seël hierdie boek selfs tot die tyd van die einde toe; baie sal die einde wil ken en kennis sal vermeerder word.”
5 Toe het ek, Dani’el, gekyk en let op, twee ander boodskappers het, een aan hierdie kant op die wal van die rivier en die ander oorkant op die wal van die rivier gestaan
6 en hulle sê aan die man, aangetrek met linne klere, wat bo die waters van die rivier gestaan het: “Hoe lank sal dit wees voor die einde van hierdie dinge?”

7 Ek het die man wat met duur klere aangetrek is, wat bo die waters van die rivier staan, gehoor. Hy het sy regterhand en sy linkerhand na die hemel toe opgesteek en gesweer by Hom wat vir ewig lewe dat dit vir ’n tyd, tye en ’n halwe tyd sal wees en wanneer ’n afgesonderde volk bevry is, sal al hierdie dinge vervul word.

8 Ek, Dani’el het dit gehoor, maar nie verstaan nie; toe het ek gesê: “My meester, wat sal na hierdie dinge gebeur?”

9 Hy het gesê: “Gaan op jou pad, Dani’el, want die woorde is verseël tot die tyd van die einde toe. [Open 22:10]

10 Baie sal gekies word en wit gemaak en getoets word, maar die sondaars sal voortgaan om te sondig en geeneen van die bose mense sal verstaan nie, maar hulle wat goeie werke gedoen het, sal verstaan. [Open 22:11,14,15]

11 Vanaf die tyd dat die daaglikse offer afgeskaf en die verwerplike afgode opgerig word, sal een duisend twee honderd en negentig dae verloop.

12 Geseënd is hy wat ernstig wag tot die een duisend drie honderd vyf en dertig dae bereik word.

13 Wat jou betref, Dani’el, gaan weg en rus tot die einde; dan sal jy opstaan op jou vasgestelde tyd aan die einde van die dae.

Die ses en dertigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die tiende boek van die Geskrifte

# `Ezra
(Esra)

עזרא - help.

Die boek is gedeeltelik in Hebreeus en gedeeltelik in Aramees geskryf. Die skrywer, samesteller, was bes moontlik `Ezra, rondom 405-400 voor Yeshua gekom het.

1 1 In die eerste jaar van Koresh, koning van die Perse, het יהוה die gees van
Koresh, koning van die Perse, opgewek sodat die woord van יהוה uit die mond van
Yirmeyahu [Yir 29:10] vervul sou word dat hy ’n oproep deur sy hele koninkryk gemaak
en dit ook op skrif gestel het, deur te sê:
2 “So sê Koresh, koning van die Perse: יהוה, die God van die hemel, het al die
koninkryke van die aarde aan my gegee en Hy het my beveel om vir Hom ’n huis
te bou in Yerushalayim, wat in Y’hudah is.
3 Wie is daar tussen julle wat aan Sy hele volk behoort? Sy God sal by hom wees, laat
hom opgaan na Yerushalayim wat in Y’hudah is en die huis vir יהוה, die God van
Yisra’el, bou! Hy is die God wat in Yerushalayim is.
4 Wie ook al oorgebly het, in enige plek waar hy as vreemdeling gebly het, laat die
manne van sy plek hom help met silwer, goud, met goedere en vee, saam met die
vrywillige geskenke vir die huis van die God wat in Yerushalayim is.”
5 Toe het die familiehoofde van Y’hudah en Binyamin opgestaan, met die priesters en
die Leviete, saam met elkeen wie se gees God opgewek het om op te gaan om die
huis van יהוה wat in Yerushalayim is, te bou.
6 Almal wat rondom hulle was, het hul gehelp met silwer voorwerpe, met goud, met
goedere, vee en kosbare geskenke, wat hulle vrywilliglik geskenk het.
7 Koning Koresh het ook die voorwerpe van die Huis van יהוה uitgebring wat
N’vukadnetzar uit Yerushalayim weggevoer en in die huis van sy god gesit het.
8 Toe het Koresh, koning van Perse, dit uitgebring onder toesig van Mitr’dat, die
skatmeester en hy het dit aan Sheshbatzar, die prins van Y’hudah, oorgegee.
9 Dit was die hoeveelheid daarvan: dertig goue komme, ’n duisend silwer komme,
nege en twintig offermesse,
10 vier honderd en tien dun silwer bekers, nog dertig goue bekers en ’n duisend ander
voorwerpe.
11 Al die voorwerpe van goud en silwer was vyf duisend vier honderd; dit alles het
Sheshbatzar saam met die manne gebring toe die ballinge uit Bavel na Yerushalayim
teruggegaan het.

2 1 Hierdie is die inwoners van die provinsie wat opgetrek het uit die gevangenskap,
wat N’vukadnetzar, koning van Bavel, na Bavel weggevoer het en weer na
Yerushalayim en Y’hudah teruggekeer het, elkeen na sy eie stad;
2 hulle wat saam met Z’rubavel, Yeshua, Negemyah, S’rayah, Re’elyah, Mordekhai,
Bilshan, Mispar, Bigwai, Regum en Ba’anah gegaan het. Die aantal manne van die
volk van Yisra’el was:
3 die seuns van Par’osh, twee duisend een honderd twee en sewentig;
4 die seuns van Sh’fatyah, drie honderd twee en sewentig;
5 die seuns van Arag, sewe honderd vyf en sewentig;
6 die seuns van Pagat-Mo’av, van die seuns van Yeshua en Yo’av, twee duisend agt
honderd en twaalf;
7 die seuns van `Eilam, een duisend twee honderd vier en vyftig; [Yir 49:35-39; Dan 8:2]
8 die seuns van Zattu, nege honderd vyf en veertig;
9 die seuns van Zakkai, sewe honderd en sestig;

10 die seuns van Bani, ses honderd twee en veertig;
11 die seuns van B’vai, ses honderd drie en twintig;
12 die seuns van `Azgad, een duisend twee honderd twee en twintig;
13 die seuns van Adonikam, ses honderd ses en sestig;
14 die seuns van Bigwai, twee duisend ses en vyftig;
15 die seuns van `Adin, vier honderd vier en vyftig;
16 die seuns van Ater, van Hizkiyahu, agt en negentig;
17 die seuns van Betzai, drie honderd drie en twintig;
18 die seuns van Yorah, een honderd en twaalf;
19 die seuns van Hashum, twee honderd drie en twintig;
20 die seuns van Gibbar, vyf en negentig;
21 die seuns van Beit-Legem, een honderd drie en twintig;
22 die manne van N’tofah, ses en vyftig;
23 die manne van `Anatot, een honderd agt en twintig;
24 die seuns van `Azmawet, twee en veertig;
25 die seuns van Kiryat-`Arim, K’firah en Be’erot, sewe honderd drie en veertig;
26 die seuns van Ramah en Geva, ses honderd een en twintig;
27 die manne van Mikhmas, een honderd twee en twintig;
28 die manne van Beit-El en `Ai, twee honderd drie en twintig;
29 die seuns van N’vo, twee en vyftig;
30 die seuns van Magbish, een honderd ses en vyftig;
31 die seuns van die ander `Eilam, een duisend twee honderd vier en vyftig; Yir 49:35-39
32 die seuns van Harim, drie honderd en twintig;
33 die seuns van Lod, Hadid en Ono, sewe honderd vyf en twintig;
34 die seuns van Yerigo, drie honderd vyf en veertig;
35 die seuns van S’na’ah, drie duisend ses honderd en dertig.
36 Die priesters:
die seuns van Y’da’yah, van die huis van Yeshua, nege honderd drie en sewentig;
37 die seuns van Immer, een duisend twee en vyftig;
38 die seuns van Pash’gur, een duisend twee honderd sewe en veertig;
39 die seuns van Harim, een duisend en sewentien.
40 Die Leviete:
die seuns van Yeshua en Kadmi’el, van die seuns van Hodavyah, vier en sewentig.
41 Die sangers:
die seuns van Asaf, een honderd agt en twintig.
42 Die seuns van die poortwagters:
die seuns van Shallum, die seuns van Ater, die seuns van Talmon, die seuns van `Akkuv, die seuns van Hatita, die seuns van Shovai, almal saam een honderd nege en dertig.
43 Die tempelbediendes:
die seuns van Tziga, die seuns van Hasufa, die seuns van Tabba’ot;
44 die seuns van Keros, die seuns van Sia’ha, die seuns van Padon;
45 die seuns van L’vana, die seuns van Hagavah, die seuns van `Akkuv;
46 die seuns van Hagav, die seuns van Salmai, die seuns van Hanan;

47 die seuns van Giddel, die seuns van Gagar, die seuns van Re'ayah;
48 die seuns van Retzin, die seuns van N'koda, die seuns van Gazam;
49 die seuns van `Uza, die seuns van Paseag, die seuns van Besai;
50 die seuns van Asnah, die seuns van Me'unim, die seuns van N'fusim;
51 die seuns van Bakbuk, die seuns van Hakufa, die seuns van Harhur;
52 die seuns van Batzlut, die seuns van M'gida, die seuns van Harsha;
53 die seuns van Barkos, die seuns van Sisra, die seuns van Temag;
54 die seuns van N'tziag, die seuns van Hatifa;
55 die seuns van die diensknegte van Shlomo:
die seuns van Sotai, die seuns van Hassoferet, die seuns van P'ruda;
56 die seuns van Ya'alah, die seuns van Darkon, die seuns van Giddel;
57 die seuns van Sh'fatyah, die seuns van Hattil, die seuns van Pokheret-Hatzvayim, die seuns van Ami,
58 al die tempelknegte en die seuns van die diensknegte van Shlomo was drie honderd twee en negentig.
59 Hierdie is hulle wat uit Tel-Melag, Tel-Harsha en K'ruv opgetrek het, maar nie verseker hulle familie en hulle afkoms kon aanwys, of hulle vanuit Yisra'el is nie:
60 die seuns van D'layah, die seuns van Toviyah, die seuns van N'koda, ses honderd twee en vyftig.
61 Van die seuns van die priesters:
die seuns van Havayah, die seuns van Hakkotz, die seuns van Barzillai, wat uit die dogters van Barzillai, die Gil'adiet, 'n vrou gevat het en na hulle vernoem is.
62 Hulle het hul registers gesoek tussen die wat as voorgeslag erken is, maar dit is nie gevind nie; daarom is hulle vrygestel van die priesterskap.
63 Die leiers van Yisra'el het vir hulle gesê dat hulle nie mag eet van die mees afgesonderde dinge nie totdat 'n hoofpriester sou opstaan en navraag doen met urim en tummim.
64 Die hele vergadering saam was twee en veertig duisend drie honderd en sestig,
65 behalwe hulle slawe en hulle slavinne, waarvan daar sewe duisend drie honderd sewe en dertig was en hulle wat met sang bedien het, twee honderd sangers en sangeresse.
66 Hulle perde was sewe honderd ses en dertig; hulle muile, twee honderd vyf en veertig;
67 hulle kamele, vier honderd vyf en dertig; hulle donkies, ses duisend sewe honderd en twintig.
68 Sommige van die hoofde van die vaders het, toe hulle by die huis van יהוה kom wat in Yerushalayim is, hulle vrywillig beskikbaar gestel vir die huis van God, om dit weer op te rig op sy plek.
69 Hulle het volgens hulle vermoë gegee vir die finansiëring van die werk: een en sestig duisend drams (0,6 ton) goud, vyf duisend manim (net meer as 3 ton) silwer en 'n honderd kledingstukke vir die priesters.
70 So het dan die priesters, die Leviete, sommige van die volk, die sangers, die poortwagters, die tempelknegte en hulle wat in die stede woon na hulle plekke teruggekeer en die hele Yisra'el na hulle stede.

3 1 Toe die sewende maand aanbreek en die seuns van Yisra'el in hulle stede was,
het die volk soos een man in Yerushalayim bymekaargekom.
2 Toe het Yeshua, die seun van Yotzadak, [Yeg 43:19; 44:15; 1 Kro 6:14,15] met sy broers, die
priesters en Z'rubavel, die seun van Sh'alti'el, [Z'kh 4:6-10; Mat 1:12] met sy broers,
opgestaan en die altaar van die God van Yisra'el gebou om brandoffers op te offer
soos dit geskryf staan in die wet van Mosheh, die profeet van God.
3 Hulle het die altaar op sy basis opgerig omdat vrees oor hulle was vir die mense wat
in die stede gebly het en hulle het brandoffers tot יהוה daarop geoffer, brandoffers
in die oggend en in die aand
4 en hulle het die Sukkot (Huttefees) gehou soos geskryf staan en die daaglikse
brandoffers volgens die getal gebring, volgens die instelling, volgens die daaglikse
vereiste; [Yeg 43:18-27]
5 daarna die voortdurende brandoffer, beide van die Nuwemane en van al die feeste
van יהוה wat afgesonder is en van elkeen wat aan יהוה 'n vrywillige offer gebring
het.
6 Vanaf die eerste dag van die sewende maand het hulle begin om brandoffers aan יהוה
te offer, maar die fondament van die tempel van יהוה was nog nie gelê nie.
7 Hulle het geld gegee aan die klipkappers en die skrynwerkers en aan die manne van
Tzidon en Tzor het hulle kos, drank en olie gegee om sederhout per see vanaf die
L'vanon te bring, na Yafo, volgens die toegewing van Koresh, koning van Perse,
aan hulle.
8 In die tweede jaar van hulle aankoms by die huis van God in Yerushalayim, in
die tweede maand, het Z'rubavel, die seun van Sh'alti'el en Yeshua, die seun van
Yotzadak, die res van hulle broers, die priesters en die Leviete en almal wat uit die
gevangenskap na Yerushalayim gekom het, begin om die Leviete van twintig jaar
oud en ouer aan te stel om toesig te hou oor die werk aan die huis van יהוה in die
dag.
9 Toe het Yeshua, met sy seuns en sy broers, Kadmi'el met sy seuns en die seuns van
Y'hudah, saam opgestaan soos een man, om die werk aan die huis van יהוה te doen;
asook die seuns van Henadad, hulle seuns en hulle broers, die Leviete.
10 Toe die bouers die fondamente van die gebou van die tempel van יהוה gelê het,
het die priesters in hulle ampsdrag, met ramshorings en die Leviete, die seuns van
Asaf, met groot ramshorings opgestel om יהוה helder en duidelik te prys volgens
die instelling van Dawid, koning van Yisra'el.
11 Hulle het in eenheid saam gesing met lofprysing en danksegging aan יהוה, want Hy
is goed, want Sy omgee teenoor Yisra'el duur vir ewig! Die hele volk het uitgeroep
met 'n harde geskreeu toe hulle יהוה geloof het omdat die fondament van die huis
van יהוה gelê is,
12 maar baie van die priesters, die Leviete en die hoofde van die vaders, van die oues
wat die eerste tempel in sy lof gesien het, het hardop gehuil toe die fondament
van hierdie huis voor hulle oë gelê is terwyl baie hulle stemme verhef het met
ramshorings en vreugde

13 sodat die volk nie die geluid van ramshorings kon onderskei van die gehuil van die mense nie, want die volk het ramshorings geblaas met ’n harde geblaas en die gehuil is ver gehoor.

4 1 Toe die teëstanders van Y’hudah en Binyamin hoor dat die ballinge ’n tempel bou vir יהוה, die God van Yisra’el,

2 het hulle na Z’rubavel en die hoofde van die vaders gekom en vir hulle gesê: “Laat ons ook saam met julle bou, want ons soek julle God net soos julle en ons het aan Hom geoffer vanaf die dae van Esar-Haddon, koning van Ashur, wat ons hierheen gebring het.” 2 Kon 17:3, 19, 24

3 Z’rubavel, Yeshua en die ander hoofde van die vaders van Yisra’el het egter vir hulle gesê: “Julle het niks met ons te doen om vir ons God ’n huis te bou nie, want ons saam sal self vir יהוה, die God van Yisra’el ’n huis bou soos wat Koresh, koning van Perse, ons beveel het.”

4 Toe het die ander nasies van die land die hande van die volk van Y’hudah verswak en hulle vreesbevange gemaak dat hulle nie kon bou nie

5 en raadgewers teen hulle gehuur om hulle doel te frustreer al die dae van Koresh, koning van Perse, selfs tot by die regering van Daryavesh, koning van Perse.

6 Aan die begin van die regering van Agashverosh, het hulle ’n aanklag geskryf teen die inwoners van Y’hudah en Yerushalayim

7 en in die dae van Artag’shashta het Bishlam, Mitr’dat, Tav’el en hulle bondgenote, aan Artag’shashta, koning van Perse geskryf. Die brief is in Aramese skrif geskryf en in die Aramese taal vertaal.

8 Regum, die kanselier en Shimshai, die skrywer, het ’n brief geskryf teen Yerushalayim aan Artag’shashta, die koning, volgens die gewoonte.

9 Toe skryf Regum, die kanselier en Shimshai, die skrywer en hulle bondgenote, die Dinaïete, die Afarsat’khiete, die Tarp’liete, die Afarsiete, die Ark’wiete, die Baveloniërs, die Shushan’khiete, die Dehayiete, die `Eilamiete

10 en die ander nasies wat die groot en beroemde Osnappar weggevoer en in die stede van Shomron gevestig het en die ander wat aan hierdie kant van die Eufraat is, in daardie tyd. 2 Kon 17:24-26

11 Hierdie is ’n afskrif van die brief wat hulle aan hom gestuur het, aan koning Artag’shashta: “U diensknegte, die manne wes van die Eufraat, as volg:

12 laat dit aan die koning bekend wees dat die Y’hudahiete wat van u af na ons opgetrek het, in Yerushalayim aangekom het en dat hulle die rebelse en bose stad bou. Die mure is voltooi en die fondasies gegrawe.

13 Laat dit nou aan die koning bekend wees dat, as hierdie stad gebou en die mure voltooi is, u geen belasting, opbrengs of tol sal ontvang nie en u die inkomste van die konings in gevaar sal stel.

14 Aangesien ons nou die sout van die paleis geëet het en dit ons nie pas om die oneer van die koning te aanskou nie, stuur ons en laat die koning weet

15 dat die boek van die kronieke van u vaders gelees mag word en u sal vind in die boek van kronieke dat dié stad ’n rebelse stad is en skadelik vir konings en provinsies en dat van ouds af daarin groot stryd plaasgevind het; daarom is dié stad verwoes.

16 Ons maak dit aan die koning bekend dat, as dié stad gebou en die mure voltooi word, u daardeur geen outoriteit sal hê wes van die Eufraat nie.”

17 Toe het die koning ’n antwoord gestuur: “Aan Regum, die kanselier en Shimshai, die skrywer en hulle bondgenote wat in Shomron en in die ander gebied wes van die Eufraat bly: vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid.

18 Toe die brief wat julle aan ons gestuur het, aangekom het, is dit duidelik voor my gelees.

19 Ek het beveel en hulle het gesoek en gevind dat dié stad van ouds af hom teen konings verset en dat rebellie en oproer daarin verwek is.

20 Daar was ook magtige konings oor Yerushalayim wat geheers het oor al die lande wes van die Eufraat en hulle het niks vir die antieke konings omgegee nie;

21 daarom, maak nou ’n verordening wat die manne laat ophou sodat hierdie stad nie gebou mag word totdat ek ’n bevel gegee het nie.

22 Gee aandag dat jy nie faal om dit te doen nie sodat die skade nie groter sal word tot skade van die konings nie.”

23 Toe die afskrif van die brief vanaf Artag’shashta, die koning, aan Regum, die kanselier, Shimshai, die skrywer en hulle bondgenote voorgelees is, het hulle haastig na Yerushalayim, teen die Y’hudahiete opgegaan en hulle met ’n sterk weermag laat ophou bou.

24 Toe het die werk aan die huis van God, wat in Yerushalayim is, opgehou en dit is gestaak tot in die tweede jaar van die regering van Daryavesh, koning van Perse.

5 1 Toe het die profete, Haggai en Z’kharyah, die seun van `Iddo, vir die Y’hudahiete, wat in Y’hudah en Yerushalayim was, aangaande hulle geprofeteer in die Karakter en Outoriteit (Naam) van die God van Yisra’el.

2 Toe het Z’rubavel, die seun van Sh’alti’el en Yeshua, die seun van Yotzadak, opgestaan en begin om die huis van God, wat in Yerushalayim is, te bou en saam met hulle was die profete van God wat hulle gehelp het.

3 In daardie tyd het Tattenai, die kanselier wes van die Eufraat en Sh’tar-Boznai en hulle bondgenote na hulle gekom en só vir hulle en die res van die mense gesê: “Wie het aan julle die bevel gegee om hierdie huis te bou en hierdie muur op te rig?”

4 Toe het hulle met hul gepraat volgens die wet en gesê: “Wat is die name van die manne wat hierdie bouwerk doen?”

5 Die oog van hulle God was egter op die bannelinge van Yisra’el en hulle het nie opgehou totdat die saak na Daryavesh gebring is nie en toe het hulle ’n antwoord teruggestuur aangaande die saak.

6 Die afskrif van die brief wat Tattenai, die kanselier wes van die Eufraat en Sh’tar-Boznai en hul bondgenote, wat wes van die Eufraat was, aan koning Daryavesh gestuur het;

7 hulle het aan hom ’n brief gestuur waarin so geskryf is: “Aan Daryavesh, die koning, alle vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid!

8 Laat dit aan die koning bekend wees dat ons na die provinsie Y’hudah, na die stad van die groot God, gegaan het wat met groot klippe gebou word en baie hout word in die mure gelê; ’n groot werk word daar gedoen en die groot werk is voorspoedig in hulle hande.
9 Toe het ons daardie oudstes gevra en só vir hulle gesê: ‘Wie het aan julle die bevel gegee om hierdie huis te bou en hierdie muur op te rig?’
10 Ons het ook vir hulle hul name gevra dat ons u kan inlig en dat ons die name van die manne wat hul leiers is, kan skryf.
11 Dit is die antwoord wat hulle ons gegee het: ‘Ons is diensknegte van die God van die hemel en aarde en hierdie huis wat ons bou, is baie jare gelede gebou en is voltooi deur ’n koning van Yisra’el en sy prinse,
12 maar omdat ons vaders die God van die hemel getart het tot woede, het Hy hulle oorgegee in die hand van N’vukadnetzar, koning van die Kasdeërs, wat hierdie huis vernietig en die volk na Bavel weggevoer het.
13 In die eerste jaar van Koresh, koning van Perse, het Koresh egter ’n bevel gegee dat hierdie huis van God herbou moet word.
14 Ook die goue en silwer voorwerpe van die huis van God wat N’vukadnetzar uit die tempel in Yerushalayim weggevat en in die tempel van Bavel gesit het, daardie voorwerpe het Koresh, die koning uit die tempel van Bavel gevat en dit oorhandig aan een met die naam van Sheshbatzar, wat hy goewerneur gemaak het
15 en hy het vir hom gesê: ‘Vat hierdie voorwerpe, gaan sit dit in die tempel in Yerushalayim en laat die tempel van God herbou word op sy plek.
16 Toe het dieselfde Sheshbatzar gekom en die fondasies van die huis van God in Yerushalayim gelê en van toe af tot nou toe word daar gebou en nog is dit nie voltooi nie;’
17 daarom, as dit vir die koning goed is, laat daar gesoek word in die skathuis van die koning, daar in Bavel, of dit so is dat daar ’n bevel deur koning Koresh uitgevaardig is om hierdie huis van God in Yerushalayim te bou en mag die koning sy wil aangaande hierdie saak aan ons stuur.”

6 1 Toe het Daryavesh, die koning, ’n bevel uitgevaardig en hulle het gesoek in die boekrolle wat in die huis van skatte, in Bavel, was.
2 In die stad van Agm’ta, wat in die provinsie Médië lê, is ’n boekrol gevind en só was daarin geskrywe:
3 in die eerste jaar van Koresh, die koning, het Koresh die koning ’n verordening uitgevaardig en beveel dat die huis van God, wat in Yerushalayim is, herbou moet word op die plek waar hulle offers bring en sy fondasies gegooi word; sy hoogte moet sestig el en sy breedte twintig el wees;
4 met drie lae groot klippe en deure van nuwe hout en laat die onkoste uit die huis van die koning betaal word.
5 Laat ook die goue en silwer voorwerpe van die huis van God, wat N’vukadnetzar uit die tempel in Yerushalayim weggevat en na Bavel gebring het, teruggegee word en weer na die tempel, wat in Yerushalayim is, gebring word, elkeen na sy plek en jy moet hulle in die huis van God sit;

6 daarom nou, laat Tattenai, kanselier wes van die Eufraat en Sh’tar-Boznai met hulle bondgenote, die kanseliers wes van die Eufraat, daar wegbly.

7 Laat die werk aan die huis van God alleen; laat die Y’hudahiete en die bannelinge van Y’hudah die huis van God op sy plek bou.

8 Meer nog, die bevel is deur my uitgevaardig, waarom argumenteer julle dan met die Y’hudahiete van die gevangenskap en verhinder julle hul om die huis van God te bou? Vanuit dit wat die koning se rykdom is en vanuit die belasting van die westelike gebied van die Eufraat, moet die uitgawes aan daardie manne betaal word sodat hulle nie verhinder sal word om te bou nie.

9 Wat hulle ook al wil hê, gee dit vir hulle en moet in niks hulle tekort laat nie, jong bulle, sowel as ramme en lammers vir die brandoffers aan die God van die hemel; koring, sout, wyn en olie moet aan hulle volgens verordening van die priesters in Yerushalayim, sonder versuim, dag vir dag, gegee word

10 dat hulle offers kan bring aan die God van die hemel en kan bid vir die koning en sy seuns.

11 Ek het ook ’n verordening gemaak dat wie ook al hierdie bevel verander; laat ’n balk uit sy huis getrek word en vir hom ’n kruis gemaak word en laat hy daarop gekruisig word en van sy huis ’n mishoop gemaak word.

12 Die God, Wie se Naam (Karakter en Outoriteit) ons gevind het dat dit daar is, sal daar bly en elke koning of volk wat sy hand uitsteek om hierdie bevel te oortree, of om die huis van God, wat in Yerushalayim is, te verwoes, Ek, Daryavesh, het beveel dat hy haastig vernietig sal word.

13 Toe het Tattenai, kanselier wes van die Eufraat en Sh’tar-Boznai met hulle bondgenote gou gehandel volgens die bevel wat Daryavesh, die koning gestuur het.

14 Die Y’hudahiete het die werk gedoen en hulle was voorspoedig deur die profesieë van Haggai, die profeet en Z’kharyah, die seun van `Iddo en hulle het gebou en dit voltooi volgens die bevel van die God van Yisra’el en op bevel van Koresh, Daryavesh en Artag’shashta, konings van Perse.

15 Hierdie huis was klaar op die derde dag van die maand Adar (12de maand), in die sesde jaar van die regering van koning Daryavesh.

16 Die seuns van Yisra’el, die priesters, die Leviete en die ander seuns van Y’hudah, het die inwyding van hierdie huis van God met vreugde gevier.

17 Hulle het by die inwyding van hierdie huis van God een honderd bulle, twee honderd ramme, vier honderd lammers en twaalf bokramme as sondoffer vir die hele Yisra’el geoffer, volgens die aantal stamme van Yisra’el.

18 Hulle het die priesters in hulle afdelings aangestel en die Leviete volgens hulle afdelings, oor die diens van die huis van God, wat in Yerushalayim is, soos dit geskryf is in die boek van die wet, van Mosheh.

19 Die ballinge het die Pesag gehou op die veertiende dag van die eerste maand,

20 want die priesters en die Leviete het hulle soos een man gereinig, almal was rein en hulle het die lammers op die Pesagdag geslag vir al die mense van die ballingskap en vir hulle broers, die priesters en vir hulleself.

21 Die kinders van Yisra’el, wat van die ballingskap in Bavel teruggekeer het, almal wat hulleself afgesonder het van die onreinheid van die ander nasies van die land, om te bid tot יהוה, die God van Yisra’el, het geëet.
22 Hulle het ook die Fees van Ongesuurde Brood vir sewe dae met blydskap gehou, want יהוה het hulle vreugdevol gemaak en die verstand, wil en emosie van die koning van Ashur na hulle toe gedraai, om hul hande standvastig te versterk in die werk aan die huis van יהוה, God van Yisra’el.

7 1 Ná hierdie dinge, tydens die regering van Artag’shashta, koning van Perse, het `Ezra, ’n leier, die seun van S’rayah, die seun van `Azaryah, die seun van Hilkiyah,
2 die seun van Shallum, die seun van Tzadok, die seun van Agituv,
3 die seun van Amaryah, die seun van `Azaryah, die seun van M’rayot,
4 die seun van Z’ragyah, die seun van `Uzi, die seun van Bukki,
5 die seun van Avishua, die seun van Pingas, die seun van El’azar, die seun van Aharon, die hoofpriester,
6 opgegaan uit Bavel. Hy was ’n skrifgeleerde, geskool in die wet van Mosheh wat יהוה, die God van Yisra’el, gegee het. Die koning het aan hom al sy versoeke toegestaan sodat hy kon lewe soos hy wou volgens die wet van יהוה, sy God.
7 Daar het ook sommige van die seuns van Yisra’el, van die priesters, die Leviete, die sangers, die poortwagters en die tempelknegte na Yerushalayim opgegaan in die sewende jaar van koning Artag’shashta.
8 Hulle het in Yerushalayim gekom in die vyfde maand van die sewende jaar van die koning.
9 In die eerste maand het hulle begin opgaan uit Bavel en op die eerste dag van die vyfde maand het hulle in Yerushalayim aangekom, volgens die hand van God wat goed was oor hulle,
10 want `Ezra het sy verstand, wil en emosie daarop gerig om die wet van יהוה te ondersoek, dit te doen en in Yisra’el die instellings en regverdige oordele te onderrig.
11 Hierdie is die afskrif van die brief wat koning Artag’shashta gegee het aan `Ezra, die priester en skrifgeleerde van die woorde, die opdragte en instellings van יהוה aan die hele Yisra’el:
12 “Artag’shashta, koning van die konings, aan die priester `Ezra, skrifgeleerde in die wet van die God van die hemel, alle vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid!
13 Ek het ’n bevel uitgevaardig en ’n reëling gemaak dat enige een van die volk van Yisra’el, sy priesters en Leviete, in my koninkryk, wat begeer om saam met jou op te gaan na Yerushalayim, mag gaan.
14 Meer nog, ek het ’n bevel uitgevaardig en ’n reëling gemaak en sommige van my vriende gestuur om navraag te doen na die welstand van Y’hudah en Yerushalayim en om ook navraag te doen aangaande die wet van jou God wat in jou hand is
15 en om die koning se silwer en goud weg te bring wat ek vrywillig gegee het vir die huis van God, Wie se blyplek in Yerushalayim is

16 en al die silwer en goud wat in al die provinsies van Bavel te vinde is, sal saam met jou gaan en die priesters en die Leviete en almal wat saam met jou wil gaan, mag gaan na die huis van God, wat in Yerushalayim is.
17 Jy moet met hierdie geld wyslik bulle, ramme en lammers, saam met hulle graanoffers en drankoffers, wat daarby saamgaan, koop en dit op die altaar van julle God, wat in Yerushalayim is, offer
18 en wat jy en jou broers goed vind om met die orige geld te doen, doen dit volgens die wil van julle God.
19 Die houers wat ook vir jou gegee word vir die diens van die huis van jou God, moet jy aflewer voor die God wat in Yerushalayim is
20 en die res van die houers wat jy mag benodig vir die diens in die huis van jou God, moet jy vat en gee uit die skathuis van die koning.
21 Ek, Artag’shashta, die koning, vaardig ’n bevel uit aan al die skatmeesters wat wes van die Eufraat is, dat wat ook al `Ezra, die priester, die skrifgeleerde in die wet van die God van die hemel, van julle mag vra, julle dit haastig sal doen,
22 tot en met ’n honderd talente silwer en tot ’n honderd kor koring en tot ’n honderd bat wyn en tot honderd bat olie en sout sonder beperking.
23 Alles wat volgens die bevel is, sal gegee word en jy moet dit gee volgens die wet van die God van die hemel; laat dit gevat en gedoen word sodat daar nie ’n toorn kom oor die koninkryk van die koning en sy seuns nie.
24 Ons stel julle ook in kennis dat dit onwettig is vir julle om die priesters, Leviete, sangers, poortwagters, tempelknegte of werkers van die huis van God aan te raak of lastig te val
25 en jy, `Ezra, volgens jou wysheid wat jou God jou gegee het, stel owerhede en regters aan wat al die volke wat wes van die Eufraat is, kan regeer, almal wat die wette van jou God ken en vir hom wat dit nie ken nie, moet julle dit leer.
26 Wie ook al nie die wet van jou God en die wet van die koning doen nie, laat oordeel haastig oor hom uitgevoer word, hetsy ter dood of tot verbanning of konfiskering van goedere of tronkstraf.”
27 Geseënd is U, o יהוה, God van ons vaders, want U het hierdie ding in die verstand, wil en emosie van die koning gesit, om die huis van יהוה wat in Yerushalayim is, te versier
28 en sy guns tot my uit te strek voor die koning en sy magtige prinse. Ek is versterk omdat die hand van יהוה, my God, op my was en ek het leiers uit Yisra’el gekies om saam met my op te gaan.

8 1 Hierdie is die name van die hoofde van die families en die geslagsregister van hulle wat saam met my opgegaan het vanaf Bavel onder die regering van Artag’shashta, die koning:
2 van die seuns van Pingas: Gershom;
van die seuns van Itamar: Dani’el;
van die seuns van Dawid: Hattush,
3 van die seuns van Sh’khanyah en die seuns van Par’osh: Z’kharyah en saam met hom is honderd en vyftig mans volgens nageslag gereken;

4 van die seuns van Pagat-Mo’av: Ely’ho`einai, die seun van Z’ragyah en twee honderd mans saam met hom;
5 van die seuns van Sh’khanyah: die seun van Yagazi’el en drie honderd mans saam met hom;
6 van die seuns van `Adin: `Eved, die seun van Y’honatan en vyftig mans saam met hom;
7 van die seuns van `Eilam: Yesha’yahu, die seun van `Atalyah en sewentig mans saam met hom;
8 van die seuns van Sh’fatyah: Z’vadyah, die seun van Mikha’el en tagtig mans saam met hom;
9 van die seuns van Yo’av: `Ovadyah, die seun van Yegi’el en twee honderd en agttien mans saam met hom;
10 van die seuns van Shlomit: die seun van Yosifyah en een honderd en sestig mans saam met hom;
11 van die seuns van B’vai: Z’kharyah, die seun van B’vai en agt en twintig mans saam met hom;
12 van die seuns van `Azgad: Yoganan, die seun van HaKatan en een honderd en tien mans saam met hom;
13 van die laaste seuns van Adonikam wie se name is: Elifelet, Ye’i’el en Sh’ma’yah en sestig mans saam met hulle;
14 van die seuns van Bigwai: `Utai en Zakur en sewentig mans saam met hulle.
15 Ek het hulle bymekaar laat kom by die rivier wat na Ahawa loop en ons het drie dae daar gekamp en ek het gekyk na die volk en die priesters, maar geen van die seuns van Levi gekry nie;
16 daarom het ek vir Eli’ezer, Ari’el, Sh’ma’yah, Elnatan, Yariv, Eliatan, Natan, Z’kharyah en Meshullam, die leiers en vir Yoyariv en Eliatan, manne met insig, geroep
17 en hulle bevel gegee om na `Iddo, die hoof van die plek Kasifya, te gaan en ek het vir hulle gesê wat om vir `Iddo en vir sy broers, wat by Kasifya kamp, te sê, dat hulle vir ons bedienaars vir die huis van ons God moes bring.
18 Omdat die goeie guns van ons God oor ons was, het hulle vir ons ’n man van insig gebring vanuit die nageslag van Magli, die seun van Levi, die seun van Yisra’el, Sherevyah met sy seuns en sy broers, twaalf
19 en Hashavyah en saam met hom Yesha’yah, van die seuns van M’rari, sy broers en hulle seuns, twintig
20 en ook van die manne wat Dawid aangestel het vir die diens van die Leviete (wat afgesonderd was), twee honderd en twintig en almal is by hulle name uitgeken.
21 Toe het ek hulle geroep en ’n vastyd uitgeroep by die rivier Ahawa, om ons te verneder voor ons God, om ’n regte pad vir ons te vind en vir ons families en al ons goed,
22 want ek was skaam om van die koning ’n leër en perderuiters te vra om ons te help teen vyande op die pad omdat ons met die koning gepraat en gesê het: “Die hand van ons God is met almal wat Hom ten goede soek, maar Sy krag en Sy woede is oor almal wat Hom verlaat.”

23 Ons het gevas en dit van ons God gevra en Hy het na ons geluister.
24 Toe het ek twaalf van die oudstes van die priesters gekies: Sherevyah, Hashavyah en tien van hulle broers saam met hulle
25 en vir hulle die silwer en die goud en die voorwerpe afgeweeg, selfs die geskenke aan die huis van ons God, wat die koning, sy edeles, sy prinse en die hele Yisra’el daar teenwoordig, geskenk het.
26 Ek het in hulle hand afgetel: een honderd en vyftig talente silwer en silwer voorwerpe van ’n honderd talente en voorwerpe van goud, een honderd talente,
27 twintig goue bekers van duisend darieke (10kg) en mooi voorwerpe van Korinthe koper, kosbaar soos goud.
28 Ek het vir hulle gesê: “Julle is afgesonder tot יהוה en ook die voorwerpe is afgesonder en die silwer en die goud is ’n vrywillige geskenk aan יהוה, die God van julle vaders.
29 Wees versigtig en bewaak hulle totdat julle dit oorhandig in die teenwoordigheid van die leiers van die priesters, die Leviete en die leiers van die families van Yisra’el in Yerushalayim, in die kamers van die huis van יהוה.”
30 Die priesters en die Leviete het dit op hulleself geneem om die silwer, die goud en die voorwerpe per gewig af te lewer en hulle na Yerushalayim, na die huis van ons God, te bring.
31 Daarna het ons weggegaan van die rivier Ahawa af op die twaalfde dag van die eerste maand, om na Yerushalayim te gaan en die hand van ons God was op ons en Hy het ons bevry uit die hand van ons vyande en van hulle wat langs die pad lê en wag
32 en ons het in Yerushalayim aangekom en drie dae daar gebly.
33 Op die vierde dag het ons die silwer, die goud en die voorwerpe in die huis van ons God afgeweeg en dit oorhandig aan M’remot, die seun van Uriyah, die priester en saam met hom was El’azar, die seun van Pingas en by hulle Yozavad, die seun van Yeshua en No’adyah, die seun van Binui, die Leviete,
34 volgens getal en gewig van alles en die gewig van alles is op daardie tyd opgeskryf.
35 Dit is die nageslag van hulle wat gevange weggevoer is en van die gevangenskap teruggekeer het, wat brandoffers gebring het aan die God van Yisra’el: twaalf bulle vir die hele Yisra’el, ses en negentig ramme, sewe en sewentig lammers, twaalf bokramme as ’n sondoffer; dit alles was ’n brandoffer aan יהוה
36 en hulle het die wet van die koning aan die koning se prinse oorhandig en aan die goewerneurs wes van die Eufraat en hulle het respek betoon aan die volk en aan die huis van God.

9 1 Toe hierdie dinge afgehandel is, het die oudstes na my toe gekom en gesê: “Die volk van Yisra’el, die priesters en die Leviete het hulle nie afgesonder van die volke van die lande nie en gedoen volgens hulle verwerplikhede; selfs van die Kena’aniete, Hittiete, P’riziete, Y’vusiete, `Ammoniete, Mo’aviete, Mitzrayimiete en Emoriete,

2 want hulle het van húlle dogters vir hulself en vir hul seuns gevat sodat die afgesonderde saad hom vermeng het met die volke van die lande en die hande van die oudstes en die Leviete was eerste in hierdie oortreding. Yeg 44:22
3 Toe ek dit hoor, het ek my klere en my bo-kleed geskeur en die hare uit my kop en my baard uitgepluk en sprakeloos gaan sit.
4 Toe het almal wat ywerig toegewyd was aangaande die boodskap van die God van Yisra’el, as gevolg van die oortredinge van die ballinge, by my bymekaargekom en ek het sprakeloos gesit tot die negende uur (die aandoffer) toe.
5 Op die negende uur het ek opgestaan uit my smart en met my kleed en my bo-kleed geskeur, het ek op my knieë neergeval en my hande uitgesprei in gebed voor יהוה, my God
6 en gesê: “O, my God, ons voel te beskaamd om ons gesigte op te lig na U, ons God, want ons oortredinge is vermenigvuldig oor ons koppe en ons groot sondes het selfs tot by die hemele gekom.
7 Sedert die dae van ons vaders tot vandag toe is ons in ’n groot skuld, want ons het meer sondes gedoen, beide ons, ons vaders, ons konings en ons priesters; daarom is ons oorgegee aan die swaard, tot buit, aan gevangenskap en aan verwarring van gesig en in die hande van die konings van die lande en in die hande van ons vyande, soos dit vandag is.
8 Nou, vir ’n klein rukkie is onverdiende guns van יהוה, ons God, gewys om aan ons oorgeblewenes te laat en aan ons ’n plek in Sy afgesonderde land te gee sodat ons God ons oë kan verhelder en aan ons ’n bietjie verligting gee in ons slawerny,
9 want ons is slawe; tog het ons God ons nie in die steek gelaat in ons slawerny nie, maar Hy het ons onverdiende guns laat vind in die oë van die konings van Perse en vir ons gesorg vandag, om die huis van ons God op te rig en sy puinhope te herstel en ons ’n veilige plek te gee in Y’hudah en in Yerushalayim.
10 Ons God, wat sal ons nou na al hierdie dinge sê? Want ons het U opdragte verlaat,
11 wat U ons beveel het deur U diensknegte, die profete, deur te sê: ‘Die land waar julle ingaan om dit in besit te neem, is ’n onrein land weens die onreinheid van die volke van die lande, met hulle verwerplikhede waarmee hulle dit van die een end tot die ander volgemaak het en met hulle verwerplike dade;
12 daarom, moenie julle dogters aan hulle seuns gee nie en vat nie hulle dogters vir julle seuns nie en soek vir ewig ook nie hulle vrede of voorspoed nie sodat julle onveranderlik sterk kan wees en die goeie van die land kan eet en dit aan julle seuns as erfenis kan laat vir ewig. Lev 18:25-27; Deut 7:3
13 Ná al hierdie dinge wat oor ons gekom het vanweë ons bose dade en vir ons groot sondes, het U, ons God, steeds ten doel gehad om ons sondes te vergewe en aan ons oorgeblewenes in die wêreld te gee
14 en tog was ons pervers en het U opdragte verbreek en ons met hierdie vuil volke verbind en volgens hulle werke gedoen, maar U is goedgunstig. Wees nie kwaad vir ons nie, maar vergewe ons sondes voor U oë, want U gee liefdevol om. Laat vir ons oorblywendes in die wêreld sodat ons nie sal sterf nie, want daar is niemand soos U nie.

15 O, יהוה, God van Yisra’el, U is regverdig, want U het ’n oorblyfsel van ons gespaar, soos dit vandag is. Let op, ons staan en erken ons sondes voor U, want ons het geen woorde om voor U te praat as gevolg hiervan nie.”

10 1 Terwyl `Ezra bid, erken en huilend neerval op sy gesig voor die huis van God, kom daar uit Yisra’el ’n baie groot vergadering van manne, vroue en kinders by hom bymekaar, want die volk het aanhoudend gehuil.

2 Sh’khanyah, die seun van Yegi’el, van die seuns van `Eilam, begin praat en sê vir `Ezra: “Ons het teen ons God oortree en het vreemde vroue uit die volke van die land gevat. Is daar nou enige hoop vir Yisra’el in hierdie saak?

3 Laat ons daarom nou ’n verbond met ons God sluit om al die vreemde vroue en hulle wat uit hul gebore is, weg te stuur volgens die raad van יהוה en van hulle wat bewe by die wet van ons God en Sy opdragte; doen dit nou en wees sterk,

4 want hierdie wet is vir julle uitgevaardig en ons staan by julle; wees onveranderlik sterk en doen dit!”

5 Toe het `Ezra, die skrifgeleerde, opgestaan en die oudstes van die priesters, die Leviete en die hele Yisra’el laat sweer dat hulle sal doen volgens hierdie opdrag en hulle het gesweer.

6 Toe het `Ezra, die skrifgeleerde, opgestaan van voor die huis van God en in die kamer van Y’hoganan, die seun van Elyashiv ingegaan en hy het daar gesit, maar geen brood geëet of water gedrink nie, want hy was vol smart vir die oortreding van die mense.

7 Hulle het ’n aankondiging gemaak reg deur Y’hudah en Yerushalayim aan al die ballinge om in Yerushalayim bymekaar te kom

8 en dat aan elkeen wat nie binne drie dae kom nie, gedoen sal word volgens die besluit van die leiers en die oudstes: al sy rykdom kan verbeur word en hy self word uit die volk afgeskei.

9 Toe het al die manne van Y’hudah en Binyamin binne drie dae in Yerushalayim bymekaargekom. Dit was die negende maand, op die tiende van die maand en die hele volk van יהוה het in die straat voor die huis van יהוה vergader en gebewe en geskud as gevolg van hierdie saak.

10 Toe het `Ezra, die priester, opgestaan en vir hulle gesê: “Julle het oortree teenoor God en vreemde vroue gevat en so die sonde van Yisra’el vermeerder;

11 daarom, erken dit nou aan יהוה, die God van julle vaders en doen Sy wil; sonder julle af van die volke van die land en van die vreemde vroue.”

12 Toe antwoord die hele vergadering en sê hardop: “Jou woorde aangaande ons is goed en ons sal alles aanvaar wat jy aangaande ons sê en dit getrou doen,

13 maar die mense is baie, dit is die reëntyd en ons kan nie in die straat staan nie en dit is ook nie ’n werk vir een of twee dae nie, want ons sondes is baie in hierdie saak.

14 Laat ons oudstes vir die hele vergadering opstaan en laat almal wat in ons stede is, wat vreemde vroue gevat het, op die tyd van gebed kom en saam met hulle die oudstes en die regters van elkeen se stad totdat die woede van ons God oor hierdie saak, van ons weggedraai is.”

15 Net Y’honatan, die seun van `Asah’el en Yagz’yah, die seun van Tikwah, het dit teëgestaan en Meshullam en die Leviet, Shabtai, het hulle ondersteun.
16 Die ballinge het so gedoen en `Ezra, die priester, het tien manne gekies, hoofde van hulle families en hulle is almal by hul naam uitgeroep en hulle het op die eerste dag van die tiende maand gaan sit om die saak te ondersoek.
17 Hulle het al die manne wat vreemde vroue gevat het, klaar ondersoek teen die eerste dag van die eerste maand.
18 Onder die nageslag van die priesters is sommige gevind wat vreemde vroue gevat het, naamlik, die seuns van Yeshua, die seun van Yotzadak en sy broers: Ma’aseiyah, Eli’ezer, Yariv en G’dalyah
19 en ook hulle het toegegee om hulle vroue weg te stuur en hulle het ramme uit die trop geoffer vir hulle sonde.
20 Van die seuns van Immer: Hanani en Z’vadyah.
21 Van die seuns van Harim: Ma’aseiyah, Eliyah, Sh’ma’yah, Yegi’el en `Uziyah.
22 Van die seuns van Pashgur: Elyo’einai, Ma’aseiyah, Yishma’el, N’tan’el, Yozavad en El’asah.
23 Van die Leviete: Yozavad, Shim’i, K’layah, K’lita, P’tagyah, Y’hudah en Eli’ezer.
24 Van die sangers: Elyashiv.
Van die poortwagters: Shallum, Telem en Uri.
25 Ook vanuit Yisra’el, van die seuns van Par’osh: Ramyah, Yizziyah, Malkiyah, Miyamin, El’azar, Malkiyah en B’nayah.
26 Van die seuns van `Eilam: Mattanyah, Z’kharyah, Yegi’el, `Avdi, Yeremot en Eliyah.
27 Van die seuns van Zattu: Elyo’einai, Elyashiv, Mattanyah, Yeremot, Zavad en `Aziza.
28 Van die seuns van B’vai: Y’hoganan, Hananyah, Zabbai en `Atlai.
29 Van die seuns van Bani: Meshullam, Mallukh, `Adayah, Yashuv, Sh’al en Yeremot.
30 Van die seuns van Pagat-Mo’av: `Adna, K’lal, B’nayah, Ma’aseiyah, Mattanyah, B’tzal’el, Binui en M’nasheh.
31 Van die seuns van Harim: Eli’ezer, Yishiyah, Malkiyah, Sh’ma’yah, Shim’on,
32 Binyamin, Mallukh, Sh’maryah en Semárja.
33 Van die seuns van Hashum: Mattnai, Mattatah, Zavad, Elifelet, Yeremai, M’nasheh en Shim’i.
34 Van die seuns van Bani: Ma’adai, `Amram, U’el,
35 B’nayah, Bedyah, K’luhu,
36 Wanyah, M’remot, Elyashiv,
37 Mattanyah, Mattnai, Ya’asai,
38 Bani, Binui, Shim’i,
39 Shelemyah, Natan, `Adayah,
40 Makhnavdai, Shashai, Sharai,
41 `Azar’el, Shelemyah, Sh’maryah,
42 Shallum, Amaryah en Yosef.

43 Van die seuns van N’vo: Ye’i’el, Mattitya, Zavad, Z’vina, Yiddu, Yo’el en B’nayah.
44 Hulle almal het vreemde vroue gevat en sommige van hulle het vroue gehad waarby hulle kinders gehad het.

Die sewe en dertigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die elfde boek van die Geskrifte

# Negemyah
(Nehemia)

נחמיה - יהוה vertroos.

Die boek is deur Negemyah geskryf en saamgestel deur `Ezra, rondom 405-400 voor Yeshua gekom het.

1 1 Die woorde van Negemyah, die seun van Hakhalyah: dit het gebeur in die maand Kislev (9de Maand) van die twintigste jaar terwyl ek in Shushan, in die paleis, was,
2 dat Hanani, een van my broers, gekom het, hy en sekere manne van Y'hudah en ek het hulle gevra na die Y'hudahiete, die oorgeblewenes wat oorgebly het uit die gevangenskap en ook na Yerushalayim.
3 Hierdie manne, vir wie ek gevra het, het vir my gesê: "Die manne wat die gevangenskap vrygespring het, let op, hulle is daar in die stad, dwalend in ellende en in bespotting; die muur van Yerushalayim is ook afgebreek en sy poorte is met vuur verbrand." [2 Kon 25; Yir 52]
4 Toe ek hierdie woorde hoor, het ek gaan sit en huil en getreur vir baie dae en gevas en gebid voor die Teenwoordigheid van die God van die hemel
5 en gesê: "Ek smeek U, o יהוה, God van die hemel, die Magtige, die groot en gevreesde God, wat waarheid en onverdiende guns behou vir hulle wat Hom lief het en Sy opdragte uitvoer,
6 laat U oë nou oop wees en U ore luister, om die gebed van U dienskneg, wat ek nou, dag en nag, voor U bid, vir die seuns van Yisra'el, U diensknegte, te hoor en ek erken die sondes van die seuns van Yisra'el wat hulle teen U gesondig het; meer nog, ook ek en my familie het teen U gesondig.
7 Ons het nie al die opdragte, of die instellings, of die regverdige oordele wat U aan Mosheh, U dienskneg, beveel het, gehou nie.
8 Onthou nou al die opdragte wat U aan Mosheh, U dienskneg, beveel en gesê het: 'As julle oortree teenoor My, sal Ek julle onder die volke verstrooi,
9 maar as julle berou het en na My toe terugdraai en My wette onderhou en dit doen, al was julle verstrooides in die verste dele van die hemel, steeds sal Ek julle van daar af bymekaarmaak en julle bring na die plek waar Ek besluit het om My Naam (Karakter en Outoriteit) te vestig.' [Deut 4:25-27; 30:2-4]
10 Hierdie is U diensknegte en U volk, wat U gered het deur U groot krag en deur U sterk hand.
11 O יהוה, ek smeek U, laat U oor aandag gee aan die gebed van U dienskneg en aan die gebede van U diensknegte, hulle wat hulle verheug daarin om U Naam (Karakter en Outoriteit) respekvol te vrees en ek bid, gee vandag voorspoed aan U dienskneg en gee aan hom onverdiende guns voor die oë van hierdie man." Ek was skinker vir die koning.

2 1 Toe het dit gebeur in die maand Nisan (1ste Maand) van die twintigste jaar van Artag'shashta, die koning, dat ek wyn voor die koning bedien het en ek het die wyn opgetel en aan die koning gegee. Ek was nog nooit vroeër bedroef in sy teenwoordigheid nie;
2 daarom het die koning vir my gevra: "Waarom is jou voorkoms bedroef, aangesien jy nie siek is nie? Dit is niks anders as hartseer nie." Toe was ek uitermate bang
3 en het aan die koning gesê: "Mag die koning vir ewig lewe! Waarom sou my voorkoms nie bedroef wees nie terwyl die hoofstad van die koninkryk van my vaders in puin lê en sy poorte deur vuur verbrand is?"

4 Toe vra die koning vir my: "Waarvoor het jy begeer en gebid voor die God van die hemel?"

5 Ek het vir die koning gesê: "As dit die koning plesier en as u dienskneg guns in u oë gevind het, stuur my dan na Y'hudah, na die stad van Dawid, na my vaders se grafte sodat ek dit kan herbou."

6 Toe vra die koning vir my, met die koningin langs hom: "Hoe lank sal jou reis duur en wanneer sal jy terugkom?" Dit het die koning plesier om my te stuur en hy het vir my 'n tyd bepaal.

7 Ek het ook vir die koning gesê: "As dit die koning behaag, kan hulle vir my briewe saamgee aan die goewerneurs wes van die Eufraat sodat hulle my mag vergesel totdat ek in Y'hudah kom,

8 asook 'n brief aan Asaf, opsigter van die koning se woud sodat hy vir my hout mag gee om die balke van die poorte van die tempel, die vesting en die mure van die stad te maak en vir die huis waarin ek sal bly." Die koning het dit aan my toegestaan volgens die goeie hand van my God oor my.

9 Ek het by die goewerneur gekom wes van die Eufraat en die brief van die koning aan hom gegee. Die koning het 'n bevelvoerder van die perderuiters saam met my gestuur,

10 maar toe Sanvallat, die Horoniet en Toviyah, die `Ammonitiese kneg, daarvan hoor, dat iemand gekom het om na die welstand van die seuns van Yisra'el om te sien, was dit vir hulle boos.

11 Ek het in Yerushalayim gekom en was drie dae daar

12 en ek en die manne wat saam met my gekom het, het opgestaan in die nag en ek het niemand vertel wat my God in my verstand, wil en emosie gegee het om in Yerushalayim te doen nie en daar was ook geen dier by my nie, behalwe die dier waarop ek gery het.

13 Ek het in die nag by die Valleipoort uitgegaan in die rigting van die Draakfontein en na die Mispoort toe en ek het na die mure van Yerushalayim gekyk wat afgebreek is en sy poorte wat deur vuur verbrand is.

14 Toe het ek verder gegaan na die Valleipoort en na die Koning se poel, maar daar was geen plek vir die dier wat ek gery het om verby te gaan nie.

15 Toe het ek in die nag in die vallei opgegaan en na die muur gekyk en teruggedraai en ingegaan deur die Valleipoort en so teruggegaan.

16 Die outoriteite het nie geweet waar ek heengegaan het en wat ek doen nie en ek het dit ook nog nie vir die Y'hudahiete, of die priesters, of die goewerneurs, of die skrywers en die ander wat die werk moes doen, vertel nie.

17 Toe het ek vir hulle gesê: "Julle sien die benoudheid waarin ons is, want let op, Yerushalayim lê verwoes en sy poorte is met vuur verbrand; kom, laat ons die muur van Yerushalayim bou sodat ons nie langer 'n bespotting sal wees nie."

18 Toe het ek hulle vertel van die hand van my God wat goed was oor my en ook van die woorde van die koning wat hy vir my gesê het. Hulle het gesê: "Laat ons opstaan en bou!" Hulle het hul hande versterk vir hierdie goeie werk,

19 maar toe Sanvallat, die Horoniet en Toviyah, die `Ammonitiese kneg en Geshem, die Arabier, dit hoor, het hulle uit spot vir ons gelag en spottend gesê: “Wat is hierdie ding wat julle doen? Miskien rebelleer julle teen die koning?”
20 Toe het ek hulle geantwoord en gesê: “Die God van die hemele, Hy gee aan ons voorspoed en daarom werk ons, staan ons vas en bou, maar julle het geen deel, geen reg en geen herinnering in Yerushalayim nie.”

3 1 Toe het Elyashiv, die hoofpriester, saam met sy broers, die priesters, opgestaan en die Skaapspoort gebou; hulle het sy deure ingesit en dit afgesonder, so ver as die toring van die Honderd en hulle het dit afgesonder tot by die toring van Hanan’el.
2 Langs hom het die manne van Yerigo gebou en langs hulle het Zakur, die seun van Imri, gebou,
3 maar die Vispoort het die seuns van S’na’ah gebou, wat ook sy balke en sy sy-deure, sy sluitbalke en sy grendels opgestel het.
4 Langs hulle het M’remot, die seun van Uriyah, die seun van Hakkotz, reggemaak. Langs hulle het Meshullam, die seun van Berekhyah, die seun van Mesheizav’el, reggemaak en langs hulle het Tzadok, die seun van Ba’ana, reggemaak.
5 Langs hulle het die Tekoïete reggemaak, maar hulle leiers het hulleself nie belas met die werk van hulle Meester nie.
6 Die Tweede (Ou)poort is deur Yoyada, die seun van Paseag en Meshullam, die seun van B’sodyah, reggemaak; hulle het ook die balke daarvan gelê en sy deure en sy sluitbalke en sy grendels ingesit.
7 Langs hulle het M’latyah, die Giv’oniet, Yadon, die Meronotiet, die manne van Giv’on en Mitzpah reggemaak. Hulle het ook ’n troon vir die goewerneur van die gebied wes van die Eufraat gemaak.
8 Langs hulle het `Uzi’el, die seun van Harhayah, die goudsmede, reggemaak. Langs hulle het Hananyah, die parfuummakers, reggemaak en hulle het Yerushalayim verlaat toe die muur goed verleng was.
9 Langs hulle het Yirmeyahu, die seun van Hur, goewerneur van Yerushalayim reggemaak.
10 Langs hulle het Y’da’yah, die seun van Harumaf en die heerser van sy huis reggemaak en langs hom het Hattush, die seun van Hashavn’yah, reggemaak.
11 Malkiyah, die seun van Harim en Hashuv, die seun van Pagat-Mo’av, het die ander seksie reggemaak en die toring wat oor was.
12 Langs hom het Shallum, die seun van HaLogesh, die heerser van Yerushalayim, reggemaak, hy en sy seuns.
13 Die Valleipoort is deur Hanun en die inwoners van Zanoag reggemaak; hulle het dit gebou en sy deure, sy sluitbalke en sy grendels ingesit, asook ’n duisend el van die muur tot by die Mispoort.
14 Die Mispoort is deur Malkiyah, die seun van Regav, heerser van Beit-Hakkerem, reggemaak; hy het dit gebou en sy deure, sy sluitbalke en sy grendels ingesit.
15 Die Fonteinpoort is deur Shallum, die seun van Kol-Hozeh, heerser van Mitzpah, reggemaak; hy het dit gebou en dit bedek en hy het sy deure, sy sluitbalke en sy grendels ingesit, asook die muur van die poel van Shelag, by die koning se tuin, tot by die trappe wat afloop vanaf die stad van Dawid.

16 Ná hom het Negemyah, die seun van Azbuk, heerser van Beit-Tzur, reggemaak tot by die pad wat na die graf van Dawid gaan en tot by die poel wat gemaak is en tot by die huis van die magtiges.

17 Ná hom het die Leviet, Regum, die seun van Bani, reggemaak en langs hom die heerser van Ke’ilah tot by Hashavyah.

18 Ná hom het hulle broers, Bawai, die seun van Henadad, goewerneur van Ke’ilah, reggemaak.

19 Langs hom het `Ezer, die seun van Yeshua, die heerser van Mitzpah, nog ’n seksie reggemaak teen die afgaan na die wapenhuis, by die draai van die muur.

20 Ná hom het Barukh, die seun van Zakkai, ywerig onderneem en die ander stuk reggemaak; vanaf die draai van die muur tot by die deur van die huis van die hoofpriester, Elyashiv.

21 Ná hom het M’remot, die seun van Uriyah, die seun van Hakkotz, nog ’n stuk, vanaf die deur van die huis van Elyashiv tot by die end van die huis van Elyashiv reggemaak.

22 Ná hom het die priesters, die manne van die vlakte, reggemaak.

23 Ná hulle het Binyamin en Hashuv, oorkant hulle huis, reggemaak. Ná hulle het `Azaryah, die seun van Ma’aseiyah, die seun van `Ananyah, agter sy huis reggemaak.

24 Ná hom het Binui, die seun van Henadad, nog ’n stuk reggemaak, vanaf die huis van `Azaryah tot by die draai van die muur, tot by die hoek.

25 Oorkant die hoek het Palal, die seun van Uzai, tot by die draai van die muur en so ver as die toring van die Vlakte wat by die boonste deel van die huis van die koning uitsteek, tot by die hof van die tronk, reggemaak. Ná hom het P’dayah, die seun van Par’osh, reggemaak.

26 Verder het die tempelknegte, wat in `Ofel gebly het, reggemaak tot by die Waterpoort, aan die ooste en die toring wat aan die einde lê.

27 Ná hulle het die Tekoïete ’n ander seksie reggemaak oorkant die groot toring wat aan die einde lê en sover as die groot muur.

28 Die priesters het reggemaak vanaf die ingang van die Perdepoort, elkeen oorkant sy eie huis.

29 Ná hulle het Tzadok, die seun van Immer, oorkant sy eie huis reggemaak. Ná hom het Sh’ma’yah, die seun van Sh’khanyah, die bewaker van die Oospoort, reggemaak.

30 Ná hom het Hananyah, die seun van Shelemyah en Hanun, die sesde seun van Tzalaf, nog ’n seksie reggemaak. Na hom het Meshullam, die seun van Berekhyah, ’n ander seksie reggemaak.

31 Ná hom het Malkiyah, een van die goudsmede, reggemaak tot by die huis van die tempelknegte en die handelaars in kruie-medisyne.

32 Oorkant die poort aan die verste end en sover as die afgaan van die hoek wat draai na die Skaapspoort, het die goudsmede en die handelaars in spesery-medisyne reggemaak.

4 1 Toe Sanvallat hoor dat ons die muur bou, het hy bedroef en kwaad geword en hy
het met die Y’hudahiete gespot
2 en hy het voor sy broers en die leër van Shomron gepraat en gesê: “Wat maak hierdie
Y’hudahiete? Hulle praat groot. Laat hulle offer en eet op die dag dat hulle hierdie
klippe oplig uit die puinhope wat verbrand is.”
3 Toviyah, die `Ammoniet, het by hom gestaan en gesê: “Maak nie saak hoeveel hulle
bou nie, ek weet, as ’n jakkals daarteen opklim, sal hy hulle klipmuur afbreek!”
4 Luister, ons God, want ons het ’n bespotting geword en draai hulle veragting op
hulle eie kop terug en gee hulle as ’n prooi in die land van hulle gevangenskap.
5 Vergewe nie hulle oortredinge nie en vee nie hulle sonde voor U uit nie, want hulle
het U geterg tot woede en het ons bouery teëgestaan,
6 maar wat ons betref, ons sal voortgaan om die muur te bou en die mense is besig om
dit te bou en die muur is halfpad voltooi, want die mense is gewillig om te werk.
7 Toe Sanvallat, Toviyah, die Arabiere, die `Ammoniete en die Asdodiete hoor dat ’n
tyd vir die voltooiing van die mure van Yerushalayim vasgestel is en dat die skeure
begin om toegemaak te word, was hulle baie omgekrap.
8 Hulle het almal saamgesweer om teen Yerushalayim te kom veg en die mense te
verhinder om te werk.
9 Nogtans het ons ons gebede tot ons God gebid sodat Hy wagters oor ons sou plaas,
dag en nag, as gevolg van hulle.
10 Die Y’hudahiete het gesê: “Die krag van die lasdraers neem af en daar is baie
gemors sodat ons nie die muur kan bou nie.”
11 Ons teëstanders het gesê: “Hulle sal niks weet of sien nie totdat ons kom en hulle
aanval en doodslaan en hulle werk laat stop.”
12 Toe die Y’hudahiete, wat by hulle bly, kom, het hulle vir ons gesê: “Let op, hulle
sal tien maal, uit al die plekke waar hulle bly, kom en teen julle veg
13 en hulle het reeds gekom en staan agter die muur om teen julle te veg met hulle
pyle.” Ek het die mag verdeel volgens hulle families met hul swaarde, hul spiese
en hul boë.
14 Ek was bang en het opgestaan en aan die edeles, die leiers en die ander mense gesê:
“Moenie bang wees vir hulle nie; onthou יהוה, wat groot is en respekvol gevrees
word en veg vir julle broers, julle seuns, julle dogters, julle vroue en julle huise.”
15 Dit het gebeur dat toe ons vyande hoor dat dit aan ons bekend geword het en God
hulle plan verydel het, het ons almal teruggegaan na die muur, elkeen na sy werk.
16 Van dié dag af aan was die helfte van my diensknegte en die helfte van die mense
besig met die werk en die ander helfte van hulle het die spiese, die skilde, die boë
en die pantsers vasgehou en die owerstes het agter die Y’hudahiete gestaan.
17 Hulle wat laste gedra en gelaai het, het elkeen met een hand aan die werk en met
die ander hand ’n wapen vasgehou
18 en die bouers het elkeen sy swaard aan sy heupe vasgegord en gebou terwyl die
ramshoringblaser agter hom gestaan het.
19 Ek het aan die edeles, die leiers en die ander mense gesê: “Die werk is groot en
uitgestrek en ons is verspreid op die muur, ’n afstand van mekaar af.

20 Op watter plek julle die geluid van die ramshoring hoor, daar moet julle na ons toe kom; ons God sal vir ons veg,

21 maar wat ons betref, laat ons voortgaan in ons werk en laat die helfte van ons die spiese vashou vanaf die opkoms van die son totdat die sterre verskyn.”

22 Ek het ook in daardie tyd aan die volk gesê: “Elkeen moet met sy dienskneg in Yerushalayim se strate oornag en laat hulle dit in die nag en in die dag bewaak sodat die bouers hulle werk kan doen.

23 Nie ek, of my broers, of my diensknegte, of die manne van die wag wat my gevolg het, niemand van ons het ons klere uitgetrek nie vir baie volle maande en elkeen het sy plig gedoen.

5 1 Toe was daar ’n groot uitroep van die volk en van hulle vroue teen hulle broers, die Y’hudahiete,

2 want daar was sommige wat gesê het: “Ons seuns, ons dogters en ons broers is baie; laat ons daarom koring koop sodat ons kan eet en lewe!”

3 Daar was ook hulle wat gesê het: “Ons gaan ons lande, ons wingerde en ons huise verpand sodat ons graan kan koop tydens die hongersnood sodat ons kan lewe!”

4 Daar was hulle wat gesê het: “Laat ons geld leen van die koning se belasting en ons wingerde en ons lande bewerk sodat ons kan lewe.”

5 Daar was ook hulle wat gesê het: “Ons vlees is soos die vlees van ons broers en ons kinders is soos hulle kinders en let op, ons dwing ons seuns en ons dogters om slawe te wees en sommige van ons dogters is reeds slavinne en tog lig hulle nie hul hande in protes voor God nie en ons lande, ons wingerde en ons besittings word vir ander mense gegee.”

6 Ek het uitermate sleg gevoel toe ek hulle uitroep en hierdie woorde gehoor het en my binneste was gebroke,

7 maar ek was geduldig en het met die edeles en die leiers beraadslaag en vir hulle gesê:

8 “Ons koop ons broers van Y’hudah vry wat aan die nasies verkoop was, beide hulle en hulle kinders en sal julle selfs ’n man vat as waarborg vir sy broer?” Ek het daarom op hulle geskree en vir hulle gesê: “Sal julle ook julle broers verkoop?” Toe was hulle stil en het my nie geantwoord nie.

9 Ek het ook vir hulle gesê: “Dit wat julle doen is nie goed nie, want nou leef julle nie in die respekvolle vrees van ons God nie, want julle tree op soos die nasies wat rondom ons is.

10 Ekself, my seuns en my broers sal geld vat en koring koop en die skuld verlig van die armes wat onder ons is.

11 Herstel aan hulle, vandag nog, hulle lande, hulle wingerde, hulle olyfboom plantasies en hulle huise en skeld ook vry die geld, die koring, die wyn en die olie skuld aan die res van die mense.”

12 Toe het hulle vir my gesê: “Ons sal doen wat jy sê.” Toe het ek die priesters geroep en vir hulle gesê: “Hierdie is die regte ding om te doen” en ek het hulle ’n eed laat neem om volgens hierdie belofte te handel. Ek het dit ook met die seuns van die gewone mense gedoen.

13 Ons het ook ons binnesakke uitgeskud en gesê: “Mag God elke man so uitskud uit sy huis en uit sy werk, wat nie hierdie belofte uitvoer nie, net so sal hy uitgeskud en leeg gemaak word.” Al die mense het gesê: “Dit is waar!” Toe het al die mense opgestaan en יהוה geprys en die hele volk het volgens die belofte gehandel.

14 Meer nog, vanaf die tyd wat ek aangestel is om goewerneur te wees in die land van Y’hudah, vanaf die twintigste jaar tot die twee en dertigste jaar van koning Artag’shashta, twaalf jaar lank, was ek en my broers leiers oor hulle, maar ek het nooit selfs ’n donkie afgedwing van enige een van hulle of hulle lastig geval nie,

15 maar die vorige goewerneurs, wat voor my was, het die volk slawe gemaak en van hulle brood en wyn geneem, behalwe vir die veertig sikkels silwer. Hulle diensknegte het ook geheers oor die volk wat onderworpe was aan en onderdruk is deur hulle, maar ek het dit nie gedoen nie, as gevolg van die respekvolle vrees vir God.

16 Ek was ook grootliks besig met die werk aan hierdie muur, het geen grond aangeskaf nie en al my diensknegte was daar bymekaar om toesig te hou oor die werk.

17 Meer nog, daar was ’n honderd en vyftig edeles en heersers aan my tafel, behalwe hulle wat na ons gekom het van die nasies wat rondom ons is.

18 Die man wat die kos voorberei het, het dit elke dag vir die diensknegte wat kook gebring: een bees, ses vet skape; jaaroue bokke is ook vir ons voorberei en een uit elke tien dae, wyn in oorvloed. Tog het ek nie hiervoor die voorsiening gevra wat die goewerneur toekom nie, want die werk was swaar op hierdie mense.

19 O my God, onthou my ten goede, vir alles wat ek vir hierdie volk gedoen het!

6 1 Toe Sanvallat, Toviyah en Geshem, die Arabier en ons ander vyande die nuus hoor dat ek die muur gebou het en dat daar geen opening in oorgebly het nie, alhoewel ons in dié tyd nog nie die deure in die poorte gesit het nie,

2 het Sanvallat en Geshem na my gestuur en gesê: “Kom laat ons bymekaarkom as ’n groep in die vlakte van Ono,” maar hulle het gedink om my kwaad aan te doen.

3 Ek het ’n boodskapper na hulle gestuur om te sê: “Ek doen ’n groot werk sodat ek nie kan afkom nie, anders gaan die werk staan as ek dit verlaat om na julle toe te kom.”

4 Hulle het egter vier keer op dié manier na my toe gestuur en ek het hulle op dieselfde manier geantwoord.

5 Toe stuur Sanvallat sy dienskneg op dieselfde manier na my toe vir die vyfde keer met ’n brief in sy hand,

6 waarin geskryf was: “Dit word rapporteer onder die nasies en Geshem sê dit, dat jy en die Y’hudahiete daaraan dink om te rebelleer; dit is waarom jy die muur bou sodat jy hulle koning kan wees - volgens hierdie woorde.

7 Jy het ook profete aangestel om oor jou in Yerushalayim te profeteer en te sê: ‘Let op, daar is ’n koning in Y’hudah!’ Nou sal dit aan die koning rapporteer word volgens hierdie woorde. Kom nou en laat ons saam beraadslaag!”

8 Toe het ek vir hom gestuur en gesê: “Daar is geen waarheid in die woorde wat jy praat nie; jy praat hulle uit jou eie verstand, wil en emosie,”

9 want hulle almal wou ons bang maak en het gesê: “Hulle hande sal swak word van

die werk." Hulle sê ook vir ons: "Moenie die werk doen nie." O God, versterk daarom nou my hande!
10 Toe het ek in die huis van Sh'ma'yah, die seun van D'layah, die seun van M'heitav'el gegaan, wat my van werk verhinder het en hy sê vir my: "Laat ons ontmoet in die huis van God, binne-in die tempel en laat ons die deure van die tempel toesluit, want hulle kom om u dood te maak, ja, hulle kom in die nag om u dood te maak."
11 Ek het gesê: "Sal ek, na mense soos jy, vlug? Dit is verwerplik dat ek sou vlug en in die tempel ingaan."
12 Let op, ek het gesien dat God hom nie teen my gestuur het nie en dit is ook nie aan my deur 'n profeet gesê dat hy my sal doodmaak nie, want Toviyah, Sanvallat en hulle vriende het hom gehuur en gestuur om my dood te maak.
13 Daarvoor is hy gehuur sodat ek bang sou word, só doen en sondig sodat ek vir hulle 'n bose verslag kon word sodat hulle my kan spot.
14 Onthou, o my God, vir Toviyah, Sanvallat en hulle vriende volgens hierdie, hulle bose werke en ook vir No'adyah, die profeet en die ander profete wat my probeer bang maak as gevolg van hulle.
15 Die muur is voltooi op die vyf en twintigste dag van Elul (die 6de maand), in twee en vyftig dae.
16 Toe al ons vyande dit hoor, was hulle bang en al die nasies wat rondom ons was, het uitermate gebewe oor ons teenwoordigheid, want hulle het gesien dat hierdie werk deur ons God gedoen is.
17 In daardie dae het die edeles van Y'hudah ook baie briewe aan Toviyah gestuur en Toviyah se briewe het na hulle toe gekom,
18 want daar is baie in Y'hudah wat aan hom gesweer het om hom nie kwaad aan te doen nie omdat hy die skoonseun was van Sh'khanyah, die seun van Arag; sy seun Y'hoganan het die dogter van Meshullam, die seun van Berekhyah, gevat.
19 Hulle het ook sy goeie woorde voor my rapporteer en aan hom alles vertel wat ek gesê het. Toviyah het briewe gestuur om my bang te maak.

7 1 Toe die muur gebou is, die deure ingesit is, die deure klaar was en die leiers en die Leviete aangestel is,
2 het ek opdrag gegee aan my broer Hanani en aan Hananyah, die goewerneur van die paleis en van Yerushalayim, want hy was 'n opregte man en het God respekvol gevrees en weggedraai van boosheid af
3 en ek het vir hulle gesê: "Moenie die poorte van Yerushalayim oopmaak voordat die son hoog is nie en terwyl die son nog skyn, laat hulle die deure toemaak en grendel en stel wagte aan uit die inwoners van Yerushalayim, elkeen in sy wag en elkeen oorkant sy eie huis."
4 Die stad was groot en wyd, maar daar was min mense in dit en hulle huise was nog nie gebou nie.
5 God het dit in my gedagtes geplaas en ek het die edeles en heersers van die volk bymekaar laat kom volgens hulle families en ek het die geslagslys gekry van die wat eerste opgetrek het en ek het gevind dat die name daarin geskryf is.

6 Hierdie is die inwoners van die provinsie wat opgetrek het uit die gevangenskap, wat N’vukadnetzar, koning van Bavel, na Bavel weggevoer het en weer na Yerushalayim en Y’hudah teruggekeer het, elkeen na sy eie stad;

7 hulle wat saam met Z’rubavel, Yeshua, Negemyah, S’rayah, Re’elyah, Nagmani, Mordekhai, Bilshan, Mispar, Bigwai, Regum en Ba’anah gegaan het. Die aantal manne van die volk van Yisra’el was:

8 die seuns van Par’osh, twee duisend een honderd twee en sewentig;

9 die seuns van Sh’fatyah, drie duisend twee en sewentig;

10 die seuns van Arag, ses honderd twee en vyftig;

11 die seuns van Pagat-Mo’av, van die seuns van Yeshua en Yo’av, twee duisend agt honderd en agtien;

12 die seuns van `Eilam, een duisend twee honderd vier en vyftig;

13 die seuns van Zattu, agt honderd vyf en vyftig;

14 die seuns van Zakkai, sewe honderd en sestig;

15 die seuns van Bani, ses honderd agt en veertig;

16 die seuns van B’vai, ses honderd agt en twintig;

17 die seuns van `Azgad, twee duisend drie honderd twee en twintig;

18 die seuns van Adonikam, ses honderd sewe en sestig;

19 die seuns van Bigwai, twee duisend sewe en sestig;

20 die seuns van `Adin, ses honderd vyf en vyftig;

21 die seuns van Ater, van Hizkiyahu, agt en negentig;

22 die seuns van Hashum, drie honderd agt en twintig;

23 die seuns van Betzai, drie honderd vier en twintig;

24 die seuns van Yorah, een honderd en twaalf;

25 die seuns van Giv’on, vyf en negentig;

26 die seuns van Beit-Legem en N’tofah, een honderd agt en tagtig;

27 die manne van `Anatot, honderd agt en twintig;

28 die seuns van Beit-`Azmawet, twee en veertig;

29 die seuns van Kiryat-`Arim, K’firah en Be’erot, sewe honderd drie en veertig;

30 die seuns van Ramah en Geva, sewe honderd een en twintig;

31 die manne van Mikhmas, een honderd twee en twintig;

32 die manne van Beit-El en `Ai, een honderd drie en twintig;

33 die seuns van N’vo, twee en vyftig;

34 die seuns van die ander `Eilam, een duisend twee honderd vier en vyftig;

35 die seuns van Harim, drie honderd en twintig;

36 die seuns van Yerigo, drie honderd vyf en veertig;

37 die seuns van Lod, Hadid en Ono, sewe honderd een en twintig;

38 die seuns van S’na’ah, drie duisend nege honderd en dertig.

39 Die priesters:
die seuns van Y’da’yah, van die huis van Yeshua, nege honderd drie en sewentig;

40 die seuns van Immer, een duisend twee en vyftig;

41 die seuns van Pash’gur, een duisend twee honderd sewe en veertig;

42 die seuns van Harim, een duisend en sewentien.

43 Die Leviete:
die seuns van Yeshua en Kadmi’el, van die seuns van Hodavyah, vier en sewentig.
44 Die sangers:
die seuns van Asaf, een honderd agt en veertig.
45 Die seuns van die poortwagters:
die seuns van Shallum, die seuns van Ater, die seuns van Talmon, die seuns van `Akkuv, die seuns van Hatita, die seuns van Shovai, almal saam een honderd agt en dertig.
46 Die tempelbediendes:
die seuns van Tziga, die seuns van Hasufa, die seuns van Tabba’ot;
47 die seuns van Keros, die seuns van Sia’ha, die seuns van Padon;
48 die seuns van L’vana, die seuns van Hagavah, die seuns van Salmai;
49 die seuns van Hanan, die seuns van Giddel, die seuns van Gagar;
50 die seuns van Re’ayah, die seuns van Retzin, die seuns van N’koda;
51 die seuns van Gazam, die seuns van`Uza, die seuns van Paseag;
52 die seuns van Besai, die seuns van Me’unim, die seuns van N’fusim;
53 die seuns van Bakbuk, die seuns van Hakufa, die seuns van Harhur;
54 die seuns van Batzlut, die seuns van M’gida, die seuns van Harsha;
55 die seuns van Barkos, die seuns van Sisra, die seuns van Temag;
56 die seuns van N’tziag, die seuns van Hatifa;
57 die seuns van die diensknegte van Shlomo:
die seuns van Sotai, die seuns van Soferet, die seuns van P’ruda;
58 die seuns van Ya’alah, die seuns van Darkon, die seuns van Giddel;
59 die seuns van Sh’fatyah, die seuns van Hattil, die seuns van Pokheret-Hatzvayim, die seuns van Ami,
60 al die tempelknegte en die seuns van die diensknegte van Shlomo was drie honderd twee en negentig.
61 Hierdie is hulle wat uit Tel-Melag, Tel-Harsha en K’ruv opgetrek het, maar nie hulle familie en hulle afkoms verseker kon aanwys of hulle vanuit Yisra’el is nie:
62 die seuns van D’layah, die seuns van Toviyah en die seuns van N’koda, ses honderd twee en veertig.
63 Van die seuns van die priesters:
die seuns van Havayah, die seuns van Hakkotz, die seuns van Barzillai, wat uit die dogters van Barzillai, die Gil’adiet, ’n vrou gevat het en na hulle vernoem is.
64 Hulle het hul registers gesoek tussen die wat erken is deur hul voorgeslagte, maar dit is nie gevind nie; daarom is hulle vrygestel van die priesterskap.
65 Die leiers van Yisra’el het vir hulle gesê dat hulle nie mag eet van die mees afgesonderde dinge nie totdat ’n hoofpriester sou opstaan en navraag doen met urim en tummim.
66 Die hele vergadering saam was twee en veertig duisend vier honderd en sewentig,
67 behalwe hulle slawe en hulle slavinne, waarvan daar sewe duisend drie honderd drie en dertig was en hulle wat met sang bedien het, twee honderd vyf en veertig sangers en sangeresse.
68 Hulle kamele was vier honderd vyf en dertig;

69 hulle donkies, ses duisend sewe honderd en twintig.

70 Sommige van die hoofde van die vaders het vir die werk van die tempel gegee. Die oudstes onder die priesters het aan die skathuis een duisend dragmas goud (±10kg), vyftig bakke en vyf honderd en dertig stelle klere vir die priesters, gegee.

71 Sommige van die hoofde van die vaders het aan die skathuis vir die werk twintig duisend dragmas goud (±195kg) en een duisend een honderd mine silwer (±500kg) gegee.

72 Dit wat die res van die mense gegee het was twintig duisend dragmas goud (±195kg), twee duisend mine silwer (±900kg) en sewe en sestig stelle klere vir die priesters.

73 So het die priesters, die Leviete, die poortwagters, die sangers en sommige van die volk, die tempelknegte en die hele Yisra'el na hulle eie stede teruggekeer en toe die sewende maand (Tishri) aanbreek, was die hele Yisra'el in hulle stede.

8 1 Toe het die hele volk soos een man in die strate voor die Waterpoort bymekaargekom en vir `Ezra, die skrifgeleerde, gesê om die boek van die wet van Mosheh, wat יהוה vir Yisra'el beveel het, te bring.

2 `Ezra, die priester, het die boek van die wet voor die vergadering van manne, sowel as vroue en almal wat met begrip kon luister, gebring op die eerste dag van die sewende maand (Tishri).

3 Hy het die boek gelees in die straat wat voor die Waterpoort was, vanaf die oggend tot die middag, in die teenwoordigheid van die manne en die vroue en die wat kon verstaan en die ore van die volk was op die wetboek gerig.

4 `Ezra, die skrifgeleerde, het op 'n houtplatform gestaan wat hulle gemaak het vir hom om vanaf te praat. Langs hom het Mattityah, Shema, `Anayah, Uriyah, Hilkiyah en Ma'aseiyah aan sy regterhand gestaan en aan sy linkerhand was P'dayah, Misha'el, Malkiyah, Hashum, Hashbaddanah, Z'kharyah en Meshullam.

5 `Ezra het die boek van die wet oopgemaak voor die oë van die hele volk, want hy het bokant die hele volk gestaan en toe hy dit oopmaak, het die hele volk opgestaan.

6 `Ezra het יהוה, die groot God, geseën en die hele volk het geantwoord: "Dit is waar, dit is waar" en hulle hande opgelig. Hulle het neergebuig en יהוה aanbid met hul gesigte op die grond.

7 Yeshua, Bani, Sherevyah, Yamin, `Akkuv, Shabtai, Hodiyah, Ma'aseiyah, K'lita, `Azaryah, Yozavad, Hanan, P'layah en die Leviete het ook die volk bedien en die wet verduidelik en die volk het op hulle plek bly staan.

8 Hulle het duidelik uit die boek van die wet van God gelees en die betekenis gegee sodat hulle verstaan het wat gelees is.

9 Negemyah, die goewerneur, `Ezra, die priester en skrifgeleerde en die Leviete wat die volk bedien het, het vir die hele volk gesê: "Hierdie dag is afgesonderd vir יהוה julle God; moenie treur of huil nie," want die hele volk het gehuil toe hulle die woorde van die wet hoor.

10 Toe sê hy vir hulle: "Gaan, eet en drink en stuur porsies aan hulle vir wie niks voorberei is nie, want hierdie dag is afgesonderd vir יהוה. Moenie treurig wees nie, want hierdie is 'n dag van die blydskap van יהוה, Hy is julle Sterkte." Hav 3:19; 2 Kor 3:5; 13:4

11 Die Leviete het die hele volk tot bedaring gebring en gesê: “Wees stil en moenie huil nie, want hierdie dag is afgesonderd.”
12 Toe het die hele volk weggegaan om te eet en te drink en porsies te stuur en groot vreugde te hê, want hulle het die boodskappe verstaan wat vir hulle gebring is.
13 Op die tweede dag het die hoofde van die vaders van die hele volk, die priesters en die Leviete by `Ezra, die skrifgeleerde, bymekaargekom om van hom die woorde van die wet te verstaan
14 en hulle het in die wet wat יהוה deur Mosheh beveel het, geskryf gevind dat die seuns van Yisra’el op die fees in die sewende maand (Tishri) in hutte moet bly
15 en dat hulle alles moes hoor, luister en doen wat Mosheh in die boek van die wet geskryf het. Die boodskappers het in al die stede en in Yerushalayim verkondig en gesê: “Gaan op in die berge en bring olyftakke, okkerneuthouttakke, palmtakke, takke van sitroenbome en wilgertakke en maak hutte soos geskrywe is in die boek van die wet van Mosheh. [Lev 23:40]
16 Die volk het gegaan en dit gebring en vir hulle hutte gemaak, elkeen op sy dak en op hulle erwe en op die grond van die huis van God en op die plein van die Waterpoort en op die straat van die Efraimspoort.
17 Al die mense wat uit die gevangenskap teruggekom het, het hutte gemaak en in die hutte gebly, want vanaf die dae van Y’hoshua, die seun van Nun, tot op daardie dag het die seuns van Yisra’el dit nie gedoen nie en daar was baie groot blydskap.
18 Hulle het ook dag vir dag, van die eerste dag af tot die laaste dag toe, gelees uit die boek van die wet van יהוה en hulle het sewe dae lank fees gehou en op die agtste dag was ’n ernstige byeenkoms, volgens wat geskryf is.

9 1 Op die vier en twintigste dag van hierdie maand het die seuns van Yisra’el vergader en gevas in rouklere en met grond op hulle koppe
2 en die seuns van Yisra’el het hulleself afgesonder van al die ander nasies en het gestaan en hulle sondes erken en die sondes van hulle vaders.
3 Hulle het op hulle plekke opgestaan en vir ’n kwart deel van die dag gelees uit die wetboek van יהוה, hulle God en nog ’n kwart deel van die dag erkenning gedoen en יהוה, hulle God, aanbid.
4 Toe het die leiers van die Leviete: Yeshua, Kadmi’el, Bani, Hashavn’yah, Sherevyah, Hodiyah, Sh’vanyah en P’tagyah opgestaan en met ’n harde stem voor יהוה, hulle God, gebid.
5 Die Leviete: Yeshua, Kadmi’el, Bani, Hashavn’yah, Sherevyah, Hodiyah, Sh’vanyah en P’tagyah het gesê: “Staan op en praat goed van יהוה, julle God, vir ewig en ewig en geseënd is U wonderlike Naam (Karakter en Outoriteit), wat verhewe is bo alle skepping en lofprysing!
6 U alleen is יהוה, U het die hemel, die hoogste hemel en al sy leërmagte, die aarde en alles wat daarop is, die seë en alles wat daarin is, gemaak en U hou dit alles in stand; die leërmag van die hemel val voor U neer. [Ps 146:6; Open 10:6]
7 U is יהוה, die God wat Avram gekies het en hom uit Ur van die Kasdeërs uitgebring het en sy naam verander het na Avraham;

8 wat sy verstand, wil en emosie suiwer voor U gevind het en ’n verbond met hom gesluit het om die land van die Kena’aniete, Hittiete, Emoriete, P’riziete, Y’vusiete en Girgashiete, aan hom te gee, om aan sy nageslag te gee en U het U woorde tot hom uitgevoer, want U is regverdig.

9 U het die benoudheid van ons vaders in Mitzrayim gesien en hulle uitroep by die Sufsee gehoor

10 en tekens en wonders aan Farao, aan al sy diensknegte en aan al die mense van die land gedoen, want U het geweet dat hulle verkeerd gedoen het teen U volk. So het U vir U ’n Naam gemaak, soos dit vandag is.

11 U het ’n pad voor hulle oopgemaak in die see sodat hulle op droë grond dwarsdeur die see getrek het en U het hulle vervolgers in die diepte van die see gegooi, soos ’n klip wat sink in die magtige waters.

12 Verder het U hulle ook gelei met ’n wolkpilaar bedags en met ’n vuurpilaar snags om vir hulle lig te gee op die pad waar hulle moes gaan.

13 U het ook afgekom op die berg Sinai en met hulle gepraat vanuit die hemel en aan hulle die regverdige oordele, wette van waarheid, goeie instellings en opdragte gegee.

14 U het aan hulle U afgesonderde Shabbat bekend gemaak, asook opdragte, instellings en wette, wat U deur U dienskneg Mosheh beveel het.

15 U het vir hulle brood gegee uit die hemel vir hulle honger [Yog 6:31] en water uit ’n rots laat uitkom vir hulle dors en aan hulle belowe dat hulle sou ingaan en die land in besit neem wat U hand met ’n eed aan hulle belowe het,

16 maar hulle en hulle vaders het boos opgetree en was hardkoppig en het nie na U opdragte geluister en dit gedoen nie.

17 Hulle het geweier om gehoorsaam te wees en ook nie gedink aan U wonders wat U tussen hulle gedoen het nie, maar het hulle verstand wil en emosie na hulle bose dade gedraai. Tog is U ’n God wat gereed is om vry te spreek, vol omgee en onverdiende guns, stadig om kwaad te word en gereed om na versoeke te luister en U het hulle nie verlaat nie. [Eks 34:6; Num 14:18; Yo’ 2:13; Yon 4:2; Ps 145:8]

18 Ja, toe hulle ’n gegote kalf vir hulleself gemaak en gesê het: “Hierdie is jou god, o Yisra’el wat jou uit Mitzrayim laat optrek het” en hulle groot boosheid gedoen het,

19 het U in U grote omgee hulle nie verlaat in die wildernis nie; die wolkpilaar het nie bedags van hulle gewyk om hulle op hul reis te lei nie en ook nie die vuurpilaar snags om vir hulle die pad te verlig waarop hulle moes gaan nie.

20 U het U goeie Gees vir hulle gegee om hulle te onderrig en nie ‘man hu’ van hulle monde teruggehou nie en vir hulle water gegee vir hulle dors.

21 Ja, vir veertig jaar lank het U hulle onderhou in die wildernis en hulle het aan niks gebrek gehad nie. Hulle klere het nie verslyt nie en hulle skoene het geen gate in gehad nie.

22 Verder het U aan hulle die koninkryke van die ander nasies gegee en die land onder elke man verdeel. Hulle het die land van Sigon en die land van die koning van Heshbon, die land van Og, koning van Bashan, in besit geneem.

23 U het hulle kinders vermenigvuldig soos die sterre aan die hemel en U het hulle in die land ingebring waarvan U aan hulle vaders belowe het dat hulle sou ingaan om dit in besit te neem.

24 Hulle seuns het ingegaan en die land in besit geneem en U het die inwoners van die land van die Kena’aniete voor hulle verslaan en hulle in hul hand oorgegee met hulle konings sowel as die mense van die land, om met hulle te doen soos hulle wou.

25 Hulle het versterkte stede en ’n vrugbare land ingeneem, huise besit vol allerhande goeie dinge, uitgegroude putte, wingerde en olyfbome en vrugtebome in oorvloed. Hulle het geëet en is versadig en het ryk geword en hulle verheug in U groot goedheid.

26 Nogtans was hulle ongehoorsaam en het teen U oortree en U wet uit hulle raadgewings gegooi en U profete doodgemaak wat hulle gewaarsku het om na U terug te draai en hulle het groot boosheid gedoen;

27 daarom het U hulle oorgegee in die hand van hulle teëstanders, wat hulle onderdruk het en in die tyd van hulle onderdrukking, toe hulle tot U gebid het, het U uit die hemel gehoor en in U grote omgee aan hulle ’n verlosser gegee wat hulle gered het uit die hand van hul vyande.

28 Nadat hulle egter rus gehad het, het hulle weer boosheid gedoen voor U; daarom het U hulle gelos in die hand van hul vyande sodat dié heerskappy oor hulle gehad het. Tog, wanneer hulle teruggekeer en voor U gebid het, het U hulle vanuit die hemel gehoor en hulle baie keer volgens U groot omgee gered.

29 U het teenoor hulle getuig dat U hulle weer na U wet toe sal terugbring; tog het hulle verkeerd gedoen en nie U opdragte uitgevoer nie, maar gesondig teen U regverdige oordele, (waardeur ’n man sal lewe as hy hulle gehoorsaam), teen U ooreengekom, hardnekkig geword en hulle wou nie luister nie.

30 Tog het U hulle baie jare verdra en teenoor hulle getuig deur die Gees, deur middel van U profete, tog wou hulle nie gehoorsaam nie; daarom het U hulle oorgegee in die hand van die ander nasies.

31 Nogtans, as gevolg van U groot omgee, het U hulle nie volkome vernietig of hulle verlaat nie, want U is ’n God van onverdiende guns en omgee; [Num 14:18]

32 daarom nou, ons God, die groot, die magtige en die afgesonderde God, wat verbond en waarheid onderhou, laat al die swaarkry wat oor ons, oor ons konings, oor ons prinse, oor ons priesters, oor ons profete, oor ons vaders en oor U hele volk gekom het vanaf die dae van die konings van Ashur tot vandag toe, nie verborge wees vir U nie.

33 Nogtans is U regverdig in alles wat oor ons gekom het, want U het reg gedoen, maar ons het boos gedoen.

34 Ons konings, ons prinse, ons priesters en ons vaders het ook nie U wet nagekom, of geluister na U opdragte en U getuienisse, waarmee U teen hulle getuig het, nie.

35 Hulle het U koninkryk en U groot seën afgesweer wat U aan hulle gegee het, asook die goeie en vrugbare land wat U aan hulle gegee het. Hulle het U ook nie gedien of weggedraai van hulle bose werke nie;

36 daarom is ons vandag slawe en wat die land betref wat U aan ons vaders gegee het
om van sy vrug en goeie dinge te eet, let op, ons is slawe daarin.
37 Sy opbrengs word gevat deur die konings wat U oor ons aangestel het as gevolg
van ons sondes; hulle het ook heerskappy oor ons liggame en oor ons vee volgens
hulle plesier en ons leef in 'n groot onderdrukking." Yog 8:33
38 As gevolg van al hierdie dinge, sluit ons 'n vaste verbond en het getuienis oor die
seël: ons oudstes, ons Leviete, ons priesters en almal van ons wat gespaar is.

10 1 Hulle wat 'n eed geneem en dit verseël het, was: Negemyah, die goewerneur,
die seun van Hakhalyah, Tzedekyah,
2 S'rayah, `Azaryah, Yirmeyah,
3 Pash'gur, Amaryah, Malkiyah,
4 Hattush, Sh'vanyah, Mallukh,
5 Harim, M'remot, `Ovadyah,
6 Dani'el, Ginton, Barukh,
7 Meshullam, Aviyah, Miyamin,
8 Ma'azyah, Bilgai, Sh'ma'yah; dit was die priesters.
9 Die Leviete was: Yeshua, die seun van Azanyah, Binui van die seuns van Henadad,
Kadmi'el
10 en hulle broers: Sh'vanyah, Hodiyah, K'lita, P'layah, Hanan,
11 Mikha, Regov, Hashavyah,
12 Zakur, Sherevyah, Sh'vanyah,
13 Hodiyah en die seuns van Bani.
14 Die leiers van die volk: Par'osh, Pagat-Mo'av, `Eilam, Zattu,
15 die seuns van `Azgad, die seuns van Adoniyah
16 Bigwai, `Adin,
17 Ater, Hizkiyahu, `Azzur,
18 Hodiyah, Hashum, Betzai,
19 Garif, `Anatot, Neivai,
20 Magpi'ash, Meshullam, Hezir,
21 Mesheizav'el, Tzadok, Yadua,
22 P'latyah, Hanan, `Anayah,
23 Hoshea, Hananyah, Hashuv,
24 HaLogesh, Pilga, Shovek,
25 Regum, Hashavnah, Ma'aseiyah,
26 Agiyah, Hanan, `Anan,
27 Mallukh, Harim, Ba'anah.
28 Die res van die volk, die priesters, die Leviete, die poortwagters, die sangers, die
tempelknegte en almal van die volke van die lande wat hulleself afgesonder het om
terug te keer na die wet van God, hulle, sowel as hulle vroue, hulle seuns en hulle
dogters en almal wat kennis en begrip het,
29 het hulle broers en hul naaste versterk en 'n eed gesweer en 'n verbond aangegaan
om in God se wet te leef, wat Hy deur Mosheh, die dienskneg van God, gegee het
en om al die opdragte van יהוה, ons Meester en Sy regverdige oordele en instellings
te bewaar en te doen;

30 dat ons nie ons dogters aan die mense van die land sou gee nie en ook nie hulle dogters vir ons seuns vat nie; [Gen 24:37-38,44; Deut 7:3]
31 as die volke van die land koopware of voorsiening bring om op die Shabbatdag te verkoop, sal ons dit nie van hulle koop nie en wie ook al sy dier op die Shabbat sal laat werk, sal nie gehuur word nie; ook mag hy nie 'n vrag op die Shabbatdag dra nie, want dit is afgesonderd [Yir 17:27; Neg 13:15-22] en in die sewende jaar sal ons alle skuld wat aan ons verskuldig is, afskryf.
32 Ons bevestig ook oor onsself die opdrag, om 'n derde van 'n sikkel op die Shabbat te gee vir die werk van die huis van ons God,
33 vir die brode van die Teenwoordigheid, die voortdurende graanoffer en die voortdurende brandoffers van die Shabbatte, van die Nuwemane, die feeste en vir die afgesonderde dinge en vir die sondoffers om vir Yisra'el toedekking te doen en vir al die werk in die huis van ons God
34 en hulle het die lot gewerp tussen die priesters, die Leviete en die volk vir die lewering van hout, om dit in die huis van יהוה, ons God, te bring, soos dit in die boek van die wet geskryf is;
35 om die eerstelinge van ons grond en die eerstelinge van al die vrugtebome jaar na jaar na die huis van יהוה te bring;
36 ook die eersgeborenes van ons seuns en ons beeste, soos dit geskryf is in die wet van יהוה en die eerstelinge van ons troppe en ons kleinvee te bring na die huis van ons God, na die priesters wat diens doen in die huis van ons God;
37 om die eerstelinge van ons deeg, ons parskuip en van die vrugte van alle soorte bome, van wyn en van olie, te bring na die priesters wat bedien voor ons God en die tiendes van ons grond aan die Leviete sodat die Leviete die tiendes mag vat vanaf al die landelike dorpe.
38 Die priester, die seun van Aharon, moet ingesluit word by die Leviete in die verdeling van hulle tiendes en die Leviete moet 'n tiende van die tiendes na die huis van ons God bring, na die stoorkamers in die skathuis,
39 want die seuns van Yisra'el en die seuns van Levi sal die offers van graan, die wyn en olie bring na die stoorkamers waar die artikels van die Afgesonderde Plek is en die priesters, die Leviete, die poortwagters en die wagte sal nie die huis van ons God in die steek laat nie. [Num 18:26-28]

11 1 Laat die leiers van die volk in Yerushalayim bly en die res van die volk moet die lot werp om een uit tien te bring om in Yerushalayim, die afgesonderde stad, te bly en die oorblywende nege in die stede.
2 Die volk het al die manne geseën wat hulle vrywillig aangebied het om in Yerushalayim te bly.
3 Hierdie is die hoofde van die provinsie wat in Yerushalayim gebly het en in die stede van Y'hudah. Elkeen het in sy eie besitting in hulle stede in Yisra'el gebly, saam met die priesters, die Leviete en sommige van die mense, asook die nageslag van Shlomo se diensknegte wat in Yerushalayim gebly het;

4 ook nog sommige van die seuns van Y’hudah en van die seuns van Binyamin. Van die seuns van Y’hudah: `Atayah, die seun van `Uziyah, die seun van Z’kharyah, die seun van Amaryah, die seun van Sh’fatyah, die seun van Mahalal’el; van die nageslag van Peretz:

5 Ma’aseiyah, die seun van Barukh, die seun van Kol-Hozeh, die seun van Hazayah, die seun van `Adayah, die seun van Yoyariv, die seun van Z’kharyah, die seun van Shelah.

6 Al die nageslag van Peretz wat in Yerushalayim gebly het, was vier honderd agt en sestig, dapper manne.

7 Hierdie is die nageslag van Binyamin: Sallu, die seun van Meshullam, die seun van Yo’ed, die seun van P’dayah, die seun van Kolayah, die seun van Ma’aseiyah, die seun van Iti’el, die seun van Yesha’yah

8 en ná hom was nege honderd agt en twintig ander.

9 Yo’el, die seun van Zikhri, was opsigter oor hulle en Y’hudah, die seun van Hasnu’ah, was tweede oor die stad.

10 Van die priesters: Y’da’yah, die seun van Yoyariv,

11 S’rayah, die seun van Hilkiyah, die seun van Meshullam, die seun van Tzadok, die seun van M’rayot, die seun van Agituv, die leier oor die huis van God.

12 Hulle broers wat die werk in die tempel gedoen het, was agt honderd twee en twintig en `Adayah, die seun van Yerogam, die seun van P’lalyah, die seun van Amtzi, die seun van Z’kharyah, die seun van Pash’gur, die seun van Malkiyah,

13 en hulle broers, hoofde van die vaders, was twee honderd twee en veertig; `Amash’sai, die seun van `Azar’el, die seun van Agzai, die seun van Meshillemot, die seun van Immer

14 en hulle broers, magtige dapper helde, was honderd agt en twintig en hulle opsigter was Zavdi’el, die seun van een van die groot manne.

15 Van die Leviete: Sh’ma’yah, die seun van Hashuv, die seun van `Azrikam, die seun van Hashavyah, die seun van Bunni, die seun van Shabtai.

16 Yozavad was oor die buitewerk van die huis van God.

17 Die hoofde van die Leviete: Mattanyah, die seun van Mikhah, die seun van Zavdi, die seun van Asaf, die leier onder die Y’hudahiete om die danksegging in gebed te begin en Bakbukyah, die tweede in rang tussen sy broers en `Avda, die seun van Shamua, die seun van Galal, die seun van Y’dutun.

18 Al die Leviete in die afgesonderde stad was twee honderd vier en tagtig.

19 Verder die poortwagters: `Akkuv, Talmon en hulle broers wat wag gehou het by die poorte, was een honderd twee en sewentig.

20 Die res van Yisra’el, van die priesters en Leviete, was in al die stede van Y’hudah, elkeen in sy erfdeel

21 en hulle diensknegte het elkeen in beheer van sy werk en sy ploeg tot rus gekom.

22 Die toesighouer van die Leviete in Yerushalayim, wat bedien het oor die werk van die huis van God, was `Uzi, die seun van Bani, die seun van Hashavyah, die seun van Mattanyah, die seun van Mikhah, van die nageslag van Asaf, die sangers,

23 want daar was ’n bevel van die koning aangaande hulle en ’n verklaring aangaande die sangers, daagliks.

24 P'tagyah, die seun van Mesheizav'el, van die nageslag van Zerag, die seun van Y'hudah, was in bevel van wat ook al die koning beveel het, aangaande elke persoon en oor die tel van die mense

25 en oor hulle toesighouers, hulle dorpies en hulle lande. Sommige van die seuns van Y'hudah het in Kiryat-Arba en sy dorpies gebly, in Divon en sy dorpies, in Y'kabze'el en sy dorpies,

26 in Y'shua, in Moladah, in Beit-Pelet,

27 in Hatzar-Shu'al, in Be'er-Sh'va en in hulle dorpies,

28 in Ziklag, in M'khonah en sy dorpies,

29 in `Ein-Rimmon, in Tzor'ah, in Yarmut,

30 Zanoag, Adullam en hulle dorpies, Lakhish en sy buiteveld, `Azekah en sy dorpies en hulle het gebly vanaf Be'er-Sh'va, sover as tot by die Hinnomvallei.

31 Die seuns van Binyamin het gebly vanaf Geva in Mikhmas, `Ai, Beit-El en hulle dorpies,

32 in `Anatot, Nov, Ananyah,

33 Hatzor, Ramah, Gittayim,

34 Hadid, Tzvo'im, N'valat,

35 Lud, Ono en in Gei-Harashim.

36 Daar was afdelings van die Leviete in Y'hudah en in Binyamin.

12 1 Hierdie is die priesters en die Leviete wat saam met Z'rubavel, die seun van Sh'alti'el en Yeshua opgekom het: S'rayah, Yirmeyah, `Ezra,

2 Amaryah, Mallukh, Hattush,

3 Sh'khanyah, Regum, M'remot,

4 `Iddo, Ginnetoi, Agiyah,

5 Miyamin, Ma'adiyah, Bilgah,

6 Sh'm'yah, Yoyariv, Y'da'yah,

7 Salu, `Amok, Hilkiyah en Y'da'yah. Hierdie was die hoofde van die priesters en van hulle broers in die dae van Yeshua.

8 Verder, die Leviete: Yeshua en sy seuns, Kadmi'el, Sherevyah, Y'hudah, Mattanyah wat met sy broers in beheer was om die danksegging te begin.

9 Bakbukyah en `Unni, hulle broers, was oorkant hulle in die beurte.

10 Yeshua was die vader van Yoyakim en Yoyakim was die vader van Elyashiv en Elyashiv was die vader van Yoyada,

11 Yoyada was die vader van Y'honatan en Y'honatan die vader van Yadua.

12 Die priesterlike hoofde van die vaders in die dae van Yoyakim was: S'rayah, M'rayah, Yirmeyah, Hananyah,

13 `Ezra, Meshullam, Amaryah, Y'hoganan,

14 M'likhu, Y'honatan, Sh'vanyah, Yosef,

15 Harim, `Adna, M'rajot, Helkai,

16 `Iddo, Z'kharyah, Ginton, Meshullam,

17 Agiyah, Zikhri, Minyamin, Mo'adyah, Piltai,

18 Bilga, Shamua, Sh'ma'yah, Y'honatan,

19 Yoyari, Matnai, Y'da'yah, `Uzi,

20 Sallai, Kallai, `Amok, `Ever,
21 Hilkiyah, Hashavyah, Y’da’yah en N’tan’el.
22 Wat die Leviete betref, in die dae van Elyashiv, Yoyada, Yoganan en Yadua is die hoofde van die vaders opgeskryf, asook die priesters tot by die regering van Daryavesh, die Persiër.
23 Die nageslag van Levi, die hoofde van die vaders, is opgeskryf in die boekrol van die kronieke tot by die dae van Yoganan, die seun van Elyashiv.
24 Die leiers van die Leviete was: Hashavyah, Sherevyah en Yeshua, die seun van Kadmi’el, met hulle broers oorkant hulle om te lofprys en te dank, volgens die bevel van Dawid, profeet van יהוה, wagbeurt oorkant wagbeurt:
25 Mattanyah, Bakbukyah en `Ovadyah. Meshullam, Talmon en `Akkuv was poortwagters wat wag gehou het by die poorte.
26 Hulle was in die dae van Yoyakim, die seun van Yeshua, die seun van Yotzadak, in die dae van Negemyah, die goewerneur en van `Ezra, die priester en skrifgeleerde.
27 Toe die muur van Yerushalayim klaar was, het hulle die Leviete bymekaargemaak in al hulle plekke, om hulle na Yerushalayim te bring om die inwyding met vreugde en lofliedere met uitgestrekte hande, met gesang, simbale en harpe te vier.
28 Die seuns van die sangers het hulleself bymekaargemaak vanuit die streek rondom Yerushalayim sowel as uit die dorpe van die N’tofatiete,
29 uit Beit-Gilgal en uit die valleie van Geva en `Azmavet, want die sangers het vir hulle dorpies rondom Yerushalayim gebou.
30 Die priesters en die Leviete het hulleself gereinig en die volk, die poorte en die muur gereinig. [Yeg 43-46]
31 Ek het die leiers van Y’hudah bo-op die muur laat klim en twee groot groepe aangestel en hulle het op die muur geloop na die regterkant van die groot poort toe
32 en voor hulle het Hosha’yah en die helfte van die leiers van Y’hudah geloop,
33 met `Azaryah, `Ezra, Meshullam,
34 Y’hudah, Binyamin, Sh’ma’yah, Yirmeyah
35 en van die seuns van die priesters met trompette: Z’kharyah, die seun van Y’honatan, die seun van Sh’ma’yah, die seun van Mattanyah, die seun van Mikhayah, die seun van Sakkur, die seun van Asaf
36 en sy broers, Sh’ma’yah, `Azar’el, Milalai, Gilalai, Ma’ai, N’tan’el, Y’hudah en Hanani, met die musiekinstrumente van Dawid, die profeet [Hand 2:30] en dienskneg van יהוה; `Ezra, die skrifgeleerde, het voor hulle uitgegaan, bokant die Fonteinpoort
37 en oorkant die poort het hulle opgegaan met die trappe van die Dawidstad, by die opgaan van die muur, bokant die huis van Dawid, tot by die groot poort aan die ooste.
38 Hulle het die hande uitgesteek in dank en opgegaan met die muur en ek agter hulle. Die helfte van die mense het op die muur opgegaan en by die groot toring gestaan, op die hoë muur tot by die breë muur
39 en van bokant die Efraimspoort, sover as die Oupoort tot die Vispoort en vanaf die toring van Hanan’el tot by die groot toring, selfs tot by die Skaapspoort en bly staan by die Grootpoort.

40 Toe het die twee groepe wat dank gegee het, die huis van God ingegaan, saam met my en die helfte van die leiers saam met my,
41 saam met die priesters: Elyakim, Ma'aseiyah, Minyamin, Mikhayah, Elyo'einai, Z'kharyah en Hananyah;
42 en hulle met trompette: Ma'aseiyah, Sh'ma'yah, El'azar, `Uzi, Y'hoganan, Malkiyah, `Eilam en `Ezer, met die sangers, Shamua en Yizragyah, die leier.
43 Hulle het ook op daardie dag groot offers gebring en hulle verheug, want יהוה het hulle laat bly wees met groot vreugde; ook die vroue en kinders het hulle verbly sodat die vreugde van Yerushalayim selfs ver weg gehoor kon word.
44 Op dié dag is sekere manne aangestel oor die kamers van die koning se stoorkamers, om die offergawes, die eerstelinge en die tiendes van die dorpe daarin bymekaar te maak, soos dit geskryf is in die boek van die wet, vir die priesters en die Leviete omdat die Y'hudahiete hulle verheug het omdat die priesters en die Leviete opgestaan en gewaak het in die huis van hulle God.
45 Hulle wat in beheer was van die reinigings seremonie, die sangers en die poortwagters, het gedien volgens die opdrag van Dawid en sy seun, Shlomo,
46 want in die dae van Dawid was Asaf in beheer en hy het voor die sangers opgestaan en lofprysinge gesing en dank aan God, met hande uitgestrek, gebring.
47 Die hele Yisra'el het in die dae van Z'rubavel en in die dae van Negemyah geskenke aan die sangers en die poortwagters gegee, elke dag, sy deel en afgesonderde dinge opsy gesit vir die Leviete en die Leviete het dit opsy gesit vir die seuns van Aharon.

13 1 Op daardie dag, toe die boekrol van die wet van Mosheh ten aanhore van die volk voorgelees is, is daarin gevind dat daar geskryf is dat die `Ammoniet en die Mo'aviet vir ewigheid nooit die vergadering van God mag inkom nie [Deut 23:3,4]
2 omdat hulle nie die seuns van Yisra'el met brood en water ontmoet het nie, maar vir Bil'am gehuur het om hulle te vervloek, maar ons God het sy vloeke in seëninge verander.
3 Toe hulle die woorde van die wet hoor, het hulle al die gemengde menigte uit Yisra'el afgesonder.
4 Voor dit het Elyashiv, die priester, gekom en vir Toviyah 'n groot vertrek gebou,
5 waar hulle vroeër die graanoffers, die wierook en die houers wat die tiendes graan bevat, die wyn en olie, wat beveel was om aan die Leviete, die sangers en die poortwagters gegee te word en die offers vir die priesters, gesit het.
6 Terwyl hierdie dinge gebeur het, was ek nie in Yerushalayim nie, want in die twee en dertigste jaar van Artag'shashta, koning van Bavel, het ek na die koning gegaan en ná sekere dae het ek toestemming van die koning gevra
7 en na Yerushalayim gekom en die boosheid gehoor wat Elyashiv gedoen het, deur vir Toviyah 'n kamer in die hof van die huis van God in te rig.
8 Dit het my uitermate ontstel; ek het Toviyah se huisraad dus op die straat uitgegooi, buite die hof.
9 Toe het ek beveel en hulle het die vertrek gereinig en ek het die houers van die huis van God, die graanoffer en die wierook daarin teruggebring.

10 Ek het ook gehoor dat die Leviete se deel nie aan hulle gegee is nie en dat die Leviete, die sangers en die wat die dienswerk verrig, elkeen na sy grond toe gevlug het.

11 Toe het ek met die leiers getwis en gesê: “Waarom is die huis van God verwaarloos?” Ek het hulle bymekaar laat kom en hulle op hulle plek gesit.

12 Toe het al die Y’hudahiete die tiendes van graan, wyn en olie na die stoorkamers gebring.

13 Ek het Shelemyah, die priester, Tzadok, die skrywer en P’dayah, uit die Leviete, oor die skatkamers aangestel en saam met hulle: Hanan, die seun van Zakur, die seun van Mattanyah omdat hulle getrou geag is en hulle is deur die lot verkies om leiers te wees oor hulle broers.

14 Onthou my, my God, aangaande hierdie en moenie my goeie dade wat ek vir die huis van my God en sy instellings gedoen het, uitwis nie.

15 In daardie dae het ek in Y’hudah hoofpaaie vol verkeer gesien op die Shabbat en mense wat donkies met vragte gelaai bring, asook vragte van wyn, druiwe, vye en allerhande vragte goed wat hulle op die Shabbat in Yerushalayim inbring. Ek het teen hulle getuig dat hulle nie voorsiening mag verkoop nie

16 en ook nie vis mag bring of aan die seuns van Y’hudah of in Yerushalayim op die Shabbat mag verkoop nie.

17 Ek het met die leiers van Y’hudah geargumenteer en vir hulle gesê: “Waarom doen julle hierdie bose ding en onteer die Shabbatdag?

18 Julle vaders het net so gehandel en God het al hierdie ongeluk op ons en hierdie stad gebring, tog bring julle meer toorn en woede op Yisra’el deur die Shabbat te onteer!” Yes 58:13,14; Yir 17:27; Neg 10:31

19 Wanneer die poorte van Yerushalayim oop was en dit begin donker word voor die Shabbat, het ek beveel dat die poorte gesluit moes word en beveel dat hulle nie oopgemaak sal word tot ná die Shabbat nie. Ek het sommige van my diensknegte by die poort geplaas sodat daar geen vrag op die Shabbat ingebring sal word nie.

20 Die handelaars en die verkopers van allerhande soorte handelsware, het een of twee keer buite Yerushalayim geslaap.

21 Toe het ek teen hulle getuig en vir hulle gesê: “Waarom kom julle nie in by die poort in die muur terwyl die son nog hoog is nie? As julle weier om hierdie opdrag uit te voer sal ek julle straf.” Van daardie dag af aan het hulle nie meer op die Shabbat ingekom nie.

22 Ek het aan die Leviete opdrag gegee om hulleself te reinig en dat die wagte en die poortwagters moet kom om die poorte op te pas om die Shabbat af te sonder. O my God, onthou my ook hieroor en spaar my as gevolg van die oorvloed van U onverdiende guns.

23 In dié dae het ek ook Y’hudahiete gesien wat vroue van Ashdod, `Ammon en Mo’av getrou het

24 en die helfte van hulle seuns het in die taal van Ashdod gepraat en hulle kon nie verstaanbaar in die taal van Y’hudah praat nie, maar volgens die taal van elke volk.

25 Ek het met hulle geargumenteer en hulle vervloek en sommige van hulle geslaan en hulle hare uitgepluk en ander by God laat sweer en gesê: “Julle mag nie julle dogters aan hulle seuns gee en julle mag nie van hulle dogters vir julle seuns of vir julleself vat nie!

26 Shlomo, die koning van Yisra’el, het deur hierdie dinge gesondig. Tog was daar onder baie nasies nie ’n koning soos hy nie, waarvoor sy God lief was en God het hom koning oor die hele Yisra’el gemaak. Nogtans het vreemde vroue selfs vir hom laat sondig [2 Kon 23:13]

27 en dit is aan julle bekendgemaak en tog het julle hierdie groot boosheid gedoen om te oortree teen ons God deur vreemde vroue te trou.”

28 Een van die seuns van Yoyada, die seun van Elyashiv, die hoofpriester, was ’n skoonseun van Sanvallat, die Horoniet; daarom het ek hom van my af weggejaag.

29 Onthou my, o my God, aangaande hulle wat oorgebly het van die priesterdom en die verbond van die priesters en die Leviete.

30 So het ek hulle gereinig van al die ander nasies en hulle in hulle dienswerk aangestel, beide die priesters en die Leviete, elkeen in sy werk,

31 asook om die geskenk offers en die afgesonderde dinge in hulle vasgestelde tye te bring en vir die feeste en vir die eerstevrugte. Onthou my, o my God, ten goede!

Die agt en dertigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die twaalfde boek van die Geskrifte

# Divrei-HaYamim Alef

(1 Kronieke)

דברי הימים Divrei-HaYamim Alef.
- Die woorde van die dae

Die boek is deur `Ezra, rondom 404 voor Yeshua vanuit beide Bybelse en bronne nie in die Bybel opgeneem nie, saamgestel.

1 1 Adam, Shet, Enosh,
2 Kenan, Mahalal’el, Yered,
3 Hanokh, Metushelag, Lemekh,
4 Noag, Shem, Gam en Yefet.
5 Die seuns van Yefet was: Gomer, Magog, Madai, Yavan, Tuval, Meshekh en Tiras.
6 Die seuns van Gomer was: Ashkenaz, Rifat en Togarmah.
7 Die seuns van Yavan was: Elishah, Tarshish, die Kittiërs en Dodaniete.
8 Die seuns van Gam was: Kush en Mitzrayim, Put en Kena’an. [Gen 15:18-21]
9 Die seuns van Kush was: S’va, Havilah, Savta, Ra’mah en Savt’kha;
die seuns van Ra’mah was: Sh’va en D’dan.
10 Kush was die vader van Nimrod - hy was die eerste magtige man op aarde.
11 Mitzrayim was die vader van die Ludiete, `Anamiete, L’haviete, Naftugiete,
12 Patrusiete en Kaslugiete, waaruit die F’listyne voortgekom het en die Kaftoriete.
13 Kena’an was die vader van Tzidon, sy eersgeborene, Het,
14 die Y’vusiete, Emoriete, Girgashiete,
15 die Hiviete, `Arkiete, Siniete,
16 die Arvadiete, Tz’mariete en Hamatiete.
17 Die seuns van Shem was: `Eilam, Ashur, Arpakhshad, Lud, Aram, `Utz, Hul, Geter en Meshekh.
18 Arpakhshad was die vader van Shelag en Shelag van `Ever.
19 Vir `Ever is twee seuns gebore; die naam van die een was Peleg, want in sy dae was die aarde verdeeld [Gen 11:6-9] en sy broer se naam was Yoktan.
20 Yoktan was die vader van Almodad, Shelef, Hatzar-Mavet, Yerag,
21 Hadoram, Uzal, Diklah,
22 `Oval, Avima’el, Sh’va,
23 Ofir, Havilah en Yovav; hulle was almal seuns van Yoktan.
24 Shem, Arpakhshad, Shelag,
25 `Ever, Peleg, Re’u,
26 S’rug, Nagor, Terag,
27 Avram, wat Avraham was.
28 Die seuns van Avraham was Yitz’gak en Yishma’el.
29 Hierdie is hulle nageslag: die eersgeborene van Yishma’el was N’vayot; dan Kedar, Adbe’el, Mivsam,
30 Mishma, Dumah, Massa, Hadad, Teima,
31 Y’tur, Nafish, Kedmah; hulle was die seuns van Yishma’el. [Gen 25:15]
32 Die seuns van K’turah, die byvrou van Avraham: sy het geboorte gegee aan Zimran, Yokshan, Medan, Midyan, Yishbak en Shuag. Die seuns van Yokshan was Sh’va en D’dan.
33 Die seuns van Midyan was `Eifah, `Efer, Hanokh, Avida en Elda’ah. Hulle was almal seuns van K’turah. [Gen 25:4]
34 Avraham was die vader van Yitz’gak. Die seuns van Yitz’gak was `Esav en Yisra’el.
35 Die seuns van `Esav: Élifaz, Re’u’el, Ya’lam en Korag. [Gen 36:10-19]

36 Die seuns van Élifaz was Teman, Omar, Tzefo, Ga'tam, K'naz, Timnah en `Amalek.
37 Die seuns van Re'u'el was Nagat, Zerag, Shammah en Mizah.
38 Die seuns van Se'ir was Lotan, Shoval, Tziv'on, `Anah, Dishon, Etzer en Dishan.
39 Die seuns van Lotan was Hori en Hemam; die suster van Lotan was Timnah.
40 Die seuns van Shoval was `Alvan, Managat, `Eival, Sh'fo en Onam; die seuns van Tziv'on was Ayah en `Anah.
41 Die seuns van `Anah was Dishon; die seuns van Dishon: Hemdan, Eshban, Yitran en K'ran.
42 Die seuns van Etzer was Bilhan, Za'avan en `Akan. Die seuns van Dishan was `Utz en Aran.
43 Hierdie is die konings wat in die land van Edom regeer het voordat enige koning oor die seuns van Yisra'el regeer het: Bela, die seun van B'or en die naam van sy stad was Dinhavah.
44 Toe Bela gesterf het, het Yovav, die seun van Zerag, uit Botzrah, in sy plek regeer.
45 Na hom het Husham, vanaf die land van Temani, in sy plek regeer.
46 Toe Husham sterf, het Hadad, die seun van B'dad, wat vir Midyan in die velde van Mo'av verslaan het, in sy plek regeer en die naam van sy stad was `Avit.
47 Toe Hadad sterf, het Samlah van Masrekah in sy plek regeer.
48 Toe Samlah sterf, het Sha'ul van Regovot, by die rivier, in sy plek regeer.
49 Toe Sha'ul sterf, het Ba'al-Ganan, die seun van `Akhbor in sy plek regeer.
50 Toe Ba'al-Ganan sterf, het Hadar in sy plek regeer en die naam van sy stad was Pa'u; die naam van sy vrou was M'heitav'el, die dogter van Matred, die dogter van Mei-Zahav.
51 Hadar het ook gesterf en die prinse van Edom was prins Timna, prins `Alvah, prins Y'tet,
52 prins Oholivamah, prins Elah, prins Pinon,
53 prins Kenaz, prins Teman, prins Mivtzar,
54 prins Magdi'el, prins `Iram. Hierdie was die prinse van Edom.

2 1 Hierdie is die seuns van Yisra'el: [Gen 35:23-26] Re'uven, Shim'on, Levi, Y'hudah, Yissakhar, Z'vulun,
2 Dan, Yosef, Binyamin, Naftali, Gad en Asher.
3 Die seuns van Y'hudah: `Er, Onan en Shelah, hierdie drie is vir hom gebore by Bat-Shua, die Kena'aniet. `Er, die eersgeborene van Y'hudah, was boos in die oë van יהוה en Hy het hom doodgemaak.
4 Tamar, sy skoondogter, het vir hom geboorte gegee aan Peretz en Zerag. Y'hudah het altesaam vyf seuns gehad.
5 Die seuns van Peretz was Hetzron en Hamul.
6 Die seuns van Zerag: Zimri, Eitan, Heiman, Kalkol en Dara; almal saam vyf.
7 Die seuns van Karmi: `Akhan, die moeilikheidmaker vir Yisra'el, wat in die afgesonderde dinge oortree het. [Y'ho 7:17-20]
8 Die seun van Eitan was Azaryah.
9 Die seuns van Hetzron wat vir hom gebore is: Yeregme'el, Aram en K'luvai.

10 Aram was die vader van `Amminadav en `Amminadav van Nagshon, prins van die seuns van Y’hudah. Num 2:3; 7:12
11 Nagshon was die vader van Salmon en Salmon van Bo’az;
12 Bo’az van `Oved en `Oved van Yishai;
13 Yishai was die vader van Eli’av, sy eersgeborene en van Avinadav, die tweede en Shimmah, die derde;
14 van N’tan’el, die vierde, van Raddai, die vyfde,
15 van Otzem, die sesde, van Oliho die sewende en van Dawid, die agste. 1 Sh’m 16:10; 17:12
16 Hulle susters was Tz’ruyah en Avigayil. Die seuns van Tz’ruyah: Avishai, Yo’av en `Asah’el, drie.
17 Avigayil het geboorte gegee aan `Amasa en die vader van `Amasa was Yeter.
18 Kalev, die seun van Hetzron, het Yeriot by sy vrou `Azuva verwek en hierdie is haar seuns: Yesher, Shovav en Ardon.
19 Toe `Azuva gesterf het, het Kalev vir hom Efrat gevat, wat geboorte gegee het vir hom aan Hur.
20 Hur was die vader van Uri en Uri van B’tzal’el.
21 Daarna het Hetzron ingegaan by die dogter van Makhir, die vader van Gil’ad, waarmee hy getrou het toe hy sestig jaar oud was en sy het vir hom geboorte gegee aan S’guv.
22 S’guv was die vader van Ya’ir, wat drie en twintig stede in die land van Gil’ad gehad het.
23 Na dit het Hetzron gesterf in Kalev se land, Efratah, toe sy vrou vir hom geboorte gegee het aan Ashgur, die vader van Tekoa.
24 Die seuns van Yeragme’el, eersgeborene van Hetzron: Aram, die eersgeborene, Bunah, Oren en Otzem, hulle suster.
25 Yeragme’el het nog ’n vrou gehad met die naam van `Atarah; sy was die moeder van Onam.
26 Die seuns van Aram, die eersgeborene van Yeragme’el, was Ma’atz, Yamin en `Eker.
27 Die seuns van Onam: Shammai en Yada. Die seuns van Shammai: Nadav en Avishur.
28 Die naam van die vrou van Avishur was Avigayil en sy het vir hom geboorte gegee aan Agban en Molid.
29 Die seuns van Nadav: Seled en Appayim, maar Seled is dood sonder kinders.
30 Die seun van Appayim was Yish’i; die seuns van Yish’i was Sheshan en Sheshan het gesterf sonder seuns.
31 Die seuns van Yada, die broer van Shámmai: Yeter en Y’honatan en Yeter is dood sonder kinders.
32 Die seuns van Y’honatan: Pelet en Zaza. Dit was die seuns van Yeragme’el.
33 Sheshan het nie seuns gehad nie, net dogters en Sheshan het ’n Mitzrayitiese dienskneg gehad met die naam van Yarga.
34 Sheshan het sy dogter vir hom as vrou gegee en sy het vir hom geboorte gegee aan `Attai.
35 `Attai was die vader van Natan en Natan van Zavad.

36 Zavad was die vader van Eflal en Eflal van `Oved.
37 `Oved was die vader van Yehu en Yehu van `Azaryah.
38 `Azaryah was die vader van Heletz en Heletz van El'asah.
39 El'asah was die vader van Sismai en Sismai van Shallum.
40 Shallum was die vader van Y'kamyah en Y'kamyah van Elishama.
41 Die seuns van Kalev, die broer van Yeragme'el: Mesha, sy eersgeborene; hy was die vader van Zif.
42 Die seuns van Mareshah, die vader van Hevron was Korag, Tappuag, Rekem en Shema.
43 Shema was die vader van Ragam, die vader van Yorke'am; Rekem was die vader van Shammai.
44 `Eifah, die byvrou van Kalev, het geboorte gegee aan Haran
45 en Haran was die vader van Gazez.
46 Die seuns van Shammai was Ma'on en Ma'on was die vader van Beit-Tzur.
47 Die seuns van Yahdai: Regem, Yotam, Geshan, Pelet, `Eifah en Sha'af.
48 Ma'akhah, die byvrou van Kalev, het geboorte gegee aan Shever en Tirganah.
49 Sy het ook geboorte gegee aan Sha'af, die vader van Madmannah, Sh'va, die vader van Magbenah en die vader van Giv'a. Kalev se dogter was `Akhsah. [Rig 1:12,13]
50 Hierdie was die seuns van Kalev, van sy seun Hur, die eersgeborene van Efratah: Shoval, die vader van Kiryat-Ye'arim,
51 Salma, wat in Beit-Legem gebore is en Haref, wat in Beit-Gader gebore is.
52 Daar is seuns vir Shoval gebore in Kiryat-Ye'arim: HaRo'eh, Yoval, Hazri,
53 die Sumatiete, Netofat, Shamlah, die Soreatiete, Shegav en Hama.
54 Al hierdie seuns is gebore vir Shoval in Kiryat-Ye'arim.
55 Die families van die skrywers wat in Ya'betz gebly het: die Tir'atiete, die Shim'atiete en die Sukhatiete; dit is die Keiniete wat van Hammat, die vader van die huis van Rekhav, kom.

3 1 Hierdie is die seuns van Dawid wat vir hom in Hevron gebore is: die eersgeborene Amnon, by Agino'am uit Yizre'el; die tweede Kalev, by Avigayil, uit Karmel;
2 die derde Avshalom, die seun van Ma'akhah, die dogter van Talmai, koning van G'shur; die vierde Adoniyah, die seun van Haggit;
3 die vyfde Sh'fatyah, by Avital; die sesde Yitre'am, by sy vrou `Eglah.
4 Hierdie ses seuns is vir hom in Hevron gebore, waar hy vir sewe jaar en ses maande regeer het en in Yerushalayim het hy drie en dertig jaar lank regeer.
5 Hierdie is die name van die seuns wat vir hom in Yerushalayim gebore is: Shamua, Shovav, Natan, Shlomo,
6 Yivgar, Elishua, Elyada,
7 Elifelet, Nogah, Nefeg,
8 en Elishama.
9 Hierdie was al die seuns van Dawid en Tamar was hulle suster.
10 Die seun van Shlomo was Regav'am; sy seun was Aviyah; sy seun was Asa; sy seun was Y'hoshafat;
11 sy seun was Y'horam; sy seun was Agazyah; sy seun was Yo'ash;

12 sy seun was Amatzyah; sy seun was `Azaryah (`Uziyahu); sy seun was Yotam;
13 sy seun was Agaz; sy seun was Hizkiyahu; sy seun was M’nasheh;
14 sy seun was Amon en sy seun was Yoshiyahu.
15 Die seuns van Yoshiyahu was: sy eersgeborene Yoganan, die tweede Y’hoyakim, die derde Tzidkiyah, die vierde Shallum.
16 Die seuns van Y’hoyakim was: Y’hoyakhi en Tzidkiyah, sy seuns.
17 Die seuns van Y’konyah: Assir, Sh’alti’el, sy seuns,
18 Malkiram, P’dayah, Shen’atzar, Y’kamyah, Hoshama en N’davyah.
19 Die seuns van N’davyah was Z’rubavel en Shim’i; die seuns van Z’rubavel was: Meshullam en Hananyah en Shlomit was hulle suster
20 en Hashuvah, Ohel, Berekhyah en Hasadyah.
21 Die seuns van Hananyah: P’latyah en Yesha’yah; sy seun was Refayah; sy seun was Arnan en `Ovadyah, die seun van Yesha’yah.
22 Die seun van Sh’khanyah: Sh’ma’yah en die seuns van Sh’ma’yah: Hattush, Ne’aryah, `Azaryah en Hizkiyah.
23 Die seuns van Ne’aryah: Elyo’einai, Hizkiyah en `Azrikam, drie
24 en ook Hodavyahu, Elyashiv, P’layah, Ya’akov, Yoganan, D’layah en `Anani.

4 1 Hierdie is die nageslag van Y’hudah: Peretz, Hetzron, Karmi, Hur en Shoval.
2 Re’ayah, die seun van Shoval, was die vader van Yagat; Yagat was die vader van Agumai en Lahad. Hierdie is die families van Regov’am.
3 Hierdie is die seuns van `Amminadav: Yizre’el, Yishma en Yidbash.
4 P’nu’el en Hoshiyah was die seuns van Hur, die eersgeborene van Efratah, wie se vader van Beit-Legem was.
5 Ashgur, die vader van Tekoa, het twee vroue gehad, Ghel’ah en Na’arah.
6 Een van hulle het geboorte gegee aan Aguzam, Hefer, Teimni en Agashtari. Dit was die seuns van een van hulle.
7 Die seuns van Ghel’ah: Tzeret, Tzogar en Etnan.
8 Kotz was die vader van `Anuv, Tzovevah en die families van Agargel, die seun van Harum.
9 Ya’betz was dierbaar vir sy vader en sy moeder en hulle het hom “ons oë” genoem (in Aramees).
10 Hulle het vir hom gesê: “יהוה sal jou sekerlik seën en jou grondgebied vergroot en Sy hand sal by jou wees en jou bevry van boosheid sodat dit geen mag oor jou het nie en aan jou gee dit wat jy van Hom vra.”
11 Kalev, die broer van Ahiyah, was die vader van M’gir, wat die vader was van Eshton.
12 Eshton was die vader van T’ginnah en Rafa was die vader van Paseag; Paseag was die vader van T’ginnah, T’ginnah was die vader van Yazir.
13 Hierdie is die seuns van Kalev, die seun van Y’funneh: die eersgeborene was Elah en die tweede Na’am, die derde was K’naz, die vierde Ashif, die vyfde Ya’mo’el en die sesde was Yahrof
14 Hierdie is die seuns van Kalev, die seun van Y’funneh. [Num 13:6; Y’ho 14:6]

15 Die seuns van `Ezrah was Yeter, Mered, `Efer en Yalon, wat geboorte gegee het aan Miryam, Shammai en Yishbag, die vader van Esht’moa.
16 Sy Y’hudahitiese vrou het geboorte gegee aan: Yered, die vader van G’dor; Hever, die vader van Sokho en Y’kuti’el, die vader van Zanoag.
17 Die seuns van sy vrou, Hodiyah, die suster van Nagam, die vader van Ke’ilah, die Garmiet en Esht’moa, die Ma’akhatiet.
18 Die seuns van Shimon: Amnon, Rinnah, Ben-Hanan en Tilon. Die seuns van Yish’i was Zoget en Ben-Zoget.
19 Die seuns van Shelah, die seun van Y’hudah was `Er, die vader van Lekha en La’adah, die vader van Mareshah en die families van die huis van die fyn linne wewers, van die huis van Ashbea.
20 Zemri, Esht’moa, Ma’akhat, Eshtmah en Ashimon.
21 Die seuns van Ashimon: Ammon, Domiyah, Zerah en Shelah. Hierdie was die seuns van Shelah.
22 Hierdie was die seuns van Y’hudah.
23 Die seuns van Shim’on is N’mu’el, Yamin, Ahar, Yagin, Zahar, Yarib, Zerag en Sha’ul.
24 Mivsam was sy seun en Mishma was sy seun,
25 Shemati en Hamu’el
26 Zakkai, sy seun, Shim’i, sy seun.
27 Shim’i het sestien seuns en ses dogters gehad, maar sy broers het nie baie seuns gehad nie en hulle families het ook nie vermenigvuldig totdat die seuns van Y’hudah tussen hulle kom bly het nie.
28 Hulle het by hulle kom bly in die dorpe van Be’er-Sh’va, Moladah en Hatzar-Sha’ul,
29 in Bilhah, `Etzem, Tolad,
30 B’tu’el, Hormah, Hatzar-Gadah, Heshmon, Hetpelet en Ziklag,
31 Marmeranah en Samsalah. Dit was hulle stede tot by die regering van Dawid.
32 Hulle dorpies was: `Eitam, `Ayin, Rimmon, Tokhen en `Ashan, vyf stede
33 en al die dorpies wat in die omtrek van hierdie stede van Arkites was.
34 Hierdie was die stede waarin hulle gebly het en hulle het baie beroemd geword
35 en was in mooi plekke geleë en vrede en rustigheid het rondom hulle geheers.
36 Hierdie is die name van die prinse wat daar, in hulle families, was en in die huis van hulle vaders
37 en hulle het na die ingang van Geder gekom, so ver as die oostekant van die vallei, om weiding vir hulle vee te soek.
38 Hulle het goeie, ryk weiding gevind en die land was wyd en goed en vrede en rustigheid het daar geheers,
39 want hulle wat daar gebly het was die eerste setlaars.
40 Hierdie, wie se name neergeskryf is, het in die tyd van Hizkiyahu, koning van Y’hudah, gekom en hulle tente volkome vernietig
41 en al die fonteine besoedel wat tot vandag toe daar is en in hulle plekke gebly, want daar was goeie weiding vir hulle troppe.

42 Sommige van hulle en sommige van die seuns van Shim'on, vyf honderd man, het opgegaan na die berg Gevel. Hierdie is die name van die manne wat as hulle leiers gegaan het: P'latyah, Ne'eryah, Refayah en Uzi'el, die vier seuns van Yish'i.

43 Hulle het die res van die `Amalekiete verslaan wat ontsnap het en tot vandag toe in hulle plek gaan bly. [Deut 25:17-19; 1 Sh'm 15:2-35]

5 1 Die seuns van Re'uven, die eersgeborene van Yisra'el, want hy was die eersgeborene van die vader, maar omdat hy die bed van sy vader onteer het, is sy eersgeboortereg aan die seuns van Yosef, sy broer, die seun van Yisra'el, gegee en op sy twee seuns het die seëning meer gekom as op al die stamme van Yisra'el.

2 Alhoewel vanuit Y'hudah, Die Gesalfde Een, die Koning sal kom, word die seëninge aan Yosef gegee.

3 Die seuns van Re'uven, die eersgeborene van Yisra'el, was Hanokh, Pallu, Hetzron en Karmi.

4 Die seuns van Karmi: sy seun S'ma'yah, sy seun Gog, sy seun Shim'i,

5 sy seun Mikhah, sy seun Re'ayah, sy seun Ba'al,

6 sy seun Be'erah, vir wie Tilgat-Piln'eser, koning van Ashur, in ballingskap weggevoer het; hy was die prins van die stam van die Re'uveniete. [2 Kon 15:29]

7 Sy broers volgens hulle families, toe die geslagsregister van hulle nageslagte bereken is: Ye'i'el, die leier en Z'kharyah, tweede in bevel,

8 Bela, die seun van `Azaz, die seun van Sh'ma, die seun van Yo'el, wat in `Aro'er, tot by N'vo en die vlakte van Me'on gebly het.

9 Ooswaarts het hy tot by die grens van die woestyn, van die Eufraatrivier af, betrek, want hulle vee het vermenigvuldig in die land van Gil'ad.

10 In die dae van Sha'ul het hulle oorlog gevoer teen die Arabiere, die inwoners van Sekah en is oorgegee in hulle hande en hulle het in hulle tente gebly aan die hele oostekant van Gil'ad.

11 Die seuns van Gad het oorkant hulle gebly in die land van Bashan tot by Siva en Salkah.

12 Yo'el was hulle leier en hy het hulle geoordeel en aan hulle goeie Skrifte geleer.

13 Hierdie was die seuns van Avigayil, die seun van Huri, die seun van Yaroag, die seun van Gil'ad, die seun van Mikha'el,

14 die seun van `Avdi'el, die seun van Agi, wat hoofde van die huise van hulle vaders was.

15 Hulle het in Bashan gebly en in sy dorpies.

16 Hulle almal is in die geslagsregister opgeneem in die dae van Y'hotam, koning van Y'hudah en in die dae van Yarov'am, koning van Yisra'el.

17 Die Re'uveniete, Gadiete en die halwe stam van M'nasheh, dapper manne, in staat om swaard en skild te dra en met die boog te skiet, bedrewe in oorlog, was vier en veertig duisend ses honderd, ses en sestig.

18 Hulle het almal uitgegaan en geveg teen die inwoners van Sekah

19 en Sekah is in hulle hand oorgegee, want hulle het tot יהוה gebid in die geveg en Hy het hulle stem gehoor omdat hulle hul vertroue op Hom geplaas het.

20 Hulle het ’n oorvloed goedere en beeste weggedra, vyftig duisend kamele, twee honderd en vyftig duisend skape, twee duisend donkies en ’n honderd duisend mense.
21 Baie van hulle wat in tente gebly het, het gesneuwel en hulle wat oorgebly het, het in hulle tente gebly.
22 Die seuns van die halwe stam van M’nasheh het in die land van Bashan gebly tot so ver as die vlakte van berg Hermon en so ver as Har; daar het hulle vermenigvuldig en baie geword.
23 Hierdie was die leiers van die huise van hulle vaders: `Efer, Yish’i, Eli’el, `Azri’el, Yirmeyah, Hodvyah en Yagdi’el,
24 almal magtige, dapper manne, manne van naam, leiers van die huise van hulle vaders
25 en hulle het oortree teen die God van hulle vaders en afgedwaal agter die gode van die volke van die land aan, wat God voor hulle uit vernietig het.
26 Die God van Yisra’el het die gees van Tilgat-Piln’eser, koning van Ashur, aangehits en hy het hulle weggevoer: die stam van Re’uven, die stam van Gad en die halwe stam van M’nasheh en hulle gebring na Halag, Havor, Hara en na die Gozanrivier, stede van Mede. Hulle bly tot vandag toe daar.

6 1 Die seuns van Levi: Gershon, K’hat en M’rari. Eks 6:16-25
2 Die seuns van K’hat: `Amram, Yitz’har, Hevron en `Uzi’el.
3 Die kinders van `Amram: Aharon, Mosheh en Miryam. Die seuns van Aharon: Nadav, Avihu, El’azar en Itamar.
4 El’azar was die vader van Pingas, Pingas was die vader van Avishua.
5 Avishua was die vader van Bukki. Bukki was die vader van `Uzi.
6 `Uzi was die vader van Z’ragyah. Z’ragyah was die vader van M’rayot.
7 M’rayot was die vader van Amaryah. Amaryah was die vader van Agituv.
8 Agituv was die vader van Tzadok. Tzadok was die vader van Agima’atz.
9 Agima’atz was die vader van `Azaryah. `Azaryah was die vader van Yoganan.
10 Yoganan was die vader van `Azaryah. Dit is hy wat in die priestersamp bedien het in die tempel wat Shlomo in Yerushalayim gebou het.
11 `Azaryah was die vader van Amaryah. Amaryah was die vader van Agituv.
12 Agituv was die vader van Tzadok. Tzadok was die vader van Shallum.
13 Shallum was die vader van Hilkiyahu. Hilkiyahu was die vader van `Azaryah.
14 `Azaryah was die vader van S’rayahu. S’rayahu was die vader van Y’hotzadak.
15 Y’hotzadak is saam in ballingskap weggedra toe יהוה vir Y’hudah en Yerushalayim weggevoer het deur die hand van N’vukadnetzar.
16 Die seuns van Levi: Gershon, K’hat en M’rari.
17 Dit is die name van die seuns van Gershon: Livni en Shim’i.
18 Die seuns van K’hat: `Amram, Yitz’har, Hevron en `Uzi’el.
19 Die seuns van M’rari: Magli en Mushi. Hierdie is die families van die Leviete volgens hulle vaders:
20 Van Gershon: sy seun Livni, se seun Yagat, se seun Zimmah,
21 se seun Yo’ag, se seun `Iddo, se seun Zerag en se seun Ye’atrai.

22 Die seuns van K’hat: sy seun `Amminadav, se seun Korag, se seun Assir,
23 se seun Elkanah, se seun Evyasaf, se seun Assir,
24 se seun Tagat, se seun Uri’el, se seun `Uziyah en sy seun Sha’ul.
25 Die seuns van Elkanah: Amasai en Agimot.
26 Wat Elkanah, die seun van Elkanah betref: sy seun Tzofai, se seun Nagat,
27 se seun Eli’av, se seun Yerogam en se seun Elkanah.
28 Die seuns van Sh’mu’el: Yo’el, die eersgeborene en die tweede Aviyah. [1 Sh’m 8:2]
29 Die seuns van M’rari: Magli, se seun Livni, se seun Shim’i, se seun `Uzah,
30 se seun Shim’a, se seun Hagiyah en se seun `Azayah.
31 Hierdie is hulle almal wat Dawid aangestel het om te bedien in die huis van יהוה waar die ark gestaan het.
32 Hulle het met baie sang in die Teenwoordigheid van יהוה, in die Tent van die Vergadering, bedien totdat Shlomo die huis van יהוה in Yerushalayim gebou het en toe het hy hulle in hul dienswerk aangestel volgens hulle orde.
33 Hierdie is die bedienaars en hulle seuns: van die seuns van die K’hatiete, van die familie van die Leviete: Heman en Yo’el, die seun van Sh’mu’el,
34 die seun van Elkanah, die seun van Yerogam, die seun van Eli’el, die seun van Toag,
35 die seun van Tzuf, die seun van Elkanah, die seun van Magat, die seun van `Amasai,
36 die seun van Elkanah, die seun van Yo’el, die seun van `Azaryah, die seun van Tz’fanyah,
37 die seun van Tagat, die seun van Assir, die seun van Evyasaf, die seun van Korag,
38 die seun van Yitz’har, die seun van K’hat, die seun van Levi, die seun van Yisra’el
39 en sy broer Asaf, wat aan die regterhand gestaan het. Asaf, die seun van Berekhyah, die seun van Shim’a,
40 die seun van Mikha’el, die seun van Ba’aseyah, die seun van Malkiyah,
41 die seun van Etni, die seun van Zerag, die seun van `Adayah,
42 die seun van Eitan, die seun van Zimmah, die seun van Shm’i,
43 die seun van Yagat, die seun van Gershom, die seun van Levi.
44 Hulle broers, die seuns van M’rari, het aan die linkerhand gestaan: Eitan, die seun van Kishi, die seun van `Avdi, die seun van Mallukh,
45 die seun van Hashavyah, die seun van Amatzyah, die seun van Hilkiyah,
46 die seun van Amtzi, die seun van Bani, die seun van Shemer,
47 die seun van Magli, die seun van Mushi, die seun van M’rari, die seun van Levi.
48 Hulle broers, die Leviete, is aangestel vir al die dienswerk by die tabernakel van die huis van God,
49 maar Aharon en sy seuns het op die brandofferaltaar en op die wierookaltaar geoffer en is aangestel vir al die werk in die Mees Afgesonderde Plek en om toedekking te doen vir Yisra’el, volgens alles wat Mosheh, die dienskneg van God, beveel het.
50 Hierdie is die seuns van Aharon: El’azar was sy seun, Pingas sy seun, Avishua sy seun;
51 Bukki sy seun, `Uzi sy seun, Z’ragyah sy seun,

52 M'rayot sy seun, Amaryah sy seun, Agituv sy seun,
53 Tzadok sy seun, Agima'atz sy seun.
54 Hierdie was die stede wat toegewys was aan die families regdeur hulle grense: aan die seuns van Aharon, die familie van die K'hatiete, (want aan hulle was die eerste lot),
55 aan hulle is gegee: Hevron, in die land Y'hudah en sy gebied rondom,
56 maar al die saaigrond van die stad en sy dorpe rondom, het hulle vir Kalev, die seun van Y'funneh, gegee.
57 Aan die seuns van Aharon het hulle al die stede van ontvlugting gegee en aan die priesters: Hevron met sy dorpies, Livnah met sy dorpies, Yatir met sy dorpies, Esht'moa met sy dorpies,
58 Hilen met sy dorpies, D'vir met sy dorpies,
59 `Ashan met sy dorpies en Beit-Shemes met sy dorpies;
60 van die stam van Binyamin: Geba met sy dorpies, `Alemet met sy dorpies en `Anatot met sy dorpies. Al hulle stede in al hulle families, was dertien stede.
61 Aan die ander seuns van K'hat, wat geërf het uit die stam van M'nasheh, is tien stede gegee.
62 Aan die seuns van Gershom, volgens hulle families, uit die stamme van Yissakhar, uit die stam van Asher, uit die stam van M'nasheh en uit die stam van Naftali in Bashan, is dertien stede gegee.
63 Aan die seuns van M'rari is volgens die lot, volgens hulle families, uit die stam van Re'uven, uit die stam van Gad en uit die stam van Z'vulun, twaalf stede gegee.
64 Die seuns van Yisra'el het aan die Leviete hierdie stede met hulle dorpies gegee
65 en hulle het deur die lot uit die stam van die seuns van Y'hudah en uit die stam van die seuns van Shim'on en uit die stam van die seuns van Binyamin hierdie stede gegee wat genoem is volgens die name van die families van die Kohatiete.
66 Hulle het ook nog ander stede en hulle dorpies uit die stam van Efrayim gehad.
67 Hulle het aan hulle uit die stede van ontvlugting gegee: Sh'khem met sy dorpies, in die Efrayimgebergte, Gezer met sy dorpies,
68 Beit-Horon met sy dorpies,
69 Ayalon met sy dorpies en Gat-Rimmon met sy dorpies.
70 Uit die halwe stam van M'nasheh: `Aner met sy dorpies, Bil'am met sy dorpies; vir die erfenis van die families van die seuns van K'hat.
71 Aan die seuns van Gershom is uit die halwe stam van M'nasheh gegee: Golan in Bashan met sy dorpies en `Ashtarot met sy dorpies;
72 uit die stam van Yissakhar: Kedesh met sy dorpies, Davrat met sy dorpies
73 en `Anem met sy dorpies;
74 uit die stam van Asher: Mashal met sy dorpies, `Avdon met sy dorpies,
75 Hukok met sy dorpies en Regov met sy dorpies;
76 uit die stam van Naftali: Kedesh in die Galil met sy dorpies, Hammon met sy dorpies en Kiryatayim met sy dorpies.
77 Aan die familie van M'rari wat uit die stam van Z'vulun geërf het, is gegee: Rimmono met sy dorpies, Tavor met sy dorpies

78 en oorkant die Yarden by Yerigo, aan die oostekant van die Yarden, is vir hulle gegee uit die stam van Re’uven: Betzer in die wildernis met sy dorpies, Yahatz met sy dorpies,
79 K’demot met sy dorpies en Mefa’at met sy dorpies;
80 uit die stam van Gad: Ramot met sy dorpies, Maganayim met sy dorpies,
81 Heshbon met sy dorpies en Ya’zer met sy dorpies.

7 1 Die seuns van Yissakhar: Tola, Pu’ah, Yashuv en Shimron, vier.
2 Die seuns van Tola: `Uzi, Refayah, Yeri’el, Yagmai, Yivsam en Sh’mu’el, hoofde van hulle vaders se huise; hierdie was die seuns van Tola. Hulle was dapper manne van krag in hulle familie en hulle geslag, hulle getal in die dae van Dawid was twee en twintig duisend ses honderd.
3 Die seun van `Uzi was Yizragyah; die seuns van Yizragyah: Mikha’el, `Ovadyah, Yo’el en Yishiyah, vyf, almal leiers.
4 By hulle, volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, was dapper krygs-manne: ses en dertig duisend, want hulle het baie vroue en kinders gehad.
5 Hulle broers, al die families van Yissakhar, was dapper manne van krag: sewe en tagtig duisend is in hulle families getel.
6 Hierdie is die name van die seuns van Binyamin: Bela, Bekher, Ashbel, Gera, Na’aman, Egi, Rosh, Mupim, Huppim en Ard. [Gen 46:21]
7 Die seuns van Bela: Etzbon, `Uzi, `Uzi’el, Yerimot en `Iri, vyf hoofde van die huise van hulle vaders, dapper manne van krag en hulle is getel volgens families: twee en twintig duisend vier en dertig.
8 Die seuns van Bekher: Z’mirah, Yo’ash, Eli’ezer, Elyo’enai, `Omri, Yeremot, Aviyah, `Anatot en `Alemet; hulle almal was seuns van Bekher.
9 Hulle getal, volgens families in hulle geslagte, hoofde van die huise van hulle vaders, dapper manne, was twee en twintig duisend twee honderd.
10 Die seun van Y’dia’el was Bilhan en die seuns van Bilhan: Ye’ush, Binyamin, Ehud, Kena’anah, Zeitan, Tarshish en Agishagar.
11 Hulle almal was die seuns van Y’dia’el, volgens die hoofde van hulle vaders, dapper manne van krag, sewentien duisend twee honderd soldate, gereed om in die weermag uit te gaan in die geveg;
12 asook Shuppim en Huppim, seuns van `Ir, van die seuns van Hushim.
13 Die seuns van Naftali: Yagtzi’el, Guni, Yetzer, Shallum, die seuns van Bilhah.
14 Die seuns van M’nasheh: Asri’el, wat vanuit sy byvrou gebore is; sy het ook geboorte gegee aan Makhir, die vader van Gil’ad.
15 Makhir het die suster van ’n prins as vrou gevat, wie se naam, Ma’akhah was. Die naam van sy oudste broer was Tz’lof’gad. Tz’lof’gad het geen seuns, maar wel dogters gehad.
16 Ma’akhah, die vrou van Makhir, het geboorte gegee aan ’n seun en hom Peresh genoem en die naam van sy broer was Sheresh.
17 Die seun van Ulam was Rekem en die seun van Rekem, B’dan; dit is die seuns van Gil’ad, die seun van Makhir, die seun van M’nasheh.
18 Sy suster Ma’akhah het geboorte gegee aan Ish-Hod, Avi’ezer,

19 Sh’mida, Agyan, Sh’khem en Ani’am.
20 Die seuns van Efrayim: Shutelag, Bered, sy seun, Tagat, sy seun, Ele’adah, sy seun, Agat, sy seun,
21 Savad, sy seun, Shutelag en `Ezer, wat deur die manne van Gat, wat in die land gebore is, doodgemaak is omdat hulle afgegaan het om hulle rykdom weg te vat.
22 Efrayim, hulle vader, het baie dae lank gerou en sy broers het gekom om hom te troos.
23 Hy het by sy vrou ingegaan, sy is bevrug en het geboorte gegee aan ’n seun en sy het hom B’ri’ah genoem, want iets sleg het in sy huis gebeur
24 en haar dogter het uit Onder- en Bo-Beit-Horon ontsnap.
25 Almal wat ontsnap het, is deur haar dogter genees, want sy was ’n vroue dokter en sy het die siekes gesond gemaak.
26 Sy het ook vir Edan, die seun van `Ammihud, genees,
27 van die seuns van Nun, die vader van Y’hoshua.
28 Hulle besitting en blyplekke was: Beit-El en sy dorpies; Shegem en sy dorpies en `Ayah met sy dorpies.
29 By die grense van die seuns van M’nasheh was dit Beit-Sh’an met sy dorpies, Ta’nakh met sy dorpies, Megiddo met sy dorpies en Dor met sy dorpies. In hierdie stede het die seuns van Yosef, die seun van Yisra’el, gebly.
30 Die seuns van Asher was: Yimnah, Yishvah, Yishvi, B’ri’ah en hulle suster, Serag.
31 Die seuns van B’ri’ah was Hever en Malki’el, wat die vader is van Birzayit.
32 Hever was die vader van Yaflet, Shomer, Hotam en hulle suster, Shua.
33 Die seuns van Yaflet was: Pasakh, Bimhal en `Ashwat; dit was die seuns van Yaflet.
34 Die seuns van Shemer was: Agi en Rohgah, Hubah en Aram.
35 Die seuns van sy broer Helem was: Zofag, Yimnah, Shelesh en `Amal.
36 Die seuns van Zofag was: Suag, Harnefer, Shu’al, Beri en Yimrah,
37 Betzer, Hod, Shamma, Shilshah, Yitran en Be’era.
38 Die seuns van Yeter was: Y’funneh, Pispah en Ara.
39 Die seuns van `Ulla was: Arag, Hanni’el en Ritzya.
40 Hulle was almal seuns van Asher, hoofde van die huise van hulle vaders, uitgesoekte dapper, magtiges, hoofde van die prinse, volgens hulle geslagte. Hulle getal is in die weermag getel vir geveg: ses en twintig duisend man.

8 1 Binyamin was die vader van Bela, sy eersgeborene, Ashbel, die tweede, Agrag die derde,
2 Nogah, die vierde, Rafa, die vyfde,
3 Ahai die sesde, Arosh, die sewende,
4 Mathim, die agste, Hashim, die negende
5 en Adar, die tiende.
6 Die seuns van Bela: Abdo, Gera, Abihud
7 Avishua, Na’aman, Agoag,
8 Safim, Hufam en Agiram.

9 Hierdie is die seuns van Abihud,
10 (die hoofde van hul vaders in hulle families en hulle is gevange weggedra na die vlakte van Na’aman)
11 by sy vrou Harash: Hovav,
12 Zeviah, Malkom, M’nasheh, Seriah, Yarmanah, Zebaz.
13 Dit was sy seuns, hoof van die vaders.
14 Hushim het geboorte gegee aan Avituv en Elpa’al.
15 Die seuns van Elpa’al: `Ever, Mish’am, Shemed;
16 wat Ono en Lod, met hulle dorpies, gebou het
17 en hy het die hoof van die vaders geword oor die inwoners van Gat;
18 Shema, B’ri’ah,
19 Agyo, Shashak, Yeremot,
20 Z’vadyah, `Arad, `Eder,
21 Mikha’el, Yishpah, Yoga, B’ri’ah,
22 P’nu’el en die seuns van Shishak en Shamsh’rai.
23 Hierdie was die hoofde van die huise van hul vaders, in hulle geslagte. Dit is hulle wat aan die begin in Yerushalayim gebly het.
24 In Giv’on het die vader van Giv’on gebly, wie se vrou se naam Ma’akhah was.
25 Sy eersgebore seun was `Avdon, asook Tzur, Kish, Ba’al, Ner, Nadav,
26 G’dor, Agyo, Z’kharyah en Miklot.
27 Miklot was die vader van Ma’ah
28 en hulle het ook saam met hulle broers in Yerushalayim gebly, oorkant hulle.
29 Ner was die vader van Kish en Kish van Sha’ul en Sha’ul van Y’honatan, Malkishua, Avinadav en Eshba’al.
30 Die seun van Y’honatan was kreupel in sy voete; Avinadav het ’n seun gehad met die naam van M’riv-Ba’al en M’riv-Ba’al was die vader van Mikhah.
31 Die seuns van Mikhah was: Piton, Melekh, Ta’rea en Agaz.
32 Agaz was die vader van Y’ho’adah en Y’ho’adah die vader van `Alemet, `Azmawet en Zimri; Zimri was die vader van Motza.
33 Motza was die vader van Bin’a; sy seun was Rafah; sy seun was El’asah; sy seun was Atzel.
34 Atzel het ses seuns gehad en dít was hulle name: `Azrikam, die eersgeborene, Bokhru, sy tweede, Yishma’el, die derde,
35 Sh’aryah, `Ovadyah en Hanan; hulle almal was seuns van Atzel.
36 Die seuns van `Eshek, sy broer, was: Ulam, sy eersgeborene, Ye’ush, die tweede en Elifelet, die derde.
37 Die seuns van Ulam was dapper manne van krag, boogskutters,
38 en hulle het hulle seuns en kleinseuns opgelei,
39 een honderd en vyftig.
40 Hulle almal is die stam van die seuns van Binyamin.

9 1 Die hele Yisra'el en Y'hudah is as boos beskou, want hulle is in ballingskap na Bavel weggevoer as gevolg van hulle boosheid.
2 Die eerste inwoners wat in hul eiendom, in hulle stede gaan bly het, was Yisra'eliete: die priesters, die Leviete en die poortwagters.
3 In Yerushalayim het van die seuns van Y'hudah, van die seuns van Binyamin en van die seuns van Efrayim en M'nasheh gebly:
4 `Utai, die seun van `Ammihud, die seun van `Omri, die seun van Imri, die seun van Bani, van die seuns van Peretz, die seun van Y'hudah;
5 van die land van die Shiloniete: `Asaya, die eersgeborene en B'zaiyah, sy broer;
6 van die seuns van Zerag: Ye'u'el en hulle broers, ses honderd en negentig;
7 van die seuns van Binyamin: Sallu, die seun van Meshullam, die seun van Hodawyah, die seun van Hasnu'ah;
8 Yivneyah, die seun van Yerogam; Elah, die seun van `Uzi, die seun van Mikhri; Meshullam, die seun van Sh'fatyah, die seun van Re'u'el, die seun van Yivneyah
9 en hulle broers volgens hulle geslagte, nege honderd nege en negentig. Hulle almal was dapper manne, bevelvoerders oor 'n honderd, volgens hulle vaders se huise;
10 van die priesters: Y'da'yah, Y'hoyariv en Yakhin;
11 `Azaryah, die seun van Hilkiyah, die seun van Meshullam, die seun van Tzadok, die seun van M'rayot, die seun van Agituv, wie se huis oorkant die huis van God was;
12 `Adayah, die seun van Yerogam, die seun van Pash'gur, die seun van Malkiyah; Ma'asai, die seun van `Adi'el, die seun van Yagzerah, die seun van Meshullam, die seun van Meshilmit, die seun van Immer
13 en hulle broers, hoofde van die huis van hulle vaders, een duisend sewe honderd en sestig baie bekwame manne vir die dienswerk van die huis van God;
14 van die Leviete: Sh'ma'yah, die seun van Hashuv, die seun van `Azrikam, die seun van Hashavyah;
15 van die seuns van M'rari: Bakbakkar, die seun van Heresh, die seun van Galal; Mattanyah, die seun van Mikha, die seun van Zikhri, die seun van Asaf;
16 `Ovadyah, die seun van Sh'ma'yah, die seun van Galal, die seun van Y'dutun; Berekhyah, die seun van Asa, die seun van Elkanah wat in Ramtah gebly het.
17 Die poortwagters was: Shallum, `Akkuv, Talmon en Agiman; Shallum was die hoof.
18 Tot nou toe was hulle in die Koningspoort teen die ooste; hulle was die poortwagters in die groepe van die seuns van Levi.
19 Shallum, die seun van Kore, die seun van Evyasaf, die seun van Korag, sy broers en die lede van sy vader se huis, was oor die werk en oor die hekwagters van die tent en hulle vaders, hoofde oor die laer, was die bewakers van die uitgang en die ingang.
20 Pingas, die seun van El'azar, was vroeër leier oor hulle en יהוה was by hom.
21 Z'kharyah, die seun van Meshelemyah, was poortwagter by die ingang van die tent van bymekaarkoms.

22 Hulle almal wat as poortwagters gekies is, was twee honderd en twaalf; hulle is volgens hulle families bereken wat deur Dawid en deur Sh’mu’el in hulle vaste ampte aangestel is,
23 want hulle het hulle met hul seuns aangestel oor die poorte van die huis van יהוה en oor die tent van byeenkomste, as wagte.
24 Die poorte was oop na die vier rigtings, na die ooste, weste, noorde en suide.
25 Hulle broers, wat in hulle geslagte wag gehou het, het nie in die tempel ingegaan nie, behalwe een keer elke sewe dae van tyd tot tyd,
26 want hierdie Leviete was in hulle vaste amp en was in bevel van die vier poorte in die vier rigtings en het wag gestaan en was oor die werk en die skatte van die huis van God.
27 Hulle het rondom die huis van God gebly, want die taak om die poorte te bewaak was hulle s’n.
28 Sommige van hulle was in beheer van die inspeksie van al die gereedskap van die diens, wat getel is, elke oggend wanneer hulle ingebring en uitgevat word.
29 Sommige van die Leviete is aangestel oor al die houers en die gereedskap van die Afgesonderde Plek, oor die altaar en die voorwerpe, die wyn, die olie, die wierook en die suiwer speserye.
30 Sommige van die seuns van die priesters het die wierook vir die houers voorberei en geskenke is deur die Leviete gegee.
31 Mattityah, een van die Leviete, wat die eersgeborene van Shallum was, is toevertrou met die taak van die bakkery.
32 Sommige van die nageslag van K’hati, was oor hulle broers en die brode van die Teenwoordigheid, om dit elke Shabbat voor te berei.
33 Hierdie was die bedienaars, hoofde van die vaders van die Leviete, wat waggehou het oor die kamers rondom die tempel, want hulle was dag en nag oor die werk.
34 Hierdie is die hoofde van die vaders van die Leviete, volgens hulle geslagte; hulle het in Yerushalayim gebly.
35 In Giv’on het die vader van Giv’on gewoon en die naam van sy eersgeborene was Ye’i’el en die naam van sy vrou was Ma’akhah.
36 Sy tweede seun was `Avdon en dan Tzur, Kish, Ba’al, Ner, Nadav,
37 G’dor, Agyo, Z’kharyah en Miklot.
38 Miklot was die vader van Shim’am en hulle het saam met hulle broers in Yerushalayim gebly, oorkant hulle.
39 Ner was die vader van Kish en Kish van Sha’ul en Sha’ul van Y’honatan, Malkishua, Avinadav en Eshba’al.
40 Die seun van Y’honatan was M’riv-Ba’al en M’riv-Ba’al was die vader van Mikhah.
41 Die seuns van Mikhah was: Piton, Melekh en Ta’rea.
42 Agaz was die vader van Y’ho’adah en Y’ho’adah van `Alemet, `Azmawet en Zimri; Zimri was die vader van Motza;
43 Motza was die vader van Bin’a; sy seun was Rafah; sy seun El’asah, sy seun Atzel.

44 Atzel het ses seuns gehad en dít is hulle name: `Azrikam, sy eersgeborene, Bokhru, die tweede, Yishma’el, Sh’aryah, `Ovadyah en Hanan; hulle was die seuns van Atzel.

10 1 Die F’lishtyne het teen Yisra’el geveg en die manne van Yisra’el het voor die F’lishtyne weggevlug en baie is doodgeslaan op die Gilboa gebergte.
2 Die F’lishtyne het Sha’ul en sy seuns ingehaal en die F’lishtyne het vir Y’honatan, Avinadav en Malkishua, die seuns van Sha’ul, doodgemaak.
3 Die geveg het teen Sha’ul gedraai en die bekwame boogskutters het hom gevind en toe Sha’ul hulle sien, was hy baie bang vir hulle.
4 Toe het Sha’ul vir sy wapendraer gesê: “Trek jou swaard uit en deurboor my daarmee, voordat hierdie onbesnedenes kom en my doodmaak en martel.” Sy wapendraer wou nie omdat hy baie bang was; daarom het Sha’ul sy eie swaard gevat en daarin geval.
5 Toe sy wapendraer sien dat Sha’ul dood is, het hy net so in sy swaard geval en saam met hom gesterf.
6 So het Sha’ul, sy drie seuns en sy wapendraer gesterf en al sy magtige manne het op daardie dag saam gesterf.
7 Toe al die manne van Yisra’el wat aan die anderkant van die vallei en aan die anderkant van die Yarden was, sien dat Yisra’el gevlug het en dat Sha’ul en sy seuns doodgemaak is, het hulle die stede verlaat en gevlug en die F’lishtyne het gekom en daarin gaan bly.
8 Dit het gebeur in die oggend, toe die F’lishtyne kom om die dooies te plunder dat hulle Sha’ul en sy seuns dood op die gebergte van Gilboa kry.
9 Hulle het hul koppe afgekap, hulle wapenrusting uitgetrek en hulle na die land van die F’lishtyne gestuur, deur al die dorpe, stede en provinsies, om die goeie nuus oor te dra aan hulle afgode en mense.
10 Hulle het hul wapens en klere in die huis van hulle afgod neergesit en hulle liggame by die muur van Beit-Yashan opgehang.
11 Toe die inwoners van Yavesh in Gil’ad alles hoor wat die F’lishtyne aan Sha’ul gedoen het,
12 het al die dapper manne opgestaan en heel nag gegaan en die liggame van Sha’ul en die liggame van sy seuns van die muur van Beit-Yashan afgehaal en dit na Yavesh gebring en dit daar verbrand; hulle het hul gebeentes begrawe onder die eikeboom in Yavesh en sewe dae lank gevas.
13 Sha’ul het gesterf as gevolg van die oortreding wat hy teen יהוה begaan het en as gevolg van die opdrag van יהוה, wat hy nie gehou het nie [Yeg 18:20-28]
14 en ook omdat hy mense met bekende geeste geraadpleeg het en nie יהוה, sy God, geraadpleeg het nie; daarom is sy koninkryk aan Dawid, die seun van Yishai, gegee.

11 1 Toe het die hele Yisra’el by Dawid in Hevron bymekaargekom en gesê: “Let op, ons is u vlees en bloed vir altyd.
2 Verder, in tye wat verby is, selfs toe Sha’ul koning oor ons was, was dit u wat Yisra’el uit- en ingelei het en יהוה, u God, het vir u gesê: ‘Jy moet my volk Yisra’el voed en jy sal heerser wees oor al die stamme van Yisra’el.’” 2 Sh’m 5:1,2
3 Dit is waarom al die oudstes van Yisra’el na die koning in Hevron gekom het en koning Dawid het met hulle ’n verbond gesluit in Hevron voor die Teenwoordigheid van יהוה en hulle het Dawid as koning oor Yisra’el aangestel. So is die woorde van Sh’mu’el bevestig wat hy in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה gepraat het.
4 Toe het Dawid en die hele Yisra’el na Yerushalayim, wat vroeër Y’vus genoem is, gegaan, waar die Y’vusiete, die inwoners van die land, was.
5 Die inwoners van Y’vus het vir Dawid gesê: “Jy sal hier nie inkom nie.” Nogtans het Dawid al die mense bymekaar gemaak en die stad van Tziyon, wat die stad van Dawid genoem word, ingeneem.
6 Dawid het gesê: “Wie ook al die eerste Y’vusiet doodmaak, sal hoof en bevelvoerder oor die weermag wees.” Toe het Yo’av, die seun van Tz’ruyah, eerste opgegaan en koning Dawid het hom as hoof en bevelvoerder oor die weermag aangestel.
7 Dawid het in die stad van Tziyon gebly; daarom noem hulle dit die stad van Dawid.
8 Dawid het die stad rondom opgebou, selfs vanaf Millo, wat buite is en Dawid het die oostekant van die stad vir die res van die mense in die dorpies gegee.
9 Dawid het kragtiger en kragtiger geword en יהוה-Tzva’ot (van die leërmagte) was by hom.
10 Hierdie was die hoofde van Dawid se magtige manne, wat hulleself saam met hom versterk het in sy koninkryk en hom gehelp het om koning oor die hele Yisra’el gemaak te word, volgens die woord van יהוה wat hy oor die hele Yisra’el gesê het.
11 Hierdie is die getal van die magtige manne van Dawid: gesetel in die eerste rang, hoof oor dertig man, Yashov’am, ’n dapper man; hy het sy spies opgelig en drie honderd in een uur verslaan.
12 Ná hom was El’azar, sy oom se seun, die Agogiet; wat oor drie honderd man was.
13 Hy was saam met Dawid by Pas-Dammim toe die F’lishtyne daar geveg het, waar ’n land van gars was en die mense het voor die F’lishtyne gevlug.
14 Hulle het hulself in die middel van die land opgestel en dit bevry en die F’lishtyne verslaan en יהוה het ’n groot oorwinning gebring.
15 Drie van die dertig bevelvoerders het afgegaan na Dawid, in die grot van `Adullam en die magte van die F’lishtyne was uitgekamp in die vallei van Refa’im.
16 Dawid het toe in ’n tent gebly en die F’listynse garnisoen was in Beit-Legem.
17 Dawid het gesmag en gesê: “Ag, dat iemand vir my water te drinke sal gee uit die groot put van Beit-Legem, wat by die poort van die stad is!”

18 Sodra die drie dit gehoor het, het hulle deur die kamp van die F’lishtyne gebreek en water geskep uit die put van Beit-Legem wat by die poort van die stad was en dit na Dawid toe gebring, maar Dawid wou dit nie drink nie en het dit in die Teenwoordigheid van יהוה uitgegooi

19 en gesê: “יהוה verbied dat ek so iets in die Teenwoordigheid van my God doen, want hierdie manne het gegaan en hulle lewe in gevaar gestel;” daarom wou hy dit nie drink nie. Hierdie dinge het hierdie drie dapper manne gedoen.

20 Avishai, die broer van Yo’av, was hoof van die dertig, want hy het sy spies opgelig teen drie honderd en hulle verslaan. Hy was hoogstens geëer en bevorder tot hoof van die dertig.

21 Hy was meer eerbaar as die dertig en het hulle leier geword en geveg soos dertig.

22 B’nayah, die seun van Y’hoyadah, ’n dapper man uit die provinsie van Kavtze’el, het groot dade gedoen; hy het die twee magtige manne van Mo’av verslaan en hy het ook gegaan en ’n leeu in ’n kuil doodgemaak op ’n sneeuagtige dag.

23 Hy het ook ’n Mitzrayimiet verslaan, ’n groot man, vyf el lank en in die hand van die Mitzrayimiet was ’n spies soos ’n wewersbalk en hy het afgegaan teen hom met ’n staf en die spies uit die hand van die Mitzrayimiet gevat en hom met sy eie spies doodgesteek.

24 Hierdie dinge het B’nayah, die seun van Y’hoyadah, gedoen en hy was bekender as die drie magtige manne.

25 Hy is gerespekteer onder die drie magtige manne, want hy het geveg soos drie magtige manne en Dawid het hom aangestel oor sy lyfwag en oor die hoofde van die weermag.

26 Die dapper manne van die weermag was: `Asah’el, die broer van Yo’av, Elganan, sy oom se seun uit Beit-Legem,

27 Shammah, vanaf die heuwel; Heletz, die P’loniet;

28 `Ira, die seun van `Ikesh, vanaf T’koa; Avi’ezer, vanaf `Anatot;

29 M’vunai, die Hushatiet; Tzalmon, die Agogiet;

30 Mahrai, die N’tofatiet; Helev, die seun van Ba’anah, die N’tofatiet;

31 Ittai, die seun van Rivai, uit Giv’ah van die nageslag van Binyamin; B’nayahu, vanaf Pir’aton;

32 Hiddai, vanaf die stroompies van Ga’ash; Avi-`Alvon, die `Arvatiet;

33 `Azmawet, die Bagarumiet; Elyagba, die Sha’alvoniet.

34 Die seuns van Yashen, die Gizoniet; Y’honatan, die seun van Shageh, vanaf die berg Karmel;

35 Agi’am, die seun van Sharar, vanaf die berg Beta; Elifal, die seun van Ur, van Begarton;

36 Hefer, die M’kheratiet; Agiyah, die P’loniet;

37 Hetzrai, die Karmeliet; Na’arai, die seun van Ezbai;

38 Yo’el, die broer van Natan; Mivgar, die seun van Hagri;

39 Tzelek, die `Ammoniet; Nagrai, die Be’erotiet, die wapendraers van Yo’av, die seun van Tz’ruyah;

40 `Ira, die Yitriet; Garev, die Yitriet;

41 Uriyah, die Hittiet; Zavad, die seun van Aglai;

42 `Adina, die seun van Shiza, die Re’uveniet, van die huis van die Re’uveniete en hy was bevelvoerder oor dertig man;
43 Hanan, die seun van Ma’akhah en Yoshafat, die Mitniet;
44 Y’hoshafat, die `Asht’ratiet; Shama en Ye’i’el, die seuns van Hotam, die `Aro’eriet;
45 Y’dia’el, die seun van Shimri en Yoga, sy broer;
46 Amozot, Ana’el, Mogam, Mozel, Rivai en sy seun Ashua; Agma’el en Yatmah, die Mo’aviete;
47 Eli’el, `Oved, Ya’asi’el, Lazi’el en Ashkir.

12 1 Hierdie is die magtige manne van Dawid wat by hom gestaan het in die gevegte en hulle het saam met Dawid na die stad van Ziklag gegaan, toe hy gevlug het voor Sha’ul, die seun van Kish; hulle was tussen die magtige manne wat voor Dawid gestaan het. As Dawid dit sou wou, sou hulle Sha’ul, die seun van Kish doodgemaak het, want hulle was magtige manne van oorlog, maar Dawid wou hulle nie toelaat om Sha’ul dood te maak nie.
2 Hulle het die boog met hulle linkerhand en die swaarde met hulle regterhand vasgehou en hulle boë was vol pyle, maar Dawid was onwillig om Sha’ul dood te maak, want hy was die leier, die prins van die stam van Binyamin.
3 Hierdie is die name van die magtige manne wat by Dawid was: Agi’ezer en sy seun, Yo’ash; Sh’ma’ah, die Giv’atiet; Yo’el vanaf Maksite; Pelet en B’rakhah, die seuns van `Azmawet; Yehu, vanuit `Anatot;
4 Yishma’yah, die Giv’oniet, kaptein oor dertig manne en wat soos hulle almal geveg het; Yirmeyah, Yagzi’el, Yoganan, Yozavad;
5 El’uzai, Yerimot, Ba’alyah, Sh’maryah, Sh’fatyah, Havar;
6 Elkanah, Yishiyahu, `Azar’el, Yashov’am, Asaf;
7 Yo’elah en Z’vadyah, die seuns van Yerogam, vanaf G’dor.
8 Hulle, van die stam van die Gadiete, het hulle afgesonder vir Dawid, om saam met hom na die vesting in die wildernis te gaan; magtige manne, manne van naam en gereed vir die geveg, wat swaard en skild kon hanteer, met gesigte soos die gesigte van leeus en wat vinnig was in die geveg op die berge:
9 `Ezer, die leier van die magtige manne, `Ovadyah, die tweede en Eli’av, die derde;
10 Mishmannah, die vierde en Yirmeyah, die vyfde;
11 `Attai, die sesde en Éli’el, die sewende;
12 Yoganan, die agtste en Elsavad, die negende;
13 Yirmeyah, die tiende en Makhbannai, die elfde.
14 Hulle was uit die seuns van Gad, bevelvoerders van die leër; een van hulle was kaptein oor ’n honderd en die ander oor ’n duisend.
15 Dit is hulle wat deur die Yarden gegaan het in die eerste maand, toe hy al sy banke oorstroom het en die hele leër wat in die vallei gekamp het, laat vlug het, beide na die ooste en na die weste. Hierdie is die getalle van die bevelvoerders van die weermag, wat bymekaargekom het en na Dawid toe gekom het by Hevron om aan hom die koninkryk van Sha’ul te gee sodat die woord van Sh’mu’el, die profeet wat gepraat het op bevel van יהוה, vervul kon word.

16 Daar het sommige van die seuns van Binyamin en Y’hudah in die kamp, na Dawid toe gekom

17 en Dawid het uitgegaan hulle tegemoet en hulle geseën en vir hulle gesê: “As julle met vrede na my toe kom om ons te help, dan sal יהוה aan julle ’n dubbel porsie gee van wat in julle binneste is, maar as julle gekom het om my te verraai en my oor te gee aan my teëstanders, aangesien ek nie teen julle gesondig het nie en daar niks verkeerds aan my hande is nie, weet die God van my vaders dit en sal Hy bestraf, wie ook al van ons verkeerd is.

18 Toe kom die Gees met mag oor `Amasai, die seun van Yatar, leier van die dertig en hy antwoord en sê vir Dawid: “Saam met u, Dawid, saam met u, seun van Yishai, ek is ook saam met u. Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir u en vanaf u helpers, want u God is u Helper in elke uur.” Toe het Dawid hulle ontvang en hulle kapteine in die leër gemaak.

19 Sommige van die manne van die stam van M’nasheh het na Dawid toe oorgegaan toe hy saam met die F’lishtyne gekom het om teen Sha’ul te veg, hulle wou nie vir Sha’ul help om teen hom te veg nie, want hulle het hom gehaat, want hulle het ’n geheime ooreenkoms met die prinse van die F’lishtyne aangegaan en gesê: “Laat ons eerste gaan en op ons meester, Sha’ul, val.

20 Terwyl hy na Ziklag gaan, sal ons hom voorlê en lewendig vang.” Hierdie is hulle name: `Adnag, Zavad, Y’dia’el, Mikha’el, Yozavad, Elihu en Tziltai, bevelvoerders oor ’n duisend van die huis van M’nasheh.

21 Hulle het Dawid gehelp toe hy teen die bende rowers was, want hulle was almal dapper magtige manne en bevelvoerders oor die leër en hulle het deur hom gedoen soos hulle wou,

22 want elke dag het hulle in Dawid se teenwoordigheid gekom om kos voor hom te eet, want hy het hulle uitermate liefgehad.

23 Die seuns van Y’hudah wat swaarde en spiese gedra het, was ses duisend agt honderd, magtige soldate;

24 van die seuns van Shim’on, dapper magtige manne vir oorlog, agt duisend sewe honderd;

25 van die seuns van Levi, vier duisend ses honderd.

26 Y’hoyadah was die bevelvoerder van die familie van die Aharoniete en saam met hom was drie duisend sewe honderd;

27 Tzadok, ’n jongman, magtig en dapper, van sy vader se huis en sy broers, twee en twintig offisiere;

28 van die seuns van Binyamin, familie van Sha’ul, drie duisend, want totdat Sha’ul gesterf het, het hulle die huis van Sha’ul bewaak;

29 van die seuns van Efrayim, twintig duisend agt honderd, dapper magtige manne, beroemd regdeur die huise van hulle vaders;

30 van die halwe stam van M’nasheh agttien duisend wat beroemd was en hulle het eerste gekom om Dawid koning te maak;

31 van die seuns van Yissakhar, manne wat in hul tyd insig gehad het, wat goeie en opregte dade voor יהוה gedoen het; hulle leiers was twee honderd en al hulle broers het gedoen wat hulle ook al beveel is;

32 van die stam van Z’vulun, hulle wat gaan veg het, meesters in geveg, met alle oorlogswapens, vyftig duisend, gereed om te veg teen hulle wie se lojaliteit teenoor die koninkryk van Dawid betwyfelbaar was;

33 van die seuns van Naftali, ’n duisend offisiere en saam met hulle sewe en dertig duisend manne met skilde en spiese;

34 van die Daniete, meesters in oorlog, agt en twintig duisend ses honderd;

35 van Asher, wat in die geveg uitgegaan het, dapper soldate, veertig duisend;

36 van oorkant die Yarden af, vanaf die Re’uveniete, die Gadiete en die halwe stam van M’nasheh, honderd en twintig duisend, bewapen met allerhande oorlogswapens.

37 Al hierdie magtige soldate het na die geveg gegaan met ’n perfekte ingesteldheid en het na Hevron gekom om Dawid koning te maak oor die hele Yisra’el; ook al die ander leiers van Yisra’el het met opregtheid gekom om Dawid koning oor Yisra’el te maak.

38 Hulle het daar by Dawid drie dae lank geëet en gedrink, want hulle broers het vir hulle voorberei.

39 Hierdie is die name van die stamme wat vir hulle kos voorsien het, wat naby hulle was:

40 die stamme van Yissakhar, Z’vulun en Naftali het brood gebring op donkies, op kamele, op muile en op beeste; kos van fyn meel, vyekoeke, rosynekoeke, wyn, olie en skape en beeste in oorvloed, want daar was groot blydskap in Yisra’el.

13 1 Dawid het beraadslaag met al die bevelvoerders oor duisend en oor ’n honderd, die leiers en goewerneurs oor Yisra’el.

2 Dawid het aan die hele vergadering van Yisra’el gesê: “As julle dit goed vind, laat ons dit van יהוה, ons God, vra om dit wat stukkend is vir ons broers wat in al die dorpe van Yisra’el bly reg te maak en priesters en Leviete by hulle te laat bly in al die stede en hulle dorpies

3 sodat hulle hulself bymekaar kan maak en na ons toe kom en tot יהוה, ons God, bid en Hom smeek as gevolg van ons sondes, want ons het nie tot Hom gebid in die dae van Sha’ul nie.”

4 Die hele vergadering het gesê dat hulle dit sal doen.

5 Dawid het die hele Yisra’el bymekaar gebring, vanaf die rivier van Mitzrayim, tot by die ingang na Hamat, om die ark van God uit Kiryat-Ye’arim te bring.

6 Dawid, saam met die hele Yisra’el, het opgegaan na Kiryat-Ye’arim, wat aan Y’hudah behoort, om die ark van יהוה-God, wat op die hoë gérubs woon, wat deur Sy Naam geken word, daarvandaan af op te bring.

7 Hulle het die ark van God op ’n nuwe wa gesit en dit uit die huis van Avinadav gedra en `Uza en sy broers het die wa gedryf.

8 Dawid en die hele Yisra’el het voor die Teenwoordigheid van God gespeel met al hulle mag, met sang, met harpe, instrumentale musiek, met simbale en tamboeryne.

9 Toe hulle by die dorsvloer van Kidon kom, het `Uza sy hand uitgesteek om die ark vas te hou, want die osse het na die dorsvloer gehardloop.

10 Die woede van יהוה het ontvlam teen `Uza en Hy het hom daar doodgeslaan omdat hy sy hand na die ark uitgesteek het en hy het daar voor die ark gesterf.

11 Dawid was ontevrede omdat יהוה vir `Uza doodgemaak het; dit is waarom daardie plek Peretz-`Uza genoem word, tot vandag toe.

12 Dawid was op daardie dag bang vir God en het gesê: “Hoe kan ek die ark van God na my huis toe bring?”

13 Dawid was onwillig om die ark tuis te bring na die stad van Dawid en Dawid het beveel dat dit na die huis van `Oved-`Edom, die Gittiet, gedra word.

14 Die ark van God het vir drie maande in die huis van `Oved-`Edom gebly en יהוה het die huis van `Oved-`Edom geseën met alles wat hy gehad het. [2 Sh`m 6]

14 1 Hiram, koning van Tzor, het boodskappers na Dawid gestuur met sederhout, messelaars en skrynwerkers om vir hom ’n huis te bou.

2 Dawid het gesien dat יהוה hom as koning oor Yisra’el gekies het, want Sy koninkryk is opgelig ter wille van Sy volk Yisra’el.

3 Dawid het meer vroue geneem in Yerushalayim nadat hy van Hevron af gekom het en daar is vir hom nog seuns en dogters gebore. [Deut 17:17]

4 Hierdie is die name van die seuns wat vir hom gebore is in Yerushalayim: Shamua, Shovav, Natan, Shlomo,

5 Yivgar, Elishua, Elyada,

6 Nogah, Nefeg, Yafia,

7 Elishama, Elyadah en Elifelet.

8 Nadat die F’lishtyne gehoor het dat Dawid as koning oor die hele Yisra’el gesalf is, het al die F’lishtyne opgetrek om Dawid te soek. Dawid het daarvan gehoor en teen hulle uitgegaan.

9 Die F’lishtyne het gekom en uitgekamp in die vallei van die reuse.

10 Dawid het God geraadpleeg en gesê: “Sal ek opgaan teen die F’lishtyne en sal U hulle in my hand gee?” יהוה het vir hom gesê: “Gaan op, want Ek sal hulle in jou hand gee.”

11 Hulle het opgegaan tot by Ba’al-P’ratzim en Dawid het hulle daar verslaan. Toe het Dawid gesê: “God het ingebreek op my vyande voor my soos die uitbreek van water; daarom het hulle die plek Ba’al-P’ratzim genoem.

12 Toe hulle hul afgode daar agtergelaat het, het Dawid bevel gegee aan sy magtige manne en gesê: “Verbrand hulle met vuur en verstrooi hulle as in die wind.”

13 Die F’lishtyne het weer opgekom en in die vallei van die reuse gekamp;

14 daarom het Dawid God weer geraadpleeg en God het vir hom gesê: “Jy moenie agter hulle aan opgaan nie, maar draai weg van hulle af en gaan val hulle van voor af aan.

15 Dit sal wees, wanneer jy die klank van ’n gehuil op die top van die berg hoor, dan moet jy opgaan vir die geveg, want God het voor jou uitgegaan om die leër van die F’lishtyne te verslaan.”

16 Dawid het daarom gedoen wat יהוה hom beveel het en hulle het die leër van die F’lishtyne verslaan vanaf Giv’on tot by Gezer.

17 Die naam van Dawid het uitgegaan in al die lande en יהוה het die vrees vir hom oor al die nasies gebring.

15 1 Dawid het vir homself versterkte huise gebou in die stad van Dawid en ook ’n plek gebou vir die ark van יהוה en vir die toebehore van die Tabernakel.
2 Toe beveel Dawid die Leviete om die ark van יהוה en die toebehore van die Tabernakel te dra, want יהוה het die Leviete gekies om te bedien, die ark van יהוה te dra en dit te versorg vir altyd.
3 Dawid het die hele Yisra’el in Yerushalayim bymekaar laat kom om die ark van יהוה te bring na die plek wat hy daarvoor opgerig het. [2 Sh’m 6:17]
4 Dawid het die seuns van Aharon en die Leviete bymekaargemaak:
5 van die seuns van K’hat: Uri’el, die oudste en sy broers, een honderd en twintig,
6 van die seuns van M’rari: `Asayah, die oudste en sy broers, twee honderd en twintig,
7 van die seuns van Gershon: Yo’el, die oudste en sy broers, een honderd en dertig,
8 van die seuns van Elitzafan: Sh’ma’yah, die oudste en sy broers, twee honderd,
9 van die seuns van Hevron: Eli’el, die oudste en sy broers, tagtig,
10 van die seuns van `Uzi’el: `Amminadav, die oudste en sy broers, een honderd en twaalf.
11 Dawid het vir Tzadok en Evyatar, die priesters en die Leviete Uri’el, `Asayah, Yo’el, Sh’ma’yah, Eli’el en `Amminadav laat roep
12 en vir hulle gesê: “Julle is die oudstes van die vaders van die Leviete; sonder julleself af, julle en jul broers sodat julle die ark van יהוה, God van Yisra’el, kan bring na die plek wat daarvoor gebou is
13 sodat יהוה, ons God, ons nie sal doodmaak omdat ons Hom nie gesoek het op die voorgeskrewe wyse nie.”
14 Die priesters en die Leviete het hulleself afgesonder om die ark van יהוה-God van Yisra’el, te bring.
15 Die Leviete het die ark van יהוה op hulle skouers gedra met die pale daaraan vas soos Mosheh beveel het, volgens die woord van יהוה. [Num 7:9]
16 Dawid het met die oudstes van die Leviete gepraat om hulle broers aan te stel as sangers met musiekinstrumente, harpe en simbale, om hulle te laat hoor deur hulle stemme hard op te lig in blydskap.
17 Die Leviete het vir Heman, die seun van Yo’el, aangestel, saam met van sy broers; Asaf, die seun van Berekhyahu, uit die seuns van M’rari en hulle broers; Eitan, die seun van Kishi
18 en saam met hulle hul broers van die tweede orde: Z’kharyahu, die seun van N’ai’el, Ya’azi’el, Eli’av, B’nayahu, Ma’aseiyahu, Mattityahu, Elif’lehu, Mikneyahu, `Oved-Edom en Ye’i’el, die poortwagters;
19 Hierdie is hulle wat by die hek gestaan en sing het: Heman, Asaf en Eitan.
20 Hierdie is hulle wat die instrumente van koper gespeel het om te bedien tydens die diens: Z’kharyahu, `Azi’el, Yegi’el, `Unni, Eli’av, Ma’aseiyahu en B’nayahu.
21 Hulle wat liedere gesing het is Mattityahu, Mikneyahu, `Oved-Edom, Ye’i’el en `Azazyahu; hulle het met harpe gespeel, elke dag om nege-uur (die derde uur) en om drie-uur (die negende uur).

22 K’nanyahu, oudste van die Leviete, het elke dag onder die afdak gespeel, want hulle het ’n plek vir hom voorberei.
23 Berekhyahu en Elkanah het die ark versorg en voorsien wat ook al daarvoor nodig was.
24 Sh’vanyahu, Yoshafat, N’tan’el, `Amasai, Z’kharyahu, B’nayahu en Eli’ezer, die priesters, het op die trompette geblaas voor die ark van יהוה uit en `Oved-Edom en Yegiyah het die ark bewaak.
25 Dawid, die oudstes van Yisra’el en die bevelvoerders oor duisend het gegaan om die ark van die verbond van יהוה met groot vreugde uit die huis van `Oved-Edom na die stad van Dawid te bring.
26 Dit het gebeur toe יהוה die Leviete gehelp het wat die ark gedra het waarin die verbond van יהוה was, dat hulle sewe bulle en sewe ramme geoffer het. [2 Sh’m 6:13]
27 Dawid was aangetrek in klere van fyn linne en ook al die Leviete wat die ark gedra het was in fyn linne aangetrek en Dawid het ’n linne skouerkleed aangehad bo-oor sy linne klere. [2 Sh’m 6:14,20]
28 Dawid en die hele Yisra’el het die ark waarin die verbond van יהוה was, gebring met sang en die klank van reguit en gebuigde trompette en harde gejuig.
29 Dit het gebeur toe die ark waarin die verbond van יהוה was, in die stad van Dawid ingaan, dat Mikhal, die dogter van Sha’ul, by ’n venster uitkyk en sien hoe koning Dawid dans en speel en sy het hom in haar binneste verag.

16 1 Hulle het die ark van יהוה ingebring en dit op sy plek gesit in die tent wat Dawid daarvoor opgeslaan het en hulle het brandoffers en vredesoffers gebring voor die ark van יהוה.
2 Toe Dawid klaar die brandoffers en die vredesoffers gebring het, het hy die volk van Yisra’el geseën in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה-Tzva’ot (van die leërmagte).
3 Hy het aan elkeen van Yisra’el, manne sowel as vroue, jong manne en klein kindertjies, ’n brood, ’n stuk vleis en ’n fyn witbrood uitgedeel. Toe het al die mense weggegaan, elkeen na sy eie huis. [2 Sh’m 6:19]
4 Hy het sekere Leviete aangestel om te bedien voor die ark van יהוה en om יהוה, die God van Yisra’el, aan te roep, te dank en te lofprys:
5 Asaf, die hoof en Z’kharyah na hom en ook, Ye’i’el, Yegi’el, Mattityahu, Eli’av, B’nayah en `Oved-Edom; Ye’i’el met musiek en sang en Asaf met die simbale.
6 Hierdie is al die priesters wat voortdurend met trompette voor die ark van יהוה geblaas het.
7 Op daardie dag het Dawid hierdie gedig met instrumentale musiek gelewer, beide hy en die oudstes van die priesters en die Leviete, om יהוה te lofprys, in die teenwoordigheid van Asaf en sy broers. Hierdie is die samevatting van die liedere wat Dawid op daardie dag voor die ark van יהוה gesing het.
8 “Gee dank aan יהוה, roep Sy Naam (Karakter en Outoriteit) aan, maak Sy dade bekend onder die volke!
9 Sing tot Hom, gee dank aan Hom, vertel van al Sy wonderdade.

10 Roem in Sy afgesonderde Karakter en Outoriteit (Naam); laat die verstand, wil en emosie van dié wat יהוה soek, verheug wees.
11 Soek na יהוה en Sy sterkte; bid voortdurend voor Hom.
12 Onthou die wonderdade wat Hy gedoen het, Sy wonders en die regverdige oordele van Sy mond,
13 o julle, die nageslag van Avraham, Sy dienskneg, seuns van Yisra’el, Sy gekoses!
14 Hy is יהוה, ons God; Sy regverdige oordele is oor die hele aarde.
15 Dink aan Sy verbond vir ewig, die boodskap wat Hy beveel het aan ’n duisend geslagte,
16 Sy eed aan Avraham en die verbond wat Hy met Yitz’gak se seuns gesluit het;
17 wat Hy bevestig het aan Ya’akov as ’n wet en aan Yisra’el as ’n ewige verbond,
18 deur te sê: “Ek sal aan jou die land Kena’an gee, die bepaalde deel van jou erfporsie.
19 Toe julle maar min was, min in getal en vreemdelinge daarin
20 en toe julle gevange weggevoer is van nasie tot nasie en van een koninkryk na ’n ander,
21 het Hy nie die heersers toegelaat om julle skade aan te doen nie, ja, Hy het konings gestraf om julle ontwil
22 en gesê: “Raak nie aan My gesalfdes en doen My profete geen kwaad nie.”
23 Sing tot יהוה, o ganse aarde! Wys Sy verlossing van dag tot dag.
24 Verkondig Sy lof en eer onder die nasies,
25 want יהוה is groot en moet in ’n hoë mate geloof word en Hy moet bo al die konings respekvol gevrees word,
26 want al die afgode van die volke is beelde, maar יהוה het die hemele gemaak.
27 Lof, eer en majesteit is in Sy Teenwoordigheid; krag en grootheid is in Sy Afgesonderde Plek.
28 Gee dank aan יהוה, o families van die volke, gee dank aan יהוה weens Sy eer en sterkte.
29 Gee dank aan יהוה met die eer wat Sy Naam (Karakter en Outoriteit) toekom, bring offers en gee dank in Sy Teenwoordigheid met die gebed van jou mond; aanbid יהוה met afgesonderde liedere. Dan 5:23; Rom 1:21
30 Bewe voor Hom, o ganse aarde! Ook die wêreld sal stabiel wees sodat dit nie beweeg word nie.
31 Laat die hemele bly wees en die aarde juig en laat die mens onder die volke sê: “יהוה heers!”
32 Laat die see en sy volheid brul, laat die velde juig en alles wat daarin is,
33 dan sal die bome van die woud lofprysing sing in die Teenwoordigheid van יהוה, want Hy kom om die aarde te oordeel. Hy sal die wêreld regverdig oordeel en die mense in getrouheid bestraf.
34 Gee dank aan יהוה, want Hy is goed, want Sy liefdevolle goedheid is tot in ewigheid.
35 Red ons, o יהוה, red ons en maak ons bymekaar, bring ons terug vanaf die nasies sodat ons dank kan bring aan U afgesonderde Karakter en Outoriteit (Naam) en ons kan roem in U lofprysinge!

36 Geseënd is יהוה, die God van Yisra'el, vir ewig en ewig! Dan sal al die mense sê: 'Dit is waar!' Laat hulle almal יהוה loof met 'n aangename en suiwer mond."
37 Hy het vir Asaf en sy broers daar voor die ark van die verbond van יהוה laat staan om voortdurend in die Teenwoordigheid van יהוה te bedien, elkeen op sy bepaalde tyd,
38 asook vir `Oved-Edom met sy broers, agt en sestig en `Oved-Edom, die seun van Y'dutun en Hosah was wagters van die buitenste poorte
39 en Tzadok, die priester, met sy broers, die priesters, hulle was al die priesters wat voor die tabernakel van יהוה, in Giv'on, bedien het,
40 om voortdurend in die oggend en aand brandoffers op die brandofferaltaar tot יהוה te bring en om te doen volgens alles wat geskrywe is in die wet van יהוה wat Hy deur Mosheh gegee het om die seuns van Yisra'el te leer.
41 Hierdie is die name van die manne wat opgestaan het en lofprysinge gesing het om dank aan יהוה te gee, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig: Heman, Y'dutun en die ander regverdige manne wat nie by naam genoem is nie.
42 Hierdie regverdige manne het nie dank gebring met die sanginstrumente, of met tamboeryne, of slaginstrumente, of die gedraaide trompette of reguit trompette, of met simbale nie, maar met 'n aangename stem en suiwer en volmaakte gebed en met onpartydige opregtheid en met reinheid tot יהוה-Tzva'ot, God van Yisra'el.
43 Toe het Dawid die mense laat gaan en elkeen het na sy eie huis teruggekeer. Dawid het teruggegaan om sy huishouding te seën.

17 1 Dit het gebeur terwyl Dawid in sy huis gebly het, dat Dawid vir die profeet Natan gesê het: "Let op, ék bly in 'n huis wat bedek is met sederhout, maar die ark van die verbond van יהוה rus in 'n tent van bokhaar."
2 Toe sê Natan vir Dawid: "Gaan en doen alles wat in jou verstand, wil en emosie is."
3 Dit het gebeur in dieselfde nag dat die woord van יהוה tot Natan, die profeet kom en sê:
4 "Gaan en sê vir Dawid, my dienskneg: "Jy mag nie vir My 'n huis bou om in te bly nie,
5 want Ek het nie in 'n huis gebly vanaf die dag dat Ek Yisra'el uit Mitzrayim laat kom het, tot vandag toe, nie, maar Ek het van tent tot tent gegaan.
6 Let op, waar Ek ook al saam met die hele Yisra'el beweeg het, het Ek ooit 'n woord gepraat met een van die heersers van Yisra'el, wat Ek beveel het om My volk, Yisra'el, te lei en gesê: 'Waarom het jy nie vir My 'n huis gebou wat met seders bedek is nie?'
7 Jy moet daarom nou so aan My dienskneg Dawid sê: 'So sê יהוה-Tzva'ot: Ek het jou uit die skaapkraal, agter die skape in die veld, geneem om koning te wees oor My volk Yisra'el
8 en Ek was by jou oral waar jy gegaan het en het jou vyande voor jou uitgeroei en Ek het van jou 'n groot naam gemaak, soos die naam van die groot manne wat op die aarde is.

9 Ek sal vir My volk Yisra’el ’n plek vasstel en hulle laat vestig en hulle sal in hul plek bly en nie weer beweeg word nie en die bose manne sal hulle ook nie weer gevange wegvat soos vroeër nie.
10 Vandat Ek jou oor My volk Yisra’el aangestel het, het Ek jou rus gegee van al jou vyande. Verder het יהוה aan jou verklaar dat die koninkryk vir ewig vasgestel is.
11 Dit sal gebeur wanneer jou dae volledig is en jy by jou vaders is, dat Ek jou nageslag sal opwek wat uit jou liggaam kom en hom in jou koninkryk bevestig.
12 Hy sal vir My Naam (Karakter en Outoriteit) ’n huis bou en Ek sal die troon van sy koninkryk vir ewig bevestig.
13 Ék sal sy Vader wees en hy sal My seun wees en Ek sal nie My liefdevolle omgee van hom af wegvat, soos ek dit van Sha’ul af weggevat het, wat voor jou was, nie,
14 maar Ek sal hom ’n heerser maak in My huis en in My koninkryk vir ewig en sy troon sal vir ewig vasgestel word.” [Heb 1:2-5]
15 Volgens al hierdie woorde en volgens hierdie visioen, so het Natan met Dawid gepraat.
16 Koning Dawid het gekom en in die Teenwoordigheid van יהוה gaan sit en gesê: “Wie is ek in U Teenwoordigheid, יהוה-God en wat is my huis, dat U my tot hierdie verhewe plek gebring het?
17 Tog was dit iets kleins in U oë, o יהוה-God sodat U ook aangaande die huis van U dienskneg gepraat het tot ver in die toekoms, want almal wat U dien met hulle hele verstand, wil en emosie, bring U uit die duisternis in die lig, o יהוה-God!
18 Wat kan Dawid nog roem om in U Teenwoordigheid te praat, want die werke van U dienskneg is bekend, o יהוה-God?
19 U weet wat in die verstand, wil en emosie van U dienskneg is, dat U vir hom al hierdie grootheid gedoen het deur U dienskneg groot te maak;
20 daarom weet ek, o יהוה-God, dat daar niemand is soos U nie en dat daar geen God is behalwe U nie, volgens alles wat ons met ons ore gehoor het.
21 Watter ander nasie op aarde is verenig soos U volk, Yisra’el? U het Uself vanaf die hemele openbaar en hulle gered en om hulle ontwil het U groot en wonderbaarlike wonders gedoen en ernstige plae op die Mitzrayimiete gebring totdat U hulle onder hulle uitgebring het,
22 want U het U volk Yisra’el U ewige volk gemaak en U, o יהוה, het hulle God geword.
23 Laat daarom nou, o יהוה, die woord wat U aangaande U kneg en sy huis gepraat het, vasgestel word vir ewig en doen soos U gesê het
24 en laat U werke vir ewig bevestig word en U Naam vir ewig in die wêreld opgelig word sodat die mense sal sê: ‘יהוה-Tzva’ot is die God van Yisra’el’ en laat die huis van Dawid, U dienskneg, vir ewig voor U bevestig word,
25 want U, my God, het U geheim aan U dienskneg openbaar en vir hom gesê: ‘Bou vir jouself ’n huis;’ daarom het U dienskneg in sy binneste besluit om hierdie gebed in U Teenwoordigheid te bid.
26 Nou, o יהוה, U is God en al U woorde is waar, waarmee U al hierdie goedheid aan U dienskneg belowe het.

27 Openbaar Uself dan nou deur die huis van U dienskneg te seën sodat dit altyd voor U sal wees, want U, o יהוה, het gepraat en deur U seëning sal al die huise van regverdiges altyd geseënd wees."

18 1 Na hierdie dinge het dit gebeur dat Dawid die F'lishtyne verslaan, hulle vernietig en die krag uit hulle hande geneem het en hy het Gat met sy dorpies rondom uit die hand van die F'lishtyne geneem.
2 Hy het ook vir Mo'av verslaan en die Mo'aviete het Dawid se diensknegte geword, wat belasting betaal het.
3 Dawid het ook vir Hadar'ezer, die koning van Tzovah, verslaan terwyl hy gegaan het om sy outoriteit tot by die Eufraatrivier te bevestig.
4 Dawid het 'n duisend strydwaens en sewe duisend perderuiters van hom afgevat en Dawid het al die strydwaens se perde se hakskeensenings afgesny, maar 'n honderd strydwaens laat oorbly.
5 Toe die Edomiete en Arameërs van Dammesek gekom het om Hadad`ezer, koning van Tzovah, te help, het Dawid twee en twintig duisend van die Edomiete verslaan.
6 Toe het Dawid goewerneurs in Dammesek aangestel en die Arameërs het Dawid se diensknegte geword en belasting betaal. So het יהוה vir Dawid bewaar en oral waar hy gegaan het, die oorwinning gegee.
7 Dawid het die goue skilde gevat wat aan Hadad`ezer se diensknegte se perde gehang het en dit na Yerushalayim gebring.
8 Net so ook uit Betag en Berotai, stede van Hadad`ezer, het Dawid ontsaglik baie koper weggevat, waarmee Shlomo die koper see, die pilare van koper en die koper gereedskap in oorvloed gemaak het.
9 To'i, die koning van Hamat, het gehoor dat Dawid die hele leërmag van Hadad`ezer, koning van Tzovah, verslaan het
10 en hy het vir Yoram, sy seun, na koning Dawid gestuur om na sy welstand te vra en hom geluk te wens omdat hy teen Hadad`ezer geveg en hom verslaan het, want Hadad`ezer was 'n dapper soldaat. Yoram het allerhande voorwerpe van goud, silwer en koper by hom gehad.
11 Koning Dawid het ook sommige hiervan tot יהוה afgesonder saam met al die silwer en goud wat hy van al die nasies afgevat het wat hy onderwerp het: vanaf die Edomiete, vanaf die Mo'aviete, vanaf die seuns van `Ammon, vanaf die F'lishtyne en van die `Amalekiete.
12 Verder het Avishai, die seun van Tz'ruyah, broer van Yo'av, agttien duisend Edomiete in die Vallei van Sout verslaan.
13 Dawid het goewerneurs oor die Edomiete aangestel en al die Edomiete het Dawid se diensknegte geword. So het יהוה vir Dawid bewaar, oral waar hy gegaan het.
14 Dawid het oor die hele Yisra'el regeer en regverdige oordeel en regverdigheid uitgeoefen vir die hele volk.
15 Yo'av, die seun van Tz'ruyah, was oor die weermag en Y'hoshafat, die seun van Agilud, was griffier.
16 Tzadok, die seun van Agituv en Avimelekh, die seun van Evyatar, was die priesters en S'rayah was skrywer.

17 B’nayahu, die seun van Y’hoyadah, was oor die persoonlike wagte en die boodskappers en die seuns van Dawid was prinse in die ryk.

19 1 Dit het gebeur na hierdie dinge dat Nagash, koning van die seuns van `Ammon, sterf en sy seun, Hanun, het in sy plek geheers.

2 Toe sê Dawid: “Ek sal guns bewys aan Hanun, die seun van Nagash, net soos sy vader aan my guns bewys het;” daarom het Dawid boodskappers gestuur om hom te troos oor sy vader. Dawid se diensknegte het in die land van die seuns van `Ammon, by Hanun, aangekom om hom te troos,

3 maar die prinse van die seuns van `Ammon het vir Hanun, hulle meester, gesê: “Dink u dat Dawid werklik u vader geëer het terwyl hy geleef het en waarlik troosters na u gestuur het? Dit is om op die stad te spioeneer en die ingange en uitgange te bestudeer dat Dawid sy diensknegte gestuur het.”

4 Hanun het die diensknegte van Dawid gevat en die helfte van hulle baard en kop afgeskeer en hulle klere in die helfte gesny tot by die sitvlak en hulle weggestuur.

5 Toe hulle Dawid vertel het, het hy manne gestuur om hulle te ontmoet, want die manne was baie skaam en die koning het vir hulle gesê: “Bly in Yerigo totdat julle baarde weer gegroei het en kom dan terug.

6 Toe die seuns van `Ammon sien dat hulle hul by Dawid se diensknegte gehaat gemaak het, het Hanun en die seuns van `Ammon ’n duisend talente silwer gestuur om vir hulle strydwaens en perderuiters uit Aram-Naharayim, Aram-Ma’akhah en uit Tzovah te huur.

7 Hulle het vir hulle twee en dertig duisend perderuiters, die koning van Ma’akhah, die koning van Aram-Naharayim met sy manskappe en die koning van Edom en al hulle leërmagte gehuur en hulle het voor Me’ideva kamp opgeslaan. Die seuns van `Ammon het bymekaargekom vanuit hulle stede om te veg.

8 Dawid het dit gehoor en Yo’av met die hele leër van magtige manne gestuur.

9 Die seuns van `Ammon het uitgekom en hulle in slagorde opgestel by die poort van die stad terwyl die konings, wat gekom het en hulle leërmagte, afsonderlik in die veld was.

10 Toe Yo’av sien dat die geveg heftig van voor sowel as van agter teen hom is, het hy sommige van die dapper manne uit Yisra’el gekies en hulle teenoor die Arameërs opgestel.

11 Die res van die manskappe het hy onder bevel van sy broer Avishai gesit en hulle het hul teenoor die kinders van Ammon opgestel.

12 Hy het vir hom gesê: “As die Arameërs vir my te sterk word, dan moet jy my te hulp kom en as die kinders van Ammon vir jou te sterk word, sal ek jou kom help.

13 Wees dapper en laat ons onveranderlik sterk wees vir ons volk en vir die stede van ons God. Laat יהוה doen wat goed is in Sy oë!”

14 Yo’av en die manskappe wat by hom was het nader gegaan vir die geveg met die Arameërs en hulle het voor hom gevlug.

15 Toe die seuns van `Ammon sien dat die Arameërs vlug, het hulle ook voor sy broer Avishai gevlug en die stad ingegaan. Toe het Yo’av teruggegaan na Yerushalayim.

16 Toe die Arameërs sien dat hulle voor Yisra’el verslaan is, het hulle boodskappers gestuur en die Arameërs uitgebring wat oorkant die Rivier was en hulle het by Heilam gekom; Shovakh, die bevelvoerder van Hadad`ezer se weermag, het voor hulle uit gegaan.

17 Dit is aan Dawid vertel en hy het die hele Yisra’el bymekaargemaak en teen hulle opgetrek. Hulle het die gevegsordes teen die Arameërs opgestel en met hulle geveg.

18 Die Arameërs het voor Yisra’el gevlug en Dawid het van die Arameërs sewe duisend strydwadrywers en veertig duisend voetsoldate doodgemaak; Shovakh, die bevelvoerder, is ook gedood.

19 Toe die diensknegte van Hadad`ezer sien dat hulle voor Yisra’el verslaan is, het hulle met Dawid vrede gesluit en hom gedien en die Arameërs wou die seuns van `Ammon nie verder help nie.

20 1 Dit het gebeur in die volgende jaar, in die tyd dat die konings uittrek in geveg, dat Yo’av die leërmag gemobiliseer het en teen die land van die seuns van `Ammon kamp opgeslaan en sommige van die stede gevat het; hy het ook gekom en Rabbah, hulle hoofstad, beleër terwyl Dawid in Yerushalayim gebly het. Yo’av het Rabbah verslaan en dit vernietig.

2 Dawid het die kroon van hul koning van sy kop afgehaal en dit geweeg en gevind dat dit ’n talent goud weeg en daar was edelgesteentes in. Dawid het dit op sy kop gesit en het ook baie buit uit die stad gebring.

3 Hy het ook die bevolking wat daarin was, uitgebring en hulle met kettings, slotte en boeie gebind. So het Dawid hulle gebind, asook almal wat in die stede van `Ammon gevind is, maar hy het niemand van hulle doodgemaak nie en hulle gebring en in die stede van Yisra’el gevestig. Toe het Dawid met al die manskappe na Yerushalayim teruggegaan.

4 Na dit het dit gebeur dat daar by Gezer oorlog ontstaan het met die F’lishtyne; toe het Sibkhai, die Hushatiet, vir Saf doodgemaak wat van die nageslag van die reuse was.

5 Daar was weer oorlog met die F’lishtyne en Elganan, die seun van Ya’ir, het vir Lagmi, die broer van Golyat, die magtige Gittiet, wie se spiessteel soos ’n wewersbalk was, verslaan.

6 Daar was weer oorlog by Gat, waar ’n baie lang man was met ses vingers aan elke hand en ses tone aan elke voet, vier en twintig; hy was ook die seun van ’n reus.

7 Hy het Yisra’el uitgedaag, maar Y’honatan, die seun van Shim’ah, die broer van Dawid, het hom verslaan.

8 Hierdie vier is vir die reuse in Gat gebore en hulle het geval deur die hand van Dawid en deur die hand van sy diensknegte.

21 1 Toe het die teëstander teen Yisra’el opgestaan en Dawid aangehits om Yisra’el te tel.

2 Dawid het aan Yo’av, die seun van Tz’ruyah en die prinse van die volk gesê: “Gaan tel die mense van Yisra’el vanaf Be’er-Sh’va tot by Dan en kom terug na my dat ek die getal kan weet.” 2 Sh’m 24:1

3 Yo’av het vir koning Dawid gesê: “Mag יהוה Sy volk ’n honderd maal meer maak as wat hulle is en laat die oë van my meester, die koning, dit sien, want hulle is almal u diensknegte. Waarom verlang ons meester, die koning, hierdie ding?

4 Die woord van die koning het nogtans onveranderlik bly staan teenoor Yo’av, waarop Yo’av gegaan het deur die hele Yisra’el en teruggekom het na Yerushalayim.

5 Yo’av het die totaal van die aantal mense aan Dawid gegee en die totale seuns van Yisra’el was een miljoen, een honderd duisend voetsoldate wat die swaard uittrek en die stam van Y’hudah was vier honderd en sewentig duisend man wat die swaard uittrek.

6 Levi, die priesters en Binyamin het hy nie onder hulle getel nie, want die woord van die koning was vir Yo’av ’n gruwel en hy was onwillig om hulle te tel.

7 Hierdie saak was verkeerd in die oë van God omdat Dawid Yisra’el getel het.

8 Toe sê Dawid vir יהוה: “Ek het groot gesondig deurdat ek hierdie ding gedoen het, maar neem nou die skuld van u kneg weg, want ek het baie dwaas gedoen.”

9 Dawid het vroeg opgestaan in die oggend en die woord van יהוה het tot Gad, die profeet gekom en gesê:

10 “Gaan en praat met Dawid en sê: ‘So sê יהוה: Drie rampe bied Ek vir jou aan; kies vir jou een dat Ek dit aan jou kan doen.’”

11 Toe kom Gad by Dawid en sê vir hom: “So sê יהוה: ‘Kies vir jouself:

12 óf drie jaar lank hongersnood in die land, óf drie maande waarin jou vyande jou sal oorwin, jou agtervolg en oor jou heers, óf drie dae lank die swaard van יהוה in Yisra’el.’ Oorweeg nou watter antwoord jy aan Hom sal gee wat my na jou toe gestuur het.”

13 Daarop sê Dawid vir Gad: “Ek is in groot benoudheid; laat my in die hand van יהוה val, want Sy liefdevolle omgee is baie groot, maar laat my nie in die hande van mense oorgegee word nie.”

14 יהוה het ’n pes oor Yisra’el gestuur en sewentig duisend man van Yisra’el is dood.

15 יהוה het ’n boodskapper na Yerushalayim gestuur om dit te vernietig en terwyl hy dit vernietig, het יהוה dit gesien en dit oorweeg en die ramp afgeweer en aan die boodskapper wat vernietig het, gesê: “Jy het baie vernietig, trek nou jou hand terug!” Die boodskapper van יהוה het by die dorsvloer van Aravnah, die Y’vusiet, gestaan.

16 Dawid het sy oë opgeslaan en die boodskapper van יהוה tussen die aarde en die hemel sien staan met sy ontblote swaard in sy hand oor Yerushalayim uitgestrek. Toe het Dawid en die oudstes, wat by hom was, met rouklere bedek, op hulle gesigte neergeval.

17 Dawid sê vir God: “Is dit nie ék wat beveel het om die volk te tel nie? Ja, dit is ek wat gesondig en baie verkeerd gedoen het, maar hierdie onskuldige skape, wat het hulle gedoen? יהוה, my God, laat U hand teen my en my vader se huis wees, maar laat die plaag ophou teen U volk.”

18 Toe sê die boodskapper van יהוה vir Gad, die profeet: “Gaan sê vir Dawid dat hy moet opgaan en vir יהוה ’n altaar bou op die dorsvloer van Aravnah, die Y’vusiet.”

19 Dawid het opgegaan volgens die woord van Gad wat hy in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה gebring het.
20 Dawid het gesien dat die boodskapper wat die mense vernietig het, sy hand terughou en nie meer vernietig het nie.
21 Toe Dawid by Aravnah kom, het Aravnah omgedraai en Dawid gesien en hy het van die dorsvloer af uitgegaan en hom voor Dawid, met sy gesig na die grond, gebuig.
22 Toe sê Dawid vir Aravnah: "Gee vir my die plek van die dorsvloer sodat ek daarop vir יהוה 'n altaar kan bou; jy sal dit aan my gee vir 'n goeie prys sodat die plaag oor die volk kan ophou."
23 Aravnah sê vir Dawid: "Vat dit vir u en laat my meester, die koning, doen wat goed is in sy oë en ek sal ook vir u die beeste as brandoffers gee, die dorssleë as hout en die koring as 'n graanoffer; ek sal alles gee wat nodig is."
24 Koning Dawid het vir Aravnah gesê: "Nooit nie, maar ek sal dit verseker koop vir die volle prys, want ek wil nie wat aan jou behoort, vir יהוה as offer aanbied sonder koste, nie."
25 Dawid het die plek van Aravnah vir vyftig sikkels goud gekoop.
26 Dawid het daar vir יהוה 'n altaar gebou en brandoffers en vredesoffers van lammers gebring en gebid tot יהוה en Hy het hom met vuur uit die hemel geantwoord en die brandoffer, wat op die altaar was, verteer.
27 יהוה het die boodskapper beveel en hy het sy swaard in die skede terug gesteek.
28 In dié tyd, toe Dawid sien dat יהוה hom geantwoord het op die dorsvloer van Aravnah, die Y'vusiet, het hy baie offers daar geoffer,
29 want hy het die Tabernakel van יהוה, wat Mosheh in die woestyn gemaak het, daar opgeslaan. [2 Kro 3:1]
30 In daardie tyd was Dawid baie bang en kon hy nie in die Teenwoordigheid van יהוה bid nie, want hy was bang weens die swaard van die boodskapper van יהוה.

22 1 Toe het Dawid gesê: "Hierdie is die huis van יהוה-God en hierdie is die altaar vir die brandoffers van Yisra'el."
2 Dawid het bevel gegee om al die proseliete wat in die land van Yisra'el was, bymekaar te maak om sommige van hulle klipkappers te maak om klippe te kap vir die huis van יהוה
3 en sommige van hulle smede te maak om yster te smee om byle en handbyle te maak om die klippe te kap. Dawid het yster en koper stawe voorberei in oorvloed, sonder om dit te weeg,
4 ook sederbome in oorvloed, want die Tzidoniërs en die Tzoriërs het vir Dawid baie sederhout gebring.
5 Dawid het gesê: "My seun Shlomo is nog jonk en dit word aangaande hom in die Boekrol gesê dat hy 'n huis vir יהוה sal bou, wat buitengewoon manjifiek sal wees, bekend en tot lof en eer regdeur alle lande; ek sal vir hom alles wat nodig is voorberei terwyl ek leef. Dawid het alles voorberei wat nodig was vir die huis en niks het gekort nie.
6 Toe het hy sy seun Shlomo geroep en vir hom gesê:

7 “Jy moet ’n huis bou vir יהוה, God van Yisra’el,
8 want Hy het deur ’n profeet vir my gesê: ‘Jy het bloed in oorvloed vergiet en groot oorloë gevoer: jy mag nie vir My Naam (Karakter en Outoriteit) ’n huis bou nie, want jy het baie bloed op die aarde vergiet voor My.
9 Let op, ’n seun sal vir jou gebore word; hy sal ’n man van vrede wees en Ek sal hom rus gee van al sy vyande rondom, want Shlomo [2 Sh’m 12:25] sal sy naam wees en daar sal rus en vrede vir Yisra’el wees in sy dae.
10 Hy sal vir My Naam (Karakter en Outoriteit) ’n huis bou en hy sal vir My ’n seun wees en Ek sal vir hom ’n Vader wees. Ek sal die troon van sy koninkryk oor Yisra’el bevestig tot in ewigheid.’
11 Nou, my seun, יהוה is by jou sodat jy voorspoedig kan wees en die huis van יהוה, jou God, bou soos Hy aan my gesê het.
12 Mag יהוה jou net wysheid en insig gee en jou aanstel oor Yisra’el sodat jy die wet van יהוה, jou God, sal onderhou, net soos Hy jou beveel het, [2 Kro 1:10]
13 dan sal jy voorspoedig wees, as jy versigtig is om hierdie opdragte, die instellings en die regverdige oordele te onderhou net soos יהוה aan Mosheh opdrag gegee het om Yisra’el te leer; dan sal jy sterk en dapper wees. Moenie vrees of moedeloos wees nie.
14 Let op, ek het vir jou alles voorberei vir die bou van die huis van יהוה. Ek het ’n honderd duisend talente goud, ’n miljoen talente silwer en yster en koper sonder gewig, niemand ken hulle gewig nie, want dit is in groot oorvloed, vir jou voorberei; ook hout en klippe het ek voorberei en jy kan nog daar byvoeg.
15 Verder is daar ook ’n oorvloed werkers by jou: klipkappers, ambagsmanne en bouers;
16 bekwame manne vir elke soort werk met goud, silwer, koper en yster in oorvloed. Wees sterk en doen die werk en יהוה sal by jou wees!” [Y’ho 1:9]
17 Dawid het al die oudstes van Yisra’el bevel gegee om sy seun Shlomo te help en gesê:
18 “Let op, יהוה, julle God, is by julle en Hy sal julle help en verligting gee aan elke kant. Let op, Hy het al die inwoners van die land in julle hand gegee en die land is voor יהוה en voor sy volk onderwerp.
19 Rig nou julle verstand, wil en emosie en julle lewe daarop om tot יהוה, julle God, te bid. Maak julle nou gereed en bou die Afgesonderde Plek van יהוה-God en bring die ark waarin die verbond van יהוה, ons God, is en die afgesonderde voorwerpe van יהוה, ons God in die huis wat vir Sy groot Naam (Karakter en Outoriteit), waarby ons geken word, gebou word.

23 1 Toe Dawid oud en vol van dae was, het hy sy seun Shlomo koning oor Yisra’el gemaak.
2 Hy het al die oudstes van die priesters en die Leviete bymekaar laat kom.
3 Die Leviete is getel, vanaf dertig jaar oud en ouer en hulle getal was, man vir man, agt en dertig duisend.
4 Uit hulle het Dawid toesighouers aangestel oor die werk aan die huis van יהוה, vier en twintig oor elke duisend werkers en regters en skrywers, ses oor elke honderd werkers:

5 om toesig te hou oor die werk sodat dit gedoen word, om toesig te hou oor die voorrade en werk en om rekenskap te gee van die rykdom en die aalmoese wat hulle aan die armes gegee het.

6 Dawid het administrateurs en bestuurders oor die armes en behoeftiges aangestel om aan die armes te voorsien en uit te deel, een persoon oor elke tien en hulle het niks tekort gekom nie. Dawid het hulle aangestel volgens hulle afdelings, volgens die seuns van Levi: Gershon, K'hat en M'rari.

7 Van die Gershoniete: La'dan en Shim'i.

8 Die seuns van La'dan was: die eersgeborene, Yegi'el, dan Zetam en Yo'el, drie.

9 Die seuns van Shim'i was: Shlomit, Hazi'el en Haran, drie; dit was die hoofde van die vaders van La'dan.

10 Die seuns van Shim'i was: Yagat, Zavdah, Ye'ush en B'ri'ah; dit was die vier seuns van Shim'i.

11 Yagat was die eersgeborene en Zavdah die tweede, maar Ye'ush en B'ri'ah het nie baie seuns gehad nie en is daarom in hulle vader se afdeling as een gesit.

12 Die seuns van K'hat was: `Amram, Yitz'har, Hevron en `Uzi'el, vier.

13 Die seuns van `Amram was Aharon en Mosheh en Aharon is gekies om in die Mees Afgesonderde Plek te bedien, hy en sy seuns, vir ewig, om wierook voor יהוה te brand, Hom te bedien en om vir ewig in Sy Naam (Karakter en Outoriteit) te seën.

14 Mosheh, die profeet van God, se seuns is by die stam van Levi genoem.

15 Die seuns van Mosheh was Gershom en Eli'ezer.

16 Die seun van Gershom was Sh'vu'el, die eersgeborene.

17 Die seun van Eli'ezer was Regavyah, die eersgeborene en Eli'ezer het nie ander seuns gehad nie, maar die seuns van Regavyah was Rivvi, die eersgeborene.

18 Die seun van Yitz'har: Shlomit, die eersgeborene.

19 Die seuns van Hevron: Yeriyahu, die eersgeborene, Amaryah, die tweede, Yagzi'el, die derde en Y'kam'am, die vierde.

20 Die seuns van `Uzi'el: Mikhah, die eersgeborene en Yishiyah, die tweede.

21 Die seuns van M'rari: Magli en Mushi. Die seuns van Magli: El'azar en Kish.

22 El'azar het gesterf en geen seuns gehad nie, net dogters en die seuns van hulle oom, Kish, het hulle as vroue geneem.

23 Die seuns van Mushi was Magli, `Eder en Yeremot, drie.

24 Dit was die seuns van Levi, volgens die huise van hulle vaders, die hoofde van die huise, soos hulle getel is volgens die getal name, man vir man, wat die toesighouers was oor die dienswerk in die huis van יהוה, vanaf twintig jaar oud en ouer,

25 want Dawid het gesê: "יהוה, die God van Yisra'el, het aan Sy volk rus gegee en Hy bly in Yerushalayim vir ewig."

26 Hy het ook vir die Leviete gesê dat hulle nie meer die Tabernakel en al sy voorwerpe vir sy diens hoef te dra nie. [Num 7:9; 2 Kro 35:3]

27 Volgens die laaste woorde van Dawid moes die Leviete getel word, van twintig jaar oud en ouer,

28 want hy het hulle aangestel in die taak om die seuns van Aharon te help en toesighouers te wees in die huis van יהוה, oor hulle wat met reguit en gedraaide horings blaas en oor die kamers waarin die afgesonderde voorwerpe van יהוה gestoor word

29 en oor die brode van die Teenwoordigheid en die fyn meel vir die graanoffer en oor die ongesuurde koeke en oor almal wat dank offer en sing
30 sodat hulle elke oggend vroeg opstaan om יהוה te dank en te prys en net so saans;
31 om ook die brandoffers tot יהוה voortdurend op Shabbatte, op die nuwemane en op die vasgestelde feeste te bring; volgens die getalle wat daarvoor beveel is.
32 Hulle het ook bevel gehad oor die voorwerpe van die Tent van Ontmoeting en bevel oor die voorwerpe van die Afgesonderde Plek en onder bevel van die seuns van Aharon, hulle broers, wanneer hulle nodig was om te bedien in die huis van יהוה.

24 1 Hierdie is die afdelings van die seuns van Aharon. Die seuns van Aharon was Nadav, Avihu, El'azar en Itamar.
2 Nadav en Avihu het egter in hulle vader se leeftyd gesterf en het geen seuns gehad nie; daarom het El'azar en Itamar die priestersamp bedien.
3 Dawid het hulle ingedeel, beide Tzadok, uit die seuns van El'azar en Agimelekh, uit die seuns van Itamar, volgens hulle ampte in hul diens.
4 Daar is meer hoofde gevind van die seuns van El'azar as van die seuns van Itamar en daarom het hy hulle verdeel: vir die seuns van El'azar sestien hoofde van hul vaders se huise en vir die seuns van Itamar, volgens hulle families, agt.
5 Hy het hul deur die lot verdeel, beide families dieselfde, want hulle was die leier-priesters van die Afgesonderde Plek en outoriteit oor die priesters, beide oor die seuns van El'azar en oor die seuns van Itamar.
6 Sh'ma'yah, die seun van N'tan'el, die skrywer, 'n Leviet, het hulle opgeskryf in die teenwoordigheid van koning Dawid, die oudstes van Yisra'el, Tzadok, die priester en Agimelekh, die seun van Evyatar en die hoofde van die vaders van die priesters en die Leviete; een hoof familie is gegee vir El'azar en een vir Itamar.
7 Die eerste lot het geval vir Y'hoyariv, die tweede vir Y'da'yah,
8 die derde vir Harim, die vierde vir S'orim,
9 die vyfde vir Malkiyah, die sesde vir Miyamin,
10 die sewende vir Hakkotz, die agtste vir Aviyah,
11 die negende vir Yeshua, die tiende vir Sh'kanyahu,
12 die elfde vir Elyashiv, die twaalfde vir Yakim,
13 die dertiende vir Huppah, die veertiende vir Yeshev'av,
14 die vyftiende vir Bilgah, die sestiende vir Immer,
15 die sewentiende vir Hezir, die agttiende vir HaPitzetz,
16 die negentiende vir P'tagyah, die twintigste vir Yegezk'el,
17 die een en twintigste vir Yakhin, die twee en twintigste vir Gamul,
18 die drie en twintigste vir D'layahu en die vier en twintigste vir Ma'azyahu.
19 Hierdie was hulle nommers volgens hulle diens, om in die huis van יהוה in te gaan volgens die instellings, soos voorgeskryf deur die raad van hul vader Aharon, soos יהוה, die God van Yisra'el, hom beveel het.
20 Die res van die seuns van Levi was hierdie: van die seuns van `Amram: Sh'vu'el; van die seuns van Sh'vu'el: Yegd'yah.
21 Van die seuns van Regavyahu: Yishiyah, die eersgeborene,

22 dan Zahor en Shlomot; van die seuns van Shlomot: Yagat,
23 Yirmeyahu, Yagzi’el en Y’kam’am.
24 Van die seuns van `Uzi’el: Mikhah; van die seuns van Mikhah: Shamir en Yishiyah.
25 Van die seuns van Yishiyah: Z’kharyahu.
26 Die seuns van M’rari was Magli en Mushi; die seun van Ya’aziyahu: Beno.
27 Die seuns van M’rari deur sy seun Ya’aziyahu was Beno, Shoham, Zakkur en `Ivri.
28 Van Magli: El’azar wat geen seuns gehad het nie.
29 Van Kish, die seun van Kish was Yeragme’el.
30 Ook die seuns van Mushi: Magli, `Eder en Yerimot. Hierdie was die seuns van die Leviete volgens hulle families.
31 Hulle het ook die lot gewerp net soos hulle broers, die seuns van Aharon, in die teenwoordigheid van koning Dawid, Tzadok, Agimelekh en die hoofde van die huise van die vaders van die priesters en van die Leviete en ook die hoof vaders oor hulle jonger broers.

25 1 Dawid en die prinse van die stamme het Heman en Y’dutun, die seuns van Azram, sy seun, afgesonder vir die diens van Asaf. Hierdie is die Leviete volgens die families van hulle vaders en hulle het ook die lot gewerp net soos hulle broers, die seuns van Aharon, in die teenwoordigheid van koning Dawid, Tzadok, Agimelekh en die hoofde van die huise van die vaders van die priesters en van die Leviete. Die jonger en ouer broers is gelyk gereken in getal en die getal werkers volgens hulle diens was,
2 van die seuns van Asaf: Sakkur, Yosef, N’tanyah en Asar’elah; die seuns van Asaf wat die koning onder Y’dutun geplaas het as sangers;
3 van die seuns van Y’dutun was G’dalyahu, Tzeri, Yesha’yahu, Hashavyahu, Mattityahu en Y’dutun, ses, onder leiding van hulle vader Y’dutun wat gesing het met die harp en dank gebring het aan יהוה;
4 van Heman, die seuns van Heman was Bukiyahu, Mattanyahu, `Uzi’el, Sh’vu’el, Yerimot, Hananyah, Hanani, Eli’atah, Giddalti en Romamti-`Ezer, Yoshb’kashah, Malloti, Hotir en Magzi’ot.
5 Hulle almal was die seuns van Heman, die profeet van die koning, in die woorde van God, om die horing op te lig en God het aan Heman veertien seuns en drie dogters gegee.
6 Hulle almal was onder leiding van hulle vader vir sang in die huis van יהוה, met simbale, instrumentale musiek en harpe, vir die diens in die huis van God volgens die koning se bevel aan Asaf, Y’dutun en Heman.
7 Hulle getal, saam met hulle broers wat geoefend was in die liedere van יהוה, was twee honderd agt en tagtig.
8 Hulle het die lot gewerp vir hulle afdelings, die jongste saam met die oueres, die leermeester saam met die leerling.
9 Die eerste lot het geval vir Asaf, op Yosef;
die tweede op G’dalyah; hy en sy broers en sy seuns was twaalf;

10 die derde op Zakkur; sy seuns en sy broers, twaalf;
11 die vierde op Izri; sy seuns en sy broers, twaalf;
12 die vyfde op N'tan'yahu; sy seuns en sy broers, twaalf;
13 die sesde op Bukkiyahu; sy seuns en sy broers, twaalf;
14 die sewende op Y'sar'elah; sy seuns en sy broers, twaalf;
15 die agtste op Yesha'yahu; sy seuns en sy broers, twaalf;
16 die negende op Mattanyahu; sy seuns en sy broers, twaalf;
17 die tiende op Shim'i; sy seuns en sy broers, twaalf;
18 die elfde op `Azar'el; sy seuns en sy broers, twaalf;
19 die twaalfde op Hashavyah; sy seuns en sy broers, twaalf;
20 die dertiende op Shuva'el; sy seuns en sy broers, twaalf;
21 die veertiende op Mattityahu; sy seuns en sy broers, twaalf;
22 die vyftiende op Yeremot; sy seuns en sy broers, twaalf;
23 die sestiende op Hananyahu; sy seuns en sy broers, twaalf;
24 die sewentiende op Yoshb'kashah; sy seuns en sy broers, twaalf;
25 die agttiende op Hanani; sy seuns en sy broers, twaalf;
26 die negentiende op Malloti; sy seuns en sy broers, twaalf;
27 die twintigste op Eli'atah; sy seuns en sy broers, twaalf;
28 die een en twintigste op Hotir; sy seuns en sy broers, twaalf;
29 die twee en twintigste op Giddalti; sy seuns en sy broers, twaalf;
30 die drie en twintigste op Magzi'ot; sy seuns en sy broers, twaalf;
31 die vier en twintigste op Romamti-`Ezer; sy seuns en sy broers, twaalf.

26 1 Wat die afdelings van die poortwagters betref, wat Dawid as wagte aangestel het: Meshelemyahu, van die seuns van Yosef.
2 Meshelemyahu het sewe seuns gehad: Z'kharyahu, die eersgeborene, Y'dia'el, die tweede, Z'vadyahu, die derde, Yatni'el, die vierde,
3 `Eilam, die vyfde, Y'hoganan, die sesde en Ely'ho'einai, die sewende.
4 `Oved-Edom se seuns was: Sh'ma'yah, die eersgeborene, Y'hozavad, die tweede, Yo'ag die derde, Sakhar die vierde, N'tan'el die vyfde,
5 `Ammi'el die sesde, Yissakhar die sewende en Pe'ultai die agtste, want God het hom geseën.
6 Daar is ook vir sy seun Sh'ma'yah seuns gebore wat in hulle familie geheers het, want hulle was dapper magtige manne.
7 Die seuns van Sh'ma'yah was `Otni, Refa'el, `Oved en Elzavad, die magtige manne en Elihu en S'makhyahu.
8 Hulle almal was uit die seuns van `Oved-Edom, hulle en hul seuns en hul broers, flukse manne, bekwaam vir die diens van die Afgesonderde Plek; twee en sestig seuns van `Oved-Edom.
9 Meshelemyahu se oudste seun het seuns gehad, magtige manne, agttien.
10 Hosah, uit die seuns van M'rari, het seuns gehad, magtige manne: die oudste het gesterf en sy vader het die tweede in sy plek aangestel, maar nie vir hom die naam van die eerste gegee nie.

11 Hilkiyahu was die tweede, T’valyahu die derde en Z’kharyahu die vierde; al die seuns en broers van Hosah was dertien.
12 Tussen hulle was die afdelings van die poortwagters, selfs die hoofde van die vaders, wat wag gestaan het oorkant mekaar, om te dien in die huis van יהוה.
13 Hulle het die lot gewerp, van klein tot groot, volgens hulle families vir elke poort.
14 Die lot vir die ooste het op Shelemyahu geval. Toe het hulle die lot gewerp vir sy seun Z’kharyahu, ’n wyse raadgewer en sy lot het uitgekom vir die noorde;
15 op `Oved-Edom vir die suide en op sy seuns vir die stoepe;
16 op Shuppim en Hosah vir die weste, sover as tot by die poort wat gemaak is in die pad wat op loop; wag oorkant wag.
17 ooswaarts was ses Leviete; noordwaarts daagliks vier; suidwaarts daagliks vier en vir die stoepe twee op ’n slag.
18 By die oop ruimte na die weste was vier by die grootpad en twee by die oopte.
19 Hierdie is die afdelings van die poortwagters van die seuns van Korag en van die seuns van M’rari.
20 Van die Leviete was Agiyah oor die stoorkamers van die huis van יהוה en oor die stoorkamers van die afgesonderde voorwerpe.
21 Die seuns van La’dan, van die nageslag van Gershon, die hoofde van die vaders van La’dan, die Gershoniet: Yegi’eli.
22 Die seuns van Yegi’eli: Zetam en Yo’el, sy broer, wat oor die stoorkamers van die huis van יהוה was.
23 Van die `Amramiete, die Yitz’hariete, die Hevroniete en die `Uzi’eliete,
24 was Sh’vu’el, die seun van Gershon, die seun van Mosheh, owerste in bevel van die stoorkamers
25 en sy broer, Eli’ezer, sy seun Regavyahu, sy seun Yesha’yahu, sy seun Yoram, sy seun Zikhri en sy seun Shlomit.
26 Hierdie Shlomit en sy broers was oor al die stoorkamers van die afgesonderde voorwerpe, wat koning Dawid en die hoofde van die vaders, bevelvoerders oor ’n duisend en oor ’n honderd en die bevelvoerders van die weermag afgesonder het.
27 Sommige van die buit wat in gevegte gewen is, het hulle afgesonder om die huis van יהוה daarmee te onderhou;
28 ook alles wat Sh’mu’el, die profeet, Sha’ul, die seun van Kish, Avner, die seun van Ner en Yo’av, die seun van Tz’ruyah, afgesonder het. Wie ook al enige iets afgesonder het, dit was onder beheer van Shlomit en sy broers.
29 Van die Yitz’hariete was K’nanyahu en sy seuns, skrywers en regters vir die sekulêre besigheid van Yisra’el.
30 Van die Hevroniete was Hashavyah en sy broers, dapper manne, een duisend sewe honderd, offisiere oor Yisra’el aan hierdie kant van die Yarden, weswaarts, oor al die besigheid van יהוה en in diens van die koning.
31 Van die Hevroniete was Yeriyah die hoof, volgens die nageslag van hulle vaders. (In die veertigste jaar van die regering van Dawid, is daar gesoek na magtige dapper manne en daar is in Ya’zer in Gil’ad gevind.)

32 Sy broers, dapper manne, twee duisend sewe honderd hoofde van die vaders, is deur koning Dawid aangestel oor die Re’uveniete, Gadiete en die halwe stam van die M’nashehiete vir enige saak van God en enige saak van die koning.

27 1 Die seuns van Yisra’el, volgens hulle getal, die hoofde van die vaders se huise, die bevelvoerders oor ’n duisend en oor ’n honderd en hulle goewerneurs, wat die koning gedien het in al die sake van die afdelings wat maand vir maand gedurende al die maande van die jaar ingekom en uitgegaan het; elke afdeling was vier en twintig duisend.

2 Oor die eerste afdeling vir die eerste maand was Yashov’am, die seun van Zavdi’el en sy afdeling was vier en twintig duisend.

3 Hy was uit die nageslag van Peretz en was hoof van al die bevelvoerders vir die eerste maand.

4 Oor die afdeling vir die tweede maand was Dodai, die Agogiet; Miklot was die goewerneur van sy afdeling; sy afdeling was ook vier en twintig duisend.

5 Die derde bevelvoerder van die weermag vir die derde maand was B’nayah, die seun van Y’hoyadah, die hoofpriester; sy afdeling was vier en twintig duisend.

6 Hierdie B’nayah, was magtig onder die dertig en in bevel van die dertig offisiere en in sy afdeling was sy seun, `Ammizavad.

7 Die vierde bevelvoerder vir die vierde maand was `Asah’el, die broer van Yo’av en ná hom sy seun Z’vadyah; sy afdeling was ook vier en twintig duisend.

8 Die vyfde bevelvoerder vir die vyfde maand was Shamhut, die Yizragiet; sy afdeling was ook vier en twintig duisend.

9 Die sesde bevelvoerder vir die sesde maand was `Ira, die seun van `Ikkesh, die T’koaïet; sy afdeling was ook vier en twintig duisend.

10 Die sewende bevelvoerder vir die sewende maand was Heletz, die P’loniet, van die nageslag van Efrayim; sy afdeling was ook vier en twintig duisend.

11 Die agtste bevelvoerder vir die agtste maand was Sibkhai, die Hushatiet, van die Zargiete; sy afdeling was ook vier en twintig duisend.

12 Die negende bevelvoerder vir die negende maand was Avi’ezer, die `Anatotiet, van die Binyaminiete; sy afdeling was ook vier en twintig duisend.

13 Die tiende bevelvoerder vir die tiende maand was Mahrai, die N’tofatiet, van die Zargiete; sy afdeling was ook vier en twintig duisend.

14 Die elfde bevelvoerder vir die elfde maand was B’nayah, die Pir’atoniet, uit die nageslag van Efrayim; sy afdeling was ook vier en twintig duisend.

15 Die twaalfde bevelvoerder vir die twaalfde maand was Heldai, die N’tofatiet, vanaf `Otni’el; sy afdeling was ook vier en twintig duisend.

16 Verder was die volgende oor die stamme van Yisra’el: prins oor die Re’uveniete was Eli’ezer, die seun van Zikhri; oor die Shim’oniete was Sh’fat’yah, die seun van Ma’akhah;

17 oor die Leviete was Hashavyah, die seun van K’mu’el; oor die Aharoniete, Tzadok;

18 oor Y’hudah was Elihu, een van Dawid se broers; oor Yissakhar was `Omri, die seun van Mikha’el;

19 oor Z’vulun was Yishma’yahu, die seun van `Ovadyah; oor Naftali was Yerimot, die seun van `Azri’el;

20 oor die Efrayimiete was Hoshea, die seun van `Azazyahu; oor die halwe stam van M’nasheh was Yo’el, die seun van P’dayah;

21 oor die halwe stam van M’nasheh in Gil’ad was Yiddo, die seun van Z’kharyahu; oor Binyamin was Ya’asi’el, die seun van Avner;

22 oor Dan was `Azar’el, die seun van Yerogam. Hierdie was die prinse van die stamme van Yisra’el.

23 Dawid het hulle van twintig jaar oud en jonger nie getel nie, want יהוה het gesê dat Hy Yisra’el sou vermeerder soos die sterre aan die hemel.

24 Yo’av, die seun van Tz’ruyah, het begin tel, maar nie klaar gemaak nie omdat hieroor ’n toorn oor Yisra’el gekom het en die getal is ook nie opgeneem in die verslag in die Kronieke van koning Dawid nie.

25 `Azmawet, die seun van `Adi’el, was oor die skatte van die koning en oor die skatte in die platteland; in die stede, in die dorpe en in die torings, was Y’honatan, die seun van `Uziyahu.

26 Oor die landbou, vir die ploeg van die grond, was `Ezri, die seun van Kalev.

27 Oor die wingerde was Shim’i, die Ramatiet en oor die opbrengs van die wingerde vir die wynkelders, was Zavdi, die Shifmiet.

28 Oor die olyfbome en die wildevyebome wat in die lae vlaktes was, was Ba’al-Hanan, die G’derahiet en oor die olievoorrade was Yo’ash.

29 Oor die troppe wat in Sharon gewei het, was Shitrai, die Sharoniet en oor die troppe in die valleie was Shafat, die seun van Adlai.

30 Oor die kamele was Ovil, die Yishma’eliet en oor die donkies was Yegd’yahu, die Meronotiet.

31 Oor die kleinvee was Yaziz, die Hagriet. Hulle almal was toesighouers oor die besittings van koning Dawid.

32 Y’honatan, Dawid se oom, was ’n raadgewer; ’n man van insig en ’n skrywer en Yegi’el, die seun van Hagmoni, was by die seuns van die koning.

33 Agitofel was die koning se raadgewer en Hushai, die Argiet, was die koning se vriend.

34 Ná Agitofel was Y’hoyadah se seun, B’nayah en Evyatar. Yo’av was die generaal van die koning se weermag.

28 1 Dawid het al die prinse van Yisra’el, die prinse van die stamme en die bevelvoerders van die afdelings wat die koning bedien, die bevelvoerders oor ’n duisend en oor ’n honderd en oppassers van al die koning en sy seuns se besittings en vee, saam met die offisiere en die dapper magtige manne, bymekaar laat kom en hulle het na Yerushalayim gekom.

2 Toe sê hy vir hulle: “Luister na my, my broers en my volk! Ek self het dit in my gehad om ’n huis van rus vir die ark van die verbond van יהוה te bou en as blyplek vir ons God en ek het alles voorberei vir die bou van die huis,

3 maar יהוה het vir my gesê: ‘Jy mag nie vir My Naam (Karakter en Outoriteit) ’n huis bou nie, want jy is ’n man van oorlog en het baie bloed vergiet.’

4 Nietemin, יהוה, die God van Yisra’el, het my uit my vader se huis gekies om vir altyd koning oor Yisra’el te wees, want Hy het uit die huis van Y’hudah die koning gekies en uit die stam van Y’hudah, my familie en vanuit die seuns van my vader het Hy my gekies om koning oor Yisra’el te wees.

5 Uit al my seuns, want יהוה het vir my baie seuns gegee, het Hy my seun Shlomo gekies om op die troon van die koninkryk van יהוה oor Yisra’el te sit.

6 Hy het vir my gesê: ‘Jou seun Shlomo, hy sal My huis en My voorhowe bou, want Ek het hom gekies om My seun te wees en Ék sal vir hom ’n Vader wees.

7 Meer nog, Ek sal die troon van sy koninkryk vir ewig bevestig as hy voortgaan om My opdragte en My regverdige oordele te gehoorsaam, soos op hierdie dag.’

8 Nou daarom, voor die oë van die hele Yisra’el, die volk van יהוה en in die Teenwoordigheid van יהוה, ons God: onderhou en soek na al Sy opdragte sodat julle hierdie land vir ewig sal besit en dit as ’n erfenis aan julle kinders na julle vir ewig kan nalaat en dit nie vernietig sal word nie.

9 Jy, my seun Shlomo, ken alles wat יהוה, ons God, ons beveel het en dien Hom met ’n volmaakte verstand, wil en emosie en met ’n gewillige lewe, want יהוה weet alles wat in die verstand, wil en emosie is en verstaan al die verbeeldings van die gedagtes van die mens. As jy Hom soek, sal Hy Hom deur jou laat vind, maar as jy Hom verlaat, sal Hy jou vir altyd wegstoot. [Deut 4:29; Yir 29:13]

10 Weet nou en let op, יהוה het jou gekies om ’n huis vir die Afgesonderde Plek van die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה te bou; wees onveranderlik sterk, wees dapper en doen dit.”

11 Dawid het aan sy seun Shlomo die planne gegee van die stoepe en die mates van die huis en van sy skatkamers en van sy boonste vertrekke, die binneste en buitenste portale, die boonste en onderste portale;

12 asook ’n plan vir die skatkamers en vir die kamers van diens van die huis van יהוה en die kamers van die kokke en die huisknegte en die kamers van hulle wat in beheer is van die lampe;

13 ook van die afdelings van die priesters en die Leviete en vir al die dienswerk in die huis van יהוה en vir al die gereedskappe vir die diens in die huis van יהוה.

14 Hy het goud, volgens die gewig aan goud vir al die voorwerpe van elke diens; silwer vir al die silwer voorwerpe volgens die gewig, vir al die instrumente van elke diens

15 en die plek vir die goue kandelare en vir hulle goue lampe en die pitte daarvan en die ornamente daarvan en die houers met olie daarvan, alles opgeteken en dit vir Shlomo, sy seun, gegee,

16 asook die tafels van silwer en die tafels van goud; borde van silwer en borde van goud;

17 asook groot lepels, vleishake en bakke van silwer. Die goud van hierdie houers kon nie geweeg word nie;

18 vir die wierookaltaar, gelouterde goud volgens gewig; goud vir die konstruksie van die sitplek tussen die gérubs, wat hul vlerke uitsprei en die ark van die verbond van יהוה bedek.

19 “Al hierdie dinge,” sê Dawid, “het יהוה my laat verstaan in skrywe met Sy hand op myne, selfs al die werke van hierdie bloudrukplan.”
20 Toe het Dawid aan sy seun Shlomo gesê: “Wees onveranderlik sterk en dapper en doen dit. Moenie bang of mismoedig wees nie, want יהוה-God is by jou. Hy sal jou nie faal of in die steek laat nie totdat jy al die werk vir die diens van die huis van יהוה voltooi het [Y’ho 1:9]
21 en let op, die afdelings van die priesters en die Leviete: ek het aan hulle die outoriteit gegee oor elke diens in die huis van יהוה en hulle is saam met jou en is in beheer van al die dienswerk en sal die werk met bekwaamheid doen, al die werk wat nodig is vir die huis van יהוה. Let op ek het oor hulle outoriteite en toesighouers aangestel sodat hulle allerhande werk kan soek en doen, wat nodig is.”

29 1 Verder het koning Dawid aan die hele vergadering gesê: “Hierdie Shlomo, my seun, is nog ’n jong man, tog het יהוה hom gekies uit al my seuns omdat hy wys is, met begrip en die werk wat aan hom gegee is, is nie klein nie, maar groot, want so ’n taak is nog nooit vir enige man gegee nie. Wees nou sterk en dapper, want die werk behoort aan יהוה, ons God.
2 Ek het uit al my krag en al my rykdom voorsien in alles wat nodig is vir die huis van יהוה, my God: goud vir die goue voorwerpe, silwer vir die silwer voorwerpe, koper vir die koper voorwerpe, yster vir die yster voorwerpe en hout vir die dinge van hout en seder vir die dinge van seder, asook edelgesteentes en pêrels.
3 Meer nog, alles wat nodig is vir die huis het ek uit my eie offers voorsien; ek het ook geld voorsien vir die uitgawes van die huis van my God uit my offers:
4 een miljoen talente goud, gelouterde goud, twee miljoen talente silwer, om daarmee die mure van die geboue oor te trek.
5 Goud vir die goue en silwer vir die silwer voorwerpe en vir al die werk wat deur ambagsmanne gedoen moet word sodat die werk in sy maand voltooi kan word en dat geen werk ongedaan sal bly nie, maar dat alles voltooi sal word op sy regte tyd, volgens die uitgawe daarvan.”
6 Toe het die familiehoofde, die prinse van die stamme van Yisra’el, die bevelvoerders oor ’n duisend en oor ’n honderd en die toesighouers oor die koning se werk, bymekaargekom
7 en gegee vir die diens van die huis van יהוה: vyf duisend talente goud, twee honderd duisend talente fyn tin vir die pype, twintig duisend talente silwer en sewentig duisend talente Korinthiese koper en ’n honderd duisend talente yster.
8 Hulle het verder ook goud en silwer gewilliglik gegee in die skatkamer van die huis van יהוה, deur Gershon, die tesourier.
9 Toe was al die mense van Yisra’el bly oor al die geskenke, want Dawid het dit met ’n volmaakte verstand, wil en emosie, gewilliglik voor יהוה aangebied en Dawid was ook bly met ’n groot vreugde; daarom het Dawid groot lofprysinge voor יהוה gesing.
10 Dawid het יהוה geloof voor die oë van die hele vergadering en Dawid het gesê: “Geseënd is U, יהוה, God van ons vader Yisra’el vir ewig en ewig,

11 want aan U, יהוה, behoort die grootheid en die mag en die lof en eer en die mooiheid en die majesteit, want U is die Heerser oor alles wat in die hemel en op die aarde is; aan U, יהוה, behoort die koninkryk en die wysheid, die outoriteit en die kennis.

12 Beide rykdom en eer kom van U en U heers oor alles. In U hand is krag en mag en dit is in U hand om alle skepsele wat U geskep het groot en sterk te maak.

13 Nou dank ons U, יהוה, ons God en lofprys U wonderlike Naam (Karakter en Outoriteit),

14 maar wie is ek en wat is my volk, want al my leermeesters het my geleer dat U lewenswyses ons gehelp het en U is ons versekerde verwagting, יהוה, ons God,

15 want ons is soos die spreekwoord van die wasem en die pottebakker en is vreemdelinge voor U en ’n klein volkie in die wêreld, maar U het van ouds af oor ons vaders geheers en U het hulle beveel hoe om te leef.

16 יהוה, ons God, aan U bring ons lofprysing sodat U ons kan red van almal wat ons kwaad aandoen, want die nasies verag ons en sê: ‘Waar is die God wat julle aanbid?’

17 Ek weet ook, my God, dat U die verstand, wil en emosie toets en behae het in opregtheid. Wat my betref, ek het al hierdie lofprysinge gesing uit die opregtheid van my verstand, wil en emosie. Nou het ek gesien dat U volk wat hier bymekaar is, U met ’n groot blydskap lofprys en sê:

18 “O יהוה, God van Avraham, Yitz’gak en Yisra’el, ons vaders het alles bewaar wat U ons vir ewig belowe het. Draai nou ons verstand, wil en emosie weg van boosheid dat ons nie voor U sal sondig nie en berei ons verstand, wil en emosie voor om U te aanbid

19 en gee aan my seun Shlomo ’n volmaakte verstand, wil en emosie, om U opdragte, U getuienisse en U instellings te hou en om al hierdie dinge te doen wat ek beveel het en om die tempel te bou waarvoor ek voorsien het, want U groot Naam (Karakter en Outoriteit) sal afgesonder en geprys word in die teenwoordigheid van hulle wat U aanbid, in die wêreld wat U geskep het.”

20 Toe het Dawid aan die hele vergadering gesê: “Praat goed van יהוה, julle God.” Die hele vergadering het יהוה, die God van hulle vaders, geseën en hulle het neergebuig en יהוה aanbid en ook vir koning Dawid geseën.

21 Hulle het offers en brandoffers aan יהוה geoffer en die volgende dag ’n duisend bulle, ’n duisend ramme en ’n duisend lammers geoffer saam met hulle drankoffers en in oorvloed vir die hele Yisra’el geoffer.

22 Hulle het dié dag met groot blydskap geëet en gedrink in die Teenwoordigheid van יהוה en hulle het Shlomo, die seun van Dawid, koning gemaak en Tzadok as priester aangestel.

23 Toe het Shlomo op die troon van die koninkryk van יהוה gaan sit as koning in die plek van sy vader Dawid en hy was voorspoedig en die hele Yisra’el het hom gehoorsaam.

24 Al die magtige manne en die seuns van koning Dawid het hulle aan koning Shlomo onderwerp

25 en יהוה het Shlomo buitengewoon groot gemaak voor die oë van die hele Yisra’el en so ’n groot koninklike majesteit op hom gelê soos wat nog op geen koning van Yisra’el voor hom was nie.
26 So het Dawid, die seun van Yishai, Shlomo, sy seun, koning gemaak oor die hele Yisra’el.
27 Die tyd wat Dawid oor die hele Yisra’el regeer het, was veertig jaar. Hy het sewe jaar in Hevron regeer en drie en dertig jaar in Yerushalayim oor die hele Yisra’el en Y’hudah.
28 Dawid, die seun van Yishai het in ’n goeie ouderdom gesterf, oud en groot in wêreldse rykdom en eer en sy seun Shlomo het in sy plek geheers.
29 Die dade van koning Dawid, van die eerste tot die laaste, let op, hulle is opgeskryf in die boekrol van Sh’mu’el, die profeet en in die boekrol van Natan, die profeet en in die boekrol van Gad, die profeet,
30 saam met sy hele regering en sy mag en die tye wat oor hom en oor Yisra’el en oor al die koninkryke van die lande verbygegaan het. Dawid het gedoen wat goed was in die Teenwoordigheid van יהוה en in niks van Sy opdragte aan hom, oortree nie.

Die nege en dertigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die dertiende boek van die Geskrifte

# Divrei-HaYamim Beit

(2 Kronieke)

דברי הימים Divrei-HaYamim.

- Die woorde van die dae

Die boek is deur `Ezra, rondom 404 voor Yeshua gekom het vanuit beide Bybelse en bronne nie in die Bybel opgeneem nie, saamgestel.

1 1 Shlomo, die seun van Dawid, is onveranderlik versterk in sy koninkryk en יהוה, sy God, was by hom en het hom uitermate opgelig bo al die konings van die aarde.
2 Toe het Shlomo met die hele Yisra'el gepraat, met die bevelvoerders oor 'n duisend en oor 'n honderd en met die regters en met al die prinse, die familiehoofde.
3 Shlomo en almal wat by hom was, het na 'n groot feesmaal gegaan by die dorp Giv'on, want die Tent van Bymekaarkoms van יהוה, wat Mosheh, die kneg van יהוה, in die woestyn gemaak het, was daar. [1 Kon 3:4; 1 Kro 21:28,29]
4 Dawid het die ark van יהוה uit Kiryat-Ye'arim laat bring na die plek wat Dawid daarvoor voorberei het, want hy het 'n tent in Yerushalayim daarvoor opgeslaan.
5 Die koper altaar wat B'tzal'el, die seun van Uri, [Eks 31:2] die seun van Hur, gemaak het, was ook daar voor die tabernakel van יהוה en Shlomo en die hele vergadering van Yisra'el het daarheen gegaan.
6 Shlomo het daar op die koper altaar, wat by die Tent van Ontmoeting was, 'n duisend brandoffers gebring.
7 Daardie nag het יהוה aan Shlomo verskyn in 'n visioen en vir hom gesê: "Vra wat Ek aan jou moet gee."
8 Shlomo het vir יהוה gesê: "U het aan my vader, Dawid, groot onverdiende guns bewys en my in sy plek laat heers.
9 O יהוה, my God, laat U belofte aan my vader, Dawid, bevestig word, want U het my koning gemaak oor hierdie volk, talryk soos die stof van die aarde.
10 Gee nou vir my wysheid en kennis sodat ek voor hierdie volk kan uit- en ingaan, want wie kan hierdie groot volk van U regeer?" [1 Kro 22:12]
11 Toe sê God aan Shlomo: "Omdat dít in jou gedagtes was en jy nie rykdom, eer en die lewe van jou vyande of 'n lang lewe begeer het nie, maar wysheid en kennis vir jouself gevra het om My volk, waaroor Ek jou koning gemaak het, te kan regeer,
12 gee Ek ook aan jou die dinge wat jy nie gevra het nie. Ek sal vir jou wysheid, kennis, rykdom, skatte en eer gee soos wat die konings wat voor jou was, nie gehad het nie en niemand ná jou ook sal hê nie.
13 Shlomo het vanaf sy reis, na die groot feesmaal van voor die Tent van Ontmoeting, wat by die dorp Giv'on, oos van Yerushalayim, was, gekom en oor die hele Yisra'el regeer.
14 Shlomo het strydwaens en perderuiters bymekaargemaak en hy het een duisend vier honderd waens en twaalf duisend perderuiters gehad, wat hy in die strydwastede en sommige by die koning in Yerushalayim gesit het. [Deut 17:16; 1 Kon 10:26]
15 Die koning het silwer in Yerushalayim so algemeen gemaak soos klippe en seders so volop soos wildevyebome wat in die Laagland is. [1 Kon 10:27; 2 Kro 9:27]
16 Die koning se handelaars het teen 'n prys vir Shlomo perde gekoop vanaf Mitzrayim en vanaf die stede van Keveh. [Deut 17:16; 1 Kon 10:28]
17 Hulle het gegaan en 'n strydwa uit Mitzrayim gebring vir ses honderd sikkels silwer en 'n perd vir 'n honderd en vyftig en so het hulle deur die koning se handelaars perde gebring vir al die konings van die Hittiete en die konings van Aram.

2 1 Shlomo het bevel gegee om vir die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה 'n tempel te bou en 'n huis vir sy koninkryk.
2 Shlomo het sewentig duisend mans aangestel om vragte te dra en tagtig duisend klipkappers in die berge en drie duisend ses honderd om oor hulle toesig te hou.
3 Shlomo het na Hiram, die koning van Tzor gestuur en gesê: "Soos wat u groot guns aan my vader, Dawid, bewys het deur aan hom seders te stuur, om vir hom 'n huis te bou om in te woon,
4 let op, ek bou 'n huis vir die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, my God, om dit tot Hom af te sonder, om soet wierook voor Hom te brand, om 'n lamp voortdurend voor Hom te laat brand en om brandoffers, oggend en aand, op die Shabbat en Nuwemane, op die vasgestelde feeste van יהוה, ons God, te bring. Dit is 'n ewige instelling vir Yisra'el.
5 Die huis wat ek gaan bou, sal groot wees, want ons God is groter as al die konings,
6 maar wie is in staat om vir Hom 'n huis te bou aangesien die hemel en die hoogste hemele Hom nie kan bevat nie? Wie is ek dan, dat ek vir Hom 'n huis kan bou, of om voor Hom soet wierook te brand?
7 Stuur dan nou vir my 'n bekwame man om met goud, silwer, koper, yster, purper, fyn linne en bloedrooi en persblou stowwe te werk en wat bekwaam is om te graveer, saam met die bekwame manne wat by my in Y'hudah en Yerushalayim is, wat my vader, Dawid, voorsien het.
8 Stuur ook vir my seder-, sipres- en sandelhout vanuit die L'vanon, want ek weet dat u diensknegte weet hoe om die seders van L'vanon te kap en let op, my diensknegte sal saam met u diensknegte wees
9 en vir my hout in oorvloed bring, want die huis wat ek gaan bou, sal groot en wonderbaar wees.
10 Ek sal skrynwerkers, wat bekwaam is in houtwerk, voorsien en kos vir u diensknegte, twintig duisend kor koring en twintig duisend kor gars en twintig duisend bat wyn en twintig duisend bat olie."
11 Hiram, koning van Tzor, het Shlomo in 'n brief geantwoord en gesê: "Omdat יהוה sy volk lief het, het Hy u koning oor hulle gemaak."
12 Verder het Hiram gesê: "Geseënd is יהוה, die God van Yisra'el, wat die hemel en die aarde gemaak het, wat aan koning Dawid 'n wyse seun gegee het, begaafd met versigtigheid en begrip, wat besluit het om 'n huis vir יהוה en 'n huis vir sy koninkryk te bou.
13 Ek het nou vir jou 'n bekwame man met insig gestuur, Hiram,
14 die seun van 'n weduwee uit die huis van Dan en sy vader was 'n bekwame man. Hy weet hoe om te werk in goud, silwer, koper, yster, klippe, hout, purperrooi en persblou stowwe, fyn linne en bloedrooi stowwe en om allerhande sleutels vir die deure te maak en om enige kunswerk te beplan wat aan hom opgedra word deur יהוה, saam met u kunstenaars en die kunstenaars van ons meester, u vader, Dawid;
15 daarom, laat my meester dan nou die koring, die gars, die olie en die wyn, wat hy aan sy dienskneg belowe het, stuur

16 en óns sal sederbome uit die L’vanon kap, net soveel as wat u begeer en ons sal dit na u toe bring as vlotte per see na Yafo; ú kan dit dan na Yerushalayim laat dra.
17 Toe het Shlomo al die proseliete bymekaargemaak wat in die land van Yisra’el was, volgens die telling van sy vader, Dawid en daar is een honderd drie en vyftig duisend ses honderd gevind.
18 Koning Shlomo het sewentig duisend van hulle vragdraers gemaak en tagtig duisend klipkappers in die berge en drie duisend ses honderd toesighouers om die mense te laat werk. [1 Kon 5:15]

3 1 Toe het Shlomo die gebou van יהוה begin bou in Yerushalayim op die berg Moriyah waar sy vader, Dawid, voorberei het op die dorsvloer van Aravnah, die Y’vusiet. [Gen 22:2; 1 Kro 21:15-29]
2 Hy het begin om die tempel te bou in die tweede maand van die vierde jaar van sy regering.
3 Hierdie is die mates wat Shlomo gemeet het vir die bou van die gebou van יהוה: die lengte van die gebou volgens die standaard mate, was sestig el, die hoogte dertig el en die breedte twintig el.
4 Die stoep wat hy vooraan gemaak het, so lank soos die breedte van die gebou, twintig el en die hoogte twintig el en hy het dit aan die binnekant met suiwer goud oorgetrek.
5 Die groot vertrek het hy met sipreshout, wat hy met fyn goud oorgetrek het, bedek en die beelde van palmbome en kettings daarop uitgegraveer.
6 Hy het die gebou met kosbare stene versier vir mooiheid en dit alles met fyn goud oorgetrek.
7 Hy het ook die gebou, vanaf die voorkant van die stoep, sy mure en die deurkosyne met fyn goud oorgetrek en beelde van palmbome en blomme daarop gegraveer.
8 Hy het die Mees Afgesonderde Plek se vertrek gemaak; die lengte daarvan was dieselfde as die breedte van die gebou, twintig el en sy breedte, twintig el. Hy het dit oorgetrek met fyn goud van ses honderd talente.
9 Hy het ook die bo-vertrekke met goud oorgetrek.
10 In die Mees Afgesonderde Plek het hy twee gérubs gemaak van soliede materiaal en dit met fyn goud oorgetrek.
11 Die vlerke van die gérubs was twintig el lank; een vlerk van een gérub was vyf el en het geraak aan die muur van die gebou en die ander vlerk, ook vyf el, het geraak aan die ander gérub se vlerk.
12 Die vlerk van die ander gérub van vyf el het geraak aan die muur van die vertrek en die ander vlerk van vyf el was vas teen die vlerk van die ander gérub.
13 Hierdie gérubs se vlerke het twintig el uitgesprei en hulle het op hul voete gestaan met hul gesigte na die binnekant toe.
14 Hy het die bedekkingsgordyn van persblou, purper, donkerrooi en fyn linne gemaak met gérubs daarop aangebring. Hy het die ark daarbinne gesit.
15 Verder het hy twee groot pilare voor die gebou gemaak; agtien el lank met die pilaar kopstuk bo-op elkeen, vyf el hoog.

16 Hy het ook kettings gemaak van vyftig el lank en hulle op die bokant van die pilare gesit. Hy het ’n honderd granate gemaak en op die ketting gesit.

17 Hy het die twee pilare voor die tempel opgerig, die een aan die regterkant en die ander, links. Hy het die een aan die regterkant Yakhin genoem en die een aan die linkerkant Bo’az.

4 1 Verder het hy ’n altaar van koper gemaak; twintig el was sy lengte, twintig el sy breedte en tien el sy hoogte.

2 Hy het ook ’n gegote see gemaak; van rand tot rand was dit tien el, rond in vorm en die hoogte daarvan was vyf el en sy omtrek dertig el.

3 Dit het gestaan op twaalf beeste: drie wat kyk na die noorde, drie wat kyk na die suide, drie wat kyk na die weste en drie wat kyk na die ooste toe en die see was bo-op hulle en al hulle agterstewes was binnekant toe.

4 Die dikte daarvan was ’n handbreedte en sy rand was rond soos die rand van ’n beker, baie mooi.

5 Hy het tien pale gemaak en vyf aan die regterkant en vyf aan die linkerkant gesit om die altaar vir die brandoffer mee te dra.

6 Hy het tien waskomme gemaak van koper en vyf regs en vyf links gesit vir die priesters om hulle hande en voete in te was.

7 Hy het tien goue kandelare gemaak, volgens die voorskrif daarvan en dit in die tempel gesit, vyf aan die regterkant en vyf aan die linkerkant.

8 Hy het ook tien tafels gemaak en hulle in die tempel gesit, vyf aan die regterkant en vyf aan die linkerkant en hy het ’n honderd goue komme gemaak.

9 Hy het ook ’n groot ruimte gemaak vir die priesters en die Leviete en die deure en die balke met koper oorgetrek.

10 Hy het die see aan die regterkant van die noordelike end gesit, teenoor die suide.

11 Hiram het die potte, die grawe en die komme gemaak en Hiram het die werk voltooi wat hy vir koning Shlomo in die huis van God gedoen het:

12 twee pilare met die knoppe en die pilaarkoppe bo-op die top van die twee pilare en die twee stukke vlegwerk om die twee bolle van die pilaarkoppe, wat op die top van die pilare was, te bedek

13 en die vier honderd granate op die twee stukke vlegwerk, twee rye granate vir elke vlegwerk om die twee bolle van die pilaarkoppe bo-op die pilare te oordek.

14 Hy het ook basisse gemaak met komme op die basisse;

15 een see en die twaalf beeste daaronder;

16 die potte, die grawe en die vleishake en al hulle gereedskap het Hiram van gepoleerde koper vir koning Shlomo gemaak, vir die huis van יהוה.

17 In die Yardenvlakte, in die kleigrond tussen Sukkot en Tz’redah, het die koning dit gegiet.

18 Shlomo het al hierdie voorwerpe in oorvloed gemaak, want die gewig van hierdie koper houers wat Shlomo gemaak het, was onberekenbaar.

19 Shlomo het al die voorwerpe vir die huis van God van suiwer goud gemaak, asook die goue altaar en die tafels waarop die brode van die Teenwoordigheid neergesit is

20 en die kandelare met hulle lampe om volgens voorskrif voor die binneste vertrek te brand
21 en die blomwerk, die lampe en die tange het hy van goud gemaak; van die suiwerste goud
22 en die snuiters, komme, lepels en vuurpanne van suiwer goud. Wat die ingang van die huis betref, die binnedeure na die Mees Afgesonderde plek en die deure van die vertrek van die tempel was van goud.

5 1 Al die werk wat Shlomo vir die huis van יהוה gedoen het, was klaar en Shlomo het al die dinge ingebring wat sy vader, Dawid, afgesonder het en die silwer, die goud en al die voorwerpe het hy in die skatkamers van die huis van יהוה neergesit.
2 Toe het Shlomo al die oudstes van Yisra'el, die stamhoofde en die familiehoofde van die seuns van Yisra'el, in Yerushalayim bymekaar laat kom om die ark van die verbond van יהוה uit die stad van Dawid, dit is Tziyon, te bring, [1 Kon 8]
3 waarby al die manne van Yisra'el hulle by die koning in Yerushalayim vergader het op die fees van Sukkot, wat in die sewende maand is.
4 Al die oudstes van Yisra'el het gekom en die priesters het die ark opgetel
5 en die ark, die tent van ontmoeting en al die afgesonderde voorwerpe wat in die tent was, dit het die Leviete en die priesters gebring.
6 Koning Shlomo en die hele vergadering van Yisra'el wat by hom bymekaar was voor die ark, het hulle kleinvee en beeste geoffer wat vanweë die menigte nie getel of bereken kon word nie.
7 Toe het die priesters die ark van die verbond van יהוה na sy plek in die Mees Afgesonderde Plek gebring, onder die vlerke van die gérubs,
8 want die gérubs het hulle vlerke uitgesprei oor die plek van die ark en die gérubs het die ark en sy draagbalke van bo af bedek.
9 Die draagbalke was so lank dat die punte van die draagbalke, van onder die ark, vanuit die binneste vertrek gesien kon word, maar hulle was nie sigbaar van buite af nie en daar het hulle gebly tot vandag toe.
10 Daar was niks in die ark nie behalwe die twee tafels wat Mosheh daar ingesit het, wat hy vanaf Horev gebring het, dieselfde verbond wat יהוה met die seuns van Yisra'el gesluit het toe hulle uit Mitzrayim uitgekom het.
11 Dit het gebeur dat die priesters uit die Afgesonderde Plek uitgegaan het, want al die priesters wat daar was, het in die Afgesonderde Plek ingegaan,
12 ook die Leviete wat sangers was, van Asaf, Heman en Y'dutun, met hulle seuns en hulle broers, aangetrek in wit linne, met simbale, instrumente en harpe, aan die oostekant van die altaar en saam met hulle 'n honderd en twintig priesters wat op die trompette blaas;
13 die trompetblasers en die sangers was saam soos een sodat een klank gehoor is om יהוה te prys en te dank. Toe hulle hul stemme oplig saam met die trompette, die simbale en die musiekinstrumente, om יהוה te loof en te sê: "Hy is goed, Sy onverdiende guns duur vir ewig," is die huis van יהוה met 'n wolk gevul.
14 Die priesters kon nie staan om te bedien as gevolg van die wolk nie, want die huis van יהוה was gevul met die helderheid van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid.

6 1 Toe het Shlomo gesê: “יהוה, U het verklaar dat U in die digte wolk sal bly,
2 maar ek het vir U ’n blyplek gebou en ’n plek vir U om ewig in te bly.”
3 Toe draai die koning sy gesig om en seën die hele vergadering van Yisra’el terwyl die hele vergadering van Yisra’el staan.
4 Hy het gesê: “Geseënd is יהוה, die God van Yisra’el, wat met Sy eie mond met my vader, Dawid, gepraat het en met Sy woord vervul het wat Hy belowe en gesê het:
5 ‘Vanaf die dag dat Ek My volk uit die land van Mitzrayim uitgebring het, het Ek geen stad gekies uit al die stamme van Yisra’el om ’n huis te bou sodat My Naam (Karakter en Outoriteit) daar sou wees nie,
6 maar Ek het Yerushalayim gekies sodat My Naam (Karakter en Outoriteit) daar sou wees en Ek het Dawid gekies om koning oor My volk Yisra’el te wees.’
7 Dit was in die verstand, wil en emosie van my vader, Dawid, om ’n huis te bou vir die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, die God van Yisra’el,
8 maar יהוה het vir my vader, Dawid, gesê: ‘Dat dit in jou verstand, wil en emosie was om vir My Naam (Karakter en Outoriteit) ’n huis te bou, dit was goed dat dit in jou verstand, wil en emosie was,
9 nogtans sal jy nie die huis vir My Naam (Karakter en Outoriteit) bou nie, maar jou seun wat uit jou lendene sal voortkom, hy sal vir My Naam (Karakter en Outoriteit) die huis bou.’
10 יהוה het volgens Sy woord, wat Hy gesê het, gedoen, want ek het opgestaan in die plek van Dawid, my vader en ek sit op die troon van Yisra’el, soos יהוה belowe het en ek het die huis gebou vir die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, die God van Yisra’el
11 en ’n plek vir die ark voorberei waarin die verbond van יהוה is, wat Hy met ons vaders gesluit het, toe Hy hulle uit die land van Mitzrayim uitgebring het.”
12 Shlomo het opgestaan voor die altaar van יהוה in die teenwoordigheid van die hele vergadering van Yisra’el en sy hande uitgesprei na die hemel,
13 want Shlomo het ’n koper verhoog gemaak en dit in die middel van die oopte opgestel; vyf el lank, vyf el breed en drie el hoog; hy het daarop gaan staan en op sy knieë neergebuig voor die hele vergadering van Yisra’el en sy hande na die hemel uitgesprei in gebed
14 en gesê: “יהוה, God van Yisra’el, daar is niemand soos U nie, U is יהוה wat in die hemele daar bo bly en U wil word op die aarde, hier onder, uitgevoer, U hou U verbond en bewys onverdiende guns aan U diensknegte wat met hulle hele verstand, wil en emosie opreg voor U lewe,
15 U wat vir U kneg, my vader, Dawid, U belofte nagekom het; U het met U mond gepraat en met U wil volbring, soos dit vandag is;
16 daarom, nou, יהוה, God van Yisra’el, hou ook U belofte wat U aan U dienskneg, my vader, Dawid, gedoen het, deur te sê: ‘Daar sal vir jou nooit ’n man voor My ontbreek om te sit op die troon van Yisra’el nie, as jou seuns net sal oplet op hulle lewenswyse om te leef in My wet soos wat jy voor My geleef het.
17 Laat dan nou, יהוה, God van Yisra’el, U woord bevestig word wat U vir U dienskneg, Dawid, gesê het,

18 want in waarheid het יהוה Sy blyplek by Sy volk, Yisra’el gemaak op aarde. Let op, die hemel, ja, die hoogste hemel kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het!

19 Gee dus aandag aan die gebed van U kneg en aan sy smeking, יהוה, my God, deur te luister na die gebed en smeking wat U kneg op hierdie dag voor U bid

20 dat hierdie huis in U Teenwoordigheid mag bly, dat U sal hoor en luister na die gebed van wie ook al tot U sal bid in hierdie huis, dag of nag, die plek waar U gesê het dat U sal bly.

21 Hoor en luister dan na die gebed van U dienskneg en van U volk Yisra’el wat hulle in U Teenwoordigheid, in hierdie plek sal bid; hoor vanaf U blyplek, vanuit die hemel en wanneer U hoor, vergewe.

22 As iemand sy naaste te na sou kom en hulle hom ’n eed laat aflê en hy kom en sweer voor U altaar in hierdie huis,

23 hoor dan uit die hemel sy gebed, tree op en oordeel U diensknegte, deur die skuldige te vergeld deur sy skuld op sy eie kop af te bring en die regverdige onskuldig te verklaar deur hom te beloon volgens sy onpartydige opregtheid.

24 As U volk, Yisra’el, verslaan word voor ’n vyand omdat hulle teen U gesondig het en hulle keer terug na U en bely U groot Naam (Karakter en Outoriteit) en bid en smeek voor U Teenwoordigheid in hierdie huis,

25 hoor dan uit die hemel en vergewe die sonde van U volk Yisra’el en bring hulle terug na die land wat U aan hulle en hulle vaders gegee het.

26 Wanneer die hemel toegesluit is en daar geen reën is nie omdat hulle teen U gesondig het en hulle tog in U Teenwoordigheid in hierdie plek tot U bid en U groot Naam (Karakter en Outoriteit) bely en wegdraai van hulle sonde wanneer U hulle teister,

27 hoor dan vanuit die hemel hulle gebed en vergewe die sondes van U diensknegte en van U volk Yisra’el, wanneer U hulle die goeie pad leer waarin hulle moet loop en reën van seën stuur op die land wat U aan U volk gegee het as ’n erfenis.

28 As daar hongersnood in die land is, as daar pes is, as daar brandkoring of heuningdou, sprinkane of ruspes is, as hulle vyande hul beleër in die stede in hulle land, watter probleem of watter siekte daar ook al is,

29 dan, watter gebed, watter smeking ook al deur enige mens of deur U hele volk Yisra’el gedoen sal word, wanneer elkeen sy eie probleem sal verklaar en sal kom en sy hande in hierdie huis uitsprei,

30 hoor dan vanuit die hemel hulle gebed en vergewe hulle sonde en gee aan elke mens wie se verstand, wil en emosie U ken, volgens al sy wandel, want U alleen ken die verstand, wil en emosie van al die mensekinders

31 sodat hulle U respekvol kan vrees om voor U te lewe in U lewenswyse, solank hulle leef in die land wat U aan ons vaders gegee het.

32 Verder, wat die vreemdelinge betref wat nie deel van U volk Yisra’el is nie, maar uit ’n ver land kom ter wille van U groot Naam (Karakter en Outoriteit), U sterke hand en U uitgestrekte arm, as hulle kom en op daardie dag in U Teenwoordigheid in hierdie huis bid,

33 hoor dan vanuit U blyplek, vanuit die hemel en doen volgens alles wat die vreemdeling voor U bid sodat al die volke van die aarde U Naam (Karakter en Outoriteit) mag ken en U aanbid soos U volk Yisra’el en dat hulle mag weet dat hierdie huis wat ek gebou het, in U Naam (Karakter en Outoriteit) genoem word.
34 As U volk uitgaan in oorlog teen hulle vyande op die pad waarop U hulle sal stuur en hulle bid tot U in die rigting van hierdie land wat U aan hulle vaders gegee het, of na hierdie stad wat U gekies het, of na hierdie huis wat ek vir U Naam (Karakter en Outoriteit) gebou het,
35 hoor dan vanuit die hemel hulle gebed en hulle smeking en bepleit hulle saak.
36 As hulle teen U sondig, want daar is geen mens wat nie sondig nie en U is kwaad vir hulle en gee hulle oor aan hulle vyande en hulle vat hulle weg as gevangenes na ’n land, ver of naby
37 en as hulle tog terugdraai na U en in die land waarheen hulle weggevat is bid en sê: ‘Ons het gesondig, ons het U getart tot woede en boos opgetree’
38 en hulle in die land van hul gevangenskap, waarheen hulle weggevat is, na U toe terugdraai met hul hele verstand, wil en emosie en met hul hele lewe en hulle bid in die rigting van hulle land wat U aan hulle vaders gegee het en van die stad wat U gekies het en van die huis wat ek vir U Naam (Karakter en Outoriteit) gebou het,
39 hoor dan uit die hemel, uit U blyplek, hulle gebed en hulle smekinge en erken hulle saak en vergewe U volk wat teen U gesondig het.
40 Nou, o my God, laat U oë oop wees en U ore luister na die gebed wat in hierdie plek gemaak word.
41 Staan nou op, יהוה-God, in U rusplek, U en die ark van U sterkte! Laat U priesters, יהוה-God, met verlossing aangetrek wees en laat U regverdige manne hulle verheug in U goedheid.
42 יהוה-God, draai nie die gesig van U gesalfde een weg nie; onthou die onverdiende guns aan U dienskneg, Dawid!”

7 1 Net toe Shlomo klaar gebid het, het die vuur uit die hemel afgekom en die brandoffer en die hout verteer en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het die huis gevul
2 en die priesters kon nie in die huis van יהוה ingaan nie, want die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het die huis van יהוה gevul.
3 Toe al die kinders van Yisra’el sien hoe die vuur afkom en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה die huis vul, het hulle neergebuig op die plaveisel met hulle gesigte op die grond en het aanbid en vir mekaar gesê: “Lofprys יהוה, want Hy is goed, Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig.”
4 Toe het die koning en die hele volk offers gebring in die Teenwoordigheid van יהוה.
5 Koning Shlomo het ’n offer gebring van twee en twintig duisend beeste en ’n honderd en twintig duisend kleinvee. So het die koning en die hele volk die huis van God ingewy [1 Kon 8:63]

6 terwyl die priesters op hulle poste was en die Leviete met musiekinstrumente יהוה geloof het en dit is wat hulle in hulle lofprysing gesê het, deur die liedere van Dawid: "Loof יהוה met uitgestrekte hande, want Hy is goed, Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig." [Ps 136] Die priesters het met gedraaide en reguit trompette geblaas en die hele Yisra'el het gestaan.

7 Shlomo het die middel van die ruimte afgesonder wat voor die huis van יהוה was, want daar het hy brandoffers en die vetstukke van die vredesoffers geoffer omdat die koper altaar wat Shlomo gemaak het, te klein was om die brandoffer, die graanoffer en die vet te hou.

8 Shlomo het ook in daardie tyd die fees gehou vir sewe dae en die hele Yisra'el saam met hom, 'n baie groot vergadering. Die mense het vanaf Hamat tot by die spruit van Mitzrayim, voor יהוה, ons God, vergader.

9 Sewe dae is gegee vir die fees en sewe dae vir die inwyding, die lengte van die geleentheid was veertien dae. [1 Kon 8:65]

10 Op die vyftiende dag het die koning die volk laat gaan en die volk het die koning geseën en na hulle dorpe gegaan, bly en vrolik en het lof en dank gegee aan יהוה vir al die goedheid wat Hy aan Dawid, Sy dienskneg, Shlomo, sy seun en aan Sy volk, Yisra'el, bewys het. [1 Kon 8:66]

11 Dit het gebeur dat Shlomo die huis van יהוה en die huis van die koning klaar gebou het en alles wat Shlomo in sy gedagtes beplan het om in die huis van יהוה en in die koning se huis te doen, het hy suksesvol uitgevoer. [Ps 1:3]

12 יהוה het in daardie nag aan Shlomo verskyn en vir hom gesê: "Ek het jou gebed gehoor en hierdie plek vir Myself gekies as 'n plek van offers.

13 As Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of as Ek peste onder My volk stuur;

14 as My volk, wat in My Naam (Karakter en Outoriteit) geroep is, hulleself verneder (vas), bid, My Teenwoordigheid soek en wegdraai van hul verkeerde lewenswyses, dan sal Ek vanuit die hemel hoor, hulle sondes vergewe en hulle land genees.

15 Nou sal My oë oop wees en My ore luister na die gebed wat in hierdie plek gemaak word, [1 Kon 9:3]

16 want nou het Ek hierdie huis gekies vir Myself sodat My Gemanifesteerde Teenwoordigheid vir ewig daarin sal wees en dat My goeie werke en My wil vir altyd daarin gedoen sal word. [Yeg 43:7]

17 Wat jou betref, as jy in My Teenwoordigheid loop soos jou vader, Dawid, geloop het, met onskuld van verstand, wil en emosie en met opregtheid, om alles te doen wat Ek jou beveel het en My opdragte en regverdige oordele nakom,

18 dan sal Ek die troon van jou koninkryk vir ewig bevestig, soos wat Ek 'n verbond gesluit het met jou vader deur te sê: 'Daar sal vir jou nie 'n seun kortkom in My Teenwoordigheid, om te sit op die troon van Yisra'el nie,' [2 Sh'm 7:12,16; 1 Kon 2:4]

19 maar as julle wegdraai van My lewenswyses, beide jy en jou kinders en nie My opdragte en My instellings hou wat Ek voor julle gesit het nie, maar gaan en die afgode van ander nasies dien en hulle aanbid,

20 dan sal Ek hulle verstrooi uit hierdie land wat Ek aan hulle gegee het en hierdie huis wat Ek vir My Naam (Karakter en Outoriteit) afgesonder het, sal Ek voor My gesig ontwortel en Yisra’el sal ’n spreekwoord en ’n bespotting wees onder al die nasies.

21 Hierdie huis sal in puin wees en elkeen wat verbygaan, sal staan en sy kop skud in verwondering en vra: “Waarom het יהוה so gedoen aan hierdie groot stad en aan hierdie huis?’

22 Hulle sal sê: “Omdat hulle die verbond van יהוה, die God van hulle vaders, wat hulle uit die land van Mitzrayim uitgebring het, verlaat het en hulle gegaan en die gode van die ander nasies respekvol gevrees, hulle gedien en aanbid het, het יהוה hierdie boosheid oor hulle gebring.

8 1 Dit het gebeur aan die einde van die twintig jaar waarin Shlomo die huis van יהוה en die paleis gebou het

2 dat Shlomo die stede wat Hiram aan hom gegee het, herbou en die seuns van Yisra’el daar laat bly het.

3 Shlomo het na Hamat-Tzovah gegaan, dit aangeval en vernietig.

4 Hy het Tadmor, wat woes gelaat is soos die wildernis, asook al die voorraadstede gebou

5 en vir Beit-Horon-Bo en Beit-Horon-Onder gebou

6 en al die voorraadstede wat Shlomo gehad het, asook al die strydwa-stede en die stede vir die perderuiters. Alles wat Shlomo begeer het om te bou in Yerushalayim en in L’vanon en in die hele land van sy heerskappy, het hy gebou.

7 Al die mense wat oorgebly het van die Hittiete, Emoriete, P’riziete, Hiviete en Y’vusiete, wat nie van Yisra’el was nie,

8 van hulle seuns wat ná hulle oorgebly het in die land, wat die seuns van Yisra’el nie uitgewis het nie, dié het Shlomo arbeiders vir homself gemaak sowel as werkers en belastingpligtiges, tot vandag toe,

9 maar van die seuns van Yisra’el het Shlomo geen slawe gemaak in sy koninkryk nie, maar hulle was krygsmanne en bevelvoerders van sy strydwaens en sy perderuiters.

10 Hierdie was die goewerneurs en toesighouers van koning Shlomo, vyf honderd en vyftig, wat outoriteit oor die mense, wat die werk gedoen het, uitgevoer het.

11 Shlomo het die dogter van Farao uit die stad van Dawid gebring na die huis wat hy vir haar gebou het, want hy het gesê: “Geen vrou sal saam met my bly in die huis van Dawid, die koning van Yisra’el, nie, want die plek waarin die ark van יהוה gekom het, is afgesonderd.”

12 Toe het Shlomo brandoffers en vredesoffers aan יהוה gebring op die altaar van יהוה wat hy voor die stoep gebou het.

13 Volgens die voorskrifte van elke dag, het hy geoffer volgens die opdrag van Mosheh, op die Shabbatte en op die nuwemane en op die vasgestelde feeste, drie maal per jaar, tydens die Fees van Ongesuurde brode, die Fees van Weke en op die Fees van Hutte.

14 Hy het volgens die voorskrif van sy vader, Dawid, die afdelings van die priesters vir hulle dienswerk ingedeel, die Leviete vir hulle ampspligte, om voor die priesters te prys en te dien, volgens wat elke dag vereis en vir die poortwagters volgens hulle afdelings om die poorte elke dag te bewaak, want so het Dawid, die man wat God koning gemaak het, beveel.
15 Hy het van niks afgewyk wat koning Dawid hom beveel het aangaande die priesters, die Leviete en ten opsigte van al die dienste van die huis, nie.
16 So is al die werk van Shlomo in volgorde gedoen vanaf die dag dat die fondasies van die huis van יהוה gelê is totdat al sy werk voltooi is.
17 Toe het Shlomo na `Etzyon-Gever gegaan, die dorp oorkant Elot, aan die seekus in die land van Edom.
18 Hiram het sy diensknegte per skip gestuur, bekwame seemanne wat weet hoe om skepe in die see te navigeer en hulle het saam met Shlomo se diensknegte na die stad van Ofir gegaan en omtrent vier honderd talente goud gevat en na koning Shlomo gebring.

9 1 Toe die koningin van Sh’va hoor van die beroemdheid van Shlomo, het sy gekom om Shlomo met raaisels te toets. Sy het na Yerushalayim gekom met ’n baie groot trek: met kamele wat speserye, goud in oorvloed en edelgesteentes gedra het en toe sy by Shlomo kom, het sy vir hom alles vertel wat in haar verstand, wil en emosie was.
2 Koning Shlomo het aan haar al die geheime in haar binneste vertel en daar was niks verborge vir die koning wat hy nie vir haar kon vertel nie.
3 Toe die koningin van Sh’va die wysheid van Shlomo sien en die huis wat hy gebou het,
4 die voedsel van sy tafel en hoe sy diensknegte sit en sy ministers se teenwoordigheid en hulle klere, sy skinkers en hulle klere en die offers wat hy in die huis van יהוה geoffer het, was daar geen gees in haar oor (begeerte) om meer te sien nie.
5 Sy het vir koning Shlomo gesê: “Dit was ’n waar verslag wat ek in my eie land gehoor het aangaande u dade en u wysheid.
6 Nogtans het ek hulle woorde nie geglo nie totdat ek gekom en my oë dit gesien het en let op, die helfte van die grootheid van u wysheid is my nie vertel nie, want u oortref die verslag wat ek gehoor het.
7 Gelukkig is u diensknegte, wat voortdurend voor u staan en u wysheid hoor!
8 Geseënd is יהוה, u God, wat u gekies en u op die troon van die koninkryk van Yisra’el laat sit het. Omdat יהוה Yisra’el lief het, het Hy u vir ewig oor hulle koning gemaak om te oordeel en reg te laat geskied.”
9 Sy het aan die koning ’n honderd en twintig talente goud en ’n oorvloed speserye en edelgesteentes gegee. Daar was nie sulke speserye in die wêreld soos die wat die koningin van Sh’va aan koning Shlomo gegee het nie.
10 Die diensknegte van Hiram en die diensknegte van Shlomo het ook goud uit Ofir gebring,
11 asook sandelhout vir stoele vir die huis van יהוה en vir die huis van koning Shlomo en harpe vir die sangers. Daar was nog nooit sulkes gesien in die land van Y’hudah nie.

12 Koning Shlomo het vir die koningin van Sh’va alles gegee wat sy gevra het, behalwe wat hy reeds gegee het en vir haar alles vertel wat in haar verstand, wil en emosie is. Sy het teruggekeer na haar eie land, sy en haar diensknegte.

13 Die gewig van Shlomo se inkomste aan goud in een jaar was ses honderd ses en sestig talente goud;

14 behalwe vir die belastings uit die stede en die handel wat die handelaars gebring het. Al die konings van Arabië en die goewerneurs van die land het goud en silwer vir Shlomo gebring.

15 Koning Shlomo het twee honderd groot skilde van geslaande goud gemaak; ses honderd sikkels (6,8kg) goud het in elke groot skild gegaan;

16 asook drie honderd klein skilde van geslaande goud; drie honderd sikkels goud het in elke klein skild gegaan en die koning het hulle in die huis van die L’vanon-woud gesit.

17 Verder het die koning ook ’n groot troon van ivoor gemaak en dit met suiwer goud oorgetrek.

18 Die troon het ses trappe gehad en die rand het van agteraf ingekrul met armleunings aan elke kant van die sitplek, met twee leeus wat agter die armleunings staan.

19 Twaalf leeus het weerskante op die ses trappe gestaan. Die gelyke is nooit in enige koninkryk gemaak nie.

20 Al die houers van die diens van koning Shlomo was van goud en al die voorwerpe van die koning se skatkamers was van suiwer goud; silwer is nie in die dae van Shlomo as iets gereken nie.

21 Die koning het skepe gehad wat na Tarshish gevaar het, saam met die diensknegte van Hiram; een maal elke drie jaar het die Tarshish-skepe ingekom, gelaai met goud, silwer, olifante, ape en poue.

22 Koning Shlomo het groter geword as al die konings van die aarde in rykdom en wysheid.

23 Al die konings van die aarde het die teenwoordigheid van Shlomo opgesoek om die wysheid te hoor wat God in sy binneste gegee het

24 terwyl elkeen sy geskenk saamgebring het: silwer voorwerpe en goue voorwerpe, klere, mirre, speserye, perde en muile, ’n vaste hoeveelheid, elke jaar.

25 Shlomo het veertig duisend stalle gehad vir perde en strydwaens asook twaalf duisend ruiters, wat hy in die stede vir strydwaens en by die koning in Yerushalayim gesit het.

26 Shlomo het geheers oor al die konings vanaf die Eufraat tot by die land van die F’lishtyne en tot by die grens van Mitzrayim.

27 Koning Shlomo het silwer in Yerushalayim so volop gemaak soos klippe en die seders so volop soos wildevyebome wat in die Laagland is. [1 Kon 10:27; 2 Kro 1:15]

28 Hulle het vir Shlomo perde uit Mitzrayim en uit al die lande gebring.

29 Die res van die dade van Shlomo, die vroeëre sowel as die latere, is dit nie opgeskryf in die boek van die profeet Natan, in die profesie van Agiyah, die Shiloniet [1 Kon 11:29] en in die visioene van die siener Ye’do aangaande Yarov’am, die seun van N’vat, nie?

30 Shlomo het vir veertig jaar lank in Yerushalayim oor die hele Yisra’el regeer.

31 Shlomo is by sy vaders neergelê en hulle het hom in die stad van sy vader, Dawid, begrawe en sy seun, Regav'am het in sy plek geheers.

10 1 Regav'am het na Sh'khem gegaan, want die hele Yisra'el het na Sh'khem gekom om hom koning te maak.
2 Dit het gebeur, toe Yarov'am, die seun van N'vat en die hele Yisra'el, dit hoor,
3 hulle gekom het en vir Regav'am, die seun van Shlomo, gesê het:
4 "U vader het ons juk hard gemaak, verlig nou ietwat hierdie harde voorskrifte van u vader en sy swaar juk wat hy op ons gelê het en ons sal u dien."
5 Hy het vir hulle gesê: "Gaan weg en kom oor drie dae terug na my toe." Die mense het weggegaan.
6 Koning Regav'am het beraadslaag met die oudstes wat sy vader, Shlomo, gedurende sy lewe gedien het en hy vra: "Watter raad gee julle my om 'n antwoord aan hierdie mense te gee?"
7 Hulle het met hom gepraat en gesê: "As u hierdie mense goedgunstig sal antwoord en hulle tevrede stel en goeie woorde met hulle praat, sal hulle vir ewig u dienskneg te wees."
8 Hy het egter die raad wat die oudstes hom gegee het, verwerp en beraadslaag met die jongmanne wat saam met hom groot geword en in sy diens gestaan het.
9 Hy het vir hulle gevra: "Watter raad gee julle my dat ons hierdie mense kan antwoord wat met my gepraat en gesê het: 'Maak die juk ligter wat u vader op ons gelê het en ons sal u dien.'?"
10 Die jongmanne wat saam met hom in die straat grootgeword het, antwoord hom en sê: "Só moet u die mense antwoord wat met u gepraat en gesê het: 'U vader het ons juk swaar gemaak, maar u maak dit ietwat ligter oor ons,' só moet u hulle antwoord: 'My pinkie is dikker as my vader se duim. [1 Kon 12:10]
11 Nou, waar my vader 'n swaar juk op julle gelaai het, ék sal by julle juk bysit; het my vader julle met swepe getugtig, ék sal julle met skerpioene tugtig.'"
12 Yarov'am en al die mense het op die derde dag na Regav'am gekom soos die koning hulle gevra en gesê het: "Kom oor drie dae terug na my toe."
13 Die koning het hulle met harde woorde geantwoord en koning Regav'am het die raad van die oudstes verwerp
14 en met hulle gepraat volgens die raad van die jongmanne en gesê: "My vader het julle juk swaar gemaak, maar ék sal daarby bysit; my vader het julle met swepe getugtig, ék sal julle met skerpioene tugtig."
15 Die koning het nie na die volk geluister nie, want God het dit voorgeskryf sodat יהוה die woord van Agiyah, die Shiloniet, die profeet, aangaande Yarov'am, die seun van N'vat, waar kon maak. [1 Kon 11:28-]
16 Toe die hele Yisra'el sien dat die koning nie na hulle luister nie, het die volk die koning geantwoord en gesê: "Ons het geen deel aan Dawid of aan 'n erfenis vir die seun van Yishai nie! Gaan elkeen na sy huis toe, Yisra'el en nou, Dawid, sorg vir jou eie huis!" Yisra'el het na hulle huise teruggekeer,
17 maar oor die seuns van Yisra'el wat in die stede van Y'hudah gebly het, oor hulle het Regav'am regeer.

18 Toe stuur koning Regav'am vir Adoram, wat in beheer van belasting was, maar die seuns van Yisra'el het hom gestenig sodat hy gesterf het, maar koning Regav'am het haastig op sy strydwa geklim, om na Yerushalayim te vlug.
19 So het Yisra'el gerebelleer teen die huis van Dawid, tot vandag toe.

11 1 Toe Regav'am in Yerushalayim kom, het hy van die huise van Y'hudah en Binyamin, honderd en tagtig duisend gekose manne, wat die swaard dra, bymekaargemaak wat soldate was, om teen Yisra'el te veg en die koninkryk te herstel aan Regav'am, die seun van Shlomo.
2 Die woord van יהוה het egter tot Sh'ma'yah gekom en gesê:
3 "Praat met Regav'am, die seun van Shlomo, koning van Y'hudah en met die huis van Binyamin en die hele Yisra'el en die ander mense en sê:
4 'So sê יהוה: Julle mag nie optrek of baklei nie, gaan elkeen terug na sy huis, want hierdie saak kom van My af.'" Hulle het die woord van יהוה gehoorsaam en omgedraai, elkeen na sy huis toe.
5 Yarov'am het Sh'khem gebou op die berg van die stam van Efrayim en daarin gebly. Hy het daarvandaan uitgegaan en P'nu'el gebou.
6 Yarov'am het in sy binneste gesê: "Die koninkryk sal terugkeer na die huis van Dawid
7 as hierdie volk opgaan om offers te bring in die huis van יהוה in Yerushalayim, dan sal die verstand, wil en emosie van die volk weer na יהוה toe draai en hulle sal my doodmaak en die koninkryk tot Regav'am, die seun van Shlomo, herstel;"
8 daarom het die koning beraadslaag en twee kalwers van goud gemaak en vir die volk gesê: "Dit is te veel vir julle om op te gaan na Yerushalayim, waarom sou julle opgaan na Yerushalayim en weer terugkom?" Toe het hy gesê: "Hierdie is jou gode, o Yisra'el, wat jou uit die land van Mitzrayim gebring het."
9 Hy het die een in Beit-El opgestel en die ander in Dan.
10 Hierdie ding het 'n sonde geword, want die mense het voor die kalf gaan neerval, selfs tot by Dan en dit het 'n sonde, tot ontworteling en vernietiging van die aarde af, geword in die hele huis van Yarov'am.
11 In daardie tyd het Aviyah, die seun van Yarov'am, siek geword en Yarov'am sê vir sy vrou: "Staan op en vermom jouself, wees soos 'n eenvoudige vrou sodat jy nie herken word as die vrou van Yarov'am nie en gaan na Shiloh, let op, Agiyah, die profeet is daar, wat vir my gesê het dat ek koning oor hierdie volk moet wees,
12 gaan na hom toe, hy sal jou vertel wat gaan van hierdie kind word."
13 יהוה het aan Agiyah gesê: "Let op, die vrou van Yarov'am kom na jou toe om jou te vra aangaande haar seun, want hy is siek. So en so moet jy vir haar sê, want dit sal wees dat wanneer sy inkom, sy haarself sal vermom."
14 Dit het gebeur toe hy haar voete by die deur hoor dat hy vir haar sê: "Kom in, vrou van Yarov'am, waarom het jy jou vermom, want ek is gestuur om vir jou harde woorde te bring?
15 Gaan sê vir Yarov'am: 'So sê יהוה, die God van Yisra'el: Ek het jou opgelig van tussen die mense en jou koning oor My volk, Yisra'el, gemaak

16 en die koninkryk weggevat van die huis van Dawid en dit aan jou gegee en tog was jy nie soos My dienskneg, Dawid, wat My opdragte gehoorsaam het en in My instellings geleef het met sy hele verstand, wil en emosie, om te doen wat reg is in My Teenwoordigheid, nie,

17 maar jy het boos gedoen bo alle konings wat voor jou was, want jy het gegaan en vir jou afgode vir die nasie gemaak en beelde om voor My te laster en My aanbidding agter jou rug gegooi.” [1 Kon 14:7-]

18 Regav’am het vir Magalat, die dogter van Yerimot, die seun van Dawid, vir hom as vrou geneem en vir Avigayil, die dogter van Eli’av, die seun van Yishai,

19 wat vir hom geboorte gegee het aan seuns: Ye’ush, Sh’maryah en Zaham.

20 Ná haar het hy vir Ma’akhah, die dogter van Avshalom, geneem, wat vir hom geboorte gegee het aan Aviyah, `Atai, Ziza en Shlomit.

21 Regav’am het vir Ma’akhah, die dogter van Avshalom, meer liefgehad as al sy vroue en sy byvroue, want hy het agttien vroue en sestig byvroue gevat en hy het agt en twintig seuns en sestig dogters gehad.

22 Regav’am het Aviyah, die seun van Ma’akhah, kroonprins gemaak, om te heers tussen sy broers, want hy het beplan om hom koning te maak.

23 Hy het verstandig opgetree en al sy seuns versprei in al die streke van Y’hudah en Binyamin, in al die versterkte stede en aan hulle kos in oorvloed gegee. Hy het baie vrouens begeer.

12 1 Dit het gebeur toe Regav’am die koningskap gevestig en homself versterk het dat hy die wet van יהוה verlaat het en die hele Yisra’el saam met hom.

2 Dit het gebeur in die vyfde jaar van koning Regav’am dat Shishak, koning van Mitzrayim, teen Yerushalayim opgetrek het omdat hulle oortree het teen יהוה,

3 met een duisend tweehonderd strydwaens en sestig duisend perderuiters en die manskappe wat saam met hom uit Mitzrayim gekom het, was ontelbaar: Luvimiete, Sukki’iete en Kushiete.

4 Hy het die versterkte stede van Y’hudah ingeneem en tot by Yerushalayim gekom.

5 Toe kom Sh’ma’yah, die profeet, na Regav’am en die prinse van Y’hudah wat as gevolg van Shishak in Yerushalayim bymekaargekom het en sê vir hulle: “So sê יהוה: ‘Julle het My verlaat, Ek het julle daarom oorgegee in die hand van Shishak.’”

6 Hierop het die prinse van Yisra’el en die koning hulleself verneder en gesê: “יהוה is regverdig.”

7 Toe יהוה sien dat hulle hul verneder, kom die woord van יהוה tot Sh’ma’yah en sê: “Hulle het hulself verneder, Ek sal hulle daarom nie vernietig nie, maar vir hulle ’n bevryding voorsien en My woede sal nie deur middel van Shishak oor Yerushalayim uitgestort word nie.

8 Nogtans sal hulle sy diensknegte word sodat hulle My diens en die diens van die koninkryke van die lande kan leer ken!”

9 Shishak, koning van Mitzrayim, het teen Yerushalayim opgetrek en die skatte van die huis van יהוה en die skatte van die huis van die koning weggevat; hy het alles weggevat; hy het ook die skilde van goud, wat Shlomo gemaak het, weggevat.

10 In die plek hiervan het koning Regav’am koper skilde gemaak en dit aan die bevelvoerder van die wag toevertrou wat die ingang van die koning se huis bewaak.
11 Wanneer die koning in die huis van יהוה ingaan, het die wag gekom en dit kom haal en dan weer teruggevat na die wagkamer.
12 Toe hy homself verneder het, het יהוה se woede van hom af weggedraai sodat Hy hom nie geheel en al vernietig het nie en ook in Y’hudah het dit goed gegaan.
13 Koning Regav’am het homself in Yerushalayim versterk en regeer, want Regav’am was een en veertig jaar oud toe hy begin heers het en hy het sewentien jaar lank regeer in Yerushalayim, die stad wat יהוה uit al die stamme van Yisra’el verkies het om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) daar te vestig en die naam van sy moeder was Na’amah, die `Ammoniet.
14 Hy was boos voor יהוה, want hy het nie sy verstand, wil en emosie voorberei om יהוה te dien en met sy hele wese te soek nie.
15 Hierdie is die vroeëre en die latere geskiedenis van Regav’am, wat boos gedoen het voor יהוה, God van Yisra’el en daar was gedurigdeur oorloë tussen Regav’am, die seun van Shlomo en Yarov’am, seun van N’vat.
16 Regav’am is neergelê by sy vaders en is begrawe in die stad van Dawid en sy seun Aviyah het in sy plek geheers.

13 1 In die agttiende jaar van koning Yarov’am, die seun van N’vat, het Aviyah begin heers oor die stam van Y’hudah. [1 Kon 15:1-8]
2 Hy het drie jaar lank in Yerushalayim regeer. Die naam van sy moeder was Ma’akhah, die dogter van Uri’el uit Giv’ah.
3 Aviyah het ’n leër van dapper krygsmanne gemobiliseer, vier honderd duisend jong manskappe, wat op hulleself geneem het om teen Yarov’am, die seun van N’vat te gaan veg. Yarov’am het ook ’n leër gemobiliseer en het gekom om teen hom te veg met agt honderd duisend jong manskappe, magtige helde.
4 Aviyah het bo-op die berg Z’maraim gaan staan, wat aan die kant is van die Efrayimgebergte en gesê: “Luister na my, Yarov’am, seun van N’vat en die hele Yisra’el!
5 Miskien weet julle dat יהוה, die God van Yisra’el, die koninkryk oor Yisra’el aan Dawid gegee het vir ewig, aan hom en aan sy seuns, deur ’n verbond aangaande die koningskap,
6 nogtans het Yarov’am, die seun van N’vat, die dienskneg van Shlomo, seun van Dawid, opgestaan en teen sy meester gerebelleer
7 en sekere bose manne by hom bymekaar gemaak en hulle sterk gemaak teen Regav’am, seun van Shlomo toe Regav’am jonk en onervare was en nie geweet het wat om te sê nie en nie die mense vertroos het aangaande die swaar las wat sy vader, Shlomo, op hulle gelê het nie.
8 Selfs nou, wat kan julle sê? Julle het weggegaan en die koninkryk van die huis van Dawid verwerp en dooie gode gaan aanbid. Ek heers oor ’n enkele stam, maar julle oor baie stamme en daar is goue kalwers by julle wat Yarov’am, seun van N’vat, vir julle gemaak het.

9 Julle het die priesters, die seuns van Aharon en die Leviete uitgegooi en vir julleself priesters gemaak uit die volke van die lande. Wie ook al kom om ’n offer te bring, van hom vat julle ’n jong bul en sewe ramme en hy word ’n priester van wat nie gode is nie,
10 maar ons, ons het יהוה, ons God, nie verlaat nie en die priesters wat tot יהוה dien, is seuns van Aharon en die Leviete dien soos hulle moet.
11 Hulle offer brandoffers tot יהוה elke oggend en elke aand, asook soet wierook en stel die brode van die Teenwoordigheid op op die rein tafel. Die goue kandelaar met sy lampe word elke aand opgesteek deur ’n jongman wat beheer het daaroor. So hou ons wag oor die instellings van יהוה, ons God.
12 Julle het Hom verlaat en agter dooie gode aangegaan en dien hulle en aanbid hulle en het יהוה, die God van julle vaders, verlaat; daarom sal julle nie voorspoedig wees in hierdie wêreld nie.”
13 Yarov’am het egter ’n hinderlaag agter hulle laat omgaan sodat hulle voor Y’hudah was en die hinderlaag agter hulle.
14 Toe Y’hudah agtertoe kyk, let op, was die geveg meteens voor en agter hulle en hulle het na יהוה uitgeroep en die priesters het op die trompette geblaas.
15 Dit het gebeur toe die manne van Y’hudah skreeu, dat יהוה vir Yarov’am, seun van N’vat en die hele Yisra’el voor Aviyah en Y’hudah verslaan het.
16 Die seuns van Yisra’el het gevlug voor Y’hudah.
17 Aviyah het hulle met ’n groot slag doodgemaak sodat van Yisra’el vyf-honderd-duisend jong manne gesneuwel gelê het;
18 dus is die seuns van Yisra’el in dié tyd verslaan en die seuns van Y’hudah het oorwin omdat hulle gesê het: “Ons vertrou op יהוה, die God van ons vaders.”
19 Aviyah het Yarov’am agternagesit en groot stede van hom afgeneem: Beit-El met sy weivelde, Y’shanah met sy weivelde en `Efrayim met sy weivelde.
20 Yarov’am het ook nie weer sterk geword in die dae van Aviyah nie en יהוה het hom geslaan en hy het gesterf.
21 Aviyah het sterk geword en hy het veertien vroue getrou en daar is twee en twintig seuns en sestien dogters vir hom gebore.
22 Die res van die dade en lewe van Aviyah, let op, is opgeskryf in die gedigte van die profeet `Iddo.

14 1 Aviyah is neergelê by sy vaders en hulle het hom begrawe in die stad van Dawid en sy seun Asa het in sy plek geheers. In sy dae was die land stil vir tien jaar lank. [1 Kon 15:8-24]
2 Asa het gedoen wat goed en reg was in die Teenwoordigheid van יהוה, sy God,
3 want hy het die altare van die vreemde gode en die hoogtes verwyder en die beelde stukkend gebreek en die pilare afgekap
4 en vir Y’hudah gesê: “Kom, laat ons bid tot יהוה, die God van ons vaders.”
5 Hy het ook in al die stede van Y’hudah die plekke van aanbidding op die hoë plekke en die afgodsbeelde ontwortel en die koninkryk het gerus onder hom en hy het geen vyande op al sy grense gehad nie.

6 Hy het versterkte stede in Y’hudah gebou, want die land het gerus en daar was niemand wat oorlog teen hom gevoer het in daardie jare nie omdat יהוה hom rus gegee het.

7 Hy het daarom aan Y’hudah gesê: “Kom, laat ons hierdie stede bou en hulle met mure, torings, poorte en grendels omring terwyl die land nog stil is van oorlog, want ons het יהוה, ons God, gesoek en Hy vir ons en Hy het aan ons rus gegee van almal rondom ons, ons vertroos en bevry.

8 Asa het ’n leër gehad van magtige dapper manne wat skild en spies dra: uit Y’hudah, drie honderd duisend man en uit Binyamin, wat die borsplaat dra en die boog span, twee honderd en tagtig duisend.

9 Zerag, die Kushiet, het teen hulle uitgetrek met ’n groot leër van ’n miljoen manne en dertig duisend strydwaens en na Mareshah gekom.

10 Asa het uitgegaan teen hom en hy het teen hom baklei in die vallei van Mareshah.

11 Asa het tot יהוה, sy God, gebid en gesê: “U is ons Meester, יהוה, die Hulp van U volk en as U ’n groot leërmag oorgee in die hand van ’n klein mag, sal die hele wêreld weet dat dit goed is om op U te vertrou. Help ons, יהוה, ons God, want ons het in U Naam (Karakter en Outoriteit) teen hierdie groot leërmag gekom. יהוה, ons God, vertraag nie U mag aan ons nie.”

12 Toe Asa klaar gebid het, het die boodskapper van יהוה die Kushiete voor Asa en Y’hudah vernietig en die Kushiete het gevlug.

13 Asa en die manne wat by hom was, het hulle agtervolg tot by G’rar en van die Kushiete het soveel geval dat hulle nie getel kon word nie, want hulle was verslaan voor יהוה en voor Sy magte. Hulle het ’n baie groot buit gevat en weggedra.

14 Hulle het al die stede rondom G’rar oorweldig, want die vrees vir יהוה het oor hulle gekom en hulle het al die stede geplunder, want daar was baie buit in hulle.

15 Hulle het ook die tente van die Arabiere en skape en kamele in oorvloed weggedra en hulle na Yerushalayim gebring. Deut 28:1-10

15 1 Die Gees van God het op `Azaryah, die seun van `Oded, gekom

2 en hy het uitgegaan om Asa te ontmoet en vir hom gesê: “Luister na my, Asa en die hele Y’hudah en Binyamin! יהוה is by julle vir ewig en ewig en as julle Hom soek, sal Hy Hom deur julle laat vind, maar as julle Hom verlaat, sal Hy julle verlaat.

3 Vir ’n lang tyd het Yisra’el nie hulle God in waarheid gedien nie en nie die lerings van Sy priesters aanvaar of hulle wette gehoorsaam nie. Hulle is daarom oorgegee in die hand van hul vyande.

4 Wanneer hulle egter in hul benoudheid tot יהוה, die God van Yisra’el, gebid en Hom gesoek het, het Hy Hom deur hulle laat vind.

5 In daardie vroeëre tye toe ons nie ons God gedien het nie, was daar geen vrede vir hom wat uit- of ingegaan het nie, as gevolg van groot teëspoed wat oor al die inwoners van die land gekom het

6 en ons is verstrooi onder elke nasie en volk en dorpe en stede.

7 Omdat ons ons God verlaat het en nie wou luister na die stem van Sy diensknegte, die profete nie, is ons daarom beloon volgens ons dade.”

8 Toe Asa hierdie woorde wat `Azaryah, die seun van `Oded, die profeet gesê het, hoor, het hy moed geskep en al die afgode verwyder uit die hele land van Y’hudah en Binyamin en uit die stede wat hy in die land van Efrayim ingeneem het en hy het die altaar van יהוה wat voor die stoep van יהוה was, herstel.
9 Hy het die hele Y’hudah en Binyamin, asook die proseliete wat uit Efrayim en M’nasheh en uit Shim’on by hulle was, want hulle het in menigte uit Yisra’el na hom toe oorgeloop toe hulle sien dat יהוה, sy God, by hom was,
10 in Yerushalayim bymekaar laat kom in die derde maand van die vyftiende jaar van die regering van Asa
11 en op dieselfde dag aan יהוה geoffer van die buit wat hulle ingebring het, sewe honderd beeste en ses duisend skape.
12 Hulle het in ’n verbond getree om יהוה, die God van hulle vaders, met hul hele verstand, wil en emosie en met hul hele lewe te soek
13 en dat wie ook al יהוה, die God van Yisra’el, nie soek nie, gedood sou word, klein of groot, man of vrou. [Deut 17:2-6]
14 Hulle het tot יהוה gesweer met ’n harde stem en met die blaas van gedraaide en reguit trompette.
15 Die hele Y’hudah was verheug oor die verslag wat hulle gehoor het, want hulle het Hom gesoek met hulle hele verstand, wil en emosie en met hul hele lewe tot Hom gebid en Hy is deur hulle gevind en Hy het aan hulle rus gegee reg rondom.
16 Hy het ook vir Ma’akhah, die moeder van Asa afgesit as koninginsmoeder omdat sy ’n fees vir haar afgode gehad het en Asa het haar afgode afgekap en hulle by die spruit van Kidron verbrand.
17 Die altare op die hoë plekke is egter nie uit Yisra’el verwyder nie, nogtans was Asa se verstand, wil en emosie volmaak in die aanbidding van יהוה, sy God, al die dae van sy lewe.
18 Hy het alles wat sy vader en hyself afgesonder het, in die huis van יהוה ingebring: silwer, goud en allerhande voorwerpe.
19 Daar was geen oorlog tot in die vyf en dertigste jaar van die regering van Asa nie.

16 1 In die ses en dertigste jaar van die regering van Asa het Ba’asha, koning van Yisra’el, opgetrek teen Y’hudah en Ramah opgebou om niemand na Asa, koning van Y’hudah, te laat uit- of ingaan nie.
2 Toe bring Asa silwer en goud uit die skatkamers van die huis van יהוה en van die huis van die koning en stuur dit na Ben-Hadad, koning van Aram, wat in Dammesek gebly het en sê:
3 “Daar is ’n verbond tussen my en u soos daar tussen my vader en u vader was; let op, ek het silwer en goud na u toe gestuur; gaan verbreek u verbond met Ba’asha, koning van Yisra’el sodat hy kan wegtrek van my af.
4 Ben-Hadad het geluister na koning Asa en die bevelvoerders van sy leërmagte gestuur teen die stede van Yisra’el en hulle het teen die stede van Yisra’el kamp opgeslaan en vir `Iyon, Dan, Beit-Ma’akhah en al die voorraadstede van Naftali gevat.

5 Die oomblik toe Ba'asha dit hoor, het hy opgehou om Ramah te bou en sy werk gestaak.

6 Toe het koning Asa die hele Y'hudah bymekaargekry en hulle het die klippe en balke waarmee Ba'asha Ramah gebou het, weggedra en hy het Geva van Binyamin en Mitzpah daarmee gebou.

7 In daardie tyd het Hanani, die profeet, na Asa, koning van Y'hudah, gekom en vir hom gesê: "Omdat u op die koning van Aram staat gemaak het en nie op יהוה, u God, staat gemaak het nie, sal die leër van Aram uit u hand ontsnap

8 en hulle sal sterk word, hulle sowel as die Kushiete en konings wat by hulle is en hulle sal groot magte word met baie strydwaens en perderuiters, maar wanneer u soek na יהוה, u God, sal Hy hulle in u hande oorgee, [Yes 31:1]

9 want die oë van יהוה hardloop heen en weer oor die hele aarde; daarom, wees onveranderlik sterk en laat jou verstand, wil en emosie volmaak wees tot Sy aanbidding en verstaan al Sy wonders, want יהוה, u God, sal vir u veg." [Deut 11:12]

10 Asa was kwaad vir die profeet en het hom in die gevangenis gesit omdat hy dinge gerapporteer het wat hy nie gesien het nie en die mense se binneste laat bewe het; daarom het Asa hom van die mense af weggehou in daardie tyd.

11 Let op, die dade van Asa, die vroeëre en die latere, is opgeskryf in die boekrolle van die konings van Y'hudah en Yisra'el.

12 In die nege en dertigste jaar van sy regering het Asa aan sy voete siek geword en in sy huis gelê.

13 Asa is neergelê by sy vaders en het gesterf in die een en veertigste jaar van sy regering.

14 Hulle het hom begrawe in sy eie graf in die stad van Dawid en hom op 'n draagbaar neergelê wat vol allerhande speserye was en hulle het vir hom 'n baie groot brandoffer gebring.

17 1 Y'hoshafat, sy seun, het in sy plek geheers en homself versterk teen Yisra'el.

2 Hy het magtige manne in al die versterkte stede van Y'hudah gesit en goewerneurs aangestel in die land van Y'hudah en in die stede van Efrayim wat sy vader, Asa, ingeneem het.

3 יהוה was by Y'hoshafat, want hy het in die aanvanklike lewenswyses van sy vader, Dawid, geleef en nie tot beelde gebid nie,

4 maar tot יהוה, God van sy vader, gebid en volgens Sy wette geleef en Sy instellings gehoorsaam en nie gedoen soos Yisra'el nie.

5 יהוה het daarom die koninkryk in sy hand bevestig en die hele Y'hudah het aan Y'hoshafat geskenke gebring en hy het rykdom en eer in oorvloed gehad.

6 Sy verstand, wil en emosie is versterk in die lewenswyses van יהוה en hy het verder die altare en die hoogtes uit Y'hudah se grondgebied uitgeruk.

7 In die derde jaar van sy regering het hy sy prinse en die bevelvoerders van die weermag: `Ovadyah, Z'kharyah, N'tan'el en Mikhayahu gestuur om in die stede van Y'hudah onderrig te gee.

8 Saam met hulle was die Leviete: Sh'ma'yahu, N'tanyahu, Z'vadyahu, `Asah'el, Sh'miramot, Y'honatan, Adoniyahu, Tuviyahu en Tov-Adoniyah en saam met hulle Elishama en Y'horam, die priesters.
9 Hulle het in die hele land van Y'hudah onderrig gegee met die boek van die wet van יהוה by hulle en in al die stede van Y'hudah rondgegaan en die volk onderrig.
10 Die respekvolle vrees vir יהוה het gekom oor al die koninkryke van die lande wat rondom Y'hudah was sodat hulle nie teen Y'hoshafat oorlog gevoer het nie.
11 Van die stede van die F'lishtyne het vir Y'hoshafat geskenke, silwer en belasting gebring; die Arabiere het vir hom kleinvee gebring: sewe duisend sewe honderd ramme en sewe duisend sewe honderd bokramme, jaarliks.
12 Y'hoshafat het uitermate ryk geword en in Y'hudah kastele en voorraadstede gebou.
13 Hy het baie besighede gehad in die stede van Y'hudah en krygsmanne, dapper magtige manne, was in Yerushalayim.
14 Dit is hulle getalle, volgens die vaders van hulle huise: van Y'hudah, die bevelvoerders oor 'n duisend: die bevelvoerder, `Adnah en saam met hom drie honderd duisend dapper, magtige manne;
15 volgende was die bevelvoerder, Y'hoganan en saam met hom twee honderd en tagtig duisend dapper manne;
16 volgende was `Amasyah, die seun van Zikhri, waarmee יהוה tevrede was en saam met hom twee honderd duisend dapper manne;
17 uit Binyamin was Elyada, 'n dapper magtige man en saam met hom twee honderd duisend, gewapen met boog en skild;
18 volgende was Y'hozavad en saam met hom honderd en tagtig duisend, gereed vir oorlog.
19 Hulle is almal wat koning Y'hoshafat gedien het, behalwe vir hulle wat die koning in die versterkte stede regdeur die hele Y'hudah gesit het.

18 1 Toe Y'hoshafat rykdom en eer in oorvloed gehad het, het hy 'n ooreenkoms met Ag'av aangegaan.
2 Na twee jaar het hy afgegaan na Ag'av, in Shomron en Ag'av het vir hom en die manskappe wat by hom was skape en beeste in oorvloed geslag en hom aangemoedig om na Ramot-Gil'ad te gaan.
3 Ag'av, koning van Yisra'el, het vir Y'hoshafat, koning van Y'hudah gesê: "Sal u saam met my na Ramot-Gil'ad gaan?" Hy antwoord hom: "Ek sal gaan soos u gaan en my volk is soos u volk en my perde soos u perde; ons sal saam met u oorlog gaan maak."
4 Y'hoshafat het vir die koning van Yisra'el gesê: "Raadpleeg eers die woord van יהוה vandag;"
5 daarom het die koning van Yisra'el van die profete bymekaargebring, vier honderd man en vir hulle gesê: "Sal ons teen Ramot-Gil'ad optrek om te veg of sal ek dit laat verbygaan?" Hulle antwoord: " Gaan op, want יהוה sal u vyande in u hand gee."

6 Y’hoshafat sê egter: “Is hier nie nog ’n ware profeet van יהוה dat ons hom kan raadpleeg nie?”

7 Die koning van Yisra’el antwoord Y’hoshafat: “Daar is nog een man deur wie ons יהוה kan raadpleeg, maar ek haat hom, want hy profeteer nooit goed oor my nie, maar altyd kwaad. Sy naam is Mikhay’hu, die seun van Yimlah.” Y’hoshafat het gesê: “Laat die koning nie so praat nie!”

8 Die koning van Yisra’el het een van die amptenare geroep en gesê: “Bring gou vir Mikhay’hu, die seun van Yimlah.”

9 Die koning van Yisra’el en Y’hoshafat, die koning van Y’hudah, het elkeen op sy troon gesit, aangetrek in koninklike klere en hulle het by die ingang van die poort van Shomron gesit en al die vals profete het voor hulle geprofeteer.

10 Tzidkiyah, die seun van ’n Kena’anitiese vrou, het vir homself ysterhorings gemaak en gesê: “So sê יהוה: “Hiermee sal u die Arameërs deurboor totdat hulle afgesny en vernietig is.”

11 So het al die profete geprofeteer en gesê: “Gaan op na Ramot-Gil’ad en triomfeer, want יהוה sal u vyande in u hand gee, o koning.

12 Die boodskapper wat gegaan het om Mikhay’hu te roep, het met hom gepraat en gesê: “Let op, die woorde van die profete het uit een mond goed verklaar vir die koning, laat jou woord dus nou aangenaam wees, soos een van hulle en profeteer ook goed.”

13 Mikhay’hu het gesê: “So waar as יהוה-God leef, wat my God in my verstand, wil en emosie sit, dit sal ek sê!”

14 Toe hy by die koning kom, sê die koning vir hom: “Mikhay’hu, sal ons na Ramot-Gil’ad gaan om te veg, of sal ek dit laat verbygaan?” Hy antwoord: “Gaan op en triomfeer en hulle sal in julle hand oorgegee word.”

15 Die koning sê vir hom: “Hoeveel maal moet ek jou smeek dat jy niks behalwe die waarheid, in die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה, vir my sal sê nie?”

16 Toe antwoord hy: “Ek het die hele Yisra’el op die berge verstrooid gesien, soos skape wat geen wagter het nie en יהוה het gesê: ‘Hulle het geen koning nie; laat elkeen van hulle dus in vrede teruggaan na sy huis toe.”

17 Toe sê die koning van Yisra’el vir Y’hoshafat: “Het ek u nie vertel dat hy niks goeds oor my wil profeteer nie, maar kwaad?”

18 Toe sê Mikhay’hu: “Hoor en luister daarom na die boodskap van יהוה: ek het יהוה sien sit op Sy troon en al die hemelse leërmagte staan aan Sy regter- en aan Sy linkerhand.

19 יהוה het gesê: ‘Wie sal vir Ag’av, die koning van Yisra’el, uitlok sodat hy kan opgaan en neergevel word by Ramot-Gil’ad?’ Een het gesê ek sal hom op hierdie manier uitlok en die ander op daardie manier.

20 Toe kom daar ’n gees uit en staan in die Teenwoordigheid van יהוה en sê: ‘Ek sal hom uitlok.’ יהוה vra vir hom: ‘Waarmee?’

21 Hy antwoord: ‘Ek sal uitgaan en ’n leuengees wees in die mond van al sy profete.’ יהוה sê: ‘Jy sal hom uitlok en ook oorwin; gaan uit en doen volgens wat jy gesê het.’

22 Nou, daarom, let op, יהוה het ’n leuengees in die mond van hierdie profete van u gegee terwyl יהוה onheil oor u verklaar het.”
23 Toe het Tzidkiyah, die seun van ’n Kena’anitiese vrou, nadergekom en vir Mikhay’hu op sy wang geslaan en gesê: “Van wanneer af het die Gees van יהוה van my af weggegaan om met jou te praat?”
24 Mikhay’hu antwoord: “Let op, jy sal dit sien op dieselfde dag wat jy in die binneste kamer ingaan om weg te kruip.”
25 Toe sê die koning van Yisra’el: “Vat vir Mikhay’hu en hou hom in die huis van Amon, die goewerneur van die stad en in die huis van Yo’ash, die seun van die koning [1 Kon 22:26]
26 en sê: ‘So sê die koning: “Sit hierdie man in die gevangenis en voer hom met brood en water van verdrukking (spaarsamig) totdat ek in vrede terugkom.”
27 Mikhay’hu sê: “As u veilig terugkom, dan het יהוה sekerlik nie deur my gepraat nie.” Verder sê hy: “Luister, al julle mense!”
28 Ag’av, koning van Yisra’el en Y’hoshafat, koning van Y’hudah, het opgegaan na Ramot-Gil’ad.
29 Die koning van Yisra’el het vir Y’hoshafat gesê: “Ek sal my gevegsdrag aantrek en in die gevegslinies gaan staan en u moet u gevegsdrag aantrek.” Die koning van Yisra’el het sy wapen-uitrusting aangetrek en in die gevegslinies gaan staan.
30 Die koning van Aram het die bevelvoerder van sy strydwaens, wat by hom was, twee en dertig in getal, beveel en gesê: “Moenie met klein of groot veg nie, veg net met die koning van Yisra’el.”
31 Dit het gebeur toe die bevelvoerders van die waens vir Y’hoshafat sien, hulle gesê het: “Dit is die koning van Yisra’el!” Hulle het daarom teen hom gekom om met hom te veg, maar Y’hoshafat het uitgeroep en יהוה het hom gehelp en hulle van hom af weggedraai.
32 Dit het gebeur toe die bevelvoerders van die strydwaens sien dat dit nie die koning van Yisra’el is nie, hulle van hom af weggedraai het.
33 ’n Sekere man het onwetend ’n pyl na hom geskiet en die koning van Yisra’el getref tussen die laste van sy borsplaat. Toe sê hy vir sy strydwadrywer: ‘draai om en vat my uit die hordes uit, want ek is ernstig gewond.’
34 Die geveg het erger geword dié dag, maar die koning het staande in die strydwa teen die Arameërs geveg tot die aand toe, maar teen sononder het hy gesterf.

19 1 In die aand het Y’hoshafat, koning van Y’hudah, in vrede na sy huis in Yerushalayim teruggegaan.
2 Yehu, die seun van Hanani, die profeet, het uitgegaan om hom te ontmoet en vir koning Y’hoshafat gesê: “Moet u gaan om die bose oortreder te help en húlle liefhê wat יהוה haat? יהוה is daarom vir u kwaad,
3 maar goeie verslae is oor u gehoor, deurdat u nie onskuldige bloed in die land vergiet het nie en u verstand, wil en emosie voorberei het om in waarheid tot יהוה te bid.”
4 Y’hoshafat het in Yerushalayim gebly en hy het weer uitgegaan tussen die volk in vanaf die stad van Be’er-Sh’va tot by die gebergte van Efrayim en hulle teruggebring om יהוה, die God van hulle vaders, te aanbid.

5 Hy het regters in die land aangestel, in al die versterkte stede van Y’hudah en in die groot stede.

6 Hy het vir die regters gesê: “Let op wat julle doen, want julle oordeel nie namens die mens nie, maar namens יהוה, ons God.

7 Wees dus dapper en oordeel regverdig sodat יהוה vir altyd by julle sal wees; wees versigtig en doen dit, want by יהוה, ons God, is geen onregverdigheid of inagneming van die persoon of aanvaarding van omkoopgeld nie.”

8 Verder het Y’hoshafat ook in Yerushalayim manne uit die Leviete, die priesters en van die hoofde van die huise van die vaders uit Yisra’el aangestel vir die regverdige oordele van יהוה. Toe het hy teruggegaan na Yerushalayim.

9 Hy het hulle beveel en gesê: “So moet julle optree in die respekvolle vrees van יהוה, met getrouheid en met ’n volmaakte verstand, wil en emosie.

10 Watter saak ook voor julle sal kom uit julle broers in die stede, tussen bloedvergieting en bloedvergieting, wette en opdragte en tussen instellings en regverdige oordele, moet julle hulle waarsku sodat hulle nie skuldig staan voor יהוה en Hy kwaad word vir hulle en hulle broers nie; doen so en julle sal nie skuldig wees nie.

11 Let op, ek het priesters oor julle aangestel sodat hulle regverdig en getrou mag oordeel volgens die opdragte van יהוה. Z’vadyahu, die seun van Yishma’el, het aan al die mense van Y’hudah al die koning se opdragte aangekondig en dit ook voor die Leviete en skrywers herhaal en vir hulle gesê: “Tree standvastig dapper op en יהוה sal julle vir altyd help!”

20 1 Dit het hierna gebeur dat die seuns van Mo’av en die seuns van `Ammon, saam met die magtige soldate, teen Y’hoshafat kom veg het.

2 Toe het daar boodskappers gekom en aan Y’hoshafat berig gebring en gesê: “’n Groot weermag het teen u gekom van anderkant die see af, let op, hulle is al in Hatzatzon-Tamar, dit is `Ein-Gedi.”

3 Y’hoshafat was bang en hy het sy gesig opgelig om tot יהוה te bid en het ’n vas vir al die inwoners van Y’hudah uitgeroep. Hy het vir hulle gesê: “Kom, kry julleself bymekaar en laat ons van יהוה, ons God, vra.”

4 Al die inwoners van Y’hudah het bymekaargekom, selfs van veraf stede en hulle het gekom om van God te vra.

5 Y’hoshafat het opgestaan in die vergadering van Y’hudah in die huis van יהוה, wat in Yerushalayim is, voor die nuwe hof

6 en hy het gebid en gesê: “O יהוה, God van ons vaders, U is God in die hemel en U is die Heerser oor al die koninkryke van die nasies en aan U behoort die mag en die krag. Nou staan ek voor U en bid.

7 U is ons God, wat die inwoners van hierdie land voor U volk Yisra’el vernietig het en dit vir die nageslag van Avraham, U vriend, gegee het vir ewig. [Rom 11:1]

8 Hulle het daarin gebly en daarin vir U ’n Afgesonderde Plek gebou en gesê:

9 ‘Omdat daar ’n Afgesonderde Plek tussen ons is, sal geen boosheid oor ons kom nie; nie die swaard, straf, pes of hongersnood nie, of ons sal voor hierdie gebou, want U Naam (Karakter en Outoriteit) is uitgeroep oor hierdie gebou, voor U kom staan en ons sal tot U bid in hierdie gebou en U sal ons gebed hoor en ons red.’

10 Nou, let op, die kinders van `Ammon, van Mo’av en van die berg Se’ir, vir wie U Yisra’el nie toegelaat het om binne te val toe U hulle uit Mitzrayim uitgebring het en die juk van Mitzrayim van hulle af verwyder het nie,
11 let op, hulle vergeld ons nou. Hulle kom om ons uit U besitting te verdryf wat U aan ons gegee het as erfenis.
12 O, ons God, maak Uself bekend en oordeel hulle, want ons het geen krag om teen hulle te staan nie. Bring die swaard van U oordeel [Yeg 35:10-15] oor hulle, want ons weet nie wat om te doen nie, maar ons oë is op U.”
13 Die hele Y’hudah het voor יהוה gestaan, hulle kleintjies, hulle vroue, hulle seuns en hulle dogters.
14 Toe kom die Gees van יהוה met mag op Yagzi’el, die seun van Z’kharyahu, die seun van B’nayah, die seun van Ye’i’el, die seun van Matanyah, ’n Leviet uit die seuns van Asaf terwyl hy voor die mense van Yisra’el gestaan het
15 en hy het gesê: “Luister, almal wat uit Y’hudah is, inwoners van Yerushalayim en koning Y’hoshafat, so sê יהוה, julle God: ‘Moenie bang of ontsteld wees vanweë hierdie groot weermag nie, want die geveg is nie julle s’n nie, maar God s’n.
16 Maak gou, gaan af teen hulle, let op, hulle kom vroeg in die oggend op en julle sal hulle aan die einde van die vallei kry, voor die wildernis. Hulle kom op om teen jou te veg.
17 In daardie uur, staan stil en sien die verlossing wat יהוה vir jou sal bring. O, Y’hudah en Yerushalayim, moenie vrees of ontsteld wees nie, gaan môre teen hulle uit en יהוה sal julle help’.”
18 Toe het Y’hoshafat neergebuig met sy gesig teen die grond en aanbid en die hele Y’hudah en al die inwoners van Yerushalayim het voor die Teenwoordigheid van יהוה neergeval om יהוה te aanbid.
19 Die Leviete van die nageslag van die K’hatiete en uit die nageslag van die Koragiete het opgestaan om יהוה, die God van Yisra’el, met ’n baie harde stem te lofprys.
20 Hulle het vroeg die oggend opgestaan en na die wildernis van T’koa gegaan. Terwyl hulle uitgaan, het Y’hoshafat gaan staan en gesê: “Luister na my, Y’hudah en inwoners van Yerushalayim! Vertrou in יהוה, julle God sodat julle opgebou sal word; vertrou in Sy profete en julle sal bevry word.”
21 Toe het hy tussen die volk gestaan en gesê: “Kom, laat ons dank bring aan יהוה en lofprysing tot die grootheid van Sy Afgesonderdheid, soos Hy voor ons magte uitgaan om vir ons te veg teen ons vyande.” Hulle het gesê: “Loof en dank יהוה, want Hy is goed, sy liefdevolle goedheid duur vir ewig!” Toe het die heuwels begin lofprys en die berge hulle verheug!
22 Toe hulle begin het om te sing en te lofprys, het יהוה ’n hinderlaag opgestel teen die seuns van `Ammon, Mo’av en die mense vanaf die gebergte van Se’ir wat teen Y’hudah gekom het en hulle is verslaan.
23 Die seuns van `Ammon en Mo’av het teen die inwoners van die gebergte van Se’ir opgestaan, om hulle volkome uit te roei en te vernietig en toe hulle ’n einde gemaak het aan die inwoners van Se’ir, het hulle mekaar gehelp om mekaar te vernietig.

24 Toe Y’hudah by die wagtoring in die wildernis kom, het hulle na die menigte gekyk en let op, hulle was dooie liggame wat op die grond geval het en niemand het ontsnap nie.

25 Toe Y’hoshafat en die mense van Yisra’el gekom het om die buit in te samel, het hulle ’n oorvloed van buit gekry: rykdom, tome, perde en kosbare juwele en hulle het vir hulself gevat wat hulle ook al begeer het.

26 Dit het gebeur na drie dae, toe hulle klaar die buit versamel het, so baie was dit, dat hulle op die vierde dag in die vallei van B’rakhah (Seëning) vergader het, want daar het hulle יהוה-God geseën; daarom word dié plek B’rakhah genoem tot vandag toe.

27 Toe het al die manne van Y’hudah na Yerushalayim teruggegaan met Y’hoshafat aan hulle hoof, want hulle het met vreugde na Yerushalayim teruggegaan, want יהוה het dat hulle hul verbly oor hul vyande.

28 Hulle het na Yerushalayim, na die huis van יהוה, gekom met liedere, harpe, siters en reguit en gebuigde trompette.

29 Die vrees vir God het op al die koninkryke van daardie lande geval toe hulle hoor dat יהוה teen die vyande van Yisra’el geveg het.

30 Die heerskappy van Y’hoshafat was rustig, want יהוה het reg rondom aan hom rus gegee.

31 Y’hoshafat het oor Y’hudah regeer. Hy was vyf en dertig jaar oud toe hy begin heers het en hy het vyf en twintig jaar in Yerusalayim regeer. Sy moeder se naam was `Azuvah, die dogter van Shilgi.

32 Hy het in al die lewenswyses van sy vader Asa geleef en daar nie van afgewyk nie, deur dit te doen wat reg was in die oë van יהוה.

33 Nogtans is die altare op die hoë plekke nie verwyder nie, want tot nou toe het die volk nog nie hulle verstand, wil en emosie op die God van hulle vaders gerig nie.

34 Die res van die dade van Y’hoshafat, die vroeëre en die latere, let op, hulle is opgeskryf in die ‘Gesegdes van Yehu,’ die seun van Hanani, wat geskryf is in die Boekrol van die konings van Yisra’el.

35 Hierna het Y’hoshafat, die koning van Y’hudah, hom verbind met Agazyah, koning van Yisra’el, wat baie boos gedoen het, meer as al die konings van Yisra’el.

36 Hy het homself aan hom verbind om skepe van Tarshish te bou en te vaar. Hulle het die skepe gebou in `Etzyon-Gever.

37 Toe het Eli’ezer, die seun van Y’hoshafat se oom, in die stad van Mareshah, teen Y’hoshafat geprofeteer en gesê: “As gevolg van u bondgenootskap met `Agazyah, het יהוה al u werke frustreer en die skepe is beskadig en was nie in staat om na Tarshish te vaar nie.”

## 21

1 Y’hoshafat is neergelê by sy vaders en begrawe by sy vaders in die stad van Dawid. Y’horam, sy seun, het in sy plek geheers. [2 Kon 8:16-24]

2 Hy het broers gehad, seuns van Y’hoshafat: `Azaryah, Yegi’el, Z’kharyahu, `Azaryahu, Mikha’el en Sh’fatyahu; hulle was almal seuns van Y’hoshafat, koning van Y’hudah.

3 Hulle vader het aan hulle baie geskenke gegee in silwer, goud en baie ander geskenke saam met versterkte stede in Y'hudah, maar die koninkryk het hy aan Y'horam gegee, want hy was die eersgeborene.

4 Toe Y'horam opgestaan het in die koninkryk van sy vader en homself versterk het, het hy in 'n geveg al sy broers met die swaard doodgemaak sowel as sommige van die oudstes van Yisra'el.

5 Y'horam was twee en dertig jaar oud toe hy koning geword het en hy het agt jaar lank in Yerushalayim geheers.

6 Hy het in die lewenswyses van die konings van Yisra'el geleef, soos die huis van Ag'av gedoen het, want Ag'av se suster was sy vrou en hy het dit gedoen wat boos was in die oë van יהוה.

7 יהוה wou egter nie die huis van Dawid vernietig nie, ter wille van die verbond wat Hy met Dawid gesluit het en omdat Hy belowe het om vir hom en sy seuns 'n erfgenaam te gee vir ewig.

8 In sy dae het die Edomiete rebelleer onder die heerskappy van Y'hudah en vir hulleself 'n koning aangestel.

9 Toe het Y'horam en sy prinse en al sy strydwaens oor die Yarden getrek en in die nag opgestaan en die Edomiete verslaan wat hom, die prinse en die strydwaens omsingel het.

10 So het die Edomiete teen Y'hudah rebelleer tot vandag toe. Terselfdertyd het die Edomiete wat in Livnah gebly het, gerebelleer teen sy heerskappy, want Y'horam het יהוה, die God van sy vaders, verlaat.

11 Hy het ook tempels op hoë plekke in die berge van Y'hudah gemaak en die Natzireërs in Yerushalayim laat wyn drink en die huis van Y'hudah verstrooi. `Am 2:12

12 Daar is aan hom 'n brief vanaf Eliyahu, die profeet, gebring wat sê: "So sê יהוה, die God van Dawid, u vader: omdat u nie geleef het in die lewenswyses van Y'hoshafat, u vader, of in die lewenswyses van Asa, koning van Y'hudah, nie,

13 maar geleef het in die lewenswyses van die konings van Yisra'el en veroorsaak het dat Y'hudah en die inwoners van Yerushalayim afgedwaal het na die hoererye van die huis van Ag'av en selfs u broers, die huis van u vader, vermoor het, wat beter was as u,

14 let op, יהוה sal u met 'n groot plaag tref, saam met u volk, u seuns, u vroue en al u besittings.

15 U self sal sterf aan 'n ernstige siekte, verteer word van binne totdat u ingewande vanweë die siekte uitkom en u sal vir baie jare geteister word. Deut 28:22

16 יהוה het ook die gees van die F'lishtyne en van die Arabiere wat naby die Kushiete is, teen Y'horam opgewek.

17 Hulle het teen Y'hudah opgetrek en dit verower en alles wat in die huis van die koning te vinde was, weggevoer, ook sy seuns en sy vroue sodat daar vir hom geen seun oorgebly het nie, behalwe Agazyah, sy jongste seun.

18 Ná dit alles het יהוה hom in sy ingewande aangetas met 'n ongeneeslike siekte.

19 Dit het gebeur dat met verloop van tyd, ná die einde van twee jaar, die woorde van die profeet waar geword het, sy ingewande het uitgekom weens sy siekte sodat hy onder hewige pyn gesterf het. Sy volk het hom nie vereer met 'n begrafnis soos vir sy vaders nie.

20 Hy was twee en dertig jaar oud toe hy begin heers het en hy het vir agt jaar in Yerushalayim regeer en sy heengaan was nie 'n teleurstelling nie en hy is begrawe in die stad van Dawid, sy vader, maar nie in die grafte van die konings nie.

22 1 Toe maak die inwoners van Yerushalayim vir Agazyah, sy jongste seun, koning in sy plek, want die bende wat met die Arabiere in die laer gekom het, het al die oueres doodgemaak; dus het Agazyah, die seun van Y'horam, koning van Y'hudah, geheers. [2 Kon 8:25-9:29]

2 Agazyah was twee en twintig jaar oud toe hy begin heers het en hy het een jaar in Yerushalayim regeer. Sy moeder se naam was `Atalyahu, die dogter van `Omri.

3 Hy het geleef in die lewenswyses van die huis van Ag'av, want hy was die seun van Ag'av se suster.

4 Hy het ook baie sonde gedoen en boos opgetree in die oë van יהוה net soos die huis van Ag'av, want húlle was, ná die dood van sy vader, sy raadgewers, tot sy vernietiging,

5 want hy het volgens hulle raad gehandel en saam met Y'horam, die seun van Ag'av, koning van Yisra'el, opgetrek om oorlog te maak teen Haza'el, koning van Aram, by Ramot-Gil'ad en die Arameërs het Y'horam verslaan.

6 Hy het teruggekom om in Yizre'el te herstel van die wonde wat hy opgedoen het by Ramah in die oorlog teen Haza'el, koning van Aram. Agazyah, die seun van Y'horam, koning van Y'hudah, het afgekom om Y'horam, die seun van Ag'av, in Yizre'el te besoek, want hy was siek.

7 Die vernietiging van Agazyah is deur God bepaal, wat voorgeskryf het dat hy na Y'horam toe moes kom; daar aangekom, het hy saam met Y'horam uitgegaan om vir Yehu, die seun van Nimshi, te ontmoet, wat deur יהוה gesalf is om die huis van Ag'av uit te roei.

8 Toe Yehu die oordeel uitgevoer het op die huis van Ag'av, het hy die prinse van Y'hudah en die seuns van die broers van Agazyah, wat Agazyah bedien het, gevind en hulle doodgemaak.

9 Hy het vir Agazyah gesoek en hulle het hom gevang waar hy in Shomron wegkruip en hom na Yehu gebring. Nadat hulle hom doodgemaak het, het hulle hom begrawe, want hulle het gesê: "Hy is die seun van Y'hoshafat, wat יהוה met sy hele verstand, wil en emosie gesoek het." Die huis van Agazyah het niemand gehad met outoriteit om oor die koninkryk te heers nie.

10 Toe `Atalyah, die moeder van Agazyah, sien dat haar seun dood is, het sy opgestaan en al die seuns van die koning van die huis van Y'hudah doodgemaak.

11 Y'hosh'va, die dogter van die koning, het egter vir Yo'ash, die seun van Agazyah, gesteel vanuit die koning se seuns wat op die punt was om doodgemaak te word en hom en sy versorger in haar kamer gebring. Y'hosh'va, die dogter van koning Y'horam, die vrou van Y'hoyadah, die priester; dus was sy die suster van Agazyah, het hom vir `Atalyah weggesteek sodat sy hom nie doodgemaak het nie.

12 Hy was by haar weggesteek in die huis van God vir ses jaar terwyl `Atalyah oor die land regeer het.

23 1 In die sewende jaar het Y’hoyadah homself versterk saam met die bevelvoerders oor ’n honderd: `Azaryah, die seun van Yerogam, Yishma’el, die seun van Y’hoganan, `Azaryah, die seun van `Oved, Ma’aseiyahu, die seun van `Adayahu en Elishafat, die seun van Zikhri.

2 Hulle het rondgegaan in Y’hudah en die Leviete bymekaargemaak uit al die stede van Y’hudah en die hoofde van die vaders van Yisra’el en hulle het na Yerushalayim gekom.

3 Die hele vergadering het in die huis van יהוה met die koning ’n verbond gesluit. Y’hoyadah het vir hulle gesê: “Let op, die seun van die koning moet oor julle heers soos יהוה met Dawid, Sy dienskneg, gepraat het.

4 Dit is wat julle moet doen: ’n derde deel van julle wat op die Shabbat in die tempel ingaan; van die priesters, die Leviete en die poortwagters; sal op wag wees.

5 ’n Derde deel sal by die huis van die koning wees en ’n derde deel by die Fondasiepoort en die hele volk sal op wag wees in die howe van die huis van יהוה.

6 Niemand mag egter in die huis van יהוה ingaan nie, behalwe die priesters en die Leviete; húlle mag ingaan, want hulle is afgesonderd, maar die hele volk moet waghou oor die huis van יהוה.

7 Die Leviete moet rondom die koning gaan staan, elkeen met sy wapens in sy hand en wie anders ook al die binneste van die huis ingaan, moet gedood word, maar julle moet by die koning wees as hy in- en as hy uitgaan.”

8 Die Leviete en die hele Y’hudah het gedoen net soos die priester Y’hoyadah beveel het: elkeen het sy manne gevat wat op die Shabbat moes waghou saam met die wat op die Shabbat uitgaan, want Y’hoyadah, die priester, het hulle van hulle pligte onthef.

9 Y’hoyadah, die priester, het aan die bevelvoerders oor ’n honderd die spiese, die klein skilde en die skilde van koning Dawid gegee wat in die huis van יהוה was.

10 Elke man het opgestaan met sy wapen in sy hand, van die regterkant van die tempel af tot by die linkerkant van die tempel, by die altaar en na die tempel toe en rondom die koning.

11 Toe het hulle die seun van die koning uitgebring en die kroon op sy kop gesit, aan hom die septer gegee en hom koning gemaak. Y’hoyadah en sy seuns het hom gesalf en gesê: “Lank leef die koning!”

12 Toe `Atalyah die klanke van die mense hoor wat hulle verheug en יהוה loof, het sy na die koning toe gekom in die huis van יהוה.

13 Sy het gekyk en let op, die koning staan by die pilaar volgens die gebruik van die konings en die volk het met reguit en gebuigde trompette geblaas voor die koning en die hele volk was verheug en het op trompette geblaas saam met die sangers, begelei met musiekinstrumente. Toe skeur `Atalyah haar klere en roep uit: “Verraad, verraad!”

14 Toe het Y’hoyadah, die priester, die bevelvoerders oor ’n honderd, wat oor die leër aangestel is, beveel en vir hulle gesê: “Vat haar weg uit die rye uit en die wat agter haar aankom, moet met die swaard gedood word,” want die priester het gesê: “Julle mag haar nie in die huis van יהוה doodmaak nie.”

15 Toe het hulle vir haar ’n pad oopgemaak en sy het na die ingang van die Perdepoort gegaan en is daar doodgemaak.

16 Y’hoyadah het ’n verbond gesluit tussen homself en die hele volk en tussen homself en die koning sodat hulle יהוה se volk sou wees.

17 Toe het die hele volk na die tempel van Ba’al gegaan en dit afgebreek en sy altare en beelde in stukke geslaan en die priester van Ba’al voor die altaar doodgemaak.

18 Y’hoyadah het ook amptenare in die huis van יהוה aangestel en die Leviete en priesters wat Dawid ingedeel het in afdelings, om in beheer te wees van die huis van יהוה om brandoffers aan יהוה te offer, soos dit geskryf is in die wet van Mosheh, met blydskap en sang, soos Dawid dit ingestel het, aangestel.

19 Hy het poortwagters by die poorte van die huis van יהוה gesit sodat niemand kon inkom wat in enige opsig onrein was nie.

20 Hy het die bevelvoerders oor ’n honderd gevat en die goewerneurs van die volk en al die mense van die land en hulle het deur die Boonste poort van die koning se huis gegaan en hom op die koninkryk se troon laat sit.

21 Die hele volk van die land het hulle verbly en met trompette geblaas nadat hulle `Atalyah met die swaard doodgemaak het.

24 1 Yo’ash was sewe jaar oud toe hy begin heers het en hy het veertig jaar lank in Yerushalayim regeer. Die naam van sy moeder was Tzivyah, uit die stad Be’er-Sh’va. [2 Kon 12:1-14:1]

2 Yo’ash het dit gedoen wat reg was in die oë van יהוה, al die dae van die priester Y’hoyadah.

3 Y’hoyadah, die priester, het vir hom twee vroue geneem en hy het die vader geword van seuns en dogters.

4 Dit het gebeur na hierdie dinge dat Y’hoyadah in die geheim, saam met Yo’ash, besluit het om die huis van יהוה te herstel en alles wat in dit nodig was.

5 Y’hoyadah, die priester, het al die priesters en die Leviete bymekaargemaak en vir hulle gesê: “Gaan uit na die stede van Y’hudah en versamel silwer en goud uit die hele Yisra’el om van jaar tot jaar die huis van julle God te herstel en júlle moet gou maak met die saak!

6 Die koning het die hoofpriester, Y’hoyadah, geroep en vir hom gesê: “Waarom het jy nie vereis dat die Leviete uit Y’hudah en uit Yerushalayim die belasting, wat Mosheh, die kneg van יהוה, voorgeskryf het, inbring nie en die vergadering van Yisra’el vir die Fees van Sukkot oproep nie?”

7 `Atalyah het boosheid onderrig en die huis van God opgebreek en wat ook al die afgesonderde voorwerpe wat in die huis van יהוה was, vir die aanbidding van afgode gebruik.

8 Op bevel van die koning het hulle ’n kis gemaak en dit buitekant die poort van die huis van יהוה neergesit.

9 Hulle het uitgeroep in Y'hudah en in Yerushalayim om aan יהוה die deel wat Mosheh, die dienskneg van God, op Yisra'el in die woestyn gelê het, te bring.
10 Al die prinse en die hele volk het hulle verheug en geskenke ingebring, die kis op sy plek gesit en ingegooi totdat dit vol was.
11 Wanneer hulle sien dat daar baie geld in die kis was, het die koning se skrywer en die opsigter van die hoofpriester se huis gekom en die geld getel en in sakke gesit.
12 Hulle het dit aan hulle gegee wat die werk van die diens van die huis van יהוה doen en het klipkappers en skrynwerkers gehuur om die huis van יהוה te herstel, asook yster- en kopersmede om die huis van יהוה te herstel.
13 Die werkers het gewerk en die werk vervolmaak sodat die huis van God herstel is en hulle het dit versterk.
14 Toe hulle klaar was, het hulle die orige geld voor die koning en Y'hoyadah gebring, waarvan houers gemaak is vir die huis van יהוה, houers om te dien en te offer en lepels en goue en silwer voorwerpe. Hulle het voortdurend brandoffers gebring in die huis van יהוה al die dae van Y'hoyadah.
15 Y'hoyadah het oud geword en was vol van dae toe hy dood is. Hy was 'n honderd en dertig jaar oud toe hy gesterf het.
16 Hulle het hom begrawe in die stad van Dawid by die konings en gesê: "So sal hy wat goed doen in Yisra'el beloon word." Hy het ook baie bygedra vir die huis van יהוה.
17 Ná die dood van Y'hoyadah, het die prinse van Y'hudah voor die koning kom buig en die koning het na hulle geluister [Deut 13:6-9]
18 en hulle het die huis van יהוה, die God van hulle vaders, verlaat en gegaan en beelde en afgode gedien. Woede het oor Y'hudah en Yerushalayim gekom omdat hulle hierdie sonde gedoen het.
19 Nogtans het God profete na hulle gestuur om hulle terug te bring van hulle lewenswyses af, maar hulle wou nie luister nie. Die profete het teen hulle getuig, maar hulle wou nie gehoor gee nie.
20 Die Gees van יהוה het op Z'kharyah, die seun van Y'hoyadah, die priester, gekom en hy het hoër as die volk gaan staan en vir hulle gesê: "So sê יהוה: Waarom oortree julle die opdragte van יהוה dat julle nie voorspoedig kan wees nie? Omdat julle My lewenswyses verlaat het, sal Ek julle verlaat."
21 Daarop het hulle 'n sameswering teen hom gesmee en hom op bevel van die koning in die voorhof van die huis van יהוה gestenig. [Mat 23:35; Luk 11:51]
22 So het koning Yo'ash die guns wat Y'hoyadah, sy vader, aan hom bewys het, nie onthou nie, maar sy seun na hom doodgemaak. Toe sy seun op die punt was om doodgemaak te word, het hy gesê: "Mag יהוה dit sien en wraak neem!"
23 Dit het gebeur aan die einde van die jaar dat 'n leër van Aram teen hom opgetrek het en hulle het in Y'hudah en Yerushalayim aangekom en al die prinse van die volk uitgeroei en al hulle buit na die koning van Dammesek gestuur.
24 Alhoewel die leër van Aram met 'n klein aantal manne gekom het, het יהוה 'n baie groot leër in hulle hand gegee omdat hulle יהוה, die God van hulle vaders, verlaat het. Dit wat Yo'ash gedoen het, is veroordeel deur die regters.

25 Toe hulle van hom af weggegaan het, want hulle het hom in ’n ernstige siektetoestand verlaat, het sy diensknegte ’n sameswering teen hom gesmee vanweë die bloed van die seun van Y’hoyadah, die priester en hulle het hom op sy bed vermoor en hy is dood. Hy is begrawe in die stad van Dawid, sy vader, maar hulle het hom nie in die grafte van die konings begrawe nie.

26 Hierdie is die name van hulle wat teen hom saamgesweer het: Yozakhar, die seun van Shim’at, die `Ammoniet en Y’hozavad, die seun van Shomer, die Mo’aviet,

27 asook sy seuns en baie ander het teen hom saamgesweer. Die res van die sondes wat hy gepleeg het in die huis van יהוה, let op, dit is opgeskryf in die Gedigte van die Boek van die konings. Amatzyahu het in sy plek geheers.

25 1 Amatzyahu was vyf en twintig jaar oud toe hy begin heers het en hy het nege en twintig jaar in Yerushalayim regeer. Die naam van sy moeder was Y’ho’addan, van Yerushalayim. [2 Kon 12:22; 14:1-20]

2 Hy het gedoen wat reg was in die oë van יהוה, maar nie met ’n volmaakte verstand, wil en emosie nie.

3 Dit het gebeur toe die koninkryk stewig in sy hand was dat hy sy diensknegte, wat sy vader, die koning, vermoor het, doodgemaak het,

4 maar nie hulle kinders nie, want so is dit geskryf in die boek van die wet van Mosheh, waar יהוה dit beveel het: “Die vaders moenie vir die kinders sterf en die kinders moenie vir die vaders sterf nie, maar elke man sal sterf vir sy eie sonde.” [Deut 24:16]

5 Amatzyahu het Y’hudah bymekaar laat kom en bevelvoerders oor ’n duisend en bevelvoerders oor ’n honderd oor hulle aangestel, volgens die huise van hulle vaders, regdeur die hele Y’hudah en Binyamin. Hy het hulle getel van twintig jaar oud en daarbo en gevind dat hulle drie honderd duisend jongmanne was, wat swaard en skild kon hanteer, in staat om te gaan oorlog maak.

6 Hy het ook ’n honderd duisend dapper magtige manne uit Yisra’el vir ’n honderd talente silwer gehuur.

7 Daar het egter ’n profeet van God na hom toe gekom en gesê: “O koning, laat die hele leër van Yisra’el nie saam met u gaan nie, want יהוה is nie by Yisra’el, of by die hele huis van Efrayim nie.

8 U sal in ’n groot geveg betrokke raak en יהוה sal u laat val voor u vyande, want u het יהוה nie gelofprys nie, want Hy is die Helper en Een wat verhoog.”

9 Amatzyahu sê vir die man van God: “Watter oortreding het ek begaan deur die honderd talente vir die manne van Yisra’el te gee?” Die man van God antwoord: “יהוה is in staat om vir u baie meer as dit te gee, dubbel wat u gegee het.”

10 Toe het Amatzyahu die manne wat uit Efrayim gekom het afgesonder om weer huis toe te gaan, maar hulle het baie kwaad geword en hy het hulle in woede teruggestuur.

11 Amatzyahu het homself versterk en sy manne gelei en na die Vallei van Sout gegaan en tien duisend van die manne wat vanaf Se’ir is, verslaan.

12 Die seuns van Y’hudah het nog tien duisend lewendig gevang en hulle na die top van die krans gebring, almal in kettings gebind.

13 Die dapper manne wat Amatzyahu laat teruggaan het, het 'n plundertog onderneem in die stede van Y'hudah, Shomron en die stede van die ander nasies en het drie duisend manne gedood en baie buit geroof.

14 Dit het gebeur toe Amatzyahu teruggekom het nadat hy die Edomiete verslaan het, hulle vir hom die gode van die manne van Se'ir gebring het en hy het hulle voor hom opgestel en hom voor hulle neergebuig en vir hulle wierook laat opgaan;

15 daarom het die woede van יהוה teen Amatzyahu ontvlam en Hy stuur 'n profeet na hom, wat vir hom sê: "Waarom het jy gebid voor die gode van die ander nasies, wat nie hulle eie volk uit u hand kon red nie?"

16 Dit het gebeur terwyl die profeet met hom praat dat die koning vir hom sê: "Die aanbidding van houtvoorwerpe is deur die konings opgeneem." Toe onttrek die profeet van hom en sê: "Wee tot u, let op, יהוה het besluit om u te vernietig omdat u dit gedoen het en nie na my raad geluister het nie."

17 Amatzyahu, die koning van Y'hudah, het raad gekry en gestuur na Y'ho'ash, die seun van Y'ho'agaz, die seun van Yehu, koning van Yisra'el, om te sê: "Kom, laat ons mekaar se gesigte sien in geveg.".

18 Y'ho'ash, koning van Yisra'el, het Amatzyahu, koning van Y'hudah, so geantwoord: "Die distel wat op die L'vanon is, het vir die seder wat op die L'vanon is, laat weet: 'Gee jou dogter aan my seun as vrou en daar het 'n wilde dier in die L'vanon verbygegaan en die distel vertrap.'

19 Omdat u die Edomiete verslaan het, het u verstand, wil en emosie u opgelig om te roem. Behou u waardigheid en bly tuis. Waarom wil u moeilikheid opstook dat u sou val, u en die hele Y'hudah saam met u?"

20 Amatzyahu wou egter nie luister nie en toe het Y'ho'ash, koning van Yisra'el en Amatzyahu, koning van Y'hudah opgetrek

21 en mekaar gekonfronteer in 'n geveg by die dorp Beit-Shemesh wat op die grens van Y'hudah is.

22 Y'hudah is voor Yisra'el verslaan en hulle het, elkeen na sy tent toe, gevlug.

23 Y'ho'ash, koning van Yisra'el, het vir Amatzyahu, koning van Y'hudah, in Beit-Shemesh gevang en hom na Yerushalayim gebring en vier honderd el van die muur van Yerushalayim afgebreek, vanaf die Efrayimspoort tot by die Hoekpoort.

24 Hy het al die goud, die silwer en al die voorwerpe wat in die huis van God te vinde was sowel as die voorwerpe wat by Oved-Edom gehou is en die skatte van die huis van die koning en die voorwerpe van die koning en die voorwerpe van goud gevat en na Shomron teruggegaan.

25 Amatzyahu, die seun van Yo'ash, koning van Y'hudah, het ná die dood van Y'ho'ash, die seun van Y'ho'agaz, koning van Yisra'el, nog vyftien jaar geleef.

26 Die res van die dade van Amatzyahu, die vroeëre en die latere, let op, hulle is geskryf in die Boek van die konings van Y'hudah en Yisra'el.

27 Vanaf die tyd dat Amatzyahu van יהוה af weggedraai het, het sy diensknegte 'n sameswering teen hom gesmee in Yerushalayim sodat hy na Lakhish gevlug het, maar hulle het agter hom aangestuur na Lakhish en hom daar doodgemaak.

28 Sy diensknegte het hom op perde gebring en hom by sy vaders begrawe in die stad van Dawid.

26 1 Toe het die hele volk van Y’hudah vir `Uziyahu, sy seun gevat, wat toe sestien jaar oud was en hom koning gemaak in die plek van sy vader Amatzyahu. [2 Kon 15:1-7]
2 Hy het, nadat die koning by sy vaders neergelê is, Eilat opgebou en aan Y’hudah terugbesorg.
3 `Uziyahu was sestien jaar oud toe hy begin heers het en hy het twee en vyftig jaar in Yerushalayim regeer. Die naam van sy moeder was Y’kholyahu, van Yerushalayim.
4 Hy het gedoen dit wat reg was in die oë van יהוה net soos sy vader, Dawid, gedoen het.
5 Hy het tot God gebid in die dae van Z’kharyah, wat hom onderrig gegee het in die aanbidding van יהוה en יהוה het al sy dade voorspoedig gemaak.
6 Hy het gegaan en teen die F’lishtyne oorlog gemaak en die muur van Gat, die muur van Yavneh en die muur van Ashdod afgebreek.
7 God het hom gehelp teen die F’lishtyne, teen die Arabiere wat in Gur-Ba’al gewoon het en teen die Me’uniete.
8 Sy roem het uitgebrei tot by die land van Mitzrayim, want hy het aangehou veg.
9 Verder het `Uziyahu torings gebou in Yerushalayim by die Hoekpoort en by die Westelike poort en hulle met ysters versterk.
10 Hy het ook baie torings in die stede wat hy gehad het, gebou en baie kastele, want hy het baie rykdom gehad en plaasboere en werkers beide in die vlaktes en op die berge, want hy het baie beeste gehad.
11 Verder het `Uziyahu ’n leër gehad van magtige manne wat uitgegaan het in oorlog. Hulle was twee en dertig duisend ses honderd.
12 Die ander wat in die platteland gebly het, was drie honderd duisend en die manne wat swaarde gedra het was sewe duisend vyf honderd.
13 Hulle het elke dag opgestaan om oor die koning wag te hou.
14 `Uziyahu het vir hulle, regdeur die hele leërmag, skilde, spiese, helms, borsplate, boë en slingers, om stene te gooi, voorberei.
15 Sy roem het versprei na al die lande totdat hy baie ryk geword het,
16 maar toe hy baie ryk geword het, het sy hoogmoedigheid meer geword [Deut 17:18-20] en hy het oortree teen יהוה, sy God en in die tempel van יהוה ingegaan en wierook op die wierookaltaar gebrand.
17 Die priester, `Azaryahu het agter hom ingegaan en vir hom gesê:
18 “Dit is nie u plek, o koning en u het ook nie die reg, om wierook op die altaar te brand nie.
19 Onmiddelik het `Uziyahu se woede teen die priesters ontvlam en het hy beveel om hulle uit die Afgesonderde Plek te verwyder. Op daardie oomblik het die melaatsheid vanuit die Afgesonderde Plek gegaan en op die voorkop van koning `Uziyahu geval soos hy ingaan om wierook in die huis van יהוה te brand.
20 `Azaryahu, die hoofpriester en al die priesters het na hom gedraai en let op, hy het gehaas om uit te gaan, want hy het geweet dat יהוה hom geslaan het.

21 Koning `Uziyahu was melaats tot die dag van sy dood toe en het in ’n huis in afsondering gebly as melaatse, want hy het gelaster teen die huis van יהוה en sy seun, Yotam, was oor die paleis van die koning en het die volk van die land regeer.

22 Die res van die dade van `Uziyahu, die vroeëre en die latere, let op, hulle is geskryf deur Yesha’yahu, die profeet, die seun van Amotz.

23 `Uziyahu is neergelê by sy vaders en hulle het hom in die begraafplaas begrawe, nie op die plek wat aan die konings behoort nie, want hulle het gesê: “Hy is melaats.” Yotam, sy seun, het in sy plek geheers.

27 1 Yotam was vyf en twintig jaar oud toe hy begin heers het en hy het vir sestien jaar in Yerushalayim regeer. Die naam van sy moeder was Yerushah, die dogter van Tzadok. [2 Kon 15:32-38]

2 Hy het gedoen dit wat reg was in die oë van יהוה net soos sy vader, `Uziyahu, gedoen het. Nogtans het hy nagelaat om in die tempel van יהוה in te gaan en die volk was steeds korrup.

3 Hy het die Boonste Poort van die huis van יהוה gebou en die muur voltooi en verbeter.

4 Verder het hy stede gebou in die land van Y’hudah en in die woude het hy kastele en torings gebou.

5 Hy het ook teen die `Ammoniete geveg en hulle oorwin. Die seuns van `Ammon het aan hom in dié jaar ’n honderd talente silwer en tien duisend kor koring en tien duisend kor gars gegee. Die `Ammoniete het ook vir hom dieselfde in die tweede en derde jaar gegee.

6 Yotam het magtig geword, want hy het sy lewenswyse voor die Teenwoordigheid van יהוה, sy God, gevestig.

7 Die res van die dade van Yotam, al sy oorloë en sy lewenswyse, let op, dit is opgeskryf in die ‘Boek van die konings van Yisra’el en Y’hudah.’

8 Hy was vyf en twintig jaar oud toe hy koning geword het en het vir sestien jaar in Yerushalayim regeer.

9 Yotam is neergelê by sy vaders en hy is begrawe in die stad van Dawid. Agaz, sy seun, het in sy plek geheers.

28 1 Agaz was twintig jaar oud toe hy begin heers het en hy het vir sestien jaar in Yerushalayim regeer en hy het nie gedoen wat reg was in die oë van יהוה soos sy vader, Dawid, nie, [2 Kon 16:1-20]

2 maar hy het geleef in die maniere van die konings van Yisra’el en ook altare vir die afgode gemaak.

3 Hy het verder ook wierook in groot valleie gebrand en sy seun deur die vuur laat gaan, volgens die gewoontes van die nasies wat יהוה voor die seuns van Yisra’el vernietig het.

4 Hy het ook geoffer en wierook gebrand op die altare, hoë plekke en onder elke mooi boom;

5 daarom het יהוה, sy God, hom oorgegee in die hand van die koning van Aram en hy het hom verslaan met ’n groot slagting en ’n groot menigte gevangenes weggevoer na Dammesek. Hy is ook oorgegee in die hand van die koning van Yisra’el wat hom verslaan het met ’n groot slagting.

6 Pekag, die seun van Remalyah, het in Y’hudah op een dag ’n honderd en twintig duisend doodgemaak, almal dapper manne omdat hulle יהוה, die God van hulle vaders, verlaat het.

7 Zikhri, ’n magtige man van Efrayim, het vir Ma’aseiyah, die seun van die koning en vir `Azrikam, die goewerneur van die paleis en vir Elkanah, die tweede onder die koning, doodgemaak.

8 Die seuns van Yisra’el het van hulle broers twee honderd duisend as gevangenes weggevoer en hulle seuns en dogters en ook baie buit van hulle geroof en die buit na Shomron gebring.

9 Daar was egter ’n profeet van יהוה met die naam van `Oded en hy het uitgegaan na die leër wat aan’t kom was na Shomron en vir hulle gesê: “Let op omdat יהוה, die God van julle vaders, kwaad was vir Y’hudah het Hy hulle in jul hand oorgegee en julle het hulle doodgemaak en was nie vir hulle jammer nie.

10 Nou beplan julle om hulle jul slawe en slavinne te maak en selfs nou weet julle dat julle hierdie sonde gedoen het in die Teenwoordigheid van יהוה, julle God.[Lev 25:39,42]

11 Luister daarom na my en stuur hulle wat julle van jul broers gevange geneem het, terug sodat die groot woede van יהוה nie op julle kom nie!”

12 Toe het sekere van die hoofde van die kinders van Efrayim opgestaan teen hulle wat uit die oorlog kom: `Azaryahu, die seun van Y’hoganan, Berekhyahu, die seun van Meshillemot, Y’gizkiyah, die seun van Shallum en `Amasa, die seun van Hadlai

13 en vir hulle gesê: “Julle mag nie die gevangenes hierheen bring nie dat ons nie weer teen יהוה, ons God, sondig nie. Julle wil byvoeg by ons oortredinge en ons sondes, want ons sondes is uitermate groot.”

14 Hulle het toe al die gevangenes teruggestuur na Yerushalayim, tog het hulle weer bedrieglik teenoor יהוה opgetree.

15 Die manne wat volgens naam aangewys is, het opgestaan en die gevangenes gevat en almal wat kaal was uit die buit aangetrek, vir hulle klere gegee en skoene en hulle laat eet en drink en hulle gesalf en almal wat swak was, op donkies vervoer en hulle tot by Yerigo, die Palmstad, na hul broers gebring; toe het hulle na Shomron teruggegaan.

16 In daardie tyd het koning Agaz die koning van Ashur gevra om hom te help,

17 want in hierdie tyd het die Edomiete gekom en Y’hudah verslaan en gevangenes weggevoer.

18 Ook die F’lishtyne het gekom en die stede van die Laeveld en die Suidland van Y’hudah beleër en hulle het Beit-Shemesh, Ayalon, G’derot, Sokho, met sy dorpies, Timnah met sy dorpies en Gimzo met sy dorpies, verower,

19 want יהוה het Y’hudah verneder ter wille van die sondes van Agaz, die koning van Y’hudah omdat hy wetteloosheid in Y’hudah bevorder en ernstig teen יהוה oortree het.

20 Tiglath-Pil'ser, koning van Ashur, het hom aangeval en teen hom gekamp en hom baie ontstel.

21 Agaz het die voorwerpe uit die huis van יהוה en uit die huise van vorige konings en uit die huise van ryk manne weggevat en dit aan die koning van Ashur gegee sodat hy hom nie kwaad sou aandoen in sy tyd van benoudheid nie.

22 Dieselfde koning Agaz het egter nog meer teen יהוה oortree:

23 hy het geoffer aan die gode van Dammesek en gesê: "Julle is my gode en my meesters; aan julle sal ek aanbidding aanbied en offers bring." Hy was dus 'n struikelblok vir Y'hudah; hy het gesondig en al die mense van Y'hudah laat sondig.

24 Agaz het al die gereedskap van die huis van יהוה bymekaargebring en die gereedskap van die huis van יהוה in stukke gebreek en die binne en buite deure van die huis van יהוה toegesluit en vir hom altare gemaak op elke hoek in Yerushalayim.

25 In elke dorpie en gehuggie van Y'hudah het hy 'n altaar opgerig om ander gode te dien.

26 Die res van die dade van Agaz en sy lewenswyse, die vroeëre en die latere, let op, dit is opgeskryf in die Boek van die konings van Y'hudah en Yisra'el.

27 Agaz is neergelê by sy vaders en hulle het hom in Yerushalayim begrawe, want hulle het hom nie in die grafte van die konings van Y'hudah gebring nie. Hizkiyahu, sy seun, het in sy plek geheers.

## 29

1 Hizkiyahu het begin heers toe hy vyf en twintig jaar oud was en nege en twintig jaar in Yerushalayim regeer. Sy moeder se naam was Aviyah, die dogter van Z'kharyah. Yes 36-39; 2 Kon 18:1-20:21

2 Hy het dit gedoen wat reg was in die oë van יהוה net soos sy vader, Dawid, gedoen het.

3 In die eerste jaar van sy regering, in die eerste maand, het hy die deure van die huis van יהוה oopgemaak en dit herstel.

4 Hy het die priesters en die Leviete laat inkom en hulle bymekaar laat kom in die oopte na die ooste

5 en vir hulle gesê: "Luister na my, Leviete! Sonder julle nou af en sonder die huis van יהוה, die God van julle vaders, af en verwyder julle bose werke uit julle gedagtes

6 sodat ons nie mag doen wat ons vaders gedoen het nie, want hulle het boos gedoen in die oë van יהוה, ons God en hulle het Hom verlaat en hulle gesigte weggedraai van die blyplek van יהוה en hulle rug gedraai.

7 Hulle het ook die deure van die stoepe toegesluit en die lampe doodgeblaas en geen wierook gebrand of brandoffers geoffer op die altaar van die God van Yisra'el nie;

8 daarom het die woede van יהוה oor Y'hudah en Yerushalayim gekom en Hy het hulle oorgegee aan 'n vloek, verlatenheid en die swaard, soos wat julle met jul eie oë sien.

9 Let op, ons vaders het deur die swaard geval en ons seuns, ons dogters en ons vroue is in gevangenskap.

10 Nou, aangesien ons afgedwaal het daarvan om יהוה, ons God, te volg en die verbond verlaat het wat Hy met ons vaders gesluit het, het Hy ons ook verlaat.

11 My seuns, moenie nou nalatig wees nie, want יהוה het julle gekies om voor Hom te staan, om Hom te dien, tot Hom te bedien en wierook te laat brand.”

12 Toe het die Leviete opgestaan: Magat, die seun van `Amasai en Yo’el, die seun van `Azaryahu, uit die seuns van die K’hatiete; uit die seuns van M’rari: Kish, die seun van `Avdi en `Azaryahu, die seun van Yehallel’el; uit die Gershuniete: Yo’ag, die seun van Zimmah en `Eden, die seun van Yo’ag;

13 uit die seuns van Elitzafan: Shimri en Ye’i’el; uit die seuns van Asaf: Z’kharyah en Mattanyahu;

14 uit die seuns van Heman: Yegi’el en Shim’i; uit die seuns van Y’dutun: Sh’ma’yah en `Uzi’el.

15 Hulle het hul broers bymekaargemaak en hulself afgesonder en gekom om volgens die bevel van die koning, ooreenkomstig die woorde van יהוה, die huis van יהוה te reinig.

16 Die priesters het binne-in die binneste deel van die huis van יהוה ingegaan om dit te reinig en al die onreinheid wat hulle in die tempel van יהוה gevind het, uitgebring in die oopte van die huis van יהוה en die Leviete het dit gevat om dit uit te bring na buite, na die Kidronspruit.

17 Hulle het begin om dit af te sonder op die eerste van die eerste maand en op die agtste dag van die maand was hulle by die stoep van יהוה. Hulle het die huis van יהוה binne agt dae afgesonder en op die sestiende dag van die eerste maand was hulle klaar.

18 Toe het hulle na koning Hizkiyahu gegaan en gesê: “Ons het die hele huis van יהוה gereinig, die brandofferaltaar met al sy gereedskap, die tafel vir die brode van die Teenwoordigheid met al sy gereedskap,

19 ook al die gereedskap wat koning Agaz tydens sy regering deur sy oortreding weggegooi het, het ons voorberei en afgesonder en let op, hulle is voor die altaar van יהוה.

20 Toe het koning Hizkiyahu vroeg opgestaan en die oudstes van Yerushalayim bymekaargemaak en opgegaan na die huis van יהוה.

21 Hulle het vir hom sewe bulle, sewe ramme, sewe lammers en sewe bokramme as ’n toedekking vir die koninkryk en vir die Afgesonderde Plek en vir Y’hudah gebring en hy het die seuns van Aharon, die priesters, beveel om dit op die altaar van יהוה te offer

22 en om die beeste te slag en die priesters beveel om die bloed op te vang en aan die horings van die altaar te sprinkel

23 en om die bokramme voor die koning en die vergadering van Yisra’el te bring en om hulle hande daarop te lê

24 dat die priesters hulle sal slag en die bloed daarvan teen die altaar se horings sprinkel om ’n toedekking te doen vir die hele Yisra’el, want die koning het beveel dat die hele Yisra’el brandoffers en offers moet bring.

25 Hy het die Leviete opgestel in die huis van יהוה met simbale, begeleide liedere en met die liedere van Dawid, van Gad, die profeet van die koning en van die profeet Natan, want Dawid het die liedere van יהוה, sy God, gesing soos hulle gesing is deur die monde van die profete.
26 Die Leviete het gaan staan en die liedere van Dawid gesing en die priesters het op reguit en gekromde trompette geblaas.
27 Toe het Hizkiyahu beveel dat die brandoffer op die altaar geoffer moet word en toe die brandoffer begin, het Hizkiyahu ook die liedere van יהוה begin sing, volgens die liedere van Dawid, die koning van Yisra'el.
28 Die hele vergadering van Yisra'el het hulle neergebuig en liedere gesing en met die reguit en gekromde trompette geblaas totdat die brandoffers klaar was.
29 Toe hulle klaar geoffer het, het die koning en almal wat by hom was, gekniel en aanbid.
30 Verder het koning Hizkiyahu en die prinse die Leviete beveel om lofprysinge tot יהוה te sing met die woorde van Dawid en van Asaf, die profeet en hulle het lofsange met blydskap gesing en neergebuig en aanbid.
31 Hizkiyahu het geantwoord en gesê: "Nou het julle jul afgesonder vir יהוה se lewenswyse; kom nader en bring offers en dankoffers in die huis van יהוה." Die mense het offers en dankoffers gebring, alles wat hulle verstand, wil en emosie begeer, het hulle gebring.
32 Die getal van die brandoffers wat die mense gebring het, was sewentig beeste, 'n honderd ramme en twee honderd lammers; dit alles was as 'n brandoffer aan יהוה.
33 Die afgesonderde dinge was ses honderd beeste en drie duisend skape.
34 Die priesters was te min sodat hulle nie al die brandoffers kon slag nie; daarom het hulle broers, die Leviete, hulle gehelp totdat die werk voltooi is. Na dit het die priesters hulself afgesonder, want die Leviete was nederig en het hulself meer afgesonder as die priesters.
35 Ook die brandoffers was in oorvloed, saam met die vet van die vredesoffers en van die lammers vir die brandoffers. So was die diens van die huis van יהוה weer in orde.
36 Hizkiyahu en die hele volk van Yisra'el het hulle verheug omdat die diens van die tempel bereik is, want dit is gou gedoen.

30 1 Hizkiyahu het gestuur na die hele Yisra'el en Y'hudah en het ook briewe geskryf aan Efrayim en M'nasheh sodat hulle sou kom na die huis van יהוה in Yerushalayim, om die Pesag tot eer van יהוה, die God van Yisra'el, te hou,
2 want die koning en sy prinse en die hele vergadering van Yisra'el het in Yerushalayim besluit om die Pesag tot יהוה, die God van Yisra'el, in die tweede maand [Num 9:11] te hou,
3 want hulle kon dit nie op die vasgestelde tyd hou nie omdat die priesters hulle nie afgesonder het nie en die volk se leermeesters hulle nie in Yerushalayim laat saamkom het nie.
4 Die saak was reg in die oë van die koning en in die oë van die hele volk van Yisra'el.

5 Hulle het die opdrag bevestig om dit uit te voer en ’n aankondiging gemaak deur die hele Yisra’el, vanaf Be’er-Sh’va tot by Dan, dat hulle moes kom om die Pesag tot eer van יהוה, die God van Yisra’el, in Yerushalayim te hou, want hulle het dit vir ’n lang tyd nie gehou, soos voorgeskryf is nie.

6 Die hardlopers het met die briewe uit die hand van die koning en sy prinse deur die hele Yisra’el en Y’hudah gegaan en volgens die bevel van die koning gesê: “Seuns van Yisra’el, draai julle weer terug na יהוה, die God van Avraham, Yitz’gak en Yisra’el en Hy sal Hom draai tot julle, die wat oorgebly en ontsnap het uit die hand van die konings van Ashur

7 en wees nie soos julle vaders en julle broers wat oortree het teen יהוה, die God van ons vaders sodat Hy hulle oorgegee het aan verlatenheid nie, soos julle sien.

8 Wees nou nie hardnekkig, soos julle vaders was nie, maar kom in die Afgesonderde Plek wat Hy vir ewig afgesonder het en dien יהוה, julle God, dat die erns van Sy woede van julle af kan wegdraai,

9 want Hy het Homself aan julle openbaar, aan julle seuns en broers en Hy sal aan julle liefdevolle omgee bewys deur die wat julle gevange weggevoer het en julle terugbring na hierdie land, want יהוה, julle God, is vol onverdiende guns en omgee en Hy sal nie Sy gesig wegdraai van julle as julle na Hom toe terugdraai nie.”

10 Die hardlopers van koning Hizkiyahu het van stad tot stad deur die land van Efrayim en M’nasheh gegaan en selfs tot by Z’vulun,

11 maar sommige van die bose manne uit die stam van Asher, Efrayim, M’nasheh en Z’vulun het hulle uitgelag en gespot.

12 Nogtans het die res van die manne van hierdie stamme hulle verneder en na Yerushalayim gekom saam met die stam van Y’hudah. Die hand van God was op hulle, om vir hulle ’n eensgesinde verstand, wil en emosie te gee om die opdrag van die koning en sy prinse volgens die woord van יהוה uit te voer.

13 Daar het in Yerushalayim baie mense bymekaargekom om die Fees van die Ongesuurde Brode in die tweede maand te hou, ’n baie groot vergadering.

14 Hulle het opgestaan en die altare verwyder wat in Yerushalayim was en ook al die wierookaltare van afgode verwyder en in die spruit van Kidron gegooi.

15 Toe het hulle die Pesag gevier op die veertiende van die tweede maand en die priesters en die Leviete het hulleself afgesonder en brandoffers in die huis van יהוה ingebring.

16 Hulle het op hulle plekke gaan staan, volgens hulle ordes, soos dit geskryf is in die wet van Mosheh, die profeet van יהוה; die priesters het die bloed gesprinkel wat hulle uit die hand van die Leviete ontvang het,

17 want daar was baie in die vergadering van Yisra’el wat hulleself nie afgesonder het nie; daarom het die Leviete beheer gehad oor die slagting van die Pesaglammers en hulle het toegesien dat elkeen rein was, om hulle aan יהוה af te sonder. [Deut 16:2, 5-7]

18 Daar was ’n groot hoeveelheid mense van Efrayim, M’nasheh, Yissakhar en Z’vulun, wat hulleself nie gereinig het nie, tog het hulle die Pesaglam, nie volgens die wet nie, geëet, maar Hizkiyahu het vir hulle gebid en gesê: “Mag יהוה wat goed is, die hele Yisra’el vryspreek,

19 want ons het ons verstand, wil en emosies voorberei om tot יהוה, die God van ons vaders, te bid en afsondering sou ons nie meer gereinig het nie."
20 יהוה het na die stem van Hizkiyahu geluister en die volk genees.
21 Die seuns van Yisra'el wat in Yerushalayim was, het die Fees van die Ongesuurde Brode vir sewe dae lank met groot blydskap gevier en die Leviete en die priesters het יהוה dag vir dag geprys en liedere van lofprysing gesing.
22 Hizkiyahu het met al die Leviete gepraat wat goeie liedere voor יהוה gesing het en hulle het regdeur die fees, sewe dae lank geëet terwyl hulle vredesoffers geslag en belydenis gedoen het tot יהוה, die God van hulle vaders.
23 Die hele vergadering het aangebly om nog sewe dae fees te hou en hulle het die ander sewe dae met vreugde gevier,
24 want Hizkiyahu, koning van Y'hudah, het vir die vergadering van Yisra'el sewe duisend keur jong bulle, groot en klein en 'n duisend keur bulle en tien duisend skape gegee en 'n groot hoeveelheid priesters het hulleself afgesonder.
25 Die hele vergadering van Y'hudah, saam met die priesters en die Leviete en die hele vergadering van die wat uit Yisra'el gekom het, asook die proseliete wat uit die land van Yisra'el gekom het en die wat in Y'hudah gebly het, het hulle verheug.
26 Daar was groot blydskap in Yerushalayim, want sedert die dae van Shlomo, die seun van Dawid, koning van Yisra'el, was daar nie so iets in Yerushalayim nie.
27 Toe het die Leviete en die priesters opgestaan en die volk geseën en יהוה het hulle stem gehoor en hulle gebed het opgegaan tot by Sy afgesonderde blyplek, tot in die hemele.

31 1 Toe dit alles afgehandel is, het al die Yisra'eliete wat daar was na die stede van Y'hudah gegaan en die beelde in stukke gebreek en die luiperdbeelde afgekap en hoë plekke en altare afgebreek wat in Y'hudah, Binyamin, Efrayim en M'nasheh was totdat hulle dit almal volledig vernietig het. Toe het al die seuns van Yisra'el teruggegaan, elkeen na sy besitting en hulle het in vrede in hul eie stede ingegaan.
2 Hizkiyahu het die dienstye van die priesters en die Leviete vasgestel volgens hulle afdelings, elkeen volgens sy dienswerk - die priesters en Leviete vir die brandoffers en vredesoffers, om te dien en dank te bring en te lofprys in die poorte van die tempel van יהוה.
3 Die koning het uit sy eie besittings jong bulle gegee vir die oggend en aand brandoffers, die brandoffers vir die Shabbatte en die Nuwemane en die feestye, soos dit opgeskryf is in die wet van יהוה.
4 Verder het hy aan die mense wat in Yerushalayim bly, bevel gegee om die deel wat die priesters en Leviete toekom, te gee sodat hulle bemoedig kon wees in die wet van יהוה.
5 Sodra die bevel uitgevaardig is in Yisra'el, het hulle die eerste vrugte van koring, wyn, olie en van hul beeste en van die opbrengs van die land en die tiendes van alles in oorvloed gebring.

6 Die seuns van Yisra’el en Y’hudah wat in die stede van Y’hudah gebly het, het ook gawes gebring en aan יהוה, hulle God, geoffer. Hulle het tiende op tiende gebring van graan, wyn en hulle beeste en die opbrengs van die land. Hulle het die tiendes gebring en dit afgesonder vir יהוה, hulle God.

7 In die derde maand het hulle die fondasie van die tiende voorraad gelê en in die sewende maand het Hizkiyahu dit gevat en onder die priesters en Leviete versprei.

8 Toe Hizkiyahu en die prinse sien dat die tiendes van die priesters so oorvloedig is, het hulle יהוה geseën en vir Yisra’el gebid.

9 Toe het Hizkiyahu vir die priesters en die Leviete gebid aangaande die oorvloed van die tiendes.

10 Hy het `Azaryahu, die hoofpriester, van die huis van Tzadok, laat roep en vir hom gesê: “Hierdie tiendes is vir julle gereed om geëet te word, want dit is in die huis van יהוה ingebring. Julle kan eet en versadig word en gee dit wat oor is vir die armes en die vaderloses, want יהוה het Sy volk geseën en aan hulle hierdie oorvloed gegee. Wat oor is, gee dit aan die mense van Yisra’el.”

11 Toe gee Hizkiyahu bevel om stoorkamers in die huis van יהוה in te rig en hulle het dit voorberei

12 en hulle het die tiendes en die toegewyde dinge getrou ingebring. Konanyahu, die Leviet, is as hoof daaroor aangestel en sy broer Shim’i as tweede in bevel.

13 Yegi’el, `Azazyahu, Nagat, `Asah’el, Yerimot, Yozavad, Eli’el, Yismagyah, Magat en B’nayahu was opsigters, onder toesig van Konanyahu en sy broer Shim’i, volgens die bevel van koning Hizkiyahu en `Azaryahu, die hoofpriester oor die huis van יהוה.

14 Kore, die seun van Yimnah, die Leviet, die poortwagter van die oostelike poort, was oor die vrywillige gawes aan יהוה en die mees afgesonderde dinge.

15 Saam met hom was `Eden, Minyamin, Yeshua, Sh’ma’yahu, Amaryahu en Sh’khanyahu, in die stede van die priesters, in hul aangestelde ampte, om porsies aan hulle broers uit te deel, aan groot en klein dieselfde,

16 behalwe die mans wat opgeteken is van drie jaar en ouer, elkeen wat in die huis van יהוה ingekom het, hulle daaglikse porsie vir hulle dienswerk volgens hulle afdelings.

17 Olie en wyn is aan die priesters en die Leviete gegee volgens hulle families, vanaf twintig jaar en ouer, volgens hulle verpligtinge in hulle afdelings.

18 Olie is vir hulle lanterns gegee, vir hulle vroue, hul seuns en hul dogters en aan die hele vergadering van Yisra’el, want hulle het hul getrou in hul ampswerk afgesonder.

19 Die seuns van Aharon, die priester, was afgesonderd; hulle het na elke dorpie en voorstad gegaan, manne wie se name bekend was, om porsies aan al die priesters en aan almal wat volgens nageslag as Leviete erken is, te gee.

20 So het Hizkiyahu regdeur die hele Y’hudah gedoen en hy het gedoen wat goed en reg was en in waarheid voor יהוה geleef.

21 Elke werk wat hy begin het in die huis van יהוה en in die wet en die opdragte om sy God te soek, het hy met sy hele verstand, wil en emosie gedoen en was voorspoedig.

32 1 Ná hierdie dinge en die getroue dade wat Hizkiyahu gedoen het, het Sangeriv, die koning van Ashur, gekom en Y'hudah binnegedring en die versterkte stede beleër en aan die inwoners gesê: "Gee aan my 'n belofte en kom oor na my toe."
2 Toe Hizkiyahu sien dat Sangeriv, koning van Ashur en sy leërmag gekom het om teen Yerushalayim te veg,
3 het hy raad gehou met sy prinse en sy magtige manne om die fonteine se waters weg te steek wat buite die stad is en hulle het hom gehelp.
4 'n Groot hoeveelheid van die mense van Yisra'el het bymekaargekom en al die fonteine en die groot spruite wat dwarsdeur die land loop toegemaak en gesê: "Anders kom die koning van Ashur en kry baie water."
5 Hulle het hulself versterk en een muur oorkant die ander opgebou en die kanaal wat Dawid gebou het besoedel. Hizkiyahu het wapens, skilde en werpspiese in oorvloed laat maak.
6 Hy het oorlogsbevelvoerders oor die manne aangestel; elkeen oor tien en hulle by hom op die markplein van die stad vergader en met almal van hulle gepraat en gesê:
7 "Wees onveranderlik sterk en dapper, moenie bang of moedeloos wees vir die teenwoordigheid van die koning van Ashur of as gevolg van al die leërmagte wat saam met hom gekom het nie, want daar is meer by ons as by hom.
8 By hom is 'n arm van vlees, maar by ons is יהוה, ons God, om ons te help en ons gevegte te veg!" Die manne is bemoedig deur die woorde van Hizkiyahu, koning van Y'hudah.
9 Hierna het Sangeriv, koning van Ashur, vir Rav-Shakeh en sy dienskneгte na Yerushalayim gestuur, (hyself en al sy bevelvoerders het Lakhish beleër), na al die mense van Y'hudah, wat in Yerushalayim was, om te sê:
10 "So sê Sangeriv, koning van Ashur: op wie vertrou julle dat julle in Yerushalayim bly tydens die beleëring?
11 Hizkiyahu mislei julle, om julle van honger en dors te laat sterf en verder mislei hy julle deur te sê: יהוה, ons God, sal ons bevry uit die hand van die koning van Ashur.
12 Het dieselfde Hizkiyahu nie Sy hoë plekke en Sy altare verwyder en Y'hudah en Yerushalayim beveel en gesê: 'Voor één altaar moet julle jul neerbuig en daarop wierook offer?' nie.
13 Miskien weet julle wat ék en my vaders aan al die volke van die ander lande gedoen het? Die gode van die nasies van daardie lande was nie in staat om hulle lande uit my hand te bevry nie.
14 Wie was daar onder al die gode van daardie nasies, wat my vaders volkome vernietig het, wat in staat was om sy volk uit my hand te bevry dat יהוה julle uit my hand sou kon bevry?
15 Moet daarom nie dat Hizkiyahu julle mislei of hierin laat vertrou nie en moet hom nie glo nie, want julle God sal julle nie uit my hand kan bevry nie, want al die nasies en koninkryke kon nie hul stede uit my hand of uit die hand van my vaders bevry nie; julle God sal julle ook nie uit my hand kan bevry nie."

16 Sy diensknegte het hierdie dinge in die Teenwoordigheid van יהוה, God van Yisra'el, gepraat en in die teenwoordigheid van Sy dienskneg, Hizkiyahu.

17 Hy het ook briewe geskryf om יהוה, die God van Yisra'el, te spot en met die mense van Yisra'el te praat en gesê: "Soos die gode van die nasies van hierdie lande nie in staat was om hulle stede uit my hand te bevry nie, so sal die God van Hizkiyahu nie in staat wees om sy stad uit my hand te bevry nie."

18 Toe het hulle hardop uitgeroep in die Joodse taal na die manne wat op die muur van Yerushalayim gesit het, om hulle bang te maak en te pla sodat hulle die muur van die stad kon verower. [2 Kon 18:26,28]

19 Hulle het oor die God van Yerushalayim gepraat soos oor die gode van die volke van die aarde, wat met mensehande gemaak is.

20 Toe het Hizkiyahu en Yesha'yahu, die profeet, die seun van Amotz, hieroor gebid en יהוה het die stem van hulle gebed gehoor,

21 יהוה het 'n boodskapper uit Sy Teenwoordigheid gestuur wat al die magtige dapper manne, die bevelvoerders en prinse, wat in die kamp van die koning van Ashur was, dood-geslaan het. Die koning van Ashur het dus vernederd na sy eie land teruggegaan en toe hy in die huis van sy gode kom, het sy seuns, die wat uit sy eie liggaam voortgekom het, hom daar met die swaard doodgeslaan.

22 So het יהוה vir Hizkiyahu en die inwoners van Yerushalayim bevry uit die hand van Sangeriv, koning van Ashur en uit die hand van almal wat hulle grense binnegedring het.

23 Baie van die seuns van Yisra'el het geskenke aan יהוה na Yerushalayim gebring en het geskenke aan Hizkiyahu, koning van Y'hudah gegee sodat hy opgelig is voor alle nasies.

24 In daardie dae het Hizkiyahu dodelik siek geword en hy het tot יהוה gebid en gesê: "U het kragtige wonderwerke vir my gedoen en my beloon volgens die werke van my hande."

25 Hizkiyahu se siekte was as gevolg van die trots [Deut 17:18-20] van sy verstand, wil en emosie; daarom het die woede van יהוה oor hom en oor Y'hudah en Yerushalayim gekom. [2 Kon 20; Yes 38:1-22]

26 Hizkiyahu het hom egter verneder oor die hoogmoedigheid van sy verstand, wil en emosie, beide hy en die inwoners van Yerushalayim sodat die woede van יהוה nie oor hulle gekom het in die dae van Hizkiyahu nie.

27 Hizkiyahu het buitengewoon baie rykdom en eer gehad en het vir hom skatkamers gemaak vir silwer, vir goud, vir edelgesteentes, vir speserye en skilde en vir allerhande aangename voorwerpe.

28 Hy het ook stoorkamers vir die opbrengs van graan, wyn en olie en stalle vir allerhande soorte diere gemaak,

29 asook krale vir beeste en kleinvee en osse en ander diere, want יהוה het vir hom baie besittings gegee.

30 Dieselfde Hizkiyahu het ook die boonste uitloop van die fonteine toegestop en dit reguit afgelei na die westelike watervoor van die stad van Dawid. Hizkiyahu was voorspoedig in al sy werke.

31 Hy het gesoek na die wet van יהוה, soos dit in die land gegee is en יהוה het alles geweet wat in sy verstand, wil en emosie was.
32 Die res van die dade van Hizkiyahu en sy goedheid en uitstekende lewenswyse, let op, dit is opgeskryf in die profesie van die profeet Yesha'yahu, die seun van Amotz en in die 'Boek van die konings van Y'hudah en Yisra'el.' [2 Kon 18:1-20:21; Yes 36-39:8]
33 Hizkiyahu is neergelê by sy vaders en hy is begrawe in die stad van Dawid; die hele Y'hudah en al die inwoners van Yerushalayim het hom eer bewys by sy dood. M'nasheh, sy seun, het in sy plek geheers.

33 1 M'nasheh was twaalf jaar oud toe hy begin heers het en hy het vyf en vyftig jaar lank in Yerushalayim regeer. [2 Kon 21:1-18]
2 Hy het gedoen wat boos was in die oë van יהוה volgens die werke van die nasies wat יהוה voor die seuns van Yisra'el vernietig het.
3 Hy het weer die altare gebou wat Hizkiyahu, sy vader, afgebreek het en hoë plekke opgerig vir die afgode en beelde gemaak van luiperds en hulle aanbid.
4 Verder het hy ook al die hemelse magte aanbid in die twee voorhowe van die huis van יהוה.
5 Hy het ook altare gebou vir al die magte van die hemel in die twee voorhowe van die huis van יהוה.
6 Hy het ook sy seun deur die vuur laat gaan in die groot vallei en hy het voorbodes, waarsêery en towery gepraktiseer en geestesopwekkers en heksery geraadpleeg. Hy het baie booshede in die oë van יהוה gedoen om Hom tot woede te tart. [2 Kon 21:6]
7 Hy het die beeld van die afgod wat vier gesigte het, wat hy gemaak het, in die huis van יהוה opgestel waarvan יהוה aan Dawid en sy seun Shlomo gesê het: "In hierdie huis en in Yerushalayim, wat Ek uit al die stamme van Yisra'el vir Myself gekies het, sal Ek vir ewig My Naam (Karakter en Outoriteit) vestig [Yeg 43:8]
8 en Ek sal die volk Yisra'el ook nie weer van hierdie land af verwyder wat Ek aan hulle vaders gegee het nie; as hulle maar net aandag wil gee om alles te doen wat Ek hulle beveel het, volgens die hele wet en die instellings en regverdige oordele wat My dienskneg Mosheh hulle beveel het." [Deut 30:15-20]
9 M'nasheh het Y'hudah en die inwoners van Yerushalayim laat wegdwaal om bose dade te doen soos die nasies wat יהוה voor die seuns van Yisra'el vernietig het.
10 יהוה het met M'nasheh en met Sy volk gepraat, maar hulle het nie geluister nie;
11 daarom het יהוה die bevelvoerders van die leër van die koning van Ashur teen hulle gebring, wat M'nasheh lewendig gevang en hom met kettings geboei en na Bavel gevat het.
12 In sy benoudheid het hy tot יהוה, sy God, gebid en יהוה, God van sy vaders, baie respekvol gevrees.
13 Hy het tot יהוה gebid en Hy het sy stem en gebed gehoor en hom na Yerushalayim in sy koninkryk teruggebring. Toe het M'nasheh geweet dat יהוה God is.
14 Na hierdie dinge het hy 'n buitemuur om die stad van Dawid gebou, vanaf die westekant van die spruit van Gigon tot by die ingang na die Vispoort en het die hele Yerushalayim omring met 'n buitemuur en dit hoog gemaak en hy het bevelvoerders van die leërmag in al die versterkte stede van Y'hudah aangestel.

15 Hy het die vreemde gode en die afgodsbeeld uit die huis van יהוה verwyder en ook al die altare wat hy op die hoogte van die huis van יהוה en in Yerushalayim gebou het en hulle buitekant die stad gegooi.
16 Hy het die altaar van יהוה weer gebou en brandoffers, vredesoffers en dankoffers daarop gebring en Y’hudah beveel om יהוה, die God van Yisra’el, se feeste te hou
17 en nie weer te offer tot vreemde gode nie of brandoffers aan hulle te bring nie, maar tot יהוה, hulle God, alleen.
18 Die res van die dade van M’nasheh, sy gebed tot sy God en die woorde van die profete wat aangaande hom geprofeteer het in die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה, die God van Yisra’el, let op, dit is opgeskryf in die Boek van die konings van Yisra’el en Y’hudah;
19 sy gebed ook en hoe יהוה sy gebed gehoor het, ook al sy sondes en oortredings en die plekke waar hy altare gebou en priesters aangestel het en die hoë plekke wat hy vir die afgodsbeelde gebou het, let op, hulle is opgeskryf saam met die woorde van Hoza’i.
20 M’nasheh is neergelê by sy vaders en hulle het hom in sy eie huis begrawe, in die tuin. Sy seun Amon het in sy plek regeer. [2 Kon 21:18-26]
21 Amon was twee en twintig jaar oud toe hy begin heers het en hy het twee jaar lank in Yerushalayim regeer.
22 Hy het dit gedoen wat boos was in die oë van יהוה, soos sy vader, M’nasheh, gedoen het, want Amon het aan al die beelde en afgode wat sy vader M’nasheh gemaak het, geoffer en hulle gedien.
23 Hy het hom nie verneder voor יהוה, sy God, soos sy vader M’nasheh hom verneder het voor יהוה, sy God, nie, maar Amon het meer en meer sonde gedoen.
24 Sy diensknegte het teen hom saamgesweer en hom in sy eie huis doodgemaak,
25 maar die volk van die land het almal doodgeslaan wat teen koning Amon saamgesweer het en die volk van die land het sy seun, Yoshiyahu, in sy plek koning gemaak.

34 1 Yoshiyahu was agt jaar oud toe hy begin heers het en het een en dertig jaar lank in Yerushalayim regeer. [2 Kon 22:1-23:8]
2 Hy het gedoen wat reg was in die oë van יהוה en geleef volgens die manier van sy vader, Dawid en nie regs of links afgewyk nie.
3 In die agtste jaar van sy regering terwyl hy nog jonk was, het hy begin om tot יהוה, God van sy vader Dawid, te bid en in die twaalfde jaar het hy begin om Y’hudah en Yerushalayim te reinig en die altare, afgode, beelde en afgodstempels af te breek.
4 Hy het die versierings, halssnoere, klokke en al die bome wat vir afgode gemaak is, in stukkies gebreek en fyn gemaal en hulle stof gestrooi oor die grafte van hulle wat aan hul geoffer het.
5 Hy het die beendere van die priesters wat hulle gedien het, opgegrawe en hulle gebring en verbrand en Y’hudah en Yerushalayim gereinig.
6 Hy het ook so gedoen in die stede van M’nasheh, Efrayim, Shim’on en Naftali, in hulle strate reg rondom.

7 Toe hy die altare omgegooi en die beelde stukkend geslaan en tot stof gemaal het en regdeur die hele Yisra’el verstrooi het, het hy teruggekeer na Yerushalayim.
8 In die agttiende jaar van sy regering, toe hy die land van Yisra’el en sy eie huis gereinig het, het hy vir Shafan, die seun van Atzalyahu en Ma’aseiyah, die stadsklerk geroep en vir hulle gesê: “Gaan, herstel die huis van יהוה, julle God.”
9 Toe hulle by die hoofpriester, Hilkiyahu, kom, het hulle die geld afgelewer wat in die huis van יהוה gebring is, wat die Leviete en die poortwagters versamel het uit M’nasheh en Efrayim en uit wat oorgebly het van Yisra’el en uit die hele Y’hudah en Binyamin en die inwoners van Yerushalayim.
10 Hulle het dit in die hande gegee van die werkers wat toesig gehad het oor die huis van יהוה en hulle het dit gegee aan die werkers wat die werk gedoen het aan die huis van יהוה, om die huis reg te maak en te pleister.
11 Hulle het dit ook gegee aan die skrynwerkers, die bouers en hulle wat kosbare stene en hout gekoop het vir die herstel en pleister van die geboue wat die konings van Y’hudah vernietig het.
12 Die manne het die werk aan die Afgesonderde Plek getrou gedoen en oor hulle was aangestel: Yagat en `Ovadyahu, Leviete uit die seuns van M’rari, asook Z’kharyah en Meshullam uit die seuns van die K’hatiete wat oor die sangers, Leviete wat met musiekinstrumente gespeel het
13 en almal wat die werk in enige diens gedoen het, was. Vanuit die Leviete was daar skrywers, opsigters en poortwagters wat as toesighouers gedien het.
14 Toe hulle die geld uitgebring het wat in die huis van יהוה ingebring is, het die priester Hilkiyahu ’n boek van die wet van יהוה gevind wat deur Mosheh gegee is.
15 Hilkiyahu, die priester, sê vir Shafan, die skrywer: “Ek het die boek van die wet in die huis van יהוה gevind!” Hilkiyahu, die priester, het die boek vir Shafan gegee
16 en Shafan, die skrywer het aan die koning vertel wat Hilkiyahu vir hom gesê het en aan hom woord gebring en gesê: “Alles wat u aan u diensknegte opgedra het, doen hulle:
17 hulle het die geld spandeer aan die herstel van die huis van יהוה en verslag gedoen aan die opsigters en die uitvoerders van die werk.”
18 Toe vertel Shafan, die skrywer, aan die koning en sê: “Hilkiyahu, die priester, het aan my ’n boek gegee.” Shafan het dit voor die koning gelees.
19 Dit het gebeur toe die koning die woorde van die wet hoor, dat hy sy klere geskeur het.
20 Toe het die koning vir Hilkiyahu en Agikam, die seun van Shafan en `Avdon, die seun van Mikhah en Shafan, die skrywer en `Asayah, die dienskneg van die koning se huishouding, beveel en gesê:
21 “Gaan, bid tot יהוה vir my en vir Yisra’el en Y’hudah aangaande die woorde van die boek wat gevind is, want die toorn van יהוה is groot wat oor ons uitgestort is omdat ons vaders nie geluister het na die woord van יהוה om te doen volgens alles wat in hierdie boek vir ons geskryf is nie.”

22 Toe gaan Hilkiyahu en die wat die koning aangestel het, na Huldah, die profetes, die vrou van Shallum, die seun van Tok’hat, die seun van Hasrat, die bewaarder van die houers; sy het in Yerushalayim gemediteer en hulle het met haar gepraat volgens die koning se opdrag.
23 Sy het vir hulle gesê: “So sê יהוה, die God van Yisra’el: sê aan die man wat julle na my toe gestuur het,
24 so sê יהוה: let op, Ek bring boosheid oor hierdie plek en oor sy inwoners, al die vervloekinge wat geskryf staan in die boek wat hulle aan die koning van Y’hudah voorgelees het
25 omdat hulle My verlaat en ander gode aanbid het, om My te tart tot woede met al die werke van hulle hande; daarom sal My toorn oor hierdie plek uitgestort word en sal nie uitgeblus word nie.
26 Wat die koning van Y’hudah betref wat julle gestuur het om יהוה te raadpleeg, so moet julle vir hom sê: so sê יהוה, die God van Yisra’el aangaande die woorde wat jy gehoor het:
27 omdat jou verstand, wil en emosie nederig is en jy voor die Teenwoordigheid van יהוה gebewe het toe jy Sy woorde teen hierdie plek en teen sy inwoners gehoor het en jy jou voor My verneder het en jou klere geskeur en voor My Teenwoordigheid gehuil het, het Ek jou ook gehoor, sê יהוה;
28 daarom sal Ek jou by jou vaders neerlê en jy sal met vrede na jou graf gaan en jou oë sal nie al die boosheid sien wat Ek oor hierdie plek en oor sy inwoners sal bring nie.” Hulle het die antwoord na die koning gebring.
29 Toe het die koning gestuur en al die oudstes van Y’hudah en Yerushalayim bymekaar laat kom.
30 Die koning het opgegaan in die huis van יהוה en al die manne van Y’hudah, die inwoners van Yerushalayim, die priesters, die Leviete en die hele volk, groot en klein en hy het al die woorde van die boek van die verbond, wat in die huis van יהוה gevind is, voor hulle gelees.
31 Die koning het op sy plek gaan staan en ’n verbond met יהוה gesluit om יהוה te volg en Sy opdragte, Sy instellings en Sy getuienisse met sy hele verstand, wil en emosie en met sy hele lewe te onderhou, om die woorde van die verbond wat in hierdie boek geskryf is, te doen.
32 Hy het almal wat in Yerushalayim en in Binyamin te vinde was, die verbond laat aanvaar. Die inwoners van Yerushalayim het gedoen volgens die verbond van יהוה, God van hulle vaders.
33 Yoshiyahu het al die verwerplikhede wat יהוה voor die seuns van Yisra’el vernietig het, weggevat en almal wat in Yisra’el te vinde was, יהוה, hulle God, laat dien en hulle het nie daarvan afgewyk om יהוה, die God van hulle vaders, te volg nie.

35 1 Verder het Yoshiyahu ’n Pesag tot eer van יהוה in Yerushalayim gehou en hy het die fees op die veertiende van die eerste maand gehou.
2 Hy het die priesters hulle take laat doen en hulle aangestel oor die dienslewering van die huis van יהוה.

3 Hy het aan die Leviete gesê wat in die hele Yisra'el bly: "Sonder julle af vir יהוה en
sit die afgesonderde ark in die huis wat Shlomo, die seun van Dawid, koning van
Yisra'el, gebou het, want julle hoef dit nie meer op julle skouers te dra nie; dien nou
יהוה, julle God en Sy volk Yisra'el
4 en berei julle voor volgens julle families, volgens julle afdelings, ooreenkomstig
die voorskrif van Dawid, koning van Yisra'el en volgens die skrywes van sy seun,
Shlomo
5 en gaan staan in die Afgesonderde Plek volgens die afdelings van die families van
julle vaders en julle broers, die volk en volgens die afdelings van die families van
die Leviete
6 en slag die Pesag en sonder julle af en berei die verstand, wil en emosie van julle
broers voor sodat hulle kan doen volgens die woord van יהוה deur die hand van
Mosheh.
7 Toe het Yoshiyahu vir die mense skape, lammers en boklammers gegee, alles as
Pesagoffers, vir almal wat teenwoordig was, dertig duisend in getal en ook drie
duisend beeste; dit was uit die koning se besittings.
8 Ook sy prinse het vrywillig aan die volk, die priesters en die Leviete gegee. Hilkiyahu,
Z'kharyah en Yegi'el, leiers oor die huis van יהוה, het as Pesagoffers, twee duisend
ses honderd skape en drie honderd jong bulle aan die priesters gegee.
9 Konanyah, Sh'ma'yah, sy neef en N'tan'el, Hashavyah, Ye'i'el en Yozavad, die
leiers van die Leviete, het aan die Leviete as Pesagoffers vyf duisend skape en vyf
honderd jong bulle gegee.
10 Die diens is voorberei en die priesters het op hul plek gaan staan en die Leviete
volgens hulle afdelings.
11 Hulle het die Pesag geslag volgens die koning se bevel en die priesters het sommige
van die bloed gesprinkel.
12 Die Leviete het die offers afgeslag en die brandoffers aan die afdelings van die
families van die volk gegee om aan יהוה te offer, soos geskryf is in die boek van
Mosheh en so het hulle elke oggend gedoen.
13 Hulle het die Pesag met vuur gebraai volgens die voorskrif, maar die ander
afgesonderde gawes het hulle in potte en in kanne en in skottels gekook en gou
onder al die mense verdeel.
14 Agterna, toe die Leviete klaar was, het hulle vir hulleself en vir die priesters
voorberei, want die priesters, die seuns van Aharon, was besig om die brandoffer
en die vetstukke te offer; toe het die Leviete vir hulleself en die priesters wat bedien
het, voorberei.
15 Die sangers, die seuns van Asaf en van Heman, was op hulle plek volgens die bevel
van Dawid en van Y'dutun, die profeet van die koning en die poortwagters het by
al die poorte gebly; hulle mag nie hulle diens verlaat het nie, maar hulle broers, die
Leviete, het hulle bedien.
16 Die hele diens van יהוה is op dieselfde dag voorberei, om die Pesag te hou en
brandoffers te bring op die altaar van יהוה volgens die opdrag van koning
Yoshiyahu.

17 Die seuns van Yisra’el wat teenwoordig was, het die Pesag gehou in daardie tyd en ook die Fees van die Ongesuurde Brode vir sewe dae lank.
18 Daar was nie so ’n Pesag gehou in Yisra’el van die dae van Sh’mu’el, die profeet, af nie en ook het geen koning van Yisra’el so ’n Pesag gehou soos wat Yoshiyahu, die priesters, die Leviete, die hele Y’hudah en Yisra’el wat teenwoordig was in Yerushalayim, gehou het nie.
19 Hierdie Pesag is in die agttiende jaar van die regering van Yoshiyahu gehou.
20 Ná dit alles, toe Yoshiyahu die sake van die tempel voltooi het, het Farao, die lam koning van Mitzrayim (N’kho), opgetrek om teen Kark’mish aan die Eufraat, te veg en Yoshiyahu het teen hom uitgetrek.
21 Hy het ambassadeurs na hom toe gestuur om te sê: “Wat het ek met jou te doen, koning van Y’hudah? Ek kom nie vandag teen jóu nie, o koning van Y’hudah, maar teen die huis wat teen my oorlog voer. God het gesê ek moet gou maak. Moenie jou teen God, wat met my is, bemoei sodat Hy jou nie vernietig nie.”
22 Nogtans wou Yoshiyahu nie sy gesig van hom af wegdraai nie, want hy het gegaan om teen hom te veg. Hy het nie geluister na die woorde van Farao, die Lamme, nie, want Yoshiyahu het nie geweet dat dit van יהוה is nie, hy het dus voortgegaan om teen hom te veg in die vlakte van Megiddo.
23 Toe het Farao, die Lamme, twee pyle na Yoshiyahu geskiet. Toe sê die koning vir sy diensknegte: “Vat my weg, want ek is swaar gewond.”
24 Sy diensknegte het hom uit die strydwa gehaal en hom in sy eie koninklike strydwa gesit en hom na Yerushalayim gebring. Hy het gesterf en is begrawe in die grafte van sy vaders en die hele Y’hudah en Yerushalayim het oor Yoshiyahu gerou.
25 Yirmeyahu het ’n klaaglied vir Yoshiyahu gedig en gesê: “Alle regverdige manne en vroue, huil in julle klaagliedere vir Yoshiyahu.” Hy het dit tot ’n instelling in Yisra’el gemaak, tot vandag toe. Let op, hierdie klaagliedere is opgeskryf in die boek van Klaagliedere.
26 Die res van die dade van Yoshiyahu en sy goedheid, volgens dit wat geskryf is in die wet van יהוה
27 en sy dade, die vroeëre en die latere, let op, dit is opgeskryf in die Boek van die konings van Yisra’el en Y’hudah.

## 36

1 Toe het die volk van die land vir Y’ho’agaz, die seun van Yoshiyahu, gevat en hom koning gemaak in die plek van sy vader in Yerushalayim. [2 Kon 23:31-33]
2 Y’ho’agaz was drie en twintig jaar oud toe hy begin heers het en hy het drie maande lank in Yerushalayim regeer.
3 Die koning van Mitzrayim het hom onttroon
4 en sy broer, Elyakim, koning gemaak oor Y’hudah en Yerushalayim en sy naam verander na Y’hoyakim. N’kho het sy broer, Y’ho’agaz, saamgevat en hom na Mitzrayim gebring en hy het daar gesterf. [2 Kon 23:34-24:6]
5 Y’hoyakim was vyf en twintig jaar oud toe hy begin heers het en hy het elf jaar lank in Yerushalayim regeer en hy het dit gedoen wat verkeerd was in die oë van יהוה, sy God.

6 N'vukadnetzar, koning van Bavel, het teen hom opgetrek en hom met kettings geboei om hom na Bavel te vat.
7 N'vukadnetzar het ook van die voorwerpe van die huis van יהוה na Bavel gevat en dit in sy tempel in Bavel gesit.
8 Die res van die dade van Y'hoyakim en die verwerplikhede wat hy gedoen het, let op, dit is opgeskryf in die Boek van die konings van Yisra'el en Y'hudah en Y'hoyakhin, sy seun, het in sy plek geheers.
9 Y'hoyakhin was agttien jaar oud toe hy begin heers het en hy het drie maande en tien dae lank in Yerushalayim regeer en hy het dit gedoen wat verkeerd was in die oë van יהוה. [2 Kon 24:8-15; 25:27-30; Yir 52:31-34]
10 Aan die einde van die jaar het koning N'vukadnetzar 'n mag teen hom gestuur en hom na Bavel laat bring, saam met die kosbare voorwerpe van die huis van יהוה en sy vader se broer, Tzidkiyahu, koning oor Y'hudah en Yerushalayim gemaak.
11 Tzidkiyahu was een en twintig jaar oud toe hy koning geword het en hy het elf jaar lank in Yerushalayim regeer. [2 Kon 24:17-25:7; Yir 52:1-11]
12 Hy het dit gedoen wat boos was in die oë van יהוה, sy God en hy het hom nie verneder voor Yirmeyahu, die profeet, wat geprofeteer het uit die mond van יהוה nie. [Yir 21:1-;Yir 24:8-; Yir 27]
13 Hy het ook gerebelleer teen koning N'vukadnetzar wat hom by die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה laat sweer het, maar hy was hardnekkig en het sy verstand, wil en emosie verhard en wou nie bid tot יהוה, die God van Yisra'el, nie. [Yeg 17:15-20]
14 Verder het ook al die leiers van die priesters en van die Leviete en van die volk baie oortree, volgens al die verwerplikhede van die nasies en die huis van יהוה wat Hy in Yerushalayim afgesonder het, onteer.
15 יהוה, die God van hulle vaders, het na hulle gestuur deur Sy boodskappers en goeie raad vooraf gegee, want Hy het liefdevolle omgee vir Sy volk en die trop wat Hy gekies het,
16 maar hulle het die boodskappers van יהוה uitgelag en hulle woorde verag en met sy profete gespot totdat die toorn van יהוה teen Sy volk opgekom het totdat daar geen salf meer aan te smeer was nie; [Mat 21:33-41]
17 daarom het Hy die koning van die Kasdeërs teen hulle laat optrek, [Yir 34:2; 38:3; Yeg 24] wat hulle jongmanne met die swaard in die Afgesonderde Huis gedood en geen medelye met jong man of jong meisie, ou man of babas gehad het nie. Hy het alles in sy hand gegee.
18 Hy het al die voorwerpe van die huis van יהוה, groot en klein en die skatte van die huis van יהוה en die skatte van die koning en van sy prinse, na Bavel gebring.
19 Hy het die huis van יהוה afgebrand en die mure van Yerushalayim afgebreek en al die paleise met vuur verbrand en al die kosbare voorwerpe daarvan vernietig. [Yir 52]
20 Hulle wat van die swaard ontsnap het, het hy na Bavel in ballingskap weggevoer, waar hulle vir hom en sy seuns slawe geword het totdat יהוה die koninkryk aan Persië oorgegee het, [Yir 50:41-46; Dan 5]
21 om die woord van יהוה deur die mond van Yirmeyahu te vervul totdat die land sy Shabbatte geniet het, al die dae wat dit verlate gelê het totdat die sewentig jaar voltooi is. [Lev 25:4]

22 In die eerste jaar van Koresh, koning van Persië, het יהוה die gees van Koresh,
die koning van Persië, opgewek sodat die woord van יהוה deur die mond van
Yirmeyahu vervul sou word en hy het ’n verklaring deur sy hele koninkryk gemaak
en dit ook op skrif gesit, wat sê: Yir 29:10
23 “So sê Koresh, koning van Persië: יהוה, die God van die hemel, het al die
koninkryke van die aarde aan my gegee en Hy het beveel om vir Hom ’n huis te
bou in Yerushalayim wat in Y’hudah is. Wie is daar onder julle van Sy volk met wie
יהוה, sy God, tevrede is, laat hom na my toe kom en optrek!” `Ez 1:1-2